



Die Graan- en Oliesadebedryf  
van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

- VOORWOORD
- INLEIDING
- OUTEUR SE NOTAS





# INHOUD

## Voorwoord

Mnr Louw Steytler..... II

## Inleiding

Mnr Jannie de Villiers..... IV

## Outeur se notas

Mnr David Theron..... VI

## Erkenning

VIII

## Hoofstuk 1

Produksie van graan en oliesade in Suid-Afrika..... 2

## Hoofstuk 2

Die vorige bemerkingsbedeling..... 76

## Hoofstuk 3

Deregulering van landboubemaking en vorming van trusts..... 112

## Hoofstuk 4

Die rol en funksie van produsente-organisasies..... 130

## Hoofstuk 5

Die stigting en vestiging van Graan SA..... 182

## Hoofstuk 6

Graan SA se NAMPO Oesdag..... 214

## Hoofstuk 7

Die aanbreek van 'n era van voedselsekerheid..... 240

## Hoofstuk 8

Die ontstaan en vestiging van ontwikkelende landbou in die graan- en oliesadebedryf..... 248

## Hoofstuk 9

Topprodusente en rolspelers word vereer..... 270

## Addendum

282

## Graanbedryf-tydlyn (1902 - 2016)

288

## Bronnelys

294





# Louw Steytler

## VOORWOORD

Om die toekoms te verseker, is dit nodig om die verlede te verstaan. Die mensdom herhaal voortdurend die foute van die verlede en die katastrofiese effek wat hierdie historiese feite gehad het op die psige en die optrede van alle burgers van Suid-Afrika.

Die tragedie van die Anglo Boere-oorlog, die eerste volksmoord van die 20ste eeu, waarin so baie Afrikanermans, -vroue en -kinders, sowel as inheemse Afrikane, mans, vroue en kinders, die hoogste prys betaal het en die daaropvolgende Afrikaner-nasionalisme het verreikende gevolge gehad vir alle Suid-Afrikane. Die uitbuiting van die diep-gewortelde onreg, hoofsaaklik veroorsaak deur die gierigheid van die Britse Ryk en die voortspruitende erge uitbuiting van hierdie sentimente deur Afrikanerleiers, in hulle strewe na selfbeskikking en die uitsluiting van die inheemse bevolking lei tot die konfrontasie van die twee grootste nasionalismes, Afrikaner-nasionalisme aan die een kant en Afrikane aan die ander.

Misbruik van politieke mag en die uitsluiting van die meerderheid het tot erge konfrontasie gelei. Die daaropvolgende politieke kompromie, gelei deur twee prominente Suid-Afrikane, presidente Nelson Mandela en FW de Klerk, sowel as die totstandkoming van die Grondwet van Suid-Afrika, waarin die reg van die individu vasgelê is, lê die fondament vir 'n inklusiewe, demokratiese benadering. Daarin vervat is menswaardigheid, bevordering van mensereg, vryheid van spraak, godsdiens, assosiasie en 'n vrye pers, oppergesag van die Grondwet en die reg, universele volwasse stemreg, nasionale kieserslys, gereelde verkiesings, 'n multipartystelsel en 'n demokratiese regering, om verantwoordbaarheid, reponsiwiteit en openheid te verseker.

Die tragedie van Suid-Afrika is dat die gemeenskap nie ag geslaan het op die voorbeeld wat president Nelson Mandela vir alle Suid-Afrikane gestel het nie. As 'n nasie, is dit noodsaaklik dat ons terugkeer na die ideaal van samewerking in gemeenskappe – mans en vroue uit alle bevolkingsgroepe – indien ons werklik ernstig is oor 'n vooruitstrewende ekonomie om sodoende die huidige vraagstukke aan te spreek. Suid-Afrikane kan nie die vlakke van korrupsie, nepotisme en staatskaping deur 'n minderheid, in die hede sowel as die verlede, bekostig nie. Ons Konstitusionele Hof is 'n baken van hoop vir alle Suid-Afrikane wat 'n funksionele, deursigtige, demokratiese en meelewende samelewing vereis.

Ondanks die politieke uitdagings wat ons in die gesig staar, moet ons die landbousektor se vermoë om die goedkoopste kwaliteit voedsel ter wêreld te produseer, erken. Nogtans erken ons dat menige kwesbare gemeenskappe nie in staat is om daagliks genoeg voedsel te bekostig nie. Hierin lê een van die grootste uitdagings – om die skreiende armoede wat deur vele Suid-Afrikane ervaar word aan te spreek. Een van die grootste voorregte wat deur alle Suid-Afrikaanse burgers gedeel word, is voedselsekureit. Hierdie voorreg is slegs moontlik indien daar wedersydse, voordelige samewerking reg deur die totale voedselketting is. Die baken van hoop is die Grondwet en die Konstitusionele Hof.

Transformasie is 'n noodsaaklikheid. Tot dusver is dit in die wiele gery deur groot-skaalse onbevoegdheid en onaanvaarbare vlakke van korrupsie. Indien daar meer inklusiewe vlakke van samewerking binne hierdie voedselketting en die regering was, sou ons veel verder en meer suksesvol gevorder het in die volhoubare transformasie in die landbousektor. Enige optrede moet beide konstitusioneel en





ekonomies haalbaar wees, die behoud van eiendomsreg dien as die hoeksteen vir voedselsekuriteit. Dit moet benadruk word dat die vryemark die verbruikers van landboukommoditeite uitstekend gedien het. Geen sektor van die gemeenskap is meer toegewyd tot die toekoms van Suid-Afrika as die landbousektor nie. Hierdie moedige mans en vroue, oor kleurgrense heen, wat vir generasies alreeds die grond bewerk – soms onder die mees uitdagende omstandighede – sowel finansiële as klimatologies, moet regverdige en onbevoordeelde steun ontvang vir hulle bydrae in die verskaffing van lewensmiddele vir ons nasie.

By die 50ste Graan SA NAMPO Oesdag in Mei 2016, het ons hierdie prestasies en ons geskiedenis gedenk en ons dra ons dankbaarheid oor aan alle mans en vroue, wat deur hulle toewyding en volharding, aan die industrie en Suid-Afrika, dit moontlik gemaak het. Mag hulle uitsonderlike bydrae as herinnering dien vir beide huidige as toekomstige leiers van die kritiese bydrae, wat in die strukture van – en dit moet gemeld word – beste kommoditeitsorganisasie in Suid-Afrika dien.

God seën Suid-Afrika. Nkosi Sikelel'iAfrika. God bless South Africa.

**LOUW STEYTLER**

**Voorsitter van Graan SA 2012 - 2016**





# Jannie de Villiers

## INLEIDING

Langenhoven het by geleentheid gesê dat as mens vorentoe wil kyk, moet jy eers 'n slag terugkyk na waar jy vandaan kom. Hierdie navorsing en teboekstelling van Graan SA se geskiedenis het ten doel om nie net die geskiedenis te onthou en erkenning aan die vorige generasie se leiers te gee nie, maar om ook as organisasie terug te kyk om ons te help om die pad vorentoe te vind.

As jongman het ek groot bewondering gehad vir al die ou ooms in die bedryf wat altyd geklink het of hulle alles weet en presies kon sê wat in die toekoms gaan gebeur. Heelwat later in my loopbaan het ek besef dat landbou 'n inherente onvermoë gehad het om self van die beheerde stelsel na 'n vryemark oor te skakel. Eksterne mense en gebeure het uiteindelik daartoe gelei dat die beheerde stelsel se spreekwoordelike prop in 1997 finaal uitgetrek is. Die 1937-bemarkingswet is herroep en 'n nuwe wet is in sy plek ingestel. Dit het 'n reuse verandering in die graanbedryf tot gevolg gehad. Daar was nie net aanpassings vir individuele graanprodusente nie, maar ook dramatiese aanpassings vir georganiseerde landbou.

Tydens hierdie oorgang was daar menige vergaderings. Voorbereiding vir hierdie vergaderings was uiters belangrik. Baie van die vergaderings het 'n karakter van "bravade" aangeneem. "Ons gaan hulle sis en so" of "ons sal nooit toelaat dat hulle..." het oral opgeklink, totdat realiteit ingeskop het en daar allerhande kompromieë aangegaan moes word om die graanbedryf – en uiteindelik voedselsekerheid – in Suid-Afrika 'n staanplek te gee.

Daar was drie hoofpartye om die tafels: Die produsente, die kopers en die nuwe regering. Elke onderwerp het sy eie unieke vennootskappe gehad. Soms was die produsente alleen met die rug teen die muur en soms was dit die regering en produsente teen die kopers. Jy het nooit presies geweet met wie jy oor wat gaan onderhandel nie.

Nadat die nuwe beleidraamwerk vasgelê is, het al die aanpassings vir rolspelers en organisasies begin. Produsente-organisasies moes hulle nuwe rol en visie vind, landboubesighede het bykans almal 'n nuwe maatskappybaadjie aangetrek en produsente moes in die nuwe omgewing duur skoolgeld betaal – veral ten opsigte van bemaking. Wat egter soos 'n paal bo water staan, is dat almal hulle uitstekend by die nuwe omstandighede aangepas het. Dit het wel nie sonder stampe en stote plaasgevind nie, maar die nuwe omgewing is gou gedefinieer en aanpassings is gemaak.

Daar is nuwe strukture geskep soos die verskillende graan- en oliesadetrusts, die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS), die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL) en South African Futures Exchange (Safex) en aanpassings is gemaak aan die Oesskattingskomitee om die dienste wat die Rade in die vryemarkomgewing gelewer het, voort te sit. Hierdie organisasies en instansies het elk sy eie tandekryprobleme gehad, maar die leiers van daardie oorgangsjare het van hierdie instansies wêreldklasinstellings gemaak. Dit is nie 'n subjektiewe opinie nie; internasionaal word elk op hul eie terrein gereken.

In die proses moes die verskillende bedryfsorganisasies ook hul eie rol in die nuwe omgewing vind. Produsente se behoeftes het skielik verander en aanpassings






moes aan die dienste wat aan hulle gelewer is, gemaak word. Die kultuur in die organisasies moes ook aangepas word. Dit was nie meer dié een wat die hardste geskree het of die mees dominante by die onderhandelinge was, wat gewen het nie. Nuwe style en kundigheid moes gevestig word. Dit was nie 'n maklike tyd vir die leierskap van die organisasies nie. Dit was voorwaar 'n voorreg om in daardie tye in die raadsale groot te kon word en blootstelling aan so 'n groot transformasie in 'n ekonomiese sektor te kry.

Graan SA het deur sy eie kwota van aanpassings gegaan en het uiteindelik by die finale besluit gekom om al die graan- en oliesade-organisasies te amalgameer. Die fynere besonderhede van die verhaal is meer na die agterkant van hierdie boek te vind. Selfs vir diegene wat intens by die amalgamasie betrokke was, was daar hoop dat dit nie weer nodig sal wees nie, maar in 2011 het daar helaas weer 'n nuwe fase in Graan SA se geskiedenis aangebreek met die leierskap se besluit om die organisasie te hernu deur na Pretoria te skuif. Die geskiedenis wys ons dat dit seer sekerlik ook nie die laaste keer sal wees nie. Voortdurende verandering en vernuwing dui op groei en lewenskragtigheid. Die landbousektor ken die siklusse van die seisoene en weet ná snoei kom daar weer nuwe vrug. Bang vir verandering is ons nie, maar dit bly moeilik en gaan nie sonder pyn gepaard nie.

As die grootste produsente-organisasie in Suid-Afrika, moet Graan SA op allerlei terreine in georganiseerde landbou leiding neem – nie net op graangebied nie. Dit maak die relevansie van ons lede 'n topprioriteit. Voedselsekerheid is en bly een van die belangrikste fokusareas van enige regering en dit maak dat Graan SA altyd polities relevant sal bly. Ons vermoë en gewilligheid om aan te pas en topgehalte leiding te gee, bepaal ons land se voedselsekerheid en uiteindelik ons politieke stabiliteit. Stagnasie lei tot dood en daarom vereer ons die leiers van die vorige en huidige generasie wat die manmoed aan die dag gelê het om aanpassings te maak om die graan- en oliesadeprodusente wat vandag nog volhoubaar op hulle plase is, daar te hou tot voordeel van almal in Suid-Afrika.

**JANNIE DE VILLIERS**

**Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA sedert 2011**





# Outeur se notas

Die geskiedkundige ontwikkeling van landbou en spesifiek die graanbedryf in Suid-Afrika is deur soveel faktore, gebeure, omstandighede, invloede en mense beïnvloed dat dit 'n totaal onbegonne taak sou wees om alles in een werk saam te vat en die rol van elkeen van die faktore daarin te probeer verduidelik. Met dit in gedagte is besluit om 'n beperking op die omvang van die boek te plaas en net op sekere temas en gebeure te fokus.

## VERTREKPOINT EN AGTERGROND

Daar bestaan 'n onnoembare hoeveelheid navorsingswerke, artikels, skripsies, menings, ondersoekte, studies en ander materiaal, om nie eers van oorlewering te praat nie, wat op verskeie individuele aspekte van die verskillende faktore fokus en wat lig daarop kan werp. Vir hierdie redes is die benadering in hierdie boek nie om tegniese feite of die kronologiese verloop van gebeure vir akademiese doeleindes weer te gee nie, maar eerder om die verhaal van graanproduksie in Suid-Afrika te vertel, met spesifieke verwysing na die verhaal van Graan SA.

In die proses is sorg aan die dag gelê om feite en gebeure so korrek as moontlik weer te gee. Bronne wat daarvoor gebruik is, sluit in persoonlike onderhoude met mense wat ten nouste by die verhaal betrokke was, geskiedkundige landbou-publikasies, amptelike verslae, navorsingsresultate, webtuistes, tydskrifte, notules en jaarverslae. 'n Bronnelys word aan die einde van die boek verstrek.

Die uitgangspunt was ook nie om al Graan SA se werksaamhede op te teken nie, maar om die geskiedenis en agtergrond in 'n verhalende trant aan te bied en slegs enkele hoogtepunte uit te lig wat hoofsaaklik strek tot met Desember 2015.

## INLEIDING

Hoewel graanproduksie in Suid-Afrika reeds kort na die vestiging van Jan van Riebeeck in die Kaap ontstaan het, word in hierdie publikasie feitlik uitsluitlik verwys na die omstandighede en verwickelings met betrekking tot graanproduksie en -bemarking in Suid-Afrika sedert die beëindiging van die Tweede Boere-oorlog in Mei 1902.

Graan SA se ontstaan in 1999 was nie 'n losstaande gebeurtenis wat in isolasie beskou kan word nie. Dit is voorafgegaan deur byna 'n eeu se ontwikkeling van die graanbedryf en georganiseerde landbou in Suid-Afrika en, ten einde die vestiging van Graan SA en sy rol in die graanbedryf behoorlik te kan verstaan, bevat die eerste vier hoofstukke van die boek inligting oor die omstandighede en gebeure wat dit voorafgegaan het.

Die ontwikkelings het ook 'n invloed gehad op die ontwikkeling van die strukture van georganiseerde landbou en die uiteindelijke stigting/vestiging van Graan SA.

Oorkoepelend gesien kan die Suid-Afrikaanse landbou se geskiedenis in die algemeen oor die afgelope eeu of wat in twee duidelik onderskeibare tydvakke ingedeel word, met 'n kort tydperk tussen die twee wat as 'n oorgangstydperk beskou kan word.





Gedurende die eerste tydperk, vanaf die begin van die twintigste eeu, het die neiging na groter beheer oor veral landboubemaking algaande toegeneem, eers met die stigting van koöperasies om onderlinge samewerking te probeer bevorder tot volkskaalse statutêre beheer vanaf die 1930's.

Die verskillende landboubedrywe is beheer deur statutêre beheerrade sonder besluitnemingsmagte onder beheer van die Minister van Landbou, wat beteken het dat die regering in werklikheid totale beheer oor die landbou-omgewing uitgeoefen het. Dit is wel so dat die produsente die meerderheidstem in die beheerrade gehad het, maar uiteindelik kon die beheerrade nie bindende besluite neem nie, maar slegs aanbevelings aan die Minister van Landbou maak.

Gedurende die tweede tydperk, vanaf 1996, geld 'n totaal teenoorgestelde bedeling met 'n vrye mark sonder beheerstelsel of bemarkingskemas en 'n bemarkingswet wat spesifieke voorskrifte het waaraan die regering moet voldoen indien hy enige beheermaatreëls ten opsigte van landboubemaking wil instel.

Die "oorgangstydperk" het ongeveer vanaf 1987 tot 1996 geduur. In dié boek word op verskeie plekke verwys na die gebeure gedurende die oorgangstydperk wat druk op die beheerde stelsel geplaas het en uiteindelik uitgeloop het op die Bemarkingswet van 1996 en deregulering van landboubemaking. Hierdie tydperk het saamgeval met die veranderinge in die politieke omgewing binne Suid-Afrika, wat eweneens uiteindelik uitgeloop het op 'n totaal nuwe politieke bedeling in die land na die verkiesing van 1994 – wat die totale sosiale en besigheidslandskap in Suid-Afrika radikaal verander het.

## INDIVIDUELE JARE

Landboutoestande verander van seisoen tot seisoen (hetsy ten opsigte van klimaat, reënval, opbrengs, pryse, wêreldmarkte, beskikbaarheid en vraag, om net 'n paar te noem) en elke seisoen het sy eie karaktertrekke, uitdagings en resultate. Die optekening van die geskiedenis in hierdie boek geskied teen daardie algemene kennis en agtergrond. Gevolglik word nie uitgebrei oor spesifieke probleme wat in elke jaar ondervind is nie, maar word eerder gepoog om die algemene, breë verloop van die geskiedenis weer te gee, behalwe waar werklike uitsonderlike toestande of gebeurtenisse voorgekom het, soos die rekord mielie-oes van 1981 en die vernietigende droogte skaars drie seisoene later, of die droogte van 1992, teen die agtergrond waarvan verskeie maatreëls ingestel is of rigtinggewende veranderings aangebring is.


## TEGNIËSE ASPEKTE

Ten einde verwarring en onnodige detail te probeer uitskakel, word verwysings na sommige benamings en begrippe soos volg gestandaardiseer:

- **Departement van Landbou** word gebruik vir alle verwysings na die betrokke staatsdepartement wat met verloop van tyd vir landbou verantwoordelik was, ongeag die werklike benaming daarvan soos van tyd tot tyd aangepas.
- Dieselfde geld vir verwysings na die **Minister van Landbou**.
- Die beheerrade het in sommige gevalle ook in spesifieke tydperke verskil, veral in die beginjare. Dit is ook gestandaardiseer na byvoorbeeld die **Mielieraad, die Koringraad, die Oliesaderaad en die Sorghumraad**. Daar word gepoog om ter wille van tegniese korrektheid by die eerste verwysing na so 'n liggaam die aanvanklike naam daarvan volledig aan te haal, maar daarna bloot na die generiese of verkorte naam te verwys.

DAVID THERON

Outeur





**Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika – 'n Reis deur Tyd**  
is nagevors en saamgestel in opdrag van Graan SA  
met finansiële ondersteuning deur:



- **Jeff Allem** (Allem Brothers);
- 'n Anonieme skenker deur die bemiddeling van **mnr Louw Steytler**; en
- **Infoworks Media Publishing**.



## **GRAAN SA**

Posbus 74087, Lynnwood Ridge, 0040  
Block C, Alenti Office Park, Witheritestraat 457, Die Wilgers, Pretoria, 0041  
Rivonia  
2128

GPS-koördinate: 25°46'02.11"S;28°18'29.89"E

## **TELEFOON**

086 004 7246

## **E-POS**

[navrae@grainsa.co.za](mailto:navrae@grainsa.co.za)

## **WEBTUISTE**

[www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)



Kopiereg © 2016 Graan SA  
Eerste uitgawe: 26 Julie 2016

## **OUTEUR**

David Theron

## **MEDE-OUTEURS**

Jenny Mathews  
Karina Muller  
Johan Smit  
Adri Theron  
Nico Vermaak

## **REDAKSIEKOMITEE**

Jozeph du Plessis (Graan SA Hoofbestuurslid)  
Neil Claassen (Graan SA Hoofbestuurslid)  
Nico Vermaak (Bestuurder: Korporatiewe Dienste, Graan SA)  
Johan Smit (Infoworks Media Publishing)

## **EKSTERNE LEESPANEEL**

Cerneels Claassen  
Leon du Plessis  
Vic Mouton  
Giel van Zyl  
Crawford von Abo

## **UITGEWER**

Infoworks Media Publishing  
Buffelsdoornweg 75, Flamwood, Klerksdorp, 2572  
018 468 2716  
[www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)

## **Produkiespan**

Adri Theron, Johan Smit (Projekbestuur)  
Ingrid Bailey (Produkiesbestuur)  
Ashley Erasmus, Joritha Hechter (Grafiese ontwerp)  
Joanie Scheepers, Hanno Seegers (Digitaal)








# 1 Produksie van graan en oliesade IN SUID-AFRIKA

Die produksie van die verskillende grane en oliesade in Suid-Afrika het elkeen sy eie unieke verloop in die geskiedenis gehad, maar is tog dikwels deur dieselfde omstandighede en ontwikkelings op vergelykbare wyse beïnvloed, hetsy deur meganiese en tegnologiese ontwikkeling, klimaatstoestande, wêreldgebeure of staatkundige, politieke en sosiale gebeure en ontwikkelings in Suid-Afrika.

## INLEIDING

Die belangrikste invloed op die bedrywe is waarskynlik afkomstig van die instelling van beheer oor die bemarking van landbouprodukte ingevolge die eerste Bemarkingswet van 1937 en weer sowat 50 jaar later met die inwerkingtreding van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte van 1996, waardeur beheer afgeskaf is.



Voorbeelde van hoe boereploë en -êe in die Voortrekkertyd en net daarna glyk het.



Grondbewerking in die vroeë 1900's.



Video: Ten einde vooruit te gaan, moet 'n mens op hoogte van die geskiedenis wees – mnr Crawford von Abo.



Beide die instelling en afskaffing van beheer is deur duidelik waarneembare veranderende tendense voorafgegaan en het 'n wesenlike effek op die landboubedryf in die breë, maar op die graan- en oliesadebedrywe in die besonder gehad. Beheer oor die produksie en bemarking van landbouprodukte was nie uniek aan Suid-Afrika nie en dit is selfs waarskynlik dat die ontstaan daarvan inderdaad deur internasionale tendense beïnvloed is.

In die aanloop tot die uiteindelijke deregulering van landbou in Suid-Afrika is dikwels kritiek uitgespreek teenoor die stelsel van beheerde bemarking en is die stelling gemaak dat dit nie in die doel daarvan geslaag het nie. Ongeag dié opinies kan dit nie betwyfel word nie dat die beheerde omgewing geleenthede vir die Suid-Afrikaanse graan- en oliesadebedrywe geskep het om tot 'n bedryfssektor te ontwikkel en groei wat 'n wesenlike bydrae tot Suid-Afrika se ontwikkeling gelewer het. Nie net het dit 'n beduidende bydrae tot die bruto binnelandse produk van die land gemaak nie, maar was dit ook 'n belangrike en wesenlike area van werkskepping, veral vir ongeskoolde arbeiders.

In hierdie hoofstuk word die geskiedenis van die produksie van mielies, wintergraan (koring, hawer en gars), oliesade (grondbone, sonneblomsaad, sojabone en kanola) en sorghum in Suid-Afrika in perspektief gestel, met verwysing na enkele uitstaande gebeure wat dit met verloop van tyd beïnvloed het. Die blote omvang van die inligting hieroor maak dit onmoontlik om selfs net die punt van die ysberg aan te raak. Gevolglik word in hierdie publikasie slegs verwys na enkele hoofgebeure, hoogte- en laagtepunte, sleutelrolspelers en ligte oomblikke in die bedryf wat in bronne opgeteken is of deur rolspelers van die tyd in herinnering geroep kan word.




Mielieverskeping in ongeveer 1908.



Mielies is eers in hopies gepak voor dit gedors is.



Mielies word gedors.




Grafiek 1: Landbou se bydrae tot die BBP




Die relatiewe bydrae wat elkeen van die produkte gemaak het in terme van volume geproduseer blyk duidelik uit die meegaande grafiek.


Die area waarop mielies verbou word, het tradisioneel aansienlik gefluktueer omdat mielies hoofsaaklik op droëland verbou word. Dit is opmerklik dat dié area veral vanaf die droogte van die middel 1990's beduidend afgeneem het. Die statistiek toon dat die oppervlakte wat onder mielies verbou is, in net meer as drie dekades (vanaf 1980 tot 2013) met sowat 40% afgeneem het, van sowat vyf miljoen hektaar tot sowat drie miljoen hektaar.



Grafiek 2: Graanproduksie - volumes (Mielies, koring, sorghum)



Grafiek 3: Graanproduksie - volumes, Grondbone, sonneblom, sojabone, gars



Grafiek 4: Bruto waarde van landbouproduksie - histories





Die oppervlakte waarop koring geplant is, het oor dieselfde tydperk eweneens geweldig verminder, van sowat twee miljoen hektaar tot selfs minder as een miljoen hektaar. Die geweldige afname in die middel-negentigerjare kan waarskynlik as 'n strukturele verandering beskou word, omdat dit daarna nie weer tot die vorige vlakke gestyg het nie.

Daarenteen het sojaboonaanplantings vanaf 1975/1976 van 22 000 ha tot meer as 500 000 ha in 2013 toegeneem. Dit was egter steeds nie groot genoeg om op te maak vir die afname in die totale oppervlakte waarop mielies en koring verbou is nie.

In 1970 is in totaal 181 000 ha sonneblom aangeplant. Hoewel dit van seisoen tot seisoen gewissel het, het sonneblomaanplantings met verloop van tyd 'n stygende tendens getoon en in 2013/2014 het dit 598 950 ha beslaan, met die grootste aanplantings van 828 000 ha in 1998.

Grondboonaanplantings het na die Tweede Wêreldoorlog deurlopend gestyg en 'n hoogtepunt van bykans 400 000 ha rondom 1970 bereik, waarna dit geleidelik begin afneem het. Vanaf 1995 het dit egter opmerklik gedaal en teen 2013 was die gemiddelde jaarlikse aanplantings minder as 50 000 ha.

Die aanplanting van sorghum het 'n hoogtepunt in die 1960's bereik, met 'n rekord van 640 000 ha in 1966. Dit het egter met verloop van tyd drasties afgeneem en in die tien seisoene voorafgaande 2014/2015 was die gemiddeld slegs 71 000 ha/jaar.

Die graanindustrie is een van die grootste landboubedrywe in Suid-Afrika en het teen 2010 ongeveer 30% tot die totale bruto landbouproduksie bygedra.


### Produksiegebiede

Mielies, wat die grootste plaaslik geproduseerde graangewas is en op die grootste oppervlakte geplant word, is die belangrikste bron van koolhidrate in die Suider-Afrikaanse streek. Suid-Afrika is ook die grootste produseerder van mielies in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG). Mielies word hoofsaaklik in die Noordwes Provinsie, die Vrystaat, die Mpumalanga Hoëveld en die KwaZulu-Natal Middellande geproduseer.

Koring word op die tweede grootste oppervlakte geplant, hoofsaaklik in die winterreënvalgebiede van die Wes- en Suid-Kaap en in die oostelike gedeeltes van die Vrystaat.

Suid-Afrika is nie 'n beduidende rolspeler in die internasionale sonneblommark nie, aangesien dit slegs 'n klein persentasie tot die wêreld se produksie en handel in sonneblomsaad bydra. Sonneblom word in Suid-Afrika hoofsaaklik in dieselfde gebiede as mielies verbou.

Sojabone word hoofsaaklik in die Vrystaat, Mpumalanga en KwaZulu-Natal Provinsies verbou, met klein aanplantings in die Limpopo, Gauteng en Noordwes Provinsies.



Grafiek 5: Bruto waarde van landbouproduksie sedert 1970



Grondbone is aanvanklik in die huidige Limpopo Provinsie verbou. Dit is later na die westelike dele van die land uitgebrei en teen 2015 was dit hoofsaaklik in die westelike en noord-westelike dele van die Vrystaat, die Noordwes Provinsie en die Noordkaap Provinsie gekonsentreer.

Sorghum word hoofsaaklik in die droër somerreëvalgebiede van Mpumalanga, Limpopo, die Vrystaat, Noordwes en Gauteng geproduseer.

## **STAATSBETROKKEHEID**

Die Suid-Afrikaanse regering was in die jare voor deregulering nie net by die be-  
marking van landbou betrokke deur middel van die beheerrade en skemas wat  
onder die Bemarkingswet ingestel is nie, maar het ook op ander terreine ingegryp  
ten einde produsente in die land by te staan in krisistye en knelpunte in die land-  
boubedryf aan te spreek.

Enkele sodanige geleenthede wat oor die algemeen op landbou van toepassing  
was, word hieronder genoem. Dié wat meer bedryfspesifiek gerig was, word later  
by die toepaslike bedryf se perspektief ingesluit.

### **1973-Droogtehulp**

As gevolg van 'n ernstige droogte wat vanaf Oktober 1972 tot Februarie 1973 ge-  
duur het, kon baie produsente nie in daardie seisoen somergewasse, voer of kon-  
tantgewasse aanplant nie. Baie van die produsente wat wel kon plant, se oeste is  
geweldig deur die droogte geknou.

SAMPI het die uitwerking van die droogte op die produsente besef en op 9 Januarie  
1973 'n massavergadering te Wolmaransstad gehou waar die Minister van Land-  
bou, mnr Hendrik Schoeman, ook teenwoordig was. Die benarde posisie waarin  
die produsente verkeer het, blyk duidelik uit die feit dat sowat 1 300 produsente die  
vergadering bygewoon het.

Tydens die vergadering het SAMPI vyf voorstelle aan die minister voorgelê waar-  
deur die produsente se finansiële posisie verlig kon word. Dit het ingesluit dat die  
fondse in die Stabilisasiefonds (sien Hoofstuk 2) as 'n agterskot aan die produsente  
uitbetaal word, dat spesifieke aksies ten opsigte van die verkoopprijs van mielies  
en uitvoer van mielies geneem word en dat produsente grasie vir terugbetaling van  
hul produksieskuld by koöperasies sal ontvang.

Nie lank daarna nie het Minister Schoeman 'n program vir hulpverlening aan pro-  
dusente in die droogtegeteisterde gebiede aangekondig. Dit het verskeie kom-  
ponente bevat, maar waarskynlik die belangrikste vir graanprodusente was dat  
koöperasies in staat gestel is om uitstel vir betaling van produksieskuld aan sekere  
produsente te verleen deur dit oor 'n tydperk van vier jaar te versprei. Kwalifise-  
rende produsente kon ook aansoek doen vir produksiekrediet vir die vestiging van  
oeste in die daaropvolgende seisoen.

### **Jacobskomitee**

In Oktober 1978 het die regering die sogenaamde Jacobskomitee aangestel met  
die opdrag om ondersoek in te stel na die ekonomiese posisie van graanpro-  
dusente sowel as landboufinansiering in die algemeen en aanbevelings daar-  
omtrent te maak. Die Komitee was getaak om spesifiek te verwys na die immer  
stygende produksiekoste, groeiende skuldposisie van graanprodusente, op-  
brengs op kapitaal, die mate waartoe bestaande finansieringsbronne in pro-  
dusente se kort-, medium- en langtermynfinansieringsbehoefte voorsien het  
en die rol wat landboukoöperasies in die voorsiening van finansiering aan pro-  
dusente speel.

Die Komitee het in sy verslag die beginsel ondersteun dat produksiepatrone deur  
werklike produksiekoste en heersende produsentepryse bepaal moet word, maar  
was nie ten gunste van subsidies aan produsente om stygende produksiekoste  
teen te werk nie. Hulle was van mening dat die landbousektor nie slegs genoeg  
moes produseer ten einde Suid-Afrika se groeiende bevolking van voedsel te kon  
voorsien nie, maar dat hulle ook vir die uitvoermark moes produseer.





Die Komitee was van mening dat daar voldoende redes bestaan het om te herbesin oor maatreëls wat produsente se finansiële posisie kon verbeter ten einde landbou op 'n gesonde en lewensvatbare basis te herstel. Hulle het ook aanbeveel dat die strategiese belangrikheid van landbou vir die bereiking van veral die doelwit van selfvoorsiening, groter prioriteit moes geniet en dat die regering se doelwitte in hierdie verband duidelik uitgespel moes word.

Die Komitee het, onder andere, tot die gevolgtrekking gekom dat dit nodig was om die landbouprysbeleid te herformuleer en dat aanpassings in die Land Bank se beleid rakende die finansiering van produsente en landboukoöperasies die aangewese aksie was. Hulle het ook uitgewys dat 'n groot behoefte vir koördinasie tussen landboukoöperasies en owerheidsinstellings ten opsigte van tegniese en ekonomiese voorligting aan produsente bestaan het.

Die meeste van die Jacobskomitee se aanbevelings is in beginsel deur die Ministers van Landbou en van Finansies aanvaar, in besonder dié wat op die prysbeleid van toepassing was, met die oog daarop om produsente se winsmarges aan te pas. Die Komitee se verslag het uiteindelik gelei tot 'n besluit van die Parlement om produsente se rentekoerse te subsidieer.

## **Finansiële ondersteuning deur die Staat en die Burger-kommissie**

Die verswakende winsgewendheid in baie dele van die landbousektor sou wesenlike afnames in boerdery-inkomste tot gevolg gehad het as dit nie vir staatshulp aan produsente was nie. Ten spyte van die Staat se aansienlike finansiële bystand aan produsente, het agterstallingheid op lenings deurlopend toegeneem namate die finansiële krisis op plase versleg het.

In 1979 het die Staat 'n droogtehulpskema vir die somersaaigebiede ingestel, soortgelyk aan 'n skema wat kort tevore vir die Swartland ingestel is. Die doel van die skema was verlening van spesiale hulp aan vee- en graanprodusente wat as gevolg van droogte finansiële probleme ondervind het. Dit was beperk tot produsente wat steeds kredietwaardig was en wat kon bewys dat hulle verliese deur die droogte veroorsaak is.

Ingevolge die skema is uitstel verleen vir terugbetaling van produksiekrediet wat produsente as gevolg van die droogte nie in staat was om te vereffen nie. Dit het slegs gegeld vir produksiekrediet wat vir die 1979/1980-produksieseisoen verleen is en het aan produsente die geleentheid gebied om daardie produksieskuld oor 'n maksimum tydperk van vier jaar terug te betaal. Die rente op die betrokke skuld is met 3,5% per jaar deur die Staat gesubsidieer. Die skema het ook voorsiening gemaak vir spesiale krediet aan kredietwaardige produsente vir die aankoop van veevoer in gebiede wat as noodweidingsgebiede verklaar is.

Die Staat se finansiële bystand oor etlike jare het egter nie daarin geslaag om die strukturele verswakking in winsgewendheid van boerdery teen te werk nie en die skuld las het aanhoudend toegeneem.

'n Wesenlike komponent van die produsente se korttermynskuld, wat hoofsaaklik aan koöperasies verskuldig was, het bestaan uit oordragskemas vir produksiekrediet wat deur die Staat gewaarborg was. Die staatswaarborg ten opsigte van produsente se oorlaatskuld is oorspronklik ingestel na die geweldige droogte van 1982/1983. Produsente van daardie tyd vertel dat dit 'n ingewikkelde stelsel was waarvolgens die mielieproduserende gebiede in streke opgedeel is volgens die tipe gronde. 'n Produsent kon op grond van die klassifikasie van sy grond aansoek doen dat 'n bepaalde gedeelte van sy skuld na die volgende jaar oorgedra word, wat die Staat dan gewaarborg het. Die produksieskuld is uiteindelik deur die produsente terugbetaal teen die gesubsidieerde rentekoers.

In 1992 is beraam dat die totale voordeel uit die Staat se rentekoerssubsidie aan produsente vanaf 1983 tot 1992 sowat R1,31 miljard beloop het.

Die staatswaarborg op oorlaatskuld het na 1983 in effek 'n permanente instelling geword en die waarde daarvan het met verloop van tyd gestyg van R800 miljoen in 1983 tot R2,4 miljard in 1992. Die droogte van 1991/1992 het 'n baie groot effek daarop gehad.

In 1992 het die Staat, na aanleiding van die verslag van die Burger-kommissie, 13 hulpverleningskemas aan landbou bekend gemaak. Dit het 'n droogtehulppakket van R2,8 miljard ingesluit wat bewillig is om landbou in die droogtegeteisterde somersaaigebiede by te staan. Sommige bronne verwys na 'n bedrag van R3,4 miljard, maar dit was nie die bedrag waarop uiteindelik met die Staat ooreengekom is nie.

Die droogtehulppakket het bestaan uit 'n subsidie bereken teen R375/ha wat aan koöperasies betaal is om soos volg saamgestel is:

- 'n Oorlaatskuldsubsidie van R175/ha aan elke kwalifiserende produsent, gebaseer op die gemiddelde bewese oppervlakte onder kontantgewasproduksie vir die 1989/1990-, 1990/1991- en 1991/1992-produksieseisoene. Hierdie bedrag is aan elke kwalifiserende produsent betaal, ongeag die omvang van hulle koöperasieskuld of herstelvermoë. Dit is dus ook betaal aan produsente wat nie oorlaatskuld gehad het nie.
- 'n Glyskaal oesskadesubsidie van R100/ha aan produsente wat gedurende die 1991/1992-produksieseisoen oesskade gehad het. Dit was gebaseer op die bewese oppervlakte kontantgewasse wat gedurende die genoemde produksieseisoen aangeplant is en/of beplan is om aangeplant te word, met inagneming van die bewese oes wat die seisoen wel opgelewer het.
- 'n Oorlaatskuldsubsidie van R640 miljoen in totaal wat aan kwalifiserende koöperasies betaal is. Die verdeling van die bedrag tussen die koöperasies was gedoen pro rata volgens die verhouding waarin elke koöperasie se uitstaande produksieskuld aan die einde van die 1991/1992-produksieseisoen, met ander woorde op 31 Augustus 1992, gestaan het tot die totale onbetaalde produksieskuld van daardie seisoen by al die kwalifiserende koöperasies op daardie datum. Die berekening is gedoen na inagneming van die aanwending van die oorlaatskuldsubsidie van R175/ha en die Oesskadesubsidie van R100/hektaar.

Die implementering van hierdie hulppakket het ook die einde van die staatswaarborg beteken.

Die 1994/1995-produksieseisoen is weer eens deur droogte geteister. Die impak daarvan was dat die belangrikste landbougewasse 'n afname in produksie van ongeveer 52% teenoor die vorige seisoen gehad het en in sekere dele van die land het produsente totale misoeste ondervind. As gevolg daarvan het baie graanprodusente wesenlike probleme ondervind om produksiefinansiering vir die volgende seisoen te bekom, terwyl meerjarige gewasprodusente nie oor die finansiering beskik het om boorde te hervestig wat as gevolg van 'n tekort aan besproeiingswater gevrek het nie.

As gevolg van die effek van die droogte het die Kabinet in Oktober/November 1995 'n bedrag van R199,5 miljoen aan landbou toegewys vir die finansiering van hulp aan kleinskaalse besproeiingsboere, 'n veevoerskema en bystand met die hervestiging van meerjarige gewasse, sowel as insetfinansiering van droëlandgewasse.


Sedertdien was bystand vanaf die regering aan landbou beperk tot enkele gevalle waar werklike ramptoestande beleef is en het landbouprodusente in wese self die volle risiko van ongunstige ekonomiese en klimaatstoestande gedra.

## Opberging en silobouprogram

In die vroeë 1900's is graan in sakke geoes en met ossewaens na die spoorwegstasies of koöperasies aangery, waar dit gegradeer en namens die produsente opgeberg is, totdat dit aan kopers gelewer of versend is. Omdat opberging in die oopte (dikwels op platforms van spoorwegstasies) wesenlike probleme met besmetting en kwaliteit veroorsaak het, is groot sink pakhuisse opgerig waarin die sakke graan opgeberg is.

Die toename in produksie gedurende die vroeë 1920's en die vereistes ten opsigte van die weeg, skoonmaak, gradering en opberging wat deur verhoogde uitvoere teweeggebring is, het die opbergingsprobleem sterk na vore gebring. Op daardie stadium het Kanada en die VSA reeds van silo-opberging gebruik gemaak en 'n afvaardiging is daarheen gestuur om dit te ondersoek. Na aanleiding daarvan, sowel as die verslag van die Clark-komitee, het die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (SAS&H), wat deel van die staatsadministrasie was, twee silo's gebou – een by die Durbanse hawe met 'n kapasiteit van 42 000 ton en een by die Kaapstadse hawe van 30 000 ton.

**DIT BLYK DAT DIE  
EERSTE GRAANSILO IN  
SUID-AFRIKA, WAARIN  
7 040 TON MIELIES  
OPBERG KON WORD,  
IN 1913 VIR 'N MEULE  
IN VEREENIGING  
OPGERIG IS.**





Die SAS&H het ook begin met die oprigting van silo's langs spoorwegroetes en teen 1924 was die volgende binnelandse silo's (waarna in die algemeen as die Spoorwegsilo's en later as die B-silo's verwys is) reeds opgerig, met 'n totale opbergingskapasiteit van 101 850 ton:

Stasie	Kapasiteit (ton)	Stasie	Kapasiteit (ton)
Frankfort	5 800	Ficksburg	2 600
Heilbron	5 800	Middelburg	2 600
Klerksdorp	5 800	Makokskraal	2 600
Reitz	5 800	Moorreesburg	2 600
Bethal	4 800	Potchefstroom	2 600
Bethlehem	4 800	Leslie	2 600
Kroonstad	4 800	Pienaarsrivier	2 200
Bothaville	4 800	Ventersburg	1 800
Kinross	4 800	Kaallaagte	1 800
Senekal	4 800	Koster	1 800
Rendezvous	4 800	Leeudoringstad	1 800
Lindley	4 800	Makwassie	1 800
Balfour	3 000	Val	1 800
Clocolan	3 000	Westminster	1 800
Ventersdorp	3 000	Davel	1 800
Vermaas	3 000	Standerton	1 800
Vrede	3 000	Settlers	1 750
Coligny	2 600		

Hierdie silo's het slegs graan ontvang, gegraadeer, geweeg, skoongemaak en opgeberg en het nie self in graan handelgedryf nie.

Aanvanklik is graan hoofsaaklik in sakke, maar ook tot 'n mate in losmaat by die silo's ingelewer. Die wyse waarop die graan in silo's bestuur is, het verskeie voordele ingehou, waaronder sekerheid ten opsigte van graad en massa, die moontlikheid van sekerheidstelling deur middel van graanbewyse en 'n vermindering van die risiko van verliese tydens die laaiproses.



### IN 1925 BERIG CJ BOSMAN IN SUID-AFRIKAANSE GESAAIDES SOOS VOLG:

**“Die Goewerment het graansuiers opgerig in Durban en Kaapstad en sowat 'n dertigtal plekke in die vernaamste mieliestreek van die Unie. Nou is daar groot besuiniging in die hantering van die oes; sakke word grootliks mee weg gedoen; vermorsing is afgebring tot op 'n minimum; die industrie het 'n groot stoot vorentoe gekry; dit word verwag dat die verbouer sal 'n groter gedeelte van die winste kry; koop en verkoop is vergemaklik; die uitvoerhandel kan beter gereguleer word en die industrie is op 'n beter voet geplaas.”**

Opberging by silo's het aanvanklik met aansienlike probleme gepaard gegaan en veilige en effektiewe opberging van mielies was van die vroegste dae 'n bron van kommer vir sowel die Mielieraad as die regering. Die probleme wat daarmee ondervind is, het daartoe gelei dat die regering in 1945 opdrag gegee het dat 'n ondersoek na die opberging van mielies geloods moet word. Na aanleiding daarvan het die Mielieraad in 1949 'n afvaardiging oorsee gestuur om metodes van massahantering in Australië te ondersoek.

In 1951 het die Mielieraad 'n bedrag van R300 000 beskikbaar gestel vir die oprigting van 'n graansilo te Lichtenburg. Die massastoor wat opgerig is, is gedurende 1953 in gebruik geneem en was die voorloper van die beweging om massahanteringsfasiliteite vir mielies in Suid-Afrika op te rig.

Gedurende Februarie 1952 het die Minister van Landbou 'n langtermynleningskema ter waarde van R10 miljoen vir die oprigting van graansilo's aangekondig, wat deur die Land Bank gefinansier sou word. Dit het werklik eers in die vroeë 1960's momentum gekry toe die destydse landboukoöperasies, synde agente van die beheerrade, begin het om graansilo's onder toesig van 'n Graansilokomitee op te rig.

Die Graansilokomitee is saamgestel uit verteenwoordigers van die Departement van Landbou-ekonomie, die Mielieraad, Koringraad, Oliesaderaad en Sorghumraad en het die finale seggenskap gehad ten opsigte van lokaliteit, kapasiteit en ontwerp van die silo's. Die Land Bank het slegs aansoeke om finansiering vir die bou van silo's oorweeg indien dit deur 'n sertifikaat van die Graansilokomitee gerugsteun was.

Die oprigting van massafasiliteite vir die opberging van graan het vanaf ongeveer 1961 momentum begin kry. Verskeie metodes is met verloop van tyd vir die oprigting van graansilo's gebruik, byvoorbeeld die sogenaamde glybetonkonstruksiemetode. Later is vertikale betonstrukture opgerig wat graan teen 'n vinniger tempo kon inneem en uitlaai, met die addisionele voordeel van meer effektiewe beroking.

Die destydse landboukoöperasies het in totaal silokapasiteit gelykstaande aan 15 465 432 ton mielies opgerig, waarvan 14 492 576 ton by 220 depots in die noorde van die land opgerig is en 972 856 ton by 46 depots in die suide (Wes-Kaap).



Massastoor op Lichtenburg.

**DIE LANDBOUPAKHUISWET  
WAT IN 1930 GEPRO-  
MULGEER IS, HET 'N  
REGSGELDIGE RAAMWERK  
VIR DIE VERHANDELING  
VAN GRAAN DEUR MIDDEL  
VAN GRAANBEWYSE OF  
SILOSERTIFIKATE GESKEP.  
DIT IS IN 1975 HERROEP.**



**NOORDWES KOÖPERASIE (NWK) HET SY EERSTE  
GRAANSUIER, WAT BY LICHTENBURG OPPERIG IS, IN  
1959 IN ONTVANGS GENEEM.**

**SENTRAALWES KOÖPERASIE (SENWES) SE EERSTE  
SILO IS OP BULTFONTEIN GEBOU EN IN 1964 IN  
GEBRUIK GENEEM.**

Die geregleerde silobouprogram is in 1984 opgeskort. Aan die begin van 1990 het die Minister van Landbou, dr Kraai van Niekerk, die Graansilokomitee ontbind en is staatslenings vir die oprigting van graansilo's afgeskaf. Daarmee het die beheer en beperking op die oprigting van graansilo's ook tot 'n einde gekom.

Silo-eienaars het goeie inkomste uit opbergingsvergoeding verdien, veral in die tydperk vanaf 1986 tot en met die deregulering van die markte in 1996. As agente van die beheerrade het hulle 'n gewaarborgde vasgestelde kapasiteitsvergoeding ontvang, ongeag die hoeveelheid graan wat in die silo's opgeberg was, asook 'n hanteringsvergoeding wat gebaseer was op die hoeveelheid graan wat in die silo's ontvang en daarvandaan versend is.

Na deregulering en die afskaffing van die beheerrade, het hierdie gewaarborgde vergoeding weggeval. Daarbenewens kon enige persoon of instansie na deregulering graan ontvang, opberg, koop en verkoop. Dit het die weg gebaan vir alternatiewe en goedkoper opbergingsmetodes, soos massa-silosakke (wat in ongeveer 2005 vanaf Argentinië as 'n nuwe opbergingsoplossing vir produsente bekendgestel is), graandamme en private opbergingsfasiliteite op plase.

Omdat produsente hulle graan direk kon bemark, het private opberging en die verkoop van graan direk van die land af (die proses wat as landlaai bekend staan) algaande toegeneem, wat groot druk op die winsgewendheid van tradisionele silostrukture geplaas het.

Plaasopberging het die voordeel vir produsente ingehou dat dit die oestyd verminder het, omdat die waens of vragmotors se omdraityd baie korter is en die voertuie nie nodig het om op openbare paaie te ry nie. Die verkorte oestyd beteken ook dat produsente gouer kan begin om hulle lande vir die volgende seisoen voor te berei. Produsente kon graan vir eie gebruik baie goedkoper stoor, sonder die koste om dit vanaf die tradisionele silo's terug te ry wanneer dit benodig word. Dit het natuurlik ook sekere eise meegebring, soos 'n kapitale investering en deurlopende bestuur van die graan in opberging, wat voorheen deur die koöperatiewe silo-eienaars met gevestigde kundigheid hanteer is.

Die buigsaamheid van die gedereguleerde markomgewing het dit vir produsente wat oor hulle eie opbergingsfasiliteite beskik, moontlik gemaak om hulle graan meer effektief te bemark deur geleenthede wat die mark bied, beter te kan benut. Ontleders en akademici reken ook dat die gedereguleerde omgewing die winsgewendheid van mielieproduksie vir die produsente in die eerste dekade na deregulering in die hand gewerk het. Dit kon produsente in 'n beter finansiële posisie plaas om strukturele veranderinge in die bedryf van hulle boerderye te kon aanbring, soos die oprigting van hulle eie stoorfasiliteite.

Al hierdie faktore, tesame met die belastingvoordele wat die bou van silo's op plase inhou, het die skepping van alternatiewe opbergingsfasiliteite, weg van die tradisionele strukture van die landboubesighede en koöperasies, aansienlik gestimuleer.

Kommoditeitshandelaars wat nie, soos die koöperasies, oor hulle eie opbergingsfasiliteite beskik het nie, het ook begin om alternatiewe opbergingsfasiliteite, soos graanbunkers, te vestig in gebiede naby aan die meulens wat deur hulle bedien is, met die oog op laer opbergings- en hanteringskoste.

Terselfdertyd, egter, het verhandelings van graan deur Safex sy beslag gekry, met die vereiste dat kontrakte slegs kon verhandel by Safex-goedgekeurde silo's. Dit het dus die aanwending van die nuwe alternatiewe fasiliteite vir verhandelings op Safex beperk, behalwe in die geval van lokaliteite wat wel vir dié doel deur Safex goedgekeur is.





Gereed om te seil.

## Vervoer

Die wyse waarop graan na die markte vervoer is, het sedert die begin van die twintigste eeu deurlopend verander namate vervoermiddels en opbergingsfasiliteite verander het. Vir die grootste gedeelte van die tydperk tot die middel 1990's is die oorgrote hoeveelheid graan per spoor vervoer.

Gedurende die geregleerde era was die beheerrade in wese die enigste entiteit wat graan op groot skaal in Suid-Afrika vervoer het. Hulle het hoofsaaklik van spoorvervoer gebruik gemaak, wat slegs deur die regering se Spoorweg- en Hawensadministrasie (later Spoornet) voorsien is. Dit was dus makliker om vervoerbehoefte binnelands sowel as na en van die hawens te koördineer en effektiewe werksyuses en praktyke is mettertyd ontwikkel om dit moontlik te maak.

Die beheerrade was ingelig oor verwagte oesgroottes en die verspreiding daarvan oor die hele land en kon dus tydlig toesien dat effektiewe vervoerreelings getref word. Die deregulering van die graanbedryf het egter die speelveld totaal verander. Eensklaps was daar baie meer rolspelers in die graanbedryf wat elkeen op sy eie behoeftes gefokus het, sonder inagneming van die totale posisie met betrekking tot die vraag en aanbod van vervoer en sonder enige koördinasie. Eweneens het die in- en uitvoer van graan nie meer gekoördineerd plaasgevind nie, wat met die toetreding van wesenlike buitelandse rolspelers, soos Cargill en Louis Dreyfus, tot nóg groter kompleksiteit gelei het.

Hierdie faktore, tesame met ander logistieke uitdagings ten opsigte van opbergingskapasiteit en die hantering van baie meer unieke besendings, het 'n geweldige gediversifiseerde, onvoorspelbare en onstabiele behoefte aan vervoer in die hand gewerk. Dit, tesame met behoeftes soos korter omdraityd, vinnige reaksie en aanpasbaarheid wat uniek aan die vrye mark is, het die geleentheid vir alternatiewe vervoeroplossings geskep. Die vervoer van graan per pad het met rasse skrede toegeneem, tot die mate dat in 2015 sowat 85% van alle graan in Suid-Afrika na verwagting op hierdie wyse vervoer is, teenoor 15% in 1990.

## Landbounavorsing en -tegnologie

Die Landbounavorsingsraad (LNR) het op 1 April 1992 as 'n relatief outonome instelling tot stand gekom as gevolg van 'n herstrukturering van die Departement van Landbou-ontwikkeling, wat die deregulering en privatisering van sekere afdelings daarvan behels het.



Mielie-invoere.



Die LNR het aanvanklik uit twaalf navorsingsinstitute bestaan wat van die Departement van Landbou-ontwikkeling aan die LNR oorgedra is. Tot op daardie stadium was die Departement van Landbou-ontwikkeling verantwoordelik vir die oorgrote gedeelte van landbounavorsing in Suid-Afrika. Die Departement is hierin bygestaan deur die landboufakulteite van universiteite, die bemerkingsrade wat belangrike insette gelever het, landboukoöperasies, privaatondernemings en die Departement van Ontwikkelingshulp van die regering. Die Departement van Landbou-ontwikkeling het oor die grootste mannekragkomponent vir landbounavorsing beskik, met sowat 5 600 personeellede wat 950 navorsers, 58 landbou-ekonome en 46 landbou-ingenieurs ingesluit het.

Die Departement van Landbou-ontwikkeling het ook oor goed toegeruste laboratoriums beskik met 'n totale vloeroppervlakte van sowat 14 000 vierkante meter, benewens 74 proefplase wat oor die meeste van die klimaatstreke en verbouingsareas in Suid-Afrika verspreid was. Die proefplase het veldproewe onder gekontroleerde omstandighede uitgevoer en het 'n belangrike rol gespeel ten opsigte van navorsing, uitbreiding en opleiding, benewens praktiese demonstrasies van boerderypraktyke, stelsels en die ontwikkeling van nuwe kultivars.

Die LNR se hoofdoel is die voorsiening van effektiewe tegnologie aan al die deelnemers in landbou en verwante industrieë ten einde dinamiese en omgewingsvriendelike bedrywe te verseker wat bevoeg is om voldoende landbouprodukte van aanvaarbare gehalte vir verbruikers te produseer. Dit sluit die voorsiening van inligting en navorsingsresultate sowel as die ontwikkeling van menslike kapitaal in.

Met die oordrag van die twaalf navorsingsinstitute aan die LNR, het die Departement van Landbou-ontwikkeling sekere streeksorganisasies en direktorate, onder andere, die Direktorate van Landbou-ingenieurswese en Landbou-ekonomie, behou. Die veranderinge het gepaardgegaan met die sluiting van sekere departemente en 'n geleidelike verskuiwing in die fokus om ook die ontwikkelende landbousektor in te sluit.

Met verloop van tyd het ondernemings in die landboubedryf, soos die kunsmismaatskappye en voormalige koöperasies, hulle eie navorsingsfasiliteite en laboratoriums opgerig ten einde die leemtes in sekere navorsingsbehoefte wat na deregulering ontstaan het, te vul.

Graan SA vervul ook 'n belangrike funksie om landbounavorsing rakende grane en oliesade te koördineer, duplikasie uit te skakel, navorsingsprioriteite te rig en sinergieë tussen verskeie plaaslike en selfs internasionale navorsingsdissiplines te vestig. Graan SA het sedert 2012 baanbrekerswerk in hierdie verband gedoen en die bedryf is reeds besig om die vrugte daarvan te pluk. In Hoofstuk 7 word in meer besonderhede verwys na die rol wat Graan SA ten opsigte van navorsingsinisiatiewe ter ondersteuning van voedselsekerheid vervul.




## MIELIEPERSPEKTIEF


### Inleidend

Mielies is ongetwyfeld die grootste akkerbougewas in Suid-Afrika en die stapelvoedsel van die grootste gedeelte van nie net die binnelandse bevolking nie, maar ook die grootste gedeelte van die Suider-Afrikaanse bevolking. Grafiek 7 verstrek 'n oorsig oor die geskiedenis van mielieverbouing in Suid-Afrika vanaf die 1936/1937-seisoen, in terme van die aantal hektaar waarop dit verbou is en die totale opbrengs per jaar.


Die produksie van mielies was vanaf 1970/1971 soos getoon in Grafiek 8 en 9 tussen die provinsies van Suid-Afrika versprei.



Grafiek 6: Mielieproduksie in Suid-Afrika




Grafiek 7: Mielieproduksie in Suid-Afrika – mielie-aanplantings en opbrengs




Grafiek 8: Mielieproduksie per provinsie





Grafiek 9: Mielieproduksie per provinsie



Grafiek 10: Mielies: Jaarlikse binnelandse verbruik

Sowat 50% van Suid-Afrika se binnelandse verbruik van mielies is vir menslike behoeftes, soos uit die bogenoemde statistiek blyk (sien Grafiek 10).

## Produksie

Dit blyk dat mielies sy oorsprong in Mexiko en Sentraal-Amerika gehad het en vandaar oor die hele aarde versprei het, tot die mate dat dit teen 2010 as die derde grootste stapelvoedsel in die wêreld beskou is.

Hoewel mielies reeds deur die inheemse bevolking in Suid-Afrika verbou was toe die Hollandse nedersetting in die Kaap gevestig is, is die eerste mieliesaad vir komersiële aanplanting op 25 November 1655 in die Kaap ontvang. Volgens Jan van Riebeeck se dagboek is die eerste saad egter eers in Julie 1658 op sy aanbeveling geplant. Uit die aard van die saak kon dit nie suksesvol in die winterreënvalstreek van die Wes-Kaap verbou word nie en mielieverbouing het werklik eers posgevat met die 1820-setlaars se vestiging in die Oos-Kaap en momentum gekry namate die Groot Trek vanaf 1838 verder noordwaarts gevorder het.

Mielieproduksie in Suid-Afrika het eers werklik relevant geword na die ontdekking van diamante in Kimberley in die 1870's en goud aan die Witwatersrand in 1886. Tot op daardie stadium was die verbouing van mielies hoofsaaklik op bestaansboerderybasis bedryf. Die ontdekking van diamante en goud, wat met 'n versnelde groei in vervoer- en kommunikasiestelsels sowel as ander tegnologiese ontwikkeling gepaardgegaan het, het tot 'n konsentrasie van mense in sekere gebiede gelei en 'n aansienlike verhoging in die vraag na mielies en ander landbouprodukte in die hand gewerk. Mielieproduksie het daarna 'n verdere hupstoot gekry toe silindertipe dorsmasjiene in 1902 beskikbaar geraak het – voorheen was dit 'n groot probleem om die mieliepitte van die stronk af te kry.

**IN 1907 IS SOWAT 490 378 HA LANDE IN DIE TRANSVAAL BEPLANT, WAARVAN 274 574 HA ONDER MIELIES.**

**GRAANPRODUKSIE WAS AANVANKLIK HOOFSAAKLIK TOEGESPITS OP GROND WAT OP EEN OF ANDER WYSE BESPROEI KON WORD. PRODUSENTE HET MET OSSE GEPLOEG EN MET DIE HAND GEPLANT EN GEOES. SKOTTelploeë is as meer moderne implemente beskou. NOGTANS HET PRODUKSIE ALGAANDE TOEGENEEM EN NAMATE LANDBOU GEGROEI HET, IS PETROL- EN PARAFFIENAANGEDREWE TREKKERS, SOWEL AS GEMEGANISEERDE PLANTERS INGEVOER. BENEWENS DIE FEIT DAT DIE PLANTERS AANSIENLIKE GROTER OPPERVLAKTES IN DIESELFDE TYD KON PLANT, HET DIT DIE VORDEEL INGEHOU VAN MEER EGALIGE VERSPREIDING VAN SAAD EN GEVOLGLIKE MEER OPTIMALE GEBRUIK DAARVAN.**



Met die draai van die eeu, rondom 1900, is die produksie van mielies verder gestimuleer deur die aanvang van mielie-uitvoere. Die eerste rekords van mielie-uitvoere was van 'n firma King en Seuns wat in 1893 'n klein hoeveelheid mielies na die Verenigde Koninkryk (Brittanje) uitgevoer het. In die dekade daarna het dit toegeneem en die tendens het daarop gedui dat Suid-Afrika moontlik 'n gereelde mielie-uitvoerland kon word.

Die Natalse produsente, wat meer op akkerbou ingestel was as die produsente in die binnelandse republieke, het ook met uitvoere geëksperimenteer. In 1907 het 'n koerant van daardie tyd berig dat die Transvaalse regering tot so 'n mate met die sukses van die Natalse mielie-uitvoere beïndruk was, dat hulle besluit het om 'n groot mielieproduserende bedryf in die Transvaal te vestig en 'n spesifieke bedrag daarvoor bewillig het.

Mielie-uitvoere deur die Transvaal vanaf ongeveer 1908 het gehelp om pryse te stabiliseer, aangesien die plaaslike aanbod reeds die binnelandse vraag begin oorskry het. Dit was egter toe reeds duidelik dat die uitvoer van mielies op 'n meer wetenskaplike wyse benader moes word. Die regerings van die verskillende koloniale gebiede in Suid-Afrika het gevolglik 'n beroep op handelaars gedoen om ondersteuning te verleen met die afset van graan, nie net plaaslik nie, maar ook op oorsese markte. Die hoeveelheid mielies wat in Engeland verbruik is en die verskillende aanwendingsmoontlikhede daarvan in Europa het goeie markgeleenthede vir Suid-Afrikaanse mielies geskep.

Die regering het 'n aktiewe rol in die uitvoere gespeel deur die logistieke reëlings te fasiliteer en het selfs spesiale spoor- en skeepsvragtariewe vir uitvoere aangebied. Afskrifte van weeklikse mieliemarkverslae vanuit Engeland is by spoorwegstasies beskikbaar gestel en produsente is sterk aangemoedig om meer mielies te plant.

Teen 1910 is mielies vanaf Suid-Afrika reeds na 16 lande uitgevoer, waaronder Kanada, Australië, Brittanje en Indië.

In 1914 het ene Joseph Burt Davy in sy boek *Maize – Its history, Cultivation, Handling and Uses* geskryf dat die Suid-Afrikaanse mieliebedryf se aansienlike groei tot op daardie stadium nie moontlik sou wees as dit nie vir die uitvoermark was nie, omdat die binnelandse verbruik nie die produksie sou kon opneem nie.

Vanaf 1918 tot 1939 was Suid-Afrika hoofsaaklik 'n netto uitvoerder van mielies. Gedurende daardie tydperk is mielies slegs een keer ingevoer, naamlik 272 ton gedurende die 1933/1934-seisoen. Mielie-uitvoere was in die 1920's deurlopend redelik winsgewend, maar in die 1930's het dit skerp gewissel.



**TUSSEN 1924 EN 1940 IS  
GEMIDDELD 312 094 TON  
GRAAN/JAAR DEUR  
DIE SUID-AFRIKAANSE  
HAWENS UITGEVOER  
EN GEMIDDELD SOWAT  
900 000 TON/JAAR  
OOR LAND NA  
NABURIGE LANDE.**



Aangesien stikstof in die vroegste jare nie beskikbaar was nie, het produsente hoofsaaklik fosfaat en kraalmis as bemestingstowwe gebruik. In 1903 is fosfaat deur die kunsmisfabriek SAFCO, wat in Durban gebaseer was, vervaardig. Later, teen ongeveer 1919/1920, het maatskappye soos Kynoch en Cape Explosives, groot hoeveelhede fosfaat as nuweprodukt van plofstof vervaardig.

In 1907 is met navorsing oor droëlandverbouing van mielies begin en in 1911 is die eerste kongres daarvoor gehou. Op daardie stadium was reeds sowat 863 000 ton mielies in die Transvaal geproduseer. Die navorsing was hoofsaaklik op vogbewaring en die kweek van beter saad toegespits. Die Hickory King-kultivar, 'n vroegrypwordende mieliesaad wat vir droëlandverbouing op die hoëveld geskik was, is in 1912 beskikbaar gestel. In die Vrystaat en Wes-Transvaal is ook goeie resultate met die Sahara Yellow-kultivar bereik.

### ***Toename in produksie en verbruik***

In die tydperk vanaf 1918 tot ongeveer 1930 was daar nie noemenswaardige groei in die oppervlakte wat onder mielies verbou is nie. Mielieproduksie het wel na afloop van die eerste Wêreldoorlog in 1919 stelselmatig begin toeneem, maar pryse was onstabiel, bemerking was ongeorden en as gevolg van die Depressie is 'n groot tekort aan finansiering ondervind.

Vanaf ongeveer 1930 het mielieproduksie egter 'n sterk stygende tendens getoon. Heersende klimaatstoestande het die grootste invloed gehad op die grootte van die oppervlakte waarop mielies geplant is, maar meer moderne boerderymetodes en toenemende meganisering het opbrengste per eenheid verhoog. Ten spyte van 'n aansienlike toename in die gebruik van kunsmis, trekkers en gemeganiseerde implemente, was mielies se gemiddelde droëland-opbrengs voor 1940 minder as een ton/ha, met die hoogste, naamlik 0,94 ton/ha, in die 1939/1940-seisoen.

Die binnelandse verbruik van mielies het van 683 000 ton in 1911/1912 tot 1 430 000 ton in 1939/1940 toegeneem. Die voortslepende droogte in die vroeë 1940's tesame met die groeiende vraag na mielies weens die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, het uiteindelik tot groot mielietekorte in Suid-Afrika gelei wat nie deur die beheermaatreëls ingevolge die Bemerkingswet alleen opgelos kon word nie. Gevolglik het die regering verhoë tot die London Food Council en die Combined Food Board gerig vir groter graantoekennings aan Suid-Afrika. Dit was nie baie suksesvol nie, omdat al die produserende lande eers in hulle eie behoeftes wou voorsien. Die regering was gevolglik verplig om ander bronne te ondersoek en het in 1945 daarin geslaag om 'n ruiloorreënkoms met Argentinië te sluit in terme waarvan Suid-Afrika steenkool aan Argentinië gelewer het in ruil vir mielies. Die ooreenkoms is later ook vir 1946 en 1947 hernu.

Die Mielieraad se eerste amptelike mielie-uitvoerkontrak is in 1973 met Taiwan gesluit vir die uitvoer van 1,2 miljoen ton mielies oor 'n tydperk van drie jaar. Dit het nie net die weg gebaan vir ander handel tussen Suid-Afrika en Taiwan nie, maar is ook opgevolg met uitvoerkontrakte in 1975 (vir 1,35 miljoen ton), 1979 (vir 1,8 miljoen ton) en 1982 (vir 1,8 miljoen ton).




**Ondertekening van die eerste langtermyn mielie-uitvoerkontrak tussen die Mielieraad en die Republiek van China in Pretoria op 24 Januarie 1973.**



## 1981-rekordoes

Die mielie-oes van 1981 was die grootste wat tot 2015 in Suid-Afrika geproduseer is. In daardie jaar is bykans 14,87 miljoen ton mielies geproduseer, waarvan 13,6 miljoen ton deur produsente aan die mark gelewer is, sowat sewe miljoen ton meer as die binnelandse vraag op daardie stadium. Gevolglik was die bedryf in 1982 met 'n geweldige surplus mielies gekonfronteer. Boonop was die uitvoerpryse in daardie jaar baie laag en kon Suid-Afrika weens politieke sanksies teen die land nie geredelik mielies uitvoer nie, ten spyte van 'n liggingsvoordeel ten opsigte van 'n hele aantal van die groot wêreldmarkte. Uitvoere is verder gestrem deur onvoldoende en onekonomiese verskeppingsfasiliteite in Suid-Afrika. In baie gevalle was dit ook nie moontlik om op grond van laer pryse teen lande soos die VSA mee te ding nie, omdat laasgenoemde hulle mielies op 'n gesubsidieerde basis aan potensiële Suid-Afrikaanse markte verkoop het.



Grafiek 11: Tien grootste mielie-oeste versus hektare geplant vanaf 1980

## Ruiltransaksie met Roemenië

Gelukkig kon die Mielieraad daarin slaag om 'n ruiltransaksie vir ureum met Roemenië aan te gaan op grond waarvan 204 880 ton geelmielies vir 208 000 ton ureum geruil is. Die Roemeniërs het by die Voorsitter van die Mielieraad, mnr Crawford von Abo, navraag gedoen oor die moontlikheid dat die Mielieraad hulle van mielies kon voorsien. Tot op daardie stadium is Roemenië deur die VSA van mielies voorsien, maar dit is gestaak en die Roemeniërs moes alternatiewe bronne kry ten einde hulle varkboerdery van sowat een miljoen varke te kon voer.

Die Roemeniërs kon nie die Mielieraad vir die mielies betaal nie, maar hulle was bereid om 'n ruiltransaksie aan te gaan, hetsy vir wapens of olie of kunsmis. Die voorstelle is met die regering bespreek en daar is op ureum besluit, veral omdat stikstofpryse op daardie stadium die hoogte ingeskiet het. Hoewel die regering, by name die Minister van Handel en Nywerheid, dr Dawie de Villiers, geweldig teen die

**TEEN 1923 WAS DAAR  
REEDS 20 VERSKILLENDE  
MIELIEKULTIVARS IN  
SUID-AFRIKA BESIKBAAR.**

Mnr Crawford von Abo, wat as Voorsitter die onderhandelings namens die Mielieraad hanteer het, vertel dat hy nie bereid was om toe te gee dat die transaksie deur die Misstofvereniging gedoen word nie, omdat hy die voordeel daarvan vir die mielieprodusente wou behou. Toe die regering nie wou toegee nie, het hy gedreig om hulle "in die politiek aan te vat". Daarna het 'n berig in 'n Sondagkoerant verskyn met die strekking dat die produsente besig is om met die kommuniste besigheid te doen.

Hierdie gebeure het plaasgevind in die tyd waarin die Suid-Afrikaanse weermag in Angola in 'n oorlog gewikkel was en die Roemeniërs aan die kant van die vyand teen Suid-Afrika geveg het. Die koerantberig het hulle dus ook in geweldige verleentheid gebring, maar uiteindelik het die Mielieraad die groen lig gekry en is die transaksie gefinaliseer.

## DIE RUIL VAN MIELIES VIR UREUM

MNR CRAWFORD VON ABO



**M**ense van Roemenië het my kom sien en gevra of die Mielieraad belangstel om met hulle besigheid te doen. Mnr Hendrik Nel, bestuurder van die Mielieraad, het gereken die Regering sal ons nooit toelaat nie, want die RSA was besig met die oorlog in Angola. Toe sê ek vir hom ek is nie besig met enige oorlog nie. As dit in belang van die produsente is dat ons met Roemenië besigheid doen, dan gaan ons dit doen. Ek en Hendrik is toe op hulle koste weg Boekarest toe.

Die Roemeniërs het vantevore met Amerika besigheid gedoen, maar dié wou nie meer aan hulle mielies voorsien vir hulle varkboerdery van ongeveer 'n miljoen varke nie. Hulle kon ons nie betaal nie, maar hulle kon enigiets in ruil verskaf: Van olie of kunsmis tot wapens...ons kon kies. Ek vra toe dat hy my kans gee, want ek moes dit eers met die Regering bespreek.

Aangesien stikstofpryse daardie tyd die hoogte in geskiet het, het dit sin gemaak om ureum in ruil vir mielies te verkry. Minister Dawie de Villiers – wat ek in die Kaap gaan sien het – wil toe hê dat die transaksie deur die Misstofvereniging gedoen moes word, maar ek het geweier. Ek wou hê die voordeel daarvan moes vir die mieliebedryf wees. Hulle wou dit glad nie doen nie, totdat ek gedreig het dat ek hulle in die openbaar daarvoor sou aanvat.

Toe word dit aan 'n Sondagkoerant uitgelek dat die mielieprodusente met die kommuniste wou besigheid doen. Ek is nog nooit in my lewe so sleg gesê soos

daardie Maandag nie! Boonop bel die Roemeniërs my toe uit Londen uit – dit was vir hulle net so 'n groot verleentheid, want hulle was ook betrokke by die oorlog en hier lek die storie uit dat hulle met ons gaan besigheid doen. Ek sê toe vir hulle as hulle die transaksie vir ewig wil verongeluk, moet hulle hierdie mense hulle sin gee; hulle moet my kans gee om die ding deur te kry. Ek vlieg toe Kaap toe en gaan sien Minister Gerrit Viljoen se sekretaresse (vir wie ek goed geken het) en vra haar wie die storie aan die koerante uitgelek het. Teen die einde van die week bel sy my en sê die Veiligheidspolisie is op haar spoor. Toe sê ek vir haar sy moet dit maar los.

Goedkeuring is uiteindelik verkry en ons het die ruiltransaksie met die Roemeniërs gedoen, die hoeveelheid mielies uit die mark onttrek en kunsmispryse afgebring. Die fout wat ons gemaak het, was om aan De Villiers se versoek toe te gee dat ons die ureum oor drie jaar sou infaseer en dat dit by die Misstofvereniging se fasiliteit in Umbogintwini opgeberg sou word.

Iemand laat weet my toe dat ek moet gaan kyk wat hulle met ons ureum gedoen het. Daar gekom, vind ek die ureum 100 m wyd plat gepak en in so 'n mate geloog dat dit omtrent vir 300 m die gras laat vrek het. Tydens 'n afspraak met Minister De Villiers in Pretoria het ek aan hom gesê dat daardie ureum hulle s'n was en nie ons s'n nie – en dat die Mielieraad nie die skade sou dra nie. Mnr Andries Beyers (toe Voorsitter van Uniegraan) het dadelik ingestem dat die ureum veilig in Uniegraan se sakstore gestoor kon word.



## ONDERHANDELINGS OOR TREKKERS EN OLIE TYDENS SANKSIEJARE

MNR JAPIE GROBLER

In die dae van politieke sanksies teen Suid-Afrika was ek bevoorreg om betrokke te kon wees met die invoere van trekkers uit die destydse Oosbloklande. In Engeland en Pole (dus agter die “ystergordyn” in die destydse Oos-Duitsland) is navorsing gedoen oor die herbouing en opgradering van ou, afgeleefde trekkers. In Pole kon geen mens Engels praat nie en dit was ’n nagmerrie om net deur die lughawe en immigrasie te kom. Geen huurmotor kon jou help nie en die mense op straat was verdruk en versukkeld en selfs bang om saam met ’n vreemdeling gesien te word.

By ’n ander geleentheid in die tagtigerjare was ek deel van onderhandelinge met Iran – dit nogal op ’n Sondag – om die grootste gedeelte van Suid-Afrika se uitvoerbare surplus mielies vir olie te ruil deur twee bemiddelaars en dan eintlik in finale fase namens die Suid-Afrikaanse regering wat in die jare geen olie in die hande kon kry nie. Natuurlik was dit hoogs vertroulik en kon nooit daarvoor gepraat word nie. Die ooreenkomste is met ’n handdruk bevestig en niks kon op skrif gestel word nie. Die sjeiks wat die olie verruil het, het weer glad nie hulle gesigte gewys nie, en elke keer dat iemand nuut ingekom het om te onderhandel, was ’n mens onseker of dit dieselfde persoon was wat die vertrek verlaat het. Vandag kan ek maar erken dat ek ook doodbenoud was en nie seker was oor my en my vennote se veiligheid nie.

Met erkenning aan die 100-jaar publikasie van Senwes: “Tyd kweek wenners – Senwes, ’n Eeu van landbou”.



**DIT IS IRONIES DAT DIE ROEMENIËRS DIE MIELIES WAT VAN SUID-AFRIKA VERKRY IS, VIR HULLE VARKE GEVOER EN DAN WEER DIE VARKE NA DIE VSA, WAT STRENG SANKSIES TEEN SUID-AFRIKA INGESTEL HET, UITGEVOER HET.**

idee gekant was, het hy later toegegee dat die transaksie gedoen kon word, maar op voorwaarde dat dit deur die misstofvereniging gekanaliseer moes word.

Die finale onderhandelings oor die transaksie, waarop die Mielieraad deur Von Abo asook mnre Boetie Viljoen (Ondervoorsitter van die Mielieraad) en Hendrik Nel sowel as twee prokureurs verteenwoordig was, is in Murten in Switserland gevoer en het 'n week lank geduur voordat ooreenkoms bereik is. 'n Aspek wat baie aandag geniet het, was die kwaliteit van die ureum. Die geselskap in Switserland was in deurlopende kontak met dr Piet Gous, Hoofbestuurder van NAMPO om seker te maak dat die produk aan die vereiste standarde voldoen. Eers nadat hulle daarvan verseker was, is die transaksie beklink. Albei partye het behoorlik volgens die ooreenkoms presteer en die ureum is later in 1982 in die Durbanse hawe ontvang.

Die ureum is op aandrang van Minister De Villiers en die Misstofvereniging aanvanklik deur laasgenoemde by hulle aanleg te Umbogintwini in KwaZulu-Natal opgeberg. Die Mielieraad was egter nie tevrede met die wyse waarop dit gedoen is nie en het dit later na ander opbergingsfasiliteite van die Mielieraad se keuse geneem waar dit onderdak opgeberg is.

Die kunsmis is deur die destydse koöperasies verkoop. Noordwes Koöperasie (NWK) van Lichtenburg in die Noordwes Provinsie, onder leiding van mnr Andries Beyers, het 'n baie belangrike rol daarin gespeel.

Die Mielieraad was tevrede dat die transaksie in geheel gesien tot groot voordeel van die mielieprodusente was, omdat dit tegelyk hoër produsentepryse vir mielies en laer bemestingskoste in die hand gewerk het. Die finansiële voordeel vir die mieliebedryf het etlike miljoene rande beloop.

### ***1982 – rampdroogte en invoere***

In die 1982/1983-produksieseisoen het die mielieproduserende gebiede weer 'n rampdroogte beleef. Teen die einde van Januarie 1983 het die posisie sodanig versleg dat Viljoen (op daardie stadium die Ondervoorsitter van die Mielieraad) in die afwesigheid van die Voorsitter, Von Abo, opdrag gegee het dat geen meer mielies uitgeoer mag word nie. Hierdie stap, tesame met 'n aksie van die Mielieraad om mielies wat reeds vir uitvoer verkoop was, terug te koop, het uiteindelik vrugte afgewerp, omdat die Mielieraad sowat 1,2 miljoen ton mielies na die volgende seisoen kon oordra. Ten spyte daarvan was dit as gevolg van die langdurige droogte en opeenvolgende swak oeste steeds nodig om groot hoeveelhede mielies in die volgende jaar in te voer.

Die realiteit was egter dat daar nie witmielies in die wêreld beskikbaar was nie en dat hoofsaaklik geelmielies van die Golf van Mexiko af ingevoer is. Dit was derdegraadse geelmielies en veral aan die begin van die invoerprogram was baie van die mielies met aflatoksien besmet, wat die Mielieraad verplig het om dit te vernietig.

Die eerste ingevoerde mielies het op 19 Junie 1983 met die skip Sea Grand Ace in die Kaapstadse hawe geland. Uiteindelik is altesaam 157 skeepsvrugte mielies met

In die tydperk rondom 1985 het Suid-Afrika geweldig onder internasionale sanksies gebuk gegaan en kon die land nie ruolie vir brandstof verkry nie. Onderhandelinge is met Iran aangeknop om die grootste gedeelte van Suid-Afrika se uitvoerbare surplus mielies vir ruolie te verruil. Die transaksie is deur verteenwoordigers van die Mielieraad en die Suid-Afrikaanse regering tydens 'n geheime vergadering in Londen beding. Die internasionale politieke omgewing en gesindheid teenoor Suid-Afrika op daardie tydstip, met die gepaardgaande sanksies teen die land, het uiterste geheimhouding vereis. Geen kontrakte is onderteken nie en die transaksie is slegs met 'n handdruk beklink. Weer eens het beide partye behoorlik volgens die ooreenkoms presteer.

Die volgende persone was onder dié wat die onderhandelings bygewoon het: Mnre Japie Grobler, Vic Mouton, Jeff Wayland, Pieter Meyer en Leon du Plessis van die Mielieraad en dr Kit le Clus van NAMPO.

Die Departement van Handel en Nywerheid het vir hulself groot kritiek ontlok deur landbouverwante bedrywe ten koste van produsente te beskerm.



Toe al het produsente noustrop getrek as gevolg van stygende insetkoste.



**DIE POSISIE WAS IN DIE 1983/1984-SEISOEN SO BENARD DAT 'N SKEMA INGESTEL IS WAARVOLGENS GEELMIELIES BY WITMIELIES INGEMENG IS OM DIE TEKORT AAN WITMIELIES IN DIE LAND DIE HOOF TE BIED. DIE SKEMA IS IN DIE VOLGENDE SEISOEN VOORTGESIT. VANAF 1 APRIL 1984 MOES DIE MENGVERHOUDING BESTAAN UIT 75% GEELMIELIES EN 25% WITMIELIES. AS GEVOLG VAN 'N AFNAME IN DIE VERWAGTE VERBRUIK VAN WITMIELIEPRODUKTE EN DIE**

**FEIT DAT MEER WITMIELIES DEUR PRODUSENTE GELEWER IS AS WAT AANVANKLIK BERAAM IS, HET DIE WITMIELIEVOORRAAD GEDURENDE DIE SEISOEN SODANIG VERBETER DAT DIE MENGREGULASIES VERSLAP KON WORD. SEDERT 1 JANUARIE 1985 IS DIE PERSENTASIE WITMIELIES IN DIE MENGSEL VAN 25% TOT 40% VERHOOG EN VANAF 11 MAART 1985 IS DIE VERBOD OP DIE VERKOOP VAN SUIWER WITMIELIES EN WITMIELIEPRODUKTE IN GEHEEL OPGEHEF.**

'n totale massa van 4,4 miljoen ton ter waarde van ongeveer R800 miljoen in die tydperk ingevoer. Die laaste van die ingevoerde mielies het op 18 Maart 1985 met die skip Nosira Sharon in Kaapstad aangekom. Aan die begin van die invoerprogram is beraam dat slegs sowat 225 000 ton mielies/maand ingevoer kon word, weens kapasiteitsbeperkings. In sommige maande is daar egter tot soveel as 335 000 ton afgelaai, danksy die uitstekende samewerking tussen die verskillende betrokkenes, naamlik die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, inspekteurs en klarings-agente van die Mielieraad en die dokwerkers.

Ten einde die tekort aan mielievoorrade na die droogtes van die voorafgaande jare te verlig, is met goedkeuring van die Minister van Landbou, mnr Greyling Wentzel, ooreengekom dat 'n premie op vroeë mielielewering in die 1984/1985-seisoen betaal sou word. Die premie was egter beperk tot die eerste 300 000 ton wat gelewer is.

### **Grondomskakelingskema**

By 'n spesiale kongres van NAMPO wat op 27 Augustus 1987 te Potchefstroom gehou is, het Minister Wentzel maatreëls aangekondig om 'n geleidelike struktuur-aanpassing in die aanwending van grond in die somersaaigebiede moontlik te maak. Dit het nie net vir grond waarop mielies geplant is, gegeld nie, maar ook vir ander somergraangewasse. Die belangrikste komponent daarvan was 'n spesiale grondomskakelingskema wat ingestel is om landerye wat op marginale grond gevestig was, in aangeplante weidings te omskep.

Die grondomskakelingskema was uitsluitlik 'n NAMPO-inisiatief onder leiding van mnr Cerneels Claassen wat in meer besonderhede in Hoofstuk 4 bespreek word. Dit was 'n projek wat oor 'n tydperk van ongeveer vyf jaar infaseer sou word en het ten doel gehad om veral mielieproduksie tot ongeveer die vlakke van die binelandse vraag te beperk, deur sowat een miljoen hektaar saaigrond na weiding om te skakel. Dit het gepaardgegaan met bystand van die regering om verliese met mielie-uitvoeraksies gedurende die omskakelings tydperk te verlig.

### **Uitbreiding van beheerde gebiede**

In 1988 is die beheerde gebiede ingevolge die eenkanaalstelsel vir mielies uitgebrei om alle landdrosdistrikte waar meer as 5 000 ton mielies/jaar geproduseer word, onder beheer te plaas. Die probleem was deels veroorsaak deur die feit dat die Suid-Afrikaanse produsenteprys vir mielies hoër was as die internasionale prys, wat op daardie stadium baie laag was as gevolg van 'n ooraanbod van mielies op die internasionale markte. Die Mielieraad was van mening dat 'n "kunsmatige" internasionale marksituasie geskep is deur die feit dat buitelandse regerings hulle mielieprodusente swaar gesubsidieer het en dat dié marksituasie daartoe sou lei dat produsente in die nie-beheerde gebiede ten koste van dié in die beheerde gebiede bevoordeel word.

### **Brandkomitee (1988)**

Op daardie stadium was die mieliebedryf in 'n oorgangsfase en die Mielieraad het daarop gewys dat die aanpassings wat oorweeg is, slegs suksesvol kon wees indien al die mielieprodusente daarby betrek is.

Benewens verskeie ander bemarkingsalternatiewe wat oorweeg is, was die Komitee van Ondersoek na Alternatiewe Bemarkingsreëlings (die sogenaamde Brandkomitee) byvoorbeeld besig met 'n ondersoek na die moontlikheid om 'n graanbeurs daar te stel. Die gaping tussen die produsenteprys en die verbruikersprys van mielies was problematies en een van die komponente wat tot dié prysgaping bygedra het, was juis die hoë bemarkingskoste van die Mielieraad. Dit het die koste van opberging, hantering en beroking, sowel as die Mielieraad se administratiewe uitgawes en rentekoste ingesluit. Enige alternatief sou moes poog om hierdie probleem ook aan te spreek en 'n strukturele verlaging in dié kostes te bewerkstellig.

Die Brandkomitee, wie se verslag op 14 November 1988 aan die Minister Wentzel (Landbou), oorhandig is, het uiteindelik aanbeveel dat 'n eenkanaalbemarkingstelsel vir mielies behou word, omdat dit na die komitee se mening die beste sou voldoen aan die kriteria wat vir 'n mieliebemarkingstelsel in Suid-Afrika gestel is. Die komitee het ook aanbeveel dat die bestuur en bedryf van so 'n bemarkingstelsel met verloop





van tyd by veranderde omstandighede moet aanpas. In dié verband is aanbeveel dat mettertyd na 'n meer markgerigte eenkanaalstelsel vir mielies beweeg word (deur produsente toe te laat om onder bepaalde voorwaardes mielies direk aan kopers te verkoop) en mettertyd 'n prysvormingsmeganisme te ontwikkel.

Die komitee het uitgewys dat 'n vryemarkstelsel wel sekere voordele gehad het en die mening uitgespreek dat die beste oplossing waarskynlik geleë is in 'n kombinasie van geregleerde prysvorming en 'n vryemarkmeganisme, met 'n behoorlike verdeling van funksies.

Die komitee se aanbevelings het verder ingesluit dat volstaan moet word met die Minister van Landbou se besluit om die eenkanaalstelsel vir mieliebemarking landswyd van toepassing te maak, maar het aanvaar dat verskillende bemarkingsreëlings wel in verskillende gebiede kan geld op grond van verskillende omstandighede. 'n Herindeling van die mieliegebiede met gedifferensieerde bemarkingsreëlings is voorgestel.

Ander belangrike aanbevelings van die Brandkomitee was dat die Staat ondersteuning aan produsente moet verleen in geval van ramptoestande en dat die Staat homself moet verbind tot die finansiering van 'n strategiese graanvoorraad of die finansiering van uitvoerverliese verbonde aan voorafbepaalde strategiese produksievolumes. Eweneens was die komitee van mening dat ondersteuning aan sekere verbruikersgroepe geregverdig sou wees, onderhewig daaraan dat dit op só 'n wyse moet geskied dat dit nie verkeerde markseine skep nie.





## DIE STAKING VAN 1985

MNR VIC MOUTON

Die Hoofbestuur van SAMPI het besluit dat die vasgestelde mielieprys te laag is. Die Minister van Landbou, mnr Hendrik Schoeman, wou egter na geen argument luister nie. Jy kon Lichtenburg se stadsaal binne 'n dag volmaak met maklik 300 stoele wat buite uitgepak is, soos die boere kom luister – en almal wil net veg. Maar Minister Schoeman het net gesê dit is die prys en basta.

Toe besluit ons mos om geen mielies te lewer nie. 'n SAMPI Hoofbestuurslid genaamd Jan de Bruyn – hy het langs Sarel Haasbroek teen die Carletonville-pad geboer – en Wilhelm Els van Leudoringstad se wêreld, was twee kwaaijongens met daardie staking. De Bruyn het op Carletonville sy bakkie in die siloperseel se hek getrek sodat die ouens nie daar kon inkom nie. En as daar 'n lorrie kom wat mielies wil aflaai, het hy hulle net weggejaag... mense uit die lorries uitgeruk en so aan.

Die staking was uiteindelik nie volhoubaar nie. Die Regering het sekere reëlins met ons gemaak om dit te beëindig, maar die mielieprys het presies dieselfde gebly.

## 1988/1989-surplus

Die 1988/1989-seisoen het 'n groot oorskot mielies opgelewer. As gevolg daarvan moes sowat 4,2 miljoen ton mielies deur Suid-Afrika uitgevoer word, wat geweldige eise aan die hanterings- en vervoerinfrastruktuur gestel het. Dit is amper ironies dat Suid-Afrika slegs 'n jaar later as gevolg van nóg 'n droogte, weer mielies moes invoer en as gevolg van die groot tekort aan witmielies, geel- en witmielies moes meng in die produksie van mielie-meel.

## 1992-rampdroogte en daarna

In 1992 het 'n rampdroogte in die mielieproduserende gebiede tot 'n groot tekort aan mielies in Suid-Afrika gelei. Sowat 4,3 miljoen ton mielies moes ingevoer word – die grootste mielie-invoere tot op daardie stadium. Die Staat het mielies van Amerika af ingevoer, maar dit is deur die Mielieraad in samewerking met die Spoorweë geadministreer en versprei. Die mielies was van baie swak gehalte,

Dags! Neef.

En toe kom die reën! Soos manne uit die hemel het die wolke oopgemaak. Wat 'n wonderlike gesig was dit nie om te sien hoe die mielietjies en die wêldings op hierdie genade van Bo reageer nie. Neef, het 'n man wat alles voor hom sien verskroei het, kan werklik verduidelik hoe dit gevoel het toe dit beginne reënt het. 7 Januarie, na kerk, sê jou oom nog virrie tante lat die wêldings nou gedaan is en dat die koeie nie meer kos had nie – ons sal maar moet verkoop teen watter prys ons kan kry. Man, en toe beginne dit reënt. Strome van segen soos die leks dit het.

Lanklaas het oom gesien lat die trekkers so laat in Januarie nog planters trek. Nou bid ons maar lat die res van die seisoen ook gestand sal wees. Ongelukkig het party vannie boere ook weer verspoelings beleë en moes hulle toe kyk hoe lat 'n land wat eens deur droogte en wind verlietig is nou deur 'n wolkbreuk weggespoel word. Ja neef, dit gebeur ook alles in een seisoen – maar kla kls onse boere nie. Maar julle stadsmense kan dit mos nie aldag verstaan nie.

Vannie stadsjapies gepraat – jou oom enrie tante het toe maar besigheid in Petoorsdorp gemaak daai Dinsdagoggend toe die manne die trekkers enrie lorries gaan staan maak het inrie strate. Lanklaas het jou oom so 'n spul gesien – lories, trekkers en bakkiets net waar jy kyk! Nie geweet daar is soveel boere meer oor nie. Net jammer die manne vannie koerante en die TV kannie tel nie! En was hulle nie gillig nie – amper net so erg as destyds toe NAMPO se manne mielieoewerings gestaak het. Dis maar soos

**Jou oom betoog toe sêlf in Petoorsdorp**

die manne mel die strepiospakke hul beheer van die Afrikaanse pers en media getrukk neef.

Jou oom het salwers tussen die Petoorsdorbers inrie strate rondgeleë en hulle was voorrie voet die boere goetgesind. So hier en daar was daai wel die enkelte brompot maar hulle wêlt min. Hoe't dit nie 'n knop in die keel gebring as die ouer mense die boere bedank het virrie geskenke van groente en diermeer nie – veral die ou tante wat die stukkie vleis gekry het – sê sy lat sy net een keer per week vleis kan bekostig. Met die twee typpé wat sy gekry het, het sy nou genóg vir 14 dae. As jy hoor die prys wat hierrie mense vir 'n bietje kos en vleis moet betaal jou hare. Laat ek jou sê neef – tussen die boere en die verbruiker, maak iemand 'n heise lot geld! Miskien moet onse boere en onse eindverbruikers meer dikwels saam gesels oor wie wat kry en wie hoeveel betaal. Ai neef, as ons het salwers onse produkte direk aan die publiek kon bemark!

Maar ou neef, een ding is seker, na dese wêet almal lat onse boere swaar kry en keelvol daarvoor! Nou moet die manne van georganiseerde landbou net die bol vat en hardloop.

Seg my spaais vir my lat neef Jakob Viljee, geen familie nie ou reëf, die NAMPO kongres gaan bywoon om self te hoor wat die boere sê oor sake so s grondbesit, vrye mark, eenkanaalbe-marking, grondslag vir prysbepaling, en nog meer. Jou oom gaan salwers daar inloer – sommer so as waarne-mer. Hoor ek ook by my spaais lat neef

Crowford weer mielies plant en lat hy ook as afgevaardigde by kongres gaan wees. Lyken vir my dit kan 'n baie interessante kongres wêre.

Sêg my spaais verder lat hierrie neef Jakob glo virrie NAMPO-manne gesê het lat voedselversorgendheid – dis nou in plain Afrikaans lat onse boere die stapelvoedsel vannie land self moet produseer – nie meer 'n prioriteit is nie. As ons te duur wêre dan voer hulle sommer mielies en koring in. Wônnier jou oom net waarmeê hy gaan betaal. Sêlle trant praat neef Bêrend Plessis oor onse produksie-sektore wat meer produktief moet wêre en kompetiew teen wêreldprys van gebêre. Intussen gaat hy en die goewer-ment voort om, in die woorde van one professor Niewerhuizen, die landbou te verwaarloos en 'n makro-klimaat net soos die natuur te skep – hard en onsimpak.

Maar wag neef, laat ek gaan. Ek hoor die tante aankom. Vandat ons in Petoorsdorp gewees het, het sy net een ding inrie kop. Praat aankelaar van onse boere se plig om die publiek selwers in te lig oor die wêre toedrag van sake inrie landbou. Wil glo 'n fonds stig om advertensies en pamflette en sulke goeters te versprei oor die boere en onse probleme. Sêg dat sy nou glad nie moer 'n Afrikaanse koerant of die TV kan glo nie. Praat van getindok-trinêre propagandamasjins en sulke linaakse goeters. Wil sefs jou oom se voorraad wittetjies verkoop om geld vir die fonds in te samel. Ek sal moet gaan keer neef.

Groetnie. Laat hy val waar hy wil.

14 Mielies/Maize – Maart 1991

Oom Lang Hans Viljee van Mielies/Maize gesels oor die staking in Pretoria.



IN 1991, TOE DIE "POLITIEK AL BEGIN VERANDER HET", SOOS WAT MNR VIC MOUTON, EEN VAN DIE VOORSITTERS VAN DIE MIELIERAAD, DAARNA VERWYS, IS 'N STAKING DEUR PRODUSENTE IN PRETORIA GEREËL. DIT IS NIE DUIDELIK WAT PRESIES DIE MOTIEF DAARAGTER WAS OF WIE DIT GEORGANISEER HET NIE, MAAR DIE MENING IS REDELIK ALGEMEEN GEHULDIG DAT DIT MEER POLITIES VAN AARD WAS. 'N DAGBLAD VAN DAARDIE TYD HET BERIG DAT ONGEVEER 1 000 VOERTUIE (WAARVAN DIE

MEESTE TREKKERS EN VRAGMOTORS WAS) IN DIE MIDDESTAD VAN PRETORIA SE STRATE GEPARKEER WAS, WAT DIE VERKEER IN DIE STAD TOTAAL VERLAM HET. DIE MIDDESTAD IS AS 'N ONRUSGEBIED VERKLAAR EN VOLGENS DIE BERIG IS SOWAT 120 VAN DIE ONGEVEER 5 000 PRODUSENTE WAT DAARAAN DEELGENEEM HET, GEARRESTEER. DIE STAKING IS BEEÏNDIG NADAT 'N HOOGGEREGSHOFBEVEL VERKRY IS WAT DIE PRODUSENTE GELAS HET OM HULLE VOERTUIE TE VERWYDER.

gemuf, erg besmet met aflatoksien en vol kaf. Groot hoeveelhede daarvan was nie vir menslike of dierlike gebruik geskik nie en is in die see gestort.

In die 1993/1994-seisoen is weer eens 'n groot oorskot mielies geproduseer. Die tydskrif *Mielies/Maize* het in sy uitgawe van November 1993 die destydse Voorsitter van die Mielieraad, mnr Jan Schabort, soos volg aangehaal: "Produsente moet nie vir uitvoer produseer nie. Vanjaar verloor ons baie geld vanweë die besondere groot oes. Indien ons net vir die binnelandse mark produseer, behoort die toekoms vir die bedryf positief te wees. Maar dan moet elke boer sy kant bring en aanplantings afskaal."

Die Mielieraad het in 1995 'n ooreenkoms met die Instituut vir Grond, Klimaat en Water van die LNR aangegaan om navorsing te doen oor die gebruik van satelliettegnologie om bewerkte mielielande in die mielieproduserende gebiede af te baken en dit te nommer. Die totale oppervlakte wat gemeet moes word, het ongeveer 69 miljoen hektaar beslaan. Die tegnologie sou ook gebruik word om meer akkurate oesskatting te kan maak en ander belangrike landbou-inligting in te samel. Dit is destyds beskryf as een van die grootste landbougebeurtenisse van die tyd.

Gedurende Oktober 1996 is produsente geadviseer om nie mielies op hulle swaker grond te plant nie, aangesien die Mielie-advieskomitee (MAK) in Oktober 1996



**Klankgreep:** Die invoere van mielies vanaf Amerika in 1992 – mnr Vic Mouton.





**DIE MAK IS IN 1995 INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 16 VAN DIE MIELIEBEMARKINGSKEMA SAAMGESTEL OM DIE MIELIERAAD OOR SPESIEKE AANGELEENTHEDE VAN RAAD TE BEDIEN. DIE MAK HET SLEGS IN 'N ADVISERENDE HOEDANIGHEID OPGETREE EN DIE FINALE BESLUIT OOR HOE SAKKE WAT NA DIE MAK VERWYS IS, HANTEER MOET WORD, HET BY DIE MIELIERAAD BERUS. DIE MAK HET UIT 24 LEDE BESTAAN EN DIE VOORSITTER WAS MNR ATTIE SWART VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU.**

daarop gewys het dat daar 'n oorskot witmielies in Suid-Afrika was en op daardie stadium nog nie 'n bemarkingskema vir die volgende seisoen bestaan het nie. Daarbenewens het internasionale mieliepryse 'n dalende tendens getoon en het die risiko bestaan dat die oorskotproduksie teen verliese verkoop of uitgevoer moet word.

Kort daarna, in November 1996, het die Minister van Landbou, mnr Derek Hanekom, aangekondig dat geen vloerprysstelsel in die volgende seisoen sou geld nie, wat ook geïmpliseer het dat daar geen stabilisasieheffing sou wees nie. Die gevolg daarvan was dat die produsente geen beskerming teen dalende pryse gehad het nie.

### ***1998/1999-surplus – Eerste jaar na deregulering***

Met die aanvang van die 1998/1999-bemarkingseisoen het Suid-Afrika oor sowat 2,61 miljoen ton oordragvoorraad vanaf die vorige jaar beskik, wat bestaan het uit 1,37 miljoen ton witmielies en 1,26 miljoen ton geelmielies. Op daardie stadium het die oesskattings daarop gedui dat 'n oes van sowat 7,19 miljoen ton mielies in daardie seisoen verwag kon word, wat beteken het dat in totaal sowat 9,8 miljoen ton mielies in die binneland beskikbaar sou wees. Suid-Afrika se binnelandse verbruik is in daardie seisoen op hoogstens 7 miljoen ton geraam.

Daar was dus 'n verwagte ooraanbod van sowat 2,8 miljoen ton mielies in die land, wat sonder twyfel die produsenteprys sou benadeel. Aangesien die Mielieraad nie meer bestaan het nie, was die produsente op hulself aangewese om die situasie te beredder. NAMPO het saam met die landboumaatskappye en -koöperasies 'n groot poging aangewend om mielies uit te voer. Vir dié doel is produsente versoek om 15% van sowel hulle wit- as geelmielie-oes in 'n uitvoerpoel te lewer sodat dit uitgevoer kon word ten einde die balans in die vraag en aanbod binnelands te herstel en sodoende die produsenteprys te probeer ondersteun.

Produsente se deelname aan die uitvoerpoging het van gebied tot gebied verskil, maar uiteindelik is minder as 60% van die mikpunt behaal. Die surplusprobleem was dus nie deur die uitvoerpoging opgelos nie, maar dit het wel geblyk dat die realiteit van die gevolge van oorproduksie in die gedereguleerde markomgewing mielieprodusente aangemoedig het om in die volgende seisoen minder mielies te plant, wat sou bydra tot 'n beperking van die totale mielie-aanbod.

### ***2004/2005-surplus***

Die 2004/2005-produksieseisoen het weer eens 'n baie goeie mielie-oes (sowat 11,7 miljoen ton) opgelewer. Dit was reeds van die vroegste oesskattings af duidelik dat, gegewe die oordragvoorraad van die vorige jare en die verwagte groot oes van daardie seisoen, 'n baie groot oorskot bo die binnelandse vraag tot gevolg sou hê.



Honderde produsente en rolspeleers in die graanbedryf het SuperSport-park in Centurion binne gestroom.



Die Wolmaransstad studiegroep het daarna uitgesien om die vergadering by te woon.



Produsente by die vergadering in Bellville. Bykans 1 500 belanghebbendes het by die Velodrome in Bellville saamgetrek.



Mnr Johan Kriel (ACDP, Wes-Kaap) aan die woord in Bellville.



Dr Kraai van Niekerk.



Mnr Bully Botma (Voorsitter van Graan SA), aan die woord.



Mnr Johan Hoffman (produsent van Bothaville).



Die opkoms by die massavergadering in Centurion is geskat op ten minste 5 000.

Gevolglik het mieliepryse tot baie lae vlakke gedaal, wat die mieliebedryf in 'n geweldige krisis gedompel het en reeds in September 2004 gelei het tot 'n aanbeveling van Graan SA dat die aanplanting van mielies in die volgende seisoen drasties afgeskaal moet word.

Die krisis met die surplus het daartoe gelei dat Graan SA vroeg in 2005 twee massavergaderings gehou het, een in Centurion en een in Bellville. Die vergaderings is na raming deur sowat 6 500 mense bygewoon. Die doel daarvan was, onder andere, om oplossings vir die krisis in die graanbedryf te vind en 'n groter samehorigheidsgevoel onder produsente te kweek. Tydens die vergaderings is produsente se insette verkry wat ook daarna in die verdere proses deur Graan SA oorweeg is.

Teen Julie 2005 is geraam dat die oordragvoorraad op 30 April 2006 ongeveer 5,9 miljoen ton kon beloop, wat sowat 72% van die normale jaarlikse binnelandse verbruik uitgemaak het.

'n Studie wat deur Graan SA gedoen is, het daarop gedui dat dit teen die destydse heersende produsentepryse nie ekonomies lewensvatbaar was om mielies te produseer nie. Produsente is wéér aangeraai om in die 2005/2006-produksieseisoen minder mielies aan te plant en om eerder alternatiewe moontlikhede te ondersoek, soos om vooruitkontrakte (sogenaamde papiermielies) te koop of hulle mielies nie in die 2005/2006-bemarkingseisoen te verkoop nie, maar dit na die volgende jaar oor te dra – wat natuurlik 'n koste-effek in terme van rente en opberging gehad het.

Dit was duidelik dat, ongeag watter alternatiewe die produsente ook al kies om die heersende krisis aan te spreek, dit uiteindelik net effektief kon wees indien produksie in die volgende seisoen wesenlik afgeskaal sou word. Volgens Graan SA se finale berekening van die produksieruimte vir die 2005/2006-seisoen is produsente aangeraai om witmielie-aanplantings te beperk tot ongeveer 363 000 ha, sowat 80% minder as in die vorige seisoen en geelmielies tot sowat 450 000 ha, wat 'n afskaling van sowat 58% beteken het.

Hoewel mielie-aanplantings uiteindelik nie tot die mate afgeskaal is wat Graan SA aanbeveel het nie, is uiteindelik slegs 2 032 miljoen hektaar in die 2005/2006-produksieseisoen aangeplant, synde 1 191 miljoen ton, oftewel 37%, minder as in die vorige jaar. Dit, tesame met ander aksies wat produsente geneem het, het beteken dat die oogmerke bereik kon word en het tot 'n redelike herstel in die mielieprys gelei.

### 2013/2014-seisoen

In die 2013/2014-seisoen is sowat 14,3 miljoen ton mielies geproduseer, wat tot in 2016 die tweede grootste mielieoos ooit in Suid-Afrika verteenwoordig. Tot op daardie stadium was die meeste mielies in die land in die 1981/1982-produksieseisoen verbou, naamlik 14,87 miljoen ton. Wat die 2013/2014-oos egter meer merkwaardig maak, is die feit dat dit op 2,6 miljoen hektaar geproduseer is teen 'n gemiddelde opbrengs van 5,5 ton/ha, teenoor 4,3 miljoen hektaar met 'n gemiddelde opbrengs van 3,4 ton/ha in 1981/1982.





Beide die twee rekordjare was geseënd met goeie reën op die regte tyd en ontleders is van mening dat sinvolle vergelykings tussen die twee jare gemaak kan word. Die verbetering in die gemiddelde opbrengs per hektaar dui ongetwyfeld op 'n aansienlike verbetering in doeltreffendheid in die mieliebedryf in die twintig jaar na 1982. Hierdie verbetering kan aan verskeie faktore toegeskryf word, soos die verbetering in die kwaliteit van insette, die omskakeling van marginale lande in aangeplante weidings in terme van die grondomskakelingskema, verhoogde effektiwiteit in die algemeen en groot tegnologiese ontwikkelings. Laasgenoemde het nie net op die gebied van masjinerie, toerusting en inligtingstelsels gebeur nie, maar ook veral ten opsigte van die genetiese ontwikkeling van saad, nuwe aktiewe bestanddele vir plaagdoders en onkruidbeheermiddels, asook nuwe kunsmisprodukte.

## **Prysbepaling**

### ***Eenkanaalstelsel***

Die mielieprodusente was na die instelling van die eenkanaalbemarkingstelsel in 1944/1945 in 'n posisie waar die prys sowel as die mark vir hulle produkte gewaarborg was. Die produsenteprys vir mielies was onder dié stelsel gebaseer op die gemiddelde produksiekoste daarvan, soos deur die Departement van Landbou bepaal. Die Mielieraad het 'n voorgestelde prys aan die Nasionale Bemarkingsraad voorgelê, wat weer 'n aanbeveling aan die Minister van Landbou gemaak het. Die minister het dan besluit wat die prys moet wees en dit aan die Kabinet vir goedkeuring voorgelê, waarna hy dit afgekondig het.

Die wyse waarop die produsenteprys bereken was en die feit dat die prys gewaarborg was, tesame met groter beskikbaarheid van finansiering en subsidies op die koste van finansiering, sowel as ander vorms van owerheidsteun, soos subsidies en rabatte, het produsente aangemoedig om mielieproduksie uit te brei. Dit het met verloop van tyd tot surplusproduksie aanleiding gegee, wat tot groter druk op die produsenteprys bygedra het.

Die basis waarop die produsenteprys bereken is, het egter vanaf ongeveer die middel 1970's tot prysvlakke gelei wat vir die owerheid onaanvaarbaar hoog was, veral weens die effek van die vinnig-versnellende inflasiekoers. Gevolglik het die regering in 1981 besluit om van die bostaande prysformule af te wyk en het geen verhoging in die produsenteprys vir mielies in daardie jaar toegestaan nie. Dit het tot groot ontevredenheid onder produsente aanleiding gegee, aangesien dit die produsente in 'n geweldige nadelige finansiële posisie geplaas het in 'n jaar waarin gehoop is dat die rekord mielie-oes sou kon bydra tot die finansiële herstel van baie mielieprodusente. Verder is verskeie maatreëls terselfdertyd deur







die Departement van Handel en Nywerheid ingestel om ander landbouverwante bedrywe te beskerm en/of bevorder ten koste van die mielieprodusente.

### **1982 NAMPO-kongres**

Op 23 Junie 1982 het die mielieprodusente op 'n buitengewone NAMPO-kongres eenparig besluit om 'n markverwante ekonomiese stelsel vir die mieliebedryf te aanvaar, binne die orde van die heersende eenkanaalbemarkingstelsel. In terme daarvan sou die Mielieraad steeds die enigste koper en verkoper van plaaslik geproduseerde mielies wees, maar enige persoon sou mielies vryelik kon invoer. Verder sou alle beperkings en heffings op die invoer van boerdery-insetmiddels en grondstowwe wat daarvoor benodig is, opgehef word.

Daarna is die aanvanklike prysbepalingsformule nooit weer volledig toegepas nie en tot 1987 is mieliepryse jaarliks op 'n ad hoc-basis vasgestel. Dit het tot gevolg gehad dat mielieprodusente tot 'n groter wordende mate self die kosteverhogende effek van inflasie moes begin absorbeer. Die regering het ook begin om die subsidie op opbergingskoste, wat vanaf die middel 1950's bestaan het, uit te faseer, wat 'n verdere finansiële las op die mielieprodusente gelaai het.

Gedurende die vroeë tot middel 1980's het dit begin duidelik word dat die regering se beleid geleidelik begin beweeg het in die rigting van 'n ekonomie wat deur markkragte beheer word met minder staatsinmenging, oftewel in die rigting van 'n vryemarkstelsel. Die destydse Eerste Minister, mnr PW Botha, het inderdaad uitsprake gemaak tot dien effekte dat die regering sal voortgaan om weg te beweeg van direkte ekonomiese beheer, soos prys- en loonbeheer, valutabeheer en bankkredietplafonne. Vir landbou het dit beteken dat minder op owerheidsteun staatgemaak kon word en dat die algemene denkpatroon in landbou sou moes aanpas by 'n meer gebalanseerde posisie met minder inmenging.

Ook in die geleedere van NAMPO en georganiseerde landbou het die beweging na groter deelname aan die vryemark op die voorgrond begin tree. Die verandering in die breë filosofie van die owerheid in die middel tagtigerjare, wat groter blootstelling aan markkragte betref, het saamgeval met aanbevelings deur NAMPO dat produsente bedag moet wees op die nadelige effek van surplus mielieproduksie en die noodsaaklikheid om alternatiewe te ondersoek.

### **Jacobskomitee en die tweemarkstelsel**

Na aanleiding van 'n vergadering tussen 'n NAMPO-afvaardiging en mnr Greyling Wentzel, die Minister van Landbou, gedurende Mei 1983 het die minister die Jacobskomitee opdrag gegee om ondersoek in te stel na die probleme wat in die mieliebedryf ondervind is en oplossings daarvoor te formuleer. Die Komitee het uiteindelik 'n tweemarkstelsel aanbeveel waarvolgens produsente se toegang tot die plaaslike mark deur 'n kwotastelsel vir lewerings beheer sou word, terwyl enige produsent geregtig sou wees om onbepaalde hoeveelhede mielies in 'n uitvoerpoel te lewer. Die pryse van mielies wat vir die plaaslike mark en in die uitvoerpoel gelewer word, sou onafhanklik van mekaar deur die netto resultaat van die onderskeie poele bepaal word.

Die voorgestelde tweemarkstelsel is gedurende September 1983 in beginsel deur beide Minister Wentzel en NAMPO aanvaar. Vir die twee jaar daarna is 'n groot poging aangewend om die konsep in 'n aanvaarbare stelsel te omskep. Dit is deurentyd op toepaslike forums bespreek en gedurende NAMPO se jaarkongres van 1985 is besluit dat daadwerklike aandag aan die instelling van die stelsel gegee moet word. Minister Wentzel het egter op 13 September 1985 die voorgestelde skema op aanbeveling van die Bemarkingsraad verwerp voordat dit geïmplementeer kon word en daarmee het die konsep gesneuel.

Minister Wentzel het terselfdertyd aangekondig dat hy nie met die bestaande eenkanaal vastepryskema tevrede was nie en het die Bemarkingsraad versoek om voorstelle vir 'n alternatiewe bemarkingstelsel aan hom voor te lê. Kort daarna het gerugte ontstaan dat 'n eenkanaalpoelstelsel moontlik ingestel kan word, wat uiteindelik in 1987 bewaarheid is.

### **1984/1985-produsenteprys**

Intussen het die Mielieraad by die bepaling van die produsenteprys vir die 1984/1985-seisoen, die benadering gevolg dat die koste van ingevoerde mielies

**GEDURENDE 1985 HET DIE MINISTER VAN LANDBOU, MNR GREYLING WENTZEL, BY VERSKEIE GELEENTHEDE DIT DUIDELIK GEMAAK DAT DIE VERBRUIKERSUBSIDIE WAT DIE REGERING AAN DIE MIELIERAAD BETAAL HET, UITGEFASEER SOU WORD. DIT HET BETEKEN DAT DIE VERBRUIKERS 'N GEDEELTE VAN DIE MIELIERAAD SE KOSTES, SOOS OPBERGINGS-, HANTERINGS- EN FINANSIERINGSKOSTE, MOES ABSORBEER.**

die grondslag van die produsenteprys moes vorm. Die redenasie was dat indien die Suid-Afrikaanse produsenteprys op 'n laer vlak vasgestel sou word, dit daarop sou neerkom dat die plaaslike produsente die verbruiker sou subsidieer. Gegewe die benarde finansiële posisie van die mielieprodusente weens die langdurige droogte vanaf 1983, was dit nie vir die produsente aanvaarbaar nie. Uiteindelik is besluit om die produsenteprys op die gelande koste van ingevoerde mielies te baseer. In die Mielieraad se 1985-jaarverslag is gerapporteer dat die verbruikersorganisasies, met wie die Mielieraad vanaf Februarie 1984 samesprekings gevoer het, met hierdie benadering saamgestem het.

Tydens dié geskiedkundige vergaderings met die verbruikersorganisasies is ook ooreengekom dat die verkooppryse vir ingevoerde en plaaslik geproduseerde mielies dieselfde moes wees. Aangesien die invoerprys op daardie stadium hoër as die plaaslike produsenteprys was, sou hierdie benadering noodwendig lei tot hoër verbruikerspryse vir mielieprodukte.

Gevolglik het die Mielieraad en die verbruikersorganisasies ooreengekom om gesamentlik te beding vir die grootste moontlike regeringsubsidie met die oog daarop om die verhoging in die verbruikersprys vir mielieprodukte tot die inflasiekoers te probeer beperk. Die regering is versoek om die bedryf met R275 miljoen te subsidieer, wat gelykstaande was aan die broodsubsidie, maar dit was nie vir die regering aanvaarbaar nie. Uiteindelik het die regering toegestem tot 'n subsidie van tussen R160 miljoen en R170 miljoen, wat voldoende was om die Mielieraad se marge, administrasiekoste en sowat 50% van die koste van sy reklameprogram te finansier.

Minister Wentzel se aankondiging op 25 April 1985 dat die mielieprys nie van die vorige jaar se vlakke verhoog sal word nie, as gevolg waarvan die NAMPO-lede op die Mielieraad bedank het, het groot ontevredenheid ook onder produsente veroorsaak en tot 'n hele aantal aksies deur hulle aanleiding gegee, waarna meer volledig in Hoofstuk 2 verwys word is.

### ***1987: NAMPO-lede weer op Mielieraad***

In 1987, twee jaar nadat die NAMPO-lede uit die Mielieraad bedank het uit ontevredenheid met die mielieprys wat die Minister Wentzel (Landbou), aangekondig het, het die twee partye weer onderhandel om die situasie te probeer beredder, voortspruitend waaruit ooreengekom is dat die produsentelede van die Mielieraad weer uit NAMPO-genomineerdes aangestel sou word. Daar is verder met die Minister van Landbou ooreengekom dat die Mielieraad daarna jaarliks die produsenteprys van mielies sou vasstel op die basis en veronderstelling dat dit tot die



Die mielieprodusente het 'n massavergadering op die Markotter Stadion in Klerksdorp gehou om die situasie te bespreek. Dit is gehou die dag nadat die afspraak met mnr PW Botha in Tuynhuys plaasgevind het en die afgevaardigdes het verslag gedoen oor die vergadering.



langtermynvoordeel van die produsente moes wees, dat prysseine voor die plantseisoen bekend gemaak moes word en dat mielies nie weer teen 'n verlies uitgevoer sou word nie. Dit het ook behels dat die Mielieraad nie geregtig was om geld te leen ten einde hoër pryse aan produsente te betaal as wat uit die mark verdien kon word nie. Die ooreenkoms het die daarstelling van 'n eenkanaalpoelstelsel vir die bemarking van mielies behels waarvolgens die produsenteprys bloot die resultaat was van 'n verpoeling van die Mielieraad se netto inkomste uit verkope – plaaslik sowel as uitvoere.

Die veranderde stelsel het beteken dat die Mielieraad 'n vooruitskouing van die mark oor die volgende twaalf maande sou neem en 'n berekening maak van watter resultaat die totale mielie-oes moontlik in daardie seisoen kon oplewer. Die berekenings het 'n marge vir onvoorsiene gebeurlikhede ingesluit. Op grond daarvan is 'n voorskotprys bereken en aan die produsente betaal.

Dit het die mieliebedryf radikaal verander. Produsente het onder groter druk gekom om produktiwiteit te verhoog, wat hulle gedoen het deur, onder andere, insette, soos kunsmis en arbeid, te verminder en marginale grond na weiding om te skakel. Die gevolg was 'n aansienlike verhoging in gemiddelde opbrengs met minder insette. Dit het ook daartoe gelei dat die produksie van mielies in die westelike gebiede met laer reënval afgeneem het en tot 'n groter mate in die hoër reënvalgebiede gekonsentreer is.

### **1993-mielieprys**

In 1993 het die bepaling van die produsenteprys vir mielies eweneens tot hewige debatte gelei, omdat sowel die produsente as die verbruikers onder baie moeilike omstandighede eintlik vir oorlewing geveg het. Produsente was in 'n posisie waar insetinflasie hoë afmetings aangeneem het onder omstandighede waar die vorige seisoen se droogte 'n daling van tussen 30% en 40% in mielieprodusente se inkomste veroorsaak het, terwyl verbruikerspryse terselfdertyd oor die algemeen geweldig gestyg het. Die positiewe uitvloeisel van dié debatte was dat eenstemmigheid bereik is oor die behoefte dat mieliepryse in die toekoms sover moontlik markverwant en nie polities gemotiveer moes wees nie.

### **Somergraanskema beëindig**

In die 1994/1995-bemerkingsjaar is die Somergraanskema beëindig en vanaf 1 Mei 1995 is die vasteprys-eenkanaalbemerkingskema herroep en kwantitatiewe beperkings op mielie-invoere opgehef. Mieliepryse is daarna sonder statutêre inmenging in die markplek gevorm en Safex het die platform geword waarop pryse bepaal word. Voortaan sou produsente se besluite oor prys- en risikobestuur deur markinstrumente en -faktore beïnvloed en gerig word.

**VANAF 1937 TOT 1996 IS ALLE ASPEKTE VAN MIELIEBEMARKING IN SUID-AFRIKA DEUR DIE MIELIERAAD BEHEER. DIE WYSE WAAROP PRYSE VASGESTEL IS, IS GEREËL DEUR DIE BEMARKINGSKEMAS WAT VAN TYD TOT TYD BESTAAN HET. DIE AFSKAFFING VAN DIE MIELIERAAD HET WESENLIKE VERANDERINGS TEWEEGGEBRING. PRODUSENTE KON NIE MEER OP 'N VOORSEISOEN- OF VOORSKOTPRYS STAATMAAK VIR PRYSVASSTELLING OF PRYSRISIKOBESTUUR NIE.**

**OM DIE WAARHEID TE SÊ, DIE KOMS VAN DIE VRYEMARKSTELSEL HET DIE MIELIEBEDRYF, SOOS OOK DIE ANDER GRAANBEDRYWE, RADIKAAL VERANDER. PRODUSENTE HET ONDER DRUK GEKOM OM PRODUKTIWITEIT TE VERHOOG DEUR, ONDER ANDERE, VERHOOGDE GEBRUIK VAN MASJINERIE, KUNSMIS, ARBEID, DIE OPTIMALISERING VAN ALGEMENE PRODUKSIEPRAKTYKE EN ONTTREKING VAN MARGINALE GROND AAN GRAANPRODUKSIE.**







**Mieliegradering word deur 'n Raadsinspekteur gedoen.**



**Insekbeheer intensiveer.**



**Navorsing speel 'n groot rol in die gehalte van ons graanprodukte.**

## Gradering

Aanvanklik was die graderingsregulasies vir mielies op oorsese standaard gebaseer.

Op aanbeveling van 'n Staande Komitee van die Mielieraad is 'n stel graderingsregulasies spesifiek vir Suid-Afrikaanse toestande ontwikkel. Dit het op 1 Mei 1949 van krag geword met die inwerkingtreding van die Wet op Landbouprodukstandaarde en, hoewel dit van tyd tot tyd gewysig is, het dit in 2016 steeds die basis van die graderingsregulasies vir mielies in Suid-Afrika gevorm.

## Insekbestryding

Hoewel insekbesmetting in vroeër jare geweldige graanverliese tot gevolg gehad het, het Suid-Afrika se mieliebedryf nooit groot probleme daarmee ondervind nie. Met die toename in produksie na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het dit egter nodig geword om mielies vir langer tydperke op te berg. Dit het 'n ideale voedingsbron vir insekte geword en insekbesmetting het 'n werklike bedreiging geword.

Gevolgtlik het die Mielieraad in 1957 goedgekeur dat berokingseksperimente met die oog op insekbeheer by mielies en graansorghum uitgevoer word. Voortspruitend daaruit is 'n insekbeheerskema vanaf 1 Mei 1958 ingestel en is terselfdertyd besluit om 'n afsonderlike vergoeding vir beroking aan die Mielieraad se agente te betaal.

Verpligte insekbeheer deur al die belangegroepes, soos agente, meulenaars en moutvervaardigers, is in 1964 deur die Mielieraad ingestel. Die deurlopende aandag wat as gevolg daarvan op insekbeheer geplaas is, het daartoe bygedra dat die mieliebedryf in Suid-Afrika oor die lang termyn baie min verliese as gevolg van insekbesmetting gely het.

## Navorsing

Gedurende 1948 het die Mielieraad in samewerking met die Departement van Landbou begin met die ontwikkeling van bastermieliesaad. Die Mielieraad het groot bedrae geïnvesteer om die vermeerdering van die saad aan te moedig en was vanaf 1947 tot 1971 deurlopend direk daarby betrokke.

Gedurende 1951 het die Mielieraad ook 'n proefplaasskema van stapel gestuur met die oog op 'n verbetering in die produktiwiteit van boerdery-ondernemings. In samewerking met die Departement van Landbou is proewe op die volgende vier proefplase gedoen: Ashley (Standerton-distrik), Braklaagte (Bothaville-distrik), Goosens (Senekal-distrik) en Holfontein (Lichtenburg-distrik). In 1971 is besluit om slegs Holfontein te behou en die ander plase te verkoop, waarskynlik omdat die projek nie die mate van sukses gehad het wat aanvanklik voorsien is nie. Holfontein is daarna tot 1978 gebruik vir 'n gesamentlike projek tussen die Mielieraad, Vleisraad en Vleissentraal met die doel om die gebruik van mielies as veevoer aan te moedig. Hierdie projek is egter op aandrang van die Departement van Landbou gestaak.

Die Mielieraad was deeglik bewus van die belangrikheid van navorsing vir landbouproduksie en het in 1979 'n bedrag van R3,9 miljoen uit die Stabilisasiefonds aan die Departement van Landbou geskenk vir die oprigting van navorsingsfasiliteite by die Somergraansentrum te Potchefstroom.

## Biobrandstof

Vervaardiging van biobrandstof uit mielies het in die VSA ontstaan, gedryf deur die VSA se doelwit om hulle afhanklikheid van ruolie te verminder en hulle plattelandse ekonomie te stimuleer. Boonop lewer die proses 'n redelike volume van 'n afvalprodukt met 'n baie hoë proteïeninhoud wat uitstekend is vir veevoer. Daardie oogmerke en voordele is ook in die Suid-Afrikaanse konteks toepaslik en in 1990 het die Mielieraad Amerikaanse kundiges teen 'n koste van R6 miljoen aangestel om die moontlikheid van etanolvervaardiging in Suid-Afrika te ondersoek.

Die ondersoek het bevind dat Suid-Afrika oor die regte kwaliteit en voldoende hoeveelheid mielies, sowel as die nodige infrastruktuur beskik om etanol uit mielies suksesvol te kon vervaardig. Die moontlikheid van misoeste en die effek wat dit op die winsgewendheid van so 'n bedryf kon uitoefen, was as die grootste moontlike struikelblokke uitgewys.



Tydens die massavergadering van graanprodusente wat gedurende 2005 op die krieketstadion te Centurion gehou is, is die moontlikheid om 'n biobrandstofaanleg te Bothaville in die Vrystaat op te rig, inderdaad bespreek. Dit het egter nie van die grond af gekom nie, as gevolg van die regering se beleid dat mielies nie vir die vervaardiging van etanol gebruik mag word nie, omdat dit 'n belangrike stapelvoedsel in Suid-Afrika is.

Teen 2014 was daar nog steeds geen kommersiële biobrandstofaanleg in Suid-Afrika nie. Intussen het die regering wel besluit om 'n biobrandstofaanleg by Cradock in die Oos-Kaap te ontwikkel ten einde etanol vir verpligte inmenging in fossielbrandstof te vervaardig. Die aanleg sal egter etanol van graansorghum vervaardig en nie van mielies nie, aangesien sorghum nie as 'n bron van stapelvoedsel beskou word nie.

## WINTERGRAANPERSPEKTIEF

### Koring

#### Produksie

Koringverbouing met die oog daarop om brood te bak, is een van die oudste vertakings van landbou in Suid-Afrika en koringvermaling een van die oudste industrieë.

Koringproduksie het in die 17de eeu in die winterreënvalstreek van die Wes-Kaap in aanvang geneem, kort na Jan van Riebeeck se vestiging in die Kaap in 1652.

Aanvanklik het die koringbedryf baie moeilike tye beleef, veral omdat die plaaslike mark beperk was en dit moeilik was om koring uit te voer. In die negentiende eeu het uitbreiding van koringproduksie en die koringnywerheid in die algemeen egter versnel namate die bevolkingsgetalle toegeneem het. Dit is verder aangehelp deur die koms van meer gevorderde toerusting, asook die instelling van invoerheffings op koring en meel in 1826 ten einde volgehoue plaaslike voorsiening te verseker.

Soos in die geval van ander gewasse, veral mielies, het die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika in die laaste gedeelte van die negentiende eeu skielik 'n groot toename in die getal verbruikers van koring tot gevolg gehad, namate dorpe en landelike sentrums ontwikkel het. Dit is aangehelp deur die ontwikkeling van die spoorweë en ander vervoerstelsels, wat die vervoer van koring en koringprodukte na die nuwe markte goedkoper en meer effektief gemaak het, asook die uitbreiding van koringproduksie na die destydse Oranje-Vrystaat gestimuleer het.

Na die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is groter fokus op koringproduksie geplaas en verskeie verslae het die lig gesien wat klem geplaas het op die noodsaaklikheid van goedkoop, betroubare voedselvoorsiening en die gelyktydige bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling. Die verslae het aanbevelings ingesluit dat die invoertarif op koring verdubbel en plaaslike produksie uitgebrei moes word ten einde betroubare broodvoorsiening te verseker.

Met die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het Suid-Afrika slegs sowat vyftig persent van die plaaslike koringverbruik self geproduseer. Die res moes ingevoer word. Na die uitbreek van die oorlog het 'n tekort aan skeepsruimte invoere aan bande gelê en die skaarsheid van koring in Suid-Afrika verhoog. As gevolg daarvan het binnelandse pryse gestyg, wat plaaslike koringverbouing meer lonend gemaak en verhoogde produksie in die hand gewerk het.

Na aanleiding van 'n ondersoek na koringvoorsiening in 1917 is aanbeveel dat koringverbouing aangemoedig moes word deur saad teen kosprys beskikbaar te stel en maatreëls in te stel om groter hoeveelhede kunsmis en kraalmis beskikbaar te stel. Ook is aanbeveel dat koringverbouing in die Wes-Kaap onproduktief was en aanpassings noodsaaklik was. Die argument was dat die swak opbrengste wat aanvanklik op groot gedeeltes swakker gronde behaal is, deur lae grondpryse en voldoende beskikbaarheid van goedkoop arbeid gebalanseer is, maar dat die situasie verander het namate die beskikbaarheid van arbeid verminder en die produktiwiteit van veral die swakker gronde as gevolg van 'n gebrek aan wisselbou afgeneem het.

Die belangrikste veranderings wat voorgestel is, was die vestiging van 'n groter veeteeltkomponent en meer toeligtig en leiding aan produsente. Dit was volgens



So is koring in die ou dae gedors.





die verslae onmoontlik vir Suid-Afrikaanse koringprodusente om teen die leiers onder die wêreld se koringproduserende lande, soos Kanada, Australië en Argentinië, mee te ding sonder die beskerming van invoerheffings en voorkeurtariewe vir spoorvervoer.

Die plaaslike koringproduksie was, ten spyte van uitbreidings en ontwikkelings, egter steeds nie in staat om in die plaaslike vraag te voorsien nie en tot ongeveer 1920 is sowat 50% van die land se koringverbruik ingevoer. Invoertariewe op koring was relatief laag, soos ook die prys van die ingevoerde koring, wat negatief op plaaslike produksie ingewerk het. Gevolglik het stemme begin opgaan vir die instelling van groter beskerming van Suid-Afrikaanse koringprodusente sowel as meulenaars.

Die invoerheffing op koring is vanaf Februarie 1920 tot Junie 1921 tydelik opgeskort weens 'n misoos in Suid-Afrika en hoë heersende internasionale pryse. Tesame daarmee is die voorkeur spoorvervoertarief vir Suid-Afrikaanse koring afgeskaf, wat die Suid-Afrikaanse koringprodusente nog meer aan internasionale mededinging blootgestel het en aanleiding gegee het tot agitatie vir hoër beskermende heffings.

Tussen 1921 en 1926 is 'n stortingsheffing op Australiese koring ingestel, wat in 1926 deur 'n tariefverhoging vervang is. Suid-Afrikaanse koringpryse is gevolglik in stand gehou op vlakke wat plaaslike koringverbouing winsgewend gemaak het.

In 1930 en 1931 het wêreldpryse van koring verder verlaag, terwyl Suid-Afrikaanse pryse aan die begin van die seisoen tot onder invoerpariteit gedaal het. Dit het aanleiding gegee tot 'n verhoging van die invoerheffing en die instelling van 'n permitstelsel vir die invoer van koring en koringmeel. Verder is 'n spesiale invoerbelasting op 'n glyskaalbasis ingestel om die minimum invoerprys van koring, meelblom en koringmeel te verhoog.

In die 1935/1936-seisoen is aansienlik meer koring geproduseer as wat vir binnelandse verbruik benodig was. Dit het groot logistieke probleme vir die Koringraad opgelewer en het geweldige druk op produsentepryse vir koring geplaas. Die Koringraad het egter daarin geslaag om steeds 'n billike prys aan produsente te betaal, hoofsaaklik deur vir die koste van opberging van koring voorsiening te maak. 'n Deel van die oorskot van daardie seisoen is na die volgende seisoen, wat 'n kleiner koringoes opgelewer het, oorgedra.

Aangesien daar steeds 'n surplus koring beskikbaar was, is soortgelyke maatreëls in die 1936/1937-seisoen toegepas, met eweneens redelike goeie sukses. Die 1937/1938-seisoen se oes was nog kleiner as in die vorige jaar, tot so 'n mate dat die surplus koringvoorraad uitgewis is en na daardie seisoen was Suid-Afrika feitlik deurgaans 'n netto invoerder van koring.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was die plaaslike koringproduksie nie voldoende om in die binnelandse vraag te voorsien nie, deels weens 'n gebrek aan kunsmis, terwyl logistieke en ander probleme as gevolg van die oorlog die invoer van koring belemmer het. Dit het tot wesenlike tekorte in Suid-Afrika gedurende die oorlog gelei en ernstige besparingsmaatreëls moes ingestel word, soos wat verderaan beskryf word.

In die eerste jaar na beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog, naamlik die 1945/1946-seisoen, was die posisie selfs nog hagliker as gedurende die oorlog, as gevolg van 'n wêreldwye tekort aan graan (insluitende koring) en die plaaslike koringoes wat weens klimaatstoestande die swakste in jare was. Die gevolg was dat verdere drastiese besparingsmaatreëls ingestel moes word.

Soos uit die statistiek hieronder afgelei kan word, het die produksie en gebruik van koring tot 1950 nie struktureel toegeneem nie. Daarna het dit egter begin toeneem tot die mate dat Suid-Afrika gedurende die tydperk vanaf 1964 tot 1989 in verskeie jare selfvoorsienend was. Die eerste miljoen ton binnelandse koringoes is in 1964 geproduseer.

Aan die begin van die 1970's het die Koringraad spesifiek aandag gegee aan die behoeftes van sekere kleiner bedrywe wat van meel en meelblom gebruik gemaak het, onder andere die pastabedryf wat nie 'n bevredigende produk van broodkoring kon vervaardig nie. Dié bedryf het naamlik meel benodig wat van durumkoring





Koring word deesdae met een masjien gesny en gedors.

## VAN RIEBEECK HOOR EERSTE KLAGTES VAN BOERE

Vanuit die staanspoor was koring van "politieke" belang en Jan van Riebeeck was die eerste regeringsamptenaar wat 'n afvaardiging te woord moes staan van koringprodusente wat verhoogde koringpryse geëis het.

Volgens Van Riebeeck se dagboek het produsente geëis dat die prys van koring van vyf gulde per skepel na tien gulde per skepel verhoog moes word. Uiteindelik is hulle 'n verhoging na sewe gulde per skepel toegestaan.

vervaardig is. Durumkoring was nie gereedelik in Suid-Afrika beskikbaar nie en moes ingevoer word, Dit was egter in 'n tyd waarin Suid-Afrika 'n oorskot koring geproduseer het, wat teen 'n verlies uitgevoer moes word en wat dit moeilik gemaak het om die invoer van durumkoring te regverdig.

Gevolglik is in die 1971/1972-seisoen begin met pogings om 'n geskikte durumkultivar vir Suid-Afrika te kweek. Die Koringraad het in dieselfde jaar ook spesifieke aandag gegee aan die ontwikkeling van 'n sogenaamde sagte koringkultivar ten einde in die behoeftes van beskuitjievervaardigers te kan voorsien.


Toenemende meganisasie, hoër opbrengste en groter, meer effektiewe plase het alles tot verhoogde produksie vanaf die 1960's bygedra. Daarbenewens is die bedryf ondersteun deur die Koringraad se gewaarborgde, stabiele pryse wat dikwels op hoër vlakke as wêreldpryse vasgestel is, asook hulp van staatsweë, soos relatief goedkoop lenings wat deur die Land Bank aan produsente toegestaan is.

Terselfdertyd het ekonomie van skaal, konsentrasie van mag en monopolieë in die koringwaardeketting gegroei. Koöperasies, wat deur produsente besit en beheer is, was as agente van die Koringraad feitlik die enigste opbergers van koring en het die grootste gedeelte van die opbergingskapasiteit in die land besit. Koring is in die koöperasies se silo's gestort, waar dit gegradeer en opgeberg is en vanwaar dit uiteindelik na kopers van die Koringraad versend is.


Net soos by die mieliebedryf het die koringbedryf egter sedert 1987 begin verander en was koringprodusente eweneens verplig om hulle produktiwiteit te verhoog, deur insette te verminder en marginale grond in weiding om te skakel. Ook in koring se geval het die produksie in die Wes-Kaap weg van die droër dele en nader aan Kaapstad geskuif. Die grootste verandering in die koringbedryf het egter eers later as in die mieliebedryf plaasgevind, omdat plaaslike koringpryse eers teen 1997 tot wêreldprysvlakke gedaal het.

Sedert 1989/1990 produseer Suid-Afrika nie voldoende koring om in die plaaslike mark se behoeftes te voorsien nie. Die volgende diagram toon die verhouding tussen die binnelandse koringverbruik en binnelandse produksie vanaf daardie seisoen tot 2013/2014.







Grafiek 12: Koringproduksie in Suid-Afrika




Grafiek 13: Koringproduksie per provinsie



Grafiek 14: Koringproduksie per provinsie vanaf 1994



Grafiek 15: Gemiddelde koringopbrengs per hektaar vanaf 1917



**Grafiek 16: Menslike koring verbruik versus totale lewerings**

Gedurende 1995/1996 het Suid-Afrika een miljoen ton koring ingevoer. Dit was hoofsaaklik toe te skryf aan droë klimaatstoestande in die westelike dele van die Vrystaat en oormatige reën asook hael gedurende die oesseisoen in die Oos-Vrystaat.

In die tydperk vanaf 2000 tot 2004 het invoere 'n deurlopende stygende tendens getoon. In 2004 is 1,2 miljoen ton koring ingevoer, sowat 60% meer as in die vorige jaar, as gevolg van ongunstige produksietoestande wat gedurende daardie tydperk in Suid-Afrika geheers het. Daarna het koringinvoere deurlopend gestyg, soos uit die bostaande diagram blyk.

Oorhoofs gesien, het die oppervlakte waarop koring in Suid-Afrika verbou word, in die laaste veertig jaar voor 2013/2014 van 'n rekord 2 025 000 ha tot sowat 500 000 ha afgeneem. Dit het veroorsaak dat Suid-Afrika vir ongeveer die laaste helfte van daardie tydperk 'n netto invoerder van koring was.

As gevolg van die bogenoemde veranderings in die bedryf produseer Suid-Afrika sedert 2010 deurlopend minder as 60% van die koring wat vir binnelandse gebruik benodig word.

### **Samewerking**

Gedurende die eerste gedeelte van die twintigste eeu was die Suid-Afrikaanse regering oor die algemeen bereid om die plaaslike landbou te beskerm en selfvoorsiening aan te moedig. Die regering het die beskerming van landbou as 'n "noodsaaklike ewel" beskou ten einde produsente en meulenaars die geleentheid te gee om in 'n beskermde omgewing te kan optree. Dit het ook saamgegaan met die beweging om koöperatiewe samewerking onder produsente aan te moedig ten einde ontwikkeling te bevorder.

Vir koringprodusente in besonder het goeie redes vir nouer samewerking bestaan, soos gereelde swak oeste as gevolg van droogtes, wat tot geweldige prysfluktasies van jaar tot jaar gelei het. Daarom het die koringprodusente in die Swartland, wat op daardie stadium sowat 80% van Suid-Afrika se koring verbou het, reeds in 1912 'n koöperasie (die Westelike Graan Boeren Koöperatiewe Vereniging, bekend as Wesgraan) gestig in 'n poging om hulpbronne te verpoel, toerusting te verkry en onder mekaar te gebruik en verkope te bevorder.

In 1920 het die Swartlandse produsente ook 'n meulenaarsmaatskappy, Bokomo, gestig met die doel om die lede se koring te maal en aan hulle 'n mate van beheer oor hulle produkte en die prys daarvan nadat dit die plaas verlaat het, te gee.

Aan die einde van 1930 het die produsente wat by Wesgraan en Bokomo betrokke was, 'n sentrale bemarkingskoöperasie, naamlik Sasko, gestig wat sou poog om koring regdeur Suid-Afrika te verkoop, die prys daarvan te stabiliseer en produksie te konsolideer. Ongelukkig was Sasko weens wisselende invoerpryse en onvoorspelbare plaaslike produksievolumes nie in staat om die prys van koring werklik te stabiliseer nie.

Koringprodusente het dus aanhou druk uitoefen vir meer staatsondersteuning, veral in die lig van die groot droogte en dalende pryse van die vroeë 1930's. Dit het





uiteindelik gelei tot die instelling van die Koringraad en die beheermeganismes vir die koringbedryf wat in Hoofstuk 2 hiervan beskryf word.

### **Regulering**

Die wette wat die regering in 1930 en 1931 aangeneem het om die invoer van koring en koringmeel te beperk, het bygedra om plaaslike koringverbouing aan te moedig. Koringproduksie het van 1920 tot die eerste gedeelte van die 1930's meer as verdubbel, vanaf 200 000 ton tot 373 996 ton in 1931/1932 en 446 580 ton in 1934/1935.

Aan die begin van die 1930's is die mening redelik algemeen gehuldig dat die koring-tot-brood-ketting as gevolg van swak koördinasie en skadelike mededinging oneffektief en verkwistend was en dat die onstabiele pryse die gevolg was van spekulasie deur handelaars in die ongereguleerde markomgewing. Die siening was dat die Koringraad die probleem kon oplos deur die ketting te rasionaliseer en effektiewe prysbeheer toe te pas. Ook het die benarde en feitlik haglike finansiële posisie waarin 'n groot deel van die land se bevolking hulle op daardie tydstip bevind het en die gepaardgaande oorkoepelende besorgdheid oor die nasionale welvaart, 'n betekenisvolle rol gespeel in die sentiment ten gunste van staatsbeheer.

Alhoewel die beheer oor die invoer van koring en hoë beskermende invoertariewe instrumenteel was in handhawing van die plaaslike koringprys op 'n redelike vlak, was die pryse aan die begin van elke leweringseisoen onder geweldige afwaartse druk as gevolg van die ooraanbod op die mark. Koöperasies het gepoog om die aanbod aan die mark te reguleer en surplusvoorrade na volgende bemarkingsjare oor te dra. Die koste en risiko daaraan verbonde is egter slegs deur die produsente wat lede van die koöperasies was, gedra en nie deur al die koringprodusente nie. Dit was dus nie volhoubaar nie.

Die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid (die Koringraad) wat in 1935 in die lewe geroep is, was bemaatig om opbergingvergoeding te betaal aan koöperasies en produsente wat koring opgeberg het. Op hierdie wyse was dit vir die Koringraad moontlik om die vloei van koring na die mark te beheer.

Gedurende die eerste twee jaar van sy bestaan is die Koringraad met surplusproduksie en gevolglike plaaslike oorskotte gekonfronteer, wat die prys van koring nog verder afwaarts gedruk het. Die Koringraad kon egter deur die aanwending van die inkomste uit die heffing op koring wat in die binneland gemaak is en met bystand van die regering daarin slaag om 'n totale ineenstorting van die koringprys te verhoed.

Die koringbedryf was onder die beheer van die Koringraad aan streng kontroles onderworpe. Koring is in 'n eenkanaalstelsel bemark en produsente het 'n vasgestelde prys vir hulle koring ontvang, terwyl meulenaars ook 'n vasgestelde heffing betaal het en aan streng toesig van die Koringraad oor die gehalte en prys van brood onderworpe was. Die Koringraad het die beskerming van sowel die produsente as die meulenaars, bakkers en verbruikers as sy oorkoepelende taak gesien.

Die Koringraad het die pryse van koring, meel en brood vir die eerste keer in 1939 ingevolge die Koringreëlinskema vasgestel, waarna daardie produkte slegs teen die afgekondigde pryse verkoop kon word. Ten einde die prys van brood op die vooroorlogse vlakke te kon handhaaf, is 'n subsidie op A-graad koring aan produsente betaal om hulle te vergoed vir verhoogde produksiekoste na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Die regering het ook gedurende die 1940/1941-seisoen 'n subsidie aan die koringprodusente betaal, waarvan 50% deur die Koringraad bygedra is. Die amptelike rasionaal vir dié subsidie was om plaaslike landbou te ondersteun, 'n laekoste stapelvoedsel te verseker en inflasionêre druk te verlig.

Benewens die produksie van brood, het ander subtiele veranderings terugwaarts in die koring-tot-broodketting begin intree namate die toepassing van die Bemarkingswet in die 1940's momentum begin kry het. Die Koringraad het aan die begin van elke seisoen 'n gewaarborgde prys vir koring aangekondig, gebaseer op 'n koste-plusbasis. Dit het die prysrisiko vir produsente uitgeskakel en hulle slegs met die produksierisiko gelaat. Boonop het hulle nie nodig gehad om hulle te bekommer oor die bemarking van die oes nie, omdat hulle dit eenvoudig by die Koringraad se agente (hoofsaaklik koöperasies) ingelewer het en teen die heersende produsenteprys daarvoor betaal is.

**DIE BETALING VAN  
SUBSIDIES AAN  
KORINGPRODUSENTE HET  
TOT AAN DIE EINDE VAN  
DIE 1956/1957-SEISOEN  
VOORTGEDUUR. VANAF  
DIE VOLGENDE SEISOEN  
IS SUBSIDIES SLEGS OP  
BROODMEEL BETAAL  
EN VANAF MEI 1977  
HET DIE REGERING  
SLEGS SUBSIDIES AAN  
BAKKERS BETAAL OP  
MEEL WAT VIR DIE BAK  
VAN STANDAARDBROOD  
GEBRUIK IS, TEN EINDE DIE  
PRYS WAT VERBRUIKERS  
VIR DIÉ BROOD BETAAL HET,  
SO LAAG AS MOONTLIK  
TE HOU.**

Kritici van die Koringraad was van mening dat die praktyke en besluite van dié Raad uiteindelik daartoe gelei het dat 'n aantal groot firmas 'n monopolie in die bedryf gevestig het. Die Koringraad het, onder andere, besluit om sekere beperkende praktyke toe te pas, soos om kleiner meulens te sluit en die maalbedryf rondom die groter stedelike sentra te konsentreer. Hierdie praktyke is ook na die bakkersbedryf uitgebrei, waar die Koringraad se voorkeur was om slegs 'n paar groter bakkerie te vestig in plaas van 'n groter aantal kleineres.

### ***Deregulering***

In 1995 is kwantitatiewe beheer afgeskaf en met tariefbeheer vervang. Daarna was kopers geregtig om koring vryelik in te voer teen betaling van die heffing en was die Koringraad nie meer die enigste verkoper van koring in Suid-Afrika nie.

Hoewel die produsenteprys van koring tot 1996 steeds deur die Koringraad vasgestel is, kon enigiemand vanaf 1995 koring maal, brood bak en self die prys van hulle brood bepaal. Die enigste vorm van staatsbetrokkenheid by die broodprys was die heffing van BTW op witbrood, terwyl bruinbrood van BTW vrygestel was.

Op 1 Januarie 1997 het die Wet op Bemarking van Landbouprodukte van 1996 in werking getree, wat die einde van beheerde bemarking vir koring en ander graanprodukte beteken het. Koringprodusente moes eensklaps in die internasionale mark meeding, met minder staatsondersteuning as in feitlik elke ander industriële landbouland in die wêreld. Dit het groot onsekerheid in die koringbedryf veroorsaak en sommige leiersfigure het selfs gemeen dat dit die einde van die plaaslike koringbedryf kon beteken.

Soos in die geval van mielies is plaaslike koringpryse sedert die afskaffing van prysbeheer op Safex bepaal.

### ***Rantsoenering***

Na die uitbreek van die tweede wêreldoorlog het die regering begin om die verbruik van brood te rantsoeneer ten einde moontlike tekorte te voorkom en op 5 Mei 1941 is die produksie van witbrood in geheel gestaak. Witbrood is vervang met wat as 'n oorlogsbrood bekend gestaan het. Die meel waarvan dit gebak is, is teen 'n baie hoë ekstraksiemoes (minstens 90%) vervaardig, wat beteken het dat meer brode van 'n gegewe hoeveelheid koring gebak kon word. Dit was growwer en donkerder as die tradisionele bruin- en volgraanbrood en was vir die volgende sewe jaar die enigste brood wat in Suid-Afrika beskikbaar was.

Baie Suid-Afrikaners was uiters ontevrede met hierdie toedrag van sake, veral dié wat teen Suid-Afrika se betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog gekant was. Om sake te vererger, het die Suid-Afrikaanse regering na die beëindiging van die oorlog op aanbeveling van die Britse Ministerie van Voedsel verdere beperkings op die verbruik van brood en ander koringprodukte ingestel as gevolg van geweldige tekorte aan koring, soos ander graansoorte, wêreldwyd.

Die produksie van meel wat vir die bak van beskuitjies en koek gebruik is, is totaal verbied, selfs in privaat huishoudings. Hotelle is verbied om roosterbrood te bedien en die daaglikse individuele aankoop van brood en koringmeel is beperk tot agt onse (0,226 kg) brood en ses onse (0,170 kg) koringmeel per individu per dag.

Verbruikers is in die pers, per radio en in films aangemoedig om die verbruik van brood te verminder en teen die einde van 1946 is die verkoop van brood op Woensdae en tussen 15:00 en 16:00 op ander dae verbied. Koringverbruik het gevolglik in hierdie tydperk laag gebly en eers weer begin toeneem nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het. Die geskiedenis leer dat die Nasionale Party se voorverkiesingsbelofte dat hulle sou toesien dat brood, veral witbrood, teen bekostigbare pryse beskikbaar sou wees, 'n redelike belangrike rol in die party se oorwinning in die 1948-verkiesing gespeel het.

Sedert die 1920's is verskeie ondersoeke na wanvoeding in Suid-Afrika geloods en teen 1948 het redelike groot kommer daarvoor bestaan, veral onder arm witmense sowel as die al groter wordende getalle stedelike swartmense. Benewens die humanitêre aspek daarvan, is geglo dat dit tot siektetoestande, soos tuberkulose, bygedra het.

**DIE OORLOGSBRODE  
IS TEEN SES PENNIES  
VERKOOP EN VOLGENS  
DIE KORINGRAAD SE  
STATISTIEK IS GEMIDDELD  
SOWAT 300 MILJOEN  
BRODE/JAAR GEDURENDE  
DIE SEWE JAAR VANAF  
1941 TOT 1948 VERKOOP.**





## TANNIES WAT KÁN KNIE

MNR ANDRIES BEYERS

**D**it is 'n voldonge feit dat mens nie met enige meel brood kan bak nie. Die graderingsvereistes vir koringmeel was op daardie stadium 9% proteïen en 70 skepel – anders was dit voergraad.

Op 'n dag arriveer daar 'n paar dames van die Wes-Kaap af by my kantoor. Hulle sit sulke mooi gebakte brode voor my neer en sê: “Hierdie brode is gebak met meel waarvan die skepel tussen 60 en 70 is.” Ek vra toe: “Hoe lank het julle dit geknie?” (Want as jy deeg lank genoeg knie en deurwerk sal jy naderhand 'n brood kan bak.) “Nee, lank,” sê hulle, “maar ons wil net vir jou wys dit kan gedoen word. Gaan wys dit vir die meulenaars.”

Die meulenaars en bakkers se proses laat egter ruimte vir iets soos drie minute vir 'n brood om te rys – jy kan hom dus nie uithaal, knie en uithaal en weer knie nie. Met dié verduideliking is hulle ná 'n koppie tee of twee heel tevrede daar weg.

Die destydse Minister van Gesondheid, dr Karl Bremer, was ernstig om oplossings te vind wat wanvoeding sou teenwerk. As deel van sy pogings om dit aan te spreek, het hy 'n nasionale broodverrykingskema ingestel, wat behels het dat sekere nutriënte (grondbonemeel, karringmelkpoeier, afgeroomde melkpoeier en kalsiumkarbonaat) op die staat se koste in bruinbroodmeel ingemeng is om die voedingswaarde daarvan te verhoog.

Die brood het as die Bremer-brood bekend gestaan en was tot so 'n mate deur die staat gesubsidieer dat dit teen laer pryse as gewone bruinbrood verkoop kon word.

Alle beperkings wat gedurende die oorlogsjare op die verkoop van brood en ander koringprodukte bestaan het, is op 1 November 1948 opgehef. Dit het tot 'n geweldige toename in die vraag na daardie produkte gelei en in 1948/1949 is sowat 600 000 ton koring verbruik, teenoor die vorige twaalf jaar se gemiddelde verbruik van 400 000 ton/jaar.

### **Bak- en maalbedrywe**

Die bakbedryf was ook onderhewig aan beheermaatreëls wat ingestel is met die doel om stabiliteit te verseker, effektiwiteit deur ekonomie van skaal en optimale kapasiteitsbenutting te bevorder en die prys van brood bekostigbaar te hou. Dit het gevolg op 'n aanbeveling van die Raad op Handel en Nywerhede in 1939 dat die Koringraad beperkende registrasie vir meulenaars en bakkers implementeer.

Dié beleid oor registrasie is in die daaropvolgende jare deurlopend volgens veranderende omstandighede aangepas. Een van die gevolge daarvan was dat 'n konsentrasie van mag in die bakbedryf begin ontstaan het. Die aantal geregistreerde bakkers het vanaf 1941 tot 1971 van 200 tot slegs 104 verminder. Teen 1985 het ses bakkersgroepe gesamentlik sowat 90% van Suid-Afrika se brood gebak.

Hierdie konsentrasie van mag het waarskynlik daartoe bygedra dat 'n Kommissie van Onderzoek na die Bemarkingswet (die Wentzel-kommissie) in 1976 aangestel is. Hoewel die kommissie se verslag die voortsetting van die Bemarkingswet ondersteun het, het dit tog melding gemaak van die kommerwekkende nuwe-effekte van die Bemarkingswet op die koringbedryf en van die Koringraad se bevoegdheid om die hoeveelheid bakkers en meulenaars te beperk.

Die kommissie het aanbeveel dat die Koringraad die bevoegdheid moes behou om toetredende tot die bakkersbedryf te beheer en die stelsel van registrasie van bakkers moes vervang met formele registrasie.

Gedurende die 1980's het die druk op die owerhede om die bakkersbedryf meer toeganklik vir nuwe toetreders te maak, toegeneem en tot die toekenning van meer lisensies vir die bak van die gesubsidieerde standaardbrood gelei. Die aantal bakkerie wat deur die Koringraad gelisensieer was om dié brood te bak, het van 338 in Oktober 1985 tot 370 in Februarie 1991 toegeneem.

Gedurende 1985 is die Davin-kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die regverdiging vir die betaling van staatsubsidies op brood en die voortsetting daarvan. Die kommissie het aanbeveel dat die Koringraad moes voortgaan om produsentepryse vir koring te bepaal, maar dat prysbeheer, die betaling van subsidies en beperkende registrasie van meulenaars en bakkers van standaardbrood gestaak moes word. Slegs die aanbeveling en opsigte van die registrasie van meulenaars is op daardie stadium geïmplementeer.

In 1985 het die Mededingingsraad die volgende aanbevelings gemaak na aanleiding van 'n ondersoek wat in opdrag van die Minister van Handel en Nywerheid na ekonomiese mededinging in die meulenaars- en bakkersbedryf in Suid-Afrika ingestel is:

- Die beperkende stelsel van registrasie van meulenaars en bakkers moet afgeskaf en met 'n stelsel van formele registrasie vervang word.
- Prysbeheer op meulenaars- en bakkersprodukte moet afgeskaf word.
- Ten einde te verhoed dat ekonomiese magskonsentrasie in die koringbedryf toeneem, moet die Mededingingsraad in die toekoms van alle voorgenome besigheidsverkrygings in die bedryf in kennis gestel word.



Die Mededingingsraad het ook die mening uitgespreek dat die broodsubsidie nie in sy bestaande vorm voortgesit moes word nie en het die aanbevelings van die Davin-kommissie daarvoor ondersteun.

In 1986 het die Nasionale Bemarkingsraad (NBR) op versoek van Minister Wentzel (Landbou), die toepassing van die Wintergraanskema ondersoek, tesame met ander skemas wat in terme van die Bemarkingswet ingestel is. Die NBR het, onder andere, aanbeveel dat sekere aanpassings in die stelsel van beperkende registrasies ten opsigte van meulenaars en bakkers in terme van die Wintergraanskema gemaak moet word deur dit met 'n stelsel van formele registrasie te vervang.

Vanaf 1990 het die Koringraad se rol drasties begin verander en die regulerende maatreëls ten opsigte van die koringbedryf is inderdaad aangepas om die mark toe te laat om tot 'n groter mate volgens vryemarkbeginsels te funksioneer.

In 1991 is die verpligte registrasie van meulenaars en bakkers deur die Koringraad afgeskaf en prysbeheer op alle koringprodukte is opgehef, waarna die prys van brood vinnig gestyg het. Witbrood se prys het in een jaar met 26,1% gestyg en dié van bruinbrood met 27%. Verbruikers het ook begin kla oor die lae kwaliteit van die brood wat na die afskaffing van beheer gevolg het.

Die broodsubsidie, wat vanaf die 1940's bestaan het, is met verloop van tyd afgeskaal en vanaf 1947 is gedifferensieerde subsidies op standaard witbrood en bruinbrood betaal, met 'n hoër subsidie op bruinbrood. Die subsidie op witbrood is vanaf Februarie 1984 afgeskaf en in 1988 het die Kabinet in beginsel besluit om die broodsubsidie oor 'n tydperk van drie jaar uit te faseer. Die Blignaut-komitee is aangestel om die strategie ten opsigte daarvan finaal uit te werk en op 1 Maart 1991 is die betaling van staatsubsidies op alle standaardbrood in totaal afgeskaf.

Ook in die meulenaarsbedryf het grootskaalse konsentrasie van mag plaasgevind. Die aantal koringmeulens in die land het van 120 in 1951 tot slegs 66 in 1974 verminder. Die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet wat in 1979 aangestel is, het egter aanbeveel dat die Koringraad die bevoegdheid moes behou om meulenaars te registreer. Teen 1985 was daar slegs 50 geregistreerde koringmeulens in Suid-Afrika, waarvan 31 deur ses meulenaarsgroepe met 'n gesamentlike marktaandeel van 98% besit is.

Benewens hulle maalaktiwiteite het die groter meulens ook reeds gedurende die 1970's en 1980's hulle beheer uitgebrei na die bakkersbedryf. Teen die tyd wat die registrasiebeperkings opgehef is, het die paar groepe wat die grootste hoeveelheid broodmeel in Suid-Afrika verkoop het, ook die meeste brood in die land gebak. Ten spyte daarvan dat daar letterlik duisende klein bakkerie ontstaan het, was meer as 80% van die broodproduksie teen 1990 steeds in die hande van slegs ses groepe.

Hoewel die afskaffing van prysbeheer op broodmeel en die beperkings op registrasie in 1991 die weg gebaan het vir nuwe toetreders tot die koringmaalbedryf, het dit nie 'n noemenswaardige impak gedurende die 1990's gehad nie. Ten spyte daarvan dat 90 nuwe koringmeulens in Suid-Afrika tussen 1991 en 1999 opgerig is, is sowat 97% van Suid-Afrika se koringmeel op daardie stadium deur slegs 33 van die groter meulens geproduseer.

**TEEN DIE JAAR 2000 HET VIER GROEPE, NAAMLIK PIONEER FOODS, TIGER BRANDS, PREMIER FOOD EN FOODCORP 80% VAN DIE LAND SE KORING GEMAAL EN MEER AS 65% VAN DIE BROOD IN DIE LAND GEBAK.**



## **Heffings**

### *Invoertarief*

Die Suid-Afrikaanse koringbedryf is onderhewig aan die betaling van tariewe op koring wat ingevoer word. Dit is hoofsaaklik ingestel om plaaslike produsente teen lae gesubsidieerde wêreldpryse te beskerm, wat daartoe kan lei dat die plaaslike pryse daal tot vlakke wat die volhoubaarheid van die koringbedryf in Suid-Afrika in gevaar kan stel. Die tarief is gebaseer op die vasgestelde wêreldprys in VSA-dollar. Indien wêreldpryse van koring onder die vasgestelde vlak daal wat volgens 'n vaste formule bereken word, tree die tarief in werking.

Gedurende 2005 het die International Trade Administration Commission (ITAC) van Suid-Afrika 'n studie onderneem om te bepaal of die heersende tariefbedeling op invoere effektief was. Die koringbedryf was van mening dat die stelsel oneffektief was, omdat die basis vir berekening van die tariewe slegs die blote VSA-dollarprys van koring in aanmerking geneem het, sonder inagneming van die wisselkoersverandering tussen die VSA dollar en die SA rand. Dit het ook nie die verskille wat tussen die verskillende lande van oorsprong van die koring bestaan, in ag geneem nie.

Gevolglik het die graanbedryf 'n alternatiewe bedeling ten opsigte van tariefbepaling voorgestel wat, onder andere, daardie aspekte in aanmerking sou neem. Die ITAC het egter bevind dat daar nie enige regverdiging vir 'n tariefverhoging was nie, omdat die maalbedryf in besonder nie noemenswaardige mededinging van invoere ondervind nie.

### *Statutêre heffing*

Die oogmerke en doelwitte van die statutêre heffing, wat ingevolge die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996, op koring, gars en hawer ingestel word, is om finansiële ondersteuning aan wintergraanavorsings-, inligtings- en ontwikkelingsfunksies te verleen wat deur die wintergraanbedryf as noodsaaklik en in belang van die bedryf geïdentifiseer is. Die instandhouding van makro bedryfsinligting word deur die wintergraanbedryf en deur direk-geaffekteerde partye as noodsaaklik geag vir strategiese beplanningsdoeleindes.

Die verskaffing van generiese markinligting op 'n deurlopende basis aan alle rolspelers is krities om die mark doeltreffend te laat opereer. Die wintergraanbedryf ondersteun die beginsel dat generiese markinligting deur middel van statutêre maatreëls verkry moet word en dat SAGIS die amptelike voertuig is om dit te bereik. 'n Statutêre heffing word vereis om te verseker dat die wintergraanbedryf ook deel in die versameling en verspreiding van markinligting.

Die uitgangspunt is dat behoorlike en akkurate wintergraanmarkinligting, wat deurlopend en tydig beskikbaar is, nie slegs marktoegang vir alle markdeelnemers verbeter nie, maar ook die doeltreffendheid van die bemaking van wintergraan en wintergraanprodukte en dus ook die lewensvatbaarheid van die wintergraanbedryf en die landbousektor in die breë bevorder. Markinligting bevorder voorts voedselsekerheid deurdat die mark beter kan funksioneer, aangesien inligting oor nasionale voorraadvlakke van wintergraan beskikbaar is.

Finansiering word ook benodig vir navorsing oor nuwe tegnologie om die komplekse interaksie tussen die veranderde gedragspatrone van oeste en die eksterne faktore wat dit beïnvloed, soos plae en siektes, te kan verstaan en bestuur. Dit is ook vir die bedryf noodsaaklik dat die spesifieke infrastruktuur wat oor tyd gevestig is om navorsing oor verbruikersvoorkeure te doen, in stand gehou word.

Verder, ten einde die opbrengs uit uitvoere te optimaliseer, is dit noodsaaklik dat Suid-Afrikaanse produkte aan internasionale kwaliteitstandaarde voldoen, wat 'n behoefte skep dat navorsers en telers moet toesien dat plaaslik geproduseerde wintergraan mededingend is en bly op internasionale markte. Die heffing word benodig vir die befondsing van navorsingsprojekte ten einde hierdie behoeftes aan te spreek.

Die heffings word deur die Wintergraantrust in 'n afsonderlike rekening geadmistreer. 'n Deel daarvan word ook op kleinskaalse produsente en die ontwikkelende wintergraanbedryf toegespits.





Die heffings is in die geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika van toepassing en word op alle wintergraan gehef:

- (a) Wat deur of namens die produsent daarvan verkoop word;
- (b) wat in die Republiek van Suid-Afrika ingevoer word;
- (c) wat verwerk of omskep word in 'n wintergraanprodukt, indien die wintergraanprodukt bestem is om van die hand gesit te word;
- (d) wat uit die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer word, indien die heffing nie ingevolge enige van die voormelde betaal is nie; en
- (e) ten opsigte waarvan 'n silo-ontvangsbewys uitgereik word, indien die heffing nog nie ingevolge enige van die bostaande betaal is nie.

Die bedrag van die heffing word van tyd tot aangepas. Die volgende heffings is vanaf 1 Oktober 2014 tot 30 September 2016 van toepassing (BTW uitgesluit):

- Koring R17,00 per metrieke ton
- Gars R16,00 per metrieke ton
- Hawer R13,00 per metrieke ton.


Die heffing is betaalbaar deur die koper, invoerder of verwerker op die basis soos in die regulasies bepaal, maar onder sekere omstandighede kan dit van die koopprys wat aan die produsent of die invoerder betaalbaar is, afgetrek word. In die geval van 'n silo-ontvangsbewys is die heffing deur die uitreiker van die bewys betaalbaar, maar dit kan eweneens verhaal word van die persoon aan wie die silo-ontvangsbewys uitgereik word.

Die heffings mag nie later nie as die laaste dag van die maand volgende op die maand waarin die wintergraan aangekoop, omgesit, verwerk of uitgevoer is, of 'n silo-ontvangsbewys daarvoor uitgereik is, aan die Wintergraantrust betaal word.

Die statutêre heffings moet soos volg aangewend word: 70% daarvan vir navorsing en inligting, 20% vir transformasie (ontwikkeling van swart produsente) en hoogstens 10% vir administrasie.

### ***Navorsing***

Die noodsaaklikheid van navorsing in die koringbedryf het reeds in 1936 daartoe gelei dat die Koringraad 'n bedrag van £620 aan die Stellenbosch-Eisenburg Landboukollege geskenk het vir die aankoop van 'n Farinograph-Fermentograph, wat gebruik is om die bakkwaliteit van koring te toets. Ongeveer twee jaar later, in



Die Kleingraaninstituut doen uitgebreide navorsing op wintergraan.





Die Kleingraaninstituut se laboratorium.

April 1938, het die Koringraad 'n verdere bedrag van £934 aan die genoemde kollege geskenk vir die aankoop van nog aparate wat vir navorsing op koring gebruik is.

Daarna het die Koringraad by verskeie geleenthede verdere skenkings aan die landboukollege gemaak vir die aanstelling van personeel en die aankoop van toerusting en aparate wat vir meer gevorderde navorsing benodig was. Dit het, onder andere, oonde en apparaat wat nodig was om die asinhoud van brood te bepaal asook 'n broeikas wat in navorsing oor korningsiektes gebruik is, ingesluit.

Met verloop van tyd het ontevredenheid by sekere lede van die Koringraad ontstaan oor die herhaalde skenkings aan die Elsenburg Landboukollege terwyl die behoefte ook verder gestrek het na die universiteite, kolleges en navorsingsentrums in die noordelike dele van die land. Die aangeleentheid is ook deur die georganiseerde landbou op provinsiale sowel as nasionale vlak bespreek en die Koringraad is versoek om 'n heffing op koring, hawer, gars en rog in te stel ten einde fondse vir navorsing te genereer. Die Koringraad het dit ondersteun en in 1952 die Wintergraan Navorsingsfonds daargestel. Vanaf die 1953/1954-seisoen is 'n spesiale heffing op die wintergraansoorte ingestel, wat van die produsenteprys afgetrek is. Die heffings wat ten opsigte van die verskillende graansoorte ingesamel is, is spesifiek vir navorsing van elke betrokke graansoort aangewend.

Namate koringverbouing in die destydse Vrystaat en Transvaal toegeneem het, het die behoefte aan navorsing en navorsingsfasiliteite in daardie dele gegroei en in 1953 het die Koringraad skenkings vir daardie doel aan die Potchefstroomse Universiteit en die Kleingraansentrum by Bethlehem gemaak. Later is bedrae ook aan die Roodeplaat navorsingsentrum geskenk vir die oprigting van 'n laboratoriumgebou en ander fasiliteite. Dit was egter van relatiewe korte duur, aangesien besluit is om alle koringnavorsingsaksies van die noordelike gebiede by die Kleingraansentrum te Bethlehem te konsentreer.

Benewens die voorgenoemde aksies het die Koringraad navorsing by verskeie universiteite geborg. So byvoorbeeld het die Universiteit van Pretoria navorsing gedoen op wortelsiektes en oorsake van kratersiekte op die Springbokvlakte, terwyl die Universiteit van Kaapstad navorsing gedoen het oor virusse in koring en die oordraagbaarheid daarvan, onder andere deur die Russiese koringluis.

Die Universiteit van die Vrystaat was betrokke by navorsing oor droogtebestandheid by koring, die bestryding van wildehawer en die biologie en ekologie van die Russiese koringluis. Navorsing by die Universiteit van Stellenbosch het gekonsentreer op koringkwaliteit, gars, lupiene-ontwikkeling en bemesting. By die Universiteit van die Witwatersrand is die doeltreffende opname van anorganiese stikstof by die koringplant tydens die groei- en ontwikkelings stadium nagevors.

Die belangrikste oogmerke met die navorsing was om koring- en ander wintergraankultivars te ontwikkel wat die optimum opbrengs in die verskillende klimaatstreke van Suid-Afrika sou lewer, sowel as die ontwikkeling van kultivars wat graan van hoë gehalte sou lewer, veral met die oog op die bakbedryf.

Sedert die stigting van die Landbou Navorsingsraad (LNR) in 1990 het dié liggaam aansienlike navorsing ten opsigte van koring onderneem, wat insluit die ontwikkeling van variëteite wat hoë opbrengs lewer en oor goeie maal- en bakkwaliteite beskik, asook variëteite met 'n weerstand teen siektes, soos Russiese koringluis en koringstamroes.

Die behoefte aan geskikte koringsaad het reeds in 1947 daartoe gelei dat die Koringraad begin het met 'n gesertifiseerde saadskema waarin geklassifiseerde kultivars van wintergrane opgeneem is. Geskikte saadkwekers is geïdentifiseer wat klein hoeveelhede saad onder toesig van die Koringraad vermeerder en skoongemaak het voordat dit versprei is. Dié gesertifiseerde saad is aan die Koringraad se agente en aan produsente voorsien om hulle in staat te stel om hulle eie saad te vermeerder.

Die Koringraad se agente, wat meesal landboukoöperasies was, het begin om saadvermeerdering op 'n groter skaal te bedryf en hulle eie saadskemas op te bou. Later het die Sentrale Saadkwekers Koöperatief Beperk (Sensako) begin om saad op groot skaal te vermeerder uit moedersaad wat van die Departement van Landbou-tegniese Dienste verkry is.

## Gars en hawer

Voor deregulering in 1997 was die bemarking van gars en hawer, soos koring, deur die Koringraad ingevolge die Wintergraanskema in 'n eenkanaalstelsel beheer. In terme daarvan was die Koringraad die enigste koper en verkoper van gars en hawer teen vasgestelde pryse. Soos in die geval van koring, kon gars en hawer slegs ingevoer word op sterkte van 'n permit deur die Koringraad uitgereik.

Gars is naas koring waarskynlik die belangrikste kleingraansoort in Suid-Afrika. Produksie van brouersgars onder droëlandtoestande vereis hoë reënval wat baie goed oor die produksietydperk versprei is. Dit is in Suid-Afrika beperk tot 'n spesifieke streek in die Suid-Kaap wat strek vanaf Botrivier in die weste tot Heidelberg in die ooste. Gars word egter onder besproeiing in verskeie areas in die land geproduseer, soos in die koeler besproeiingsareas van die Noordkaap Provinsie asook op kleiner skaal op plekke in die Noordwes en Limpopo Provinsies.

Die verwerking van gars in mout is hoofsaaklik op Caledon in die Wes-Kaap gekonsentreer, hoewel op 'n kleiner skaal ook in Alrode naby Johannesburg.

Die mark vir brouersgars in Suid-Afrika bestaan in effek uit slegs een groot koper, naamlik South African Breweries Maltings (SABM), wat sy meerderheidsaandeelhouer, South African Breweries Limited (SAB), van brouersgars voorsien.

Garsprodusente is verseker van 'n mark vir hulle produk, aangesien die SAB Groep 'n skriftelike onderneming gegee het om gars slegs plaaslik aan te koop, wat by wyse van vasteprys-vooruitkontrakte geskied.

Navorsing ten opsigte van gars word deur die Kleingraaninstituut te Betlehem in die Vrystaat Provinsie en die South African Barley Breeders' Institute (Sabb) naby Caledon uitgevoer en word by wyse van statutêre heffings op garsverkope befonds.



Sorghumkorrels van naby bekyk.





## SORGHUMPERSPEKTIEF

### Inleiding

Sorghum is 'n tropiese graangras wat inheems is aan Afrika en volgens sommige bronne reeds vir meer as 3 000 jaar in Suidelike Afrika geproduseer word. Dit word tans oor die hele wêreld in warmer klimaatstreke geproduseer en tel in terme van volume onder die belangrikste graansoorte in die wêreld. Dit word toenemend as die basis van suksesvolle voedsel- en drankbedrywe gebruik en is veral in Afrika 'n belangrike bron van voedselsekureit, omdat dit uitstekende voedingswaarde bied.

In Suid-Afrika is sorghum in terme van volume die derde belangrikste graansoort, naas mielies en koring. Sorghumproduksie in Suid-Afrika kan verdeel word tussen kommersiële en kleinhoewe- of bestaansboerderye. Die kleinboere verbruik gewoonlik self hulle produksie, wat dit moeilik maak om te bepaal presies hoeveel sorghum werklik in Suid-Afrika geproduseer word. Na raming is gemiddeld sowat 13% van die totale sorghumproduksie in Suid-Afrika per jaar vanaf 2009 tot 2013 vir eie verbruik deur produsente, veral nie-komersiële produsente, aangewend.

Een van die uitstaande kenmerke van sorghum is dat dit hoogs effektief is met die omskakeling van sonenergie in voedsel. Dit is goed by droogtetoestande aangepas en word hoofsaaklik in die droër somerreëvalgebiede van Mpumalanga, Limpopo, die Vrystaat, Noordwes en Gauteng geproduseer.

Dit is interessant dat verskeie van die sorghumvariëteite wat in die VSA verbou word, waarskynlik afkomstig is van 16 verskillende variëteite wat in 1857 vanaf die destydse Natal daarheen uitgevoer is.

Ten spyte daarvan dat die Suid-Afrikaanse sorghumproduksie in omvang maar slegs 'n klein persentasie teenoor mielies uitmaak, is die sorghumbedryf goed gevestig en op vele gebiede toonaangewend in wêreldkonteks. Agronomiese navorsing, asook navorsing oor maal- en moutgehalte word reeds vir dekades deur internasionaal-erkende wetenskaplike instansies onderneem.

### Produksie


Hoewel sorghum die derde grootste graanoes in Suid-Afrika oplewer, dra dit slegs 'n klein persentasie van die totale plaaslike graanoes by. Vanaf 2004/2005 tot 2014/2015 is gemiddeld sowat 189 522 ton sorghum per jaar in Suid-Afrika geproduseer, wat slegs sowat 1,64% en 10,17% van die gemiddelde jaarlikse mielie- en koringoes, onderskeidelik, oor daardie tydperk verteenwoordig.

Die Vrystaat Provinsie is die grootste produseerder van sorghum in Suid-Afrika en het vanaf 2004/2005 tot 2013/2014 jaarliks gemiddeld 54% van die sorghumoes geproduseer, met Mpumalanga die tweede grootste (26%), gevolg deur Limpopo (10%), Noordwes (7%) en Gauteng (2%).

In die periode vanaf 2000/2001 tot 2014/2015 het die totale Suid-Afrikaanse sorghumoes gewissel tussen 96 000 ton (in 2005/2006) en 373 000 ton (in 2003/2004), met 'n gemiddeld van 203 360 ton/jaar.



Die beroking van graan teen insekte.



Grafiek 17: Sorghumproduksie per provinsie



Op Grafiek 18 word die opbrengs per hektaar sorghum geplant vanaf 1990/1991 tot 2015/2016 weergegee.


Hoewel Suid-Afrika 'n netto uitvoerder van sorghum is, het handel in dié kommodeit met ander Afrikalande relatief laag gebly vergeleke met ander graansoorte, waarskynlik omdat selfs meer sorghum in sommige van die ander Afrikalande as in Suid-Afrika geproduseer word. Uitvoere in 2004 en 2005 was egter hoofsaaklik na Afrikalande, veral Botswana. As gevolg van kwaliteitsvereistes in Botswana is dit van uiterste belang dat die produk aan bepaalde minimum standaarde moet voldoen.

### Bemarringing en pryse


Vanaf die 1944/1945- tot die 1948/1949-seisoen is sorghumbemarringing deur die Mielieraad hanteer, maar vanaf 1949 tot 1957 het geen formele beheer oor die bemarringing daarvan gegeld nie. Daarna is dit vanaf die 1957/1958-seisoen weer deur die Mielieraad as deel van die Somergraanskema bedryf totdat die Sorghumraad op 31 Januarie 1986 gestig is en laasgenoemde Raad in beheer van sorghumbemarringing was totdat die Wet op die Bemarringing van Landbouprodukte van 1996 op 1 Januarie 1997 in werking getree het. Daarna is sorghum, soos die ander graansoorte in Suid-Afrika, sonder beperking in die vryemark verhandel.

Sorghumpryse fluktureer aansienlik. Wanneer die plaaslike sorghumproduksie die binnelandse verbruiksbehoefes vir voedsel en drank oorskry, word die sorghumprys deur die laagste prys van mededingende graan (geelmielies) bepaal. In jare waarin die binnelandse vraag na sorghum groter as die plaaslike produksie is, is die prys afhanklik van die invoerpariteit en die premie wat vir moutkwaliteit betaal word.

Gedurende 2005 en die begin van 2006 het sorghumprodusente 'n geweldige koste-prysdruk beleef. Produsentepryse van sorghum het drasties gedaal,



Grafiek 18: Gemiddelde sorghumopbrengs per hektaar



Grafiek 19: Gemiddelde sorghumopbrengs per hektaar en produsenteprys per ton



hoofsaaklik as gevolg van oorproduksie en 'n sterker valutakoers, terwyl insetkoste van veral ingevoerde insette soos brandstof, chemikalieë en kunsmis skerp gestyg het. Dit het 'n vraagteken geplaas oor die vooruitsigte om sorghum volhoubaar winsgewend in Suid-Afrika te kan verbou en daartoe gelei dat produsente genoop was om aanplantings af te skaal.

## Heffings

Statutêre heffings op sorghum wat ingevolge die Wet op Bemaking van Landbouprodukte van 1996 gevorder word, word van tyd tot tyd hersien en die inkomste daaruit word vir navorsingsdoeleindes deur die Sorghumtrust aangewend.

Die huidige heffings op sorghum is geldig tot 28 Februarie 2018.

## Verwerking en verbruik

Sowat 90% van sorghum wat in Suid-Afrika verbou word, word vir die vervaardiging van menslike voedsel en drank aangewend. In die voedselmark word dit gebruik vir die vervaardiging van mout, meel, couscous en ander kossoorte, soos rys en gruis, terwyl mout meesal vir die vervaardiging van sorghumbier ('n tradisionele Afrikabier) gebruik word. Sorghummeel, wat ook as 'mabele' bekend staan, ding as ontbytppap direk met die ander graansoorte mee.


Vervaardigers van sorghumprodukte opereer in 'n geweldige mededingende omgewing waarin verbruikers baie maklik kan oorskakel na substitute, soos mielie-meel, rys en lagerbier.

Die ekonomiese klimaat en die invloed van Westerse kultuur het 'n besliste invloed op die vraag na sorghumprodukte. Die invloed van dié faktore kan gesien word in die afnemende tendens in die verbruik van sorghum vanaf 2003/2004 tot 2013/2014, soos in die volgende diagram getoon.

Vanaf 2004/2005 tot 2013/2014 is gemiddeld sowat 178 660 ton sorghum/jaar vir die verbruikersmark verwerk, met gemiddeld sowat 8 300 ton wat vir dierevoeding aangewend is.

Die grootste aanwending van sorghum in Suid-Afrika is vir die produksie van sorghumbier. In die 1930's het die regering 'n verbod op die produksie van sorghumbier deur private instellings en individue geplaas en sorghumbierbrouerye wat nie aan die Staat behoort het nie, is onwettig verklaar. Die reg om sorghumbier te brou is aan plaaslike owerhede toegeken, op voorwaarde dat die inkomste wat daaruit verdien is, vir die ontwikkeling van swart woongebiede aangewend moes word. Die plaaslike owerhede het later hierdie verantwoordelikheid aan die Nywerheidsontwikkelingskorporasie oorgedra.

Die gebruik van sorghum as dierevoeding is met verloop van tyd goed nagevors en gedokumenteer. In daardie mark is dit hoofsaaklik ten opsigte van geprosesseerde kos vir troeteldiere, pluimvee en lewendehawe aangewend. Dit is egter nie 'n stabiele



Grafiek 20: Aanwending/verbruik van sorghum



mark nie en klaarblyklik is prys die bepalende faktor by die besluit of mielies dan wel sorghum in dierevoeding gebruik sal word.

Vir herkouters lewer 'n kombinasie van sorghum met ander graansoorte 'n produk met 'n voedingswaarde vergelykbaar met dié van mielies. Voedselvervaardigers is egter soms huiwerig om sorghum in die plek van mielies te gebruik vanweë die negatiewe effek wat lokaliteit en die verloop van die seisoen op die voedingswaarde van sorghum kan uitoefen en die moontlike voorkoms van taniene daarin. Dit, tesame met probleme rondom beskikbaarheid van die regte kwaliteit, stoorspasie en ander praktiese probleme, plaas sorghum in 'n aansienlik swakker posisie as mielies.

Ongeveer 55% van die sorghummeel- en moutvervaardigers is in die Gauteng en Noordwes Provinsies gekonsentreer, gevolg deur die Limpopo Provinsie, Noordoos-Vrystaat en die noordelike dele van KwaZulu Natal. Omdat die groter nywerhede sorghummout sowel as sorghummeel en ander sorghumprodukte vervaardig, word al hierdie produkte normaalweg deur dieselfde distribusiekanaal versprei. Die distribusienetwerk strek veel wyer as net die gebiede waar sorghum gekweek en verwerk word. Daar is ook heelwat gebiede in Suid-Afrika waar die verspreidingsnetwerke nog nie behoorlik gevestig is nie, wat 'n potensiaal vir markuitbreiding vir sorghumprodukte skep.

### **Kwaliteit en gradering**

Sorghum word volgens streng kwaliteitstandaarde as GM (GM1, GM2 en GM3), GH (GH1 en GH2) en Ander, gradeer en die bemerking daarvan word streng beheer deur regulasies wat ingevolge die Wet op Landbouprodukstandaarde van 1990 afgekondig is. Die regulasies maak ook voorsiening vir die wyse waarop sorghum verpak en gemerk moet word en plaas 'n verbod op die verkoop van sorghum wat enige bestanddeel bevat wat dit ongeskik vir menslike of dierlike gebruik sou maak.

Die Wet op Landbouprodukstandaarde van 1990 en die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels van 1972 bevat ook spesifieke voorskrifte ten opsigte van voedselhygiëne en veiligheidstandaarde ten opsigte van sorghumprodukte wat vir uitvoer bestem is.

### **Opberging**

Sorghum word hoofsaaklik in kommersiële graansilo's teen markverwante koste opgeberg, waar dit skoongemaak en gegradeer kan word. Gewoonlik word enige praktiese hoeveelheid graansorghum ontvang en hanteer, mits dit aan die Departement van Gesondheid se vereistes voldoen. Soos met ander graan, word die kwaliteit en kwantiteit van die opgebergde sorghum gewoonlik deur die opberger gewaarborg en kan die eienaar daarvan 'n silosertifikaat verkry wat vir verhandeling van die sorghum gebruik kan word.

Slegs 'n beperkte hoeveelheid sorghum vloei direk na die onderskeie marksektore, aangesien slegs enkele verwerkers oor genoegsame losmaatfasiliteite beskik om dit op te berg.

### **Navorsing**

Sorghum is een van die gewasse waarop navorsing deur die LNR se Graangewas-instituut te Potchefstroom gedoen word. Navorsingsprojekte op sorghum is aanvanklik gesamentlik deur die regering en eksterne bronne soos die Sorghumtrust befonds. Die befonding van navorsingsprojekte het egter met verloop van tyd meer en meer problematies geword, namate die regering sy bydraes vir daardie doel begin afskaal het en dit moeiliker geword het om fondse vir navorsing uit die sorghumbedryf self te genereer.

Die Sorghumtrust maak bydraes vir navorsing aan instansies soos die LNR, Graan SA, universiteite en nie-regeringsorganisasies. Die Sorghum Forum nooi jaarliks alle relevante navorsingsinstellings uit om navorsingsvoorstelle aan die forum voor te lê. Die forum se Navorsingsprojekkomitee evalueer en prioriseer die voorgestelde projekte volgens norme en kriteria wat deur die forum daargestel is. Navorsers word die geleentheid gebied om die voorgestelde projekte te verduidelik, waarna die Komitee sy aanbevelings aan die forum voorlê.





Projekte wat deur die forum goedgekeur word, word dan vir toekenning van finansiering aan die Sorghumtrust voorgelê. Die Trust oorweeg die aansoeke in terme van die trustakte en die toepaslike regulasies, sowel as die beskikbaarheid van fondse. Indien nie genoeg fondse beskikbaar is om al die goedgekeurde projekte te finansier nie, word die projekte volgens prioriteitsorde gefinansier tot by die bedrag van die beskikbare fondse.

## **Biobrandstof**

Die moontlike vervaardiging van hernubare brandstof, soos bio-etanol, is geruime tyd reeds op die tafel en kan groot voordele vir die sorghumbedryf inhou. Sorghum is die enigste graangewas in Suid-Afrika wat vir die vervaardiging van bio-etanol beskikbaar is, omdat mielies as 'n stapelvoedsel van Suid-Afrika beskou word en nie vir daardie doeleindes gebruik mag word nie. Soetsorghum is veral geskik vir die vervaardiging van bio-etanol as gevolg van die hoë suikerinhoud daarvan.

Aanvanklik is die mening gehuldig dat die gebruik van graan vir die vervaardiging van biobrandstof die graanbedryf kan stabiliseer, die toelating van nuwe deelnemers aan die bedryf kan aanhelp en landelike ontwikkeling stimuleer. Dit kon moontlik ook oor die langer termyn 'n oplossing bied vir probleme van oorskotproduksie en 'n mark vir verhoogde produksie van graansoorte soos mielies, sorghum en oliesade skep.

'n Aantal kwessies moes egter eers aangespreek word voordat grootskaalse produksie van biobrandstof uit daardie graansoorte kon voortgaan, naamlik:

- Die impak op voedselsekerheid en -pryse;
- die aanvaarbaarheid van neweprodukte vir die voerbedryf; en
- staatsbetrokkenheid en wetgewing.

Sorghum is 'n sleutelgewas om die bio-etanolbedryf in Suid-Afrika te help vestig, veral in droër westelike gebiede waar die verbouing van suikerriet nie moontlik is nie. Dit sal 'n aansienlike uitbreiding in plaaslike sorghumproduksie ondersteun en die belangrikheid van sorghum in die Suid-Afrikaanse ekonomie aansienlik verhoog.

Op 30 September 2013 is 'n kennisgewing in die Staatskoerant gepubliseer dat biobrandstof vanaf 1 Oktober 2015 ten minste 5% in volume van diesel en 2% tot 10% van petrol moet uitmaak.

Volgens Graan SA sou dit beteken dat sowat 620 000 ton addisionele sorghum/jaar in Suid-Afrika geproduseer moet word om daardie teikens te haal, wat sal vereis dat nuwe variëteite, wat 'n hoër opbrengs lewer, ontwikkel moet word – alles faktore waarby die sorghumbedryf geweldig sal baat.

Ten spyte van omvattende insette deur Graan SA oor die lewensvatbaarheid en die moontlike voordele hiervan vir die sorghumbedryf, was die bedryf aan die begin van 2016 steeds in afwagting op die Staat vir afkondiging van die finale regulatoriese omgewing om die biobrandstofbedryf te finaliseer.

## **OLIESADEPERSPEKTIEF: GRONDBONE, SONNEBLUM, SOJABONE EN KANOLA**


### **Grondbone**

#### ***Aanwending***

Grondbone word hoofsaaklik vir menslike verbruik gekweek. Die word veral in die vervaardiging van lekkergoed en ontbytkos aangewend of in oorspronklike vorm verbruik. Statistiek toon dat ongeveer 26% van die grondbone wat vanaf die 1990/1991- tot die 2001/2002-seisoen in Suid-Afrika geproduseer is, in oorspronklike vorm (gedop en ongedop) verbruik is.

Die pers van grondbone vir olie lewer ongeveer gelyke hoeveelhede olie en oliekoek op. Die oliekoek word veral in die vervaardiging van produkte soos grondbonebotter en diervoeding aangewend.





Grafiek 21: Waarde van oliesadeproduksie sedert 1990


### Produksie

Die grondboon het sy oorsprong in Suid-Amerika (Bolivia en naasliggende lande), maar word tans in tropiese en warm klimaatstreke regoor die wêreld verbou. In die VSA is grondbone tot ongeveer 1870 in tuine gekweek en tot ongeveer 1930 as weiding vir varke geplant.

Aanvanklik is grondbone vir doeleindes van pers in Suid-Afrika uit Indië en ander lande in die Midde-Ooste ingevoer, terwyl die Suid-Afrikaanse produsente hulle op die eetmark toegespits het. Gedurende die 1920's het die regering die skepping en uitbreiding van olieperskapasiteit sterk aangemoedig. Dit het aanvanklik maar stadig gegroei en eers gedurende die 1930's werklik begin toeneem.

Volgens die eerste verslag van die Oliesaadbeheerraad, wat in 1952 gelewer is, is grondbone eers gedurende die Eerste Wêreldoorlog vir kommersiële doeleindes in Suid-Afrika verbou. In daardie tydperk het die prys van grondbone te midde van inflasiënêre toestande aansienlik gestyg, wat die verbouing daarvan aantreklik begin maak het.

Die beste pryse is in die eetmark behaal, wat produsente gemotiveer het om hoofsaaklik die Virginia Bunch-kultivar te plant. 'n Belowende uitvoermark is vir dié grondbone in die buitelandse eetmark ontwikkel, wat baie tot die versterking van die binnelandse produsenteprys bygedra het. Dít het weer positief op die verhoging van produksie en die verbetering van die algemene kwaliteit van Suid-Afrikaanse grondbone bygedra.



Grafiek 22: Produksiestatistiek van grondbone 1936/1937 tot 2014/2015 – hektaar en tonne geproduseer

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939 - 1945) en in die tydperk kort daarna is die plaaslike produksie van grondbone verder gestimuleer deur 'n tekort wat weens beperkte invoere ontstaan het, eers as gevolg van 'n gebrek aan skeepsruimte vir invoere en later weens ontwikkelings in die internasionale markte, veral in Asië en Europa. Dit het duidelik geword dat binnelandse produksie van grondbone sou moes verhoog ten einde in die vraag te kon voorsien, veral vir die persnywerheid.

Ten einde dié behoefte aan te spreek, het die regering op aandrang van die persers begin met 'n veldtog om die produksie van grondbone in Suid-Afrika op groot skaal aan te moedig. Die saad van die Natal Common-tipe grondbone, wat 'n hoër opbrengs per hektaar gelewer het, minder vatbaar vir droogtetoestande en meer geskik vir oliepersing was, is beskikbaar gestel. 'n Gewaarborgde produsenteprijs vir gedopte grondbone is voor die aanvang van die produksieseisoen aangekondig, sowel as ander maatreëls wat daarop gemik was om die bedryf te ondersteun.

Daarna het die produksie van grondbone stelselmatig vinnig gegroei, vanaf 8 000 ton gedopte grondbone in 1946 tot 79 000 ton in 1952.

Oor die tien jaar periode vanaf 1970/1971 tot 1979/1980 was gemiddeld 280 000 ha/jaar onder grondbone verbou, met die grootste aanplanting van 373 000 ha in 1970/1971 en die kleinste in 1976/1977, toe slegs 185 000 ha geplant is. Oor die volgende tien jaar het die gemiddelde jaarlikse grondbone-aanplantings tot 221 000 ha afgeneem en in die tydperk vanaf 1990/1991 tot 1997/1998 nog verder tot 'n gemiddeld van 161 000 ha/jaar.

In die tydperk vanaf 1997 tot ongeveer 2009 het die gemiddelde opbrengs per hektaar wel 'n stygende tendens getoon. By nadere ondersoek blyk dit dat dit waarskynlik toegeskryf kan word aan die feit dat verbouing van grondbone op droëland afgeneem het terwyl dit onder besproeiing toegeneem het.

Grondbone is baie sensitief vir ongunstige klimaatstoestande, wat grootliks verklaar waarom daar nie 'n groot korrelasie bestaan tussen die totale oppervlakte waarop grondbone geplant is en die totale opbrengs daarvan nie, soos wat die grafiek hierbo aantoon.

### **Oesproses**

Tradisioneel is in die oesproses van grondbone baie van hande-arbeid gebruik gemaak. Die grondboonplante is met die hand uit die grond getrek en in hopies gepak totdat dit die regte voginhoud bereik het, waarna die peule geoes en in sakke geplaas is. Dit het ook beteken dat die oes in sakke aan kopers gelewer is.





Grondboneproduksie was dus 'n baie arbeidsintensiewe proses en die mening was oor die algemeen gehuldig dat die afname in produksie daarvan vanaf ongeveer 2002 tot 'n groot mate toegeskryf kon word aan arbeidsprobleme as gevolg van nuwe arbeidswetgewing wat na 1994 in Suid-Afrika van toepassing geword het, sowel as die stygende arbeidskoste wat dit vir produsente meer lonend gemaak het om ander gewasse te plant wat in elk geval minder sensitief vir ongunstige klimaatstoestande is.

In die laat 1990's het die opvatting ontstaan dat die produksie van grondbone slegs op groot skaal in Suid-Afrika uitgebrei sou word indien die proses tot 'n groter mate meganiseer kon word. Berekenings wat in 1999 gedoen is, het egter daarop ge- dui dat dit op daardie stadium goedkoper was om grondbone op die tradisionele manier te oes as met die beskikbare meganisasie-oplossings. Gevolglik het baie produsente die bedryf verlaat.

Sedert die vroeë 2000's is meganiese oesprosesse wel ingevoer, wat dit ook moontlik gemaak het om grondbone in losmaat te kon inlewer, met 'n gevolglike besparing op arbeidskoste. Dit het ook geblyk dat die meganiese oesprosesse die gemiddelde gradering van die produsente verhoog het, met meer keur- en diverse graad as wat die tradisionele proses opgelewer het.

Die meganisasietoerusting wat daarvoor benodig word, was egter baie duur en kon baie moeilik deur kleiner produsente bekostig word. Die proses vereis ook ander infrastruktuur as die tradisionele metode. Dit sluit in fasiliteite vir die los- maatontvangs en -hantering van grondbone, sowel as droërs wat geskik is om die grondbone wat meganies geoes is, tot die vereiste voggehalte te kan uitdroog.


### Produksiegebiede

In sekere dele van Suid-Afrika, veral die noordelike en oostelike gebiede, word grondbone redelik algemeen deur kleinboere vir eie gebruik geplant, omdat dit 'n belangrike bron van voeding in daardie gebiede is. Op kommersiële basis word grondbone egter hoofsaaklik in die westelike somerreëvalgebiede van die land verbou, beide onder besproeiing en droëland. In die tydperk vanaf 2008 tot 2013 is sowat 36% van Suid-Afrika se grondbone in die westelike en noord-westelike dele van die Vrystaat Provinsie geproduseer, met sowat 30% in die Noordwes en 28% in die Noord-Kaap.

**Grafiek 23** toon die verspreiding van grondboneproduksie in die verskillende provinsies van Suid-Afrika vir die tydperk vanaf 1993/1994 tot 2013/2014.

### Aflatoksien

Hoë aflatoksienvlakke in grondbone is een van die grootste risiko's van die grond- bonebedryf. Aflatoksien is 'n fungus wat veral by grondbone met 'n hoë voginhoud vinnig versprei indien dit nie behoorlik bestuur word nie. Internasionaal is die tole- ransievlakke vir aflatoksienbesmetting baie streng ten einde die risiko vir mensevoe- ding te bestuur, wat die risiko met die uitvoer van grondbone verhoog het. Die



Grafiek 23: Verspreiding van grondboneproduksie per provinsie vanaf 1993/1994



besmetting kan wel deur blansjering van die besmette grondbone teengewerk word, maar dit gaan met hoë koste gepaard.

Ten einde die verspreiding van aflatoksien te beperk, moet alle verwerkingsinfrastrukture in Suid-Afrika aan streng vereistes van die Departement van Gesondheid voldoen. Fisiese toetse word op monsters van alle lotte gedoen voordat dit verkoop mag word.

### **Kultivars**

Suid-Afrika produseer feitlik uitsluitlik die Spaanse tipe grondbone en hoewel navorsing ten opsigte van die ontwikkeling van grondbonekultivars deurlopend aandag geniet, was slegs die volgende goedgekeurde kultivars in 2013 in Suid-Afrika beskikbaar:

<b>Geregistreerde kultivars 2013</b>			
Akwa (254)	Harts (254)	Kwarts (254)	Phb 96B01 R (411)
Anel (254)	JL 24 (959)	Rambo (254)	Phb 95Y41 R (411)
Billy (254)	Kangwane Red (254)	Sellie	Phb 95Y40 R (411)
Robbie	PAN 9212	Tufa (254)	Phb 95Y20 R (411)
Mwenje (1137)	SA Juweel (254)	Inkanyezi (959)	Phb 95B53 R (411)
Nyanda (1173)			

Gesien in die lig van 'n groeiende vraag na grondbonevariëteite wat 'n hoër opbrengs lewer, het die LNR gedurende 2011 en 2012 spesifiek navorsing daaroor gedoen in verskeie van die lande wat groot produsente van grondbone is. Die LNR het tot die slotsom gekom dat die beste alternatief vir Suid-Afrika waarskynlik sou wees om saad vir vermeerdering vanaf Senegal in te voer.

Gedurende 2012 is egter ook vasgestel dat sommige van die groter rolspelers in die bedryf onafhanklik van die LNR nuwe teelnyne/variëteite ingevoer het in 'n poging om produksie-opbrengs te verhoog, omdat hulle ontevrede was met die LNR se teelprogram ten opsigte van variëteite wat 'n hoër opbrengs kan lewer.

### **Bemaking**

Tydens die bestaan van die Oliesaderaad is grondbone volgens 'n eenkanaalstelsel bemark, met pryse wat ingevolge die Oliesaadbeheerskema bepaal is. Na die afskaffing van beheer in 1997 is grondbone se prys in die markplek gevorm, gedryf deur vraag, aanbod en kwaliteit.


Grafiek 24 (op bladsy 60) toon die jaarlikse verandering van grondbonepryse vergeleke met die tonne geproduseer vanaf 1990/1991 tot 2013/2014. Dit toon 'n duidelike korrelasie tussen die totale aantal tonne geproduseer en die produsenteprys, maar geïndekseerde prysvergelings toon wel dat die produsenteprys vanaf 2006/2007 struktureel aansienlik hoër is as die geskiedkundige prys.

'n Studie wat in 2012 deur die Bureau for Food and Agricultural Policy (BFAP) uitgevoer is, het bevind dat 'n gebrek aan onderlinge vertroue in die grondbone-industrie se waardeketting 'n demper plaas op inisiatiewe om dit te groei en ekonomies van skaal te herwin ten einde die deurlopende voorsiening van hoë kwaliteit grondbone aan die mark te kan verseker. Die mening is uitgespreek dat 'n totale omkeerstrategie in die bedryf in Suid-Afrika nodig was en dat dit deur die groot rolspelers gedryf moet word, 'n proses waarin hulle meen die Grondboneforum 'n belangrike koördinerende rol kan speel.


Daar is ook bevind dat groot onsekerheid oor prysvorming in die grondbonebedryf heers, veral ten opsigte van voorseisoenkontrakte, wat 'n belangrike rol speel in produsente se besluit om grondbone te plant al dan nie. Die aanbeveling was dat 'n spesifieke prysstrategie nodig is om 'n deursigtige prysbepalingsmeganisme daar te stel en dat die moontlikheid ondersoek moet word om 'n prysverskansingsmeganisme vir grondbone in te stel.

Grondbone wat in Suid-Afrika verbou word, is tradisioneel 'n uitvoerprodukt en ten spyte van die probleme wat die bedryf ondervind, is Suid-Afrika 'n netto uitvoerder





Grafiek 24: Vergelyking produsentepryse met totale opbrengs per jaar vanaf 1990/1991 tot 2014/2015



Grafiek 25: Grondbone – bruto opbrengs

van grondbone, omdat die plaaslike produksie in die meeste jare die plaaslike verbruik oorskry. Plaaslike pryse word dus tot 'n groot mate deur uitvoerpariteit bepaal.

Die uitvoermark stel baie hoë vereistes ten opsigte van die kwaliteit van grondbone en veral die voorkoms van aflatoksien daarin. Grondbone-uitvoere het in 1999 geweldige probleme opgelewer en heelwat besendings is vanaf oorsese bestemmings na Suid-Afrika teruggestuur, omdat die gehalte nie aanvaarbaar was nie. Bewens onaanvaarbare hoë vlakke van aflatoksienbesmetting, het vermening van kultivars voorgekom, wat eweneens nie vir die internasionale kopers aanvaarbaar was nie, veral omdat hulle daaraan gewoond was dat Suid-Afrikaanse grondbone van baie goeie kwaliteit was en dikwels teen 'n premie verhandel het.

Teen 2013 is grondbone hoofsaaklik na Nederland, Duitsland, Japan en Mexiko uitgevoer.

## Sonneblom

### Aanwending

In Suid-Afrika word sonneblomsaad feitlik uitsluitlik vir die vervaardiging van olie en oliekoek gebruik – ongeveer 95% daarvan. Die res word hoofsaaklik vir menslike gebruik en in troeteldierkos aangewend. Sonneblomolie word hoofsaaklik vir menslike gebruik aangewend, hetsy in skoon of verwerkte vorm. Oliekoek word in Suid-Afrika egter uitsluitlik vir die vervaardiging van veevoer verkoop.

Anders as in die geval van sojaboonoliekoek waarvan die produksie sedert 2005/2006 aansienlik gegroei het, het die produksie van sonneblomoliekoek feitlik op dieselfde vlakke gestagneer en die voorspellings is dat dit voortaan tussen 700 000 en 800 000 ton/jaar sal wissel.




### ***Produksie***

Sonneblom presteer beter as die meeste ander graangewasse onder ongunstige, droë klimaatstoestande, wat moontlik verklaar waarom dit 'n gewilde gewas is om in die meer marginale produksiegebiede van Suid-Afrika te verbou.


Sonneblom is 'n goeie wisselbougewas met mielies en daar bestaan 'n redelike korrelasie tussen die oppervlakte waarop mielies en sonneblom, onderskeidelik, geplant word, omdat produsente maklik kan oorskakel na sonneblom wanneer die optimale plantdatum vir mielies verby is. Dit verklaar ook deels waarom sonneblomproduksie van jaar tot jaar redelik baie wissel, soos wat Grafiek 26 (op bladsy 62) aantoon.

In 2008 was Suid-Afrika die wêreld se tiende grootste produseerder van sonneblomsaad, wat hoofsaaklik in die Vrystaat, Noordwes, Limpopo en die hoëveld van Mpumalanga geproduseer is.






Grafiek 26: Sonneblomproduksie vanaf 1950/1951 tot 2014/2015 – die effek van die 1992-droogte wat ook die sonneblomproduksie benadeel het



Grafiek 27: Mielieproduksie teenoor sonneblomproduksie – hektaar per jaar vanaf 1950/1951



Grafiek 28: Sonneblomproduksie per provinsie vanaf 1993/1994 tot 2014/2015



### ***In- en uitvoer***

Sonneblomsaad word tradisioneel op 'n baie beperkte skaal deur Suid-Afrika uitgevoer, veral omdat die uitvoer daarvan as gevolg van die massa-volumeverhouding as onekonomies beskou is. Sonneblomsaad mag alleenlik uitgevoer word indien dit aan die voorgeskrewe fitosanitêre vereistes voldoen en deur PPECB as geskik vir uitvoer gesertifiseer is.

Gedurende die eerste helfte van 1996 het 'n skerp daling in die rand/dollar-wisselkoers en 'n sterk vraag na plantaardige olie en oliekoek in Europa en Brittanje 'n goeie geleentheid vir die winsgewende uitvoer van sonneblomsaad geskep, na aanleiding waarvan 100 000 ton daarvan uitgevoer is. Dit was die eerste uitvoere van sonneblomsaad deur Suid-Afrika in meer as 'n dekade.

Suid-Afrika is 'n netto invoerder van sonneblomolie, wat dus teoreties ruimte laat vir die uitbreiding van plaaslike sonneblomproduksie. Die feit is egter dat oliekoek wat van sonneblomsaad verkry word, nie van dieselfde hoë kwaliteit as dié van, byvoorbeeld, sojabone is nie. Die mark vir sonneblomoliekoek is ook beperk weens beperkte gebruik daarvan in veevoerformulerings as gevolg van hoë veselinhoud. Hierdie feite plaas 'n demper op die motivering om produksie van sonneblom uit te brei.

### ***Bemaking en pryse***

Gedurende die gereguleerde tydperk het die Oliesaderaad die meeste aspekte van die oliesade-industrie en dus ook sonneblom in 'n eenkanaalstelsel beheer. Produsentepryse van sonneblomsaad is deur plaaslike vraag en aanbod sowel as pryse van die Oliesaderaad se uitvoerpoele bepaal en het nie gedurende die seisoen gewissel nie. Hierdie situasie het egter in die laaste jare voor die inwerkingtreding van die Wet op Bemaking van Landbouprodukte in 1997 en die gepaardgaande afskaffing van beheerrade drasties verander.

Op 'n NOPO-kongres wat op 10 Maart 1994 gehou is, is besluit om by die Minister van Landbou, dr Kraai van Niekerk, aan te beveel dat die eenkanaalpoelstelsel vir sonneblomsaad sowel as sojabone, behou word, maar dat dit jaarliks hersien moet word. Daar is ook aanbeveel dat produsente gedurende die 1994/1995-seisoen toegelaat moes word om sonneblomsaad en sojabone direk aan geregistreerde verwerkers te lewer. Die aanbevelings is deur die minister aanvaar en op 22 April 1994 is die Oliesadeskema dienooreenkomstig gewysig.

By NOPO se kongres in 1995 is aanbevelings vir veranderings aan die Oliesadeskema vanaf die 1996/1997-seisoen aanvaar wat die weg vir volle deregulering van die oliesadebedryf gebaan het. Dit het ingesluit dat pryse van sonneblomsaad en sojabone voortaan in die markomgewing gevorm moes word, dat die produkte vryelik tussen produsente en kopers verhandel kon word, dat internasionale mededingendheid nagestreef moes word en dat 'n realistiese tarifieringsbeleid vir oliesade en oliesaadprodukte gehandhaaf moes word. Verder is aanbeveel dat die Oliesaderaad behou moes word om sekere funksies te vervul, onder andere, om 'n surplusverwyderingstelsel vir grondbone en sonneblomsaad te administreer.

Die beginsels van die vrye mark wat hierdeur ingevoer is, het vereis dat produsente deeglik kennis moes neem van die vraag-en-aanbodposisie in Suid-Afrika en hulle produksie daarvolgens moet aanpas, aangesien daar nie langer net een gewaarborgde koper was nie. Versuim om dit te doen het byvoorbeeld in 1996 tot 'n ooraanbod van sonneblomsaad gelei, omdat produsente nie ag geslaan het op inligting wat die Oliesaderaad in Januarie en Februarie van daardie jaar bekendgestel het nie. Die Raad het naamlik bekend gemaak dat die aanvanklike kontrakke vir die plaaslike sonneblomoes feitlik volskryf was, maar nogtans is bykans 90 000 ha sonneblom daarna aangeplant. Dit het uiteindelik 'n ooraanbod van 75 000 ton sonneblomsaad in die binnelandse mark tot gevolg gehad wat teen ongunstige en onwinsgewende pryse verkoop moes word.

Deregulering het noodwendig gelei tot gedifferensieerde pryse vir oliesadeprodukte na gelang van die afstand vanaf die belangrikste markte en die tyd van lewering van die produkte. Dit het produksie in gebiede ver van die markte ontmoedig. In die gedereguleerde omgewing het kontraktering direk tussen produsente en kopers geskied, met verhoogde risiko vir produsente. Daarbenewens



## VERGOED OP OLIE-INHOUD, VRA PRODUSENTE

Tydens NOPO se kongres in Februarie 1997 is versoek dat produsente ooreenkomstig die olie-inhoud van sonneblomsaad vergoed word. Die reaksie van die verwerkers was dat hul bereid sou wees om produsente sodanig te vergoed, mits die sonneblomsaad op grond van oliebasis vir hulle aangebied kon word. Uit gesprekke met die silo-industrie het dit egter geblyk dat dit logisties nie moontlik sou wees om sonneblomsaad volgens die verskillende olie-inhoudsvlakke in silo's te berg nie en die versoek kon nie op groot skaal geakkommodeer word nie.

Een van die groot landboubesighede in Suid-Afrika, Senwes, het wel besluit het om gedurende die 1998-seisoen sonneblom op 'n oliebasis aan te koop. Die produsenteprys sou bereken word op 'n olie-inhoud van 42%, met 'n glyskaal wat in werking tree wanneer die olie-inhoud hoër of laer as 42% was.

het die beskikbaarheid van gehalte markinligting 'n wesenlike risiko vir produsente ingehou.

Voortspruitend uit die Uruguay-rondte van die AOTH is kwantitatiewe invoerbeheer ten opsigte van oliesade in 1995 met tariefbeheer vervang. 'n Noodwendige gevolg daarvan was dat enige persoon oliesadeprodukte kon invoer teen betaling van die tarief, onderhewig aan fitosanitêre vereistes, wat beteken het dat Suid-Afrikaanse produkte tot 'n groter mate aan internasionale mededinging blootgestel is. Die internasionale pryse het dus 'n belangriker faktor in die vestiging van die binnelandse produsenteprys geword.

Sedert sonneblomsaad in Februarie 1999 op Safex begin verhandel het, was dít die forum waar die prys daarvan bepaal is. Die prysvlakke van sonneblomsaad word wel deur die plaaslike vraag en aanbod daarvan beïnvloed, maar die vraag en aanbod van sonneblomolie in sowel die plaaslike as die internasionale markte speel ook 'n rol.

Dit blyk dat die internasionale prys van sonneblomolie as 'n riglyn vir die Suid-Afrikaanse prys van sowel sonneblomsaad as sonneblomolie dien. Die Argentynse sonneblomolieprys is veral van belang, omdat die twee lande se bemarkingseisoene ooreenstem. Die feit dat Suid-Afrika 'n netto invoerder van sonneblomolie is, wat as ru-olie ingevoer word, beteken dat die plaaslike sonneblomprys naby aan invoerpariteit verhandel.

In die aanloop tot groter deregulering van die landboubedryf en spesifiek met die verandering van die eenkanaalbemarkingstelsel vir sonneblomsaad na 'n surplusverwyderingskema, het Minister Hanekom (Landbou en Grondsake) gedurende Januarie 1996 toestemming gegee dat 'n bedrag van R34,26 miljoen betaal word aan sonneblomprodusente wat vanaf 1988/1989 tot 1994/1995 sonneblomsaad aan die Oliesaderaad verkoop het. Die bedrag is betaal uit fondse wat in die sonneblomreserwe opgeloop het en wat die Oliesaderaad se behoefte aan reserwes vir die nuwe surplusverwyderingskema oorskry het.

### **Navorsing en inligting**

Navorsing ten opsigte van sonneblom, sojabone en grondbone word onder andere gefonds uit die inkomste van die Olie-sadetrust en die Proteien Navorsingstigting (PNS).

In die tydperk voor die totstandkoming van Graan SA, het NOPO 'n inligtingsdiens per outofaks ingestel en suksesvol bedryf. Die inligtingsfunksie oor die sonneblom-industrie word tans hoofsaaklik deur SAGIS verrig, terwyl Graan SA 'n belangrike rol speel in die bevordering van die bedryf in geheel.

### **Sojabone**

#### **Oorsprong**

Uit die Cedara Memoirs blyk dit dat sojabone in 1903 in Suid-Afrika bekendgestel is.



Die saad is vanaf China ingevoer, maar produsente het min of geen kennis daarvan gehad nie en het heelwat probleme met die verbouing daarvan ondervind, veral omdat daar ook nie veel inligting beskikbaar was nie. Sojaboonproduksie het dus nie dadelik werklik in Suid-Afrika posgevat nie.

Die destydse Departement van Landbou het egter vasbeslote daaraan gewerk om die produksieprobleme deur die ontwikkeling van gevorderde produksiemetodes te verminder. Die Departement het ook verskeie inisiatiewe geloods om begrip te kweek vir die geleenthede wat sojaboonproduksie in Suid-Afrika gebied het en die produksie van die gewas aan te moedig.

In 1942 is 'n Voerkomitee aangestel om spesifiek ondersoek in te stel na sake rakende veevoer en die verbetering daarvan. Daardie komitee, tesame met die Departement van Landbou, die Oil Expressers Association en die Animal Feed Manufacturers Association (AFMA) het waarskynlik daarna die belangrikste rol gespeel om die produksie van sojabone in Suid-Afrika te stimuleer.

### Produksie

Suid-Afrika is tradisioneel 'n invoerder van sojabone.


Gedurende die 1940's is sowat 75% van Suid-Afrika se behoefte aan olie- en proteïensade, wat sojabone ingesluit het, vanaf Europa en die VSA ingevoer, aangesien die plaaslike produksie nie in die vraag kon voorsien nie. Kommer oor die beskikbaarheid van vragruimte om oliesade in te voer het klaarblyklik die Oil Expressers Association gemotiveer om die stigting van die Animal Feed Manufacturers Association (AFMA) te finansier met die oogmerk om die invoer en verspreiding van veevoer met 'n hoë proteïënhoud in Suid-Afrika te fasiliteer.

Navorsing wat te Potchefstroom oor die produksie van sojabone gedoen is, het gelei tot die bekendstelling in 1950 van die eerste sojaboonkultivar wat spesifiek vir Suid-Afrikaanse toestande gekweek is. Die kultivar het as Geduld bekend gestaan.

Ondanks deurlopende pogings en navorsing om die produksie van sojabone in Suid-Afrika te verhoog, het dit eers gedurende die laat 1990's redelike momentum begin kry, maar selfs na 2010 het sojabone steeds net 'n klein, hoewel belangrike en groeiende komponent, van die Suid-Afrikaanse graanekonomie uitgemaak.

Toenemende opbrengste, ondersteun deur 'n gunstige landboubeleidsomgewing wat die kommersialisering en gebruik van landboubiotegnologie ondersteun het, asook die gebruik daarvan as wisselbougewas vir mielies, het dit vir kommersiële produsente moontlik gemaak om gemaklik vanaf die produksie van tradisionele graansoorte na sojabone oor te skakel.

Grafiek 29 toon die veranderings in die omvang van produksie van oliesade in Suid-Afrika vanaf 1970/1971. Die groei in produksie van sojabone relatief tot die ander oliesadegewasse blyk duidelik daaruit.




Grafiek 29: Veranderings in tonnemaat produksie van oliesade in Suid-Afrika vanaf 1975/1976 tot 2013/2014


**DIE CEDARA MEMOIRS  
ON SOUTH AFRICAN  
AGRICULTURE IS DEUR  
ER SAWER IN  
SAMEWERKING MET  
DIE DEPARTEMENT VAN  
LANDBOU VAN NATAL  
GESKRYF EN IN 1909  
UITGEGEE.**

**DIT HET OOR  
VERSKILLENDE  
VERTAKKINGS VAN  
DIE SUID-AFRIKAANSE  
LANDBOUBEDRYF  
GEHANDEL, WAARONDER  
GRAAN, LEWENDEHAWE  
EN TABAK.**





Grafiek 30: Sojaboonproduksie en verbruik vanaf 1976/1977 tot 2014/2015



Grafiek 31: Sojaboonpryse vanaf 1990/1991 tot 2014/2015

### Invoere

Plaaslike produksie voorsien slegs in 'n relatiewe klein deel van die Suid-Afrikaanse vraag na sojabone, soos wat die tabel oor produksie en verbruiksyfers aantoon. Gevolglik word 'n groot deel van die binnelandse vraag na sojabone nog steeds ingevoer.

Sojameel word hoofsaaklik uit Argentinië ingevoer, terwyl sojaboonolie grootliks vanaf Argentinië en Brasilië ingevoer word.

Sojaboonsaad word vanaf verskeie lande ingevoer, waaronder die VSA, Nieu-Seeland, Japan, Australië en 'n aantal Europese lande. Suid-Afrika produseer egter self ook sojaboonsaad, wat deur die Plantverbeteringswet van 1976 gereguleer word. 'n Geedeelte daarvan word uitgeoer, hoofsaaklik na naburige lande, maar 'n kleiner gedeelte ook na lande in Asië, Suid-Amerika en Europa.

### Produsentepryse

Suid-Afrikaanse sojaboonpryse word hoofsaaklik beïnvloed deur die grootte van die oes in Suid-Amerika, internasionale vraag en aanbod-tendense, skeepsvragtariewe en die rand/dollar-wisselkoers.

### Ontwikkeling

Die veranderde strategiese belang van sojabone, aanvanklik as 'n belangrike bron van proteïene in die vervaardiging van diervoeding en later as 'n sleutelbestanddeel in voedsel vir mens en dier, het mettertyd tot 'n groter aanvaarding van sojabone in die Suid-Afrikaanse landbou-omgewing gelei en het dit 'n plek in beleidsake begin kry. Die beleidsinisiatiewe het die status van sojabone as kontant-



sowel as voedselgewas verhoog, wat ook saadmaatskappye aangemoedig het om verbeterde saadvariëteite te ontwikkel.

Die Departement van Handel en Nywerheid het vanaf ongeveer 2010 uitgebreide prosesse geïnisieer met die oog op die ontwikkeling van nuwe sojaverwerkingsaanlegte en verbeterings aan bestaande fasiliteite.


Daarbenewens het die hoë voedingswaarde van sojabone en die verhoogde industriële vraag daarna die verbouing van sojabone vanaf ongeveer 2010 aangehelp. Die aantreklikheid van sojaboonproduksie en die waarde van die bedryf is verder aangehelp deur goeie oesopbrengste in veral die top sojaboonproduserende gebiede, gekoppel met gunstige markpryse wat die opbrengs per hektaar vir produsente aansienlik verhoog het. Markomstandighede het ook sodanig begin verander dat die verwerking van sojabone meer aantreklik geword het en inderdaad toegeneem het, wat die vraag na sojabone verder verhoog.

Veral sedert die inwerkingtreding van die Wet op Geneties Gemanipuleerde Organismes in 1997, waarna nuwe GMO kultivars in die RSA vrygestel is, het die oppervlakte waarop sojabone verbou is, sowel as totale produksie, aansienlik toegeneem. Tussen 1997 en 2014 het die area van 87 000 ha tot 502 900 ha en produksie van 120 000 ton tot 867 700 ton toegeneem, soos op die bostaande diagram aangetoon word. Die BFAP voorspel dat dit kan uitbrei tot soveel as 605 000 ha teen 2020 en dat die opbrengs per hektaar in daardie tydperk aansienlik sal verbeter, wat as 'n groot insentief vir produsente kan dien om sojaboonproduksie verder uit te brei. Die BFAP voorspel ook dat die plaaslike vraag na sojameel vanaf 2012 tot 2020 kan verdubbel.

Hierdie faktore en verwagte ontwikkelings, tesame met die waarde van sojabone as 'n rotasiegewas, weens verhoogde stikstofvlakke in die grond, dui op goeie vooruitsigte vir Suid-Afrikaanse sojaboonproduksie.







Grafiek 32: Die verhoudelike produksie van sojabone per provinsie vanaf 1993/1994 tot 2014/2015

**DIE NAAM CANOLA IS DEUR DIE WESTERN CANADIAN OILSEED CRUSHERS ASSOCIATION GEREGISTREER.**

**DIE NAAM IS SOOS VOLG SAAMGESTEL: "CAN" VANAF CANADA, "O" VANAF OIL EN "LA" VANAF "LOW ACID".**

### Produksiegebiede

Nie alle provinsies in Suid-Afrika is ewe geskik vir die produksie van sojabone nie. Gedurende die 2013-seisoen is byvoorbeeld gerapporteer dat sojabone hoofsaaklik in die Vrystaat (42%), Mpumalanga (40%) en KwaZulu-Natal (6%) Provinsies verbou is. Klein aanplantings is wel in die Limpopo, Gauteng en Noordwes Provinsies aangetref.

### Kanola

#### Produksie

Kanola is 'n wintergewas wat veral in die blom-, peulvorm-, en saadsetstadiums relatief koel, vogtige toestande verlang vir die beste resultate. In Suid-Afrika kan kanola verbou word in alle gebiede waar koring verbou word, maar dit lewer nie orals dieselfde goeie resultate nie. Tans (2016) vind kommersiële kanolaverbouing hoofsaaklik in die Wes- en Suid-Kaap plaas.


In Suid-Afrika word net kanola *brassica napus* kommersieel verbou.

Soos in die geval van koring, word kanolakultivars hoofsaaklik volgens behoefte aan koue ingedeel. Dit word in wintertipes, intermedietetipes en lentetipes ingedeel. Hierdie benaming het weinig te doen met die tyd van die jaar wanneer dit geplant word, maar veel meer met die kultivars se behoefte aan koue. Die lentetipe is die mees geskikte vir Suid-Afrikaanse omstandighede.

Kanola pas baie goed in by 'n rotasiestelsel vir koring, dit lewer 'n goeie bydrae tot die gehalte van die grond en vergemaklik onkruidbeheer op die land. Oorskakeling vanaf koring- na kanolaproduksie vereis nie noodwendig 'n groot addisionele kapitale belegging nie, omdat baie van die implemente wat gebruik word dieselfde is as dié vir koringproduksie. Aanpassing met vervoer is wel nodig omdat die saad baie klein is en maklik uit gewone massavragte verloor kan word.

Kanola/raapsaadoeste is van die grootste onder oliesade in die wêreld en het in 2009/2010 bykans 14% van die wêreld se totale oliesadeproduksie bygedra. In daardie jaar was die totale kanola/raapsaadproduksie in die wêreld bykans 55 miljoen ton.

Kwynende winsmarges uit die produksie van tradisionele wintergraangewasse, as gevolg van lae produsentepryse en immer stygende insetkoste gedurende die laat 1980's, het 'n behoefte laat ontstaan aan alternatiewe kontantgewasse wat in die Swartland en Suid-Kaap verbou kon word. Dit het daartoe gelei dat saad van vier gewasse vir proewe ingevoer is, naamlik kanola, lynsaad, sonneblom en verblom. Proewe wat oor 'n tydperk van drie jaar, vanaf 1990 tot 1992, op verskeie plekke in die Swartland en Suid-Kaap met die vier gewasse gedoen is, het daarop gedui dat kanola wat van Australië afkomstig was, die beste potensiaal vir die gebied getoon het. Gevolglik is besluit dat die meeste klem daarop gelê sou word.



Grafiek 33: Kanolaproduksie



Kanola is vir die eerste keer in 1992 in Suid-Afrika geproduseer toe 13 kg saad tussen 30 produsente verdeel is om die eerste kanola op 'n kommersiële basis in die land te verbou. Die oes, wat op sowat 400 ha verbou is, het in totaal ongeveer 500 ton kanola opgelewer.

Vanaf hierdie beskeie begin het die kanolabedryf veral in die Suid-Kaap baie vinnig gegroei en is daar in 1996 alreeds ongeveer 15 000 ha kanola in hierdie gebied geplant. Produksie van kanola in die Suid-Kaap is verder bevorder deur die stigting van die maatskappy Southern Oil Bpk (SOILL) in 1996, wat 'n oliepers te Swellendam opgerig het.

Hoewel produksie in die Swartland nie so vinnig soos in die meer suidelike dele van die Wes-Kaap toegeneem het nie, het die oprigting van 'n oliepers op Moorsburg gedurende 1998/1999 ook die produksie van kanola in daardie gebied bevorder. Die pers is later gesluit en kanola van die gebied word na Swellendam gestuur.

Gedurende die jare 1998/1999 tot 2003/2004 het die oppervlakte waarop kanola verbou is, vanaf 21 000 ha tot meer as 44 000 ha toegeneem, maar daarna weer teruggesak tot tussen 32 000 ha en 34 000 ha vir die jare 2006/2007 tot 2008/2009. Hierdie stagnasie en selfs afname in produksie kan aan verskeie faktore toegeskryf word, waarvan lae en wisselvallige opbrengste een van die belangrikstes was. Kanolaprodusente in die Suid-Kaap het gedurende daardie tydperk ook probleme ondervind met slakke en plantluise wat landerye sodanig beskadig het dat dit dikwels hersaai moes word.

Suid-Afrika se kanolaproduksie lewer slegs 'n baie klein bydrae tot wêreldproduksie. In 2008/2009 was dit sowat 30 000 ton van 'n wêreldproduksie van 57,97 miljoen ton. Teen 2013/2014 het dit tot sowat 139 500 ton toegeneem, teenoor die wêreldproduksie van sowat 71 miljoen ton.

Nogtans word dit beraam dat die potensiaal vir kanolaverbouing in die Swartland en Suid-Kaap sowat 150 000 ha is, met die belangrikste gebied vir uitbreiding in terme van hektare in die Swartland.

### Opbrengs

In die Swartland en Suid-Kaap varieer opbrengste onder droëland vanaf 1,0 ton/ha tot 1,8 ton/ha, maar opbrengste van tot 2,5 ton/ha is al deur produsente verkry. Onder besproeiingstoestande is opbrengste van meer as 4 ton/ha al in proewe behaal.

### Wisselbou

Kanola is 'n uitstekende wisselbougewas met ander graan- en weidingsgewasse. Veral die tipes wat weerstand teen onkruid bied, maak dit moontlik dat kanola in groot gebiede in 'n wisselboustelsel met koring ingesluit kan word. In



die Swartland word dit nie meer as een keer in 'n vier jaar siklus op dieselfde land verbou nie en in die Suid-Kaap nie meer as een of twee keer in 'n tien jaar siklus nie.

In wisselboustelsels soos hierdie het kanola meestal 'n verhoging in die opbrengs van daaropvolgende graangewasse tot gevolg. Vergeleke met 'n koringmonokultuurstelsel oor 'n vyfjaarperiode te Langgewensproefplaas het koringopbrengste met 20% toegeneem in die eerste jaar nadat kanola op dieselfde land verbou is. Verdere voordele van kanola in 'n wisselboustelsel is die vermindering van siektes, meer doeltreffende onkruidbeheer, verbeterde wortelstelsel as gevolg van 'n biologiese ploegaksie, doeltreffender benutting van planters en oesmasjiene en beter verspreiding van finansiële risiko.

Kanola word hoofsaaklik vir die vervaardiging van kanola-olie en -oliekoek aangewend en ding in die Suid-Afrikaanse mark met ander oliesade, soos sonneblom en sojabone, mee.

Kanola se olie-inhoud wissel tussen 36% en 50% olie en 20% tot 25% oliekoek met 'n proteïeninhoud van bykans 37%. Sowel onverwerkte kanola as kanola-oliekoek is hoë kwaliteit produkte en is 'n baie goeie voeding vir vee.

Aangesien 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse vraag na plantaardige olie ingevoer word, speel die internasionale prys van oliesade 'n wesenlike rol in die prysbepaling van die plaaslike oliesade en dus ook oliekoek. Kanola se plaaslike prys word op sy beurt weer op die plaaslike prys van sonneblom- en sojaboonprodukte gebaseer.

Internasionaal het kanola se produksie vanaf die middel 1970's toegeneem vanaf die sesde grootste oliesadegewas tot die tweede grootste in 2013. Die toename in Suid-Afrika blyk uit die diagram hierbo.

Die proses vir die kweek van kanolasaad is baie tegnies. Manlike en vroulike plante word afsonderlik geplant en bestuiwing vind uitsluitlik deur middel van heuningbye plaas. Samewerking tussen kanolaprodusente en heuningboere is dus van uiterste belang.

In lande soos Kanada en Australië is vermeerdering van kanolasaad 'n groot bedryf, maar in Suid-Afrika is tot in 2015 nog geen kanolasaad geproduseer nie.

## BEWARINGSLANDBOU

### Inleidend

Die konsep en praktyk van bewaringslandbou is gefundeer op die besef van die absolute noodsaaklikheid van grond vir die produksie van voedsel vir 'n wêreldbevolking wat teen 'n geweldige koers toeneem, benewens vele ander uiters belangrike funksies wat dit vervul.

Die vertrekpunt van die bewaringslandboukonsep is dat bewaring en verbetering van die kwaliteit en gesondheid van grond noodsaaklik is vir volhoubare landbou, die omgewing en gevolglik ook plante, mense en diere. Grondgesondheid in hierdie konteks word gesien as die vermoë van grond, as lewende ekosisteem, om volgens potensiaal te presteer. Hierdie vermoë is egter iets wat met verloop van tyd agteruit gaan as gevolg van die verkeerde gebruik daarvan en die invloed van natuurlike elemente daarop.

Grond is nie 'n onuitputbare bron nie. Na beraming gaan nagenoeg 12 miljoen hektaar bewerkbare grond, waarop 20 miljoen ton graan geproduseer kon word, jaarliks wêreldwyd verlore as gevolg van gronddegradasie en het sowat 30% van die aarde se voedselproduserende grond vanaf ongeveer 1960 as gevolg van erosie onproduktief geword.

Indien dié tendens nie vinnig omgedraai word en grondbewaring en -verbetering 'n werklikheid word nie, kan dit onmoontlik word om genoeg voedsel vir die wêreld se groeiende bevolking te produseer. Kenners op die gebied glo dat bewaringslandbou 'n groot bydrae tot grondgesondheid en -bewaring kan maak.

In Suid-Afrika het volgehoue intensiewe grondbewerking uitermate hoë gronddegradasie in die graanproduserende gebiede tot gevolg gehad. In 'n studie wat











**Die Dust bowl van 1930's.**

gedurende 2008 deur die LNR uitgevoer is, is bevind dat die gemiddelde verlies aan grond as gevolg van graanproduksie in die land sowat 13 ton/ha/jaar beloop, wat baie hoër is as die koers waarteen natuurlike grondvorming plaasvind. Die slot-som is dat landbouproduksie- en -bestuursmodelle sal moet verander om ekonomies lewensvatbare landbouproduksie oor die lang termyn te verseker.

## **Ontstaan**

Die konsep van bewaringslandbou het in die 1930's tydens die sogenaamde "Dust Bowl" in die VSA ontstaan. Dit het verwys na ontsaglike gronddegradasie weens water- en winderosie wat die Amerikaanse produsente ervaar het as gevolg van intensiewe bewerkingspraktyke en gepaardgaande grondversteuring. Gedryf deur die besef dat hulle iets daadwerkliks daaromtrent sou moes doen, het die produsente begin eksperimenteer met bewaringslandboupraktyke en -beginsels. Nadat die Amerikaanse regering en die tegniese kundiges betrokke geraak het, het die benadering al wyer begin uitkring, waar produsente altyd aan die spits daarvan is.

In die daaropvolgende paar dekades het die benadering oorgespoel na lande soos Kanada, Suid-Amerika en Australië en in die laat 1960's ook na Suid-Afrika waar dit veral in KwaZulu-Natal posgevat het. Die KwaZulu-Natalse No Till-klub is gevorm, wat 'n belangrike bydrae gelewer het om die benadering onder plaaslike omstandighede te implementeer. In die 1980's en 1990's is baie navorsing oor bewaringslandbou in samewerking met die KwaZulu-Natal No Till-klub en sy lede gedoen.

In KwaZulu-Natal was daar dus 'n redelike goeie aanvaarding van die toepassing van bewaringslandboupraktyke. Dit het in die 1990's ook na die Wes-Kaap uitgebrei, waar die toetrede tot bewaringslandbou veral deur ekonomiese realiteite gedryf is. Die produsente in daardie gebiede was verplig om veranderings in hul boerderypraktyke aan te bring ten einde meer volhoubaar en ekonomies lewensvatbaar te wees.

Teen die einde van 2014 was daar na raming 'n sowat 70 - 80% aanvaarding van bewaringslandbou onder produsente in die Wes-Kaap en ongeveer 60% in KwaZulu-Natal, maar in die res van Suid-Afrika baie min.

Wêreldwyd word na raming jaarliks sowat 100 miljoen hektaar akkerbougewasse onder bewaringslandbou verbou. In lande soos Argentinië, Brasilië, die VSA en Australië beloop die aanvaardingsvlakke van bewaringslandbou onder produsente meer as 70%.

## **Produsente-innoveringsprogram vir Bewaringslandbou**

In Suid-Afrika het die Mielietrust in die tweede helfte van die 2000's besluit om 'n groter fokus op bewaringslandbou te plaas en het die Trust inderdaad fondse

vir bewaringslandbouprojekte bewillig. 'n Paar jaar later het die Mielietrust en Graan SA saam besluit om 'n pos te skep vir 'n kundige wat voluit daarop sal fokus om bewaringslandbou onder alle graanboere in Suid-Afrika te bevorder. Die pos, wat gedurende Januarie 2013 gevul is, is in Graan SA se strukture gevestig, maar deur die Mielietrust befonds, met 'n kleiner bydrae deur die Wintergraantrust.

Die program is in Graan SA as die Produsente-innoveringsprogram vir Bewaringslandbou gevestig met die volgende hoof strategiese doelwitte:

- Om groter bewusmaking vir bewaringslandbou te skep;
- om toegang tot inligting vir alle betrokkenes te verbeter;
- om beter opleiding van sleutelrolspelers in bewaringslandbou te bereik;
- om meer navorsing op die plaas te doen met produsente as deelnemers.

Dit word as belangrik vir die sukses van die program geag om produsente te erken en as primêre, unieke innoveerders te gebruik, omdat die sukses daarvan in die eerste plek afhang van aanvaarding en innovering deur die produsente. Navorsing word op die plaas gedoen in samewerking met verskillende rolspelers met die produsent in die sentrale rol, waardeur verseker word dat behoorlike klem gelê word op die ervaring en bewusmaking wat daarmee saamgaan, wat sleutelelemente van die program is. Wanneer dít bereik is, kan tegniese en wetenskaplike ondersteuning die bestuur van die proses suksesvol maak.

Die doel van die program is om produsente te bemagtig sodat hulle innoverend kan raak en volhoubare landboupraktyke implementeer en toepas.

Die proses wat gevolg word, is om eerstens goed georganiseerde en toegewyde produsentestrukture, soos studiegroepe, stokvels by kleinboere en No Till-klubs wat bereid is om die program te ondersteun, ook bekend as produsente-innoveringsplatforms, te identifiseer. In samewerking met daardie groepe produsente word projekte ontwerp waar prioriteite, aktiwiteite en gapings geïdentifiseer word. Ten einde die gapings aan te spreek, word ander rolspelers, soos navorsers, voorligters, insetverskaffers en vervaardigers betrek om volledige werkspakette te ontwerp en te implementeer. Die projek bestaan dus hoofsaaklik uit produsente, maar sluit ook tegniese en ander kundiges en ondersteuning in.

Graan SA het in 2013 met doelgerigte bewaringslandbouprojekte onder kommersiële produsente begin, waarvan die eerste saam met die Ottosdal No Till-klub in die Noordwes Provinsie was. Die oogmerk in 2014 was om addisionele fondse vanaf die Mielietrust te verkry en na nog produsente-innoveringsplatforms van hierdie aard te kanaliseer, veral in gebiede waar bewaringslandbou nog nie werklik aanvaar is of posgevat het nie. Die Oos-Vrystaat is een so 'n gebied, waar alreeds







spesifieke studiegroepe geïdentifiseer is wat Graan SA wil gebruik om projekte oor bewaringslandbou te skep en te loods.

Daar word beoog om nog meer soortgelyke projekte onder opkomende boere te loods. Vir daardie doel sal die benadering by die bestaande twee studiegebiede onder opkomende boere – een in die Bergville-distrik in KwaZulu-Natal en die ander in die Matatiele-distrik in die Oos-Kaap – gebruik word om produsente met die verbouing van mielies en peulgewasse by te staan.

Daar word verder alreeds met die Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram (Farmer Development Programme) gewerk om bewaringslandbou by hulle studiegroepe te implementeer. Die Program se klem sal dus ook tot 'n groter mate na bewaringslandbou verskuif omdat die praktyk soveel voordele ook vir opkomende boere inhou.

## Die stelsel

Bewaringslandbou word gesien as die ideale stelsel vir volhoubare en omgewingsvriendelike intensifisering in landbou, waardeur produsente hoër produktiwiteitsvlakke en winsgewendheid kan bereik en terselfdertyd grondgesondheid en die omgewing verbeter. Dit is 'n stelsel wat uit drie beginsels bestaan, wat verkieslik as een geheel geïmplementeer moet word:

- Verminderde meganiese versteuring van die grond.
- Gewasdiversifikasie, insluitende rotasie en die gebruik van dekgewasse. Die siening is dat hoe meer gewasse in 'n rotasiestelsel gebruik word, hoe beter is die resultate.
- Permanente organiese grondbedekking.

Wanneer daardie beginsels gelyktydig en behoorlik deur 'n produsent toegepas word, beïnvloed dit veral sy grondgesondheid, wat stabiliteit in die hand werk ten opsigte van produksie (deur die negatiewe effek van ongunstige klimaatstoestande teen te werk), inkomste en winsgewendheid, arbeidspraktyke, ensovoorts.

'n Belangrike voordeel van bewaringslandbou is dat dit die gronddegradasieproses stop en bydra tot die herstel van die grond se vrugbaarheid. Dit lei daartoe dat produsente kunsmis meer optimaal kan toedien en dat die gebruik van chemikalieë, soos pes- en onkruidodders, oor die algemeen kan verminder, terwyl oesopbrengste stabiliseer en oor die lang termyn selfs kan verhoog.

Kundiges verduidelik dat, indien die agro-ekologiese stelsel ten opsigte van graanverbouing verbeter, dit veroorsaak dat meer positiewe mikro-organismes in die grond gevorm word wat die negatiewe mikro-organismes, wat siektes veroorsaak, teenwerk. Biodiversiteit word sowel bogronds as in die ondergrond verbeter sodat die balans in beide gevalle deur die aanhoudende toepassing van die bogenoemde drie beginsels, herstel word.

Bewaringslandbou hou ook ander voordele in, wat 'n bydrae tot langtermynvolhoubaarheid van boerderyeenhede maak. Dit gaan byvoorbeeld gewoonlik gepaard met goeie algemene boerderybestuur, soos tydsbeplanning, grond- en vogbestuur, gebruik van kwaliteit saad en gekoördineerde bestuur van siektes, plaë, onkruid en kunsmis. Integrasie van 'n veefaktor speel ook 'n belangrike rol in die verbetering van grondgesondheid.

## Spoorverkeer/Rip-op-die-rystelsel

Die toepassing van bewaringslandbou verskil volgens die tipe grond waarop gewerk word. Dit is aansienlik makliker om te implementeer op grond met 'n hoër klei-inhoud en hoër reënvalgebiede en baie moeiliker onder droër toestande en sandgronde, soos wat tipes aangetref word in veral die Noordwes-Vrystaat en dele van die Noordwes Provinsie waar diep watertafelsandgronde aangetref word.

Indien daar werklik baie sand is en die gebied baie droog is, moet die grond eers biologies opgebou word alvorens bewaringslandbou suksesvol toegepas kan word. Die mate van gronddegradasie en die verdigting in die ondergrond van daardie gebiede maak dit tans nodig om van 'n rip-op-die-rystelsel gebruik te maak. Dit is die praktyk om grondverdigting op te hef deur gebruik te maak van skeurploëë







of ripploeë en dan op die rip-ry te plant, sonder dat enige ander deel van die grond versteur word. Dit word tans oor die algemeen aanvaar as die beste praktyk op die diep sandgronde in die droër gebiede van Suid-Afrika se graanverbouingsarea.

Daar is ook 'n projek ten opsigte van die sandgronde geloods om te bepaal of hierdie praktyke verbeter kan word en 'n meer biologiese benadering gevolg kan word om die sandgronde biologies op te hef deur die streng toepassing van bewaringslandbou beginsels.

## Inligting

Verskeie bewusmakingsgeleenthede word gereeld onder die vaandel van die Bewaringslandbou-innoveringsprogram aangebied of deur dit ondersteun, byvoorbeeld die KwaZulu-Natal Geenbewerking Konferensie in 2013, die bewaringslandboukongresse wat vanaf Maart 2014 in die Noordwes Provinsie saam met die Ottosdal No Till-klub aangebied is en verskeie boeredae onder die klein- en opkomende boere.

Inligting oor bewaringslandbou is op die internet beskikbaar, maar praktiese voorbeelde van bewaringslandbou word ook in tydskrifte soos *SA Graan/Grain*, *Landbouweekblad* en *Farmer's Weekly* gepubliseer. Graan SA identifiseer producente in spesifieke streke wat goeie bewaringslandboupraktyke toepas en beskryf dan daardie stelsels baie goed voordat dit gepubliseer word. Op daardie wyse



word die inligting beskikbaar gestel vir produsente in die betrokke gebiede wat belangstel om die praktyke toe te pas.

Graan SA probeer ook om die kwessie van bewaringslandbou tot 'n groter mate onder die aandag van universiteite te bring en geleenthede te skep waar dié instellings op hierdie terrein saam met produsente kan werk. Op hierdie wyse word gepoog om studente meer bewus te maak van en blootstelling te gee aan bewaringslandboupraktyke.

## Doelwit

Graan SA se oogmerk is om soveel as moontlik innoveringsplatforms te stig in dié agro-ekologiese streke waar nog geen of min aanvaarding van bewaringslandbou is. In die proses is 'n bewaringslandbouwerkgroep in Graan SA gestig wat 'n groot rol sal speel in die koördinering en bestuur van die program. Die werkgroep het 'n spesifieke metode ontwikkel om nuwe projekte te identifiseer en evalueer en om 'n paneel van kundiges te identifiseer wat hulle daarmee behulpsaam kan wees. Die werkgroep werk ook saam met ander belangrike rolspelers, soos die betrokke staatsdepartemente, oor aangeleenthede rakende die skepping van beleid en ontwikkeling van geakkrediteerde opleidingsleerplanne.

Daar word tans gewerk aan die integrasie van bewaringslandbou in die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye se sogenaamde "LandCare"-program, wat 'n gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronbewaringsprogram is.





# 2

## Die vorige

# BEMARKINGSBEDELING

Kommersiële graanverbouing in Suid-Afrika het eers vanaf die laaste gedeelte van die negentiende eeu momentum gekry na die ontdekking van goud en diamante in die land. Aanvanklik het 'n totale vryemarkstelsel gegeld, maar vanaf die vroeë tot middel 1930's was die bemarking van die meeste graanprodukte in Suid-Afrika vir sowat 60 jaar lank onderhewig aan statutêre beheermaatreëls, met beheerrade, skemas, poele en ander intervensies deur die Staat.

Reeds voor die aanvaarding van die eerste wetgewing hieroor in 1938, was daar hewige debat oor en kritiek teen die instellings van die maatreëls. Die debat het nooit werklik opgehou nie en het uiteindelik in 1996 gelei tot die herroeping van die statutêre beheermaatreëls en die terugkeer na 'n vryemarkstelsel.

### ONTSTAAN VAN BEHEERDE BEMARKING

Die tydperk onmiddellik na die beëindiging van die drie jaar lange Tweede Boereoorlog tussen Brittanje en die Boererepublieke was gekenmerk deur bykans haglike omstandighede in die boerderygemeenskappe van veral die destydse Transvaal en Vrystaat – plase was verlate, die grootste gedeelte van Suid-Afrika se landbougrond was onbewerk en grootliks verwoes, die gesinslewe van landbouers was wesenlik ontwig en groot armoede het in boerderygemeenskappe geheers. Producente moes in die meeste gevalle uit niks 'n begin maak, met uiters beperkte hulpmiddels en baie primitiewe tegnologie en boerderymetodes.

### Koöperatiewe beweging


Hierdie omstandighede was waarskynlik die grootste beweegrede vir die stigting van koöperatiewe verenigings vanaf ongeveer 1908. Op daardie stadium het veral mielieproduksie redelik vinnig en suksesvol toegeneem, maar producente was op hulself aangewese om hulle oeste te bemark. Hulle het oor die algemeen nie baie besigheidservaring gehad nie en is deur gesoute handelaars uitgebuit. Dit het met verloop van tyd gelei tot 'n bewuswording van die noodsaaklikheid om koöperatief te beding en in 1908 is die Transvaalse Koöperatiewe Wet, 17 van 1908, aangeneem om vir die stigting en regulering van koöperasies voorsiening te maak. In 1910 is 'n soortgelyke wet in die Oranje-Vrystaat aangeneem en in 1922 is die eerste koöperatiewe wet van die Unie van Suid-Afrika daargestel, naamlik die Wet op Koöperatiewe Verenigings.

Dié koöperatiewe wette was in werklikheid die eerste stappe in die daarstelling van beheerde bemarking. Die koöperasies, waarvan slegs producente lede kon wees, se hoofdoel was om ondersteuning aan producente te bied in terme van die bemarking van hulle produkte en die voorsiening van insetmiddels, voorligting en later ook finansiering. Hoewel die Staat instrumenteel was in die stigting van koöperasies deur die daarstelling van die eerste koöperatiewe wet, was die koöperatiewe verenigings van die vroegste dae af in werklikheid producente-organisasies: Die lede sowel as direkteure daarvan was almal bona fide-producente.




**MEER AS 'N EEU  
LATER IS GRAAN SA,  
DIE BELANGRIKSTE  
LIGGAAM WAT DIE  
BELANGE VAN GRAAN- EN  
OLIESADEPRODUSENTE  
IN SUID-AFRIKA AAN  
DIE BEGIN VAN DIE  
21STE EEU BEVORDER,  
STEEDS 'N ORGANISASIE  
MET DIE BELANGE  
VAN PRODUSENTE AS  
HOOFFOKUS.**






Grafiek 1: 1910 – Landbou se bydrae tot totale BBP vir Suid-Afrika



Grafiek 2: 1910 – Persentasie bydrae tot landbou-BBP in Suid-Afrika



Grafiek 3: Plase in Suid-Afrika, 1910 en 2007

Vir ongeveer 25 jaar nadat die stigting van koöperasies momentum gekry het, is produsente se graan hoofsaaklik deur die koöperasies bemark. In die geskiedkundige rekords van sommige van die koöperasies van daardie tyd lees 'n mens van probleme as gevolg van droogtes, misoeste, onstabiele pryse, probleme wat deur invoer van graanprodukte en verkoop van graan buite-om die koöperasies veroorsaak is, en ander praktiese probleme wat die graanbedryf ervaar het.

Die Staat het die hoop gekoester dat die koöperatiewe beweging sou bydra om die graanmark te stabiliseer deur geordende bemarking van hul lede se produkte. Dit het vir verskeie redes egter nie gebeur nie, waarvan sommige 'n paar dekades later in die vryemark weer kop uitgesteek het. Produsente het byvoorbeeld produksekrediet by die koöperasies gekry, maar dan nie die oes aan die koöperasie gelewer ten einde die skuld terug te betaal nie.

Die stelsel het wel in normale tye redelik goed gewerk, maar tydens die Groot Depressie van die vroeë 1930's het dit onder geweldige druk gekom. Pryse het gedaal en in die geval van mielies was koöperasies genoodsaak om tot 'n groter mate self mielies in te koop; soveel so dat koöperasies in 1933 sowat 60% van die mielies wat bemark is, hanteer het. Dit het in tye van oorskotte tot gevolg gehad dat die plaaslike prys van mielies gestyg het, omdat oorskotte teen verliese uitgevoer moes word en die binnelandse prys die uitvoerverliese moes help dra.

Hierdie en ander probleme het waarskynlik aanleiding gegee tot die stigting van die "Sentraal Agentskap" met die doel om, onder andere, mededinging tussen die koöperasies te verminder, veral ten opsigte van graanbemarking. Daar is nie veel inligting oor daardie organisasie beskikbaar nie, maar dit was waarskynlik 'n tipe van sentrale koöperasie en is in 1935 gelikwedeer, wat daarop dui dat dit nie baie suksesvol was om die probleme van die tyd op te los nie.

Reeds voordat die Sentraal Agentskap gelikwedeer is, het sekere van die koöperasies besluit om die instelling van 'n statutêre eenkanaalbemarkingstelsel vir graan te versoek. Na aanleiding daarvan is 'n Kommissie van Ondersoek insake Samewerking en Landboukrediet in 1934 ondervoorsitterskap van dr PR Viljoen, die Sekretaris van Landbou, aangestel met die doel, onder andere, om te bepaal watter rol koöperasies in die bemarking van landbouprodukte moes speel.

Die Kommissie het sterk standpunt ingeneem teen die instelling van enige vorm van statutêre eenkanaalbemarking, omdat dit noodwendig sou lei tot die vasstelling van pryse op hoër vlakke as wat markfaktore sou regverdig. Die Kommissie



Sakstapeling.



'n Ou dorsmasjien.



het gemeen dat prysvasstelling sonder inagneming van al die faktore wat vraag en aanbod bepaal, oorskotproduksie in die hand kon werk. Die Kommissie was verder van mening dat die bestaande probleme in die bedryf deur middel van die handel opgelos moes word en het aanbeveel dat 'n adviesraad ingestel word om die Minister van Landbou oor sake rakende die mieliebedryf te adviseer.

## Statutêre beheer ingevoer

Ten spyte van die sterk standpunt wat die Kommissie teen inmenging in die vryemarkstelsel ingeneem het, het die Minister van Landbou mettertyd die siening gehuldig dat dit wys sou wees om permanente en gespesialiseerde beheerrade met groter magte in te stel sodat hulle 'n stabiliserende rol ten opsigte van pryse en die bestuur van voorrade kon speel. Benewens al groter-wordende druk uit produsentegeledere vir beheer, het faktore soos die haglike finansiële posisie van produsente, skerp prysskommeling en die stabiliserende effek wat beperkte staatsbetrokkenheid in die bemerking van botter, kaas, tabak en wyn gehad het, blykbaar die Minister van Landbou se siening beïnvloed. Daarbenewens het leiers in hulle denke begin om te aanvaar dat Suid-Afrikaanse produsente die eerste reg op die binnelandse mark gehad het en op stabiele, lonende pryse geregtig was.

Dit blyk dat nie al die destydse koöperasies die gedagte van beheerde bemerking gesteun het nie en dat sommige ekonome van mening was dat die finansiële hulpbronne wat landbou benodig het, meer winsgewend deur ander sektore, soos die mynbedryf, gebruik kon word. Andere was weer die mening toegedaan dat landbou ontwikkel moes word ten einde tot die langtermyn volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie by te dra.

Vanaf die einde van 1931 het die Regering reeds begin om die uitvoer van graanprodukte te subsidieer, wat in wese die begin was van graanprysbeheer in Suid-Afrika. Verskeie verwickelinge in die mielie- en koringbedryf het ook daarop gedui, soos later in die hoofstuk duideliker sal word.

Ten spyte van die kritiek en teenstand, ook in navolging van maatreëls wat in ander lande ingestel is om die gevolge van die groot droogte in die VSA, Australië en Afrika, en die wêreldwye depressie van 1932/1933 teen te werk, het die Parlement uiteindelik in 1937 'n Bemerkingswet, Wet 26 van 1937, goedgekeur wat die weg vir eenkanaalbemerking gebaan het. Dit was 'n magtigingswet wat voorsiening maak het vir die instelling van 'n Nasionale Bemerkingsraad en vir die skepping van skemas vir die beheer van produksie en die bemerking van landbouprodukte



Die Wet wat eenkanaalbemerking ingestel het.



Gradering van mielies.

// TEEN 1976 HET  
23 BEMARKINGSRADE  
BESTAAN WAT OOR  
MEER AS 90% VAN  
SUID-AFRIKA SE  
LANDBOU-UITSETTE,  
INSLUITENDE DIE  
ROOIVLEISBEDRYF,  
BEHEER UITGEOEFEN HET.  
DAAR IS OP 'N STADIUM  
NA DIE WET VERWYS  
AS DIE *MAGNA CARTA*  
VAN LANDBOU IN  
SUID-AFRIKA. //



deur rade wat onder beskerming van die Wet gefunksioneer het. Dit het feitlik al die vertakkings van landbou in Suid-Afrika in 'n mindere of 'n meerdere mate geraak.

Die belangrikste oogmerke met die Wet sowel as die Wet wat dit later vervang het, was om bestendigheid in die pryse van landbouprodukte te bevorder, produktiwiteit in die boerderybedryf te verhoog en die doeltreffendheid van bemarking, verwerking en verspreiding van landbouprodukte te verbeter.

Verskillende beheerrade is vir die verskillende landbouprodukte ingestel. Die afsonderlike beheerrade het skemas ten opsigte van die produkte onder hulle beheer ontwikkel en aan die Nasionale Bemarkingsraad voorgelê. Die Nasionale Bemarkingsraad het dan die skema, of voorstelle vir die wysiging van bestaande skemas, oorweeg en 'n aanbeveling daarvoor aan die Minister van Landbou voorgelê wat die finale besluit daarvoor geneem het.

Die eerste Bemarkingswet is in 1968 deur 'n nuwe Bemarkingswet (Wet 59 van 1968) vervang, wat hoofsaaklik 'n konsolidasie was van verskeie wysigings wat met verloop van tyd aan die 1937-wet aangebring is. Die 1968-wet het in werking gebly totdat dit op 1 Januarie 1997 deur die Wet op Bemarking van Landbouprodukte, Wet 47 van 1996, herroep is, wat die einde van beheerde bemarking en die begin van die vryemarkstel vir landbouprodukte ingelui het.

### Rol en funksies van beheerrade

Die beheerrade het pryskemas bedryf wat gewissel het van eenkanaal vasteprysskemas en eenkanaal poelskemas tot surplusverwyderingskemas. Die meerderheid lede van die Bemarkingsrade was produsente, maar dit het ook verteenwoordigers van ander belangegroepes, soos verbruikers en verwerkers, ingesluit.

Die hoofoogmerke met die Bemarkingswet was om, na die oordeel van die Regering, 'n meer vaartbelynde en ordelike landbou-omgewing te vestig, sodoende groter stabiliteit in die pryse van landbouprodukte te bevorder en die gaping tussen die produsenteprys en die verbruikersprys deur middel van rasionalisasie te verklein. Die bedoeling was om die produktiwiteit van die landbou-industrie en die effektiwiteit van die verwante industrieë te verhoog deur middel van bemarkingskemas wat volgens die spesifieke behoeftes van die verskillende produkte ontwikkel is. In dié bedeling is die funksies van prysvasstelling en prysrisikobestuur deur 'n paneel deskundiges vervul wat die inligting en regte tot hulle beskikking gebruik het om pryse vas te stel met die oog op die bevordering van die doelwit om groter stabiliteit in landbou te bewerkstellig.

Produsente het egter van meet af aan gekla dat pryse nie hoog genoeg vasgestel was om die armer produsente se oorlewing te verseker nie en dat slegs groot produsente, wat oor die vermoë beskik het om hul produksie te verhoog, daarby gebaat het. Deur middel van die produsente se politieke invloed het hulle daarin geslaag om groter beheer oor die bemarkingsstelsel te verkry as wat die amptenare wat die instelling van beheerrade voorgestaan het, voorsien het. Ekonomie en teenstanders van beheerde bemarking, daarenteen, het gemeen dat produsentepryse oor die algemeen hoër as markwaarde vasgestel was, wat tot oneffektiwiteit en onproduktiewe praktyke aanleiding gegee het.

Ten spyte van die weerstand en kritiek, het beheerrade vir die landboubedryf in Suid-Afrika vir sowat 60 jaar voortbestaan.

### DIE BEHEERRADE IN DIE GRAANBEDRYF

Die eerste beheerrade wat onder die Wet gefunksioneer het, was die Mielieraad en die Koringraad. Die rol en funksies van die beheerrade was in wese dieselfde vir die verskillende produkte wat onder hulle beheer geplaas is. Die belangrikste rol was waarskynlik die vasstelling van en beheer oor pryse. Die Rade het egter nie self die pryse vasgestel nie, maar het voorstelle daarvoor aan die Nasionale Bemarkingsraad voorgelê, wat dan 'n aanbeveling aan die Minister van Landbou gemaak het.

Die Nasionale Bemarkingsraad is uit staatsamptenare saamgestel en was volgens die verslag van die Kassier Komitee nie altyd neutraal nie, wat daarop sou dui dat



pryse nie altyd ekonomies regverdigbaar was nie. Die Minister het uiteindelik oor die pryse besluit, wat by verskeie geleenthede tot groot ontevredenheid onder veral mielieprodusente gelei het, omdat die Minister nie die produsentepryse wou aanvaar soos deur die Mielieraad voorgestel nie.

## Mielies

*Die volgende tabel bevat 'n samevatting van die belangrikste momente in die geskiedenis van beheer oor en geleidelike deregulering van die mieliebedryf in Suid-Afrika:*

1931	Mieliereëlingswet – uitvoerkwotas
1935	Mieliereëlingswysigingswet, Mielie-adviesraad aangestel, beheer oor die uitvoer van mielies
1937	Bemarkingswet
1938	Eerste Mieliereëlingskema ingevolge die Bemarkingswet daargestel, gewysig vanaf 1 Mei 1939
1944/1945	Begin van eenkanaalbemarkingstelsel vir mielies
1953	Stigting van Mielieraad se Stabilisasiefonds
1979	Somergraanskema
1987	Somergraanskema word eenkanaalpoelskema
1994/1995	Deregulering begin met die implementering van 'n surplusverwyderingskema, vloerprys en uitvoerbeheer
1995/1996	Gedeeltelike vrystelling van uitvoerverbod aan die handel – die Mielieraad bestuur uitvoerpoele
1996/1997	Mieliebemarking in geheel gedereguleer
1997	Mielieraad beëindig operasionele funksies

Die owerheid se bemoeienis met die mieliebedryf was aanvanklik daarop gemik om probleme as gevolg van klimaatsfaktore te ondervang. Die eerste daarvan was in 1916 in die vorm van lenings vir die aankoop van vee, saad, gereedskap en kunsmis en later ook vir veevoer en vervoerkoste van vee.

Gedurende die 1920's het produsente oor die algemeen goeie pryse vir hulle mielies gekry, ten spyte van 'n redelike hoë aanbod as gevolg van goeie oeste. Teen 1930 en 1931, met die Groot Depressie, het mieliepryse wêreldwyd egter dramaties gedaal, wat tesame met goeie oeste in die 1931/1932-seisoen geweldige afwaartse druk op



Die westelike vleuel van die Uniegebou, waar die eerste Mielieraadsvergadering gehou is.





die plaaslike mielieprys uitgeoefen het. Uitvoerders was nie direk by die produksie van mielies betrokke nie en het geen insentief gehad om die oorskot uit te voer wanneer buitelandse pryse gedaal het nie. Die posisie was so benard dat dit eintlik net twee opsies gelaat het – Staatshulp of versterking van gesamentlike bemaking.

### **1931-kongres**

Op 10 Junie 1931 het die Landbouweekblad berig oor 'n kongres waar afgevaardigdes van meer as 'n honderd boereverenigings uit die mielieproduserende gebiede van die destydse Transvaal en Oranje-Vrystaat vergader het om oormaatreeëls ter verbetering van die bedenklike toestand waarin die mieliebedryf hom bevind het, te besin. Die voorsitter van die vergadering het verduidelik dat dit belê was om 'n uitweg te probeer vind om die mieliebedryf van ondergang te red. Op daardie stadium, egter, was mielies nog nie 'n erkende landbouprodukt nie en 'n dringende beroep is op die Regering gedoen om mielies as sodanig te erken, terwyl produsente aangemoedig is om by koöperasies aan te sluit ten einde die bedingingsmag van die koöperasies by die Regering te verhoog.

By dié kongres het die destydse waarnemende Sekretaris van Landbou aangekondig dat die Regering oormaatreeëls oorweeg het om die mieliebedryf te ondersteun. Dit sou insluit die verwydering van die oorskot mielies uit die land, 'n verdeling van die uitvoerverliese tussen handelaars en koöperatiewe verenigings en stabilisasie van die binnelandse mark.

### **1931 – Mieliereëlingswet**

Van die eerste stappe wat die Staat geneem het om die plaaslike mieliepryse (wat op daardie stadium bepaal is deur die uitvoerprys min vervoerkoste) te ondersteun, was deur uitvoerkwotas wat ingevolge die Mieliereëlingswet van 1931 ingestel is.

Die kwotastelsel het plaaslike kopers verplig om 'n gedeelte van die uitvoerbare oorskot mielies aan te koop en uit te voer, somtyds selfs teen 'n verlies, waarop hulle 'n subsidie van die Staat ontvang het. Op hierdie wyse is gepoog om 'n kunsmatige tekort in die binneland te skep, ten einde beter mieliepryse oor die kort termyn vir die plaaslike produsente te verseker en plaaslike prysvlakke los te maak van internasionale prysvlakke wat as gevolg van die Groot Depressie met tot 50% gedaal het.

Die oormaatreeëls het egter in die praktyk verskeie probleme opgelewer. Eerstens moes die kwotas op die basis van vroeë oeskattings bepaal word. Tweedens moes die kwotas vir praktiese redes verhandelbaar wees, wat tot 'n groot spekulatiewe mark gelei het en omdat die Staat die koopprys van die kwotas gewaarborg het, het dit in sommige jare wesenlike verliese vir die Staat tot gevolg gehad. Dit het toe ook duidelik geword dat selfs verpligte koöperatiewe bemaking, in terme waarvan produsente sedert 1931 hulle mielies slegs aan gelisensieerde handelaars kon verkoop, nie die mielieprys kon stut nie, omdat koöperasies teen mekaar meeding het met die gevolg dat die binnelandse prys na uitvoerpariteit gedaal het.

**// IN 1931, DIE JAAR WAARIN DIE MIELIEREËLINGSWET IN WERKING GETREE HET, IS 1,36 MILJOEN TON MIELIES IN SUID-AFRIKA GEPRODUSEER. MET DIE STIGTING VAN DIE MIELIERAAD IN 1935 HET DIT 2,557 MILJOEN TON BELOOP. //**



## 1935 – Mieliereëlingswysigingswet

Die maatreëls wat ingevolge die Mieliereëlingswet van 1931 ingestel is, is as gevolg van die bogenoemde probleme vanaf 3 Mei 1935, met die inwerkingtreding van die Mieliereëlingswysigingswet (Wet 89 van 1935), aangepas. Hierdie Wet het voorsiening gemaak vir die daarstelling van die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid, die voorloper van die Mielieraad. Dié Raad is aanvanklik as 'n adviesraad ingestel, na aanleiding van die aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek na Samewerking en Landboukrediet in 1934 wat die instelling van eenkanaalbemarking vir mielies ten sterkste afgeraai het.

Vanaf die inwerkingtreding van die Bemarkingswet van 1937 het die Mielieraad in terme van daardie Wet gefunksioneer en het sy status verander vanaf 'n adviesraad na 'n volwaardige beheerraad.

Die probleme wat met die kwotastelsel ondervind is, het in 1937 aanleiding gegee tot 'n wysiging van die wetgewing daarvoor, na aanleiding waarvan die Mielieraad, onder andere, 'n klaringshuis vir kwotasertifikate teen vaste pryse geword het. Sodoende is spekulasie met die kwotas uitgeskakel en beter beheer oor uitvoer van mielies bewerkstellig.

Terselfdertyd het die Raad "volmag gekry vir die bepaling van die mielieprys en die uitvoer en opberging van mielies". Die hoofdoel van die Raad was om bestendigheid in die mieliebedryf te bewerkstellig deur die uitskakeling van buitensporige wisseling in pryse, die bevordering van produksiedoeltreffendheid, die behoud van grondvrugbaarheid en die skepping van 'n gebalanseerde verhouding tussen die belange van die produsente en ander rolspelers in die mark.

Die besluit om die Mielieraad te magtig om eenkanaalbemarking vir mielies af te dwing, is voorafgegaan deur 'n lang, uitgerekte en moeilike proses. Reeds met die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid se eerste vergadering wat op 12 Julie 1935 ondervoorsitterskap van dr PR Viljoen, die Sekretaris van Landbou, gehou is, is 'n subkomitee op versoek van produsente aangestel om die moontlikheid van eenkanaalbemarking te ondersoek. Hoewel die eerste gedagtes hieroor in die kiem gesmoor is, het dit nie van die toneel verdwyn nie en het dit herhaaldelik weer ter tafel gekom. Telkens is verskeie argumente ten gunste van sowel as teen die instelling van 'n eenkanaalbemarkingstelsel aangevoer.

Terwyl die debat oor eenkanaalbemarking voortgeduur het, het mielievoorrade van jaar tot jaar geweldig gewissel. In sommige jare, byvoorbeeld die 1938/1939-seisoen, is groot surplusse geproduseer, terwyl wesenlike tekorte in ander jare ondervind is. Dit het drastiese maatreëls deur die Regering tot gevolg gehad, in die vorm van 'n "tussentydse" Mieliereëlingskema wat die volgende magte aan die Mielieraad gegee het:

- Die beheer oor uitvoere deur middel van 'n permitstelsel;
- die instelling van 'n heffing om te verseker dat binnelandse pryse hoër as invoerpariteit bly en terselfdertyd fondse op te bou om vir die finansiering van uitvoerverliese voorsiening te maak;
- die reg om mielies en mielieprodukte vir eie rekening aan te koop; en
- die reg om enige persoon wat in mielies of mielieprodukte handel dryf, te verplig om maandeliks aan die Mielieraad verslag te doen van transaksies.

Gedurende 1941/1942 het die verbruik van mielies in Suid-Afrika begin toeneem, wat handelaars daartoe beweeg het om voorrade terug te hou in afwagting van prysverhogings as gevolg van die verhoogde vraag. Dit het daartoe bygedra dat die Mielieraad vanaf November 1941 kragtens 'n magtiging deur die Minister verleen, die verkooppryse van mielies en mielieprodukte vasgestel het. In Januarie 1942 is die Raad kragtens oorlogsmaatreël 20 van 1942 ook gemagtig om mielies op te eis van persone wat meer mielies opgeberg het as wat nodig was om in hulle onmiddellike behoeftes te voorsien. Terselfdertyd is die Mielieraad gemagtig om agente aan te stel om mielies namens hulle te ontvang en te versprei – alles stappe in die rigting van groter beheer.

Gedurende 1942 is verwag dat die mielie-oes van die volgende seisoen baie swak sou wees en is 'n vaste produsenteprys vir mielies afgekondig – die eerste in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die Regering het ook maatreëls afgekondig rakende



Mielies is geweeg op 'n platformskaal.



'n Tipiese toneel van mielies wat by 'n Suid-Afrikaanse hawe verskeep word.



die verkoop, verspreiding en verbruik van mielies. Dit het 'n permitstelsel en 'n beperking op die vervaardiging van mielieprodukte ingesluit. In Maart van daardie jaar is 'n Voedselbeheerorganisasie gevorm en het die verskillende beheerrade wat op daardie stadium reeds in terme van die Bemerkingswet gefunksioneer het, op versoek van die Minister van Landbou deel daarvan geword.

### **Eenkanaalbemarking**

Alles het dus daarop gedui dat die Staat die bemarking van landbouprodukte tot 'n groter mate wou beheer. Hierdie siening is versterk deur 'n kritieke voorraadposisie aan die begin van die 1943/1944-seisoen en probleme wat met die opberging en hantering van mielies ondervind is. Dit het daartoe gelei dat die Mielieraad in 1944 besluit het om 'n "eenkanaalbemarkingstelsel" vir mielies vir die 1943/1944-seisoen te implementeer ingevolge waarvan die Mielieraad die enigste bemarkingsliggaam vir mielies in die sogenaamde beheerde gebiede geword het.

Mielieprodusente en afnemers was daarna nie meer geregtig om direkte mielietransaksies met mekaar aan te gaan nie. Hulle was ook verbied om groter hoeveelhede mielies te stoor as wat vir hulle eie behoeftes benodig is.

Die eenkanaalbemarkingstelsel was aanvanklik in die 1944/1945-seisoen vir 'n proeftydperk van een jaar ingestel, maar dit het uiteindelik, met geringe wysigings van tyd tot tyd, tot die 1995/1996-seisoen voortbestaan.

Die basiese beginsels van die eenkanaalbemarkingstelsel was (i) dat die Minister van Landbou jaarliks die mielieprys vasgestel het (in Mei-maand van elke jaar) na oorweging van die aanbevelings van die Mielieraad, die Nasionale Bemerkingsraad en die Minister se ander adviseurs, (ii) dat alle verbruikers van mielies moes bydra tot die koste van hantering en opberging van graan, en (iii) dat verbruikers verseker moes wees van voldoende voorrade graan teen vooraf vasgestelde pryse.


Onder die eenkanaalbemarkingstelsel was die Mielieraad die enigste koper en verkoper van mielies in die hoofproduksiegebiede. Vir daardie doel is drie produksiegebiede geïdentifiseer waar verskillende maatreëls ten opsigte van die bemarking van mielies geld het:

- Gebied A het die huidige (2014) Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo Provinsies omvat, asook die noord en noord-westelike gedeelte van KwaZulu-Natal en 'n klein gedeelte van die Noord-Kaap in die Hopetown-gebied. Dié gebied het sowat 95% van Suid-Afrika se mielies geproduseer en die produsente in die gebied was verplig om hulle mielies slegs aan die Mielieraad of sy agente te verkoop, teen die vasgestelde prys. Dit het beteken dat die Mielieraad in effek die volle beheer gehad het oor mielies wat in die land geproduseer is.
- Gebied B het bestaan uit verskillende klein areas wat in die sentrale, suidelike en suidwestelike gedeeltes van die land verspreid was. In daardie gebied kon produsente slegs hulle mielies aan die Mielieraad of handelaars wat by die Mielieraad geregistreer was, verkoop teen pryse wat nie laer mag wees as die pryse wat in gebied A gegeld het nie. Dié handelaars moes maandelikse opgawes van die mielies wat hulle aangekoop het, by die Mielieraad indien en 'n heffing betaal op die mielies wat hulle aangekoop het.
- Gebied C het die res van die land beslaan. In daardie gebied het geen beheer gegeld nie, behalwe dat die Mielieraadheffing betaal moes word op enige mielies uit daardie gebied wat in die ander twee gebiede verkoop is.

Die Mielieraad het met die instelling van die eenkanaalstelsel die bestaande organisasies wat by die hantering en opberging van graan betrokke was, naamlik die koöperatiewe ondernemings, meulenaars en handelaarsagente, as sy agente aangestel. Die Mielieraad het nie self die funksies van hantering, opberging, finansiering en verspreiding van mielies onderneem nie, maar dit deur middel van die agente verrig.

Dit was ook mettertyd vir die Raad moontlik om deur middel van die agente massa-opbergingsfasiliteite daar te stel. Benewens lewering aan die agente, kon produsente hulle mielies direk in graansuiers van die Spoorwegadministrasie stort. Op hierdie wyse het die Mielieraad teen die begin van die 1950's sowat 90% van die land se mielies beheer.





**Die drie produksiegebiede van die Mielieraad.**

Die Mielieraad was dus in effek in die posisie waar hy totale beheer oor mielievoorrade kon behou. Sodoende het die Raad geweet presies hoeveel mielies in die land beskikbaar was, wat dit in staat gestel het om die Minister van behoorlike advies oor die uitvoer of invoer van mielies te voorsien en oordragvoorrade te beheer. Dit het ook bygedra tot beter beplanning met distribusie en die uitkakeling van onnodige kruisversporings, wat in die era voor die instelling van die Mielieraad ongekoördineerd en geweldig oneffektief was.

### **1957 – Josefsbeleid**

Reeds vanaf die vroeë 1940's was die behoefte aan 'n voldoende oordragvoorraad 'n gereelde punt van bespreking in die Mielieraad. Dit is in 1957 op die spits gedryf toe mielies ingevoer moes word om die tekort in die binnelandse produksie aan te vul. Na aanleiding daarvan het die Mielieraad besluit om 'n jaarlikse oordragvoorraad van 630 000 ton mielies vas te stel. Die vereiste oordragvoorraad is van tyd tot tyd aangepas en het in 1985 reeds op 900 000 ton gestaan.

Hierdie beleid van die Mielieraad om in die goeie jare vir maontlike tekorte in volgende jare voorsiening te maak, het as die Josefsbeleid bekend gestaan, ontleen aan die Bybelse verhaal van Josef wat die Faraó geadviseer het om graan in die sewe goeie jare op te berg met die oog op die sewe swak jare wat voorspel is.

Die Josefsbeleid was die een deel van die Mielieraad se oordragvoorraadbeleid. Daar is ook voorsiening gemaak vir oorbruggingsvoorraad ten einde te verseker dat genoeg mielies beskikbaar sou wees totdat die produsente begin het om hulle oeste in te lewer en die Mielieraad in 'n posisie was om besluite oor die verspreiding daarvan te neem. Voor die tyd van tegnologiese soos faksmasjiene en die internet (wat in elk geval eers in die laaste jare van die Mielieraad se bestaan gekom het) is inligting oor graanlewering per magneetband aan die Mielieraad gestuur, wat dit gemiddeld eers na tien werksdae ontvang het. Eers daarna kon reëlings vir die verspreiding van die voorraad geneem word, wat dit nodig gemaak het dat 'n

## 1957 – JOSEPH'S POLICY ACCEPTED

*WE ALL KNOW HOW JOSEPH IN BIBLICAL TIMES ADVISED THE PHAROAH TO STORE GRAIN FROM THE SEVEN GOOD YEARS FOR THE SEVEN LEAN YEARS. THIS WAS WHY THE BOARD GAVE THE NAME OF "JOSEPH'S POLICY" TO ITS DECISION TO CARRY OVER A MAJZE RESERVE EVERY YEAR AS A SAFEGUARD AGAINST A POSSIBLE POOR CROP THE NEXT YEAR.*

*THE NEED FOR ADEQUATE CARRY-OVER STOCKS WAS A REGULAR POINT OF DISCUSSION FOR THE BOARD FROM THE EARLY 1940S ONWARDS. MATTERS CAME TO A HEAD IN 1957 WHEN IT BECAME NECESSARY TO IMPORT MAIZE TO SUPPLEMENT A SHORTAGE IN DOMESTIC PRODUCTION. IT WAS THEN DECIDED IN MARCH 1957 TO SET THE CARRY-OVER STOCK LEVEL AT 636 000 TONS. THIS FIGURE HAD BEEN ADJUSTED FROM TIME TO TIME TO ITS EVENTUAL 900 000 TONS. THE COST OF CARRYING THIS STOCK WAS BORNE BY THE GOVERNMENT IN THE PAST.*

Maize Board 1935 - 1985



Die Mielieraad se kantore in 1969.

oorbruggingsvoorraad gehou word ten einde deurlopend in die kopers en verwerkers se vraag te kon voorsien.

## Prysvasstelling

In die Mielieraad se jaarverslag van 1951 is gerapporteer dat die mielieprys ingevolge die Mieliereëlinskema jaarliks deur die Mielieraad met goedkeuring van die Minister van Landbou vasgestel is. Die Mielieraad het 'n voorgestelde prys bepaal, waarop die georganiseerde landbou insette kon lewer voordat dit aan die Nasionale Bemerkingsraad voorgelê is, wat 'n verslag oor die voorgestelde prys aan die Minister moes voorlê.

Die Mielieraad het die voorgestelde prys met inagneming van die volgende faktore bereken:

- Die gemiddelde produksiekoste van mielies wat in daardie jaar met verwysing na die gemiddelde produksiekoste in die Transvaalse Hoëveldstreek en die Noord-Westelike Vrystaatstreek bepaal is.
- 'n Voorsiening vir gebeurlikhede, soos onvoorsiene prysstygings en rente op bedryfskapitaal.
- 'n Ondernemersloon vir die produsente, wat op 'n bepaalde formule bereken is.
- Bykomstige oorwegings, soos vraag- en aanbodtendense en die verhouding tussen die mielieprys en die pryse van ander landbouprodukte.

Die voorskotprys wat deur die Mielieraad vasgestel was, het beteken dat produsente hulle beplanning vir aanplantings kon doen teen 'n vasgestelde laagste prysscenario. Pryse is wel gestabiliseer, maar dikwels teen hoër vlakke as die wêreldmarkte.

Reeds in daardie jaar, 1951, egter, het verskille ontstaan tussen die Regering en die Mielieraad oor die produsenteprys vir mielies, 'n "stryd" wat vir dekades daarna nog tot groot ontevredenheid en onenigheid gelei het. Die Kabinet was naamlik nie tevrede met die prysberekenings nie, maar het uiteindelik die Mielieraad se aanbevole prys aanvaar, omdat gevrees is dat daar moontlik nie genoeg mielies in die land geproduseer sou word indien 'n laer prys vasgestel word nie.

Die mielieprys was eenvormig vir die hele land, ongeag waar die produk geoes of gelewer is, wat beteken het dat produsente wat nader aan die mark geleë was, die vervoerkoste van die produsente verder van die mark gesubsidieer het. Dit het waarskynlik daartoe bygedra dat produksie in marginale gebiede uitgebrei is, wat later weer afgeskaal is nadat beheerde mieliebemaking in 1997 afgeskaf is en 'n vervoerdifferensiaal in werking getree het, met die gevolg dat produsentepryse nie langer die produksie van mielies in daardie gebiede lonend gemaak het nie.

Die bepaling van die mielieprys het by verskeie geleenthede tot hewige debatte en ontevredenheid aan die kant van produsente aanleiding gegee, soveel so dat die produsentelede van die Mielieraad in 1985, met die volle steun van die Nasionale Mielieprodusente-organisasie (NAMPO), uit die Mielieraad bedank het.



Ureum arriveer in Durban-hawe. Die Mielieraad het ureum vir mielies geruil nadat stikstofpryse die hoogte in geskiet het.



Video: 'n Persoonlike vertelling van produsentelede se destydse bedanking uit die Mielieraad – mnr Crawford von Abo.





Die agtergrond daarvan was dat die Minister van Landbou, mnr Greyling Wentzel, in 1984 'n ooreenkoms met die Voorsitter van die Mielieraad, mnr Crawford von Abo, aangegaan het waarin die Minister onderneem het dat hy die mielieprys wat die Mielieraad voorstel, sal aanvaar indien daardie prys eenparig deur die Mielieraad se lede, insluitende die verbruikers, aanvaar is. Dit het toe inderdaad so gebeur en die Minister van Landbou was verplig om die voorgestelde prys te aanvaar en af te kondig, ten spyte daarvan dat dit aansienlik hoër as die vorige jaar se prys was (R100/ton meer) en hy nie werklik daarmee saamgestem het nie.

Dit het egter tot groot ontevredenheid by, onder andere, die Staatspresident gelei en die besef het ontstaan dat die voortdurende spanning tussen die produsente en die Minister oor die mielieprys uiters onbevredigend was en op hoogste vlak aangespreek moes word. Die Mielieraad het besluit om met die Regering te onderhandel vir die aanstelling van 'n ministeriële komitee wat strukturele oplossings vir die probleem met die vasstelling van 'n aanvaarbare mielieprys kon ondersoek. Dit was veral belangrik gesien in die lig van mielies se rol as die stapelvoedsel van 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking.

Die versoek is van regeringskant goed ontvang, wat saamgestem het dat so 'n komitee saamgestel sou word. Die gesprekke daarvoor het in September 1984 plaasgevind, maar teen Maart 1985 het die komitee, volgens von Abo, nog niks gedoen nie. Toe die mielieprys in April 1985 afgekondig word, was dit in effek op dieselfde vlak as dié van die vorige jaar ten spyte van die voorlegging wat die Mielieraad op grond van berekenings deur die Departement van Landbou gemaak het.

Die produsentelede van die Mielieraad het geweier om die afgekondigde prys te aanvaar (die produsentelede het dit met twaalf stemme teen een verwerp) en op 25 April 1985 het agt van hulle uit die Raad bedank.

Die Minister van Landbou is na aanleiding van die onhoudbare situasie versoek om 'n afspraak vir 'n afvaardiging van die mielie-produsente met mnr PW Botha, die Staatspresident, te reël. Die Minister het toegestem om dit te probeer reël, maar gewaarsku dat die produsente se verteenwoordigers "in die leeu se bek inloop". Hy het egter daarin geslaag om die vergadering te reël, waar mnre Hennie de Jager en Boetie Viljoen van NAMPO saam met mnr Kobus Jooste van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie die produsente verteenwoordig het.

Die vergadering, wat in Tuynhuys in Kaapstad gehou is, was ook bygewoon deur mnre Greyling Wentzel, Barend du Plessis (Minister van Finansies) en die Staatspresident se persoonlike sekretaris. Die Staatspresident het hom nie veel aan die afvaardiging se voorstelle gesteur nie. Hy het hulle daarop gewys dat die prys van mielies in die vorige jaar aansienlik meer as die pryse van ander landbouprodukte gestyg het. Teenargumente het op dowe ore geval.

Toe dit blyk dat die gesprek oor die mielieprys nie op iets sou uitloop nie, het mnr Jooste die geleentheid gebruik om met die Staatspresident te praat oor 'n lening van R100 miljoen wat vir SALU bedoel was. Mnr Botha was toe al so vererg dat hy gesê het dat hy na die voorafgaande gesprek lus voel om die lening te kanselleer. Tydens die gesprek het hy ook gedreig om die rentesubsidie wat produsente in



**Klankgreep:** Mnr Boetie Viljoen vertel van die vergadering in Tuynhuys met die destydse Staatspresident, mnr PW Botha.



**Mnr Boetie Viljoen**



**Mnr Hennie de Jager**

**“ OP DIE STADIUM TOE MINISTER GREYLING WENTZEL DIE MIELIEPRYS WOU AFKONDIG, HET DIE VOORSITTER EN ANDER SENIOR AMPSBEKLEËRS VAN DIE MIELIERAAD HULLE OP 'N SENDING IN THAILAND BEVIND. TOE HULLE VERNEEM DAT DIE MINISTER**

**BEOOG OM DIE MIELIEPRYS BEKEND TE MAAK, HET HULLE INDERHAAS TERUGGEKEER NA SUID-AFRIKA OM BY DIE VERGADERING TEENWOORDIG TE WEES, WAAR DIE GEBEURE SOOS HIERNAAS BESKRYF, PLAASGEVIND HET.**

**DIE PERSONE WAT BY DIE VERGADERING AS LEDE VAN DIE MIELIERAAD BEDANK HET, WAS MENERE CRAWFORD VON ABO, BOETIE VILJOEN, HENNIE DELPORT, GERRIT GREEN, CERNEELS CLAASSEN, CORNELIS LEONARD, MOF VISSER EN WILLIE VAN DER RYST.** ”





daardie tyd geniet het en wat 'n uiters belangrike hulpmiddel vir baie produsente was, te heroorweeg. Die afvaardiging het onverrichter sake teruggekeer en die volgende dag by 'n massavergadering in die Markotter Stadion te Klerksdorp aldus aan die mielieprodusente gerapporteer.

Intussen het die ontevredenheid oor die mielieprys en die Minister van Landbou se volgehoue weiering om die prys aan te pas daartoe gelei dat baie produsente besluit het om nie enige mielies te lewer nie. In sommige gevalle het voorstanders van die aksie selfs fisies probeer verhoed dat produsente wat nie ten gunste van die aksie was nie, wel hulle mielies by die koöperasies se silo's kon inlewer. Toegang tot siloterreine is versper deur lang rye waens met mielies wat by die ingang geparkeer is, maar nie afgelaai is nie.

Die nie-leweringsaksie is aanvanklik goed ondersteun, maar dit was nie volhoubaar nie. Die Staatspresident se dreigement oor die moontlike heroorweging van die subsidie op rentekoerse het moontlik ook 'n rol gespeel in die produsente se besluit om die staking te beëindig. Op daardie stadium het Suid-Afrika 'n geweldige styging in rentekoerse beleef en 'n afskaffing of afskaling van die rentekoerssubsidie sou baie produsente finansiëel kon knak.

Dit blyk ook dat die Staatspresident op 'n stadium gedreig het om die hulp van die Weermag in te roep ten einde seker te maak dat die oes wel ingesamel en ingelewer word.

Die bedanking van die NAMPO-lede uit die Mielieraad in 1985 het 'n groot probleem vir die Minister van Landbou geskep, aangesien die oorblywende lede van die Mielieraad nie meer 'n kworum gevorm het nie. Die Minister was verplig om die probleem aan te spreek, omdat die Bemerkingswet vereis het dat daar 'n funksionerende Mielieraad moes wees. Die dilemma was dat die produsentelede op die Mielieraad vanaf 1980 deur NAMPO aangewys moes word, maar NAMPO het uitgestap.

Die Minister het toe in sy diskresie produsentelede vir die Raad aangestel, waarvan sommige wel NAMPO-lede was, maar hulle is nie deur NAMPO genomineer nie. Die persone wat lede van NAMPO was, is na hulle aanstelling deur die Minister op die Mielieraad uit NAMPO geskors, omdat hulle die organisasie se grondwet oortree het, aangesien slegs hoofbestuurslede van NAMPO op die Mielieraad kon dien. Die Mielieraad het egter voortgegaan om op hierdie basis te funksioneer, totdat gesprekke tussen die Minister van Landbou (mnr Greyling Wentzel) en NAMPO daartoe gelei het dat die Minister in 1987 ingestem het om weer NAMPO-lede as die produsentelede op die Raad aan te stel.

Vanaf die 1981/1982- tot en met die 1986/1987-bemerkingsjare is stelselmatig oorgeskakel van produksiekoste as basis vir bepaling van die produsenteprys vir mielies, na 'n stelsel waar die prys ná onderhandelings met die Mielieraad, waarvan die meerderheid produsenteverteenwoordigers en NAMPO-lede was, deur die Minister vasgestel is.

**“ TOE DIE AFVAARDIGING NA DIE STAATSPRESIDENT OP 'N STADIUM AANVAAR HET DAT DIE GESPREK VERBY WAS, HET MNR DE JAGER OPGESTAAN. MNR BOTHA HET HOM GEVRA WAARHEEN HY GAAN EN HY SÊ TOE HY WIL TOILET TOE GAAN, WAAROP MNR BOTHA BEVEEL HET: “SIT, EK SAL SÊ WANNEER JY KAN GAAN.”**

“ MINISTER GREYLING WENTZEL SE INSTEMMING OM WEER NAMPO-LEDE OP DIE MIELIERAAD AAN TE STEL, HET IN 'N KAT-EN-MUISSPELETJIE ONTAARD, WANT NAMPO MOES VIR ELKE POS TWEE PERSONE NOMINEER EN DIE MINISTER HET DAN BESLUIT WIE VAN DIE TWEE HY AANSTEL. NAMPO HET TOE AS EERSTE KEUSE DIE PERSONE GENOMINEER WAT VOORHEEN UIT DIE RAAD BEDANK HET, MAAR DIE MINISTER HET DIE ANDER PERSONE (NA WIE LIGTELIK IN NAMPO-GELEDERE AS DIE *TACKIE TEAM*

VERWYS IS) AANGESTEL. BY DIE VOLGENDE NOMINASIEPROSES HET DIESELFDE BYNA WEER GEBEUR. DIT HET EEN VAN DIE LEDE, MNR HENNIE DE JAGER, IN 'N MOEILIKE POSISIE GELAAT OMDAT HY TEGELYKERTYD VOORSITTER VAN DIE MIELIERAAD SOWEL AS NAMPO WAS. OM DIT OP TE LOS, IS TOE GEREËL DAT DE JAGER AS VOORSITTER VAN DIE MIELIERAAD EN ONDERVOORSITTER VAN NAMPO SOU DIEN, MET MNR BOETIE VILJOEN AS VOORSITTER VAN NAMPO EN ONDERVOORSITTER VAN DIE MIELIERAAD. ”



**Klankgreep:** Tyd vir humor was daar altyd. Die jonger manne moes instaan met die vasstelling van die jongste mielieprys terwyl die ringkoppe op 'n oorsese Mielieraad-studietoer was – mnr Vic Mouton.

Die destydse Mielieraad-voorsitter, mnr Hennie de Jager, het opgemerk dat hy die wegbeweeg van 'n beheerliggaam na 'n bemarkingsliggaam bemerk het, hoewel hy van mening was dat die Mielieraad altyd 'n integrale deel van die industrie sou bly en 'n sleutelrol in die oplossing van bemarkingsprobleme sou speel. In 1987, na die heraanstelling van NAMPO-lede op die Mielieraad, het dit dan ook finaal gerealiseer toe die ooreenkoms met die Minister van Landbou bereik is waarvolgens die basis vir vasstelling van die produsenteprys verander is.

Daardeur is die Mielieraad in wese verander vanaf 'n beheerraad na 'n bemarkingsraad met markgerigte pryse, risikoverskansing, produkbevordering en marknavorsing as uitgangspunt. Die bemarking van mielies is verander na 'n eenkanaalpoelstelsel waarvolgens binnelandse pryse bepaal is deur die verskil tussen die Mielieraad se bedryfskoste en die opbrengs uit verkope. Dit was waarskynlik die eerste duidelike beleidsverandering op die pad na deregulering, wat met die inwerkingtrede van die Wet op Bemarking van Landbouprodukte van 1996, 'n werklikheid sou word.

By die bepaling van die produsenteprys in die nuwe bedeling moes die Mielieraad die verwagte binnelandse vraag en aanbod in berekening bring, tesame met die koste en opbrengs van mielie-uitvoere. Die produsenteprys is verkry deur die netto opbrengs van die oes te deel deur die verwagte aanbod. Alle mielies is verpoel en







produsente het 'n aanvanklike (voorskot) prys ontvang. Indien enige surplusse realiseer het, is dit by wyse van middel- en agterskotte aan die produsente uitbetaal.

Alle belangegroepes (soos die meulenaars, voerverwerkers en ander verbruikers-groepes) is by die prysbepalingsproses betrek. Die prys wat na afloop van die vergaderings bepaal is, is aan die Landbou-bemarkingsraad voorgelê, wat 'n aanbeveling aan die Minister van Landbou gemaak het, wat die finale prys goedgekeur en afgekondig het.

### **Weerstand**

Met verloop van tyd het die gaping tussen die produsenteprys en die verbruikersprys van mielies vergroot as gevolg van bemarkingsfaktore, soos 'n verswakende geldeenheid (ZAR), 'n afname in wêreldpryse van mielies en 'n toename in beskikbare mielievoorrade wat weens 'n oorskotproduksie teen lae pryse uitgevoer moes word. Hierdie faktore, gekoppel aan die afskaffing van die Regering se subsidie op uitvoerkoste van mielies in die vroeë 1980's, het daartoe gelei dat die spesiale heffing verhoog moes word, wat die weerstand teen die eenkanaal-bemarkingstelsel vir mielies vergroot het.

In 1994 het 'n aantal van die grootste mieliekopers (die *Concerned Buyers Group*) uit protes teen die hoë heffings 'n hofaansoek geloods om sekere van die bepalinge van die Somergraanskema ongrondwetlik te verklaar, tesame met 'n aansoek om 'n interdik wat die Mielieraad sou belet om heffings op sekere mielietransaksies te vorder. Die aansoek was onsuksesvol.

Die weerstand teen die Skema het egter nie verswak nie en sekere partye in die mieliebedryf het die betaling van die heffings op allerlei wyses probeer omseil, byvoorbeeld deur die sluiting van vennootskappe, dienskontrakte, huurkontrakte, produksiekontrakte en oprigting van verskillende regsentiteite in baie ingewikkelde transaksies wat dit moeilik gemaak het om die ontduiking van die heffingsverpligting vas te pen.

As gevolg van die omseiling van die stelsel het die mieliebedryf begin om te destabiliseer, die gaping tussen die produsente- en verbruikersprys het vergroot en die Mielieraad kon nie altyd behoorlik vir uitvoere begroot nie. Die Mielieraad se binelandse verkope het gedaal, met 'n gevolglike groter uitvoersurplus. Die feit dat die Mielieraad nie die heffings op die totale oes kon invorder nie, het wesenlike finansiële implikasies ingehou.

### **1994/1995-bemarkingseisoen**

Aangesien daar in die 1994/1995-bemarkingseisoen nie 'n ooreenkoms oor die produsenteprys vir mielies bereik kon word wat vir al die rolspelers in die mieliebedryf aanvaarbaar was nie, is ooreengekom dat die Somergraanskema op 30 April 1995 beëindig en met 'n nuwe mieliebemarkingskema vervang sou word. Die kerneienskappe van die vervangende skema was soos volg:

- Mieliepryse sou sonder statutêre inmenging in die markplek gevorm word;
- Die Mielieraad se funksies is aangepas en het hoofsaaklik die volgende behels: Die bedryf van 'n eenkanaaluitvoerpoel, administrasie van 'n stabilisasieheffing op aankope vanaf produsente sowel as 'n produsenteheffing, verskaffing van



Die uitvoer van mielies per skip.

## MIELIERAAD/CBG-HOFSAAK

In 1994 het 'n aantal van die grootste mieliekopers (die *Concerned Buyers Group* – ook genoem *Fat Cats* [sien spotprente hiernaas]) uit protes teen die hoë heffings 'n hofaansoek geloods om sekere van die bepalings van die Somergraanskema ongrondwetlik te verklaar, tesame met 'n aansoek om 'n interdik wat die Mielieraad sou belet om heffings op sekere mielietransaksies te vorder. Die aansoek was onsuksesvol. Sodoende was "die land se groot mieliekopers bereid om vir hul persoonlike gewin die hele landboubedryf in Suid-Afrika te ontwrig" (uit *Mielies/Maize*, Januarie 1995).



markinligting en die registrasie van produsente en kopers met die oog op bestuur van heffings en insameling van inligting.

- Die Mielieraad kon mielies uit die uitvoerpoel vir binnelandse verkoop beskikbaar stel op voorwaarde dat die gelande prys by die koper nie minder sou wees as invoerpariteit plus R20/ton nie.
- Alle mielieprodusente en kopers moes by die Mielieraad geregistreer word.
- Daar sou geen beheer oor graansilo-eienaars uitgeoefen word met betrekking tot die opberging van mielies nie en vergoedingstariewe vir opberging sou deur ooreenkoms tussen die partye bepaal word.
- Produsente kon hulle mielies direk aan kopers verkoop en pryse is by ooreenkoms tussen kopers en verkopers vasgestel.
- Daar was geen beperking op die koop en verkoop of selfs invoer van mielies nie, onderhewig daaraan dat ingevoerde mielies aan sekere sanitêre en fito-sanitêre standaarde moes voldoen.
- Produsente wat mielies in die uitvoerpoel gelewer het, het by lewering 'n voorskot per ton ontvang en na finale afhandeling van die poel is die surplus by wyse van 'n agterskot op basis van tonne gelewer onder hulle verdeel.



In die daaropvolgende bemarkingseisoen is hierdie reëlings verder gewysig om ook die vrye uitvoer van mielies toe te laat, onderhewig aan die verkryging van 'n uitvoerpermit vanaf die Mielieraad en teen betaling van 'n uitvoerheffing. Die Mielieraad het in daardie seisoen slegs mielies bemark wat in die uitvoerpoele gelewer is.

### **Stabilisasiefonds**

Na aanleiding van baie goeie winste wat die Mielieraad in 1950 en 1951 met die uitvoer van mielies gemaak het, het die gedagte ontstaan om 'n stabilisasiefonds te stig. By die oorweging daarvan het twee denkrigtings bestaan: Enersyds was daar persone wat van mening was dat die Regering vir die stabilisasie van mieliepryse verantwoordelik was en dat die winste en verliese van uitvoere vir die Staat se rekening moes wees. Andersyds was daar diene wat gemeen het dat die winste wat met uitvoere gerealiseer het, die produsente toegekom het.

Uiteindelik het die Stabilisasiefonds in 1953/1954 ontstaan toe die Mielieraad besluit het om die winste wat gedurende die voorafgaande jare met mielie-uitvoere gemaak is, tesame met die bydraes van verbruikers en die Staat, in 'n fonds te stort wat gebruik kon word om moontlike toekomstige uitvoerverliese te dek en by te dra tot die stabilisasie van die produsenteprys vir mielies. Terselfdertyd het die Mielieraad besluit dat die Stabilisasiefonds in die toekoms deur bydraes van sowel die produsente as verbruikers en die Staat aangevul sou word.

Ontleders van die mieliebedryf is van mening dat die prysbeleid wat die Mielieraad gevolg het, 'n insentief bevat het wat groot genoeg was om verhoogde mielieproduksie te stimuleer, wat uiteindelik tot oorproduksie gelei het. Dit het in verskeie jare tot gevolg gehad dat die Mielieraad die oorskot mielies teen 'n verlies moes uitvoer, omdat die binnelandse produsenteprys hoër as die heersende wêreldpryse was.


Die Stabilisasiefonds het waardevolle bydraes gemaak om uitvoerverliese goed te maak en die bedryf op verskeie ander terreine te stabiliseer, dikwels deur die produsenteprys vir mielies te subsidieer.

By tye was die stabilisasiefonds baie sterk, maar as gevolg van verliese met die uitvoer van mielies in die tydperk sedert die 1977/1978-seisoen, rente wat op die opgehoopde skuld opgeloop het en tekorte wat uit die ruiltransaksie met Roemenië ontstaan het, is die stabilisasiefonds mettertyd uitgeput.

Op 1 Mei 1980 het die stabilisasiefonds nog 'n positiewe saldo van R5,2 miljoen gehad. Vanaf die 1981/1982-bemarkingsjaar is egter wegbeweeg van die praktyk om produksiekoste as basis vir bepaling van die produsenteprys vir mielies te gebruik na 'n stelsel waarin die produsenteprys na onderhandelings met die Mielieraad deur die Minister vasgestel is. Die vlakke waarop die produsenteprys in dié tydperk vasgestel is, was dikwels hoër as die internasionale prys, met die gevolg dat



Verteenwoordigers van die Mielieraad onderteken 'n uitvoerkontrak met die Republiek van China in 1986.



oorskotmielies teen 'n verlies uitgevoer is. Dié verliese is in die Stabilisasiefonds gedra en het uiteindelik bygedra tot die tekort wat in die fonds ontstaan het.

In 1982 het die tekort in die Stabilisasiefonds op sowat R53,7 miljoen gestaan, maar teen 30 April 1983 het dit reeds tot R213 miljoen gegroei. Die posisie het algaande versleg en op 30 April 1987 het die tekort in die fonds sowat R481 miljoen beloop.

NAMPO se standpunt was deurgaans dat die Regering verantwoordelikheid moes aanvaar vir die tekort in die Stabilisasiefonds, gegewe die omstandighede waaronder en wyse waarop dit ontstaan het. Na baie onderhandelings het die Staat in 1989 finaal onderneem om die tekort, wat as 'n verlies in die Mielieraad se boeke gestaan het, oor te neem. Hoewel die Staat dus verantwoordelikheid vir die Stabilisasiefonds aanvaar het, wou hulle dit nie na die staatskas afwentel nie. Gevolglik is die verlies steeds in die Mielieraad se boeke getoon en is rente jaarliks daarop bereken, wat in die Mielieraad se begroting ingesluit is.

Die Nasionale Party beheerde Regering het nooit daardie skuld vereffen nie. Na die verkiesing in 1994 waardeur die ANC beheerde regering aan bewind gekom het, is 'n nuwe Minister van Landbou aangestel. 'n Afvaardiging van die Mielieraad onder leiding van die Voorsitter het die Minister oortuig dat die Regering verantwoordelik was vir die betaling van die tekort in die stabilisasiefonds en uiteindelik is dit deur die nuwe Regering afgelos.

### **Heffings**

Die mieliebedryf was onderhewig aan drie heffings wat in terme van die Bemarkingswet en/of die Somergraanskema opgelê is.

Die eerste daarvan was 'n algemene heffing ingevolge die Bemarkingswet deur die Minister ingestel, wat deur die Mielieraad ingevorder is, maar aan die Departement van Landbou oorbetal is vir befondsing van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie.

Die tweede was 'n gewone heffing wat die Mielieraad ingevolge die Somergraanskema gevorder het ter befondsing van die Raad se administratiewe uitgawes, soos die koste van reklame, administrasie, navorsing, markinligting en verspreiding.

Die Mielieraad was ook in terme van die Somergraanskema gemagtig om 'n spesiale heffing op mielies te vorder. Die spesiale heffing is aangewend ter betaling van die bemarkingskoste wat die Raad moes aangaan in die bemarking van mielies, wat die vervoerkoste na hawens, finansieringskoste, verliese met uitvoere, opbergingskoste en hanteringskoste ingesluit het.

Wanneer mielies aan of deur middel van die Mielieraad verkoop is aan 'n persoon wat nie geregistreer was om in die gewone loop van besigheid met mielies te handel nie, was die heffing deur die verkoper (die produsent) betaalbaar. Indien mielies verkoop is aan 'n persoon wat geregistreer was om in mielies handel te dryf, was die heffing deur die koper betaalbaar. Geen heffing was egter betaalbaar op mielies wat vir eie gebruik deur die produsent aangewend is nie.

### **Magte, pligte en funksies van die Mielieraad**

Benewens die gewone magte wat nodig was om sy administratiewe funksies uit te voer, het die Mielieraad oor die volgende magte beskik:

- Om mielies en mielieprodukte te koop en te verkoop;
- om met die Minister van Landbou se goedkeuring die verkoop van mielies en mielieprodukte aan enige ander party as die Mielieraad of sy agente of geregistreerde mieliehandelaars te verbied en 'n heffing in te stel op mielies wat verwerk of van produsente aangekoop is;
- om finansiële en ander hulp in verband met navorsing te verleen;
- om 'n inligtingsdiens te vestig ten einde produsente oor bemarkingstoestande in te lig;
- om die binnelandse verbruik van mielies en mielieprodukte aan te moedig en die ontwikkeling en verbetering van die mieliebedryf in Suid-Afrika te bevorder; en
- om die Minister van Landbou te adviseer oor algemene sake, soos die graderingsvereistes van mielies, reëlins met betrekking tot die uit- en invoer van mielies en





mielieprodukte en in die algemeen oor die bemarking en/of verwerking van mielies en mielieprodukte.

Aanvullend tot die funksies wat die Mielieraad in die bemarking van mielies en ander graansoorte gespeel het, het dit in verskeie opsigte en op verskeie terreine as 'n wesenlik belangrike skakel in die mieliebedryf gedien:

- Die Raad en sy agente was verantwoordelik vir die inname, gradering, opberging en verspreiding van die land se mielievoorrade. Hierin het die landboukoöperasies die grootste rol gespeel, maar die Raad het ook meulenaars en handelaars as agente aangestel. Die uiteindelige reg op en verantwoordelikheid vir verspreiding van mielies het egter altyd by die Mielieraad berus.

Vanaf Julie 1977 is alle mielies, sorghum en bokwiet wat vanaf die binneland na hawens vervoer is, in massavragte per trein vervoer. Teen ongeveer 1985 was mielies die derde belangrikste kommoditeit wat die Spoorweë hanteer het, naas steenkool en ystererts en is ongeveer 85% van die mielie-oes per trein vervoer. Dit het teen 2014 egter tot slegs sowat 15% afgeneem as gevolg van 'n grootskaalse toename in padvervoer.

- Die Mielieraad het 'n skakelrol gespeel deur te verseker dat finansiering beskikbaar was sodat produsente onmiddellik met lewering vir hulle graan betaal en die Raad se agente vir hulle dienste vergoed kon word. In tye waar verliese op uitvoere opgeloop het, het die Mielieraad lenings teen staatswaarborgs by die Land Bank of Reserwebank verkry om die verliese te finansier.
- Die Mielieraad het ook 'n belangrike rol gespeel in die identifisering van navorsingsbehoefte in die mielie- en bokwietbedryf en die ondersteuning van navorsingsprojekte by verskeie instellings, hoewel die Mielieraad self nie 'n navorsingsinstansie was nie. Alle nuwe mieliekultivars is eers getoets voordat dit vrygestel is, veral vir hardheid en maalkwaliteit.
- Die Mielieraad het gedien as 'n skakel in kommunikasie tussen verskillende rolspelers in die industrie, asook in onderhandelings met ander ekonomiese sektore en die Staat.
- As die enigste uitvoerder van mielies en bokwiet het die Mielieraad 'n kardinale rol gespeel in die ontginning van uitvoermarkte. Dit is deur die Uitvoerkomitee van die Raad hanteer, wat bepaal het hoeveel mielies vir uitvoer beskikbaar was, 'n uitvoerprogram opgestel het waarvolgens dit bestuur is, die logistieke en finansiering daarvoor bestuur het, en verskansing op die *Chicago Board of Trade* gedoen het wanneer wêreldmarkte gunstig was.
- Vanaf ongeveer 1974 het die Mielieraad die destydse onafhanklike state (Transkei, Bophuthatswana, Ciskei en Venda, sowel as die selfregerende gebied van Lebowa) bygestaan met die ontwikkeling van hulle landbou-bemarkingstelsels.
- In 1963 het die Mielieraad 'n publisiteitskomitee gestig ten einde die bevordering van die mark en die Raad se openbare verhoudingeprogram te bestuur. Hierdie komitee het uit die staanspoor 'n besliste bydrae tot sistematiese promosie en bemarkingsaksies vir die mieliebedryf gelewer.



Reklame.



Sportpromosie.

Die Mielieraad het verskeie promosieveldtogte van stapel gestuur met die oog op die bevordering van die mieliebedryf. So byvoorbeeld is die Wally Hayward-marathon in Pretoria sowel as sokkerwedstryde geborg en vanaf 1972 tot 1983 het die Raad die Dalrymplebeker-atletiekkompetisie geborg. Die Raad het 'n losie by die FNB-stadion gehad waar geselekteerde gaste onthaal is.

Die Mielieraad het ook 'n Putu-kompetisie vir swart huisvrouens geloods waarvoor hulle kon inskryf as hulle 'n sakkie meel koop. Aan die einde van elke maand is 'n trekking gehou en pryse uitgedeel.

Tydens die Mielieraad se 50-jarige bestaansviering in 1985 is dit beskryf as 'n onontbeerlike skakel tussen die produsente en die verbruikers. Dit is soos volg beskryf: "If it closes its doors tomorrow, South Africa would go hungry within a few days."

Dit was egter op daardie stadium reeds duidelik dat die Mielieraad 'n aanpasbare benadering sou moes volg en vatbaar wees vir verandering ten einde 'n meer markgerigte stelsel vir mieliebemarking daar te stel. Van die Mielieraad se uitdaging was om in so 'n markomgewing voldoende inligting beskikbaar te stel ten einde produsente in staat te stel om hulle produksie in lyn te bring met markbehoefte en om die koste van hantering, opberging en verspreiding van mielies te verminder. Daarbenewens moes dit beplan vir die toekomstige verwagte vraag na mielies gegewe Suid-Afrika se wisselvallige weerpatrone en reënval, die verwagte toename in bevolkingsgetalle, diversifikasie op mielieplase, toename in produktiwiteit en ander faktore wat die produksie van mielies kon beïnvloed.

Gedurende April 1997 is alle mielietransaksies waarby die Mielieraad betrokke was afgesluit en op 30 April 1997 het die Raad al sy bedryfswerksaamhede gestaak. Die Raad het tot in 2007 voortbestaan om sy onafgehandelde sake uit te bestuur, wat hoofsaaklik hofsake, die verkoop van sy bates en afhandeling van poele behels het.

Met die finale afhandeling van die uitvoerpoel van die 1996/1997-seisoen is 'n bedrag van R88 036 miljoen op 14 Augustus 1997 aan mielieprodusente wat mielies in die uitvoerpoel gelewer het, uitbetaal. Dit was die laaste betaling deur die Mielieraad aan produsente en daarmee is die Raad se bedryfsake ook afgehandel.

## Ander produkte


Die Mielieraad het met verloop van tyd ook hulp verleen met die bemarking van ander landbouprodukte, soos sorghum (tot 1986), aartappels en droëbone (tot Januarie 1986) en bokwiet.

Bokwiet is vanaf 1969 op versoek van die destydse Oos-Transvaalse Koöperasie volgens 'n eenkanaalpoelstelsel geadministreer. Dit was, soos in die geval



Die vervoer van mielies, bokwiet en sorghum.





van mielies, van toepassing op bokwiet wat in sekere omskrewe gebiede geproduseer is, hoewel feitlik geen bokwiet in elk geval buite daardie gebiede geproduseer is nie. Die eenkanaalpoelstelsel het die voordeel aan bokwietprodusente gebied dat hulle oes oor 'n langer tydperk uitgevoer kon word. Dit het die geleentheid gebied om die bemarking sodanig te bestuur dat gunstige markpryse benut kon word. Feitlik die totale bokwietproduksie, uitgesonderd die saadgedeelte, is uitgevoer, hoofsaaklik na Japan en Frankryk. Die Mielieraad het bokwiet op hierdie basis bemark tot met sy ontbinding, maar aartappels en droëbone net tot Januarie 1986.

Die Raad het aan die begin van elke seisoen met die goedkeuring van die Minister van Landbou 'n voorskotprys vir bokwiet bepaal, wat by lewering aan die produsente betaal is. Wanneer die oes klaar bemark is, is die finale prys bepaal deur die uitgawes en koste verbonde aan die bemarking van die oes, van die inkomste daaruit af te trek. Die netto opbrengs is dan uitbetaal aan die produsente wat bokwiet in die poel gelewer het, *pro rata* volgens die massa wat elkeen gelewer het. In sommige jare is 'n middel- of tussenskot betaal namate die bemarking van die oes gevorder het.

Bokwiet vir plaaslike verbruik is gegradeer volgens voorskrifte deur die Mielieraad uitgereik, aangesien geen graderingsregulasies daarvoor ingevolge die Bemarkingswet gepubliseer is nie. Bokwiet wat vir uitvoer bestem was, was egter deur inspekteurs van die Direkoraat van Landbouproduktstandaarde gegradeer, volgens gepubliseerde voorskrifte van die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking.

### **Samestelling**

Die eerste volwaardige Mielieraad is met die inwerkingtreding van die eerste Bemarkingswet (Wet 26 van 1937) in 1938 daargestel. Vanaf 1968 het die Mielieraad in terme van die Bemarkingswet van 1968 (Wet 59 van 1968) gefunksioneer, totdat dit uiteindelik in terme van die Wet op Bemarking van Landbouprodukte van 1996 afgeskaf is.

Vanaf 1979 was die Mielieraad in die uitvoering van sy funksies ook onderhewig aan die Somergraanskema, soos afgekondig deur Proklamasie R45 van 1979.

Die Mielieraad is vanaf sy ontstaan saamgestel uit verteenwoordigers van al die groepe rolspelers in die bedryf, asook aangewese amptenare van die Staat. Die beginsel van 'n produsentemeerderheid in die beheerrade het egter van die begin af ook in die Mielieraad gegeld. In die beginjare was die Staat baie betrokke by die Mielieraad, tot so 'n mate dat die eerste twee Voorsitters daarvan staatsamptenare was. Sedert 1938 was die Voorsitter egter altyd uit die geledere van die produsentelede verkies.

Die eerste Mielieraad (1935) het uit 15 lede bestaan, wat soos volg opgemaak is: Vier verteenwoordigers van mielieprodusente wat lede van koöperasies was; vier verteenwoordigers van produsente wat nie lede van koöperasies was nie; een verteenwoordiger elk vir die mieliehandel, mieliemakelaars, mieliemeulenaars, mielie-uitvoerders, veevoerders en verbruikers, asook 'n amptenaar van die Departement van Landbou.

Ingevolge die Mieliereëlinskema van 1939 is die ledetal van die Mielieraad tot 19 vermeerder deur die aantal produsentelede tot twaalf te verhoog. Terselfdertyd is weggedoen met die verteenwoordiging van mieliemakelaars en -uitvoerders, maar is die verbruikers en mieliehandel elk twee verteenwoordigers op die Raad toegelaat.

Met verloop van tyd het die samestelling van die Mielieraad en die aantal lede daarvan verskeie kere verander, maar altyd met behoud van die beginsel dat die meerderheid van sy lede uit verteenwoordigers van mielieprodusente sou bestaan.

Die Mieliereëlinskema het voorsiening gemaak vir die aanstelling van adviseurs om die Mielieraad by te staan. Die Minister van Landbou kon een of meer amptenare van die destydse Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie en een of meer amptenare van die Staatsdiens as adviseurs vir die Raad aanstel. Die Mielieraad was self ook geregtig om hoogstens twee persone as adviseurs op die Raad te koöpteer. Daarbenewens is die Mielieraad bygestaan deur komitees wat getaak was om sekere sake rakende die Raad se werksaamhede te ondersoek en aanbevelings daarvoor aan die Raad voor te lê.





Vanaf die stigting van NAMPO in 1980 het NAMPO die produsentelede van die Mielieraad, wat die meerderheid in die Mielieraad gevorm het, genomineer en het die Minister van Landbou daardie genomineerdes aangestel.

Die ooreenkoms wat in 1987 met die Minister bereik is, het ten opsigte van die samestelling van die Mielieraad die belangrike verandering ingehou dat teruggekeer is na die bedeling wat tot 1985 gegeld het, naamlik dat die produsentelede op die Mielieraad weer uit die geleedere van NAMPO genomineerdes deur die Minister aangestel is. Die betrokke NAMPO-lede is uit die 24 NAMPO-streke verkies, wat ook beteken het dat hulle teenoor hulle kieskolleges verantwoordelik was. Die streke is in groepe van drie ingedeel wat elkeen 'n verteenwoordiger aangewys het.

## Koring en ander wintergrane

1930	Wet tot Beperking van Koringinvoer – invoer van koring beperk
1931	Wet tot Beperking van Meelinvoer – invoer van meel en meelblom beperk
1935	Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid (Wet 58 van 1935)
1935	Raad van Beheer oor die Koringnywerheid – aktiewe beheer oor die invoer van koring en koringmeel
1937	Bemarkingswet
1938	Koringreëlinskema
1950	Wintergraanskema
1973/1974	Raad se naam verkort tot <i>Koringraad</i>
1987	Beheer oor rogproduksie opgehef
1995	Kwantitatiewe invoerbeheer vervang met tariefbeheer
1996/1997	Koringbemarking in geheel gedereguleer
1997	Koringraad afgeskaf

### **Begin 1900's**

Vanaf die vroeë 1900's het koringprodusente op verskeie wyses probeer om groter stabiliteit in die koringbedryf te bereik, maar sonder werklike sukses. Die besonderhede daarvan word in Hoofstuk 1 uiteengesit en het gewissel van verbeterde onderlinge samewerking tot die stigting van organisasies soos Bokomo en Sasko (vandag die *Pioneer Foods Groep*).

### **1930 – Wet tot Beperking van Koringinvoer**

Uiteindelik het die Regering in 1930 die Wet tot Beperking van Koringinvoer aange- neem waardeur die invoer van koring beperk is. In 1931 is 'n soortgelyke wet ten opsigte van meel en meelblom, die Wet tot Beperking van Meelinvoer, aanvaar. Dié wette het 'n minimumprys bepaal waarteen ingevoerde koring en koringmeel in Suid-Afrika geland kon word.

Die Regering het ook die prys bepaal waarteen Suid-Afrikaanse produsente vir hulle koring vergoed moes word. Dié pryse het egter nie altyd gerealiseer nie, omdat die oorgrote gedeelte van die oes gewoonlik in 'n kort tyd aan die begin van die oesseisoen bemark is. Dit het 'n ooraanbod in daardie tydperk tot gevolg gehad, wat die prys nadelig beïnvloed het.

Die mening het begin posvat dat produsente in staat gestel moes word om hulle oes stelselmatig te bemark ten einde voordelige markomstandighede te kan benut. Dit sou beteken dat koring opgeberg moes word, maar die produsente het nóg die fasiliteite nóg die finansiële vermoëns gehad om dit te kon doen. Koöperasies het wel oor pakhuisse beskik wat hiervoor aangewend kon word, maar hulle kon nie die noodwendige implikasies daarvan in terme van rentekoste, gehalte- en ander verliese, versekeringskoste, ensovoorts bekostig nie. Hierdie koste sou dus deur hulle lede (die produsente) gedra moes word, wat laasgenoemde dan in 'n swakker posisie sou plaas as produsente wat nie lede van koöperasies was nie en hulle oes dadelik ten volle kon verkoop.



## 1935 – Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid

Koringprodusente het gevolglik volgehou met druk vir groter Staatsondersteuning aan die koringbedryf. Hulle pogings is beloon met die skepping in 1935 van die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid, wat in terme van die Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid (Wet 58 van 1935) daargestel is met die oog op aktiewe beheer oor die invoer van koring en koringmeel, ter beskerming van die plaaslike koringprodusente se belange.

Die ontstaan van die laasgenoemde wet was, volgens die Koringraad se 50-jarige gedenkboek, bevorder deur 'n buitengewone goeie oes in die Swartland en Rûens in 'n tyd waarin die bemarkingsmeganismes nie gerat was om 'n groot surplus te hanteer en aan produsente 'n billike prys vir hulle produkte te verseker nie. Ten spyte van 'n voorskot op die prys van koring wat die Land Bank aan koöperasies betaal het, het dit nie die hele bedryf baie gehelp nie, aangesien die vele produsente wat nog nie lede van die koöperasies was nie, nie kon deel in die voorskot wat betaal is nie.

Die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid wat ingevolge die 1935-wet tot stand gekom het, het vanuit die staanspoor met die surplusprobleem geworstel en die invoer van koring en meel is sterk bevrage. Die vestiging van 'n eenkanaal-bemarkingstelsel is deur verteenwoordigers van koringprodusente as 'n oplossing vir dié probleem aangevoer.

Die Raad het egter ander maatreëls ingestel met die oog daarop om die aanbod van koring in die mark te beperk, wat die opberging van koring teen vergoeding ingesluit het. Die maatreëls was nie baie suksesvol nie en het daartoe gelei dat die Raad besluit het om die Regering te versoek om "'n beleid van verkoop deur een kanaal" vir koring op 'n proefbasis van twee jaar te oorweeg. Hoewel die versoek nie toegestaan is nie, het die Regering ingestem om die voorskotprys aan te pas en sekere hulp ten opsigte van die opberging van koring te verleen. Dit was egter duidelik dat hierdie Raad, wat as die eerste "Koringraad" beskou kan word, se magte nie toereikend genoeg was om die ordelike bemarking van koring te verseker nie.

## Bemarkingswet 1937 – Koringreëlinskema

In aanloop tot die afkondiging van die Bemarkingswet van 1937, het die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid reeds begin met die ontwikkeling van 'n skema in terme van daardie Wet waarvolgens daardie Raad die enigste koper en verkoper van koring sou wees, koringpryse sou vasstel en ander stappe kon neem om die koringbedryf te beheer. Op 5 Oktober 1938 is die Koringreëlinskema, wat in die proses ontwikkel is, ingevolge die Bemarkingswet afgekondig. Daardeur is eenkanaalbemarking vir koring en ander wintergraanprodukte ingestel.



Droëlandkoring in die Vrystaat.



Die Wet op die Beheer oor die Koringnywerheid (Wet 58 van 1935).



Klankgreep: Prysvasstelling in die Koringbemarkingsraad was 'n ernstige saak...maar soms was daar ligte oomblikke ook – mnr Jannie de Villiers.



Een van die eerste koringstropers.



Koringsny in die 1900's.



Die eerste selfaangedrewe koringstroper is in 1953 bekendgestel.

Die Bemarkingswet het die Raad bemagtig om volle beheer oor die koring-tot-broodketting uit te oefen. Vanaf 1938 het die Raad die in- en uitvoer van koring en koringprodukte beheer, die verkoop van koring aan enige ander entiteit as die Raad en sy agente verbied, soos ook die verkoop van koringmeel en brood teen ander pryse as wat die Raad bepaal het en het selfs die grootte van bakkers se oonde gereguleer. In die geheel gesien, was dit die omvattendste beheer oor enige produksieketting in die land se geskiedenis, wat vir sowat 59 jaar voortgeduur het.

Die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid wat in terme van die 1938-wet in die lewe geroep is, het op 24 Oktober 1938 vir die eerste keer vergader. Die Raad het wyer magte en verantwoordelikhede as sy voorganger gehad. Die belangrikste take was om die Minister te adviseer oor graderings- en verpakkingsvereistes, sowel as die voorwaardes waaronder koring en koringprodukte verkoop, ingevoer of uitgevoer kon word. Van die Raad se ander magte was onderhewig aan goedkeuring van die Minister, soos die opleë en invordering van heffings, vasstelling van pryse, registrasie van meulenaars en dorsmasjieneienaars en die verbod op verkoop van koring aan enige ander entiteit as die Raad.

### **Wintergraanskema**

Die Koringreëlinskema het vir elf seisoene in werking gebly totdat dit vanaf 1 November 1950 deur die Wintergraanskema vervang is. Hierdie nuwe skema het voorsiening gemaak vir die insluiting van gars, hawer en rog onder die beheer van die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid.



Die vroeë 1900's. Koring is eers gesny en dan gedors (in baie gevalle deur kontrakteurs).



**DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE KORINGRAAD NA DIE INWERKINGTREDDING VAN DIE KORINGREËLINGSKEMA HET 13 SITTINGSDAE BELOOP AS GEVOLG VAN DIE GROOT AANTAL SAKE WAARAAN DIE RAAD MOES AANDAG GEE, SOOS DIE VASSTELLING VAN PRYSE EN KOMMISSIES, AANSTELLING VAN AGENTE, VERKOOPSVORWAARDES, DISTRIBUSIEREËLS, GRADERING EN PRYSE VAN PRODUKTE, ASOOK ADMINISTRATIEWE SAKE WAT HANTEER MOES WORD.**







//

**DIE KORINGRAAD WAS VIR BAIE JARE LANK DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING SE VERTEENWOORDIGER OP DIE INTERNASIONALE GRAANRAAD (IGR) EN HET JAARLIKS DIÉ ORGANISASIE SE VERGADERINGS BYGEWOON.**

**OMDAT SUID-AFRIKA 'N NETTO INVOERDER VAN KORING WAS, HET DIE IGR SE VERGADERINGS 'N GOEIE GELEENTHEID GEBIED OM NIE NET MET ONTWIKKELINGS IN DIE BEDRYF TRED TE HOU NIE, MAAR OOK KONTAKTE MET DIE OOG OP INVOERE OP TE BOU.**

//

Vanweë die geringe omvang van rogproduksie en -verwerking in Suid-Afrika is alle beheermaatreëls daarop vanaf 1 Oktober 1987 opgehef.

Die Raad se bevoegdhede ingevolge die Wintergraanskema was grootliks dieselfde as onder die Koringreëlinskema en het ook die volgende ingesluit:

- Om die aankoop en verspreiding van koring, gars, hawer en rog in Suid-Afrika te beheer en agente vir daardie doel aan te stel; en
- om, met die goedkeuring van die Minister van Landbou, reserwefondse te skep.

Die prys wat die Raad vir koring aan die produsente betaal het, is deur die Minister van Landbou bepaal, na onderhandeling tussen die produsente, meulenaars, bakkers en die Raad. Daar is op 'n prys ooreengekom, wat vir goedkeuring aan die Minister voorgelê is, maar in die meeste gevalle in elk geval net so deur die Minister afgekondig is.

Met die tweede konsolidasie van die Wintergraanskema gedurende die 1973/1974-seisoen, is die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid se naam verkort tot die Koringraad en is 'n Adviserende Wintergraangraderingskomitee ingestel om die Koringraad oor sake rakende die gradering en klassifikasie van wintergraan en wintergraanprodukte te adviseer.

Tot 1987 is wintergraan volgens 'n vasteprys eenkanaalskema geadministreer, maar vanaf 1987 in praktyk as 'n eenkanaalpoelskema.

### ***Op pad na deregulering***

Een van die aanbevelings van die Wentzel Kommissie, waarna later verwys word, was dat die proses vir prysbepaling van beheerde landbouprodukte aangepas moes word. Met verwysing na die Wintergraanskema en die koringbedryf het die Kommissie die volgende aanbevelings gemaak, wat almal met verloop van tyd geïmplementeer is:

- Die beheer oor in- en uitvoere behoort in die eerste plek by die Regering te berus en die Minister van Landbou moet oor die hoeveelhede daarvan besluit;
- die Koringraad moet die bevoegdheid behou om oor die registrasie van meulens te besluit en die beperkende registrasie ten opsigte van broodbakkers moet behou word, maar die beperking op registrasie van ander bakkers, soos banketen koekbakkers, moet aangepas word;
- die subsidie op die prys van brood moet stelselmatig verminder word; en
- die Bemerkingswet moet gewysig word sodat die Minister die bevoegdheid het om pryse en marges op aanbeveling van die Bemerkingsrade en na konsultasie met die Nasionale Bemerkingsraad te bepaal.

Die algemene dryf na 'n gedereguleerde landboumark wat hoofsaaklik in die mieliebedryf gegeld het, het uiteindelik ook gelei na die einde van beheerde bemerking van wintergraangewasse in Suid-Afrika, met die afskaffing van die Koringraad in 1997.



**'n Moderne (kombinasie)-koringstroper aan die werk.**



**Ou Koringraadgebou.**



**Nuwe Koringraadgebou.**



**Klankgreep:** Wat in 'n kousessie bespreek is, realiseer nie altyd om die onderhandelingsafel nie – mnr Jannie de Villiers.



**Klankgreep:** Laaste sake is afgehandel na die ontbinding van die Koringraad – mnr Andries Beyers.

### ***Samestelling***

Die Raad wat ingevolge die Wet van 1935 ingestel is, het uit agt lede bestaan, naamlik 'n amptenaar van die Departement van Landbou en Bosbou, drie verteenwoordigers vir lede van koöperatiewe produsente, een verteenwoordiger vir nie-koöperatiewe produsente, twee om meulenaars te verteenwoordig en een vir die verbruikers.

Na die afkondiging van die Koringreëlinskema van 1938 is die Raad tot 14 lede vergroot, naamlik vyf verteenwoordigers vir koöperatiewe koringprodusente, drie vir nie-koöperatiewe koringprodusente, drie vir meulenaars, een vir bakkers, een vir verbruikers en 'n amptenaar van die Departement van Landbou en Bosbou. In 1945 het die verbruikers nog 'n verteenwoordiger bygekry, wat die Raad tot 15 lede vergroot het.

Ingevolge die Wintergraanskema van 1950 is die Koringraad se ledetal tot 21 verhoog, waarvan elf die koringprodusente verteenwoordig het, terwyl die ander belangegroep kleiner verteenwoordiging geniet het, soos wat onder die vorige bedelings ook die geval was. Later is die Koringraad se samestelling tot 13 lede verminder, waarvan agt produsentelede, twee verteenwoordigers vir elk van die meulenaars en die bakkers en een vir verbruikers. Ingevolge die Bemarkingswet moes die produsente se verteenwoordigers altyd die meerderheid in die Koringraad uitmaak.

In later jare was koringprodusente op provinsiale vlak in die georganiseerde landbou op Wintergraankomitees van die provinsiale landbou-unies verteenwoordig, waarvan daar vier was, een vir elkeen van die destydse provinsies. Die distriklandbou-unies het verteenwoordigers op die Wintergraankomitees van die onderskeie provinsiale landbou-unies genomineer. Uit hulle geledere is die Nasionale Wintergraankomitee van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, op basis van produksie, saamgestel, met die gevolg dat die meeste lede daarvan vanaf die Wes-Kaap afkomstig was, met die Vrystaat die tweede meeste en dan die Kaap-provinsie en Transvaal.



Die distrikslandbou-unies het dus in effek die kandidate vir aanstelling as lede van die Koringraad benoem, maar die Minister van Landbou het die finale aanstellings gemaak, wat vir 'n termyn van twee jaar gegeld het. Na die stigting van die Wintergraan Producente-organisasie (WPO) het laasgenoemde die benoemings vir lede van die Koringraad gemaak.

## Sorghum

Voor 1945	Geen beheer
1945 - 1948/1949	Mielieraad bedryf eenkanaalpoelstelsel as tydelike maatreël
1949 - 1957	Geen beheer
1957/1958	Mielieraad bedryf eenkanaalpoelstelsel
1957/1958 - 1985	Mielieraad bedryf vloerprysstelsel as deel van die Somergraanskema
1986 - 1997	Sorghumraad gestig – bedryf surplusverwyderingskema
1997	Sorghumraad afgeskaf

### Aard en omvang van beheer

Tradisioneel was sorghum in bestaansboerderye geproduseer en verbruik, sonder bemarkingstrukture van enige aard. Selfs nadat kommersiële produsente begin het om dit op groter skaal te verbou, was die bemarking daarvan aanvanklik nie baie suksesvol nie.

Vanaf 1945 tot die 1948/1949-seisoen het die Mielieraad die bemarking van sorghum as 'n tydelike maatreël hanteer om 'n eenkanaalbemarkingstelsel vir sorghum daar te stel en die bemarking meer georden te bestuur. Vanaf 1949 was daar weer geen formele beheer oor die bemarking van sorghum nie, totdat dit in die 1957/1958-seisoen opnuut deur die Mielieraad oorgeneem is.

In daardie seisoen is 'n poelstelsel vir die bemarking van sorghum bedryf, maar vanaf die volgende seisoen is 'n vloerprysstelsel as 'n stabiliserende maatreël vir plaaslike pryse ingestel wat tot in 1985 deur die Mielieraad as deel van die Somergraanskema bedryf is. Die vloerprysstelsel was 'n minder omvattende beheerskema as die eenkanaalskema wat ten opsigte van mielies gegeld het. Dit het in wese behels dat die Mielieraad 'n prys aangekondig het waarteen die Raad bereid was om sorghum van produsente te koop wat dit nie elders teen hoër pryse van die hand kon sit nie.

Die prys, wat gewissel het na gelang van die klas en graad sorghum, was dus 'n minimum perk, of vloer, waarbene die produsenteprys nie kon daal nie en vandaar die verwysing na "vloerprys". Die vloerprys is aan die begin van die seisoen deur die Mielieraad vasgestel, met goedkeuring van die Minister van Landbou. Tot en met die 1964/1965-seisoen het die vloerprys elke jaar vanaf 1 Mei tot 31 Oktober van krag gebly, maar in die 1965/1966-seisoen is die aanvangsdatum tot 1 April vervoeg.

Wanneer die vloerprys aangekondig is, het die Mielieraad ook die minimumprys bekend gemaak waarteen hy sorghum, wat teen die vloerprys aangekoop is, vir binnelandse verbruik sou verkoop. Laasgenoemde prys was gewoonlik ietwat hoër as die vloerprys ten einde voorsiening te maak vir die Mielieraad se koste ten opsigte van sorghum en die handel aan te moedig om soveel as moontlik van sy behoefte vroeg in die seisoen direk van die produsente aan te koop.

Kragtens die vloerpryskema het dit die handel vrygestaan om sorghum direk van produsente aan te koop en daarmee handel te dryf, anders as in die geval van die eenkanaalbemarkingstelsels wat ten opsigte van mielies en koring gegeld het. Daar was ook geen prysvoorskrifte vir dié verhandeling nie.

In die praktyk het die Mielieraad sorghum slegs in die vernaamste produksiegebiede direk vanaf produsente aangekoop. Dit was duidelik omskrewe gebiede en het die destydse provinsies van Transvaal en die Oranje-Vrystaat en enkele landdrosdistrikte in die Kaapprovinsie en Natal ingesluit. Die Mielieraad het sorghumagente in daardie gebiede aangestel om sorghum wat ingevolge die skema van produsente verkry is, teen voorgeskrewe tariewe namens die Raad te hanteer en op te berg, volgens

**DIE EERSTE VROULIKE LID  
VAN DIE KORINGRAAD  
WAS ME AJE NEL WAT  
OP 1 MAART 1945  
AANGESTEL IS AS  
VERTEENWOORDIGER  
VAN DIE VERBRUIKERS.  
SY WAS AFKOMSTIG VAN  
POTCHEFSTROOM, WAAR  
SY VIR 'N TYDPERK OOK  
DIE BURGEMEESTER VAN  
DIE DORP WAS.**



**Klankgreep: Die Sorghumraad is gestig na komiteelede in die Mielieraad afgeskeep gevoel het – mnr Piet Skinner.**

voorskrifte deur die Raad neergelê. Die opbergingsfasiliteite het aan die agente, wat hoofsaaklik uit landboukoöperasies bestaan het, behoort.

### **Aanstelling en registrasie**

Sorghumhandelaars was aanvanklik, tot 2 Maart 1984, nie verplig om as sulks by die Mielieraad te registreer nie, maar verwerkers van sorghum wel. Alle sorghum-agente en vervaardigers van sorghumprodukte in die Republiek moes maandelikse opgawes van al hulle transaksies in sorghum en sorghumprodukte aan die Raad verstrek. Sorghumhandelaars, daarenteen, was nie verplig om opgawes van hulle transaksies in sorghum by die Raad in te dien nie, behalwe dié wat in sekere geïdentifiseerde gebiede, wat van tyd tot tyd gewissel het, sorghum vir eie rekening aangekoop het.

### **Uitvoer**

Die Mielieraad het nie self die uitvoer van sorghum onderneem nie. Die uitvoerbare surplus is op voorafbepaalde tye per tender vir uitvoerders aangebied, wat self verantwoordelik was vir die verkoop en verskeping aan oorsese kopers. Die Mielieraad het egter toegesien dat die nodige logistieke reëlings getref word om die sorghum aan die suksesvolle tenderaar in die hawe te lewer, gewoonlik in die graansilo by die Durbanse hawe.

Vervaardigers van sorghummout moes 'n spesiale heffing aan die Raad betaal op mout wat hulle verkoop het. Die opbrengs van die heffing is in 'n spesiale heffingsfonds gestort wat hoofsaaklik gebruik is om verliese met sorghumuitvoere te dek.

### **Inmengskema**

In die Mielieraad se verslag oor die sorghumbedryf in 1973 word verslag gedoen oor 'n inmengskema wat ingestel was wanneer die uitvoerprijs van sorghum laer as dié van geelmielies was, wat gewoonlik die geval was. Indien daardie verskil groter was as die verskil in die onderskeie waardes van die twee grane as veevoer, het die Mielieraad sorghum teen 'n diskonto beskikbaar gestel vir gebruik in veevoere, as alternatief vir geelmielies. Die diskonto was gebaseer op die verskil in die voerwaardes van die onderskeie produkte.

Dit het beteken dat groter hoeveelhede geelmielies uitgevoer kon word, teen 'n beter netto resultaat. Die netto finansiële uitwerking van die transaksie is dan gekop tussen die sorghum- en die mieliebedryf verdeel.

### **Selfbeskikking**

'n Groeiende behoefte aan selfbeskikking vir die sorghumbedryf het uiteindelik uitgeloop op onderhandelings tussen die Nasionale Sorghumkomitee van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, die Nasionale Bemerkingsraad en die Minister van Landbou.

Die grootste argument ten gunste van die daarstelling van 'n onafhanklike Sorghumraad was dat die bedryf so groot was dat dit die reg behoort te kry om sy eie bemerking te kan behartig. Die argument is deur die Nasionale Sorghumkomitee ondersteun en deur die Nasionale Bemerkingsraad aanbeveel, wat die Minister ooreed het om die beheerraad vir die bedryf te vestig.

Die destydse Minister van Landbou, mnr Greyling Wentzel, het op 22 November 1985 aangekondig dat 'n onafhanklike bemerkingsraad vir die sorghumbedryf gestig gaan word. Die nuwe Sorghumskema, wat op 31 Januarie 1986 afgekondig is, was steeds 'n vrywillige vloerpryskema en was in die hele land van toepassing.

Daarmee het die Mielieraad se beheer oor die bemerking van sorghum tot 'n einde gekom. Die Sorghumraad het die funksies wat dit met betrekking tot die bemerking van sorghum oorgeneem het, tot met die afskaffing van die beheerrade in 1997 verrig.

Sorghumbemerking is gedurende hierdie tyd met weinige inmenging bedryf en die Sorghumraad is beskou as 'n voorloper wat deregulering betref. Die Raad se bemerkingsreëlings, insluitende die voorgestelde vloerprys, is jaarliks vir goedkeuring aan die Minister van Landbou voorgelê.



Die verbouing van sorghum vir saaddoeleindes.

**OP 30 APRIL 1973  
WAS DAAR IN TOTAAL  
20 SORGHUMAGENTE  
AANGESTEL.**





Die landbou-koöperasies het voortgegaan om as agente van die Sorghumraad op te tree vir die ontvangs en versending van sorghum en vir die betalings wat aan produsente gemaak moes word.

### **Missie en doelstellings**

Die Sorghumraad se belangrikste strewe was om langtermynstabiliteit en -groei in die sorghumbedryf te bevorder.

Die doelstellings van die Sorghumraad was:

- Om die bemaking van sorghum en sorghumprodukte, insluitende die uitvoer daarvan, ooreenkomstig die bepalings van die Bemakingswet en die Sorghumskema te orden; en
- om die vraag na sorghum en sorghumprodukte ooreenkomstig die bepalings van die Bemakingswet en die Sorghumskema te bevorder of te stimuleer, hetsy binne of buite die RSA.

### **Funksies en bevoegdhede**

Die vernaamste funksies en bevoegdhede van die Sorghumraad was:

- Om markinligting te verskaf;
- om teen die prys of die grondslag wat die Minister goedkeur, sorghum of sorghumprodukte te koop en te verkoop;
- om die surplusverwyderingskema te administreer;
- om bystand te verleen vir navorsingswerk ten opsigte van sorghum of sorghumprodukte;
- om 'n databasis en inligtingsdiens te vestig;
- om markontwikkeling te onderneem en die vraag na sorghum en sorghumprodukte te stimuleer;
- om met die oog op verkryging van fondse, heffings op sorghum en sorghumprodukte in te stel;
- om 'n inspeksiediens in te stel ten einde, onder andere, die invordering van heffings te kontroleer; en
- om onder sekere omstandighede beperkings te plaas op die verkoop van sorghum.

Navorsing wat deur die Sorghumraad gedoen is, is deur statutêre heffings befonds.

### **Agente**

Dit was hoofsaaklik die landboukoöperasies wat as agente van die Sorghumraad opgetree het vir die ontvangs en opberging van surplus sorghum. Opbergingsfasiliteite het aan die agente behoort wat deur die Sorghumraad vir die koste van opberging en hantering van sorghum vergoed is. Die koöperasies het gewoonlik ook produksiekrediet vir die verbouing van sorghum aan produsente verskaf.

### **Samestelling**

Die Sorghumraad is uit nege lede saamgestel, synde verteenwoordigers van produsente (5), moutvervaardigers (1), veevoervervaardigers (1), die groothandel (1) en agente van die Raad (1).



**“ BEPERKTE HOEVEELHEDE SORGHUM IS  
UITGEVOER EN 'N INVOERTARIEF IS OP INVOERE  
GEHEF. IN- EN UITVOERE VAN SORGHUM WAS  
ONDERHEWIG AAN KWANTITATIEWE BEHEER. ”**



Verder is die Sorghumraad deur verskeie komitees bedien, naamlik 'n Navorsingsadvieskomitee, Navorsingskundigheidskomitee, Bemerkingskundigheidskomitee, Saadkundigheidskomitee en Advertensie- en Promosiewerkgroep.

## **Oliesade**

Voor 1934	Koöperatiewe samewerking
1934	Grondbone Produsente Adviserende Komitee
1952	Oliesaadbeheerskema en Oliesaadbeheerraad – sonneblom en grondbone – eenkanaalpoelstelsel
1994	Beheer opgehef
30 September 1997	Oliesaderaad afgeskaf

### ***Koöperatiewe samewerking***

Probleme wat in die vroeë stadiums van kommersiële grondboneverbouing in Suid-Afrika met oorskotproduksie van eetmarkgrondbone ontstaan het, het 'n behoefte aan die georganiseerde bemarke van grondbone geskep, wat tot die stigting van koöperatiewe organisasies aanleiding gegee het. Die eerste daarvan het in die Noord-Transvaalse gebied (Limpopo) tot stand gekom, waarskynlik omdat dit destyds die enigste grondboonproduserende gebied in Suid-Afrika was.

### ***Grondbone Produsente Adviserende Komitee***

Met verloop van tyd het die behoefte aan groter samewerking in die grondbonebedryf toegeneem, wat tot samesmeltings van koöperatiewe ondernemings aanleiding gegee het. In 1934 het dit uitgeloop op die stigting van die Grondbone Produsente Adviserende Komitee deur die destydse Waterberg Koöperatiewe Landbouers Vereniging en ander rolspelers in die bedryf. Die Komitee, wat uit verteenwoordigers van sowel produsente as persers saamgestel is, is later met 'n amptelike Grondbone Adviserende Komitee ondervoorsitterskap van die Sekretaris van Landbou vervang.

Ten einde die grondboonnywerheid gedurende die depressiejare van die 1930's te ondersteun, het die Regering die invoerregte op grondbone verhoog en verorden dat geen permitte vir die invoer van grondbone vir persdoeleindes toegestaan sou word nie, tensy bewys gelewer kon word dat die plaaslike surplusproduksie deur die parsnywerheid opgeneem is. Die prys waarteen die surplus grondbone in Suid-Afrika aan die parsnywerheid beskikbaar gestel is, is jaarliks na oorlegpleging tussen die Grondbone Produsente Adviserende Komitee en die Departemente van Landbou en van Handel en Nywerheid vasgestel.

Intussen het die koöperatiewe produsente-organisasies 'n sentrale koöperasie vir oliesade gestig met die oog op onderlinge raadpleging en bespreking van die belange van die oliesadebedryf. Dié sentrale koöperasie het hom saam met die Grondbone Adviserende Komitee vir die daarstelling van 'n eenkanaalbemarkingskema in terme van die Bemerkingswet van 1937 beywer.

### ***Oliesaadbeheerskema en Oliesaadbeheerraad***

Op 25 Februarie 1952 is die Oliesaadbeheerskema ingevolge die Bemerkingswet van 1937 afgekondig, wat die tydperk van regulering van die oliesadebedryf ingelui het.

Die Oliesaadbeheerskema het voorsiening gemaak vir die stigting van 'n Oliesaadbeheerraad (die Oliesaderaad) waaraan sekere magte, bevoegdhede en verpligtinge ten opsigte van grondbone en sonneblomsaad opgedra is. Die Oliesaderaad was ingevolge die Oliesaadbeheerskema gemagtig om as die enigste koper van die genoemde oliesade op te tree en op 18 April 1952 is 'n proklamasie uitgevaardig in terme waarvan die verkoop van grondbone en sonneblomsaad deur produsente aan enige iemand anders as die Oliesaderaad verbied is. Hierdie beheer is in 1968 ook na sojabone uitgebrei.

Al die belangegroepes in die oliesadebedryf was op die Oliesaderaad verteenwoordig, maar in ooreenstemming met die vereistes van die Bemerkingswet, het die meerderheid van die Raad se lede uit produsente bestaan.



Ten einde vir befondsing van die Oliesaderaad voorsiening te maak, is statutêre heffings op sonneblomsaad en gedopte sowel as ongedopte grondbone ingestel. Die eerste heffings was vasgestel op een sjieling per 100 lb (45,36 kg) gedopte grondbone, agt pennies per 100 lb ongedopte grondbone en sewe pennies per 100 lb sonneblomsaad.

### **Funksies en magte**

Die Oliesaderaad se roetinefunksies het die aankoop, voorbereiding, gradering, vervoer, uitvoer en verkoop van oliesade ingesluit, terwyl dit ook 'n inligtingsverskaffingsfunksie ten opsigte van oliesade vervul het. Die behoefte aan 'n betroubare inligtingsdiens het met verloop van tyd toegeneem weens groter internasionale mededinging en gepaardgaande pryskommelings.

Die Oliesaderaad was gemagtig om met die Minister van Landbou se goedkeuring 'n verskeidenheid van magte en pligte uit te voer, wat die volgende ingesluit het:

- Die instelling van 'n verbod op die verkoop van oliesade aan iemand anders as die Oliesaderaad;
- die vasstelling van oliesaadpryse, oplegging van heffings en skepping van reserwefondse;
- die opstel van graderings- en verpakkingsregulasies; en
- die belegging van fondse en verkryging van vaste eiendom.

Die Oliesaderaad het, soos die ander beheerrade, agente aangestel om produkte namens die Raad te ontvang, te gradeer, op te berg en te versend. Produsente se vergoeding vir produkte wat hulle aan die Oliesaderaad gelewer het, is ook deur middel van die agente aan hulle betaal. Die Oliesaderaad het sover dit moontlik was die bestaande hanteerders van oliesade as sy agente aangestel, aangesien hulle reeds oor kundigheid en fasiliteite beskik het.

Vanaf die einde van 1952 het die Oliesaderaad inspekteurs aangestel met die doel om, onder andere, ouditinspeksies en ander ondersoeke by agente uit te voer, gradeeringsgeskille te besleg, ondergraadprodukte te gradeer en te verkoop en inspeksies uit te voer op grondbone wat vir die uitvoer- en eetmark bedoel was.

Vanaf 1968 het die Oliesaderaad ook die bemarking van sojabone, benewens grondbone en sonneblom, beheer.

Die Raad se naam is later van tyd gewysig na die Oliesaderaad.

Die Oliesaderaad het 'n eenkanaalpoelstelsel vir oliesade bedryf. Die beheerde bemarking van oliesade het bepaalde voordele vir die bedryf ingehou, insluitende stabiliteit in die mark tot voordeel van sowel produsente as afnemers, verhoogde produksie, uitvoer van grondbone van baie hoë gehalte en korrekte interpretasie van markinligting.

### **Beheer opgehef**

Die bemarkingskema ten opsigte van grondbone is egter weens veranderde omstandighede in die Suid-Afrikaanse politieke bestel en internasionale handel op 22 April 1994 sodanig gewysig dat grondbone vryelik deur produsente verhandel kon word en toegelaat is dat 'n surplusverwyderingstelsel met vrywillige poele en 'n eenkanaaluitvoerstelsel bedryf kon word. Ingevolge die eenkanaaluitvoerstelsel het die Oliesaderaad instansies wat oor voorrade beskik en toegang tot selekteeraanlegte gehad het, vrystelling verleen om, onderhewig aan die betaling van die voorgeskrewe heffings, grondbone uit te voer.

Hierdie wysigings het meegebring dat slegs 30% van die grondbone-oes in 1994 aan die Oliesaderaad verkoop is. Grondbone wat wel aan dié Raad se vrywillige poele gelewer is, is geselekteer en sowel binnelands as in die buiteland verhandel.

Sedert Julie 1995 het die Oliesaderaad se rol as uitvoerder van grondbone in effek verval. Die Raad is egter deur die Minister van Landbou aangestel om gehaltebeheer toe te pas op alle grondbone wat vir uitvoer bestem was, ten einde Suid-Afrika se aansien ten opsigte van kwaliteitstandaarde te probeer behou. Die Oliesaderaad het 'n belangrike rol gespeel in die verskaffing en koördinerende van



inligting en het 'n onafhanklike diens ten opsigte van monsterneming en grade-ring gelewer.

Die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte van 1996 het vereis dat alle bestaande bemarkingsrade 'n besigheidsplan aan die Minister van Landbou en Bosbou en die Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NLBR) moes voorlê binne dertig dae nadat die NLBR wat in terme van dié Wet aangestel is, die eerste keer vergader het. Dit moes aanbevelings insluit oor die wyse waarop die afsluiting van die betrokke Raad se werksaamhede bestuur sou word.

Enige versoeke deur die bedryf vir statutêre maatreëls, moes volledig in die besigheidsplan gemotiveer word. Die kernbeginsel was dat statutêre maatreëls asook voorstelle vir die herstrukturering van funksies van die Oliesaderaad, met eenparige aanbevelings van die bedryf ondersteun moes word, by gebreke waarvan die Minister self oor maatreëls vir deregulering kon besluit.

Aangesien die NLBR op 6 Januarie 1997 vir die eerste sou vergader, het dit geïmpliseer dat die besigheidsplan vir die oliesadebedryf, soos vir die ander landboubedrywe, in die eerste week van Februarie 1997 aan die NLBR voorgelê moes word.

Die oliesadebedryf se besigheidsplan is na uitgebreide onderhandelings tussen al die rolspelers in die bedryf aan die Minister van Landbou voorgelê. In die besigheidsplan is voorsiening gemaak vir die volgende strukture wat na die sluiting van die Oliesaderaad na die bedryf se belange sou omsien:

- Die **Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT)**, wat in Hoofstuk 3 bespreek word.
- Die **Oliesade Advieskomitee (OAK)**, wat uit tien verteenwoordigers van die bedryf saamgestel is en op 1 Desember 1997 vir die eerste keer vergader het. Die OAK moes in terme van die OPOT-trustakte deur die trustees geraadpleeg word alvorens OPOT 'n besluit oor enige versoek vir finansiële ondersteuning geneem het. Die OAK was in terme van die trustakte verantwoordelik vir die aanstelling van trustees op OPOT, met die uitsondering van die ministeriële verteenwoordiger. Die Komitee se primêre funksie was egter om inligting- en navorsingsprojekte in belang van die breë bedryf te evalueer en dit vir befondsing na OPOT te verwys.
- Die **Navorsingsprioriteitskomitee** was 'n komitee van die OAK wat getaak was om navorsings- en ander projekte in belang van die bedryf te identifiseer, evalueer en aanbevelings daarvoor aan die OAK voor te lê.
- **SAGIS**, wat in Hoofstuk 3 bespreek word.
- **Bedryfsforums**, wat gebore is uit die behoefte van die onderskeie bedryfssektore om steeds na die uitfasering van die Oliesaderaad oor gemeenskaplike bedryfsake met mekaar te skakel. Dit het, onder andere, gradering, gesondheidsregulasies en navorsingsbehoefte ingesluit.

Die volgende forums is gestig:

- Grondboneforum (1996)
- Sonneblom- en Sojaboonforum (1997).

Al die rolspelers in die waardeketting kon vergaderings van die forums bywoon. Besluite is op 'n konsensusbasis geneem. Indien die verteenwoordigers nie konsensus oor 'n aangeleentheid kon bereik is nie, het die betrokke Forum 'n tegniese komitee aangestel om die aangeleentheid verder te ondersoek en aanbevelings aan die Forum voor te lê.

- Die rolspelers in die bedryf het die voortsetting van die **tegniese dienstefunksie** wat die Oliesaderaad oor 'n tydperk van meer as 40 jaar ontwikkel het, as noodsaaklik beskou. Dit het die toepassing van kwaliteitstandaarde, lewering van analitiese dienste en opleiding van gradeerders ingesluit. Hierdie funksie is vanaf 1 September 1997 met goedkeuring van die Minister van Landbou na die Perishable Products Export Control Board (PPECB) oorgedra.

### ***Oliesaderaad afgeskaf***

Die dereguleringsproses van die oliesadebedryf is na aanvaarding van die besigheidsplan afgehandel en op 30 September 1997 het die Oliesaderaad sy werksaamhede afgesluit. Daarna is 'n Likwidasierokomitee aangestel om die reëlins van die Oliesaderaad se uitstaande sake te hanteer.







## Ondersoek na deregulering afgeskop

Reeds met die aanvanklike ondersoek na en aanvaarding van eenkanaalbemarking in Suid-Afrika het ernstige meningsverskille daaroor bestaan. Die Kommissie van Ondersoek insake Samewerking en Landboukrediet (1934) het dit ten sterkste afgeraai en die mening is by verskeie geleenthede uitgespreek dat die stelsel nie oor die lang termyn kan werk nie. Die sogenaamde Kassier-verslag (1992) het ook redes aangevoer waarom dit nie langer kon voortgaan nie en uitgewys hoe dit aansluit by die motivering vir die aanvanklike teenkanting teen die stelsel.

Ten spyte van al die teenkanting teen beheerde bemarking is herhaaldelik deur verskeie forums uitgewys watter enorme rol die stelsel in die vestiging, ontwikkeling en vooruitgang van die landboubedryf in Suid-Afrika gespeel het. Uiteindelik, egter, het die dryf na 'n vryemarkstelsel geseëvier en is die landboubemarkingslandskap in Suid-Afrika in 1997 eensklaps radikaal verander.

Dit blyk dat die faktore en omstandighede wat die grootste bydrae tot die verslapping van beheermaatreëls, uiteindelijke afskaffing van die eenkanaalbemarkingstelsels en gevolglike deregulering van landboubemarking in Suid-Afrika gemaak het, vanuit die mieliebedryf afkomstig was. Die weerstand wat met verloop van tyd teen die Somergraanskema en die maatreëls wat daarkragtens ingestel is, opgebou het, tesame met die toenemende wêreldwye beweging na vrye handel, het 'n wesenlike rol in die proses gespeel, meer as enige ander landbouvertakking.

Veranderende omstandighede as gevolg van die hoë groeikoerse van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die 1960's en 1970's (5% en 3%, onderskeidelik), tesame met 'n verskeidenheid van beleidsveranderinge in die latere gedeelte van daardie tydperk, het daarop begin dui dat die landbousektor gereed was vir verandering.

In 1976 is 'n kommissie van ondersoek na die Bemarkingswet, die Wentzel-kommissie, deur die Parlement aangestel om verslag te doen en aanbevelings voor te lê oor die struktuur van beheerde bemarking, met spesifieke verwysing na die samestelling, bevoegdheids- en funksies van die Nasionale Bemarkingsraad, die historiese ontwikkeling van beheerde bemarking, sekere aspekte van die toepassing van die bemarkingskemas en die funksies van die beheerrade.

Die Kommissie het bevind dat 'n mate van staatsbeheer oor die bemarking van landbouprodukte wel nodig was. Hulle was van mening dat die beheerraadstelsel wat met verloop van tyd ontwikkel is, 'n belangrike bydrae tot gesonde en gebalanseerde landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika gemaak het. Die Kommissie het ook verskeie aanbevelings gemaak wat na hulle mening onmiddellik aandag moes geniet.

Die 1980's is gekenmerk deur volgehoue druk om die beleidsrigting te verander. In 1983 het die Jacobs Komitee 'n verslapping van die eenkanaalbemarkingstelsel voorgestel, wat egter deur die Minister van Landbou verwerp is. In 1984 is 'n Witskrif oor Landboubeleid deur die Minister van Landbou ter tafel gelê, waarvan die doelstellings was om ekonomiese, politieke en sosiale stabiliteit te verseker deur 'n ekonomiese gesonde landbousektor te bevorder, natuurlike landbouhulpbronne te optimaliseer en dit te bewaar.

Politiek-ekonomiese druk in hierdie tyd het tot 'n meer markgerigte benadering in die bemarking van landbouprodukte in Suid-Afrika bygedra. Hoewel die bemarkingstelsel aanvanklik nie totaal hervorm is nie, is die benadering ten opsigte van die toepassing van die Bemarkingswet met verloop van tyd meer markgerig aangepas.

In die mieliebedryf het deregulering in effek al vanaf 1987 begin toe die Mieliebemarkingskema van 'n eenkanaalvasteprysskema na 'n eenkanaalpoelskema verander is en die Mielieraad toegelaat is om self oor die vasstelling van die mielieprys te besluit. Dit is wel volgens 'n vasgestelde basis gedoen en het tot gevolg gehad dat mieliepryse jaarliks gefluktueer het, maar die Staatsbeheer is verslap.

Die Mielieraad het ook begin om direkte transaksies tussen produsente en plaaslike verbruikers toe te laat en die beperkings in hierdie verband mettertyd geleidelik verslap. Geringe prysdifferensiasie is tussen verskillende lokaliteite toegelaat, 'n teken dat deregulering aan die orde van die dag was. Die enorme tekort wat teen die middel tot laat 1980's in die Stabilisasiefonds vir mielies opgebou het, het verskeie rolspelers en beleidsvormers laat besef dat die stelsel nie op die bestaande



basis kon voortgaan nie en het verder bygedra tot die druk vir 'n verandering in die beheerde bemarkingstelsel.

Meer in die algemeen het druk op internasionale vlak toegeneem vir die afskaffing van kwantitatiewe beheermaatreëls en staatsubsidies op landbouprodukte.

In 1991 het die geelmielieverwerkers en -verbruikers 'n totaal gedereguleerde mark vir geelmielies voorgestel en in 1992 het 'n beleidswerkgroep van die Mielieraad voorgestel dat direkte mielieverkope tussen produsente en verbruikers uitgebrei moet word, maar steeds met behoud van die eenkanaalstelsel.

Daar is ook begin met 'n afskaling van prysbeheer op 'n hele aantal kommoditeite en 'n beweging na meer markgerigte stelsels van prysvorming, weg van die koste-plus-prysbepaling van vroeër.

Produsente se toenemende ontevredenheid met sekere aspekte van beheerde bemarking op landbouprodukte, asook die swak prestasie van die landbousektor in terme van produktiwiteit, het verdere druk op die stelsel geplaas. Die ekonomiese omgewing vir landbou is wesenlik geaffekteer deur veranderings in die makro-ekonomiese beleid, waarvan die belangrikste die strenger monetêre beleid deur middel van rentekoersverhogings en 'n verswakking van die valutakoers. Die hoër rentekoerse van die 1980's het ook 'n verandering in die Land Bank se benadering ten opsigte van subsidies meegebring en fiskale ondersteuning is gedurende die tydperk tussen 1987 en 1993 met ongeveer 50% verminder.

Die Minister van Landbou se aanwysing in Junie 1992 van 'n Kommissie van Onderzoek na die Bemarkingswet was waarskynlik die hoofgebeurtenis wat die proses van markderegulering vanaf die begin van 1993 ingelei het. Na aanleiding van die Kommissie se verslag is agt bemarkingsrade afgeskaf.

Vanaf 1993 het die argument dat produsente se vergoeding meer in lyn met die beginsels van vraag en aanbod gebring moes word, al sterker geword. Die mening dat oneffektiwiteit in die mark deur gesonde mededinging opgelos moet word en markmeganismes geskep moes word om toetrede vir nuwe deelnemers moontlik te maak, het gegroei.

Hierdie argumente en omstandighede het die weg gebaan vir deregulering van landboubeemarring in Suid-Afrika. Dit is ondersteun deur druk afkomstig van die onderhandeling van die Algemene Ooreenkoms op Tariewe en Handel (AOTH) vir die afskaffing van kwantitatiewe beheer en die instelling van tariewe op landboukommoditeite met die oog op, onder andere, die vermindering van die rol van regerings en die bevordering van mededinging.

Suid-Afrika het as 'n stigterslid van die AOTH sedert die aanvang van die Uruguay-samesprekings in 1986 deelgeneem aan al die onderhandelings daarvan tot en met die ondertekening van die Marrakech-ooreenkoms in Desember 1993 en die ondertekening van die finale ooreenkoms van die Wêreld Handelsorganisasie (WHO) in 1994. Sommige kommentators en kenners was van mening dat, gesien in die lig van Suid-Afrika se afhanklikheid van internasionale handel, Suid-Afrika nie anders kon as om deeglik kennis te neem van dié ooreenkoms nie.

Landbouhandel in Suid-Afrika is tradisioneel deur kwantitatiewe beheermaatreëls in terme van die Bemarkingswet beheer. Ingevolge die Marrakech-ooreenkoms moes hierdie tipe beheermaatreëls met 'n bepaalde tariefstelsel vervang word ten einde die produkte vir uitvoer by die WHO geregistreer te kry. Die ooreenkoms het die verdere oogmerk gehad dat die tariewe met verloop van tyd verminder moes word.

Hoewel die AOTH-ooreenkoms nie net oor landbouprodukte gehandel nie, was dit die sektor waarop die tariefverlagings wat daaruit voortgespruit het, die grootste impak gehad het. Suid-Afrika het gevolglik teenvoorstelle vir die implementering van die ooreenkoms voorgelê. Suid-Afrika se voorstel dat dit as ontwikkelende land geklassifiseer word, is nie aanvaar nie, maar die VSA was wel bereid om 'n voorstel te steun dat Suid-Afrika as 'n "ekonomie in 'n oorgangsfase" beskou kon word, soortgelyk aan die voormalige kommunistiese state in Oos-Europa.

Na 1994 het die nuwe Suid-Afrikaanse regering 'n beleid vir hervorming van die handel in werking gestel wat besigheid in die land dikwels blootgestel het aan



tariewe wat selfs laer was as die vasgestelde tariewe waarop in die Uruguay-rondte van die AOTH ooreengekom is.

Vir die 1994/1995-seisoen is die pryse, heffings en ander bemarkingsreëlings ten opsigte van landbouprodukte deur die Minister van Landbou bepaal en was al die rolspelers verplig om dit te eerbiedig. As gevolg van ontevredenheid van verskeie rolspelers hiermee, het die Minister opdrag gegee dat 'n nuwe mieliebemarkingskema vir die 1994/1995-seisoen ontwikkel moet word, vir welke doel die sogenaamde Mieliefasiliteringskomitee (MFK) onder leiding van mnr Attie Swart in 1994 ingestel is.

Die MFK se aanbevelings is deur die Mielieraad aanvaar en die skema is deur middel van die Nasionale Bemarkingsraad (NBR) aan die Minister voorgelê. Die Minister het egter nie die aanbevelings aanvaar nie, oënskynlik as gevolg van die invloed van die Voorsitter van die NBR. Weens die NAMPO-kongres se uiterste ontevredenheid met die Minister se besluit, is die MFK versoek om die saak weer te oorweeg. Uiteindelik is die MFK se effens gewysigde voorstel aanvaar. Die belangrikste elemente daarvan was:

- Verkooppryse sal sonder enige statutêre inmenging in die markplek gevorm word.
- Die Mielieraad sal 'n surplusuitvoerpoel bedryf en alleen die Mielieraad mag mielies uitvoer.
- 'n Stabilisasieheffing sal volgens 'n vaste formule op alle binnelandse verkope gehef word om die produsenteprys van die surplusuitvoerpoel te stut.

In opdrag van die Minister is die samestelling van die Mielieraad onveranderd gelaat, soos ook die beheerde gebiede.

In 1996 is die eenkanaaluitvoerpoele aangepas om direkte uitvoere deur internasionale handelaars toe te laat.

Intussen is 'n Mielie-advieskomitee in 1995 as 'n beleidmakende liggaam vir die Mielieraad ingestel. Dié komitee is saamgestel uit verteenwoordigers van al die belangegroep in die bedryf: NAMPO, verbruikers, verwerkers, kopers en die Departement van Landbou. Hoewel die besprekings van die Mielie-advieskomitee by geleentheid groot onenigheid tussen die verskillende belangegroep tot gevolg gehad het, is die mening gehuldig dat dit waarskynlik tog 'n betekenisvolle rol gespeel het in die bewusmaking van produsente dat deregulering onafwendbaar was en hulle dus beter daarop kon voorberei.

Reeds in 1991 met die aanknoping van formele gesprekke tussen die Staat, georganiseerde landbou en die besigheidsektor oor Suid-Afrika se stelsel van beheerde landboubemarking, was die meerderheid van die partye van mening dat beheerde bemarking onversoenbaar met 'n vrye mark vir landbou was en beëindig moes word. Dit, aangehelp deur die ander faktore wat kortliks genoem is en die verandering in die politieke bestel in Suid-Afrika in 1994, het uiteindelik uitgeloop op die aanvaarding in 1996 van die Wet op Bemarking van Landbouprodukte en, voortspruitend daaruit, die afskaffing van die bemarkingsrade.



**Klankgreep:** Die Mielieraad het 'n verteenwoordigende groep uit die bedryf op 'n oorsese toer gestuur om bemarkingstelsels van lande met graanmarkte wat reeds gedereguleer was, te ondersoek – dr Chris Wentzel.



**Klankgreep:** Die Mielie-advieskomitee was 'n sinergie tussen verteenwoordigers van NAMPO, graankopers, die meulenaars en verbruikers – mnr Cerneels Claassen.



**Klankgreep:** Kommunikasie in die Mielie-advieskomitee is destyds gestruktureer in 'n binne- en 'n buitekring – mnr Jannie de Villiers.





# 3 Deregulering van **LANDBOUBEMARKING** en vorming van **TRUSTS**

Feitlik vanaf die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is Suid-Afrikaanse landbou gekenmerk deur staatsinmenging deur middel van verskeie stukke wetgewing. Uit 'n bemarkingsoogpunt was die belangrikste ingryping waarskynlik die Bemarkingswet van 1937 en die gepaardgaande instelling van beheerrade vir verskillende landbouprodukte.

Die hoofmerk van die 1937-wet sowel as sy opvolger, die Bemarkingswet van 1968, was om ordelike bemarking van landbouprodukte te bewerkstellig. In Hoofstuk 1 is beskryf hoe dit gefunksioneer het en van tyd tot tyd aangepas is, dikwels juis as gevolg van ontevredenheid oor die gebrek aan orde en konsensus.

Vir ongeveer vyf dekades is graan in Suid-Afrika deur 'n verskeidenheid van rade ingevolge bemarkingskemas in 'n eenkanaalbemarkingstelsel bestuur waarin die Minister van Landbou die finale besluite geneem het, veral ten opsigte van pryse en bemarking.

Vanaf die tagtigerjare het die druk op die eenkanaalbemarkingstelsel algaande toegeneem. Dit het in die 1990's momentum gekry, veral as gevolg van pryse wat eensydig deur die Minister vasgestel is. Daar was ook druk weens geweldige tekorte wat in die Mielieraad se Stabilisasiefonds opgeloop het, tot so 'n mate dat dit selfs nie eers deur NAMPO se direkte betrokkenheid van sy lede op die Mielieraad uitgewis kon word nie.



**Klankgreep:** Mnr Jannie de Villiers vertel van produsente se reaksie op die Kassier-komiteeverslag tydens 'n vergadering op Bethlehem.



Met verloop van tyd het 'n groot gaping tussen die produsenteprys en die verbruikersprys van mielies ontstaan, wat verdere druk op die eenkanaalbemarkingstelsel geplaas het. Kopers en produsente het toenemend begin om die stelsel en die Mielieraad te omseil sonder om die nodige heffings aan die Mielieraad te betaal.

Internasionaal is veral gedurende die 1980's toenemend na liberale ekonomiese stelsels beweeg. Voor 1990 was Suid-Afrika weens politieke redes nie werklik daardeur geaffekteer nie, maar namate die politieke en ekonomiese bestel in Suid-Afrika begin verander het, het dit toenemend 'n invloed gehad en is die druk op die eenkanaalbemarkingstelsel verhoog.

Suid-Afrika het deelgeneem aan die Algemene Ooreenkoms oor Handel en Tariewe (AOTW) se onderhandelings en dit was duidelik dat die landboubemarkingsbeleid in terme van die Bemarkingswet van 1968, wat toe gegeld het, aansienlik meer deursigtig moes word, veral ten opsigte van eenkanaalbemarkingskemas.

## **DIE VERSLAG VAN DIE KOMITEE VAN ONDERSOEK NA DIE BEMARKINGSWET (KASSIERVERSLAG – 1992)**

Op 25 Junie 1992 het die Minister van Landbou, dr Kraai van Niekerk, 'n Komitee van Onderzoek na die Bemarkingswet (die sogenaamde Kassier-komitee) ingestel met die opdrag om 'n in diepte ondersoek te doen en verslag te lewer oor die bemarking van landbouprodukte in Suid-Afrika. Die opdrag was verder dat die ondersoek voorstelle moes insluit oor die wyse waarop enige aanbevelings van die Komitee geïmplementeer moes word, asook 'n ontleding van die verwagte invloed daarvan op die produsent, verbruiker en voedselsekerheid in Suid-Afrika. Die Komitee se opdrag het ingesluit dat die verskillende skemas wat ingevolge die bestaande Bemarkingswet gefunksioneer het, individueel ondersoek moes word, met inagneming van die risiko's en onstabiele wat die Suid-Afrikaanse klimaat vir landbouproduksie inhou.

Die Kassier-komitee was van mening dat die Bemarkingswette van 1937 en 1968 nie daarin geslaag het om die basiese doelwit daarvan, naamlik om die bedryf te stabiliseer ten einde doeltreffende produksie moontlik te maak, bemarkingsmarges te verminder en die natuurlike hulpbronnens te beskerm, bereik nie. Die Komitee was ook van mening dat die skemas wat ingevolge die Bemarkingswet ingestel is, nie die beste belang van al die belangegroepes in die bedryf gedien het nie.

Die Komitee se siening was dat die veranderings wat met verloop van tyd wel ten opsigte van deregulering plaasgevind het, veel te wense oorgelaat het, veral met verwysing na die manier waarop dit gedoen is. Die Komitee het beweer dat daardie veranderings in der waarheid spesifiek in die koringbedryf 'n monopolie vir sekere individue en organisasies in die hand gewerk het, sonder enige statutêre beheer wat daarop gemik was om ordelike bemarking te bewerkstellig.

Die Kassier-komitee het verder die mening gehuldig dat die landboubemarkingstelsel tot 'n groter mate in 'n vryemarkstelsel gevestig moet word. In sy verslag het die Komitee van die standpunt uitgegaan dat 'n sterk, onafhanklike, deursigtige en meer gesentraliseerde en verteenwoordigende gesag nodig was om die gevestigde belange van die beheerrade wat onder die 1968-wet gefunksioneer het, te kon ophef.

Die Komitee se belangrikste oorhoofse aanbevelings was:

- Dat 'n Landboubemarkingsraad (LBR) ingestel word wat aan die kriteria in die voorafgaande paragraaf voldoen, met gelyke verteenwoordiging vir al die betrokke belangegroepes. Die hoofsaak van die LBR sou aanvanklik wees om die proses van deregulering van die verskillende beheerrade te bestuur. Daarna moes dit getaak word om sekere statutêre ingrepe wat steeds op die wetboek bestaan het en nuwe maatreëls wat ingestel kon word, te implementeer deur middel van bedryfsliggame wat as deel van die LBR sou optree;
- dat die deregulering van landboubemarking 'n bestuurde proses moes wees, eerder as 'n eenmalige afskaffing van alle beheer; en
- dat die LBR slegs in 'n adviserende hoedanigheid vir die Minister moes optree.



Prof Eckart Kassier (regs) ontvang 'n erkenningstertifikaat tydens NAMPO se afsluitingskongres van mnr Japie Grobler, Voorsitter van NAMPO.

## **WIE WAS ECKART KASSIER?**

**Prof Eckart Kassier het die graad Dr Agrar aan die Universiteit van Hohenheim in Duitsland verwerf en het die grootste gedeelte van sy professionele loopbaan spandeer as professor en Hoof van die Departement van Landbou-ekonomie van die Universiteit van Stellenbosch.**

**Hy was ook die eerste voorsitter van die Nasionale Landboubemarkingsraad ingevolge die Wet op Landboubemarking van 1996.**



Sommige van die meer algemene aanbevelings het ingesluit:

- Dat die graderingstandaarde vir mielies, koring en ander graansoorte aangepas moes word om die voedings- en ekonomiese waarde daarvan beter te weerspieël;
- dat die bemarkingsrade vir graan 'n meer verbruikersvriendelike benadering ten opsigte van prysbepaling moes volg;
- dat in die gevalle waar die bemarkingsrade 'n eenheidsprysingsbeleid toegepas het, dit onmiddellik afgeskaf en vervang moet word met 'n prysvormingstelsel wat die vergelykbare voordele beter sou weerspieël, insluitende liggings- en kwaliteitsverskille; en
- dat statutêre eenkanaal- en prysondersteunende bemarkingskemas afgeskaf moes word en die bestaande bemarkingsrade as private en vrywillige organisasies voortbestaan.

Terselfdertyd het die Kassier-komitee gewaarsku teen die gevaar dat deregulering moontlik kon lei tot 'n verlies aan bedryfsinligting, aangesien die beheerrade op daardie stadium vir die voorsiening daarvan verantwoordelik was.

Die Komitee het ook gemeen dat die Staat groter verantwoordelikheid moes neem om voedselsekerheid in Suid-Afrika te verseker. Dit behoort nie in die landbou-bemarkingstelsel geïntegreer te word nie, maar moet uit die sentrale begroting befonds word, met die nodige versekering van deursigtigheid.

Vroeg in 1993, kort nadat die Kassier-komitee se verslag vrygestel is, het Minister Van Niekerk 'n Landbou-bemarkingsbeleid-evalueringskomitee (LBBEK) aangestel. Die LBBEK se opdrag was om, met die oog op 'n bemarkingsbeleid vir verkillende landbouprodukte, 'n raamwerk met riglyne vir toekomstige bemarkingstelsels vir elke landbouprodukt voor te stel en in samewerking met ander belanghebbendes, insluitende die beheerrade, riglyne vir 'n implementeringsplan op te stel.

Hoewel die LBBEK uit verteenwoordigers van 'n wyd-uiteenlopende aantal belangegroepes saamgestel is, het dit uiteindelik daarin geslaag om 'n konsensusverslag aan die Minister te lewer. Die verslag het aanbeveel dat die *status quo* behou word, maar met verminderde regulering en groter deursigtigheid.

## KRITIEK OP DIE KASSIER-KOMITEE

Die samestelling van die Kassier-komitee het kritiek van verskeie oorde, insluitende NAMPO, ontlok, veral ten opsigte van bekende vooroordele en 'n gebrek aan in diepte kennis van die bedryf van sekere lede van die Komitee.

Met die bekendstelling van die verslag was NAMPO sowel as ander kundiges van mening dat die verslag oppervlakkig was, dat verskeie van die Komitee se bevindings en aanbevelings berus het op afleidings vanuit voorafopgestelde sienings en filosofieë, eerder as praktiese markkundigheid en dat dit nie die invloed op die verskillende belange, soos in die opdrag vvat, behoorlik oorweeg het nie.

Die mening is ook gehuldig dat die verslag op 'n onregverdigde wyse sekere veralgemeende stellings ten opsigte van bemarkingsrade gemaak het en eerder sommige van die Komiteeledes se filosofiese sienings oor 'n vrye mark weergegee het as om die behoeftes van die bedryf te evalueer. Voorstanders van beheerde landbou-bemarking het die Komitee se stellings gekritiseer deur daarop te wys dat nêrens in die wêreld 'n volkome vrye mark bestaan nie.


Kritici het ook daarop gewys dat verskeie in-diepte ondersoeke wat gedurende die laaste dekade voorafgaande die Komitee se verslag uitgevoer is, bevind het dat die eenkanaalbemarkingstelsels vir landbouprodukte behou moes word, hoewel erkenning gegee is dat die bestuur daarvan met verloop van tyd by veranderde omstandighede aangepas moes word. Die laaste van hierdie verslae, dié van die sogenaamde Brand-komitee, waarop produsente sowel as verbruikersgroepe verteenwoordig was, is vrygestel in dieselfde jaar as wat die Kassier-komitee aangestel is. Hierdie ondersoeke en bevindinge is egter nie deur laasgenoemde komitee in aanmerking geneem nie.



**Klankgreep:** Mnr Attie Swart, voormalige Adjunk-direkteur-generaal in die Departement van Landbou se mielies was die begin van die beweging na 'n vrye mark.




**Klankgreep:** Die vrye mark is 'n illusie – dit is inderwaarheid 'n gemanipuleerde mark – mnr Crawford von Abo.



**'n Eksemplaar van die Kassier-komitee se bevindinge. Dié verslag het daartoe gelei dat mieliebemarking in Suid-Afrika finaal verander het.**

Aan die voorrand van 1994 het een feit vir produsente soos 'n paal bo water gestaan, naamlik dat niks weer dieselfde gaan wees nie. *Mielies/Maize 1993.*



Veranderings aan die mieliebemarkingsstelsel is onafwendbaar, het NAMPO se lede tydens 'n buitengewone Kongres op 26 Augustus 1993 besef.




Op 7 Maart 1995 is 'n konsepwet ter vervanging van die 1968-Bemarkingswet gepubliseer. Dit was grootliks op die aanbevelings van die LBBEK-verslag gebaseer en het hewige kritiek van teenstanders van die 1968-wet ontlok, omdat dit baie van die beginsels van die 1968-wet behou het en na die kritici se mening steeds baie in die guns van die produsente opgestel was. Ook is gemeen dat die Wetsontwerp dit vir partye met gevestigde belange moontlik sou maak om die regering se beleid te beïnvloed, terwyl statutêre inmenging in die mark steeds toegelaat is sonder dat enige kriteria bepaal is waarvolgens sodanige inmenging oorweeg moes word.

Gedurende Julie 1995 het Minister Van Niekerk, wat op daardie stadium nog deur die Nasionale Party (NP) in die Nasionale Eenheidsregering aangestel is, 'n Witskrif vir Landbou bekendgestel. Dit is met inagneming van die interim Grondwet van Suid-Afrika, asook die Regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram opgestel. Die Minister het by die bekendstelling daarvan daarop gewys dat die veranderde politieke en sosiale bestel in die land en die gepaardgaande doelwitte, sowel as Suid-Afrika se toetreding tot die internasionale markte, ook vir landbouprodusente groot uitdagings sal meebring, sowel ten opsigte van die binnelandse as die internasionale markte.



**Klankgreep:** Die vestiging van Safex het binne 'n paar jaar beslag gekry – mnr Jannie de Villiers.





Die verklaarde oogmerke met die Witskrif was om gelyke toetrede tot landbou in Suid-Afrika vir alle rasse en geslagte te verseker, 'n gesonde kommersiële boerderysektor in stand te hou en uit te brei, voedselsekerheid en die bewaring van natuurlike hulpbronne te bevorder en vrye mededinging in die landbousektor te verseker.

Die African National Congress (ANC), wat die ander party in die Nasionale Eenheidsregering was, het egter ook sy eie beleidsdokument oor landbou voorgelê, wat tot 'n groot mate op die Kassier-komitee se verslag gebaseer was met sterk voorkeure ten gunste van 'n totale vryemarkstelsel.

## WET OP BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1996

In 1996 is die Wet op Bemaking van Landbouprodukte, Wet 47 van 1996, ("die 1996-wet"), deur die parlement aanvaar. Dié wet, wat die Bemakingswet van 1968 herroep het, het op 1 Januarie 1997 in werking getree.

Die Kassier-komitee se benadering van 'n bestuurde oorgang wat moes lei tot minimum intervensie is uiteindelik in die 1996-wet oorgedra ten spyte van sterk standpunt deur sommige rolspelers dat die totale stelsel na 'n beperkte uitfaseringsperiode eenvoudig geskrap moes word. Die Wet het egter in verskeie opsigte verder gegaan as die Kassier-komitee se aanbevelings, byvoorbeeld deur die omstandighede en voorwaardes te omskryf waaronder inmenging deur die Staat in die bemaking van landbouprodukte wel mag plaasvind, sowel as die proses wat daarvoor gevolg moes word.

### Doelstellings

Die doelstellings van die 1996-wet was, onder andere, om die daarstelling en afdwinging van regulatoriese maatreëls wat daarop gemik is om die bemaking van landbouprodukte te reguleer, insluitende die instelling van heffings op landbouprodukte, te magtig, asook om voorsiening te maak vir die instelling van die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR). Die NLBR moet die effek van deregulering monitor en ondersoek doen na uitvoerbemarkingsinsentiewe en tarifiering. Die uitgangspunt met die Wet was om omgewenste inmenging te voorkom eerder as om dit te magtig, anders as wat die geval met die Bemakingswet van 1968 was.

### Doelwitte

Die doelwitte van die 1996-wet was om die volgende te bewerkstellig:

- Verhoogde marktoegang vir al die deelnemers in die mark;
- die bevordering van effektiewe bemaking van landbouprodukte;
- optimalisering van verdienste uit die uitvoer van landbouprodukte; en
- bevordering van die lewensvatbaarheid van die landbousektor.

Die Wet bepaal uitdruklik dat statutêre maatreëls slegs toegelaat mag word indien die Minister van Landbou tevrede is dat sodanige maatreëls een of meer van die Wet se doelwitte direk en wesenlik sal bevorder, sonder om voedsel- en werksekerheid en die handhawing van billike arbeidspraktyke wesenlik te benadeel. Statutêre maatreëls sal ook net geïmplementeer mag word indien bewys kan word dat dit voldoende ondersteuning van direk geaffekteerde partye geniet.

Hierdie maatreëls, tesame met verskeie ander bepalings in die 1996-wet, is ingevoeg in 'n poging om die besluitnemingsproses oor statutêre inmenging in die bemaking van landbouprodukte meer deursigtig en inklusief te maak.

### Nasionale Landboubemarkingsraad

Die 1996-wet maak voorsiening vir die instelling van 'n NLBR om die Minister van Landbou op verskeie wyses en terreine te adviseer oor en by te staan met aangeleenthede rakende statutêre maatreëls en die landboubemarkingsbeleid.

Die NLBR, wat op 6 Januarie 1997 gestig is, se samestelling, magte en funksies verskil aanmerklik van sy voorganger, die Nasionale Bemakingsraad. Die NLBR se









**“ REEDS IN DIE 1930’S, MET DIE VESTIGING VAN BEHEERDE BEMARKING, IS DIE MENING ONDER SOMMIGE GROEPE EN INDIVIDUE GEHULDIG DAT VERAL DIE BEPERKENDE REGISTRASIEVEREISTES VAN DIE KORINGRAAD TOT MARKKONSENTRASIE SOU LEI. HIERDIE SIENINGS KAN MET TERUGBLIK MOONTLIK ONDERSTEUN WORD DEUR DIE SKULDIGBEVINDING IN 2009 VAN MEULENAARS EN BAKKERS AAN ONMEDEDINGENDE PRAKTYKE IN TERME VAN DIE WET OP MEDEDINGING VAN 1998. IN DIE EEN SAAK IS VIER BAKKERS VAN PRYSVASSTELLING BESKULDIG, TERWYL 17 MEULENAARS IN DIE ANDER SAAK DEUR DIE MEDEDINGINGSTRIBUNAAL AAN PRYSVASSTELLING SKULDIG BEVIND IS. ”**

samestelling word uitdruklik in die 1996-wet gereël. Dit bestaan uit tien lede wat op aanbeveling van parlementêre portefeuljekomitees deur die Minister van Landbou aangestel word, op so ’n wyse dat dit verteenwoordigend is van ’n breë spektrum van belangegroepes, insluitende verbruikersgroepes en opkomende boere wat voorheen tot ’n groot mate uitgesluit was.

Die lede van die NLBR moet oor praktiese kennis en ondervinding rakende die landboubedryf, produksie van landbouprodukte, plaaslike en internasionale bemarking van landbouprodukte, landbou-ekonomie en/of die produksie en bemarking van landbouprodukte deur klein- en opkomende boere beskik.

Die NLBR het groter magte gekry as sy voorganger wie se hoofdoel was om die Minister van Landbou van advies te bedien, wat hy in elk geval kon ignoreer. Die NLBR beskik oor sy eie personeel (in teenstelling met die vorige bedeling waar die LBR van gesekondeerde personeel gebruik moes maak) en sy begroting word deur die Minister van Landbou goedgekeur, na konsultasie met die Minister van Finansies.

Indien die NLBR aanbevelings rakende statutêre maatreëls maak, hetsy die instelling van nuwe maatreëls of die voortsetting, wysiging of skraping van bestaande maatreëls, is die Minister verplig om sy redes vir die aanvaarding, verwerping of terugverwysing daarvan in die Staatskoerant te publiseer.

Na implementering van die 1996-wet is statutêre maatreëls ten opsigte van rekordhouding, registrasie en indiening van opgawes in verskeie landboubedrywe, waaronder mielies, koring, oliesade en sorghum, ingestel. Hoewel verskeie bedrywe heeltemal weggedoen het met statutêre maatreëls, is heffings wel na inwerkingtreding van die Wet in ’n aantal bedrywe ingestel, insluitende die koring- en sorghumbedrywe.

Met die onttrekking van die NP aan die Nasionale Eenheidsregering is Minister Van Niekerk, vervang met mnr Derek Hanekom, wat deur die nuwe ANC-regering aangestel is. Die nuwe Minister van Landbou se standpunt was eenvoudig dat die bemarkingskemas afgeskaf en die beheerrade op 1 Mei 1997 ontbind moes word. Hy was nie bereid om te luister na NAMPO se herhaalde versoekes om die proses van oorskakeling na ’n gedereguleerde mark oor tyd in te faseer nie.

Op 28 November 1996 het Minister Hanekom aangekondig dat daar vanaf die aanvang van die volgende seisoen, met ander woorde 1 Mei 1997, geen vloerprys vir mielies sou wees nie en dat ’n vryemarkstelsel sou geld. Hy was nie eers bereid om verteenwoordigers van NAMPO daarvoor te woord te staan nie. Dit blyk dat sy besluit moontlik beïnvloed kon wees deur sy ontevredenheid met ’n styging in die binnelandse prys van mielies as gevolg van ’n binnelandse tekort wat na sy mening doelbewus deur uitvoere veroorsaak is. Gevolglik moes groot veranderings in die landboubeperkingsomgewing binne ’n baie kort tyd geïmplementeer word.



**Klankgreep: Die surplusverwyderingskema het vir twee jaar voor die vrye mark ingestel is, ’n vloerprys in die mielieemark geskep – mnr Cerneels Claassen.**



**Klankgreep: Die afskaffing van die Koringraad het gevolg op die uitfasering van die eenkanaalstelsel – mnr Andries Beyers.**

## GEVOLGE VAN DEREGULERING

Deregulering van landbouerbemaking het nie net die totale graanbemarkingslandskap in Suid-Afrika radikaal verander nie, maar ook op vele aanverwante terreine grootskaalse veranderings teweeggebring, hetsy boerderymetodes, produksie, finansiering, opberging, meganisasie, arbeid of navorsing en ontwikkeling.

Die eerste aanduiding van veranderings in produsente se besluite oor gewasproduksie is in die mieliebedryf waargeneem. Alhoewel die totale area wat onder mielies verbou was, in die eerste jare na deregulering verminder het, was dit hoofsaaklik ten opsigte van geelmielies. Statistiek toon dat sedert deregulering produsente sowel as handelaars se sentiment meer ten gunste van witmielies gedraai het.

Dit sal nie 'n maklike taak wees om die uiteindelijke gevolge van deregulering in al sy fasette te probeer bepaal nie en dit val ook nie binne die bestek van hierdie publikasie nie, maar enkele van die onmiddellike gevolge verdien tog aandag.

Die grootste verandering wat die deregulering van landbouerbemaking tot gevolg gehad het, is dat pryse van landboukommoditeite nie meer gereguleer was nie, maar deur die werking van markkragte in die vryemark bepaal is. Dit het 'n totaal nuwe landbouerbemarkingsomgewing geskep teenoor die gereguleerde stelsel wat vir etlike dekades gegeld het. Die oorskakeling het in 'n baie kort tyd gebeur, sonder behoorlike infasering en dus sonder behoorlike beplanning.

Met die eensklapse toetreding van nuwe graankopers en -handelaars tot die mark het 'n nuwe risiko ontstaan as gevolg van partye tot transaksies wat nie hulle ooreenkomste nagekom het nie. Dit het daartoe gelei dat standaardkontrakte vir die bemaking van graan ontwikkel is, wat groter sekerheid geskep en tot meer orde in die mark bygedra het.

In Hoofstuk 4 word verwys na inisiatiewe deur NAMPO en later Graan SA om aan produsente opleiding te verskaf oor die werking van die graanmarkte. 'n Makelaarsdiens is ook gestig om deursigtigheid in die mark te bewerkstellig.

Die afskaffing van die beheerrade het ook die einde van 'n era beteken waar produsente met 'n gewaarborgde meerderheidstem in die onderskeie beheerrade bedryfsbesluite kon rig.

### Prysvorming: Graan en Oliesade

Gedurende die gereguleerde tydperk is alle bemaking van graan in Suid-Afrika deur die beheerrade onderneem. Benewens die kollektiewe invloed



**Klankgreep:** Omseiling van die mieliebemarkingstelsel wat plaasgevind het, het erge druk geplaas op die eenkanaalbemarkingstelsel – mnr Cerneels Claassen.

Vanaf 1 Mei 1995 het mieliebemaking 'n heel nuwe rigting ingeslaan toe finaal van die ou eenkanaalbemarkingstelsel na die nuwe gedereguleerde bemakingstelsel vir mielies beweeg is.





//

SEDERT DEREGULERING KON BOERE NIE MEER OP STAATSHULP EN VASTE PRYSE STAATMAAK NIE, MET DIE GEVOLG DAT EKONOMIE VAN SKAAL AL MEER BELANGRIK GEWORD HET. IN DIE GEVAL VAN KORINGPRODUKSIE IS 'N AANSIENLIKE VERHOOGING IN PRODUKTIWITEIT WAARGENEEM, MAAR TERSELDERTYD HET DIE AREA WAAROP KORING VERBOU IS, AANSIENLIK AFGENEEM EN DIE HOEVEELHEID KORING INGEVOER VINNIG TOEGENEEM. TEEN 2007 IS SLEGS SOWAT 632 000 HA IN SUID-AFRIKA ONDER KORING VERBOU, TEENOOR SOWAT 1 550 000 HA IN 1991.

//

van produsente-organisasies het produsente geen beheer of besluitnemingsverantwoordelikheid ten opsigte van graanpryse gehad nie, terwyl die landboubesighede slegs as agente van die rade opgetree het vir die ontvangs, opberging en verspreiding van die graan, asook betaling van die koopprijs van die graan aan produsente.

Met deregulering van graanbemarking in 1997 het die verantwoordelikheid vir bemarking feitlik oornag na die produsente self geskuif, maar aangesien die beheerrade in die gereguleerde mark al die bemarkingsaktiwiteite ten opsigte van graan hanteer het, het die landboubesighede en produsente weinige ondervinding in die bemarking van graan gehad. Produsente het oor die algemeen nie oor die kennis beskik om prysbesluite te neem nie en kon aanvanklik ook nie op die landboubesighede daarvoor steun nie. Gevolglik het aansienlike onsekerheid oor prysbewegings bestaan by diegene wat by die koop en verkoop van graan en oliesade in die nuwe markomgewing betrokke geraak het.

Sedert deregulering word die pryse van graan in Suid-Afrika hoofsaaklik beïnvloed deur faktore soos invoer- en uitvoerpariteit, tariewe, netto binnelandse vraag, aanbod, voorraadvlakke, oesskattings, weersomstandighede en wisselkoerse. Die prysstabiliteit van die gereguleerde mark het plek gemaak vir pryse wat geweldig gefluktueer het en waaroor die produsente geen beheer gehad het nie. Die mark



Dié kommentaar oor die nuwe bemarkingstelsel het in *Mielies/Maize* van Julie 1995 verskyn.

het wel vir produsente die geleentheid gebied om hulle finansiële risiko's deur gebruikmaking van markinstrumente te verskans, maar gebrekkige kundigheid op dié terrein het aanvanklik groot uitdagings geskep.

Die gebruik van markinstrumente om risiko's te verskans was nie altyd eenvoudig nie, veral in die koringmark waar marktaandeel in 'n relatiewe klein aantal rolspelers gevestig was, met sowat vier organisasies wat die mark feitlik totaal oorheers het.

Dit blyk egter dat produsente oor die algemeen tog redelik gou begin het om die prysingsmeganismes wat Safex (die South African Futures Exchange) gebied het, te benut en gedurende die 1998/1999-seisoen het ongeveer 47,1% van graanprodusente reeds daarvan gebruik gemaak.

## Safex

Gedurende 1994 is begin met die ontwikkeling van 'n termynmark vir beesvleis, in Suid-Afrika met die bedoeling om dit later, wanneer dit suksesvol gefunksioneer het, na graan uit te brei. Aangesien die Mielieraad reeds vanaf die vroeë 1980's die uitvoere van mielies op die Chicago Board of Trade (CBOT) teen ongunstige pryskommelings verskans het en dus kennis van die werking van termynmarkte gehad het, het dit aktief by die ontwikkeling van 'n termynmark vir landboukommoditeite betrokke geraak.

Die belangstelling hierin het in afwagting van die deregulering van die landbousektor sodanig toegeneem dat die Agricultural Markets Division (AMD) in 1995 as 'n onafhanklike afdeling van die Safex gestig is. Safex het reeds vanaf die 1980's in die finansiële markte gefunksioneer en het dus met die stigting van die AMD oor die nodige kennis en administratiewe stelsels beskik, wat dit in staat gestel het om reeds in die eerste kwartaal van 1996 die eerste mieliekontrakte te verhandel.

Op die tydstip wat die Bemerkingswet van 1968 deur die 1996-wet vervang is, was Safex dus reeds gevestig en het sowel wit- en geelmielies as koring daarop verhandel. Later is dit ook na ander produkte, soos graad 2 mielies, sonneblom en sojabone uitgebrei. Aanvanklik is slegs vooruitkontrakte op Safex verhandel, maar met verloop van tyd is die verskeidenheid van beskikbare kontrakte en markinstrumente uitgebrei en het Safex ontwikkel tot volwaardige termynmark. Safex het die platvorm geword waarop die pryse van gelyste landbouprodukte in Suid-Afrika bepaal word en kontrakte daarvoor verhandel, in teenstelling met die vorige bedeling waar die prys deur die enigste koper en verkoper van graan bepaal is.

In 2001 het Safex deel van die Johannesburg Stock Exchange ("JSE") geword en het dit as die Agricultural Products Division (APD) van die JSE bekend gestaan,

**“ DIE EERSTE  
MIELIEKONTRAKTE IS  
GEDURENDE DIE EERSTE  
KWARTAAL VAN 1996 OP  
SAFEX VERHANDEL – IN  
TOTAAL 485 KONTRAKTE,  
OFTEWEL 48 500 TON.  
IN JULIE 2015 IS GE-  
MIDDELD 1 080 JULIE  
2015-MIELIEKONTRAKTE  
(1 080 000 TON) EN  
3 057 DESEMBER  
2015-MIELIEKONTRAKTE  
(3 057 000 TON) PER DAG  
VERHANDEL. ”**



Een van die eerste advertensies wat verskyn het ter bekendstelling van Safex.





met die visie om 'n veilige en effektiewe mark vir die verhandeling van afgeleide instrumente in Suid-Afrika te wees.

Soos op 31 Desember 2015 het die volgende kontrakte op Safex verhandel:

<b>Kontrak</b>	<b>Datum gelys vir verhandeling</b>
Witmielies WM1	Maart 1996
Witmielies WM2	Julie 2000
Geelmielies YM1	Maart 1996
Geelmielies YM2	Julie 2000
Koring	November 1997
Sonneblom	Februarie 1999
Sojabone	April 2002

## Vervoerdifferensiaal

Die vervoerdifferensiaal wat met die vestiging van Safex ingestel is, weerspieël die vervoerkostekomponent wat by die prysbepaling in berekening gebring word. Dit verteenwoordig die vervoerkoste om graan vanaf verskillende lokaliteite na Randfontein te vervoer.

Safex het Randfontein gebruik as die verwysingspunt vir die bepaling van die vervoerdifferensiaal, as gevolg van die groot volumes graan wat aldaar verwerk is. Die vervoerdifferensiaal vir elke Safex-leweringspunt is dan bereken met die vervoerkomponent as basis en afgetrek van die Safex-prys om 'n basisprys by elke silo te bepaal.

Aanvanklik is die vervoerdifferensiaal hoofsaaklik met verwysing na die koste van spoorvervoer bereken, omdat die meeste graan per spoor vervoer is. Spoorvervoer was goedkoper as padvervoer, met die gevolg dat namate die volumes graan wat per pad vervoer is, toegeneem het, die kostekomponent dienoreenkomstig verhoog is. Eweneens het die styging in die prys van diesel asook hoër instandhoudingskoste aan vragmotors as gevolg van die swak toestand van paaie met verloop van tyd tot 'n groter vervoerdifferensiaal aanleiding gegee.

## Infrastruktuur

Na deregulering van die markte in 1996 en die gepaardgaande veranderings in produksievolumes in sekere afgeleë en marginale gebiede, het verskeie van die silo's en spoorweginfrastruktuur wat in die beheerde tydperk gevestig is, basies in onbruik verval, terwyl 'n groter konsentrasie van opberging in ander gebiede ontstaan het.

Ten tye van deregulering was die opbergingskapasiteit feitlik in geheel onder beheer van die voormalige landboukoöperasies. Bewerings het ontstaan dat van die opbergers hulle dominansie ten opsigte van stoorkapasiteit misbruik het om onmededingende praktyke toe te pas. Een van die grootste opbergers van mielies van die tyd, Senwes, is inderdaad deur die Mededingingskommissie daarvan aangekla dat hulle hul dominante posisie in die voorsiening van opbergingskapasiteit misbruik het. Met die koms van alternatiewe opbergingsfasiliteite na deregulering, byvoorbeeld silosakke en graandamme, het handelaars ander opsies as slegs die beton silo's van die voormalige koöperasies gehad en sou dit in alle waarskynlikheid nie meer vir 'n silo-eienaar maklik wees om die mark vir opberging te domineer nie.

## Landboubesighede

Een van die grootste aanpassings vir produsente kort na deregulering was die verandering in hulle verhouding met landbou-ondernemings. Vanaf die aanvang van beheerde bemerking in Suid-Afrika in die 1930's, het landboukoöperasies 'n baie belangrike rol in die graanbedryf gespeel. Die koöperasies, wat deur produsente besit en beheer is, het as agente van die beheerrade, wat die enigste wettige bemerkers van graan was, gefunksioneer. Graanprodusente het hulle

## LIGGINGSDIFFERENSIAAL 'N WARM BESPREKINGSPUNT

Die Safex liggingsdifferensiaal is 'n veelbesproke onderwerp by graanprodusente aangesien daar verskillende standpunte oor die behoud of uitfasering daarvan bestaan. Dit is dus ook nie verrassend dat dit die agenda gehaal het van meer as een Graan SA-kongres en die onderskeie wegbreekessies tydens Kongres nie.

Hoewel daar voorheen tydens Kongres besluit is om nie die liggingsdifferensiaal uit te faseer nie, het dit tydens die 2014-kongres duidelik geword dat daar nie konsensus tussen alle graanprodusente bestaan oor die uitfasering van die liggingsdifferensiaal nie. Volgens 'n besluit is opdrag aan die Hoofbestuur gegee om die impak van die liggingsdifferensiaal op die graanbedryf te ondersoek en aanbevelings hieroor aan Kongres 2015 te bied vir oorweging en besluitneming.

Ongeag versoeke van Graan SA het die JSE uiteindelik besluit om nie die stelsel uit te faseer nie aangesien die liggingsdifferensiaal deel uitmaak van Safex se besigheidsmodel. Die 2015-kongres het kennis geneem hiervan en aanbeveel dat kontantmarkte in die onderskeie streke verder ontwikkel en meer deursigtig bestuur word.

Graan SA is ook opdrag gegee om voort te gaan om die billike berekening van die liggingsdifferensiaal deur die JSE te monitor en, waar nodig, met die JSE vir die herberekening daarvan te skakel. Die organisasie neem aktief deel en lewer insette oor die berekening van die differensiaal vir die nuwe bemarkingseisoen voordat dit deur die JSE afgekondig word.

NAMPO het openlik alarm gemaak oor die mieliekopers- en verwerkers, oftewel die "fat cats", wat eensydig bevoordeel is deur die Mielie-advieskomitee se besluit oor die toekoms van mieliebemarking.

## Voortsetting van funksies na afsluiting van Mielieraad

Persverklaring deur die Mielieraad

Die Mielieraad se Voorseter, mnr Vic Mouton het in Pretoria gesê dat die Mielieraad op 31 Januarie 1997 'n besigheidsplan aan die Nasionale Landbou-bemarkingsraad (NLBR) voorgelê het soos in die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte vereis.

"Die besigheidsplan is deur die Mielieraad en al die direkte belangegroepe vir mielies, soos in die Mielie-advieskomitee verteenwoordig, goedgekeur en as 'n voorlopige besigheidsplan vir die uitfasering van die Mielieraad ter tafel gelê," sê mnr Mouton. "Namate verdere beplanning in die prosesse van uitfasering gedoen word, sal dit aanvullend tot die voorlopige besigheidsplan aan die NLBR verstrek word," sê hy.

"Sekere belangrike funksies vir die bedryf, wat tot dusver deur die Mielieraad verrig was, sal wel in ander strukture gevoelig word, sodat die dienste nog vir die bedryf beskikbaar is. Mnr Mouton sê "van hierdie funksies wat as noodsaaklik vir die

bedryf geag word: is byvoorbeeld markinligting en laboratoriumdienste. Die nodige beplanning vir die skep van nuwe strukture of die oordrag na bestaande strukture om hierdie funksies te verrig, is lank aan die gang en die Raad sal die funksies verrig tot tyd en wyl die nuwe strukture daartoe in staat is."

Mnr Mouton sê "een van die aspekte wat beslis sal voortgaan, is die afhandeling van regsaksies en die invordering van uitstaande heffings. Hy sê die Raad is nie van voornemens om enige saak, waar die hulle daartoe leer of waar daar voldoende bewyse vir die verhaling van Verreklagde heffings bestaan, te laat vaar of terug te trek nie."


"Die Raad is lank bezig om 'n akseptasie vir die afhandeling van alle regsaksies te finaliseer," sê mnr Mouton "en die nodige infrastruktuur sal geskep of in stand gehou word om dit moontlik te maak."

Persverklaring deur die Mielieraad, Maart 1997.

totale graanbesigheid deur middel van die landboubesighede (koöperasies) gedoen. Die produsente het gevolglik op produksie gefokus terwyl die beheerrade hulle produkte bemark het.

Met die inwerkingtreding van die 1996-wet het die posisie egter lynreg verander en moes produsente self hulle produkte se bemarking bestuur. Die implementering van die 1996-wet en gepaardgaande afskaffing van die bemarkingsrade het ook veroorsaak dat die landboubesighede se rol as agente van die bemarkingsrade verval het. Hulle was gedwing om hulle besigheidsaanslag te verander deur meer bemarkingsgeoriënteerd te word, wat die verhouding tussen die landboukoöperasies en die graanprodusente geweldig geaffekteer het.

Baie van veral die groter koöperasies is in maatskappye omskep waarvan die produsente die aandeelhouers was. Die produsent se posisie het dus verander van 'n koöperasielid na 'n belegger wat terselfdertyd 'n klant was. In 'n omgewing waar die produsente nie meer tot 'n groot mate aan die koöperasies gebonde was vir die grootste deel van hulle besigheid nie, moes die koöperasies ook begin om besluite te neem wat op gesonde besigheidsbeginsels en nie blote lojaliteit gegrond was nie.







Eweneens het meulenaarsmaatskappye die geleentheid gebruik om hulle posisies te konsolideer en belange uit te brei, aangesien die beperkings wat tydens die bestaan van die beheerrade gegeld het, opgehef is. Die beperkings op en beheer oor registrasie van bakkers in die broodketting is beëindig, met die gevolg dat die meulenaars op groot skaal ook tot die bakbedryf toegetree het.

Hoewel daar vanaf die afskaffing van die beheerrade tot 1999 sowat 99 nuwe meulens opgerig is, het 33 van hulle steeds ongeveer 97% van die land se koringmeel geproduseer. In die bakbedryf het letterlik duisende nuwe bakkerye ontstaan, maar teen 1999 was sowat 80% van die brood in die land deur net ses groepe gebak. In 2000 is 80% van die koringmeel en 65% van die brood in Suid-Afrika deur slegs vier groepe (Pioneer Foods, Tiger Brands, Premier Foods en Foodcorp) geproduseer.

## **Uitvoere**

In die vorige bedeling het die bemarkingsrade volle beheer oor die uitvoer van landbouprodukte gehad. Sedert die inwerkingtreding van die 1996-wet is daar egter geen uitvoerbeheer nie, behalwe vir kwaliteitsbeheermaatreëls.

## **Uitfasering van bemarkingsrade**

In terme van die 1996-wet moes al die bemarkingskemas van die 1968-wet teen 5 Januarie 1998 uitgefaseer word. Die beheerrade het egter oor bates en personeel sowel as bedryfsverbinde en -verpligtinge beskik, wat uitbestuur moes word.

Die nuwe Wet het vereis dat die bestaande beheerrade binne dertig dae nadat die NLBR vir die eerste keer vergader het, 'n besigheidsplan aan die Minister van Landbou en die NLBR MOES voorlê, met aanbevelings oor die wyse waarop die betrokke beheerraad se afsluiting van werksaamhede bestuur sou word.

Versoeke deur die bedryf vir statutêre maatreëls moes ook volledig in die besigheidsplan gemotiveer word. Die kernbeginsel was dat 'n statutêre maatreël en voorstelle vir die herstrukturering van funksies van die beheerrade met konsensus aanbevelings deur die bedryf ondersteun moes word. By gebreke aan 'n konsensus aanbeveling kon die Minister op eie maatreëls vir deregulering besluit.

Verskillende sienings het geheers oor die wyse waarop oor die beheerrade se bates beskik moes word. Kopergroeperings het geargumenteer dat dit die verbruikers toegekom het, omdat dit in die pryse van produkte van hulle verhaal is. Die produsente het gemeen dat dit hulle toegekom het, omdat dit by wyse van heffings van hulle gevorder is, terwyl die Staat se siening was dat dit laasgenoemde toegekom het.

Uiteindelik is ooreengekom om bedryfstrusts vir die verskillende bedrywe te stig, hoofsaaklik met die doel om die bates afkomstig vanaf die verskillende beheerrade te administreer en die fondse daarvan vir die bevordering van die afsonderlike bedrywe aan te wend met die fokus op navorsing en inligtingsbehoefes.

Die trusts het met verloop van tyd verskeie ontwikkelings en inisiatiewe tot voordeel van die graanbedrywe befonds, waarvan enkele hieronder aangestip word.

## **Mielietrust**

Die voorlopige besigheidsplan vir die uitfasering van die Mielieraad is op 31 Januarie 1997 aan die NLBR voorgelê nadat dit deur al die direkte belangegroepes, soos in die Mielie-advieskomitee verteenwoordig, goedgekeur is. Dit het ingesluit dat sekere belangrike funksies vir die bedryf wat deur die Mielieraad verrig is, soos markinligting en laboratoriumdienste, in ander strukture gevestig sou word.

Na die inwerkingtreding van die 1996-wet is die Mielieraad verklein tot vyf raadslede en is vyf persone gekontrakteer om die sake van die Raad af te sluit, soos die verkoop en oordra van bates en invordering van uitstaande heffings, wat gepaardgegaan het met hofsake wat eers 'n paar jaar later almal afgehandel is. Uiteindelik is al die Mielieraad se bates, waaronder die Mielieraadgebou in Pretoria, gelikwedeer en die fondse aan die Mielietrust oorgedra.

By die ontbinding van die Mielieraad het dit oor reserwes van sowat R240 miljoen beskik. Daarteenoor het die Stabilisasiefonds, waarna in Hoofstuk 1 verwys is, 'n



**Klankgreep:** Ná die vorming van die Mielietrust, het die sluiting van die Mielieraad gevolg – mnr Vic Mouton.



bykans gelyke tekort gehad en aanvanklik wou Minister Hanekom die twee bedrae teen mekaar afspeel op grond van die argument dat dit 'n verpligting van die Nasionale Party-regering was en nie van die nuwe Regering nie. Uiteindelik is ooreengekom dat die mieliebedryf die reserwes kon behou op voorwaarde dat dit aan die Mielietrust oorgedra moes word, waarvan die doelstelling en die trustakte se bepalinge by wyse van ooreenkoms bepaal moes word om, onder andere, vir transformasie en ontwikkeling voorsiening te maak.

Die Mielietrust is op 31 Augustus 1998 geregistreer met die doelwit om fondse tot voordeel van die mieliebedryf in Suid-Afrika beskikbaar te stel, in besonder vir die finansiering van:

- Mark- en produksieverwante wetenskaplike en/of tegniese navorsing ten opsigte van mielies;
- die verkryging, verwerking en verspreiding van markinligting ten opsigte van mielies en die mieliebedryf; en
- marktoegang ten opsigte van Suid-Afrikaanse mielies, onder andere, deur die voorsiening van bemarkingsinfrastruktuur, opleiding en ondersteuning in landelike gebiede waar die behoefte bestaan.

Die Mielieraad het vanaf 2000 tot 2010, met sy finale ontbinding, in totaal 'n bedrag van R319 miljoen as skenkings aan die Mielietrust oorbetaal. Aanvanklik het die Mielietrust projekte in belang van die mieliebedryf met tussen R30 miljoen en R40 miljoen/jaar befonds, maar in 2014 het dit tussen R50 miljoen en R60 miljoen beloop.

Die Mielietrust se Raad van Trusteestoes bestaan uit ses trusteees wat elkeen vir 'n termyn van twee jaar aangestel word. Drie van die trusteees word deur spesifieke sektore in die mieliebedryf aangestel en die ander drie deur die Minister van Landbou.

Die Mielietrust verhuur kantore aan organisasies soos SAGIS en SAGL, wat noodsaaklike ondersteuning aan die graanbedryf bied, in die Graangebou wat die Mielietrust in Pretoria ontwikkel het.

### ***Wintergraantrust***

Die Wintergraantrust het tydens die uifasering van die Koringraad ontstaan uit die wintergraanbedryf se behoefte dat sekere funksies wat deur die Koringraad verig is, na die ontbinding daarvan voortgesit moet word. Dit het die verskaffing van markinligting, laboratoriumdienste en finansiering vir navorsingsprojekte behels.

Aanvanklik is twee afsonderlike trusts vir die Wintergraanbedryf geskep, naamlik die Wintergraan Algemene Trust en die Wintergraan Navorsingstrust. Dit is egter later in een trust, naamlik die Wintergraantrust, saamgevoeg.

Die Minister van Landbou het op versoek van die Wintergraantrust statutêre heffings ingevolge die Wet op Bemaking van Landbouprodukte van 1996 op koring, gars, hawer en durumkoring ingestel ten einde die Trust se funksies ten opsigte van navorsing en die verkryging en verspreiding van markinligting te finansier.



Onthou u hoe daar in daardie tye na ongeveer 300 000 ton mielies gesoek is?



Die toekenning van finansiële ondersteuning vir navorsingsprojekte geskied in ooreenstemming met die Tegniese Komitees ingevolge die bepalinge van die Trustakke.

Benewens verteenwoordigers van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserij, bestaan die Raad van Trusteas van die Wintergraantrust uit twaalf trusteas wat verteenwoordigend is van wintergraanprodusente, graanopbergers, verbruikers sowel as die bak- en maalbedryf.

### **Olie- en Proteïensade-ontwikkelingstrust**

In die besigheidsplan wat die Oliesaderaad aan die Minister van Landbou voorgelê het, is voorsiening gemaak vir die stigting van Die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT) as een van die strukture wat na die sluiting van die Oliesaderaad na die bedryf se belange sou omsien.

OPOT is op 18 September 1997 geregistreer met die doel om sekere beleggingsbates, in besonder die bates van die vorige Oliesaderaad, te ontvang en tot die voordeel van die begunstigdes van die Trust te administreer. Dit bestaan uit kapitaal van R58,3 miljoen, die Oliesadegebou en roerende bates, asook alle uitstaande heffingsgeld wat nog ingevorder moes word. Fondse in die Trust en/of statutêre heffings sou in die toekoms slegs aangewend kon word vir aksies wat in belang van die bedryf in geheel sou wees, byvoorbeeld markinligting, ondersteuningsdienste en navorsingsprojekte.

Die hoofdoelstellings van die Trust is die bevordering en ontwikkeling van die oliesadebedryf in Suid-Afrika deur middel van:

- Finansiering van navorsingsprojekte rakende die verbetering, produksie, opberging, verwerking en bemarking van oliesade;
- finansiering vir die voorsiening van inligting en adviesdienste rakende die produksie en bemarkingsomstandighede van oliesade;
- belegging en bewaring van die Trust se bates;
- produktiewe aanwending van die Trust se bates op so 'n wyse dat die reële waarde daarvan bewaar en sover moontlik vergroot word; en
- finansiering van marktoegang of enige ander optrede in belang van die oliesadebedryf, onderhewig aan die doelstellings van die 1996-wet.

Die Raad van Trusteas van OPOT bestaan tans volgens die inligting op OPOT se webblad uit sewe trusteas, waarvan ses met inagneming van voorstelle of nominasies deur direk geaffekteerde groepe deur die Oliesade-advieskomitee aangestel word. Die ander trustee word deur die Minister van Landbou aangestel.



Die besigheidsplan het ook voorsiening gemaak vir die instelling van die volgende strukture:

#### *(a) Oliesade Advieskomitee*

Hierdie komitee het uit tien verteenwoordigers van die bedryf bestaan en moes in terme van die trustakte deur die trustees geraadpleeg word alvorens daar oor enige versoeke vir finansiële ondersteuning deur OPOT besluit is. Die Komitee was ook in terme van die trustakte verantwoordelik vir die aanstelling van trustees op die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (uitgesluit die Ministeriële verteenwoordiger), maar sy primêre funksie was om inligtings- en navorsingsprojekte in belang van die breë oliesadebedryf te evalueer en dit vir befondsing na OPOT te verwys.

#### *(b) Navorsingsprioriteitskomitee*

Dit was 'n komitee van die Oliesade Advieskomitee wat getaak was om navorsings- en ander projekte in belang van die bedryf te identifiseer en te evalueer en daarna aanbevelings aan die Oliesade Advieskomitee deur te gee vir besluitneming.

#### *(c) Bedryfsforums vir Sonneblom, Sojabone en Grondbone*

Die volgende Bedryfsforums is gestig ten einde die rolspelers in die verskillende sektore in die oliesadebedryf die geleentheid te bied om oor gemeenskaplike bedryfsake met mekaar te skakel:

- Grondboneforum (1996)
- Sonneblom- en Sojaboonforum (1997)

### **Sorghumtrust**

Die Sorghumtrust is gestig na die ontbinding van die Sorghumraad. Al die bates van dié Raad is na die Sorghumtrust oorgedra met die doel dat dit tot die voordeel van die hele sorghumbedryf aangewend sou word. Die Raad van Trustees bestaan uit vyf trustees synde verteenwoordigers van die sorghumhandelaars, verwerkers, opkomende sorghumprodusente, kommersiële sorghumprodusente en die Ministerie van Landbou.

Die Sorghumtrust se hoofdoelwit is om sy inkomste te maksimeer en, tot die voordeel van die Sorghumbedryf, finansiering te voorsien vir:

- Navorsing en ontwikkelingsprojekte van die sorghumbedryf;
- instandhouding en verbetering van kwaliteitstandaarde vir sorghum;
- instandhouding van inligting wat die sorghumbedryf benodig; en
- projekte wat daarop gemik is om die belange van die sorghumbedryf te bevorder.


'n Statutêre heffing is ingevolge die Wet op Bemarking van Landbouprodukte ingestel ten einde navorsing, ontwikkelingsprojekte en inligtingsfunksies van die Sorghumtrust te finansier. Die Trust administreer sedert sy totstandkoming ook dié statutêre heffing wat op die sorghumbedryf van toepassing is.

Op 30 April 1997 is 'n Sorghumforum deur die direk geaffekteerde groepe in die sorghumbedryf gestig om as mondstuk vir die sorghumbedryf in Suid-Afrika te dien en deursigtige besluite oor sake van gemeenskaplike belang in die sorghumbedryf te verseker.

### **SAGIS**

Die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) is na deregulering gebore uit die behoefte van die primêre graanbedrywe, naamlik mielies, wintergraan, sorghum en oliesade, om te verseker dat noodsaaklike, kwaliteitinligting oor die graanbedryf steeds na die afskaffing van die beheerrade tydig beskikbaar sal wees. SAGIS moes die insameling en verspreiding van makro-ekonomiese en bedryfsinligting hanteer, wat insluit inligting ten opsigte van invoere, uitvoere, plaaslike verbruik, voorrade, vervaardigingstatistiek, ensovoorts.

Voorheen het die beheerrade het oor volledige en totale inligting van heel gewasse (graan en oliesade) sowel as graan- en oliesadeprodukte beskik. Hulle was die enigste



**Mnr Nico Hawkins, laaste Bestuurder van die WPO en na eenwording in die graanbedryf 'n senior personeellid van Graan SA, is sedert 2010 die Bestuurder van SAGIS.**







kopers, verkopers, invoerders en uitvoerders van heel gewasse en die inligting daaroor was dus hoofsaaklik in hulle besit. Van daardie inligting is ook slegs een keer per jaar in jaarverslae beskikbaar gestel en was dus nie gereedelik beskikbaar nie.

Voorskotpryse is op grond van inligting in besit van die beheerrade aan die begin van die oesseisoen bekendgemaak, gebaseer op die oesskatting en ander faktore wat die prys beïnvloed het.

Gedurende die eerste aantal jare na deregulering was daar tye van groot onsekerheid oor veral die grootte van mielie-oeste en -voorrade. Die markdeelnemers moes skielik self hul prysrisiko's bestuur, maar pryse het 'n onbekende faktor geword, omdat die inligting dikwels verander het en onbetroubaar was. Die beskikbaarheid van betroubare inligting was van kardinale belang.

Op 11 November 1997 is SAGIS deur die Registrateur van Maatskappye as 'n artikel 21-maatskappy in terme van die destydse Maatskappywet van Suid-Afrika geregistreer en het dit die amptelike verskaffer geword van inligting oor graan- en oliesade-gewasse wat in kommersiële strukture gehanteer is.

Die bekendstelling van silosertifikate, die rol van finansieringshuise in die vryemark en die ingebruikneming van silosakke vir die opberging van graan vir kommersiële doeleindes (op plase en ander opbergingspunte), het die inligtingsfunksie wat SAGIS moes vervul, baie problematies gemaak. Verskeie rolspelers het egter effektief met SAGIS saamgewerk om 'n noodsaaklike, geïntegreerde en betroubare inligtingstelsel te ontwikkel.

SAGIS word pro rata deur die Mielietrust, Sorghumtrust, Wintergraantrust en OPOT befonds. Die onderskeie trusts benoem ook die lede van die SAGIS-direksie.

Op 9 April 1998 is statutêre maatreëls geïmplementeer om invoerders, uitvoerders, eindverbruikers, opbergers en verwerkers van graan en oliesade, sowel as produsente wat in enige van daardie hoedanighede optree, te verplig om rekords te hou en opgawes in te dien en te verseker dat tydig, akkurate inligting deurlopend vir alle rolspelers beskikbaar is. Dié inligting is op SAGIS se webwerf beskikbaar en word ook op verskeie ander wyses versprei en beskikbaar gestel, waaronder:

- Maandelikse bulletin.
- Weeklikse bulletin.
- Weeklikse produsentelewerings.
- Weeklikse invoer- en uitvoerinligting.
- Invoertariewe.

Inligting word gereeld deur SAGIS se medewerkers verskaf. Alle vrygestelde inligting is op die webwerf [www.sagis.org.za](http://www.sagis.org.za) beskikbaar.

### **SAGL**

Die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL) is 'n sentrale graanlaboratorium wat as 'n assosiasie sonder winsbejag in terme van artikel 21 van die destydse Maatskappywet ingelyf. Dit is gedurende 1997 ná ontbinding van die beheerrade op versoek van die Suid-Afrikaanse graanbedryf gestig en lewer vanaf 1 November 1997 graanontledings- en verwante dienste aan die graanbedryf. Die Koringraad en die Mielieraad se graanlaboratoriumdienste is na die SAGL oorgedra, terwyl die Oliesadebedryf besluit het om van PPECB se dienste gebruik te maak.

Aanvanklik is gemeen dat die Koringraad se laboratorium deur die SAGL gebruik sou word, maar die Koringraad het die betrokke eiendom verkoop. Dit het beteken dat 'n alternatiewe fasiliteit inderhaas verkry moes word en uiteindelik is die laboratorium in 'n perseel van die WNNR gevestig.

By sy stigting was die SAGL die enige private laboratorium in Suid-Afrika wat oor sy eie Bühler-laboratoriummeulens beskik het. Dié meulens is gebruik om koring te maal met die oog op die toets van deeg- en bakkwaliteit.

Benewens 'n baie wye verskeidenheid toetse wat die SAGL kan doen, insluitende saadtoetse, is dit ook 'n verwysingslaboratorium vir die graanbedryf.



Die geakkrediteerde laboratorium van die SAGL.



Die SAGL was destyds die enigste laboratorium wat oor Bühler-meulens beskik het.



So lyk die SAGL se mieliemeule.



Die baklaboratorium soos hy tans daar uitsien.

## ***Nasionale Oesskattingskomitee (NOK)***

Akkurate oesskattings is uiters belangrik in 'n vryemarkomgewing, aangesien dit inligting voorsien wat noodsaaklik is wanneer belangrike besluite oor bemerking en produksie geneem moet word. Ten einde hierdie behoefte te bevredig is die NOK as deel van die dereguleringsproses gestig.

Oesskattings en vooruitskattings word afgelei van insette van die verskillende lede van die NOK, synde die Nasionale sowel as Provinsiale Departemente van Landbou, die Landbounavorsingsraad en Statistieke Suid-Afrika, wat almal onafhanklik van die handel is.

Die Oesskattingskakeelkomitee, 'n amptelike komitee van die NLBR, moniteer die oesskattingsproses van die NOK en is 'n belangrike platform vir die oplossing van geskille en probleme rakende oesskattings. Dit is in Oktober 1998 gestig met die fokus om toe te sien dat 'n onafhanklike en objektiewe NOK gevestig word, wat sy rol in die industrie verstaan en aanvaar, naamlik die samestelling van akkurate, tydige en geloofwaardige oesskattings, sowel as finalisering van die produksiesyfers per gewas aan die einde van elke seisoen en die evaluering van die NOK se prestasie.

## **TERUGBLIK**

Uiteindelik het die Suid-Afrikaanse landbousektor goed by deregulering aangepas en is die Suid-Afrikaanse produsente besig om te ontwikkel in sterk en internasionaal mededingende produsente, wat 'n goeie basis skep vir waardetoevoeging laer af in die waardeketting, die lok van beleggings, uitvoerfokus en uitbreiding in die oorwegend hoëwaarde produkte.





# 4

## Die rol en funksie van **PRODUSENTE-ORGANISASIES**

In Hoofstuk 5 word in besonderhede oor die stigting van Graan SA geskryf en 'n oorsig word gegee oor die rol wat dit vanaf 1999 in Suid-Afrikaanse landbou gespeel het. Dit moet egter gelees word teen die agtergrond dat die totstandkoming van Graan SA voorafgegaan is deur verskillende strukture en organisasies wat die graanprodusente se belange behartig het.

Graan SA se ontstaan is juis te danke aan die samesmelting van 'n aantal van daardie organisasies. Elkeen daarvan het sy eie interessante geskiedenis en in hierdie hoofstuk word die hooftrekke van die ontstaan en oogmerke, sowel as enkele belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van daardie organisasies aangeteken.

Elkeen van die organisasies het besondere leiers opgelewer wat wesenlike bydraes in belang van veral graanprodusente, maar ook landbou in die algemeen, gelewer het en gehelp het om die graanbedryf in Suid-Afrika op die pad van sukses te plaas.

### **GEORGANISEERDE LANDBOU IN SUID-AFRIKA**

Die koöperasies wat in die vroeë 1900's ontstaan het, was die eerste organisasies in Suid-Afrika wat na produsente se belange omgesien het. Dié verteenwoordiging was egter beperk tot diene wat lid van die koöperasies was en was spesifiek op hul direkte bedryfsbehoefte gerig. Daar het dus 'n behoefte ontstaan aan 'n organisasie wat die algemene belange van produsente in die land op 'n georganiseerde basis kon behartig.

Dit is tot 'n groot mate met die stigting van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU) in 1904 bereik. Produsente se verteenwoordiging op SALU was deur middel van 'n struktuur wat op boereverenigings gebaseer was.

Produsente het lidmaatskap van plaaslike boereverenigings verkry en verteenwoordiging op SALU het uiteindelik vanaf daardie boereverenigings opgevloei.

### **AGRI SA (OU SALU) SE ONTSTAAN**

Die landbougemeenskap se behoefte om na hul belange om te sien deur gesamentlike aksie binne 'n federale struktuur is reeds in 1896 tydens die Natalse Boerekonferensie (tans Kwanalu) geïdentifiseer. By 'n daaropvolgende vergadering in Bloemfontein in Desember 1903 het landbouprodusente 'n sterk behoefte aan groter eenheid binne die landbougemeenskap uitgespreek.

Tydens 'n konferensie wat van 25 tot 29 Julie 1904 in Pretoria gehou is, het dié behoefte tot die volgende besluit deur verteenwoordigers van verskeie kolonies gelei: "Dat, in die belang van die Suid-Afrikaanse landbou, die tyd ryp is om 'n sentrale Suider-Afrikaanse Landbou-unie te vorm wat verteenwoordigend sal wees van alle landbou-organisasies in Brits Suid-Afrika, en dat 'n tak-unie in elk van die kolonies gestig word, dit wil sê die Kaapkolonie, Natal, Transvaal, Oranjerivierkolonie en Rhodesië".





Die boereverenigings se bestuurslede is op grondvlak deur die geaffilieerde lede daarvan verkies. Lede van distrikslandbou-unies is uit genomineerdes vanaf die boereverenigings verkies, terwyl die distrikslandbou-unies verteenwoordigers op die provinsiale landbou-unies genomineer het. Uiteindelik is die verteenwoordigers op SALU dan uit die lede van die provinsiale landbou-unies saamgestel. Produsente het dus nie direkte lidmaatskap van SALU gehad nie, aangesien die onderskeie provinsiale landbou-unies by SALU geaffilieer het.

SALU se strukture is deur lidmaatskapfooi van geaffilieerde lede befonds totdat statutêre heffings vir daardie doel vanaf die laat 1970's ingestel is.

Binne SALU se strukture het bedryfskomitees bestaan wat die verskillende landboubedrywe, waaronder die graanbedrywe, verteenwoordig het. Die graanbedrywe is tot 1983 onder een vaandel, naamlik die Akkerbou Bedryfskomitee, hanteer. Daarna is dit verdeel in afsonderlike bedryfskomitees vir elk van die graangewasse.

Aanvanklik is die verskillende graansoorte se belange deur komitees van SALU behartig. Later van tyd het produsente-organisasies hierdie rol oorgeneem. Die eerste daarvan was die Nasionale Mielieprodusente-organisasie (NAMPO), die produsente-organisasie van die mieliebedryf. Dit is later gevolg deur die Wintergraanprodusente-organisasie (WPO) vir die wintergraanbedryf, Nasionale Oliesadeprodusente-organisasie (NOPO) vir oliesade, die Sorghumprodusente-organisasie (SPO) vir sorghumprodusente en die Droëboonprodusente-organisasie (DPO) wat na die droëboonprodusente se belange omgesien het.

### **NASIONALE MIELIEPRODUSENTE-ORGANISASIE (NAMPO)**

Die stigting van NAMPO op 3 Oktober 1980 is deur 'n lang en verbete stryd tussen twee groepe mielieprodusente in Suid-Afrika voorafgegaan, 'n stryd wat reeds in die 1960's ontstaan het en in die mielieproduserende gebiede van Suid-Afrika op bykans elke vlak van die samelewing verdeeldheid veroorsaak het.

#### **Ontevredenheid onder mielieprodusente**

Dié stryd, wat op sy felste was rondom die tyd wat SAMSO gestig is, is gebore uit 'n groeiende ontevredenheid onder mielieprodusente oor die wyse waarop hulle belange oor 'n lang tyd hanteer is.

Hoewel die mielieprodusente saamgestem het met die beheerfunksie wat die Regering deur middel van die Mielieraad uitgeoefen het en gemeen het dat die eenkanaalbe-markingskema die voordeligste stelsel vir die bemarking van mielies was, was hulle ontevrede oor die wyse waarop die beheer uitgevoer is. Hulle was ook nie tevrede met die ekonomiese beleid wat gevolg is om die produsenteprys van mielies te bepaal nie.

Die produsenteprys is naamlik op die basis van produksiekoste plus 'n onderneemersloon bepaal. Die metode van berekening het 'n groot klomp veranderlikes ingesluit, wat beteken het dat dit nie moontlik was om 'n vaste formule vir prysvaststelling te gebruik nie. Dit het die gaping gelaat dat die prys en dus ook produksie gemanipuleer kon word.

In die 1953/1954-seisoen is 'n groot oorskot mielies in Suid-Afrika geproduseer. Dit het daartoe gelei dat die Owerheid 'n nuwe prysbeleid toegepas het wat nie suiwer op 'n koste-plusbasis bereken is nie, ten einde oorskotproduksie te ontmoedig. Daarbenewens is die kosteberekeningsmetode vanaf 1953 aangepas om van 'n vyfjaar-skuiwende gemiddeld gebruik te maak. In aansluiting by die Owerheid se veranderde prysbeleid het die Mielieraad 'n bemarkingsbeleid geformuleer wat van meet af aan die mielieprodusente se inkomsteposisie benadeel het tot voordeel van die verbruikers.

'n Verdere bron van ontevredenheid was die tenderstelsel wat vir die uitvoer van mielies gebruik is, omdat dit die ontwikkeling van 'n permanente mark vir mielies verhinder en onbevredigende produsentepryse tot gevolg gehad het. Kritiek daarop was ook dat dit die groothandelaars en tenderaars ten koste van die produsente bevoordeel het en die produsente die uitvoerverliese moes dra.

Bo en behalwe hierdie omstandighede het mielieprodusente se ontevredenheid met die Mielieraad en die Mieliekomitee van SALU gaande toegeneem, omdat die



produsente van mening was dat dié liggame nie hulle belange behoorlik behartig het nie. Die feit was dat al die lede van die twee liggame nie bona fide-mielieprodusente was nie, maar eerder verbruikers van mielies in wie se belang dit sou wees om die mielieprys op lae vlakke te hou. Die basis waarop die Mielieraad saamgestel is, het in praktyk daartoe gelei dat 'n kersieboer en later 'n beesboer die Voorsitters van die Mielieraad was, iets waarmee die ware mielieprodusente nie verlief kon neem nie.

Die laaste strooi vir die mielieprodusente was die weiering van die Nasionale Mieliekomitee in 1964 om op versoek van die Vrystaatse en Transvaalse Mieliekongresse 'n bedrag uit die oorskot in die Stabilisasiefonds aan produsente uit te betaal. Die versoek was gemotiveer deur die ernstige droogte wat in die voorafgaande jare in die somerreënvalgebiede geheers het en produsente finansiële geweldige verswak het.

Die besluit by die Mieliekongresse van SALU van daardie jaar was dat die Mielieraad versoek sou word om 'n agterskot van 25 sent/sak mielies aan produsente te betaal ten einde hulle in staat te stel om in die volgende seisoen weer te kan produseer. Op daardie stadium was produksieleninge nog nie beskikbaar nie en was die handelsbanke nie geneë om geld vir produksiedoeleindes voor te skiet nie.

Die Mielieraad het egter die versoek geweier. Dit het tot groot ontevredenheid gelei, veral nadat dit uit die Mielieraad se notules geblyk het dat die mielieprodusente se eie verteenwoordigers daarvoor blameer kon word.

Nadat die mielieprys vir die 1964/1965-seisoen aangekondig is, het 'n groep produsente van Bothaville, waaronder mnre Fanie Ferreira, Crawford von Abo en Giep Nel, 'n reeks vergaderings in die destydse Noordwes-Vrystaat en Wes-Transvaal gehou met die doel om die noodsaaklikheid van 'n betaling uit die Stabilisasiefonds te beklemtoon en verdere optrede te beplan. Dit het gelei tot die verkiesing van Mielieprodusentekomitees in die twee gebiede, wat 'n groot steunwerwingsveldtog geloods en verskeie samesprekings met die Mielieraad, die Nasionale Mieliekomitee en SALU gevoer het, dog sonder sukses.

Die mielieprodusente se ontevredenheid oor die wyse waarop hulle verteenwoordig is en die wyse waarop hulle verteenwoordiging in die Mielieraad bepaal is, het deurentyd bly groei. Hulle het dit duidelik uitgespel dat hulle nie bereid was om langer te aanvaar dat die mieliebedryf as "algemene boerderybelange" deur 'n koördinerende sentrale organisasie (SALU se strukture) behartig word nie. Hulle het aangedring op 'n bedeling waarvolgens die mieliebedryf deur mielieprodusente verteenwoordig word en hulle dus groter seggenskap oor hulle eie belange kon verkry.

Die streeksbedeling wat die mielieprodusente voorgestel het om daardie doel te kan bereik, is egter tydens die Vrystaatse Landbou-unie se kongres op 3 Maart 1966 afgestem. As gevolg daarvan het Ferreira uit die kongres gestap, gevolg deur sowat 200 ander mielieprodusente.



**“ DAAR WAS VERAL TWEE STERK GROEPE  
PRODUSENTE WAT SELFBESKIKKING EN BILLIKE  
PRYSE VIR HULLE PRODUKTE GEËIS HET. DIE EEN  
GROEP WAS VAN BOTHAVILLE MET MNRE HENNIE  
DELPORT, HENNIE DE JAGER, CRAWFORD VON  
ABO, GIEP NEL, JANNEMAN VENTER EN LUDICK  
SCHLEBUSCH AAN DIE SPITS. DIE ANDER GROEP WAS  
VAN DIE DESTYDSE WES-TRANSVAAL (NOORDWES)  
MET MNRE CALLIE VAN WYK, ANDRE DU PREEZ EN  
JAN COMBRINK AS DIE LEIERS. ”**

**“ SAMPI SE AANDRANG OP 'N SPESIALITEITSORGANISASIE BINNE DIE GEORGANISEERDE LANDBOU WAS NIE 'N NUWE KONSEP IN SUID-AFRIKAANSE GEORGANISEERDE LANDBOU NIE, AANGESIEN DIE KWV EN DIE WOLRAAD TOE REEDS AS SODANIG GEFUNKSIONEER HET. SAMPI-GESINDES WYS EGTER DAAROP DAT DIE BROEDERBOND 'N BELANGRIKE ROL IN DIE SKEPPING VAN DAARDIE ORGANISASIES GESPEEL HET, TERWYL DIE AFRIKANER BROEDERBOND DIE STIGTING VAN 'N SOORTGELYKE ORGANISASIE VIR DIE MIELIEBEDRYF TEENGESTAAN HET. ”**

## Stigting van SAMPI

Direk daarna het die mielieprodusente op aandrang van mnre Hennie Delpport en Von Abo vergader. Tydens die vergadering is besluit dat 'n mielievereniging gestig sal word wat die belange van al die mielieprodusente in Suid-Afrika sal verteenwoordig. Daar is ook besluit dat die nuwe vereniging na sy vestiging om lidmaatskap van SALU aansoek sou doen.

'n Aksiekomitee met Delpport as Voorsitter, Ferreira as Ondervoorsitter en Nel as Sekretaris is verkies om die aksie te loods. Die Aksiekomitee se werksaamhede het uitgeloop op 'n vergadering op 22 April 1966 te Klerksdorp waar afgevaardigdes vanuit 62 distrikte teenwoordig was. Op daardie vergadering is die stigting van die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente Instituut (SAMPI) goedgekeur.

SAMPI het 'n mieliespesialiteitsorganisasie voorgestaan wat deel van georganiseerde landbou in Suid-Afrika moes uitmaak en dus by SALU geaffilieer moes wees. SAMPI se oogmerk was dat 'n struktuur daargestel word wat uiteindelik daartoe sou lei dat die produsentelede van die Mielieraad uit bona fide-mielieprodusente sou bestaan.

SAMPI se stigting is op die volgende vier ideale gegrond:

- Dat dit 'n volkome outonome spesialiteitsorganisasie sal wees;
- dat dit 'n nasionale organisasie sal wees sonder skeiding volgens provinsiale grense;
- dat verteenwoordiging in die Kongres op produksiebasis bepaal sal word; en
- dat dit oor 'n eie hoofkantoor en personeel sal beskik.

SAMPI se hoofkantoor is op Bothaville gevestig in 'n kantoor wat deur Von Abo aan die organisasie beskikbaar gestel is. Die kantoor is op 1 Julie 1966 amptelik geopen.

Delpport is as die eerste voorsitter van SAMPI verkies. Hy het homself vir persoonlike redes aanvanklik nie verkiesbaar gestel nie, maar uiteindelik is hy deur die ander produsente wat by die stigting van SAMPI betrokke was, daartoe oorreed.

SAMPI se stryd om erkenning en selfbeskikking vir mielieprodusente het unieke leiers na vore gebring. Mnr Giel van Zyl was vanaf 1983 in diens van NAMPO, van 1992 tot die stigting van Graan SA NAMPO se Hoofbestuurder en daarna Graan SA se Hoofbestuurder tot met sy aftrede in 2001. Hy vertel dat die leiers SAMPI en later ook NAMPO se doelstellings met besondere doelgerigheid en op 'n baie gedissiplineerde wyse nagestreef het. Hy skryf 'n groot mate van hulle sukses toe aan die besondere samehorigheidsgevoel onder die Hoofbestuurslede in hulle strewe om die saak van die produsente te dien.



Die eerste Dagbestuurslede van SAMPI het bestaan uit (van links): mnre Hennie Delpport, Giep Nel, Fanie Ferreira en Crawford von Abo. Die foto is op 6 Junie 1987 geneem.



SAMPI eerste Hoofbestuur vir die jaar 1966 - 1967.



## MIELIE-LEIERSKAP VAN 1966 - 1999

### SAMPI

Voorsitter	Visevoorsitter
Mnr Hennie Delport (1966 - 1969)	Mnr Fanie Ferreira (1966 - 1969)
Mnr Fanie Ferreira (1969 - 1980)	Mnr Hennie de Jager (1969 - 1980)

### NAMPO

Voorsitter	Visevoorsitter
Mnr Fanie Ferreira (1980 - 1982)	Mnr Hennie de Jager (1980 - 1982)
Mnr Hennie de Jager (1982 - 1986)	Mnr Boetie Viljoen (1982 - 1986)
Mnr Boetie Viljoen (1986 - 1988)	Mnr Hennie de Jager (1986 - 1988)
Mnr Kobus Jooste (1988 - 1990)	Mnr Jan Schabort (1988 - 1993)
Mnr Cerneels Claassen (1990 - 1995)	Mnr Japie Grobler (1993 - 1995)
Mnr Japie Grobler (1995 - 1999)	Mnr Vic Mouton (1995 - 1996)
	Mnr Bully Botma (1996 - 1999)

Dr Willem Kotze is as die eerste Direkteur van SAMPI aangestel en was vir die bestuur van die organisasie verantwoordelik, onderhewig aan die besluite en opdragte van die Dagbestuur, Hoofbestuur en Kongres.

Die nuutgestigte organisasie was vir befondsing totaal op ledegedelde en vrywillige bydraes van sy lede aangewys. Aanvanklik het die hoofbestuurslede van SAMPI die grootste gedeelte daarvan bygedra. Hulle het ook geen vergoeding vir hulle dienste, koste en tyd ontvang nie. Ten spyte van probleme wat soms met die insameling van ledegedelde ervaar is, was SAMPI deur al die bydraes en opofferings van sy lede wel in staat gestel om sy take te kon uitvoer.

Een van die hoofredes vir SAMPI se ontstaan, was die mielieprodusente se beswaar dat die Mielieraad nie hulle belange op die hart gedra het of probeer het om dit te bevorder nie. SAMPI het deurentyd gewys op gebeurtenisse wat hierdie beswaar ondersteun het.

'n Voorbeeld daarvan het in Desember 1968 voorgekom toe SAMPI 'n geleentheid vir die vestiging van 'n uitvoermark vir mielies na Taiwan wou ontgin. Die voornemende kopers was baie beïndruk met die kwaliteit van die Suid-Afrikaanse mielies en het SAMPI versoek om te kwoteer vir die uitvoer van 40 000 ton mielies na Taiwan. Aangesien die Mielieraad alle mielietransaksies beheer het, moes SAMPI noodwendig die mielies by die Mielieraad aankoop. Laasgemelde het dit vir SAMPI aangebied teen 'n prys wat aansienlik hoër was as die heersende gemiddelde tenderprys op daardie stadium en ook hoër as die prys waarteen die Mielieraad slegs twee dae later uitvoermielies vir tenderaars aangebied het. Dié prysbelading het veroorsaak dat SAMPI die transaksie moes laat vaar.

By 'n ander geleentheid, in 1969, het die Mielieraad gedifferensieerde produsentepryse vir verskillende gebiede aangekondig, ten spyte van die feit dat selfs die Nasionale Mieliekomitee, met ander woorde ook SALU, SAMPI se beswaar daarteen gesteun het.

### Massavergadering 1969

Op 19 April 1969 is 'n massavergadering van mielieprodusente onder SAMPI se vaandel by die Markötterstadion te Klerksdorp gehou, wat deur meer as 5 000 produsente bygewoon is. Dit is as die "grootste saamtrek van mielieboere



Video: Mnr Crawford von Abo vertel oor die gebeure wat aanleiding gegee het tot SAMPI se stigting.



Mnr Hennie Delport, die eerste Voorsitter van SAMPI.

in Suid-Afrika se geskiedenis” beskryf. Verskeie kwessies in die mieliebedryf en in SALU en sy affiliasies se lidmaatskapsbeleid, waardeur SAMPI-lede van lidmaatskap uitgesluit is, is bespreek. Na aanleiding daarvan is ’n besluit geneem wat SAMPI se Hoofbestuur gemagtig het om ’n afvaardiging te benoem wat die Minister van Landbou oor die mielieprysbeleid, gedifferensieerde mieliepryse en die Mielieraad se samestelling moes gaan spreek.

Tydens die massavergadering is ’n mosie van vertroue in SAMPI se taak en sy Bestuur eenparig aanvaar.

## Spanning tussen SAMPI en SALU

Die omstandighede wat tot die uiteindelijke stigting van SAMPI gelei het, het uit die aard van die saak ’n baie gespanne verhouding tussen SAMPI en SALU veroorsaak. SAMPI het egter altyd die behoefte gehad om deel van georganiseerde landbou in Suid-Afrika te wees en het as prioriteit daarna gestreef om versoening met SALU te bewerkstellig en by laasgenoemde te affilieer. Verskeie samesprekings en ontmoetings is met die oog daarop gereël. Die president van SALU het selfs ’n massavergadering van SAMPI op uitnodiging bygewoon en ’n spreekbeurt op SAMPI se stigtingskongres gehad.

Ten spyte van dié positiewe tekens het dit gou geblyk dat SAMPI inderdaad groot teenstand vanaf SALU sou ondervind. Dit het begin by die Vrystaatse Landbouunie (VLU) wat uitgesproke was daarvoor dat SAMPI nie in die VLU se geleedere welkom was nie. Die VLU se siening was dat SAMPI op ’n ondemokratiese en ongrondwetlike wyse tot stand gekom het en dat die strukture van SALU die enigste erkende liggame was wat die belange van die produsente kon dien.

SAMPI is nie daardeur afgeskrik nie en het voortgegaan om ’n vergadering met die VLU se Mieliekomitee te reël waar laasgemelde versoek is om SAMPI se aansoek om affiliasie by die VLU te steun. Die Mieliekomitee was nie bereid om daartoe in te stem nie, waarskynlik omdat dit sy voortbestaan in gedrang sou bring. Die VLU het selfs sover gegaan om SALU te versoek om sy grondwet sodanig te wysig dat SAMPI nie vir affiliasie kon kwalifiseer nie.

SAMPI het ten spyte van die teenstand besluit om sy saak deur middel van die bestaande strukture van die georganiseerde landbou, spesifiek die Mieliekomitees, te bevorder en het ’n beroep op die betrokkenes gedoen om die mielieprodusente die geleentheid te gee om self oor hulle bedryf te besluit en dit te hanteer. In 1967 het dit by die Vrystaatse Mieliekongres vrugte afgewerp toe ’n meerderheid SAMPI-lede tot die VLU se Mieliekomitee verkies is.

Tydens daardie kongres het die SAMPI-verteenwoordigers verdere pogings aangewend om samewerking vir die vestiging van ’n “eie mielievereniging” te verkry. Hoewel sekere besluite daarvoor geneem is, het dit uiteindelik na baie botsings en verskille op ’n dooiepunt uitgeloop.

Intussen het die weerstand teen SAMPI ook in die destydse Transvaalse Landbouunie (TLU) begin opbou. Gedurende April 1967 het die voorsitters van die distriksboere-unies van die Wes-Transvaalse Streek besluit om by die TLU aan te beveel dat hulle lede voor ’n keuse tussen SAMPI en georganiseerde landbou gestel moes word en dat diegene wat SAMPI ondersteun het, uit die TLU moes bedank. Die besluit is deur SAMPI veroordeel, maar enkele weke later het die Uitvoerende Komitee van SALU die besluit bekragtig.

Terselfdertyd het SALU besluit om sy veldtog teen SAMPI te verskerp en het ’n komitee in die lewe geroep met die bedoeling om SAMPI se bestaan te beëindig. Dit het in die algemene omgangstaal as die “Oorlogskomitee” bekend gestaan en het onder die voorsitterskap van die President van SALU gefunksioneer. Die meerderheid van die komitee se lede was nie mielieprodusente nie. SAMPI het uitgewys dat dit weer eens ’n geval was van mense met ander belange wat oor die saak van die mielieprodusente moes besluit.

## Bedankings uit SALU

Die onversetlike weiering van SALU om SAMPI te erken en met hom saam te werk, het uiteindelik daartoe gelei dat SAMPI sy lede versoek het om as lede van



’n Gedenksertifikaat om die inisiëring en beslaglegging van SAMPI te huldig, is op 27 Januarie 1977 deur die Hoofbestuur en lede van SAMPI op Klerksdorp onderteken.







## HOOGGEREGSHOF STEUN SAMPI-MAN

Hoewel diskriminasie deur die strukture van georganiseerde landbou en veral die TLU teen SAMPI-lede algemeen voorgekom het, het 'n gebeurtenis by die Leeudoringstad Boerevereniging (wat by die TLU geaffilieer was) se jaarvergadering op 12 Oktober 1968 groot opspraak verwek nadat dit in die Hooggeregshof gedraai het.

Tydens dié jaarvergadering is mnr Boetie Viljoen, op daardie stadium 'n bestuurslid van daardie boerevereniging en een van SAMPI se stigterslede, as kandidaat vir verkiesing as Voorsitter van die boerevereniging genomineer. Die Voorsitter van die vergadering, mnr Piet Ernst, het egter geweier om die nominasie te aanvaar op grond van die feit dat Viljoen nie bereid was om eers 'n verklaring te onderteken tot dien effekte dat hy nie 'n lid van SAMPI was nie.

In 'n daaropvolgende hofsaak het die Hooggeregshof op 20 Junie 1969 op aansoek van Viljoen bevind dat die voorsitter van die vergadering nie bevoeg was om Viljoen se nominasie as kandidaat vir die voorsitterskap te weier op grond van die feit dat hy 'n SAMPI-lid was nie.

die SALU-strukture te bedank en hulle bydraes aan daardie liggame te staak. Die eerste lede van SAMPI se Hoofbestuur wat uit SALU en sy affiliasies bedank het, was die Voorsitter en Ondervoorsitter, Delport en Ferreira, wat onderskeidelik ook die voorsitters van die VLU se Mieliekomitee en Oliesadekomitee was. Daarna het die res van SAMPI se Hoofbestuurslede ook uit SALU bedank. Dit is deur baie van SAMPI se lede gevolg, wat 'n duidelike teken was van SAMPI se vasbeslotenheid om te veg vir sy beginsels.

Gedurende 1973 het die tweespalt tussen SAMPI en SALU daartoe gelei dat 'n tweede distriksboere-unie vir Bothaville gestig is, naamlik die Sandveld Distriksboere-unie (SDBU) met die Sandveld Boerevereniging as enigste lid. Die SDBU het by die VLU geaffilieer en dus inspraak by georganiseerde landbou gehad. Die Bothaville Distriksboere-unie, waarby die ander boereverenigings in die Bothaville-distrik geaffilieer was, was almal SAMPI-aanhangers en het dus nie toegang tot georganiseerde landbou se strukture gehad nie.

## FERREIRA NEEM DIE LEISELS

Op 4 Mei 1970 het SAMPI se Direkteur, dr Willem Kotze, met een dag kennisgewing bedank nadat 'n verskil tussen hom en SAMPI se Hoofbestuur ontstaan het. Dit het voorgespruit uit 'n telegram wat dr Kotze aan die Minister van Landbou en 'n dagblad van die tyd, *Die Transvaler*, gestuur het, waarin hy aangedui het dat die mielieprys wat die Minister kort tevore afgekondig het, billik was, sonder dat hy SAMPI se Voorsitter of Dagbestuur daarvoor geraadpleeg het. SAMPI se Hoofbestuur was nie dieselfde mening toegedaan nie.

Na dr Kotze se bedanking is mnr Willem Landman, SAMPI se sekretaris, as waarnemende Direkteur aangestel. Hy is later deur mnr Jas Crous opgevolg.

'n Dag na dr Kotze se bedanking, het Delport as Voorsitter van SAMPI bedank. Hy het die SAMPI Hoofbestuur daarop gewys dat hy aanvanklik slegs bereid was om vir een jaar as Voorsitter op te tree, maar dat vier jaar sedertdien verloop het, omdat die tyd net nooit geleë was vir hom om uit te tree nie. Hy het ook aangevoer dat sy persoonlike omstandighede dit vir hom onmoontlik gemaak het om langer as Voorsitter van SAMPI te dien.

Na Delport se bedanking het die Hoofbestuur vir Ferreira as Waarnemende Voorsitter en De Jager as Waarnemende Ondervoorsitter aangewys.

Na aanleiding van die bedankings van Delport en dr Kotze het 'n berig in die dagblad, *Beeld*, verskyn onder die opskrif: "Jong Turke' is nou in beheer van SAMPI – Boere se skip is aan die sink". Dié berig het verskeie stellings bevat wat onjuis, ongegrond en onaanvaarbaar was. SAMPI en die individue wat in die berig betrek was, het gevolglik 'n proses aan die gang gesit wat uiteindelik uitgeloop het op 'n bevinding van die Persraad dat die besware teen die berig, sowel as 'n verdere berig wat na aanleiding van die besware geplaas is, gegrond was. Die Persraad se bevinding is in al die dag- en Sondagblaaië gepubliseer.

## Regeringsbetrokkenheid

Die onenigheid tussen die twee groepe mielieprodusente in die land het ook by die Regering kommer gewek en na sy aanstelling as Minister van Landbou het mnr Hendrik Schoeman besluit om dit aan te spreek. Op sy aandrang het SALU met SAMPI in gesprek getree op die basis dat SAMPI moes ontbind en by die georganiseerde landbou inskakel.

SAMPI het hom bereidwillig daartoe verklaar, op voorwaarde dat SALU die beginsel van spesialisasie binne die mieliebedryf moes erken. Hierdie voorwaarde was egter die kernverskil tussen SAMPI en SALU wat uiteindelik daartoe gelei het dat baie samesprekings en pogings van verskeie partye om eenheid tussen dié twee partye te bewerkstellig, op niks uitgeloop het nie.

Onder leiding van Minister Schoeman is intense onderhandelings vanaf Januarie 1973 tussen SAMPI en SALU gevoer. Hoewel groot verskille dikwels oorkom moes word, is 'n redelike mate van eenstemmigheid oor die proses en toekoms-pad vir samewerking mettertyd bereik en is die konstitusie vir 'n spesialisorganisasie selfs gefinaliseer.

Minister Schoeman het by die jaarkongres van die Mieliebedryfsvereniging van die VLU in 1974 soos volg opgemerk: "Ek voorspel dat ons mielieboere voor die einde van die jaar in een van die lewendigste en bes georganiseerde landbouverenigings saamgesnoer gaan wees...by my is daar geen twyfel dat so 'n organisasie gaan kom nie." Hy het bygevoeg: "Niemand durf 'n stok in die wiel druk nie, want ons mielieboere kan nie langer die stryd en twis van die afgelope agt jaar bekostig nie."

Op daardie stadium het SAMPI en SALU reeds op 'n datum vir die stigtingskongres van 'n nuwe organisasie ooreengekom. Tydens SAMPI se kongres in Februarie 1974 het mnr Andries Beyers, die Voorsitter van Uniegraan en een van die onderhandelaars aan SALU se kant, selfs gesê: "Ons het mekaar gevind en sal mekaar nooit weer los nie."

Op 27 April 1974 het SALU egter aangedui dat sy Algemene Raad eers op 8 en 9 Augustus 1974 sou vergader om hulle standpunte oor die nuwe organisasie te bekragtig. Dit het beteken dat die hele proses vertraag sou word en die stigtingskongres nie op die ooreengekome datum, naamlik tussen 1 en 10 Oktober 1974, sou kon plaasvind nie.

SALU se Algemene Raad het op sy vergadering in Augustus 1974 in verskeie opsigte afgewyk van sake waarvoor reeds ooreengekom is en het verdere voorwaardes gestel waaraan voldoen moes word voordat die stigting kon voortgaan. Vir SAMPI het dit duidelik begin word dat SALU nie van voornemens was om 'n onafhanklike organisasie te ondersteun nie, iets wat nie vir SAMPI onderhandelbaar was nie.

Op 15 Oktober 1975 het SALU tydens 'n vergadering van die Onderhandelingskomitee bekend gemaak dat hy die poging om 'n nuwe mielie-organisasie te stig, laat vaar. SALU het eensydig aangevoer het dat minstens 8 000 kwalifiserende lede vir lidmaatskap van die nuwe organisasie moes inskryf ten einde verteenwoordigend van die mielieprodusente te wees.

SAMPI het daarna nog verskeie pogings aangewend om die onderhandelings te red, maar sonder sukses. Gevolglik het SAMPI op 6 Februarie 1976 vir SALU ingelig dat SALU se repudiasie van die ooreenkoms aanvaar word en dat SAMPI finaal uit die ooreenkoms tree.

## Stigting van SAMSO

Kort daarna het SALU besluit om sy strategie te wysig deur weg te doen met die Mieliekomitees en 'n mieliespesialiteitsorganisasie te stig, bekend as die Suid-Afrikaanse Mieliespesialiteitsorganisasie, oftewel SAMSO. Dit sou nie 'n onafhanklike produsente-organisasie wees nie, maar sou as integrale deel van SALU funksioneer. SAMSO het dus in dieselfde konstitusionele posisie as die Mieliekomitees verkeer, wat in effek as 'n blote omskepping van die Mieliekomitees gereken kon word.

**“ IN DIE LANDMAN VAN  
FEBRUARIE 1974 IS  
SELFS BERIG DAT ELKE  
AFGEVAARDIGDE WAT  
SAMPLI SE JAARKONGRES  
OP 6 EN 7 FEBRUARIE  
1974 BYWOON, 'N  
GEDENKPENNING SOU  
ONTVANG OMDAT DIT  
WAARSKYNNLIK SAMPLI SE  
LAASTE JAARKONGRES  
IN SY BESTAANDE VORM  
SOU WEES. ”**



Tydens SALU se Jaarkongres van 1976 is goedkeuring vir die stigting van SAMSO verleen en is 'n beplanningskomitee aangewys om die oorgang van die Nasionale Mieliekomitee na SAMSO te bestuur. Die mielieproduserende streek is in 18 substreke verdeel, gebaseer op gemiddelde produksiesyfers oor die vorige vyf jaar. Vir elke streek is 'n loodskomitee saamgestel wat die taak opgedra was om vergaderings te belê met die doel om produsente oor SAMSO in te lig en lede vir die organisasie te werf.

'n Tussentydse Hoofbestuur, waarop die Voorsitters van die Beplanningskomitee en die Loodskomitee gedien het, is saamgestel. Op die eerste Hoofbestuursvergadering, wat op 2 November 1976 te Pretoria gehou is, is mnr Ben Wilkens as voorsitter verkies en is besluit dat SAMSO se eerste kongres op 8 en 9 Maart 1977 te Potchefstroom gehou sou word.

SAMSO het beoog om 'n einde aan die uitgerekte verdeeldheid tussen mielieprodusente te maak en dit as sy hooftaak beskou om alle mielieprodusente onder sy vaandel te vestig. SAMSO se bedryfsstrukture het bestaan uit plaaslike-, distriks- en streekmieliebedryfstakke, die Uitvoerende Raad, die Bestuurskomitee en die Jaarkongres. Laasgenoemde is as die hoogste gesag in die struktuur aanvaar.

SAMSO se strukture het voorsiening gemaak vir lidmaatskap van koöperasies wat mielies hanteer het. Dit was dus nie slegs 'n produsente-organisasie nie. Die koöperasies was geregtig om afgevaardigdes na die Kongres te stuur, mits diesulkes in eie reg lede van SAMSO was.

Die vestiging van SAMSO het duidelik daarop gedui dat SALU besef het dat 'n behoefte aan 'n spesialiteitsorganisasie vir die mieliebedryf bestaan het. In die uitgawe van SAMSO (die organisasie se lyfblad) van Mei 1978 is die volgende berig: "n Mens moet SAMPI gelyk gee dat die idee van 'n spesialiteitsorganisasie 'n blink gedagte was."

SAMPI se bestuur was van mening dat die stigting van SAMSO deel was van SALU se strategie om SAMPI te kelder. Die klem van die stryd het gevolglik verskuif na wie van SAMPI en SAMSO as spesialiteitsorganisasie ondersteun moes word.

SAMPI het hom inderdaad in 'n baie moeilike posisie bevind na SALU se strategiese SAMSO-skuif. Dit is vererger deur 'n opdrag van minister Hendrik Schoeman aan alle Staatsdepartemente en Landboubeheerrade dat "...u sal verseker dat geen briefwisseling of onderhoude voortaan met sodanige organisasies deur beamptes van u Departement gevoer sal word nie. Geen publisiteit moet ook aan die aktiwiteite van hierdie soort groepe deur middel van departementele publikasies of Landbouradio verleen word nie." SAMPI is by name genoem as een van die organisasies waarop die opdrag betrekking gehad het.

As teenvoeter het SAMPI se leiers, onder andere, goedkeuring van sy Kongres verkry om 'n grootskaalse poging aan te wend om lede vir SAMPI te werf. Gedurende Februarie en Maart 1976 is 33 inligtingsvergadering in die mieliegebied gehou, wat in groot getalle bygewoon is. SAMPI se lede is versoek om uit die boereverenigings van georganiseerde landbou te bedank en weer SAMPI-takke op die been te bring.

SAMPI het organiseerders aangestel om die ledewerwingsveldtog te dryf, wat op die plase omgegaan het om nuwe lede te werf. Daarbenewens is verskeie ander metodes en pogings aangewend om mielieprodusente te oorreed om by SAMPI aan te sluit.

Op 19 Augustus 1976 het SAMPI weer 'n versoek om affiliasie tot SALU gerig, onder andere op grond van SAMPI se mening dat hy verteenwoordigend van die meerderheid mielieprodusente was. Die aansoek is weer eens geweier en oënskynlik was die kans op samewerking daarmee heen.

## Ooreenkoms 1976

Gedurende November 1976, egter, het minister Schoeman 'n vergadering met SAMPI se Dagbestuur en SAMSO se Bestuurskomitee belê om hulle oor die moontlikheid van samewerking te pols. Beide organisasies het baie gunstig daarop gereageer, tot so 'n mate dat SAMPI se Dagbestuur en SAMSO se Hoofbestuur nege dae later weer vergader het en tydens daardie vergadering 'n ooreenkoms onderteken het wat as basis vir eenwording moes dien.



Die Aksiekomitee was saamgestel uit die Dagbestuurslede van SAMPI en die Bestuurskomitee van SAMSO, te wete:

**SAMPI:** Fanie Ferreira, Hennie de Jager, Hannes de Kock en Crawford von Abo

**SAMSO:** Ben Wilkens, Thys van der Hoven, Faan Basson, Andries Beyers en Japie van Eeden.

Wilkens is as Voorsitter en Ferreira as Ondervoorsitter van die Aksiekomitee aangewys, met mnr Danie Venter, SAMPI se Direkteur op daardie stadium, as die Sekretaris.

Terwyl SAMPI alles in die stryd gewerp het om die Kongres te laat voortgaan, het mnr Danie Venter, die Direkteur van SAMPI, en die ander personeellede van SAMPI hulle by SAMSO geskaar. Dit was duidelik deel van SAMSO se strategie, want Venter het weens die posisie wat hy by SAMPI beklee het, eerstehandse kennis van SAMPI se strategie, sterkpunte, swakpunte, ensovoorts gehad en hy het selfs SAMPI se ledelys vir SAMSO se leiersfigure gegee. Venter het aktief begin om SAMPI op verskeie wyses te benadeel.

SAMPI was verplig om 'n hofbevel te verkry om Venter uit sy kantoor te sit, omdat hy hardnekkig geweier het om dit te doen. Die hofbevel is verkry, maar Venter het SAMPI se ledelys en die sirkulasielys van SAMPI se lyfblad met hom saamgeneem en SAMPI sonder die inligting gelaat. Volgens mnr Crawford von Abo het SAMPI na hierdie konflik slegs oor twee personeellede beskik om administratiewe steun te bied.

'n Aksiekomitee is aangewys en daar is besluit dat die stigtingskongres van die nuwe organisasie gedurende Maart 1977 sou plaasvind. Die datum vir verkiesing van afgevaardigdes na die stigtingskongres is op 31 Januarie 1977 vasgestel.



Video: SAMPI begin 'n eie tydskrif as mondstuk van die organisasie.





Hierdie spotprent uit *Die Landman* (Maart 1979) sinspeel op SAMPI wat die 1977-verkiesing gewen het – wat toe op niks uitgeloop het nie, want SAMSO wou steeds die septer swaai. SAMPI was selfs bereid om weer 'n verkiesing op dieselfde voorwaardes te hou.



Daarna het die proses in alle erns begin om die twee organisasies onder die vaandel van die voorgestelde organisasie saam te voeg. Dit het besluite oor die vestiging van die organisasie se kantoor, vestiging van 'n tydskrif, embleem, befondsing, inskakeling van SAMPI se lede by strukture van georganiseerde landbou, ensovoorts ingesluit.

In *Die Landman* van Januarie 1977 is volledig berig oor die reëlings rakende die nuwe organisasie. Die berig se eerste sin het gelees: "EENHEID is in die Suid-Afrikaanse Mieliebedryf bereik!" Elke persoon wat mielies vir bemerking produseer sou op die vergadering van 31 Januarie 1977 stemgeregtig wees en sou kon stem in die land-drosdistrik waarin hy/sy gewoon het of waar sy/haar boerderybelange geleë was.

Met die verkiesing van 31 Januarie 1977 het dinge egter begin skeefloop. Die uitslag daarvan was dat 190 van die afgevaardigdes verteenwoordigers van SAMPI was en slegs 150 van SAMSO, wat beteken het dat SAMPI die meerderheidstem op die Kongres sou kon uitoefen. Dit was oënskynlik nie vir SAMSO aanvaarbaar nie, aangesien laasgenoemde daarna probeer het om te bewerkstellig dat die koöperasies ook met stemreg op die Kongres verteenwoordig kon word. Dit was weer nie vir SAMPI aanvaarbaar nie, omdat SAMPI se uitgangspunt van die begin af was dat alleen die mielieprodusente oor mieliesake moet besluit.

Hierdie verskille het weer eens heftige dispute tussen SAMPI en SAMSO tot gevolg gehad, omdat SAMPI aangevoer het dat volgens die ooreenkoms tussen die partye slegs produsente stemreg op die Kongres sou kry. SAMSO het volgehou met sy weiering om te aanvaar en erken dat dit die terme van die ooreenkoms was. Uiteindelik het dit daartoe gelei dat SAMSO eensydig besluit het om alle verdere samesprekings met SAMPI op te kort.

SAMPI het heftig beswaar aangeteken en verskeie pogings aangewend om die proses te red. Dit was nie suksesvol nie en SAMPI het hom by twee geleenthede op minister Schoeman beroep om die saak te beredder. Hy was egter nie bereid om weer betrokke te raak nie. Die onverkwiklike rusie tussen die twee organisasies het dus voortgeduur, selfs deur middel van hofsake teen mekaar.

## Heffing vir SALU

Intussen het SAMPI insette gelewer op die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na die Bemerkingswet van 1977. SAMPI het self ook aanbevelings voorgelê oor verskeie sake rakende die samestelling en funksies van die Mielieraad en finansiering van SALU, maar sonder enige sukses. SAMPI het, onder andere, 'n vergadering met minister Schoeman gehou oor die instelling van 'n heffing om SALU te finansier. Die Minister het onderneem dat sodanige heffing nie ingestel sou word alvorens eenheid in die mieliebedryf bereik is nie.



Ten spyte daarvan het die Wysigingswet op Bemarking van 1977 wat daarna gepromulgeer is, wel voorsiening gemaak vir die oplegging van 'n heffing op landbouprodukte, waaruit fondse in opdrag van die Minister van Landbou aan SALU oorbetaal kon word. 'n Heffing van vyf sent/ton is ingevolge daarvan ten opsigte van mielies ingestel, wat beteken het dat enige persoon wat mielies geproduseer het, die heffing moes betaal, ongeag of hy/sy lid van georganiseerde landbou was.

Vir SAMPI het dit beteken dat sy lede verplig was om tot SALU en dus ook SAMSO se finansiering by te dra. Uit die aard van die saak het dit tot geweldige ontevredenheid onder SAMPI-lede aanleiding gegee, omdat hulle statutêr verplig was om by te dra tot die finansiering van 'n organisasie waarmee hulle in 'n fel stryd gewikkel was.

As gevolg daarvan het SAMPI vergaderings met verskeie volksraadslede belê ten einde SAMPI se protes duidelik aan hulle oor te dra. Die vergaderings is deur baie produsente bygewoon en die boodskap van ontevredenheid is ondubbelsinnig oorgedra. SAMPI het verskeie aanslae op die heffing geloods, sonder enige sukses.

SAMPI se grootste probleem was waarskynlik dat selfs die Regering nie vir SAMPI as verteenwoordiger van die mielieprodusente erken het nie, maar vir SALU en dus ook vir SAMSO.

### “Eenheidsdokument”

Te midde van die voortdurende stryd en toenemende verdeeldheid tussen SAMPI en SAMSO het Minister Schoeman gedurende Januarie 1979 weer toegetree deur 'n “eenheidsdokument” te laat opstel en dit vir kommentaar aan SAMPI en SAMSO voor te lê. Die dokument het voorsiening gemaak vir die verkiesing van afgevaardigdes na die stigtingskongres van 'n nuwe eenheidsorganisasie.

Tydens die verkiesing moes 400 produsente-afgevaardigdes op streeksproduksiegrondslag aangewys word, asook 70 koöperatiewe afgevaardigdes, wat ook self mielieprodusente moes wees. Alle mielieprodusente wat mielies vir bemarking produseer, sou vir die aanwysing van afgevaardigdes kon stem. Die verkose afgevaardigdes sou dan op 'n streeksgrondslag vergader om 'n streeksvoorsitter te kies wat die betrokke streek se verteenwoordiger in die Uitvoerende Raad sou wees. Vir hierdie doel is 20 streke geïdentifiseer.

SAMSO het die Minister se voorstelle onvoorwaardelik aanvaar, maar SAMPI het sy ontevredenheid met 'n hele aantal aspekte uitgespreek, omdat dit SAMPI se lede sou benadeel. Dit was duidelik dat die Minister se voorstelle in samewerking met SAMSO en SALU opgestel is. Na aanleiding daarvan het die Minister ietwat gewysigde “finale” voorstelle voorgelê. Dit het egter nie al die sake wat SAMPI geopper het, aangespreek nie en was dus nie vir laasgenoemde aanvaarbaar nie.

### OMMEKEER KOM NA BROEDERBOND-GESPREK

Toe dit gedurende 1980 opnuut geblyk het dat SAMSO nie bereid was om met SAMPI saam te werk nie, het SAMPI, wetende dat die Broederbond teen SAMPI se stigting gekant was, deur middel van 'n lid van die Broederbond wat SAMPI goedgesind was, probeer vasstel wie agter SAMSO se onwilligheid gesit het. Hy het daarin geslaag om 'n afspraak vir verteenwoordigers van SAMPI met die Broederbond te reël, op voorwaarde dat die afgevaardigdes almal lede van die Broederbond moes wees. SAMPI het 'n span saamgestel bestaande uit mnre Piet Earle, Hannes de Kock, Naas Pretorius en prof Piet Aucamp wat met verteenwoordigers van die Broederbond vergader het.

Dit is nie bekend presies watter rol die Broederbond daarin gespeel het nie, maar kort na daardie vergadering is ooreenkoms tussen SAMPI en SAMSO bereik om saam te werk en is die proses voortgesit wat tot die vergadering van 3 Oktober 1980 gelei het.





### **Met die ontbinding van SAMPI en SAMSO het hulle leiers die volgende gesê:**

**Mnr Hennie de Jager: "Ons het nou op 'n punt gekom waar niemand ons sal keer om eenheid te bereik nie. Eenheid onder die mielieboere het gekom om te bly. Diegene wat nie wil saamloop nie, kan met die grootste liefde agterbly."**

**Mnr Faan Basson: "Die dag is nie die begrafnis van SAMSO nie, maar 'n mylpaal, omdat die besluit om te ontbind, tot die uitbouing van die bestaande orde sal meewerk, naamlik, 'n erkende en goed funksionerende mieliespesialiteitsorganisasie."**

Die uiteinde was dat ook hierdie eenheidspoging misluk het. Minister Schoeman het daarna 'n beroep op die mielieprodusente gedoen om met 'n "boereplan" vorendag te kom, aangesien dit geblyk het dat dit nie moontlik sou wees om versoening op bestuursvlak te bewerkstellig nie. Na aanleiding daarvan het SAMSO se tak in Middelburg in Mpumalanga 'n Mielieparlement bestaande uit 20 lede voorgestel. Die plan was in beginsel vir SAMPI aanvaarbaar, maar dit is uiteindelik deur SAMSO verwerp en die skaakmatsituasie het voortgeduur.

Intussen het SAMPI besluit om hom direk op die Eerste Minister, mnr PW Botha, te beroep om eenheid in die mieliebedryf te bewerkstellig en het op 10 Augustus 1979 'n brief in dié verband aan hom gestuur. In sy antwoord het die Eerste Minister gesê dat die gesindheid wat onder die mielieprodusente geheers het, nie bevorderlik vir die bedryf was nie en het hy 'n ernstige beroep op SAMPI gedoen om alles moontlik te doen om eenheid in die bedryf te bewerkstellig. Dit is onvoorwaardelik deur minister Schoeman, ondersteun.

### **Gedeelde visie**


Tydens sy daaropvolgende Jaarkongres in Maart 1980 het SAMPI benadruk dat eenheid in die mieliebedryf van uiterste belang was, maar het daarop aangedring dat dit deur middel van 'n outonome spesialiteitsorganisasie moes geskied.


SAMSO het die eenheidsgedagte ook op sy Jaarkongres beklemtoon. SAMSO se Voorsitter, mnr Faan Basson, het bevestig dat SAMSO nie 'n anti-SAMPI-organisasie was nie en dat hy geen begeerte tot twis tussen die organisasies gehad het nie.

SAMPI het daarna weer samesprekings met minister Schoeman gevoer, wat hom ten gunste van 'n verenigde spesialiteitsorganisasie uitgespreek het, op voorwaarde dat dit by SALU geaffilieer moet wees. Hy was nie bereid om weer direk by onderhandelings tussen SAMPI en SAMSO betrokke te raak nie, maar het wel SAMPI se werksdokument aan die President van SALU, mnr Jaap Wilkens oorhandig, waarna SAMPI en SAMSO direk met mekaar onderhandel het.

Op daardie stadium het SAMSO reeds op sy eie ook sukses as spesialiteitsorganisasie behaal en het dit die voordeel van erkenning deur die owerhede gehad. Dit was in wese wat SAMPI ook wou bereik. Die twee organisasies het dus dieselfde belange nagestreef en by beide het die behoefte bestaan om die twis te beëindig.

Die onderhandelings is in daardie gees gevoer en op 7 Augustus 1980 het minister Schoeman aangekondig dat SAMPI en SALU 'n ooreenkoms vir die daarstelling van 'n verenigde mieliespesialiteitsorganisasie bereik het, waarvan die status, magte en bevoegdhede deur die mielieprodusente self bepaal sal word.

**MELIEVERKIESING**  **MAIZE ELECTION**  
**1980**  
 30 SEPTEMBER



**INHOUD/CONTENTS**

	Bladsy
EENHEID — HOE IS DIT VERKRY .....	2
DIE BITTERE GEVEG TOT EENHEID .....	3
BELANGRIKE DATUMS .....	4
EENHEIDSGEDAGTES WAAROO U MOET BESLUIT .....	5
AFFILIASIE OF INTEGRASIE .....	5
UNITY IDEAS UPON WHICH YOU MUST DECIDE .....	5
DIE LEUËN — DIE WAGWOORD VAN SAMPI-LEIERS .....	6
LEIERS BESPOT — BROEDERBOND .....	7
VERSKILPUNTE TUSSEN SAMSO EN SAMPI .....	8
BREINTRUST — BOERE UITVERKOOP .....	11
THE DIFFERENCES .....	11
SO WERK SAMPI SE BUROKRASIE .....	13
DIE EENHEIDSDOKUMENT .....	14
VERKIESINGSREËLINGS .....	15

Hierdie publikasie is deur SAMSO saamgestel en uitgegee om mielieprodusente toe te lig en te help met besluitneming met die oog op die komende mielieverkiesing. Verkiessingreëlings en beleidstandpunte van SAMSO teenoor die van SAMPI word hierin uiteengesit.

Só het die voorblad gelyk van die 1980 Mielieverkiesing-stembrief.

Die ooreenkoms het ook voorsiening gemaak vir die organisatoriese aspekte ten einde dit te implementeer, wat ingesluit het dat die Stigtungskongres van die nuwe organisasie op 3 Oktober 1980 gehou sou word, ondervoorsitterskap van mnr SW (Billy) van der Merwe, die destydse President van die Prokureursorde van Transvaal, bygestaan deur twee assessors, naamlik prof Piet Aucamp van die PU vir CHO, vir SAMPI en dr Andries Scholtz, Hoofbestuurder van NWK, vir SAMSO.

Die verkiesing van 340 afgevaardigdes na die Stigtungskongres sou op 30 September 1980 plaasvind. Al die afgevaardigdes moes mielieprodusente wees wat deur bona fide mielieprodusente verkies sou word. Die verkiesing sou plaasvind volgens die reëlings wat vir die 1977-verkiesing gegeld het met betrekking tot die distriks- en streeksindeling, stemprosedure en stempunte.

Voortspruitend uit die ooreenkoms is besluit dat SAMPI en SAMSO die nodige stappe moes doen vir bekragtiging van die ooreenkoms, ontbinding van die twee individuele organisasies en die samevoeging van hulle bates. Die bates van die twee organisasies sou met hulle ontbindingskongresse bevries en op die dag van die

**DIE EERSTE NAMPO-LEDE  
OP DIE MELIERAAD WAS:**

**MNRE CL VON ABO  
(VOORSITTER)**

**JH VILJOEN  
(ONDERVOORSITTER)**

**AP VISSER**

**AS BEYERS**

**CJ LEONARD**

**SJ SCHOEMAN**

**HL DELPORT**

**DR B STEAD**



**Video: Daar was altyd 'n hegte band tussen die SAMPI-manne – mnr Crawford von Abo.**



**“ DIE KONGRESLOKAAL OP NAMPO PARK IS NA FANIE FERREIRA VERNOEM UIT ERKENNING VIR DIE BESONDERE LEIERSKAPSROL WAT HY IN HIERDIE ERA GESPEEL HET. ”**



**SAMPI is beëindig as bewys van samewerking om eenheid in die mieliebedryf te bewerkstellig. Die Hoofbestuur en lede het 'n Gedenksertifikaat op 26 September 1980 onderteken.**



verkiesing deur die Minister van Landbou in trust geneem word, vir oorhandiging aan die nuwe organisasie op die Stigtingskongres.

Wat die status van die nuwe organisasie betref, naamlik of dit as outonome liggaam by SALU sal affilieer dan wel of dit as 'n integrale deel van SALU sou funksioneer, is ooreengekom dat dit aan die Stigtingskongres oorgelaat word om daarvoor te besluit.

Hoewel albei organisasie hulle tevredenheid uitgespreek het met die ooreenkoms wat bereik is, het die verkiesingstryd wat daarna gevolg het nie heeltemal vreedsaam en altyd in 'n goeie gees verloop nie. Gegewe die geskiedenis van vorige pogings tot eenwording, is dit eintlik verbasend dat die proses nie weer deur onenigheid ontspoor is nie, maar uiteindelik is beide SAMPI en SAMSO se Ontbindingskongresse op 26 September 1980 gehou, waarop beide opgehou het om te bestaan.

### Laaste verkiesing

Op 30 September 1980 het ongeveer 6 000 mielieprodusente by 83 stemlokale gestem vir die verkiesing van die 340 afgevaardigdes na die Stigtingskongres. Die uitslag daarvan was 198 vir SAMPI en 142 vir SAMSO.

Op die stigtingskongres op 3 Oktober 1980 het die Kongres besluit dat die nuwe organisasie onafhanklik ingevolge sy eie grondwet sou funksioneer, maar dat dit by SALU sal affilieer.

Ferreira, die laaste Voorsitter van SAMPI, is as die eerste Voorsitter van die organisasie verkies en De Jager, ook van SAMPI, as die eerste Ondervoorsitter. Met die aanwysing van die Hoofbestuur is nege lede uit elk van die ontbinde organisasies verkies.

Die Kongres het ook besluit dat die agt produsentelede van die Mielieraad deur die Kongres uit sy geledere aangewys sal word, gebaseer op die streekindeling wat vir die verkiesing van die Hoofbestuur gebruik is. Met die uitsondering van Von Abo, wat reeds op 1 Januarie 1981 as produsenteverteenwoordiger sitting verkry het, het die aangewese NAMPO-lede op 1 Julie 1981 sitting op die Mielieraad geneem.

Die besluite oor die naam van die organisasie, die setel van die hoofkantoor en die naam van die lyfblad is aan die Hoofbestuur oorgelaat, op voorwaarde dat die naam van die organisasie nie SAMPI of SAMSO sou wees nie. Hieroor het die Hoofbestuur op 11 November 1980 soos volg besluit:

- Die organisasie se naam: NAMPO
- Hoofkantoorsetel: Bothaville
- Lyfblad: *Mielies/Maize*

Tydens die Stigtingskongres is besluit dat die nuwe organisasie voorlopig as die Mieliespesialiteitsorganisasie (MSO) bekend sal staan. Só is NAMPO gestig en is die lank gekoesterde ideaal verwesenlik dat mielieprodusente binne 'n spesialiteitsorganisasie oor hulle eie sake kon besluit.

### NAMPO SE MISSIE

**Om die ekonomiese lewensruimte van die mielieboer te verbreed.**

### NAMPO-ERA BREEK AAN

#### Lidmaatskap

Lede van SAMPI en SAMSO het nie na die eenwording outomaties lidmaatskap van NAMPO gehad nie. Enige produsent wat mielies vir kommersiële doeleindes geplant het, kon vir lidmaatskap van NAMPO aansoek doen. Die vereistes vir lidmaatskap was dat die voornemende lid mielies vir bemarking moes produseer, die voorgeskrewe ledegeld betaal en NAMPO se doelstellings moes onderskryf.

Op 'n stadium was dit 'n vereiste dat 'n aansoeker meer as 'n sekere hoeveelheid mielies moes produseer om as lid van NAMPO te kwalifiseer. Later is egter voorsiening gemaak om lede op 'n ander basis as produksiegrondslag te aanvaar, ten einde ook vir lidmaatskap van ontwikkelende landbouers voorsiening te maak: Met dien verstande dat slegs die lede wat aan die produksievereiste voldoen het, stemreg in die bestuurstrukture van NAMPO gehad het.

NAMPO het nie affiliasies van ander belangegroepes toegelaat nie. Die sienswyse was dat NAMPO nie sy spesialisasiedoelwit kan bereik deur groepe met ander belange as lede toe te laat nie, omdat verskillende belangegroepes uiteeraard ook verskillende doelstellings gehad het. NAMPO het wel gestreef na samewerking met ander rolspelers en belangegroepes ten einde gemeenskaplike probleme te identifiseer en daarvoor saam te werk.

Van meet af aan was dit een van NAMPO se doelstellings om groter samewerking tussen die verskillende graanprodusente-organisasies te bewerkstellig. Hierdie doelwit is vanaf sy stigting deur NAMPO van tyd tot tyd aktief met onderlinge samesprekings tussen die bedrywe nagestreef, sonder sukses.

## Befondsing

NAMPO is aanvanklik, benewens die inkomste uit die Oesdag, slegs uit bydraes van sy lede befonds. Die inkomste uit ledegelde het in die tydperk kort na NAMPO se stigting aansienlik verminder, as gevolg van 'n daling in ledetal. Dit het NAMPO se finansiële posisie geweldig geknou, tot so 'n mate dat die organisasie op 'n stadium in 1983 nie genoeg fondse beskikbaar gehad het om die personeel se salarisse te betaal nie en 'n oortrokke fasiliteit by die bank daarvoor gereël moes word.

Gedurende die middel 1980's het die Direkteur-generaal van Landbou 'n bedrag uit 'n surplus in die heffingsfonds aan NAMPO oorbetaal. Daardie fondse is belê en is nooit deur NAMPO aangewend nie, omdat die Hoofbestuurder van mening was dat die organisasie se lopende kostes deur die bedryf self gefinansier moes word. Die bedoeling was om die belegging te laat groei tot op 'n vlak waar die inkomste daaruit voldoende sou wees om die organisasie se kernfunksies in stand te hou ongeag die ledegeldbydraes. Met die stigting van Graan SA het dit tot 'n stewige neseier gegroei.

NAMPO het later van tyd wel befondsing vir navorsing ontvang, asook bystand met die oog op sekere spesifieke projekte en aksies. Die feit is egter dat een van die grootste beperkings van SAMPI en NAMPO juis in beperkte fondse geleë was.

## Strategiese beplanning

NAMPO het verskeie strategiese doelwitte gehad. Aan die een kant was daar die sogenaamde Ontwikkelingstrust onder leiding van die hoofekonoom, dr Kit le Clus, wat op bedryfsekonomiese navorsing toegespits was. Die resultate van die betrokke afdeling se werk was aangewend om akkurate inligting aan lede en ander belanghebbendes te voorsien. Sodanige inligting het produsente in staat gestel om beter produksie- en bemarkingsbesluite te neem. In daardie afdeling was ook die sogenaamde "breintrust" gesetel. Die breintrust het ten doel gehad om die NAMPO produsentelede op die Mielieraad van inligting en advies te bedien in hul voorbereiding vir Mielieraadsvergaderings, omdat deel van die strategie was dat al die produsentelede aktief aan die Mielieraad se besprekings moes deelneem.

Aan die administratiewe kant was verskillende projekte onder leiding van Van Zyl geloods om die aansien van mielieproduksie en mielieprodusente in die breë ekonomie te poets. Sodanige projekte het, onder andere, die volgende ingesluit: beeldbou, medianetwerke, die NAMPO Oesdag, die tydskrif *Mielies/Maize*, die Mieliemans van die Jaar toekennings en openbare betrekkinge.

NAMPO se leierskorps het baie klem geplaas op vooruitskouing ten einde tydige strategiese aanpassings te kon maak. Kundiges uit die politieke arena sowel as die privaat sektor is betrek, onder andere, drr Kobus Neethling, Frederik van Zyl Slabbert en Jan Dreyer, asook mnre Clem Sunter en Jac Laubser ten einde NAMPO se Hoofbestuurslede blootstelling te gee aan eksterne sienings wat hulle in die vorming van hulle eie toekomsvisie kon ondersteun.

**“ GEDURENDE DIE SAMPI ERA HET DIE LEDETAL GEGROEI TOT ONGEVEER 6 700 OPBETAALDE LEDE, MAAR TEEN 1983 HET NAMPO SLEGS SOWAT 2 200 OPBETAALDE LEDE GEHAD. ”**



Video: Die groot mieliestryd word raak opgesom deur mnr Giel van Zyl.



Video: Argumente is deurentyd gebaseer op feite en stawende data – wat deur die kundige personeel voorbereid is, vertel mnr Von Abo.





Ten einde te verseker dat regte beeld en boodskap van NAMPO ten alle tye uitgebeeld en oorgedra word, is klem daarop gelê dat niemand oor 'n saak mag praat as hy nie behoorlik daarop voorbereid was nie. Op aandrang van mnr Hennie de Jager is later besluit dat alleen die Voorsitter van NAMPO gemagtig was om onderhoude aan die pers toe te staan en slegs indien die Voorsitter glad nie beskikbaar was nie, kon die Hoofbestuurder dit doen.

Sunter het die produsente by verskeie geleenthede toegesprek oor toekoms scenario's en sy publikasies is gereeld onder NAMPO se Hoofbestuurslede versprei ten einde hulle op hoogte te hou van die nuutste sienings oor toekomsverwagtings.

## NAMPO-projekte

Gedurende sy bestaan van 20 jaar het NAMPO as aktiewe, vooruitstrewende organisasie menige projekte aangepak en groot insette in veral die mieliebedryf van Suid-Afrika gelewer. Dit is nie moontlik om binne die bestek van hierdie publikasie selfs net na al daardie insette te verwys nie, wat nog te sê van besonderhede daaroor weer te gee. Daarom word net enkele van die werksaamhede en inisiatiewe genoem in 'n poging om 'n blik te probeer gee op die aard van die insette en bydraes wat NAMPO gemaak het.

### Aansien van graanprodusente

Ten tyde van NAMPO se stigting was die algemene beeld van die graanprodusent in Suid-Afrika een van 'n armsalige landbouer met 'n verslonste oorpak op 'n afgeleefde trekker', glad nie baie positief nie. Dr Piet Gous, die Hoofbestuurder, se opdrag was om dit te verander. Onder sy leiding is 'n spesifieke fokus daarop geplaas om te demonstree dat graanprodusente hulself op die hoogste vlakke van die sakewêreld en die samelewing kon handhaaf.

Met verloop van tyd het die graanprodusent se beeld en posisie inderdaad sodanig verbeter dat produsente geruime tyd reeds met aansien bejeën word en inderdaad erkenning kry vir die groot en belangrike rol wat hulle in die sakewêreld en die gemeenskap speel.

In die proses is die samewerking en insette van verskeie vooraanstaande sakeleiers en akademici verkry wat groot bydraes tot die ontwikkeling van NAMPO se interne poel van kennis gelewer het. Een van hulle was prof Jan Groenewald, wat die Dekaan van die Fakulteit Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria




Video: NAMPO het sy lede se behoeftes op vele terreine bedien – mnr Giel van Zyl.



Die eerste Voorsitter van NAMPO, mnr Fanie Ferreira.



Mnr Japie Grobler, NAMPO se laaste Voorsitter voor eenwording in die graanbedryf in 1999.



Benewens voortsetting van sy normale take, is 'n hele nuwe dimensie tot NAMPO se werkerterreine gevoeg, naamlik uitgebreide bemerkingsdienste. 'n Spotprent in *Mielies/Maize* van Augustus 1997 beeld die nuwe dinamika uit.



was. 'n Ander was dr Japie Jacobs, wat op verskeie belangrike en rigtinggewende kommissies van ondersoek gedien het, sommige waarvan ook in hierdie publikasie na verwys word. Hy het veral belangrike insette gemaak ten opsigte van projekte en oplossings wat NAMPO op die tafel geplaas het.

NAMPO se doelstellings kan kortliks soos volg saamgevat word:

- Om die algemene beeld van produsente te verbeter;
- om produsente in staat te stel om hulself beter in die besigheidsomgewing te handhaaf;
- om groei in die organisasie te ondersteun;
- om NAMPO Oesdag uit te bou tot een van die beste landbouskoue ter wêreld; en
- om 'n tydskrif van die hoogstaande gehalte te vestig.

NAMPO was 'n organisasie van die boere vir die boere. In die besef van die eise wat graanproduksie vir produsente stel, het NAMPO deurentyd gepoog om sy lede van bystand, inligting en praktiese oplossings te voorsien wat hulle kon ondersteun om volhoubaar te boer.

### **Beeldbouprojek**

#### **Openbare betrekkinge**

Selfs na die samekoms van SAMPI en SAMSO het antagonisme teenoor NAMPO voortgeduur, veral vanaf amptenare van die Departement van Landbou en SALU. Dit het samewerking met daardie organisasies dikwels baie bemoeilik. Verskeie leiers binne georganiseerde landbou, insluitende in die Mielieraad en die koöperasiewese, het geen erkenning aan NAMPO gegee nie en was nie bereid om met die organisasie saam te werk nie.

NAMPO se Hoofbestuur het gevolglik 'n toegewyde openbare betrekkingeprogram as deel van NAMPO se beeldbouprojek van stapel gestuur. Die toegewyde fokus daarop het mettertyd vrugte afgewerp, veral namate ander programme binne die beeldbouprojek suksesvol aangepak is.

#### **Vrouegroepes en vakbonde**

Gegewe die belangrike rol wat vakbonde en vrouegroepes ten opsigte van meningsvorming in die Suid-Afrikaanse samelewing gespeel het, het NAMPO 'n spesifieke poging aangewend om verteenwoordigers van daardie groepe (by geleentheid selfs die topstruktuur van COSATU en die ANC Vroueliga) na die NAMPO-plaas te nooi. Die oogmerk daarmee was om hulle beter oor landbou in te lig en hulle persepsie teenoor boere en landbou in die algemeen te verbeter.

Uit NAMPO se oogpunt het die projek geslaag, behalwe dat dit nie heeltemal die impak gehad het wat NAMPO graag wou sien nie. Die ideaal sou wees om die program meer gereeld te herhaal, maar weens beperkte fondse en mannekrag was dit nie moontlik nie.

#### **Skoleprogram**

As deel van NAMPO se beeldbouprogram is 'n projek in samewerking met die landbouskakelman, mnr Steyn Lureman, aangepak om skolegroepe na die NAMPO-plaas te bring met die doel om skoolkinders aan landbou en boerdery in die algemeen bloot te stel. Dié program, wat aanvanklik deur 'n kunsmismaatskappy, Omnia en later ook deur Northmec, geborg is, was daarop gemik om kinders se persepsies oor diere en boerdery te verander deur middel van inligting en blootstelling aan diere, graanprodukte en praktiese graanverbuingspraktyke.

As deel van die program moes die kinders na afloop van die besoek aan die plaas 'n opstel skryf en 'n projek oor landbou inhandig, waardeur hulle prakties kon uitbeeld wat hulle tydens die besoek aan die plaas geleer het. Die projekte het deelgeneem aan 'n kompetisie waarmee verskeie pryse gewen kon word.

Die program was baie geslaag, tot so 'n mate dat die Adjunk-minister van Landbou, me Thoko Didiza, op 'n stadium as een van die beoordelaars opgetree het en die Minister van Onderwys, prof Sibusisu Bengu, 'n verteenwoordiger van die





Departement van Onderwys daarvoor afgevaardig het. Die Skoleprogram is later met groot sukses deur Graan SA voortgesit.

NAMPO is in 1996 spesifiek deur die Openbare Betrekkinge-afdeling van die Deense Landbouraad geloof vir sy versienheid deur die inligtingsprogramme vir skoliere aan te bied.

### *Ekonomiese navorsingseenheid*

Reeds in die SAMPI-era was een van die bedryf se klagtes dat daar nie betroubare inligting oor die produksiekoste van mielies beskikbaar was nie. Dit het bygedra tot die ontevredenheid wat met die bepaling van die mielieprys in daardie era geheers het. NAMPO het dit ook as 'n leemte geïdentifiseer en vir dr Le Clus die taak opgelê om 'n ekonomiese navorsingseenheid, oftewel die sogenaamde Ontwikkelingstrust te ontwikkel. Die breintrust het daarbinne gefunksioneer. Die inligting wat daaruit voortgespruit het, was baie volledig en goed nagevors. Dit is op verskeie wyses aan produsente beskikbaar gestel as 'n waardetoevoegingsdiens wat voorheen nie beskikbaar was nie.

### *Landboukundige navorsing*

In opdrag van die Minister van Landbou was landbounavorsers wat aan Staatsinstellings verbonde was, in die tydperk voor die stigting van NAMPO verbied om met enige verteenwoordiger van SAMPI te praat.

Na die stigting van NAMPO is 'n projek geloods om in samewerking met die Departement van Landbou en landbounavorsingseenhede kritieke navorsingsbehoefte te bepaal en te identifiseer wat die beste manier sou wees om terugvoering daarvoor aan die produsente te gee.

Produk- en produksienavorsing is in samewerking met die Instituut vir Graangewasse van die LNR uitgevoer. NAMPO se betrokkenheid by navorsing was veral gefokus op die identifisering en prioritisering van navorsingsbehoefte, asook die verspreiding van navorsingsresultate en toepaslike inligting aan die produsente. NAMPO het 'n baie belangrike rol in hierdie proses gespeel deur navorsingsresultate in die tydskrif *Mielies/Maize* te publiseer en dit by NAMPO-takvergaderings met produsente te deel.

Navorsingsbeplanning is jaarliks gedoen en gekoördineer ten einde duplikasie uit te skakel. Die benadering was om die produsente en navorsers nader aan mekaar te bring en seker te maak dat navorsingsresultate onder die produsente se aandag gebring word.

### *Opleidingsprogramme*

Gedurende die vroeë 1980's het die Departement van Arbeid fondse vir opleiding beskikbaar gestel. Dit is gedoen op die basis dat 'n bedrag per arbeider wat opgelei word, aan die betrokke opleidingsinstansie toegeken is, wat beteken het dat produsente hulle werkers gratis kon laat oplei.

NAMPO het reeds oor baie goeie opleidingsprogramme en -fasiliteite beskik wat met vrag aangewend kon word om om selfs mense uit die dorpsgebiede op te lei en te skool in praktiese vaardighede, soos trekkerdrywers, bouers, elektriesiens, ensovoorts.



As gevolg van die sukses wat NAMPO met die opleidingsprogramme behaal het, het die Bloemfonteinse Opleidingsentrum met NAMPO ooreengekom om laasgenoemde se opleidingsprogramme oor te neem. Dit was aanvanklik baie suksesvol en die opleidingsprogramme is goed ondersteun, maar die opleidingsentrum moes weens finansiële probleme gesluit word.

NAMPO het nie oor die finansiering beskik om self met die opleiding voort te gaan nie. Verskeie pogings is aangewend om finansiering vir die opleidingsbehoefes vanaf die Staat te verkry, dog sonder sukses. Dit het veral met die instelling van opleidingsetas moeiliker geword om befondsing vir NAMPO se opleidingsprogramme te verkry. NAMPO het gevolglik geen ander keuse gehad as om die opleiding te staak nie.

### *Diversifikasie*

Die geweldige droogte wat in die eerste gedeelte van die 1980's geheers het, het die besef aangewakker dat dit noodsaaklik geword het vir produsente om te diversifiseer en nie al hulle eiers in een mandjie te plaas nie. NAMPO het besef dat die organisasie 'n rol kon speel om produsente oor die voordele van diversifikasie te adviseer en hulle met die identifisering van geleenthede by te staan.

Produsente is deur NAMPO aangemoedig om as sakelui hul besighede en wins te optimaliseer, onder andere, deur hul boerderye en beleggings te diversifiseer, ook na beleggings buite landbou. Die uitgangspunt en boodskap was dat die produsent sy grond moes aanwend volgens die optimale potensiaal daarvan en, waar nodig, moes omskakel of uitbrei na ander tipes boerdery ten einde dit te kan bereik.

Onderliggend aan dié benadering was dat mielieprodusente daarop moes fokus om mielies op goeie grond te verbou en die res van die grond moes aanwend waarvoor dit die meeste geskik was. Dit het die byvoeging en/of diversifikasie na veeboerdery, melkerye en groenteverbouing, onder andere, ingesluit.

NAMPO het besluit om produsente hierin by te staan deur self ook moontlikhede te ondersoek en aan produsente geleenthede uit te wys en te illustreer hoe om marginale grond wat vir graanproduksie aangewend is, in ander bedrywe om te skakel.

### *Skaaprojek*

Een van die projekte wat NAMPO aangepak het as 'n model vir diversifikasie en spesialisasie, die sogenaamde Skaaprojek, was daarop gemik om prakties te illustreer hoe aangeplante weiding, spesifiek bloubuffelgras en droëlandlusern, op marginale grond vir skaapboerdery aangewend kan word.

NAMPO het lae potensiaal grond op sy bestaande eiendom buite Bothaville, wat nie werklik nuttig vir 'n ander doel gebruik kon word nie, vir die skaaprojek geallokeer en droëlandlusern daarop aangeplant. Aanvullend daartoe het NAMPO 'n naasliggende stuk grond aangekoop waarop bloubuffelgras gevestig is. Hoewel dit dus in werklikheid as twee proewe beskou kon word, is dit as een projek bestuur.

NAMPO het die samewerking van die Vleismerino, Merino en Duitse Merino Telersgenootskappe vir die projek verkry. Die telersgenootskappe het ooie vir die teelprogram voorsien en die ramme is deur produsente in die Bothaville-omgewing beskikbaar gestel. Die ooilammers uit die projek is aan die telersgenootskappe gelewer, terwyl NAMPO die hamels verkoop het om tot delging van die projek se koste by te dra.

Die hoofdoel van die projek was om die inskakeling van skape op droëlandweiding te bevorder en terselfdertyd te illustreer dat marginale gronde beter benut kon word as om dit noodwendig vir mielieverbouing aan te wend. Die projek was uiters geslaagd en het daartoe gelei dat verskeie baie suksesvolle skaapboerderye daarna op aangeplante weidings gevestig is.

### *Grondomskakelingskema*

Voortspruitend uit die sukses wat met die skaaprojek behaal is, is onderhandelings met die Staat aangeknoop om fondse beskikbaar te stel ten einde die onttrekking

**DIE SKAAPROJEK  
IS DEUR MNR ANDRÉ  
FERREIRA, SENIOR  
EKONOOM VAN NAMPO,  
WAT IN EIE REG MET  
SKAPE EN BEESTE GEBOER  
HET, BESTUUR.**





van marginale grond aan graanproduksie en die vestiging van alternatiewe bedrywe daarop, moontlik te maak.

Die groot kampvegter en drywer van die konsep was mnr Cerneels Claassen, wat op daardie stadium 'n Hoofbestuurslid van NAMPO was en later die Voorsitter van NAMPO geword het.

Hy vertel dat die besef ontstaan het dat die oppervlakte waarop mielies verbou is, te groot was en dat die groot hoeveelheid mielies wat geproduseer is, negatief op die prys van mielies ingewerk het. Op daardie stadium was sowat vyf miljoen hektaar mielies jaarliks aangeplant. Die mening was dat dit met sowat een miljoen hektaar afgeskaal moes word.

Op die NAMPO Kongres van Maart 1987 het Claassen 'n voorlegging gemaak oor die invloed wat die omskakeling of onttrekking van een miljoen hektaar mieliegrond uit verbouing op die produsenteprys van mielies sou uitoefen.

Die Kongres het 'n voorstel van Claassen aanvaar dat 'n komitee saamgestel word om 'n stelsel te ontwerp waarvolgens die onttrekking van daardie hoeveelheid grond aan mielieverbouing bewerkstellig kon word. Die Komitee is saamgestel uit verteenwoordigers van NAMPO, die Mielieraad, SALU, Unie Graan, die Departement van Landbou en die Nasionale Bemerkingsraad, met Claassen as Voorsitter.

By 'n daaropvolgende vergadering van die Mielieraad, waar die Minister van Landbou, mnr Greyling Wentzel, teenwoordig was, is finale goedkeuring vir die ontwikkeling van 'n skema vir grondomskakeling gegee. Die skema het behels dat die Staat finansiële bystand sou verleen vir "geleide struktuuraanpassings in die somergraangebied", wat, in ander woorde gestel, grondomskakeling beteken het. Die besonderhede van die skema is aan die Vise-Statspresident, mnr Aalwyn Schibusch, voorgelê en verduidelik, wat sy steun daaraan toegesê het. Daarna is dit deur die Kabinet goedgekeur.


Die grondomskakelingskema is gedurende September 1987 tydens 'n spesiale kongres van NAMPO te Potchefstroom deur minister Wentzel aangekondig. Dit

DIE INVLOED VAN DIE OMSKAKELING/ONTTREKking VAN 1 MIJOEN HEKTAAR MIELIEGROND UIT VERBOUING								
MNR C J CLAASSEN, Hoofbestuurslid Streek 16								
Direkte insetkoste by 'n opbrengsmiljpunt van: 2 Ton/ha — R173/ha 2,5 Ton/ha — R300/ha								
Produsentepryse volgens pryscenarios (gemiddeld van wil en geel) soos aangekondig deur Minister in Augustus 1986								
<b>TABEL 1</b> OESOPBRENGS 2,5 TON/HA								
Aanplantings (m ha)	Oes (ml)	Prys R/t	Bruto ink (R × 10 <sup>3</sup> )	Direkte koste (R/ha)	Direkte koste (R × 10 <sup>3</sup> )	"WINS" (R × 10 <sup>3</sup> )	"WINS" (R/ha)	
4	10	179	1790	300	1200	590	147,50	
2,4 (-40%)	6 (-40%)	246	1476	300	720 (-40%)	756 (+28%)	315 (+113%)	
<b>TABEL 2</b> OESOPBRENGS 2 TOT 2,5 TON/HA								
Aanplantings (m ha)	Opbrengs (t/ha)	Oes (ml)	Prys (R/ton)	Bruto Inkomste (R × 10 <sup>3</sup> )	Direkte koste (R/ha)	Direkte koste (R × 10 <sup>3</sup> )	"WINS" (R × 10 <sup>3</sup> )	"WINS" (R/ha)
3	2	6	246	1476	273	819	657	219
4	2	8	205	1640	273	1092	548	137
4	2,5	10	179	1790	300	1200	590	147,50
<b>TABEL 3</b> WERKLIKE TOESTANDE 1986/87 PRODUKSIEJAAR								
Aanplantings: 4 m ha. Oeskattig: 8 ml.			Beplande opbrengs: 2,5 Ton/ha. Werklike opbrengs: 2 Ton/ha.			Normale oes: 10 m t.		
Aanplantings (m ha)	Opbrengs (t/ha)	Oes (ml)	Prys (R/ton)	Bruto Inkomste (R × 10 <sup>3</sup> )	Direkte koste (R/ha)	Direkte koste (R × 10 <sup>3</sup> )	"WINS" (R × 10 <sup>3</sup> )	"WINS" (R/ha)
1ste 3	2	6	246	1476	300	900	576	192
4 de	2	2	50	100	300	300	[- 200]	[- 200]

**Mielies/Maize** van April 1987 het 'n berig gepubliseer oor mnr Cerneels Claassen se netjiese tabel en verduideliking wat hy aan Kongres voorgehou het. Dit het die argument rondom die voorgestelde grondomskakelingskema ondersteun.



Vanaf Julie 1997 het NAMPO 'n uitgebreide dienspakket vir sy lede aangebied teen 'n koste van R1 000 per lid per jaar. Dit het 'n makelaarsdiens en voorsiening van noodsaaklike markinligting ingesluit. *Mielies/Maize*, Julie 1997.



was uiteindelik 'n baie suksesvolle projek en sowat 750 000 ha mielielande is aan mielieverbouing onttrek en na aangeplante weidings omgeskakel. Deur die grondomskakelingsprojek is vir baie produsente in werklikheid 'n lewenslyn gegee om hul boerderye weer op 'n winsgewende basis te kry.

Die grondomskakelingsprojek het gepaard gegaan met 'n groter bewusmakingsveldtog van NAMPO, in samewerking met sekere verskaffers, oor die waarde wat 'n verbetering in die kwaliteit van landbouprodukte vir produsente kon inhou. Produsente se aandag is, byvoorbeeld, gevestig op die waarde wat die opgradering van die kwaliteit van hulle veekuddes kon toevoeg. Hulle is ook bewus gemaak van die bestaan van mieliesaad wat meer droogtebestand as ander was en aangemoedig om dit te gebruik ten einde hul produksie te verhoog.

Daar was natuurlik produsente wat self die waarde van 'n fokus op insette en produkte van hoë kwaliteit besef en hulle boerderypraktyke dienoreenkomstig aangepas het. NAMPO se landbounavorsers het met daardie produsente saamgewerk om hulle kennis onder ander produsente te versprei en sodoende die algemene kwaliteit en effektiwiteitsvlakke te verhoog. In die proses is werksgroepe gestig en die inligting wat uit hulle projekte beskikbaar geword het, is eweneens aan ander produsente beskikbaar gestel.

### *Makelaarsdiens*

Die afskaffing van beheerde bemarking en die koms van Safex het met baie onsekerheid en wantroue onder produsente gepaard gegaan. Baie van die produsente het geen kennis van die bemarking van graan of die werking van Safex gehad nie en inligting daarvoor was baie beperk. Gevolglik is die produsente dikwels deur handelaars uitgebuit, wat baie herinner aan die posisie voordat beheerde bemarking in die 1930's ingestel is.

Onder leiding van dr Le Clus het NAMPO opleiding ten opsigte van die nuwe markomgewing aan produsente gebied. Op sy inisiatief het NAMPO ook besluit om 'n makelaarsdiens te stig wat meer kennis oor die werking van die markte kon opdoen en produsente daarin kon adviseer. Die makelaarsdiens moes ook as 'n verwysingsraamwerk ten opsigte van pryse, beskikbaarheid van kontrakte, kommissies, kostes, ensovoorts vir produsente dien.

Aangesien die algemene kennis van die werking van kommoditeitsbeurse, soos Safex, beperk was, het NAMPO besluit om 'n studietoer na die VSA te reël ten einde meer spesifieke kennis daarvoor op te doen. Dr Le Clus het die toer deur middel van 'n kontakpersoon gereël met die hoofdoel om 'n kursus by die Chicago Board of Trade (CBOT) by te woon. Die toergroep het bestaan uit ampsbekleërs en personeel van NAMPO, sowel as produsente wat dit op hulle eie koste onderneem





NAMPO TV se eerste uitsending het op 9 September 1997 plaasgevind.

## NAMPO-PERSONEEL GEMAKLIK VOOR EN AGTER DIE SKERMS

NAMPO se eie personeel het die landboukundige en tegniese gedeeltes van die TV-program aangebied. Die aktualiteitsgedeelte, NAMPO-fokus en kommoditeitsbesprekings is normaalweg geleidelik deur mnr Giel van Zyl en/of dr Kit le Clus. Hulle is bygestaan deur mnr Frans Lubbe, Fanie Brink en André Ferreira. Mnr Johan Loxton was die koördineerder van die TV-program.

Die personeel is deur die volgende individue aangevul:

- 'n Predikant uit landbougeledere het die opening met godsdienste behartig
- Mee Chante Hinds en Deidre Brand het as aanbieders opgetree
- Mnr Sakkie Nigrini van die SA Weerburo het die weerprogram hanteer
- Verteenwoordigers van borge en kundiges uit die bedryf het deurlopend aan paneelbesprekings deelgeneem

het. Benewens die kursus wat die toerlede by die CBOT bygewoon het, is besoeke gebring aan landboubesighede wat in graanverhandeling betrokke was, sowel as produsente wat van daardie besighede se dienste gebruik gemaak het.

Ten einde NAMPO se makelaarsdiens van die grond af te kry, is twee makelaars deur NAMPO in diens geneem, wat baie suksesvol was. Die behoefte aan NAMPO se makelaarsdiens het, soos aanvanklik voorsien, begin vervaag namate landboukoöperasies en ander graanhandelaars se kundigheid en stelsels gevestig is en hulle die diens op 'n meer intensiewe basis kon lewer.

Die makelaarsdiens is na die stigting van Graan SA voortgesit, hoewel die diens wat dit gelewer het met verloop van tyd volgens die eise en behoeftes van Graan SA se lede aangepas is. Die diens is 2003 gestaak nadat die volumes wat daardeur hanteer is, tot onekonomiese lae volumes gedaal het weens die groot aantal privaatmakelaars wat tot die mark toegetree het.

### NAMPO TV

Kort na die deregulering van landboubemarking in 1997 was graanprodusente eensklaps in 'n posisie waar tydige, akkurate en betroubare markinligting van kardinale belang was.

In samewerking met die African Growth Network (AGN) – wat deel uitgemaak het van die DSTV-satellietkottelpakket – het NAMPO met 'n briljante oplossing vir hierdie uitdaging vorendag gekom: 'n Eie TV-kanaal om direk met lede en ander produsente te kommunikeer. Produsente is sodoende in staat gestel om ongeag die geografiese ligging van hul plaas op hoogte te bly van veranderinge in die markplek.

Tydens die eerste uitsending op 9 September 1997 uit 'n ateljee van AGN in Johannesburg, het mnr Japie Grobler, Voorsitter van NAMPO, daarop gewys dat dit van die grootste belang is dat die jongste en varsste inligting aan die produsente van Suid-Afrika op 'n gereelde basis deurgegee moet word. Die Hoofbestuurder, mnr Giel van Zyl, het onder meer gemeld dat dit die beste en maklikste medium is om noodsaaklike inligting vinnig en doeltreffend by produsente uit te bring.

Die program, wat 'n uur/week geduur het en op Dinsdagaande 20:00 uitgesaai is, het die volgende behels:

- Opening met godsdienste (deur 'n predikant uit landbougeledere)
- Landbounuus (voorberei deur NAMPO-personeel)
- Weerprogram



- Wêreldkommoditeitspryse (aangebied deur NAMPO se senior ekonome)
- Paneelbespreking (spesialiste in 'n spesifieke veld as ateljeegaste; geanker deur NAMPO-personeel)
- NAMPO-fokus (aangebied deur dr Kit le Clus en mnr Frans Lubbe met 'n fokus op sake soos invoer- en uitvoerpariteit, rand/dollar-wisselkoers, kontantpryse en Safex-pryse)

Die ingesteldheid wat deurgaans binne NAMPO gegeld het, naamlik as iets aangepak word, word dit gedoen met die doel om dit te laat slaag, het in die geval van die TV-program weer eens gestalte gevind. Hoewel die aanmeekaarsit en suksesvolle bedryf van 'n TV-program nie deel was van NAMPO se kernbesigheid nie, het die impak van nuwe graanbemarkingsomstandighede op sy lede, die organisasie genoop om die gaping te vul.

Die program het uiteindelik in 2002 ten einde geloop, toe Graan SA besluit het dat genoegsame markinligting teen daardie stadium geredelik beskikbaar was en dat 'n webtuiste vir die organisasie dié funksie kan oorneem.

### *Skuldsykkings*

In NAMPO se strewe en visie om produsente van inligting en moontlike oplossings vir probleme in die bedryf te voorsien, het die organisasie ook betrokke geraak by die vind van oplossings vir die skuldprobleem waarin baie produsente hulle na die geweldige droogte van 1982 tot 1984 bevind het.

Dit het begin toe 'n produsent by NAMPO aangeklop het om hom te adviseer oor die geweldige rentelas waaronder hy gebuk gegaan het. Gous het mnr Tiny van Niekerk, 'n personeellid van NAMPO en voormalige ouditeur versoek om die produsent se finansiële state na te gaan vir moontlike foute. Van Niekerk het verskeie afwykings ten opsigte van die produsent se bankrekenings gevind, onder andere, veranderings aan rentekoerse, byvoeging van ongeregverdigde kostes en foutiewe en/of onbillike afronding van syfers. Hy is toe versoek om nog 'n aantal ander produsente se rekenings na te gaan, waar hy dieselfde gevind het.

Na aanleiding daarvan het NAMPO die produsente geadviseer om met die handelsbanke oor 'n skikking van hulle skuld te onderhandel. NAMPO het 'n aantal van die produsente bygestaan met 'n opdrag aan prokureurs om 'n eis teen een van die handelsbanke in te stel vir die verhalings van bedrae wat verkeerdelik teen hulle bankrekenings gevorder is. Hoewel NAMPO nie end-uit by die saak betrokke was nie, het dit daarop uitgeloop dat die betrokke handelsbank 'n groot som geld aan die produsente moes terugbetaal wat onregmatig van hulle gevorder is.

NAMPO het daarna die metode wat gebruik is om die berekenings te maak, aan prokureurs en landboubesighede beskikbaar gestel. Hulle het dit met baie sukses gebruik om vir hulle kliënte en lede skykkings by die handelsbanke te onderhandel en vele produsente is in 'n baie moeilike tyd op hierdie wyse van finansiële ondergang gered.

### *Opleiding vir beginnerboere*

As deel van sy openbare betrekkinge program het NAMPO besluit om opleiding aan beginnerboere moontlik te maak ten einde sy verbintenis aan bevordering van die belange van alle boere te illustreer.

Weer eens was 'n gebrek aan fondse en 'n tekort aan personeel 'n groot struikelblok. Gedagtig daaraan dat baie wit boere in die tydperk direk na die Tweede Wêreldoorlog ook as beginnerboere in sekere skemas gevestig is en baie van hulle groot sukses behaal het, is navorsing gedoen oor die resep wat in daardie tyd gevolg is. Dit het geblyk dat studiegroepe 'n belangrike rol daarin gespeel het.

Die sukses wat met studiegroepe behaal is, was deels te wyte aan die feit dat dit op 'n gedissiplineerde wyse gedoen is. Deelnemers moes as lede van die studiegroepe aansluit en ten einde lid van die studiegroep te bly, was hulle, onder andere, verplig om inligting met ander lede van die studiegroep te deel en aan navorsingsprojekte deel te neem. Lede van die studiegroep het dus waardevolle inligting uitgeruil en is bygestaan met navorsingsinligting en praktiese bystand van landboukundiges, wat 'n belangrike skakel in die proses was.





Die projek is afgeskop met slegs 'n paar studiegroepe en is tot 'n mate teengewerk deur sommige stamhoofde se onwilligheid om kommunale grond vir graanverbouing beskikbaar te stel.

Die doel van hierdie inisiatief was hoofsaaklik om by te dra tot die vestiging van kommersiële swart boere. Verskeie van die projekte het weens 'n kombinasie van 'n gebrek aan fondse, toewyding, belangstelling en/of samewerking nie geslaag nie, maar in ander gevalle is baie sukses behaal.

### *Woongebied te Bothaville*

Voortspruitend uit verskeie verkennende gesprekke en inligtingsvergaderings wat met mnr Derek Hanekom, die Minister van Landbou, gehou is, is 'n vergadering met hom by NAMPO op Bothaville gereël waartydens, onder andere, sy beplanning vir die vestiging van sogenaamde Agri Villages bespreek het. Die vergadering is deur Hoofbestuurslede van NAMPO bygewoon.

Tydens die bespreking is NAMPO se siening oor die haalbaarheid en praktiese uitvoerbaarheid van die konsep in die tradisionele mielieproduserende gebiede bespreek. Verskeie praktiese probleme wat daarmee voorsien is, is uitgewys, waarna 'n versoek tot Hanekom gerig is om in die geval van Bothaville eerder te reël dat woonerwe op Bothaville vir behuisung van swart plaaswerkers beskikbaar gestel word. Die voorstel het behels dat 1 000 erwe vir ontwikkeling beskikbaar gestel word, wat deur produsente vir hulle werkers gekoop kon word. Dit het verder behels dat die erwe op die werkers se name geregistreer sou word, maar dat die Staat die koste vir die bou van huise daarop uit die fondse van die Heropbou- en Ontwikkelingsplan moes finansier.

Hanekom het inderdaad 1 000 erwe in die Naledi woongebied te Bothaville vir dié doel beskikbaar gekry. Die erwe is alles binne 'n baie kort tyd verkoop aan produsente wat dit vir hulle plaaswerkers gekoop het. NAMPO het die beplanning vir die bou van die huise gedoen, maar toe die Regering versoek word om die fondse daarvoor te voorsien, het dit geblyk dat geen begroting van enige aard vir die voorsiening van behuisung aan plaaswerkers beskikbaar was nie.

Uiteindelik het Hanekom die fondse vir bou van die huise uit die begroting van die Departement van Landbou voorsien. Deur hierdie inisiatief van NAMPO is permanente behuisung vir 'n groot groep plaaswerkers in 'n dorp gevestig wat andersins waarskynlik oor die hoof gesien sou word.

Die waarde van hierdie inisiatief word weerspieël in die feit dat oud-President Nelson Mandela persoonlik die amptelike opening van die woongebied waargeneem het.



### *Hoërskool (Sekondêre plaasskool)*

Hoewel 'n groot aantal plaasskole op die platteland bestaan het waar plaaswerkers se kinders onderrig ontvang het, was daar nie een sodanige skool wat onderrig tot matriek (graad 12) aangebied het nie. NAMPO het dit as 'n leemte geïdentifiseer en gesprekke daaroor met die Regering aangeknoop wat daarop uitgeloop het dat goedkeuring vir die vestiging van 'n sekondêre skool by die NAMPO-plaas verkry is. 'n Bedrag van R20 000 is vir die vestiging van die skool bewillig. Dit was totaal onvoldoende en het die bestuur genoop om alternatiewe planne te probeer maak.

Verskeie navrae deur Van Zyl, Hoofbestuurder van NAMPO, het uiteindelik na ESKOM gelei, wat 'n kampongebou, wat hulle nie meer gebruik het nie, aan NAMPO beskikbaar gestel het. Dit was 'n asbesgebou in die Amersfoort-omgewing wat NAMPO daar afgetakel en by die opleidingsentrum op die NAMPO-plaas as skoolgebou opgerig het.

Die skool wat met hierdie inisiatief gevestig is, het baie goed presteer, tot so 'n mate dat selfs kinders vanuit Bothaville later verkies het om daar skool te gaan. In 2001 het dit uitstekend presteer deur elfde in die Vrystaatprovinsie met sy matriekslaagsyfer te eindig.

Die skool het soveel gegroei dat vervoer van die leerlinge na en van die skool metertyd 'n probleem geword het. NAMPO se Bestuur het daarin geslaag om 'n nuwe Mercedes Benz skoolbus deur middel van 'n borgskap te verkry, maar omdat leerlinge uit alle rigtings vervoer moes word, is besluit om die bus vir drie ander busse te ruil ten einde beter in die behoefte te kon voorsien.

Die drie busse was egter in 'n baie swak toestand en NAMPO was genoodsaak om verdere alternatiewe te ondersoek. Kontak is met 'n busdiensmaatskappy, Putco, gemaak met wie onderhandel is om ou busse wat hulle beoog het om as skroot te hanteer, aan die skool te skenk. NAMPO het daardie busse in sleepwaens omskep wat deur trekkers getrek is en sodoende as busvervoer vir die leerlinge kon dien. Die trekkers waarmee die omgeboude rytuie getrek is en die drywers daarvan is deur produsente in die omgewing beskikbaar gestel.


'n Aantal jare na die vestiging van die skool is met die skool gekontrakteer om tydens die NAMPO Oesdag sekere skoonmaak- en ander werk op die oesdagterrein te verrig teen 'n vergoeding wat direk aan die skool betaal is.

### **1989-kongres**

NAMPO se Kongres van 1989 is deur 'n baie ongewone voorval gekenmerk wat 'n groot verandering in die topstrukture van die organisasie tot gevolg gehad het.







Tydens die Kongres het 'n ernstige verskil tussen die Ondervoorsitter, mnr Hennie de Jager, en die Hoofbestuurder, dr Piet Gous, ontstaan. Die presiese aard en besonderhede daarvan is nie bekend nie, maar dit het daartoe gelei dat mnr Boetie Viljoen, wat as Voorsitter van NAMPO ook Voorsitter van die Kongres was, hom bereid verklaar om as Voorsitter te bedank indien De Jager as Ondervoorsitter sou bedank. De Jager het die "uitdaging" aanvaar en hy en Viljoen het daar en dan bedank.

Onmiddellik daarna het dr Gous ook bedank en die Kongres was in 'n konstitusionele krisis gedompel, omdat daar niemand was om die Kongres te lei nie. Aanvanklik het mnr Giel van Zyl, Hoof van Administrasie, die voorsitterstoel ingeneem. As gevolg van besware van 'n lid, mnr Jasper van Zyl, dat 'n amptenaar nie as Voorsitter van die Kongres kon optree nie, het mnr Kobus Jooste, die president van SALU, met goedkeuring van die vergadering die verkiesing van 'n Voorsitter (mnr Cerneels Claassen) en Ondervoorsitter (mnr Jan Schabert) behartig.

Na afloop van die Kongres het dr Le Clus en Van Zyl vir 'n tyd lank gesamentlik die verantwoordelikhede van die Hoofbestuurder op hulle geneem, totdat mnr Danie Schoeman as Hoofbestuurder aangestel is. Laasgenoemde is later in 1992 deur Van Zyl as Hoofbestuurder vervang.

## Mielieraad

NAMPO het vanaf sy stigting tot met die afskaffing van die Mielieraad 'n wesenlike rol in die Mielieraad vervul. Die produsentelede van die Mielieraad, wat die meerderheid in die Raad uitgemaak het, was almal lede van NAMPO se Hoofbestuur. Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Mielieraad was beide ook NAMPO-lede. Meer besonderhede oor die stigting, samestelling, werksaamhede en belangrike gebeurtenisse in die geskiedenis van die Mielieraad word in Hoofstuk 2 van hierdie publikasie weergegee. Die rol wat NAMPO en sy ampsbekleërs in die Mielieraad gespeel het, kom in daardie hoofstuk duidelik na vore.

Wat egter wel hier genoem kan word. Is dat NAMPO se direkte betrokkenheid by die Mielieraad ook 'n nuwe era by die Raad ingelui met 'n groter klem op bemerking en optrede as 'n bemerkingsraad, eerder as 'n beheerraad. Inteendeel, op 23 Junie 1982 het NAMPO tydens 'n spesiale kongres die Regering van die dag se beleid vir 'n vryer ekonomie in beginsel aanvaar. Tydens daardie kongres is die wens uitgespreek dat die mieliebedryf daadwerklik na 'n markverwante ekonomiese bestel sal beweeg.

Tydens NAMPO se derde Jaarkongres, wat in 1983 plaasgevind het, is inderdaad bepleit dat die Mielieraad bemagtig moet word om, as die bemerkingsarm van mielieprodusente, meer outonoom te kan optree.

## Besoek van Mandela en ander Staatshoofde

Reeds sedert ongeveer 1989 het dr Le Clus en Van Zyl gesprekke met hooggeplaastes in die ANC gevoer om hulle te probeer oortuig van die belangrikheid van landbou vir Suid-Afrika. Nadat Mandela uit die gevangenis vrygelaat is, is dit opgevolg deur 'n uitnodiging aan hom om NAMPO te besoek.

Van Zyl het deur middel van mnr Mosiuoa Lekota, 'n senior lid van die ANC en later die eerste Premier van die Vrystaat Provinsie na die verkiesing van 1994, die uitnodiging aan die ANC gerig. Die ANC het die uitnodiging aanvaar en reëlings is getref dat Mandela en ander senior lede van die ANC, waaronder mnre Trevor Manuel en Mosiuoa Lekota, enkele lede van die NAMPO-bestuur by NAMPO Park buite Bothaville sou ontmoet. Die besoek het inderdaad op Sondag, 13 Mei 1992 plaasgevind, waartydens die besoekers onthaal is en NAMPO se verteenwoordigers die geleentheid gebruik het om voort te bou op die gesprekke wat dr Le Clus en ander ampsdraers van NAMPO met die ANC gevoer het.

Die afvaardiging is ingelig oor die stand van die mieliebedryf en die belangrike rol wat dit in die plaaslike ekonomie en veral die voorsiening van stapelvoedsel aan 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, vervul. Die produsente se vrese oor die toekoms is met Mandela gedeel en die kwessie van grondbesit en beskerming van eiendomsreg is met hom bespreek. Laasgenoemde aspek is ook weer by latere geleenthede met Mandela bespreek.









**Video: Mnr Giel van Zyl vertel van pres Mandela se besoek aan die NAMPO Oesdagplaas.**

Mandela het die ANC se beleid duidelik uitgespel en 'n ope uitnodiging aan NAMPO se Bestuur gerig om hom te enige tyd te kontak as dit oor die saak van die boere gaan.

Tydens die besoek en die ete het die gesprek soms 'n minder formele wending geneem en het 'n paar interessanhede na vore gekom. So, byvoorbeeld, het Lekota vertel dat baie van hulle aanhangers geglo het dat die silo's by NAMPO Park vol goud was. Dit is aan hom verduidelik dat die produsente soms na mielies as witgoud (vir witmielies) en geelgoud (vir geelmielies) verwys, maar dat daar beslis nie goud opgeberg is nie. Die NAMPO-verteenwoordigers was ook baie geamuseerd deur 'n vraag van Manuel wat wou weet hoe dikwels mielieplante geplant moet word.

In die tydperk voor die verandering in Suid-Afrika se politieke bestel in 1994 het verskeie Ministers van die Suid-Afrikaanse Regering gesprekke met verteenwoordigers van NAMPO gevoer en besoeke aan NAMPO gebring, veral die Ministers van Landbou van tyd tot tyd. Verskeie ander senior politieke figure en staatshoofde, benewens Mandela, het besoeke aan NAMPO en die NAMPO Oesdag gebring, waaronder Koning Mswati III van Swaziland en 'n aantal van sy ministers.

Nadat mnr Thabo Mbeki as President van Suid-Afrika aangewys is, het mnr Japie Grobler, die Voorsitter van NAMPO, op 'n gereelde basis gesprekke met hom gevoer. By die eerste van daardie gesprekke het Grobler vir Mbeki daarop gewys dat daar geen plan vir landbou in Suid-Afrika was nie en dit dus nie moontlik was om iets te doen rondom die vestiging van swart kommersiële boere in die land nie.


Na aanleiding van daardie gesprek het Mbeki aan me Thoko Didiza, wat as die Minister van Landbou in sy Kabinet aangestel is, opdrag gegee om 'n Landbouplan op te stel. Die Landbouplan, met winsgewendheid, toegang tot landbou en volhoubaarheid as die hoofelemente, is 'n aantal maande later aanvaar.

## NAMPO Oesdag

Die NAMPO Oesdag is 'n groot suksesverhaal wat van SAMPI geërf is en het oor 'n lang tydperk so 'n belangrike bydrae in die graanbedryf, SAMPI, NAMPO en Graan SA gemaak dat dit geregverdig is om 'n hoofstuk spesiaal daarvoor af te sonder. Die ontstaan en ontwikkeling van die NAMPO Oesdag en hoogtepunte in die geskiedenis daarvan, word in Hoofstuk 6 vertel.



**Foto geneem tydens die besoek van pres Nelson Mandela. Van links: mnr Japie Grobler, Trevor Manuel, die vlieënier wat mnr Mandela na NAMPO Park gebring het, 'n onbekende persoon (heel moontlik 'n lyfwag), Boetie Viljoen (Voorsitter van NAMPO op daardie stadium), Johan Hoffman, Nelson Mandela, Cerneels Claassen, Bully Botma, Mosiuoa Lekota, Giel van Zyl en dr Kit le Clus.**



Mnr Mandela se boodskap in die NAMPO Park besoekersboek.

OMDAT DIT ONSEKER WAS OOR WAT DIE PRODUSENTE SE REAKSIE OP DIE BESOEK DEUR DIE ANC SOU WEES, MOES DIT ONDER GROOT GEHEIMHOUDING PLAASVIND EN IS BESONDERE AANDAG AAN SEKURITEITSMATREËLS GEGEE. ONDER ANDERE, IS TOEGANG BY DIE VERGADERPLEK STRENG BEHEER EN IS 'N VEILIGHEIDSNETWERK RONDOM DIE TERREIN GETREK. DAAR IS OOK GEREËL DAT DIE BESOEKERS SE VLIEGTUIG OM 09:00 SOU LAND OM SAAM TE VAL MET DIE TYD VAN DIE MEESTE KERKDIENTE OP BOTHAVILLE EN SODOENDE DIE MINSTE MOONTLIKE AANDAG TE TREK.

## NASIONALE OLIE EN PROTEÏENSADE PRODUSENTE-ORGANISASIE (NOPO)

### 1994: Versoeke vir spesialisbediening

Tot en met 31 Desember 1994 is oliesadeprodusente in Suid-Afrika op provinsiale vlak deur die Oliesadekomitees van die Noord-Kaaplandse-, Vrystaatse, Natalse en Transvaalse Landbou-unies bedien.

Die Nasionale Oliesadekomitee van SALU het gemeenskaplike sake rakende oliesade wat deur die provinsiale Komitees verwys is, hanteer. Dié Komitee het wel verkose produsente-verteenwoordigers vanuit die onderskeie Provinsiale Oliesadekomitees ingesluit, maar verteenwoordigers van ander belangegroepes het ook in die Nasionale Komitee gedien.

Met verloop van tyd het oliesadeprodusente egter die behoefte uitgespreek vir spesialisbediening deur 'n nasionale bedryfsorganisasie.


### NOPO as nasionale bedryfsorganisasie

Tydens 'n vergadering van die Nasionale Oliesadekomitee op 7 Oktober 1994 is besluit om die Nasionale Oliesadeprodusente-organisasie (NOPO) vanaf 1 Januarie 1995 as 'n Nasionale Bedryfsorganisasie te vestig.



Mnr Gert Pretorius, Voorsitter van NOPO, 1999.





Die beginsel is aanvaar dat NOPO outonoom ten opsigte van alle oliesadebedryfs-aangeleenthede sou wees, maar dat algemene sake byvoorbeeld paaie en infrastruktuur na SALU verwys word.

Kennis is gegee dat die stigtingskongres van NOPO op 16 Februarie 1995 by die LNR se Instituut vir Graangewasse, te Potchefstroom sal plaasvind.

NOPO het na die stigting van die organisasie by SALU geaffilieer.

Die Nasionale Oliesadekomitee het op 7 Oktober 1994 ook besluit dat die beginsel van produksieverteenwoordiging aanvaar word vir die samestelling van beide die Hoofbestuur en Kongres.

Die nuutgestigte NOPO se kantoor is in 1995 te Pretoria gevestig en mnr Nico Vermaak is as die eerste bestuurder aangestel.

In die tydgleuf waartydens NOPO gestig is, was die oliesadebedryf deur wesentliche veranderinge in die gesig gestaar, insluitend:

- 'n Nuwe staatkundige bedeling wat na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 tot stand gekom het.
- Die eerste stappe vir die deregulering van die oliesadebedryf was in proses.
- Die finalisering van die AOTH-ooreenkoms, waardeur internasionale handel en invoere van oliesade na Suid-Afrika op 'n nuwe basis sou plaasvind.

Die wysiging van die bestaande Bemarkingskema vir sonneblom, sojabone en grondbone, sou die sentrale tema van die Kongres in 1995 wees.

## **Eerste Dagbestuursvergadering**

Die eerste Dagbestuursvergadering het op 10 Januarie 1995 plaasgevind. Die volgende persone was teenwoordig:

- Gert Pretorius (Voorsitter)
- Japie Grobler (Ondervoorsitter)



- Jan Theron (Lid van Dagbestuur vir grondbone)
- Japie Middel (Lid van Dagbestuur vir sojabone)
- Faan Malherbe (Lid van Dagbestuur vir sonneblom)

Die primêre fokus van hierdie Dagbestuursvergadering was om die reëlins vir die kongres wat op 16 Februarie 1995 in die Alex Holm-saal van die LNR se Instituut vir Graangewasse te Potchefstroom sou plaasvind, te finaliseer.

### **Eerste kongres: 1995**

Die eerste taak van die Kongres was om die Reglement vir NOPO as nasionale bedryfsorganisasie goed te keur. Daarna kon die Kongres konstitueer en voortgaan met sy werksaamhede en besluitneming. Ingevolge die Reglement het die Hoofbestuur uit 15 lede bestaan, naamlik die Voorsitter, Ondervoorsitter en 13 lede wat op 'n streeksgrondslag op produksiebasis verkies is.

Benewens die bespreking van gemeenskaplike bedryfsaangeleenthede, is versoek dat wegbreekgroepe tydens die kongres aangebied word vir sojabone, sonneblom en grondbone, om ook bedryfspesifieke sake te hanteer. Dit het 'n staande werkswyse by daaropvolgende NOPO-kongresse geword.

'n Pluimpie, was dat 146 uit 150 afgevaardigdes vir Kongres registreer het. Daaruit het dit duidelik geblyk dat voldoende steun vir NOPO as organisasie bestaan het.

Mnr Attie Swart, Hoofdirekteur Bemaking van die Nasionale Departement van Landbou, het as openingspreker by die Kongres opgetree.

### ***Besprekingspunte***

Die Kongres het onder andere besluit dat die bemakingskemas vir sojabone, sonneblom en grondbone gewysig moet word. Daar is besluit dat vir sonneblom en sojabone 'n surplusverwyderingskema, vanaf die 1996/1997-seisoen, deur die Oliesaderaad geadministreer moet word. Vir grondbone is besluit dat 'n surplusverwyderingstelsel (en vrywillige poele) met 'n eenkanaaluitvoerstelsel, deur die Raad bestuur moet word.





Die wysiging van die grondboneskema het gelei tot 'n skerp afname van grondboonleweringe aan die Oliesaderaad, aangesien produsente nuwe markgeleenthede ontwikkel het.

Die Kongres het versoek dat die Raad as gemagtigde verteenwoordiger (Wet op Landbouproduktstandaarde) voortgaan met inspeksies en die uitreik van sertifikate. Verder is versoek dat die Raad voortgaan om analitiese laboratorium dienste aan die bedryf te bied.

### **Lidmaatskapsbasis**

Tydens die Kongres is goedkeuring verleen dat 'n ledewerwingsaksie geloods word, ten einde NOPO as 'n verteenwoordigende produsente-organisasie te vestig. 'n Lidmaatskapfooi van R50, wat jaarliks hersien sou word, is vir die eerste jaar ingestel en daar is besluit dat slegs lede wie se lidmaatskapsfooie opbetaald was, NOPO se kongresse kon bywoon.

### **Nuwe Dagbestuur**

Tydens Kongres is die volgende persone tot die NOPO Dagbestuur verkies:

- Mnr Gert Pretorius (Voorsitter)
- Mnr Martiens Prinsloo (Ondervoorsitter)
- Mnr Jan Theron (Voorsitter van die Grondbonebedryf)
- Mnr Japie Middel (Voorsitter van die Sojaboonbedryf)
- Mnr Lourie Bosman (Voorsitter van die Sonneblombedryf)

Die Voorsitter en Visevoorsitter is deur die Kongres verkies, en die Bedryfsvoorsitters tydens die onderskeie wegbreekessies vir grondbone, sonneblom en sojabone.

### **Strategiese fokusareas**


Die nuutverkeuse Dagbestuur het na die Kongres op 13 en 14 Maart 1995 byeengekom om te besin oor die strategiese fokusareas vir NOPO.

Hiertydens is ooreengekom op die waardes, oorhoofse doelwitte en bedryfsfokus wat in 'n strategiese plan vir die organisasie omskryf is. As vertrekpunt het gedien dat NOPO as organisasie hom sou beywer om die ekonomiese lewensruimte van oliesade produsente te verbreed.

Die missie van Graan SA is omskryf soos volg: "Om as behoeftegedrewe eenheidsfront die belange van produsentelede te bevorder". Kollektiewe bedinging namens oliesadeprodusente sou gerig word deur organisatoriese, produksie- en bemarkingsaangeleenthede. Die doel was om NOPO as mondstuk van die oliesadeprodusente te vestig. Die strategiese plan en fokusareas is op 20 April 1995 eenparig deur die Hoofbestuur aanvaar. Die Hoofbestuur het ook tydens daardie vergadering besluit dat die naam van die organisasie verander word na: "*Nasionale Olie- en Proteïensade Produsente-organisasie van Suid-Afrika*". In die omgangstaal sou die organisasie egter steeds as NOPO bekendstaan.

Die Hoofbestuur het verder besluit dat die volgende Bedryfskomitees vir die bestuur van die strategiese fokusareas ingestel word: Navorsingsprioriteitskomitee, Kultivar Evalueringskomitee, Tariewekomitee, Komitee vir Kwaliteitstandaarde en 'n Reëlingskomitee vir Inligtingsdae.

In totaal is nege produksiestreke geïdentifiseer en is daar in samewerking met die onderskeie Hoofbestuurslede, Gebiedsbesture vir elke streek geaktiveer. Die prioriteitstaak vir die Gebiedsbesture was om op grondvlak lede te werf. Die taak is egter bemoeilik, nadat veral grondboonprodusente hul produk deur private kopers verhandel het en hul besonderhede dus nie in die Raad se databasis beskikbaar was nie. Lidmaatskap by NOPO was 'n vrywillige handeling waardeur produsente skriftelik ingestem het tot lidmaatskap. Lede fooie het R50 beloop en was die doel nie primêr om fondse in te samel nie, maar om 'n legitieme ledebasis te vestig. Die werwingsaksie het ook 'n finansiële voordeel aan Gebiedsbesture ingehou, aangesien 'n gedeelte van ledegelde uit die streek, aan die betrokke Gebiedsbestuur terug betaal is.







## Skakeling met kanolaproducente

Kanolaproduksie was in 1995 beperk tot die Suid- en Weskaap, maar is verskeie probleme in die produksie- en bemarkingsproses ondervind. Gedurende Junie 1995 het 'n afvaardiging van NOPO met produsente van daardie gebiede geskakel oor die lewensvatbaarheid van die kanolabedryf in Suid-Afrika. NOPO het 'n uitnodiging aan kanolaproducente gerig om by NOPO as bedryfsorganisasie in te skakel. Die kanolaproducente het egter besluit om nie op daardie stadium formeel by NOPO in te skakel nie.

NOPO het egter in samewerking met kanolaproducente in die Suid/Wes-Kaap asook 'n saadmaatskappy wat kultivarproewe met kanola onderneem het, besluit om 'n Skakelkomitee te aktiveer. Die eerste vergadering van hierdie Skakelkomitee het op 23 Januarie 1996 plaasgevind en is werksaamhede spoedig uitgebrei, met betrokkenheid van produsente, landboubesighede, die veevoerbedryf, oliepersers en die Proteïen Navorsingstrust.

## Tariewekomitee

Die Tariewekomitee het vir die eerste keer op 5 Julie 1995 byeengekom. Die Komitee het bestaan uit verteenwoordigers van NOPO, die Oliesaderaad, Die Edible Nut Processors Association, SA Peanut Company, Groundnut International, AFMA asook die Oil Expressors Association.

Die Tariewekomitee het konsensus oor tariewe op die invoere van sekere oliesade- en produkte verkry en is 'n aansoek by die Raad op Tariewe en Handel ingedien, waarna tariewe in November 1995 goedgekeur is.

Internasionale mededinging was 'n nuwe realiteit vir produsente. Tariewe was 'n belangrike instrument om die plaaslike bedryf te beskerm, aangesien anders as in die tyd van beheerde bemarking, vraag en aanbod, vervoerkoste en pryse van ingevoerde produkte, 'n groot impak op plaaslike pryse sou hê.

Dit het weldra geblyk dat hoewel 'n mate van konsensus binne die Tariewekomitee tussen die rolspelers oor die metodiek van die berekening van tariewe bestaan het, die lang tydsverloop vir die aanpassing van 'n tarief, sake bemoelik het.

## Riglyne vir die aangaan van graankontrakte

In 'n toenemende gedereguleerde markomgewing, het onsekerheid by baie produsente geheers oor die betekenis van sekere terme in graankontrakte. NOPO



Kyk behoorlik na die fynskrif...NOPO het produsente riglyne gegee oor hoe om slaggate in kontrakte te vermy. NOPO Nuus, 1997.





het in oorleg met sy regsverteenwoordigers riglyne aan produsente beskikbaar gestel van aspekte wat in ag geneem behoort te word wanneer graankontrakte gesluit word.

### **Navorsingsprioriteitskomitee**

Die Komitee het die eerste keer op 12 Oktober 1995 vergader, waartydens die LNR se Sentrum vir Olie- en Proteïensade (LNR-OPS), die Komitee ingelig het van bestaande en nuwe projekte. 'n Volledige begroting en koste strukture vir projekte is voorgelê. Die NOPO Hoofbestuur het hierdie geleentheid ook gebruik om navorsingsbehoefte aan die LNR deur te gee. Voortspruitend hieruit, is besluit dat terugvoer oor navorsingsprojekte jaarliks tydens Kongres aan die onderskeie wegbreekgroepe gebied sou word.

### **Profielstudie: Behoeftes van oliesadeprodusente en langtermyn volhoubaarheid van die oliesadebedryf**

Die Hoofbestuur het goedkeuring verleen dat NOPO in samewerking met die Universiteit van Pretoria se Skool vir Ekonomiese Bestuurswetenskappe 'n makro-ekonomiese studie oor die langtermynvolhoubaarheid van die oliesadebedryf onderneem.

Die doel van hierdie navorsing was om deur middel van die primêre en sekondêre inligtingsbronne 'n statistiese profiel van die oliesadebedryf te verkry. Hierdie data is gebruik om die belang van die bedryf in die algemene ekonomie, insluitend skakeleffekte, te evalueer en om die impak van beleidsveranderinge op die bedryf in 'n strategiese toekomsvisie te verreken.

'n Vraelys is ook as deel van die projek, as profielstudie aan 9 600 produsente versprei. Die doel van die vraelys was om behoeftes en verwagtinge van oliesadeprodusente te identifiseer, sodat dit besluitneming oor strategiese fokusareas vir NOPO kon ondersteun.

Die eerste konsep verslag is beskikbaar gestel op 31 Desember 1995 waarna die resultate van die ondersoek tydens die 1996 Kongres bekend gemaak is.

### **Hoofbestuursbeplanning 1995**

'n Beplanningssessie vir die NOPO Hoofbestuur is in Oktober 1995 aangebied. Die geleentheid is ook benut om verhoudinge met rolspelers in die bedryf te vestig en sake wat in die kort tot medium termyn hanteer moes word, te evalueer. Die nuwe Bemerkingswet was van groot belang vir produsente en is versoek dat meerdere inligting bekom moes word oor die impak van deregulering, die eiendomsreg van reserwefondse en bates wat deur die Oliesaderaad namens die bedryf bestuur, is en moontlike statutêre maatreëls.

'n Verkennende gesprek het op 21 November 1995 tussen die NOPO Dagbestuur en die Uitvoerende Komitee van die Oliesaderaad plaasgevind. Tydens hierdie gesprek is die beginsel getoets dat reserwes en bates van die Raad deur 'n Trust verskans word, vir die befondsing van aksies in belang van die oliesadebedryf.


Die Hoofbestuursbeplanning is ook benut om te besin oor handelsooreenkomste en 'n tariefbeleid om plaaslike produsente teen gesubsidieerde produkte te beskerm. Laastens is gefokus op tantieme uit navorsing om navorsingsprojekte te ondersteun.

### **NOPO Inligtingsdae**

Vir die bekendstelling van NOPO aan oliesadeprodusente, is Gebiedsbestuursvergaderings gedurende 1995 met inligtingsdae gekombineer. Organisasoriese aangeleenthede, asook die nuutste tegnologie, navorsingsresultate en markinligting is aan produsente deurgegee. Die inligtingsdae is in noue samewerking met die navorsingspan van die LNR-OPS en die onderskeie landboubesighede aangebied.

### **NOPO-logo**

Die Hoofbestuur het die Nasionale Oliesadekomitee se logo in 1995 met 'n eie logo vir NOPO vervang.



NOPO se eie logo wat sedert 1995 gebruik is. Die oliedruppel het die gemeenskaplike faktor (olie) wat oliesade in gemeen het, gesimboliseer.

## 1996: Bemerkingswet en deregulering

Die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996) is in die tweede semester van 1996 deur die Parlement goedgekeur, vir inwerkingtreding op 1 Januarie 1997.

NOPO het in die aanloop tot die inwerkingtreding van die nuwe Bemerkingswet gedurende 1996, gesprekke met verskeie beleidmakers gevoer, ten einde hulle eerstehands oor die aktiwiteite van NOPO in te lig. Dit het ingesluit gesprekke met die uittredende Minister van Landbou, dr Kraai van Niekerk, die Voorsitter van die Portefeuljekomitee van Landbou, Me Janet Love, die Voorsitter van die Senaatskomitee, dr Sam Motsonjane, die leier van die PAC, mnr Clarence Makwetu, die Landbouwoordvoerder van die Nasionale Party, dr EA Schoeman en mnr Brendon Bailey van die LAPC (adviseur van die nuwe Minister van Landbou en Grondsake, mnr Derek Hanekom). Gesprekke is ook met AFMA en die Oliepersersvereniging oor die dereguleringsproses gevoer.

Die nuwe Wet op die Bemaking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996), het bepaal dat statutêre Beheerrade moes uitfaseer. Dit het verder bepaal dat die bedryf 'n besigheidsplan aan die Minister en Bemerkingsraad moes voorlê met aanbevelings oor die wyse waarop die betrokke Raad se afsluiting van werksaamhede bestuur sou word. Versoeke vir statutêre maatreëls moes ook in die besigheidsplan gemotiveer word. Voorstelle vir die herstrukturering van die Raad se funksies moes met konsensus aanbevelings deur die bedryf gesteun word.

Hanekom, die nuwe Minister van Landbou en Grondsake, het aangekondig dat die nuwe Nasionale Bemerkingsraad op 6 Januarie 1997 vir die eerste keer sou vergader. Dit het impliseer dat die besigheidsplan vir die oliesadebedryf in die eerste week van Februarie 1997 aan die Bemerkingsraad voorgelê moes word.

Dit was dan ook die einde van 'n era waar produsente met 'n gewaarborgde meerderheidstem in die onderskeie Rade, bedryfsbesluite kon rig, aangesien die proses van deregulering deur konsensus besluite hanteer moes word.

### Aktivering van die Oliesade Werkgroep (September 1996)

NOPO het, nadat dit duidelik was dat die Oliesaderaad moes uitfaseer, versoek dat 'n Oliesade Werkgroep vir die bedryf saamgestel word. Die doel van die Werkgroep was om te dien as forum waar rolspelers kon besin oor bedryfsfunksies en die besigheidsplan wat vir die Minister voorberei moes word. Die aanbevelings van die Oliesade Werkgroep sou uiteindelik as basis dien vir die besigheidsplan vir die deregulering van die bedryf.

Die Oliesade Werkgroep het vir die eerste keer op 23 September 1996 byeengekom en het bestaan uit verteenwoordigers van NOPO, die Oliepersersvereniging, AFMA, die Grondboneforum (toe reeds gestig) en die Oliesaderaad. Die gesprek is binne 'n raamwerk hanteer, van die praktiese implikasies van die Bemerkingswet vir die bedryf, die identifisering van funksies van die Raad wat na deregulering binne die bedryf voortgesit kon word, die tydskaal waarin die nuwe strukture geaktiveer moes word en die befondsing van die nuwe strukture. Die Raad is versoek om 'n lewensvatbaarheidstudie van aanbevelings voor te berei teen 30 November 1996, waarna die Werkgroep weer op 3 Desember 1996 byeengekom het om die aanbevelings te bespreek.

### Vorbereiding vir die vestiging van die Oliesadetrust

Tydens die 1996 NOPO-kongres is 'n mandaat aan die Hoofbestuur verleen om voort te gaan met 'n ondersoek vir die aktivering van 'n Oliesade Ontwikkelings-trust wanneer die Oliesaderaad uitfaseer.

Samesprekings daarvoor is met die Minister van Landbou, mnr Kraai van Niekerk gevoer, wat aanbeveel het dat alle belangegroepes in die bedryf in die dereguleringsproses geken word en het hy ook praktiese riglyne daarvoor met NOPO bespreek.

Die NOPO regsverteenvoerders het aanbevelings vir 'n konsep trustakte voorberei. Hierdie voorstelle is aan die Oliesade Werkgroep deurgegee. Daar is onder







'n Gesamentlike besoek aan die Minister van Landbou, mnr Greyling Wentzel, was inderwaarheid geskiedkundig, aangesien dit die eerste keer was wat die drie graanbedrywe saam uit een mond gepraat het. Minister Wentzel het dit bestempel as die mooiste dag van sy lewe. Van links: mnr Japie Neethling (Wintergraan), Cerneels Claassen (NAMPO) en Johan Roux (Sorghum).

andere versoek dat NOPO as een van die stigterslede in die Trust omskryf word en dat 'n donasie van R100 aangeteken word as deel van die aanvanklike trustkapitaal.

### **Stigting van Grondboneforum**

Die eerste vergadering van die Grondboneforum het plaasgevind op 8 Mei 1996. Die doel van die forum was om as binne die grondbonewaardeketting, sake van gemeenskaplike belang te hanteer.

NOPO het aanbeveel dat 'n soortgelyke Forum vir sonneblom en sojabone gevestig word.

### **Strategiese aksies om aan te pas by nuwe beleidsomgewing**

#### ***Kongresbesluite oor die Bemerkingskemas: 1996***

Die 1996 Kongres het (ten spyte van die voorgenome deregulering van die bedryf), versoek dat die Oliesaderaad maatreëls sal tref om maontlike surplusse van oliesade wat in Suid-Afrika geproduseer word, te hanteer. Hierdie besluit is gemotiveer deur die moontlikheid dat 'n surplus vir sonneblom, gedurende die 1996/1997-seisoen kon realiseer. Die Kongres het verder besluit dat die eenkanaal uitvoerskema vir grondbone, behou moet word.

Uit hierdie besluite kan die afleiding gemaak word dat oliesadeprodusente nog nie die impak van die nuwe Bemerkingswet en deregulering ten volle aanvaar het nie.

#### ***Kommersiële Graanprodusente-organisasie***

Die Suid-Wes Gebiedsbestuur van NOPO het aanbeveel dat 'n model ondersoek word vir 'n Kommersiële Graanprodusente-organisasie. Die doel van so 'n organisasie sou wees om ondersteuningsdienste aan oliesade-, mielie-, sorghum- en wintergraanprodusente op 'n koste-effektiewe basis te lewer, deur die samevoeging van die bestaande bedryfsorganisasies. Martiens Prinsloo, namens die Suid-Wes Gebiedsbestuur het hierdie voorstel tydens 'n NOPO Hoofbestuursvergadering op 28 Mei 1996 bespreek. Dit was die eerste stap vir NOPO, in 'n proses van nuwer samewerking tussen bestaande bedryfsorganisasies in die graanbedryf.

#### ***Markinligting in 'n vryemarkomgewing: NOPO Markinfodiens***

Gegewe dat die nuwe Bemerkingswet bepaal het dat die Oliesaderaad moes uitfaas, het NOPO se Hoofbestuur besluit dat 'n eie kapasiteit ontwikkel moes word om marktendense te vertolk en dit aan produsente beskikbaar te stel. Die resultate





van die vroeboog aan produsente, wat in oorleg met die Universiteit van Pretoria uitgestuur is, het ook die behoefte vir 'n onafhanklike inligtingsdiens bevestig.

'n Ooreenkoms is met Agrimark Tendense (Dr Johan Willemse en Ernst Janovsky) aangegaan om 'n unieke en toeganklike markinligtingsdiens vir oliesadeprodusente te ontwikkel. Die diens het weeklikse en maandelikse verslae oor die sonneblom-, sojaboon- en grondboonmark ingesluit, met ontledings van internasionale markfaktore sowel as die Suid-Afrikaanse marktoestande, oesskattings en ander faktore wat die plaaslike mark kon beïnvloed

Wat die markinligtingsdiens uniek vir die tyd gemaak het, was dat dit 24 uur/dag en sewe dae/week deur 'n outomatiese faksdiens sowel as 'n Internetskakel) beskikbaar was. Produsente kon dus ook na ure toegang tot 'n objektiewe en onafhanklike markinligtingsdiens verkry.

Die NOPO-markinligtingsdiens was met die uitfasering van die Oliesaderaad ook as 'n inligtingsdiens vir alle bedryfsrolspelers beskikbaar. Daar was egter nie voldoende steun uit die Oliesade Werkgroep om die projek as 'n "projek in belang van die breë bedryf" in stand te hou nie en moes die diens gestaak word. Die Oliesade Advieskomitee het wel goedkeuring verleen dat 'n maandelikse oliesade markoorsig in "*NOPO Nuus*" en later die "*SA Graan/Grain*" tydskrif gepubliseer word.

NOPO het ook op 'n ad hoc-basis van die dienste van dr Andre Jooste, destyds van die Universiteit van Pretoria, gebruik gemaak vir ekonomiese ontledings.

Na die samesmelting van NAMPO en NOPO se tydskrifte in 1999 het dr Johan Willemse voortgegaan om 'n maandelikse "oliesade oorsig" aan te bied, waardeur plaaslike en internasionale marktendense ontleed is. Die Oliesadetrust het die maandelikse artikel as een van die eerste projekte in belang van die breë bedryf goedgekeur.

Die markoorsig-artikel is in Maart 2014, na 15 jaar, as projek van die Oliesadetrust afgesluit. Dr Willemse was die Outeur van 1999-2012, en dr Dirk Strydom vanaf 2012 - 2014. (Dr Strydom het vanaf 2016 diens by Graan SA as Bestuurder: Graan-ekonomie en Bemaking aanvaar).

### ***Kommunikasiestrategie: NOPO Nuus-tydskrif***

Tydens 'n Hoofbestuursvergadering op 28 Mei 1996 is 'n kommunikasiestrategie vir NOPO goedgekeur. Dit het ingesluit dat 'n nuwe tydskrif, "*NOPO Nuus*", bekendgestel word, wat aanvanklik tweemaandeliks uitgereik is.

Mnr Johann van Zyl van Randcom is op kontrak as redakteur aangestel en me Jana Greenall as advertensiewerwer.

Die eerste uitgawe van *NOPO Nuus* is in Julie 1996 gepubliseer met 'n oplaag van 5 900 tydskrifte. Dit is versprei aan oliesadeprodusente, insetverskaffers, politieke meningsvormings, opleidingsinstansies en bemarkingsagentskappe. Die tydskrif is in Augustus 1996 met 'n spesiale funksie by Loftus Versveld in Pretoria bekendgestel, en is die geleentheid deur meer as 140 gaste en landboukrywers bygewoon.

NOPO Nuus het in sy eerste bestaansjaar gegroei tot 'n trotse produk waardeur oliesadeprodusente en alle ander belanghebbendes in die bedryf op 'n gereelde basis ingelig is van die nuutste marktendense, tegnologie, inligtingsdae, navorsingsresultate en aktuele gebeure in die bedryf.

Die tydskrif is op 'n streng sakegrondslag bestuur, deurdat die advertensie-inkomste die verspreiding en drukkoste van die blad goedgemaak het. Die sirkulasielys van die tydskrif het mettertyd tot 7 200 gegroei.

### ***NOPO-feiteblad***

Gedurende 1997 het die Hoofbestuur besluit om 'n feiteblad oor die werksaamhede van NOPO, sowel as 'n uiteensetting van die wyse waarop ledegelde betaal kon word, saam te stel. Die feiteblad is so wyd as moontlik aan alle Hoofbestuurslede, Provinsiale Landbou-unies en koöperasies versprei ten einde die ledewerwingsaksie van NOPO te ondersteun.





...om produsente se belange teen internasionale aanslae te beskerm. NOPO Nuus, 1997.

### **Mediaskakeling**

NOPO het ook vanaf 1997 deur beide die elektroniese- en gedrukte media met oliesadeprodusente geskakel. Persversklarings oor mark- en prystendense, sowel as belangrike gebeure in die bedryf, is op 'n gereelde basis aan 'n medianetwerk verskaf. Joel Kotze van die Landboukrywers het ook 'n mediatoer vir NOPO gereël.

### **Produksie- en Bemerkingsaangeleenthede: 1996**

#### **Navorsing**

NOPO se siening was dat sonder nuwe navorsing en tegnologie Suid-Afrikaanse oliesadeprodusente nie in staat sou wees om in die vinnig veranderende internasionale wêreldmarkte mee te ding nie. Gevolglik is besluit om die Navorsingskomitee van NOPO se Hoofbestuur meer inklusief vir bedryfsrolspelers te maak deur ander rolspelers in die bedryf daarby te betrek. Dit het nuwe geleenthede vir die beplanning en prioritisering van navorsingsprojekte geskep wat die breë bedryf tot voordeel sou wees.

#### **Grondbonesaadskema**

Die Wet of Planttelersregte het beskerming aan saadkwekers, handelaars en produsente betrokke by saadvermeerdering gebied. Na die deregulering van die grondbonebedryf is verskeie knelpunte geïdentifiseer, insluitend monsterneming, verkope buite goedgekeurde kanale, ongesertifiseerde saad, terughouding van saad en 'n lang tydsverloop voordat saad uit teelprogramme beskikbaar gestel kon word.

Verskeie gesprekke is met rolspelers gevoer met die versoek dat die integriteit van die grondbone saadskema binne 'n vryemark, in stand gehou word. Die praktyk het egter geleer dat 'n eenvoudige oplossing nie moontlik was nie.

#### **Bevordering van sojaboonproduksie: PNT**

'n Sojabone Werkgroep is deur die Proteïen Navorsingstrust (PNT) gestig met die doel om sojaboonproduksie in Suid-Afrika te bevorder. Die PNT (later bekend as die Proteïen Navorsingstigting (PNS)) het 'n Super Soja-kompetisie in KwaZulu-Natal geloods, wat na Mpumalanga en die Noordwes Provinsie uitgebrei is. Die doel van die kompetisie was om produsente deur middel van studiegroepe saam te bind en sodoende die nuutste tegnologie vir winsgewende produksie bekend te stel.

Die Super Soja-kompetisie het daartoe bygedra dat die opbrengs per hektaar, sowel as die proteïen inhoud van sojabone drasties verbeter het.

### ***Tariefbeleid vir invoere***

Die aanvanklike konsensus in die bedryf oor die wyse waarop tariewe op invoere bestuur moes word, het spoedig vervaag. In 'n vryemark was dit 'n natuurlike verloop dat produsente sou poog om die plaaslike mark teen invoere van gesubsidieerde produkte te beskerm, terwyl kopers en verwerkers internasionale geleenthede wou benut.

Op 11 Maart 1996 het 'n gesprek tussen verteenwoordigers van die Raad op Tariewe en Handel, AFMA, die Oliepersersvereniging, die Oliesaderaad en NOPO plaasgevind. Tydens hierdie vergadering was dit duidelik dat NOPO en die ander rolspelers drasties van mekaar verskil het oor die Tariefbeleid wat toegepas behoort te word. NOPO se voorstelle het ingesluit dat tariewe outomaties aangepas sou word wanneer internasionale prystendense sekere vlakke bereik. AFMA en die Oliepersers het egter versoek dat 'n aanpassing aan bestaande tariewe onderhandel behoort te word, slegs wanneer 'n "major change" in wêreldmarkte realiseer het. 'n Kompromie is bereik nadat die rand dollar wisselkoers in 1996 drasties verswak het en die koste implikasies vir invoere verander het. Die Tariewekomitee het wel by die Raad of Tariewe en Handel aanbeveel dat plantaardige olie ingevoer kan word teen 'n nultarief, en alle oliekoek teen 'n tarief van 6,6%.

### ***Etiese kode vir 'n gedereguleerde mark***

Met die deregulering van die graanbedryf, het kopers en verkopers van graan en oliesade groot verliese as gevolg van kontrakbreuk gely. Van die produsente het na die seisoen gespot met die uitdrukking: "Ek het 'n goeie prys gekry, ek het net nie my geld gekry nie".

Verteenwoordigers van die koöperasiewese, graanhandelaars, vervoerbedryf en verskeie finansiële instellings het op 17 Julie 1996 vergader om oplossings daarvoor te probeer vind. Daar is besluit dat 'n etiese kode vir graanverhandeling ontwikkel en bekendgestel sou word. NOPO het ook praktiese riglyne vir die aangaan van graanverhandelingskontrakte aan produsente in NOPO Nuus gepubliseer.

### **NAMPO Insetkomitee**

NOPO het reeds in 1996 'n beginselbesluit geneem om by NAMPO se Insetkomitee in te skakel, aangesien insette 'n ewewigtige impak op alle graanprodusente het. Deelname aan NAMPO se Insetkomitee het reeds op 'n vroeë stadium samewerking tussen NOPO en NAMPO bevorder.





## Sonneblomsaad word uitgevoer

Die uitvoer van 100 000 ton sonneblomsaad is in die eerste semester van 1996 goedgekeur. Dit was die eerste geleentheid sedert die vroeë tagtiger jare, dat sonneblom uit Suid-Afrika verkeer is. Die uitvoer van sonneblom is as gevolg van die massa volume verhouding as oonekonomies beskou, maar het die skerp daling van die rand/dollar-wisselkoers met 'n sterk vraag in Europa, die uitvoer van sonneblom winsgewend gemaak.

## Implementering van die Wet op Bemaking van Landbouprodukte: 1997

Gedurende 1996 het die Nasionale Party uit die regering vir Nasionale Eenheid onttrek en het die destydse Minister van Landbou, dr Al van Niekerk, sy pos ont-rui. Die Regerende Party (ANC) het besluit om Minister Hanekom as die nuwe Minister van Landbou en Grondsake aan te stel. Een van die eerste prioriteite van die nuwe Minister was om die Wet of Bemaking van Landbouprodukte (Wet 47 van 1996) te finaliseer.

Die dereguleringsproses van die oliesadebedryf is gedurende 1997 afgehandel met die uitfasering van die Oliesaderaad op 30 September 1997. Dit is voorafgegaan deur uitgebreide onderhandelinge tussen rolspelers in die bedryf, ter voorbereiding van die besigheidsplan vir die oliesadebedryf wat vir goedkeuring aan die Minister van Landbou voorgelê moes word.

Die nuwe wetgewing het nie slegs nuwe reëls vir die bemaking van landbouprodukte daargestel nie, maar dit was ook die einde van 'n era waar produsente deur hulle betrokkenheid in die onderskeie beheerrade beleidsbesluite kon rig.

In terme van die Wet, moes alle bates en reserwes van die Oliesaderaad aan die stigte Oliesadetrust oorgedra word. Uit 'n produsenteperspektief was die ervaring dat bates en reserwes wat deur statutêre heffings van produsente gevorder is, in effek deur die nuwe Bemakingswet van produsente vervreem is. Produsente sou in die toekoms slegs een van vele "geaffekteerde groepe" wees wanneer binne die bedryfstrukture oor die aanwending van hierdie fondse besluit sou word. Die Bemakingswet het dus ook 'n einde gemaak aan die vermoë van bedryfsorganisasies om hulself deur statutêre heffings te befonds.

NOPO het in Maart 1997 verkennende gesprekke met beide NAMPO asook die DPO (Droëbone Produsente-organisasie) gevoer oor moontlike samewerkings-ooreenkomste. Uiteindelik sou die NOPO leierskap besluit het dat daar meer sake in gemeen was met NAMPO as die DPO. Gesprekke het gevorder van 'n debat oor samewerking, tot samesmelting tussen NOPO en NAMPO.

## Herstrukturering van die Oliesadebedryf

In terme van die besigheidsplan vir die oliesadebedryf is ooreengekom dat die Oliesaderaad alle funksies op 30 September 1997 sou afsluit. Die Oliesaderaad wat in 1952 gestig is, se werksaamhede is dus na 45 jaar beëindig. In die besigheidsplan wat die Oliesaderaad aan die Minister voorgelê het, is voorsiening gemaak vir die volgende strukture wat na die sluiting van die Raad na die bedryf se belange sou omsien, naamlik:

- **Die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT)**

Die Trust is op 18 September 1997 geregistreer. Die hoof doelstelling van die Trust was die bevordering van die oliesadebedryf in Suid-Afrika. Trustinkomste en kapitaal sou slegs aangewend word vir navorsing, inligting en steundienste in die belang van die bedryf. Die akte het voorsiening gemaak vir die aanstel van sewe Trusteers, waarvan een verteenwoordiger van die Minister.

- **Oliesade Advieskomitee (OAK)**

Die Advieskomitee, bestaande uit tien verteenwoordigers van die bedryf, het op 1 Desember 1997 die eerste keer vergader. Die Advieskomitee moes in terme van die akte deur die trusteers geraadpleeg word, voordat oor enige versoeke vir finansiële steun besluit is. Die Advieskomitee was in terme van die akte





ook verantwoordelik vir die aanstelling van Trusteese, uitgesluit die Ministeriële verteenwoordiger. Die Komitee se primêre funksie was egter om inligtings- en navorsingsprojekte in belang van die bedryf te evalueer en dit vir befondsing na die Trust te verwys.

- **Navorsingsprioriteitskomitee**

Die Navorsingsprioriteitskomitee (Komitee van die Advieskomitee) was getaak om navorsings- en ander projekte in belang van die bedryf te identifiseer en te evalueer. Nadat prioriteite bepaal is en die evaluasieproses afgehandel is, het die Prioriteitskomitee aanbevelings aan die Advieskomitee deurgegee vir besluitneming.

- **SAGIS: Inligting aan bedryf**

Die Mielie-, Oliesaderade, Wintergraan en Sorghum bedrywe, het besluit om 'n Artikel 21 Maatskappy te stig en pro rata tot die SAGIS begroting by te dra. SAGIS is gestig met die doel om generiese inligtingsdienste vir die graan- en oliesadebedrywe te bestuur. Waar nodig, sou statutêre maatreëls afgekondig word om te verseker dat inligting aan SAGIS deurgegee word. Die onderskeie Trusts sou ook die lede van die SAGIS Direksie nomineer en aanstel.

- **Bedryfsforums vir sonneblom, sojabone en grondbone**

Na die uitfasering van die Oliesaderaad, het die behoefte steeds in die onderskeie bedryfssektore bestaan om oor gemeenskaplike bedryfsake met mekaar te skakel.

Die volgende Forums is gestig:

- Grondboneforum (1996)
- Sonneblom- en Sojaboon Forum (1997)

Alle rolspelers uit die waardeketting kon forumvergaderings bywoon (op eie koste), en konsensusbesluite is geneem. Wanneer konsensus nie bereik is nie, het die Forums as volgende stap 'n Tegniiese komitee aangestel om die aangeleentheid verder te ondersoek, en aanbevelings aan die Forum deur te gee. Gemeenskaplike aangeleenthede wat deur die Forums hanteer is, het onder andere ingesluit gradering, gesondheidsregulasies en navorsingsbehoefes.

- **Tegniese dienste**

Die Oliesaderaad se betrokkenheid by die verskaffing van tegniese dienste het oor meer as 40 jaar ontwikkel. Die tegniese dienstefunksie het behels die toepassing van kwaliteitstandaarde, lewering van analitiese dienste en opleiding van gradeerders.



NOPO se Dagbestuur teen 1997 (van links): mnre Nico Vermaak, Naas Bellingan, Gert Pretorius, Lourie Bosman en Japie Middel.





Rolspelers het die voortsetting van die tegniese dienstefunksie as noodsaaklik beskou. Verskeie alternatiewe is ondersoek en daar is besluit om die funksie na die PPECB oor te dra. Die Minister van Landbou het die oorpasing vanaf 1 September 1997 goedgekeur.

#### • **Likwidasiekomitee van Oliesaderaad**

'n Likwidasiekomitee het na 30 September 1997, die reëlings vir die afhandeling van die uitstaande sake van die Raad hanteer. Mnr Gert Pretorius, Voor sit ter van NOPO en destydse Ondervoorsitter van die Oliesaderaad, het in die Likwidasiekomitee gedien.

### **Gesprekke oor samewerking tussen NOPO en NAMPO**

Reeds vanaf Maart 1997 is gesprekke op beide administratiewe en beleidsvlak tussen NAMPO en NOPO gevoer. Die doel van hierdie gesprekke was om modelle vir toekomstige samewerking te ontwikkel. Dit was van meet af duidelik dat daar baie in gemeen tussen NAMPO en NOPO was, aangesien 'n gedeelde visie bestaan het om die ekonomiese lewensruimte van mielie- en oliesadeprodusente te bevorder.

Die NOPO Hoofbestuur het op 14 Oktober 1997 aanbevelings vir samewerking met NAMPO goedgekeur. Die Voorsitters van NAMPO en NOPO, Gert Pretorius (NOPO) en Japie Grobler (NAMPO) het daarna die amptelike samewerking tussen die twee organisasies op 24 November 1997 met 'n mediaverklaring bekend gemaak. Die mediaverklaring het spesifiek vermeld dat NOPO en NAMPO steeds afsonderlik bestuur word en oliesade- en mielieprodusente deur ledegelde moes bydra om strukture te befonds.

### **NOPO ledewerwing 1997**

Die NOPO Kongres het in Februarie 1997 die beginsel goedgekeur dat die organisasie in die toekomst befonds moes word deur 'n vrywillige bydrae, by die eerste punt van verhandeling. Die NOPO Kongres sou jaarliks 'n besigheidsplan en begroting vir dienste aan oliesade produsente goedkeur. Die NOPO Hoofbestuur het op 14 Oktober 1997 voorstelle vir die invordering van 'n vrywillige bydrae as ledegelde goedgekeur. Die metodiek van vordering het voorsiening gemaak dat die Graan Silo bedryf en private kopers die invordering hanteer met die voorbehoud dat produsente 'n skriftelike mandaat vir die aftrekking onderteken het. Die vrywillige heffing vir die 1998 seisoen is as volg bereken:

- Sonneblom teen R2,60/ton
- Sojabone teen R2,81/ton
- Grondbone teen R5,19/ton

Bogemelde was bereken op 0,22% van die beraamde omset en prys vir die onderskeie gewasse.

Die NOPO Hoofbestuur het die beginsel goedgekeur dat 'n bedrag van R30 vir elke voltooië lidmaatskap aansoekvorm aan lede werwers uitbetaal word, met 'n borgskap ooreenkoms om werwingsaksies te ondersteun.

Die metode van 'n vrywillige bydrae per ton as ledegelde by die eerste punt van verhandeling, was 'n eerste vir landbou. Produsente was gewoon aan statutêre heffings wat sonder 'n skriftelike mandaat gevorder kon word. Die oorgang na 'n stelsel waar 'n mandaat afgeteken moes word om vrywillige assosiasie te bevestig het unieke uitdagings gebied. Ooreenkomste is met kopers en koöperasies aangegaan maar is die proses verder bemoeilik aangesien tradisionele koöperasie grense vir die lewering van produkte vervaag het in 'n vryemark omgewing.

Die proses van skakeling en kommunikasie met landbou besighede en oliesadeprodusente het egter die bewustheid gevestig vir 'n stelsel van vrywillige heffings, wat later suksesvol deur Graan SA geïmplementeer is. Hoewel die stelsel binne die NOPO strukture aanvaar is, het die implementering van die stelsel nooit werklik van die grond gekom nie, nadat bekendgemaak is dat NOPO en NAMPO 'n samewerkingsooreenkoms gesluit het. (Mediaverklaring, November 1997)



Verskeie gesprekke is deur NOPO met rolspelers, asook die Grondboneforum gevoer, ten einde die integriteit van die grondbone saadskema binne 'n vryemarkomgewing in stand te hou. Die praktyk het egter geleer dat 'n eenvoudige oplossing nie moontlik was nie. NOPO Nuus, 1997.

## Ander bedryfsake van belang

Die NOPO Kongres het in Februarie 1997 versoek dat produsente ooreenkomstig die olie inhoud van sonneblom saad vergoed word. Na afloop van Kongres is verskeie navrae aan kopers en verwerkers gerig om produsente volgens die olie inhoud van sonneblomsaad te vergoed. Terugvoer van die silo-industrie was egter dat dit nie logisties moontlik sou wees om sonneblomsaad volgens olie inhoudsvlakke te berg nie.

Senwes het egter in November 1997 bekend gemaak dat daar in oorleg met kopers besluit is om wel gedurende die 1998-seisoen sonneblom op 'n oliebasis aan te koop. Die produsente prys sou bereken word op 'n olie-inhoud van 42% met 'n glyskaal vir betaling indien die olie-inhoud hoër of laer as die 42% was.

## Grondbone saadskema: Gedragskode

Die Grondboneforum het aanbeveel dat 'n gedragskode vir die saadskema in plek gestel word. Die wese van die besluit was dat selfregulering toegepas moet word. 'n Werkgroep is versoek om metodes te ondersoek oor die wyse waarop die gedragskode geïmplementeer kon word. Korttermyn wins met grondbonesaad het egter dikwels uitkomst bepaal, sonder dat die langtermyn impak daarvan verreken is.

## 1998: Beplanning, oorgang en eenheid in die graanbedryf


Die jaar 1998 sal onthou word vir deurslaggewende besluite deur leiers in die graan- en oliesadebedrywe om eenheid te bewerkstellig.

Aanvanklik was die fokus van gesprekke tussen NOPO en NAMPO op samewerking maar het die grense van onderhandeling verskuif na eenheid in die graanbedryf. Die WPO (wintergraan) en die SPO (sorghum) het met verloop van tyd by hierdie gesprekke betrokke geraak en daarop ingekoop.

Die behoefte is ook deur produsente op grondvlak uitgespreek dat eenheid in die graanbedryf deur 'n enkele bedryfsorganisasie gevestig sal word. Hierdie benadering het algemene steun ontvang, aangesien baie produsente met somer-, wintergraan en oliesade in 'n wisselboustelsel op dieselfde plaas geboer het.

NOPO het in die aanloop tot deregulering en die ontbinding van die Oliesade-raad op verskeie vlakke met bedryfsrolspelers saamgewerk om verhoudinge





met hulle te vestig. Vir die 1998 NOPO-kongres is 'n "oop gesprek" oor die toekoms van die oliesadebedryf by die program ingesluit, met uitnodigings vir voorleggings aan die Oliepersersvereniging, AFMA, die Graan Silo Bedryf, Safex en Agri Mark tendense. NOPO se Dagbestuur het ook besluit om die Voor-sitter van NAMPO as openingspreker na die 1998 NOPO-kongres te nooi, sodat reeds tydens dié Kongres in Februarie 1998, begin kon word om 'n boodskap van eenheid in die graanbedryf te vestig.

### **Besoek aan Minister Derek Hanekom**

Op 15 Oktober 1998 het 'n NOPO afvaardiging 'n besoek by Minister Hanekom afgelê. NOPO is verteenwoordig deur Pretorius, Vermaak en mnr Basie Ntsimane. Die uitnodiging van die Minister vir toeligting, is op kort kennisgewing ontvang en is die geleentheid benut om die Minister in te lig van die bydrae van die oliesadebedryf in die plaaslike ekonomie, die skep van werksgeleenthede en die ondersteuningsrol van NOPO binne die bedryf. Die geleentheid is verder benut om die Minister in te lig van die NOPO ontwikkelingsprogram.

### **Besluitneming en mandate vir eenwording in die graanbedryf**

Tydens die NOPO Kongres in Februarie 1998, is 'n eenparige mandaat deur die Kongres aan die Hoofbestuur van NOPO verleen om voort te gaan met samesprekings met NAMPO en ander bedryfsorganisasies, met die doel om 'n enkele bediening struktuur vir graanprodusente te vestig.

Die Dagbesture van NOPO en NAMPO het op 19 Augustus 1998 te Bothaville ontmoet, waartydens besin is oor sleutel elemente om die eenwordingsproses te laat slaag. Tydens hierdie gesprek is bevestig dat beide die NOPO en NAMPO Kongresse 'n mandaat verleen het om voort te gaan met 'n gesprek oor eenwording.

Goeie gesindhede tussen die leierskap van NOPO en NAMPO het positiewe gesprekke moontlik gemaak. NOPO en NAMPO was egter twee totaal onafhanklike organisasies, elk met hul eie kultuur en fokusareas, as gevolg van die verskillende gewasse wat gedien is. Dit bly 'n pluimpie vir die destydse leierskap dat verskille oorbrug kon word.

Vir die NOPO Dagbestuur was dit noodsaaklik dat in die model van, aanvanklik samewerking en later samesmelting, die beginsel van spesialis bediening vir die onderskeie graan- en oliesade gewasse behou moes word. Binne die NAMPO-stal was die fokus slegs op wit- en geel mielies, maar binne die NOPO verwysingsraamwerk is drie bedrywe (sonneblom, sojabone en grondbone) egter bedien.


Die NOPO Hoofbestuur het besluit dat ewewigtige bediening vir al drie oliesade moet plaasvind en het die NOPO Kongres ook die praktyk gevestig dat wegbreekgroepe vir sonneblom, sojabone en grondbone plaasvind, sodat bedryfspesifieke sake hanteer kon word. Vir NOPO was dit dus 'n kernelement van die gesprek oor eenwording, dat oliesade steeds per gewas in 'n nuwe organisasie bedien sou word.

Die Grondwet wat uiteindelik deur Graan SA aanvaar is, het spesifiek voorsiening gemaak vir Spesialiswerkgroepe binne Graan SA en dat kundigheid in die Hoofbestuur gekoöpteer kon word, indien daar nie voldoende kundigheid vir 'n bedryfsektor onder verkose hoofbestuurslede was nie.

### **1999: Afsluiting van NOPO en stigting van die Graanprodusente-organisasie**

Gedurende die eerste semester van 1999 is gefokus op finale reëlings vir die uitfasering van NOPO as bedryfsorganisasie. Talle vergaderings het plaasgevind om die oorgang en afsluiting só te hanteer dat die belange van oliesadeprodusente steeds in die proses gedien sou word.

Die nuwe bedryfstrukture wat na die sluiting van die Oliesaderaad gevestig is, was ook aktief en NOPO het deur sy verteenwoordigers 'n konstruktiewe bydrae gelewer in die nuwe Oliesadetrust, Oliesade Advieskomitee, Navorsingsprioriteitskomitee, Sonneblom- en Sojaboonforum, asook die Grondboneforum.





Tydens NOPO se afsheidsdinee op 17 April 1999 het die hele Hoofbestuur hierdie gedenksertifikaat onderteken.



### **NOPO se Hoofbestuur neem afskeid**

NOPO se Hoofbestuur het op 17 April 1999 tydens 'n finale Hoofbestuursvergadering afskeid geneem. Hierdie was 'n spesiale geleentheid, aangesien twee groot doelwitte bereik is, deurdat:

- Die oliesadebedryf se strukture in plek was en aktief gefunksioneer het, naamlik die Trust, Advieskomitee, Forums en die Tegniese komitees van die Forums.
- Die onderhandelinge vir die vestiging van die te stigte Graanprodusente-organisasie afgehandel was.

NOPO se Hoofbestuur wou egter tydens die finale Hoofbestuursvergadering bevestig dat die beginsel van spesialisbediening van die kleiner bedrywe steeds in die strukture van die nuwe Graanprodusente-organisasie moontlik sou wees, en dat nie slegs mieliebelange in 'n nuwe struktuur gedien sou word nie. Gevolglik is versoek dat spesialisbediening vir sonneblom-, sojaboon- en grondboneprodusente in die grondwet van die nuwe organisasie verskans sou word en dat hierdie mandaat tydens NOPO se Afsluitingskongres herbevestig word.

Tydens die afsheidsdinee het die NOPO Hoofbestuurslede elk 'n gedenksertifikaat onderteken. Hierdie gedenksertifikaat is na die ontbinding van NOPO aan die nuwe Graanprodusente-organisasie te Bothaville oorhandig, waarna dit in die raadsaal geplaas is. Van Zyl, as aangewese Uitvoerende Beampte van die nuwe Graanprodusente-organisasie, het ook die NOPO afsluitingsfunksie bygewoon.

### **NOPO Afsluitingskongres**

NOPO se afsluitingskongres het op 9 Junie 1999 in die Fanie Ferreira Saal op die NAMPO Oesdagterrein (later bekend as NAMPO Park) plaasgevind.

Die tema van die openingsrede van Pretorius was: "NOPO het 'n verskil gemaak". In 'n persberig ná die Kongres, is hy soos volg aangehaal:

*"Ons kyk met trots terug na die werksaamhede van NOPO oor die afgelope vyf jaar, maar ook met vertroue vorentoe, waar produsente deur saamgevoegde vermoë, kundigheid en leierskap uitdagings sal aanspreek. Hierdie Kongres lei tot 'n nuwe era, waar alle graanprodusente in Suid-Afrika binne 'n enkelorganisasie 'n tuiste sal vind".*

Die Kongres het versoek dat die Hoofbestuur van die nuwe Graanprodusente-organisasie spesifiek aandag sal gee aan 'n aantal oliesade aangeleenthede wat vir die doel as kongresbesluite omskryf is. Die Sonneblom, Soja- en Grondbone Werkgroepe het hierdie sake na eenwording binne die strukture van Graan SA hanteer.

### **Mosie vir die ontbinding van NOPO en afsluiting van die Kongres**

In terme van die riglyne van die reglement is 'n mosie vir die afsluiting van die werksaamhede van NOPO aan Kongres voorgelê. Die Kongres het die mosie eenparig goedgekeur.

Verskeie dankbetuigings is gelewer waarna die Kongres met 'n gebed deur mnr Adriaan Ferreira van Hoopstad afgesluit is.

### **Steun aan ontwikkelende oliesadeprodusente vanaf 1996**

NOPO het gedurende sy bestaan belangrike en waardevolle bydraes tot die ontwikkelende landbousektor gemaak, wat na eenheidswording in Graan SA voortgesit en uitgebrei is.

Die ontwikkelingsmodel van NOPO, via 'n streekskantoor, met betrokkenheid by ontwikkelende produsente in 'n bepaalde gebied, is na die stigting van Graan SA ook met sukses in ander gebiede geïmplementeer. NOPO het met ontwikkelende landbou begin lank voordat dit 'n modewoord in landbou was, omdat dit die regte ding was om te doen. Die aksie is ook gedryf deur leiers in NOPO se Hoofbestuur vir wie dit 'n passie was om as mentors op te tree.

NOPO se betrokkenheid in die opsig is vervat in Hoofstuk 8, wat fokus op ontwikkelende landbou in die graan- en oliesadebedrywe.



## Betrokkenheid by die Oliesadebedryf

NOPO het voor die stigting van Graan SA, met die bedryfstrukture ooreengekom om as oorgangsmatreël, sekretariaat dienste aan die Trust (OPOT), die Oliesade Advieskomitee, die Navorsingsprioriteitskomitee en die Forums te bied.

Die sekretariaatdienste aan die Forums is met verloop van tyd aan ander diensverskaffers oorgedra sodat die produsentevertegenwoordigers onbevangen aan debatte kon deelneem. Ná die stigting van Graan SA is besluit dat voorgesette sekretariaatdienste as oorgangsmatreël aan die Oliesade Advieskomitee en Navorsingsprioriteitskomitee gelewer sou word. 'n Voltydse Administrateur (mnr Gerhard Keun) is in 2000 deur die oliesadebedryf aangestel om die administrasie van die Trust, Advieskomitee en Navorsingsprioriteitskomitee oor te neem.

## WINTERGRAAN PRODUSENTE-ORGANISASIE (WPO)

### Stigting

Voor September 1989 het die verantwoordelikheid vir bedryfsbediening van wintergraanprodusente by georganiseerde landbou berus. Die strukture wat daarvoor verantwoordelik was, was die Nasionale Bedryfskomitee vir Koring en ander Wintergraan van SALU (die Nasionale Wintergraankomitee), tesame met die Wintergraankomitees van die provinsiale landbou-unies, naamlik die Transvaalse, Vrystaatse, Noordkaaplantse en Wes-Kaapse Landbou-unies (TLU, VLU, NKLU en WKLU).

Die wintergraankomitees is op provinsiale vlak saamgestel by wyse van nominasie van persone uit die verskillende distriklandbou-unies. Verteenwoordigers op die Nasionale Wintergraankomitee is op grond van produksievolumes aangestel. Die Wes-Kaap, waar die meeste wintergraan geproduseer is, het dus die grootste verteenwoordiging op die Nasionale Wintergraankomitee gehad.

Teen die laat 1980's het die beweging na spesialisering in landbou momentum begin kry. Die Nasionale Wintergraankomitee het deeglik van die veranderende omstandighede kennis geneem. Op sy vergadering van 15 September 1988 het die Komitee in beginsel aanvaar dat dit noodsaaklik geword het om 'n kritiese evaluasie te maak van die strukture wat vir bediening van die wintergraanprodusente beskikbaar was.

Dit het gelei tot 'n aanbeveling van die Nasionale Wintergraankomitee dat 'n nasionale bedryfsorganisasie met 'n eie identiteit, 'n nuwe naam en eie logo, vir wintergraanprodusente gestig moet word. Die aanbeveling het verder behels dat die organisasie steeds binne die SALU-strukture sou funksioneer, met behoud van die Nasionale Komitee van SALU as die hoogste gesag in die bedryf.

Die aanbevelings is vir verdere oorweging na SALU en die Koringraad verwys. Dit blyk dat die aanbevelings gunstige oorweging geniet het, aangesien die Nasionale Wintergraankomitee tydens sy vergadering van 15 Maart 1989 besluit het dat 'n nasionale produsente-organisasie, soos wat in die vooruitsig gestel is, gevestig sal word. Daar is besluit dat dit as die Wintergraan Produsente-organisasie (WPO) bekend sol staan. Dit was ook die laaste vergadering van die Nasionale Bedryfskomitee vir Koring en ander Wintergraan wat daarmee ontbind het.

Mnr J Neethling is as die eerste Voorsitter van die WPO verkies, met mnr WE Pienaar as Visevoorsitter. Mnr Nico Hawkins is as die eerste Bestuurder van die WPO aangestel.

Die WPO se hoof funksie was om as produsente-organisasie en dus as die spreekbuis van die wintergraanprodusente te dien. Die Organisasie het na sy stigting 'n kernrol in die hantering van wintergraanprodusente se belange en die wintergraanbedryf in die algemeen vervul.

Na aanleiding van 'n Hoofbestuursbesluit van 4 April 1991 is die funksie om die produsentelede op die Koringraad te benoem, deur die WPO oorgeneem. Ingevolge die besluit sou twee lede deur die WPO van die VLU en een lid deur die WPO van die WKLU benoem word. Verder is besluit dat die koringraadslid



Mnr Andries Beyers, Voorsitter van die WPO, 1999.



wat voorheen deur Unie Graan benoem is, voortaan deur die Hoofbestuur van die WPO benoem sou word. Dit het beteken dat die WPO-strukture vanaf 1993 al die produsentelede vir aanstelling op die Koringraad benoem het.

### **Eerste vergadering**

Die WPO se eerste Hoofbestuursvergadering is op 14 September 1989 te Gordonsbaai gehou en is deur die Voorsitter van die Koringraad, mnr Eddie Pienaar, bygewoon.

Tydens die vergadering is verslag gedoen oor samesprekings tussen die WPO, NAMPO en die Nasionale Graansorghumkomitee gevoer is. Volgens die verslag het die verteenwoordigers van die verskillende organisasie heelwat raakpunte en gemeenskaplike probleme tussen die verskillende bedrywe geïdentifiseer wat na hulle mening gesamentlik moontlik meer suksesvol aangespreek kon word. Dit is interessant dat hierdie aspek sowat 'n dekade later ook een van die beweegredes vir die vorming van Graan SA was.

Op die vergadering is ook kennis geneem dat die navorsingstruktuur en -funksie van die Departement van Landbou en Watervoorsiening oorgedra sal word aan 'n outonome navorsingsraad, die Landbounavorsingsraad (LNR), wat alle bevolkingsgroepe kon bedien en alle landboukundige navorsing sou koördineer en ondersteun. 'n Voorlegging met volledige besonderhede oor die doel en funksies, bestuur, befondsing en ander aspekte van die LNR is bespreek.

### **Durumkoring**

Op 15 Februarie 1990 is 'n vergadering van verteenwoordigers uit alle koöperasiegebiede waar durumkoring geproduseer is, te Hopetown gehou. Tydens daardie vergadering is versoek het dat 'n permanente komitee onder beskerming van die WPO geskep word om die belange van durumkoringprodusente te behartig.

Hierdie versoek is op 21 Maart 1990 deur die WPO se Hoofbestuur goedgekeur. 'n Subkomitee vir durumkoring is gestig wat uit verteenwoordigers van die Koringraad, Fatti's & Moni's, Suid-Westelike Transvaalse Landbou-Koöperasie, Prieska Vleiskoöperasie, Hopetown Koöperasie, Oos-Kaapse Landboukoöperasie, Douglas Koöperasie en Albert Koöperasie saamgestel is.

### **Nuwe Voorsitter**

Op die WPO se Hoofbestuursvergadering van 18 September 1991 het mnr Chappie Ferreira, verteenwoordiger van die Vrystaatse WPO, die Voorsitterskap van die WPO by Neethling oorgeneem. Die Hoofbestuur het ook besluit om 'n versoek tot die Koringraad te rig dat die WPO die geleentheid gegun moet word om jaarlikse prysvoorlegging aan die Koringraad te maak. Tot op daardie stadium is daardie voorlegging deur een van die Koringraad se lede gemaak. Die Koringraad is ook versoek om toestemming te verleen dat mnre H Claasen en F du Bois die voorlegging aan die Koringraad kon maak.

### **Kommissie van Onderzoek na die Bemarkingswet**

Met die aanstelling in 1992 van die Kassierkomitee om ondersoek na die Bemarkingswet in te stel, het die WPO kommentaar opgestel wat ter ondersteuning van die Koringraad se voorlegging aan die Komitee aangebied is. In reaksie op die finale Kassiersverslag het die Voorsitter van die WPO, mnr Andries Beyers, daarop gewys dat ondervinding geleer het dat die deregulering van landboumarkte nie noodwendig tot goedkoper voedsel lei, soos wat in persberigte beweer is nie.

Na aanleiding van die Kassiersverslag het die WPO tot die besef gekom dat die Regering se uiteindelijke besluit oor statutêre bemerking moontlik die WPO se toekomstige finansiering en funksionering kon beïnvloed. Gevolglik het 'n Voorsitterskomitee van die WPO op 10 Junie 1993 met verteenwoordigers van die ANC vergader ten einde op hoogte te kom van die ANC se siening oor landboubeleid. Terselfdertyd is die WPO, as die verteenwoordiger van wintergraanprodusente, se siening oor die wintergraanbeleid aan die ANC oorgedra.

Die WPO se Hoofbestuur was van mening dat dit noodsaaklik was om te verseker dat die WPO, hetsy in sy bestaande of 'n gewysigde vorm, sou moes voortbestaan.





Gevolglik is 'n werkgroep bestaande uit mnre Beyers, Crawford von Abo, Du Bois en Hawkins op 15 September 1993 saamgestel om alternatiewe metodes vir befondsing van die WPO te ondersoek wat geïmplementeer kon word indien statutêre heffings sou wegval.

In die aanloop tot die veranderinge aan die Bemarkingswet van 1968 was wintergraanprodusente van mening dat die statutêre eenkanaalbemarkingstelsel steeds die beste metode vir bemarking van die Suid-Afrikaanse wintergraanoes, veral koring en gars, was. Die WPO se bestuur was van mening dat 'n gelyke speelveld in die bedryf slegs moontlik was indien die produsente gesamentlik kon beding.

Die Koringraad het die WPO se siening ondersteun deur die Kassierkomitee daarop te wys dat alle graanproduserende lande in die wêreld een of ander vorm van beskerming aan sy produsente bied of beheer oor sy bemarkingstelsel uitoefen. Die Koringraad het betoog dat die Wintergraanskema uitstekend daarin geslaag het om die mark ten opsigte van wintergraan te orden. Die Kassierkomitee het egter nie met dié siening saamgestem nie.

### **Nuwe Bemarkingswet**

Op die WPO se Hoofbestuursvergadering van 26 Maart 1996 is kennis geneem van die Wetsontwerp op die Bemarking van Landbouprodukte wat in die Staatskoerant gepubliseer is. Die Wetsontwerp is ook tydens die vergadering van die Voorsitterskomitee op 25 Junie 1996 bespreek, by welke vergadering kennis geneem is dat die nuwe Bemarkingswet waarskynlik voor die einde van 1996 in werking sou tree.

Op 2 Oktober 1996 is die nuwe Wet op Bemarking van Landbouprodukte inderdaad afgekondig vir inwerkingtreding op 1 Januarie 1997. Dié wet, wat ingrypende verandering teenoor die Bemarkingswet van 1968 ingevoer het, het ook baie druk op die wintergraanbedryf geplaas om aanpassings ooreenkomstig die bepalings daarvan te maak.

Die Koringraad het 'n besigheidsplan opgestel, soos vereis in terme van die Bemarkingswet van 1996. Die besigheidsplan is in sy geheel deur die WPO se strukture bespreek en die WPO het volledige insette daarop gelewer. Daarbenewens het die WPO se Hoofbestuur besin oor toekomstige bemarking van wintergraan en besluit dat die WPO as 'n produsente-organisasie nie by die bemarking van wintergraan betrokke sal raak nie. Daar is besluit dat Unie Graan versoek sal word om 'n wintergraanbedryfskomitee binne Unie Graan se strukture te vestig waar koördinering ten opsigte van die bemarking van wintergraan kon plaasvind.

Die WPO se Hoofbestuur het ook besluit dat die volgende twee versoeke in die besigheidsplan opgeneem moet word:

- 'n Versoek vir die instelling van 'n statutêre heffing vir finansiering van navorsing; en
- 'n versoek dat oorbruggingsfinansiering vir een jaar aan die WPO voorsien word.

Op aanbeveling van die Provinsiale WPO-kongresse is ook besluit dat die WPO moes bly voorbestaan.

Ten einde die WPO in staat te stel om die belange van die wintergraanprodusente behoorlik te kan behartig, het die organisasie by die Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NLBR) aansoek gedoen vir registrasie as 'n direk geaffekteerde groep.

In terme van die Wintergraanskema wat met die inwerkingtreding van die nuwe Bemarkingswet gegeld het, was alle produsente verbied om hulle produkte aan enige ander koper as die Koringraad te lewer. Dit sou in die 1997/1998-seisoen beteken dat alle koring tot en met die beëindiging van die Wintergraanskema op 30 Oktober 1997 slegs aan die Koringraad verkoop kon word. Daarna sou dit egter vryelik verhandelbaar wees, wat beteken het dat 'n gedeelte van die oes in die beheerde markomgewing verkoop moes word en 'n gedeelte onder vryemarktoestande. Ten einde die probleme wat dit geskep het aan te spreek, het die WPO se Hoofbestuur die Koringraad versoek om die verbodsbepaling reeds vanaf 1 September 1997 op te hef. Die versoek is deur die Minister van Landbou goedgekeur.

### **Befondsing**

Aanvanklik was die WPO deur middel van statutêre heffings, die sogenaamde Artikel 35-heffings, befonds. Dit is egter met die afskaffing van die beheerrade





Op 9 Junie 1999, tydens hul afsluitingskongres, het die WPO se Hoofbestuur hierdie herdenksertifikaat onderteken, ter ondersteuning van die stigting van die GPO.



Mnr Pieter Morkel, Voorsitter van die SPO, 1999.

geskrap, as gevolg waarvan die Nasionale WPO 'n beroep op wintergraanprodusente gedoen het om die WPO deur middel van vrywillige bydraes te finansier. Die bedoeling was dat die Nasionale WPO se begroting op basis van produksievolumes na die verskillende Provinsiale WPO's toegedeel word.

Hoewel die wintergraanprodusente baie goed tot die vrywillige heffing ter befondsing van die WPO bygedra het, het dit 'n addisionele koste op hulle gelaai. Hierdie addisionele koste het later 'n rol gespeel by die oorweging van samesmelting met die produsente-organisasies van die ander graanbedrywe, wat in die volgende hoofstuk vervat is.

Die WPO se rol in en betrokkenheid by die inisiatief om die verskillende graanbedrywe se produsente-organisasies in 1999 onder een dak te verenig, word in die volgende hoofstuk vertel. Hier word volstaan deur te sê dat die WPO 'n besliste bydrae tot die stigting van Graan SA gelewer het.

Na die stigting van Graan SA is die sake waarmee die WPO hom besig gehou het, deur die Spesialiswerkgroep vir Wintergrane hanteer. Daarna was dié Werkgroep verantwoordelik vir die identifisering van brandpunte in die wintergraanbedryf, wat dan na die verantwoordelike afdeling of besturende liggaam binne Graan SA verwys is.

## DIE SORGHUMPRODUSENTE-ORGANISASIE (SPO)

### Stigting

Die sorghumprodusente in Suid-Afrika se belange as produsentegroep is tradisioneel deur die provinsiale landbou-unies se produsente-organisasies vir graansorghum hanteer.

Dit het gedurende Maart 1994 egter verander met die stigting van die Sorghumprodusente-organisasie (SPO) op 24 Maart 1994 te Vanderbijlpark. Hoewel die SPO 'n spesialiteitsorganisasie was, was dit steeds by SALU geaffilieer, soos ook die geval was met NOPO.

### Struktuur

Die SPO was nie soos tydens die vorige bedeling in provinsiale strukture verdeel nie, maar wel in spesifieke gebiede wat sorghumprodusente landwyd sou verteenwoordig. Die organisasie was naamlik in tien gebiedsbesture georganiseer wat almal aan die Hoofbestuur en Nasionale Kongres (as hoogste gesag) verantwoordig gedoen het.

Benewens die Kongres en Hoofbestuur, is 'n Dagbestuur gevorm en 'n Sekretariaat ingestel om die sake van die SPO te administreer.

### Doelstellings

Die SPO se hoofdoel was om 'n verteenwoordigende nasionale organisasie vir die sorghumbedryf te vorm en die belange van die sorghumprodusente te behartig. Die



### Die eerste Hoofbestuur van die SPO het uit die volgende lede bestaan:

Mnre	JD Tonkin (Voorsitter)
	JNS du Plessis (Ondervoorsitter)
	JV Roux
	D Hattingh
	SP Wessels
	E van Jaarsveld
	ML van der Westhuizen
	AHJJ Strydom
	HJ Bonnet
	W Wierenga
	WA Kruidenier
	PH Ferreira
	PW Morkel
	APJ du Plessis
	TPJ Swart

### Ander persone wat gedurende die bestaan van die SPO op die Hoofbestuur gedien het, was:

Mnre	EE du Plessis
	J Scott
	JV Roux
	A Herbst
	JJ van Niekerk
	APJ van Zyl
	A Odendaal

Mnr Johan Swarts is as die SPO se eerste Bestuurder aangestel.

SPO sou ook die inisiatief neem om op 'n gekoördineerde wyse die beste moontlike dinamiese posisie vir die sorghumprodusente te handhaaf.

Terwyl die Sorghumraad die belange van die breë bedryf (insluitende die produsente) behartig het, was die SPO uitsluitlik 'n produsente-organisasie wat onafhanklik as deel van SALU gefunksioneer het.

Die SPO het, onder andere, die volgende sake aangespreek:

- Sorghum as ekonomies-lewensvatbare gewas;
- markverwante produksie;
- doelmatige opberging; en
- bedryfsverhoudings.

Gemeenskaplike probleme wat ten opsigte van saad, vinkbestryding, gradering en die bemaking van sorghum ondervind is, is deur die SPO hanteer.

## Befondsing

Die SPO het per ooreenkoms jaarliks 'n begroting by die Sorghumraad ingedien. Hierdie kostes het in die 1995/1996-verslagjaar R338 563 beloop, wat 'n koste per ton van R1,71 verteenwoordig het, gemeet teen die 1995-sorghumoes.

## Momente en prestasies

In 1998 het die SPO Ere-visevoorsitterskap aan mnr JD Tonkin toegeken.

Tonkin was 'n stigterslid van SAGIS, stigterslid van die Sorghumforum en lid van die IGG SGS Beplanningskomitee. Hy was 'n lid van die laasgenoemde komitee wat in





**Al die aanwesiges by die SPO se laaste kongres op 9 Junie 1999 het dié gedenksertifikaat onderteken.**

1997 die bemarkingsmaatskappy Sorghum SA (Pty) Ltd gestig het met die doel om sorghum te bemark.

Mnr Pieter Morkel is met die ontbinding van die Sorghumraad deur Minister Hanekom (Landbou) aangestel om die produsente op die Likwidasiëkomitee van die Sorghumraad te verteenwoordig.

### **Samesmelting en vorming van Graan SA**

Gedurende 1997 het Van Zyl, NAMPO se Hoofbestuurder, by geleentheid van 'n Algemene Raadsvergadering van SALU vir Ferreira van die WPO en Morkel van die SPO genader oor die moontlikheid van samesmelting van die verskillende produsente-organisasies. Beide dié persone was op daardie stadium nie ten gunste van samesmelting met NAMPO nie, omdat hulle nie gemaklik was met wat hulle as NAMPO konfronterende styl teenoor die Regering en ander rolspelers, soos kopers, beskou het nie. Die SPO het ook oorheersing deur NAMPO gevrees.

Na die ontbinding van die Sorghumraad en die verlies aan finansiële bystand wat daarmee gepaardgegaan het, het die SPO finansieringsprobleme begin ondervind. Dít, sowel as die invloed van gesprekke wat die SPO met van die ander spesialisorganisasies gehad het, het die SPO beweeg om as party tot die samesmelting betrokke te raak. Die eerste sodanige geleentheid was op 17 November 1998 tydens 'n gesamentlike vergadering van die Dagbesture van die SPO, WPO, NOPO en NAMPO in NAMPO se Raadsaal te Bothaville.

Die SPO se ontbindingskongres is op 9 Junie 1999 te Standerton gehou. Dit was bygevoon deur genoeg lede om 'n kworum te vorm ten einde die besluite tot samesmelting deur te voer. Op daardie stadium was Morkel die Voorsitter van die SPO.

Na ontbinding van die SPO en die stigting van Graan SA is sorghumprodusente se belange deur 'n spesialiswerkgroep van Graan SA behartig.





# 5

## Die stigting en vestiging van **GRAAN SA**

NAMPO het dit van meet af aan as een van sy doelwitte ontwikkel om samewerking tussen al die produsente-organisasies in die graan- en oliesadebedrywe in Suid-Afrika te bewerkstellig en het met verloop van tyd die inisiatief geneem om gesprekke daarvoor met die ander produsente-organisasies aan te knoop.

### **SAMESPREKINGS TOT VORMING VAN DIE GRAANPRODUSENTE-ORGANISASIE (GPO); 1999/2000**

Samewerking was as belangrik beskou ten einde die behoeftes en uitdagings wat voortdurende veranderings in die bedryfsomgewing teweeggebring het, op 'n georganiseerde en gekoördineerde wyse te kon aanspreek. Die beweging na samewerking is ondersteun deur die feit dat die produsente-organisasies se funksies tot 'n groot mate oorvleuel het, wat 'n onnodige duplisering van kostes meegebring het. Boonop het die meeste akkerbouprodusente meer as een gewas verbou, maar ten opsigte van die verskillende gewasse is hulle deur verskillende organisasies verteenwoordig.

In die algemeen het die verandering van die Regering in Suid-Afrika in 1994 en die gepaardgaande nuwe beleidsrigtings dit gewens gemaak dat 'n groter eenheidsfront gevorm word om akkerbouprodusente se belange te beskerm. Veranderings in bedryfsvereistes en die landbou-omgewing in die algemeen het groter spesialisasie vereis en daar was net nie genoeg kundiges beskikbaar sodat elke bedryf sy eie spesialiste kon aanstel nie.

NAMPO het die noodsaaklikheid besef dat een organisasie daargestel moes word wat alle kommersiële graan- en oliesadeprodusente kon verteenwoordig. Die leiers in so 'n bedeling moes deur die produsentelede daargestel en bemaagtig word om volgens hulle mandaat te kan optree.

Eerste doelgerigte gesprekke oor samewerking wat tussen NAMPO en NOPO gevoer is, het van die begin af positief verloop. Aanvanklik was die gesprekke met die WPO en die SPO minder positief. NAMPO het egter volhard met sy pogings en die boodskap deurgedra dat die vele gemeenskaplike faktore wat op daardie stadium afsonderlik deur die verskillende bedrywe hanteer is, gesamentlik meer effektief aangespreek kon word.

Die gesprekke tussen die organisasies het aanvanklik net oor samewerking gehandel, totdat mnr Andries Beyers, die Voorsitter van die WPO, tydens 'n vergadering te Kroonstad die mening uitgespreek het dat die gesprek eintlik nie oor samewerking moet gaan nie, maar wel oor eenwording, oftewel samesmelting. Dit het die besef by die betrokkenes aangewakker dat eenheid belangriker was as slegs samewerking. Die benadering tydens gesprekke daarna het gevolglik ver skuif van moontlike samewerking tot moontlike samesmelting.

### **Gesprekke oor samewerking tussen NAMPO en NOPO**

Reeds vanaf Maart 1997 is formele gesprekke op sowel administratiewe as beleidsvlak tussen NAMPO en NOPO gevoer met die doel om modelle vir toekomstige samewerking tussen die twee organisasies te ontwikkel. Dit was van meet af aan duidelik dat NAMPO en NOPO baie gemeen gehad het, aangesien hulle die visie gedeel het om die ekonomiese lewensruimte van mielie- en oliesadeprodusente te bevorder.





'n Spotprent in SA Graan/Grain van Desember 1997 beeld die samewerkingsooreenkoms uit wat toe sopas deur NAMPO en NOPO bereik is.

Die NOPO Hoofbestuur het die beginsel van samewerking op 14 Oktober 1997 goedgekeur terwyl NAMPO se Hoofbestuur intussen 'n besluit geneem het om samewerking te ondersteun. Beide organisasies se voorsitters, naamlik mnr Gert Pretorius en Japie Grobler, het die amptelike samewerking tussen die twee organisasies op 24 November 1997 by wyse van 'n mediaverklaring bekend gemaak.

Die volgende inhoud van die mediaverklaring som die redes vir en besonderhede van die samewerking ten beste op:

*"Die realiteite van die bedryfsgewing waarin oliesade- en mielieprodusente moet oorleef, het hierdie besluit 'n logiese stap gemaak. Beide oliesade- en mielieprodusente het te make met hoë insetkoste, mededingende internasionale markte, 'n vrye en vloeibare binnelandse mark sowel as 'n verswarende staatkundige omgewing waar die Wetgewer in die proses is om wetgewing te verander wat die landbougemeenskap se lewensruimte en vermoë onder toenemende druk plaas.*


*Hierdie besluit is verder gemotiveer deur die feit dat mielies en oliesade dikwels deur dieselfde produsent op dieselfde plaas verbou word.*

*Met die nuwe Bemerkingswet wat die boeregemeenskap in 'n groot mate ontnem het van 'n effektiewe meganisme om bedryfsorganisasies sowel as algemene dienstebene van landbou te finansier, het dit ook noodsaaklik geword dat beperkte bronne optimaal benut sal word. NAMPO en NOPO het aldus besluit om beide kundigheid, leierskap, infrastruktuur en beskikbare finansies so te bestuur dat dit tot die wedersydse voordeel van mielie- sowel as oliesadeprodusente sal wees.*

*Met inagneming van die gemeenskaplike behoeftes aan dienslewering en inligting by mielie-, sojaboon-, grondbone- en sonneblomprodusente is die beginsel deur die Hoofbesture van sowel NOPO as NAMPO aanvaar en dat die twee bedryfsorganisasies se aktiwiteite, met behoud van eie identiteit, gekoördineer sal word in die beste belang van produsente wat deur beide organisasies bedien word.*

*Die volgende funksies sal so spoedig moontlik geïntegreer word: Produksienavorsing, insetnavorsing, marknavorsing, algemene administrasie, lede-administrasie en skakeldienste.*

*Die ledebasis van NOPO en NAMPO sal egter afsonderlik bestuur word, omrede mielie- en oliesadeprodusente steeds 'n deel aan ledegelde sal moet bydra om die nuwe dienstrukture te befonds. Beide mielie- en oliesadeprodusente sal dus deur ledegelde bydra tot die sukses van 'n nuwe NAMPO en NOPO. Deur samewerking word 'n duplikasie van dienste egter uitgeskakel en sal dienste voortaan kan fokus op werklike behoeftes van mielie- en oliesadeprodusente.*





*Daar is ook besluit dat voortgegaan word met die rasionalisering van kantore, toerusting en personeel te Pretoria, en dat met die oog op die gebruik van raadsaalgeriewe in die ou Mielieraadgebou, voorkeur aan die verkryging van kantore in daardie gebou gegee sal word. Die NOPO-Hoofkantoor sal dus steeds in Pretoria gehuisves word.*

*'n Volledige besigheidsplan met kostestrukture sal tydens die komende kongresse van NOPO en NAMPO aan produsente vir goedkeuring voorgelê word.'*

Beide Grobler en Pretorius het hul tevredenheid uitgespreek met die besluite wat deur die onderskeie Hoofbesture geneem is en die vertroue uitgespreek dat die nuwe bedeling daartoe sal lei dat 'n meer effektiewe en kostedoeltreffende diens aan produsente gelewer kan word.

## **Besluitneming en mandate vir eenwording**

Tydens die NOPO Kongres in Februarie 1998, is 'n mandaat aan die Hoofbestuur van NOPO verleen, om voort te gaan met samesprekings met NAMPO en ander bedryfsorganisasies, met die doel om 'n enkel-bedieningstruktuur vir graanprodusente te vestig. Die Dagbesture van NOPO en NAMPO het op 19 Augustus 1998 te Bothaville ontmoet, waartydens besin is oor sleutelemente om die eenwordingsproses te laat slaag.

Die NOPO Dagbestuur is verteenwoordig deur:

- Mnr Gert Pretorius (Voorsitter)
- Mnr Lourie Bosman (Visevoorsitter)
- Mnr Adriaan Ferreira (Voorsitter: Grondbone)
- Mnr Jan Grobler (Voorsitter: Sonneblom)
- Mnr Frans Potgieter (Voorsitter: Sojabone)


Die NAMPO Voorsitterskomitee is verteenwoordig deur:

- Mnr Japie Grobler (Voorsitter: NAMPO)
- Mnr Bully Botma (Visevoorsitter: NAMPO)
- Mnr Neels Ferreira
- Mnr Jub Jubelius
- Mnr Kevin Starke
- Mnr WH van Zyl
- Mnr JA Barnard



Die NAMPO Voorsitterskomitee afgeneem tydens die afsluitingskongres. Van links: mnr Japie Grobler, Jub Jubelius, Neels Ferreira, Kevin Starke, WH van Zyl, Apie Barnard en Bully Botma.





Vele grane maak ligte werk. Dié spotprent van 1998 spreek van eenwording van die onderskeie produsente-organisasies rakende grane en oliesade.

Daar is bevestig dat beide die NOPO en die NAMPO Kongresse 'n mandaat verleen het om voort te gaan met 'n gesprek oor eenwording. Een van die eerste stappe in hierdie proses van eenwording was die integrasie van NAMPO en NOPO se tydskrifte vanaf Julie 1998. Daarna het slegs *Mielies/Maize* verskyn, met NOPO-nuus se insette wat daarin vervat was.

### Spesialisbediening

Vir die Dagbestuur van NOPO was dit noodsaaklik dat, binne die model van samewerking, die beginsel van spesialisbediening vir die onderskeie graangewasse behou word. In NAMPO se geval was die fokus slegs op wit- en geelmielies. Binne die NOPO verwysingsraamwerk is egter drie bedrywe, naamlik sonneblom, sojabone en grondbone, bedien.

Die Hoofbestuur van NOPO het besluit dat ewewigtige bediening vir al drie oliesade moet plaasvind. Die NOPO Kongres het ook die praktyk gevestig dat afsonderlike wegbreekgroepe vir sonneblom, sojabone en grondbone tydens die jaarlikse kongresse plaasvind, sodat bedryfspesifieke sake met fokus hanteer kon word. Vir NOPO was dit dus 'n kernelement van die gesprek oor eenwording dat oliesade steeds per gewas bedien sou word.

Binne die Grondwet wat uiteindelik deur Graan SA aanvaar is, is ook spesifiek voorsiening gemaak vir Spesialiswergroepe binne Graan SA en dat kundigheid in die Hoofbestuur gekoöpteer kon word, indien daar nie voldoende kundigheid vir 'n bedryfsektor onder verkose Hoofbestuurslede bestaan het nie.

### Aanwysiging van Stuurkomitee

Tydens 'n vergadering wat op 19 Augustus 1998 gehou is, het die Dagbesture van NAMPO en NOPO besluit dat 'n Stuurkomitee saamgestel word om die samevoeging van die twee organisasies en gevolglike stigting van 'n nuwe graanprodusente-organisasie te beplan en te rig. Die Stuurkomitee het bestaan uit mnre Japie Grobler, Gert Pretorius, Giel van Zyl en Nico Vermaak.

Benewens die aanstelling van die Stuurkomitee is besluit dat die proses van eenwording so gou as moontlik afgehandel en bekendgestel moet word. Daar is ook besluit dat voortgegaan word met beplanning om NAMPO en NOPO se besigheidsplanne te integreer en dat 'n deeglike ondersoek oor die finansiering van die eenwordingsproses gedoen moes word.

Van Zyl, NAMPO se Hoofbestuurder, sou as waarnemende Hoofbestuurder van die te stigte organisasie aangestel word. Hy is versoek om weer eens met die WPO en SPO in gesprek te tree oor hulle moontlike inskakeling by die beoogde nuwe produsente-organisasie.





## Ontmoeting tussen NAMPO en WPO

Op 21 September 1998 het die Dagbesture van NAMPO en die WPO te Bothaville vergader met die doel om samewerking tussen die verskillende akkerbouprodusente-organisasies te bespreek. Tydens die vergadering is konsensus bereik dat 'n proses van eenwording gevolg moet word ten einde uiteindelik slegs een produsente-organisasie vir akkerbouers in Suid-Afrika tot stand te bring. Mnr Andries Beyers en Nico Hawkins is deur die WPO benoem om op die Stuurkomitee te dien.

Tydens die vergadering is ook versoek dat gesprekke met die SPO aangeknop moet word met die oog op hulle moontlike inskakeling by die proses. Voortspruitend uit die gesprekke wat Van Zyl daarna met die SPO gevoer het, het verteenwoordigers van daardie organisasie deelgeneem aan 'n beplanningsvergadering met die organisasies se Dagbesture op 17 November 1998 waartydens die Voorsitter van die SPO, mnr Pieter Morkel, bevestig het dat die SPO die eenwordingsproses ondersteun.

Op 17 November 1998 het die Dagbesture van NAMPO, NOPO, die WPO en die SPO in die NAMPO Raadsaal te Bothaville ontmoet. Dit was die eerste geleentheid waartydens die vier organisasies gesamentlik oor die proses van eenwording vergader het.

Tydens die vergadering is, onder andere, besluit dat die Stuurkomitee regsadvies moet inwin ten einde die finale konsepgrondwet van die nuwe organisasie voor te berei. Die finale datums vir die hou van die ontbindingskongresse van die onderskeie organisasies en die stigtingskongres van die nuwe organisasie sou in Januarie 1999 bepaal word. Intussen moes die integrasieproses van die onderskeie tydskrifte voortgaan.

Verskeie aanbevelings vir 'n naam van die nuwe organisasie is oorweeg, insluitende Graanprodusente-organisasie van Suid-Afrika (GPO), Nasionale Graanprodusente-organisasie (NAGPO) en Suid-Afrikaanse Graanprodusente-organisasie (SAGPO). Daar is egter besluit dat die benaming van die nuwe organisasie weer gedurende Januarie 1999 oorweeg sal word.

Van Zyl, benoemde Hoofbestuurder van die nuwe organisasie, het tuis aangesterk na 'n hartomleidingsoperasie en kon nie die vergadering bywoon nie.

## Stuurkomitee uitgebrei

Die Stuurkomitee is uitgebrei om verteenwoordigers van al vier die produsente-organisasies, NOPO, NAMPO, die SPO en WPO, in te sluit en het die eerste keer op 4 Desember 1998 vergader met die opdrag om die detail van die proses tot eenwording van die vier organisasies uit te dors. Spesifieke aandag moes gegee word aan sake soos die naam van die nuwe organisasie, die finalisering van die grondwet in samewerking met die prokureursfirma Hofmeyr Herbstein, spesialisbediening, lidmaatskap en die organisering van die afsluitings- en stigtingskongresse. Volgens 'n besluit is die onderskeie ontbindingskongresse vir 9 Junie 1999 beplan, met die stigtingskongres vir die nuwe organisasie wat op 10 Junie 1999 sou plaasvind.

Aanvanklik is aanbeveel dat die organisasie as die "Graanprodusente-organisasie van Suid-Afrika" bekend sal staan. Uiteindelik het die Stuurkomitee die volgende benaming, in voorkeur volgorde, aanbeveel:

- Graanprodusente-organisasie (GPO)
- Graan SA (GSA).

Die beginsel is aanvaar dat spesialisbediening vir elkeen van die onderskeie bedrywe binne die nuwe organisasie voortgesit moet word. Dit het reeds by die eerste kongres van die nuwe organisasie beslag gekry met die vorming van wegbreekssesies vir spesialiswerkgroepe, waartydens bedryfspesifieke sake bespreek is.

Aanbevelings is ook deur die Stuurkomitee gemaak oor die nuwe organisasie se regstatus, doelstellings, winsoogmerke, magte en bevoegdhede, gesagstrukture en die ligging van sy kantore. Die beginsel is aanvaar dat NAMPO die voertuig sou wees waardeur die nuwe organisasie sou funksioneer en dat die ander partye

Mnr Weyni Deysel, spotprenttekenaar vir meer as 23 jaar vir *Mielies/Maize* en later *SA Graan/Grain*, het die gees van eenwording in die graanbedryf skerp raakgevat in hierdie spotprent wat in November 1999 verskyn het. Mnr Pieter Morkel (SPO), Gert Pretorius (NOPO), Andries Beyers (WPO) en Japie Grobler (NAMPO) vat hande.



se bates te gelde gemaak en die opbrengs daarvan binne die nuwe organisasie aangewend sou word.

Gedurende die tydperk Januarie tot April 1999 het die besluitnemingstrukture van die onderskeie organisasies ingevolge hulle konstitusionele vereistes goedkeuring en finale mandate verleen dat met die eenwordingsproses voortgegaan kan word.

## STIGTING VAN GRAAN SA

### Stigtingskongres

Daar is besluit dat die stigtingskongres van die nuwe organisasie op 10 Junie 1999 gehou sou word. Dit sou voorafgegaan word deur die ontbindingskongresse van NAMPO, NOPO, die WPO en die SPO op 9 Junie 1999.

Kennis van die stigting van die nuwe organisasie is teen einde Maart 1999 aan al die lede van NAMPO, NOPO, die SPO en WPO gegee. Kennisgewings van die afsluitingskongresse van die vier organisasies is aan elke organisasies se eie lede gestuur. NAMPO en NOPO se afsluitingskongresse is by NAMPO Park naby Bothaville gehou en dié van die WPO en SPO te Pretoria.

Al die afgevaardigdes na die onderskeie organisasies se afsluitingskongresse was uitgenooi om die nuwe organisasie se stigtingskongres op 10 Junie 1999 as waarnemers by te woon. Elkeen van die organisasies het ook die geleentheid gehad om 'n aantal eregaste en waarnemers te benoem wat daarheen uitgenooi is.

Die Kongres is saamgestel uit afgevaardigdes wat op 'n streeksbasis benoem is, gebaseer op die produksiebasis van die onderskeie kommoditeite. 'n Beginsel is ook aanvaar dat 'n onafhanklike persoon sal optree om die verrigtinge tydens die stigtingskongres op 10 Junie 1999 te koördineer. Mnr Peet van Zyl van die prokureursfirma Hofmeyr Herbstein is daarna aangewys om as onafhanklike Voor-sitter van die Kongres op te tree totdat die Kongres behoorlik gekonstitueer en 'n Voor-sitter en Ondervoorsitter vir die nuwe organisasie verkies is.

Die Stigtingskongres het, soos beplan, op 10 Junie 1999 by NAMPO Park plaasgevind.

Tydens die Kongres is die volgende ampsdraers verkies:

- Mnr Japie Grobler (onbestrede) – Voor-sitter
- Mnr Bully Botma (na verkiesing) – Visevoorsitter



Mnr Peet van Zyl, wat as onafhanklike Voor-sitter van die GPO se eerste kongres opgetree het totdat dit behoorlik gekonstitueer is en nuwe leierskap verkies is.



Vir die verkiesing van die Visevoorsitter, is drie nominasies ontvang, naamlik:

- Bully Botma (Voorheen NAMPO)
- Gert Pretorius (Voorheen NOPO)
- Andries Beyers (Voorheen WPO)

Botma is met 'n meerderheid van stemme as Visevoorsitter van die organisasie verkies. Die nuutverkose Voorsitter het daarna voortgegaan om die Kongres deur die proses van besluitneming te lei wat ingesluit het:

- Bevestiging van opdragte aan die Graanprodusente-organisasie
- Goedkeuring van die grondwet
- Herindeling van die streke
- Lidmaatskap
- Aanstelling van ouditeure

## GRAAN-GEBOORTE VOL PYN EN VREUGDE!

*Soos ek dit sien-rubriek oftewel "Manie" (Landbouweekblad, 26 Junie 1999)*

'n Klassieke kraamgeval: Pyn aan die een kant, maar ook vreugde oor die aankoms van 'n fris baba aan die ander kant. Dis min of meer hoe 'n mens nou die dag se geboorte van die nuwe Nasionale Graanprodusente-organisasie (NGO) kan beskryf.

Vreemd genoeg het Manie so tussendeur die "afskeide en die inskeide" van oud en nuut in die graanbedryf sit en dink aan een van Siener van Rensburg se voorspellings – daardie een van die swart kryger wat opstaan en wie se skaduwee uiteindelik oor die hele land val.

'n Mens moet jou lyf lief uit voorspellings hou, maar mag hierdie jong reus wat vandeemaand op die Oesdagplaas sy kop gelig het, vorentoe ook van noord tot suid spore trap en skaduwees gooi wat die Suid-Afrikaanse landboubedryf nog nie gesien het nie. Spore wat hopelik tot dieper in Afrika sal strek en in die hoogste raadsale van die land nie langer misgekyk sal kan word nie.

Die ontbindingskongresse van die WPO, NOPO, die SPO en NAMPO was dik van nostalgie en heimwee – veral dié van NAMPO. So dik dat Japie Grobler, 'n man wat normaalweg uit die heup kan skiet met woorde, plek-plek sy laaste toespraak as NAMPO-voorsitter moes onderbreek en hard op die onderlip moes byt om die emosie in toom te hou.

Hy't dit mooi opgesom: Dis soos wanneer jou eersgeborene tegelykertyd 'n besondere prestasie behaal, daarmee saam mondig word, wil trou en sommer ook die land wil verlaat. Enersyds bars jy van trots as ouer, maar andersyds lê die hartseer van afskeid baie vlak en rou.

Daar is hulde gebring aan die "ou ysters" van NAMPO: Die Claassens, die Von Abo's, die De Jagers. Maar die lig is ook laat skyn op die mense in die enjinkamer, manne soos Giel van Zyl, deesdae glo mnr Mielie oom Gielie, eksentriek en bedonnerd, in Bully Botma se woorde, en Kit le Clus, so ingewikkeld soos tien, maar mense enig in hul klas.

Die gastelys was amper 'n Wie's Wie van die SA landbou: Oud-minister Greyling Wentzel het kostelik vertel hoe die Groot Krokodil hom destyds Bothaville toe gestuur het om 'n rammetjie-uitnek NAMPO in die bek te ruk, net om tweede te kom en uiteintlik hand om die nek met NAMPO daar weg te stap. Kassier was daar om sy ere-sertifikaat te kry, en omtrent al wat 'n navorser en insetverskaffer in die graanbedryf is, het saam paartie kom hou. Ook die opkomende landbou het in volle glorie kom meedoen, met vertaaldiens die lot vir diegene wat nie Afrikaans verstaan nie.

Ou vriende wat nie daar kon wees nie, het gelukwense gestuur aan die nuwe bul. Die laaste DG van landbou, dr Frans van der Merwe, het van Kleinmond



'n Buffet van hoogstaande gehalte het die stempel op 'n grootse gebeurtenis geplaas.



Vyfster! NAMPO se laaste kongres is met 'n pragfunksie afgesluit toe hooggeplaastes van produsente van oor die hele graanspektrum en insetverskaffers saam met hul gesmul het.



Die leierboere wat aan die voerpunt van eenwording gestaan het. Van links: Mnre Andries Beyers, Gert Pretorius, Peet le Roux van Zyl (NAMPO se regsadviseur), Japie Grobler en Pieter Morkel.



Die manne wat verkose is om aan die roer te staan van die nuwe Graanprodusente-organisasie van Suid-Afrika. Van links: Mnre Giel van Zyl (Hoofbestuurder), Japie Grobler (Voorsitter) en Bully Botma (Visevoorsitter).



**Die eerste Voorsitter van Graan SA, mnr Japie Grobler, pryk by die organisasie se goedgekeurde logo in April 2000.**

laat weet sy bede is dat hierdie regering vinnig tot sy sinne kom en beseft Suid-Afrika is 'n skynende lig in donker Afrika omdat hy oor 'n wonderlike landbousektor beskik.

Ernesto Chicucuma, Voorsitter van NAMPO se eweknie in Angola, se brief het dit bevestig: Sê asseblief hardop aan jul kongres ons wil jul vriende wees en met julle saamwerk. Sonder 'n gesonde landbou kán Afrika nie groei nie.

Ja, só ver loop die legende van Suid-Afrikaanse landbouers reeds in Afrika.

En toe die groot paartjie die aand – kompleet met Suid-Afrika se weergawe van Vanessa Maye, 'n blondkop uit die Goudstad wat die uitgelese gaste in die Fanie Ferreira-saal so vrolik opgesweep het dat Bully Botma later instinkatief op die tafel begin klavier speel het. Regtig 'n voortrefflike affêre.

Nou wag die groot uitdaging: Om die verskillende perde saam aan hierdie graanwa te laat trek.

Terwyl by dié punt: Manie weet NAMPO was van die begin af die amalgamasievoertuig vir eenwording en Japie Grobler was die logiese keuse vir Voorsitter, maar sou dit nie raadsaam gewees het om vooraf bietjie te kook en as welwillendheidsgebaar te sorg dat een van die ander graanleiers minstens tweede in bevel was nie?

Verstaan my baie mooi. Dit gaan hoegenaamd nie oor Bully Botma as sulks nie. Manie het vir hom as mens en leier baie groot agting. Boonop het hy hom nie self tot Ondervoorsitter verkies nie. Dit was 'n demokratiese besluit, en 'n volstreekte meerderheidseen daarby. Maar sou byvoorbeeld, 'n koringman in die tweede posisie nie net 'n soveel sterker boodskap van eenheid en koalisie uitgestuur het nie?

Ewenwel, Manie het g'n twyfel dat die nuwe bestuur hul arms stompies sal werk om aan elke bedryf sy plekkie in die son te gun en hulle as span in belang van graanboere te laat voortstroom nie.

Die kundigheid, geesdrif en mense materiaal is daar. Die geloof is daar – daarvan getuig die herhaaldelike verwysings na produsente se afhanklikheid van die Groot Saaier.

Die leierskap om die NGO wydsbeen oor Suidelike Afrika te laat staan, is daar. Met 'n immer positiewe Japie Grobler aan die stuur gaan hierdie baba hopelik loop nog voor hy kan kruip, bulder nog voor hy kan praat.

Voorspoed, vrinne! Landbouweekblad druk graag saam in dié nuwe oond.

Terloops, as Manie reg verstaan, gaan die benaming Nasionale Graanprodusente-organisasie (NGO) tydelik geld tot die NGO se eerste volwaardige kongres, waarna weer oor 'n naam besin sal word. Wat van Graan SA – veral as ons voortaan ook ons invloed oor die landsgrense wil laat geld? Voorstelle asseblief!

## VERKIESING VAN HOOFBESTUUR

Die volgende persone is deur Kongres as lede van die Hoofbestuur verkies, naamlik:

- Streek 1: KA Starke
- Streek 2: JA du Plessis
- Streek 3: JA Barnard
- Streek 4: FJH Pretorius
- Streek 5: DJN Mathews
- Streek 6: PJA Meiring
- Streek 7: H Otto





Die eerste gekose hoofbestuur van die GPO tydens die stigtingskongres op 10 Junie 1999 op NAMPO Park.

- Streek 8: VD Mouton
- Streek 9: AJ Cronje
- Streek 10: GL Roos
- Streek 11: CCC Arnoldi
- Streek 12: PJ Schoeman
- Streek 13: CK Ferreira
- Streek 14: JJ Blofield
- Streek 15: JF Oosthuizen
- Streek 16: DCK Serfontein
- Streek 17: PJ Pretorius
- Streek 18: H Claasen
- Streek 19: PJ Scott
- Streek 20: HP Ferreira
- Streek 21: WH van Zyl
- Streek 22: LL Jubelius
- Streek 23: H Venter
- Streek 24: AJ Hoffman
- Streek 25: L Steytler

Uit die Hoofbestuur is 'n Dagbestuur saamgestel wat getaak was met finansiële en personeelaangeleenthede, asook ander take soos deur die Hoofbestuur aan hulle opgedra.

### Spesialisbediening

Die volgende persone is deur Kongres verkies, om vir 'n termyn van twee jaar as spesialiste in die Hoofbestuur te dien, naamlik:

- Grondbone: JH Theron
- Koring: A Beyers
- Sojabone: FAS Potgieter
- Sorghum: PW Morkel
- Sonneblom: GJ Pretorius
- Wes-Kaap Koringprodusente: WT Myburg
- Suidelike Opkomende Landbou: Welcome Ngxekana
- Noordelike Opkomende Landbou: Basie Ntsimane



Mnr Jan Theron



Mnr Andries Beyers




Mnr Frans Potgieter



Mnr Pieter Morkel



Mnr Gert Pretorius



Mnr WT Myburg



Mnr Welcome Ngxekana



Mnr Basie Nstimane

## Wegbreekessies

Die Kongres het ook in wegbreekessies vir die onderskeie kommoditeite verdeel.

Tydens hierdie geleentheid, is persone deur die onderskeie wegbreekgroepe op 'n ranglys genomineer, as kundiges vir die onderskeie bedrywe. Waar nodig, is hierdie persone daarna in van die Spesialiswerkgroepe gekoöpteer.

## Eenheid

Een van die vele voordele wat die stigting van Graan SA ingehou het, was dat al die graanprodusente in Suid-Afrika daarna deur een organisasie verteenwoordig is. Dit was veral belangrik met skakeling en onderhandelings met die Regering, omdat dit 'n eenheidsfront namens al die graan- en oliesadeprodusente met die Regering geskep het.

Deur die eenwording is kundigheid wat oor baie jare in die leierskorps en personeel opgebou is, in een organisasie saamgevoeg met ooglopende voordele. Verskillende bedieningstrukture is saamgevoeg tot voordeel van al die lede, byvoorbeeld die tydskrifte, NAMPO Oesdag, makelaarsdiens en verskaffing van markinligting.

Eenwording het op grondvlak ook bygedra tot die ontwikkeling van 'n eenheidsgevoel onder produsente oor die verskillende graansoorte se grense heen.

## Identiteit

### ***Versoek vir naamsverandering deur Hoofbestuur***

Tydens die vergadering van die nuwe Hoofbestuur op 19 Augustus 1999, is debat gevoer oor die benaming van die "Graanprodusente-organisasie".

In die betrokke notule word aangehaal dat mnr Kevin Starke vermeld het dat die naam GPO "hom nie lekker op die oor val nie". Hy het versoek dat alternatiewe oorweeg word.

Op voorstel van mnr Andries Beyers en gesecondeer deur Starke, is besluit dat die naam "Graan Suid-Afrika/Grain South Africa" met die afkorting "GSA" as nuwe naam aanvaar word. Daar is versoek dat 'n voorstel in hierdie verband aan die Kongres in 2000 voorgelê sal word.

Tydens 'n opvolgende vergadering van die Hoofbestuur op 21 Oktober 1999, het Van Zyl gerapporteer dat die benaming "Graan Suid-Afrika/Grain South Africa" en die afkorting "GSA", wel beskikbaar is en as handelsmerk vir die nuwe organisasie geregistreer kan word.

Terugvoer is ook gebied dat die naam "SA Graan/Grain" vir die tydskrif geregistreer is en dat 'n nuwe mashoof vir die blad ontwikkel word. Die nuwe mashoof vir die tydskrif is op 1 Januarie 2000 in gebruik geneem.

### ***Kongresbesluit: Aanvaarding van "Graan Suid-Afrika/Grain South Africa" as nuwe benaming***

Die Kongres is op 8 Maart 2000 meegedeel dat die Hoofbestuur 'n besluit oor die naam van die organisasie moes neem.

Me Milanie Vosloo, die Besturende Direkteur van Ad-UPPE Advertising, het die nuwe korporatiewe identiteit en logo vir "Graan Suid-Afrika/Grain South Africa" aan die Kongres bekendgestel.

Uit die Kongresnotule, blyk dit dat die Kongres besluit het om die naam "Graan Suid-Afrika/Grain South Africa" te "ratifiseer" en die stappe soos reeds deur die Hoofbestuur geneem is om handelsmerke ter beskerming van die naam te verkry, te "kondoneer".

Die Kongres het ook die korporatiewe identiteit en logo vir Graan SA, goedgekeur.

Daarmee was die proses vir die oorgang en vestiging van die nuwe graanbedryfsorganisasie bekend as "Graan SA", afgehandel. 'n Eie logo vir die SA Graan/Grain-tydskrif is ook in die vroeë 2000's deur Uppe Marketing ontwerp.






**Mnr Giel van Zyl**



**Dr Kit le Clus**



**Mnr Fanie Brink**

**GSA**  
GRAAN SUID-AFRIKA  
GRAIN SOUTH AFRICA

**GRAAN SA-LOGO – KREATIEWE VERDUIDELIKING**

Die kleure groen, bruin en geel is gebruik om die grond (bruin), groei (groen) en die son (geel) uit te beeld. Die logo is in die vorm van 'n gerf, maar dit stel ook landerye voor met die son wat daarop skyn – en bydra tot groei en voortbestaan. Die twee “skutblare” aan die bokant verteenwoordig die oorsprong (saad) van die plant, wat oopbreek en 'n nuwe plant (groei) voortbring. Die son wat oor die landerye opkom, skep die illusie van hoop, groei en vooruitgang.

Die tweede vlak van simboliek beeld waardes uit waarop Graan SA gebou is. So bevestig die verskillende kleure van die “landerye” dat hierdie organisasies daar is om die graanprodusent op verskillende vlakke te ondersteun. Die son en vrye beweging van die logo-ontwerp dui daarop dat Graan SA gefokus is op die volhoubare voortbestaan van die graanprodusent en landbou in Suid-Afrika.

## Administrasie

NAMPO se bestaande strukture is deur die GPO aangewend en NAMPO se kantore te Bothaville het as die hoofkantoor daarvan gedien, met 'n aanvanklike satellietkantoor in Pretoria.

Mnre Nico Vermaak (voormalige Hoofbestuurder van NOPO) en Nico Hawkins (voormalige Hoofbestuurder van die WPO) is ook in die struktuur van die GPO opgeneem en het na die hoofkantoor te Bothaville verskuif, terwyl mnr Johan Swarts, Bestuurder van die SPO, diens in die satellietkantoor in Pretoria aanvaar het.

Van Zyl is as die eerste Hoofbestuurder van die GPO aangestel. Teen April 2000 het sy bestuurspan uit die volgende persone bestaan:

- Dr Kit le Clus (Navorsing en Ontwikkeling)
- Mnr Fanie Brink (Bedryfsbediening)
- Mnr Johan Loxton (Kommersiële Ondernemings)
- Mnr Nico Vermaak (Bestuurder Administrasie)
- Me Rita de Swardt (Rekenmeester)



Mnr Johan Loxton



Mnr Nico Vermaak



Me Rita de Swardt

Ten tyde van sy aftrede met pensioen in 2001 was die nuwe graanbedryfsorganisasie, Graan SA, organisatories gevestig met gesonde administratiewe en finansiële beheer in plek en gereed om die uitdagings van die bevordering van produsentebelange in 'n onsekere toekoms na te streef.

Graan SA se Hoofbestuurderspos is sedert 2001 deur die volgende persone beklee:

Mnr Steve Shone	2001 - 2005
Dr John Purchase	2005 - 2007
Dr Kobus Laubscher	2008 - 2011
Mnr Jannie de Villiers	2011 - 2016

De Villiers se uitvoerende bestuurspan teen Julie 2016 was soos volg:

Bestuurslid	Portefeulje
Dr Dirk Strydom	Bestuurder: Graanekonomie en Bemaking
Dr Marinda Visser	Bestuurder: Graanavorsing en Beleidsentrum
Mnr Nico Vermaak	Bestuurder: Korporatiewe Dienste
Me Jane McPherson	Bestuurder: Ontwikkelende Landbouprogram
Me Christa Herbst	Bestuurder: Finansiële Dienste

## BEFONDING

Graan SA se inkomste vir befonding van sy aktiwiteite was aanvanklik hoofsaaklik afkomstig van ledegedelde en die opbrengs uit die NAMPO Oesdag, met enkele ander diverse bronne, soos advertensie-inkomste van die tydskrif, *Mielies/Maize* (later *SA Graan/Grain*). Die opbrengs uit 'n belegging wat in NAMPO se tyd gemaak is, het tot die totale finansieringspoel bygedra. Die bates en reserwes van NOPO, die WPO en SPO is ook te gelde gemaak en aan die nuwe organisasie oorbetaal.

Befonding vir navorsingsprojekte is grotendeels verkry vanaf die graantrusts wat na die afskaffing van die beheerrade geskep is. Dit het 'n groot bydrae tot die befonding van Graan SA se werksaamhede, veral ten opsigte van ontwikkelende landbou, gemaak. Die graantrusts het die befonding mettertyd begin afskaal tot die mate dat Graan SA se oorblywende inkomste nie meer voldoende was vir die organisasie se behoeftes nie.

Die organisasie was dus verplig om ander bronne van finansiering te verkry, as gevolg waarvan 'n vrywillige heffing op graanlewering vanaf Oktober 2002 ingestel is. Dit het behels dat produsente wat lede van Graan SA was, 'n heffing van R2,00/ton op graan deur hulle gelewer, aan Graan SA afgestaan het. Dit was 'n vrywillige heffing wat deur vorderingsagente, synde die maatskappye waar graan gelewer word, verhaal en aan Graan SA oorbetaal is. Die lede kon ook die heffing direk aan Graan SA oorbetaal, soos in gevalle waar graan verkoop word aan 'n party wat nie as 'n vorderingsagent aangestel is nie.

Vanaf 2015 is die standaard vrywillige heffing vervang met gedifferensieerde vrywillige heffings wat wissel van R2,50/ton vir mielies en sorghum tot R10,00/ton vir grondbone.

Die heffingsfondse wat op hierdie wyse ingevorder word, word hoofsaaklik vir die befonding van bedryfsbedieningsaksies, navorsing en bemaking aangewend. Graan SA is egter steeds in 'n proses om aan volhoubare finansiering en die verhoging van die persentasie heffingbetalers aandag te gee. Intussen behou Graan SA sy outonomieit aangesien dit 'n vrywillige organisasie is wat homself befonds. Tans sorg die heffinginkomste vir sowat 'n derde van die totale inkomste – die res word verkry uit die NAMPO Oesdag, *SA Graan/Grain*, beleggings en trusts.



## GRAAN SA SE INVORDERINGSAGENTE VIR VRYWILLIGE HEFFING

Graan SA het groot waardering vir die ondersteuning van sy invorderingsagente. Teen 2015 het die agente die volgende maatskappye ingesluit (teenoorstaande bladsy).



Mnr Pietman Lourens, die eerste Voorster van Graan SA se Ouditkomitee sedert die stigting daarvan in 2004.



Mnr Fanie van Zyl, Graan SA se Ouditkomiteevoorsitter sedert 2006.

### PERSONEEL-BROKKIES

- **Me Rita de Swardt** was 'n werknemer van SAMPI, NAMPO én van Graan SA en het in 2002 as Rekenmeester afgetree na 28 jaar diens as 'n amptenaar in die graanbedryf.
- **Dr Kit le Clus** (wat in 2013 oorlede is) sal onthou word vir sy ywer en kundigheid om, na die afskaffing van die bemarkingsrade in 1997, 'n landboutermynmark in Suid-Afrika op die been te bring. In georganiseerde landboukringe word hy geëer vir sy versienheid wat Suid-Afrika se graanbedryf deur radikale aanpassings oor jare staande gehou het en internasionaal mededingend help maak het. Na sy aftrede het hy steeds waardevolle insette in die graanbedryf gelewer en as dosent aan die Universiteit van die Vrystaat sy kennis en passie vir ekonomie met studente gedeel.

Die aanwending van die heffingsfondse word jaarliks deur die Graan SA Kongres goedgekeur. Aanvanklik is 'n gedeelte ook toegewys vir die skep van 'n regshulpfonds met die oog op moontlike regsaksies.

Volledige besonderhede van Graan SA se inkomstes en uitgawes en die stand van die organisasie se finansiële posisie kan verkry word uit die jaarverslae wat op Graan SA se webtuiste, [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za), gepubliseer is.

### KORPORATIEWE BESTUUR

Graan SA het vanaf sy ontstaan jaarliks befondsing vanaf die Mielietrust en die Olieën Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT) ontvang, vir die finansiering van spesifieke projekte. In terme van die trustaktes, moes fondse vanaf die Mielietrust slegs vir die mieliebedryf aangewend word en net so moes die bydraes vanaf die ander trusts aangewend word vir die bedryf waaruit dit afkomstig was. Sekere voorgeskrewe verslae wat uiteensit hoe die fondse aangewend is, moes dan deur Graan SA ingedien word. Interim- en jaarverslae is aan die Mielietrust en OPOT voorberei en deurgegee.

Die Mielietrust het 'n praktyk gevestig om die begunstigdes van trustfondse te besoek ten einde eerstehandse inligting te verkry oor die vordering met projekte. Graan SA was een van die begunstigdes wat in die proses besoek is. In 2005 het die Mielietrust tydens so 'n besoek aangedring op bewyse vir die uitgawes wat in die verslae aan die Mielietrust ingesluit was. Daar was kommer dat nie alle projekuitgawes mielie-spesifiek vir goedgekeurde projekte aangewend is nie, waarna die Trust aangedring het op 'n forensiese audit. Die finale forensiese auditverslag is op 21 Junie 2005 uitgereik. Voortspruitend daaruit het Graan SA bykans R10 miljoen aan die Mielietrust terugbetaal ten opsigte van uitgawes wat nie mieliespesifiek aangewend is nie.

Die rekords met betrekking tot bydraes deur OPOT is ook forensies ondersoek en die verslag is deur Deloitte op 30 Maart 2006 vrygestel.

Die auditverslag het geen melding van bedrog gemaak nie, maar het spesifieke leemtes met betrekking tot verslagdoening oor sekere boekjare uitgewys. Om die dispuut op te los, het Graan SA vir die boekjare 2002/2003, 2003/2004 en 2004/2005 aanbeveel dat van 'n toedelingsmetodiek gebruik gemaak word, met 'n analise van projekte wat wel in praktyk uitvoering gevind het. Hierdie betrokke projekte is ondersteun met stawende dokumentasie.

Die ouditeure (Deloitte) het met redelike detail met die aanbevelings in hul verslag gehandel, maar nie 'n bevinding daarvoor gemaak nie. Die ouditeure het wel in hul verslag standpunt ingeneem dat die Graan SA-voorstel 'n moontlike oplossing bied.


Op 12 Mei 2006 het die Oliesade Advieskomitee 'n aanbod aan Graan SA gemaak vir 'n bedrag van R500 000 – ex gratia as volle en finale betaling van dienste deur Graan SA vir die betrokke boekjare gelewer. Verdere gesprekke tussen Graan SA en die Oliesade Advieskomitee is gevoer, waarna die aanbod aanvaar is om die saak af te handel.

Nuwe projekte is daarna deur die Advieskomitee en OPOT goedgekeur en het verslagdoening daarna voldoen aan die voorgeskrewe vereistes van die Advieskomitee en OPOT.

Hierdie gebeure het binne die geledere van Graan SA die aandag gevestig op die hersiening van korporatiewe beheer binne die organisasie. Dit was nodig dat die nodige prosedure en beleid vir die bestuur van Graan SA in plek gestel word. PricewaterhouseCoopers het Graan SA met hierdie proses ondersteun. In navolging van die beginsels van die King-verslae oor korporatiewe bestuur, het Graan SA in Augustus 2004 'n Ouditkomitee aangestel. Die eerste Voorster van

# GRAAN SA SE INVORDERINGSAGENTE VIR VRYWILLIGE HEFFING

Amandel  
Graan



F.S Peanuts

Frans Minnaar





die Ouditkomitee was mnr Pietman Lourens. Hy is in Augustus 2006 deur mnr Fanie van Zyl opgevolg, wat in 2016 steeds die posisie beklee het.

'n Aksie is geneem vir die vestiging van goeie korporatiewe bestuurpraktyke en toepaslike beleide waarvolgens Graan SA bestuur moes word. Deursigtige beleggingsbesluite en behoorlike rekeningkundige verantwoording is gevestig. Die aanstellingsproses van die ouditeure is op aanbeveling van die Ouditkomitee verander en verskillende ouditeure is versoek om voorleggings aan Graan SA te maak. Voortspruitend daaruit is PWC vanaf 2007 as Graan SA se ouditeure aangestel.

Die forensiese audit en die regstellende stappe wat Graan SA daarna gedoen het, het ook op die terrein van ontwikkelende landbou 'n belangrike invloed gehad, aangesien baie van Graan SA se ontwikkelende landbou-projekte deur die Mielietrust gefinansier is. Die Mielietrust het, as gevolg van die omstandighede wat tot die forensiese audit aanleiding gegee het, dit oorweeg om die finansiële bystand aan Graan SA te staak. Dit sou Graan SA se ontwikkelende landbou-projekte op risiko geplaas het.

Die Mielietrust het uiteindelik besluit om Graan SA die geleentheid te bied om sy huis in orde te kry. Dit het Graan SA met onderskeiding vermag en die maatreëls, programme en beleide wat op daardie stadium ingestel is, vorm vandag nog die basis van Graan SA se bestuurspraktyke.

Graan SA as organisasie ontvang jaarliks 'n ongekwalifiseerde audit en die feitelike bevindings van die Mielietrust en ander trusts ten opsigte van befondsing is in orde. Die Ontwikkelende Landbou-afdeling se deelname aan die Regering se herkapitaliseringsprogram sedert 2013 het gesprek van deurtastende geloofwaardigheid en kundigheid en is bevestig deur 'n ongekwalifiseerde audit wat deur die Ouditeur-generaal ten opsigte van die projek uitgereik is.

## NAVORSING

Graan SA beskou behoeftegedrewe gewasnavorsing wat daarop gemik is om Suid-Afrikaanse landbou mededingend met die res van die wêreld te hou as van uiterste belang. Daarom word besondere aandag aan die bepaling van producente se behoeftes gegee en toegesien dat programme van navorsingsinstansies dit aanspreek.

Graan SA ondersteun die benadering dat navorsing daarop gerig moet wees om die langtermynvolhoubaarheid van graanproduksie te bevorder. Dit behels al die fasette van graanverbouing, van produksienavorsing en navorsing oor insette, soos saad, kunsmis, brandstof, chemikalieë en meganisasie, tot marknavorsing, die verskaffing van graanmarkinligting, bewaringslandbou en selfs datawetenskap.

Inligting verkry uit navorsingsresultate word verwerk en aan produsente en ander belangegroepes beskikbaar gestel. Dit dek alle aspekte van graanproduksie, wat deur spesialiswerkgroepe gekoördineer word ten einde te verseker dat produsente behoorlik ingelig is oor die nuutste ontwikkelings. Verteenwoordigers van die Graan SA Werkgroepe dien ook in die onderskeie Advieskomitees van die Graan- en Olie-sadetrusts om navorsingbehoefte van produsente te ondersteun. Die Landbou Navorsingsraad (LNR) se Instituut vir Graangewasse en Kleingraaninstituut het oor jare 'n waardevolle bydrae tot navorsing aan graanprodusente gelewer.

Die SA *Graan/Grain* tydskrif, word as medium gebruik om navorsingsresultate aan produsente uit te dra.

Graan SA het oor 'n lang tyd daarin geslaag om goeie verhoudings met navorsers en die betrokke staatsdepartemente (Landbou, Bosbou en Visserye; Wetenskap en Tegnologie; en Handel en Nywerheid) op te bou. Op hierdie wyse word gepoog om gesamentlike navorsingsprogramme te identifiseer en te ontwikkel, samewerkingsverhoudings te vestig en tegnologiese oordrag te bevorder. Hierdie benadering word ten opsigte van al die bedrywe gevolg, wat beteken dat Graan SA deurlopend by 'n groot aantal navorsingsaksies betrokke is. Sodoende word geleenthede geskep vir die verspreiding en publikasie van die resultate en inligting, sodat dit ook vir die produsent van waarde kan wees.

Die kerndoel van Graan SA is om produsente se produktiwiteit te verhoog en om objektiewe, intydse inligting te verskaf. Om meer verantwoordelikheid te neem



Finansiering gebou vir jou  
Finance built for you

JOHN DEERE  
FINANCIAL



**Dr Marinda Visser, Bestuurder: Graannavorsing en Beleidsentrum, Graan SA.**

vir die rigting waarin navorsing gaan en hoe navorsingsfondse aangewend word, sluit hierby aan en verseker die relevantheid daarvan op plaasvlak. Graanspesifieke navorsing word dus tans geïntegreer ten einde dit oor die spektrum van die bedryf te integreer.

As navorsingskundige is dr Marinda Visser, Bestuurder: Graannavorsing en Beleid-sentrum van Graan SA, besig om die bedryf se navorsing in 'n nuwe rigting te stuur en selfs op streeksvlak te koördineer deur Suid-Afrika te verteenwoordig op die SADC navorsingsprioriteitskomitee. Die sleutelpunte van Graan SA se navorsing- en ontwikkelingsprogram wat in 2016 aanvaar is, is soos volg:

- Ontwikkeling van gesamentlike navorsingsprogramme soos geïdentifiseer.
- Ontwikkeling van konsortiums en vennootskappe by verskeie instellings, wat virtueel ontmoet en saamwerk.
- Skakeling van verskeie tegnologie-gedrewe inisiatiewe met toepaslike tegnologie-oordrag.

## BETROKKENHEID BY AKTUELE SAKE SEDERT VESTIGING

### GMO-gewasse

Die Wet op Geneties Gemodifiseerde Organismes, 1997 (Wet 15 van 1997) het op 1 Desember 1999 in werking getree en het ten doel om te verseker dat alle aktiwiteite met betrekking tot geneties gemodifiseerde organismes (GMO's) op so 'n wyse uitgevoer word dat die moontlike nadelige gevolge vir die omgewing en menslike en dieregesondheid beperk word. Die Wet maak voorsiening vir die aanstelling van 'n Registrateur en twee regulerende liggame, naamlik 'n Advieskomitee en die Uitvoerende Raad, sowel as inspekteurs, ten einde uitvoering aan die doelstellings van die Wet te gee.

Suid-Afrika is reeds sedert 2003 'n party tot die *Cartagena Biosafety Protocol*, 'n internasionale, regtens bindende stel reëls wat op die vervoer en hantering van lewende gemodifiseerde organismes van toepassing is. Die volledige *Cartagena Biosafety Protocol* is in 2006 as 'n aanhangsel by die GMO-wet ingesluit, ongelukkig sonder duidelike riglyne oor hoe dit in die Suid-Afrikaanse reg geïnterpreteer moet word.

In beginsel ondersteun Graan SA alle tegnologiese ontwikkeling wat die effektiwiteit en mededingendheid van Suid-Afrika se graanbedryf kan verbeter mits dit nie mense, diere of die omgewing benadeel nie. Die aanwending van GMO's kan aansienlik bydra tot 'n winsgewende en volhoubare landbousektor in Suid-Afrika wat internasionaal mededingend is. Die potensiële risiko's wat dit vir menslike sowel as dieregesondheid kan inhou, moet egter deeglik oorweeg word.

Daarom is die daarstelling van betroubare en effektiewe veiligheidsmaatreëls kritiek belangrik om die voordele van die moderne biotegnologie maksimaal te kan benut, maar terselfdertyd die risiko's daarvan tot die minimum te beperk. Graan SA is van mening dat 'n statutêre beheerstelsel slegs kan slaag indien dit effektief gepolisieer kan word. Aangesien Graan SA bedenkinge oor die laasgenoemde aspek het, staan dit 'n nie-statutêre beheerstelsel voor, wat deur die bedryf ontwikkel en bestuur word.

Die gebruik van GMO's in Suid-Afrika is inderdaad onderhewig aan maatreëls in die Wet en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, waardeur die verantwoordelike ontwikkeling, produksie, gebruik en aanwending van GMO's bevorder en gereguleer word. Ingevolge die wetgewing moet vrywaring vir die gebruik van GMO's vooraf verkry word, by gebreke waaraan dit ontoelaatbaar in Suid-Afrika is.

Daar bestaan twee tipes vrywaring, naamlik 'n algemene vrywaring en 'n kommodeiteitsklaring.

Wanneer 'n algemene vrywaring verleen word, beteken dit in die graanbedryf dat GMO-saad ingevoer mag word, dat saadmaatskappye dit mag bemark en dat dit aangeplant mag word. Die meerderheid van die mielies en sojabone wat in Suid-Afrika verbou word, is op een of ander wyse geneties aangepas. Genetiese gemanipuleerde gewasse in Suid-Afrika – mielies, sojabone en katoen – het óf weerstand teen insekte óf verdraagsaamheid teen 'n wye verskeidenheid chemiese onkruidodders, of albei.







'n Kommoditeitsklaring, daarenteen, magtig die gebruik van die betrokke GMO-produk, byvoorbeeld as voedsel of voer, maar dit mag nie aangeplant word nie. Dit is ook die vrystelling wat groot rolspelers in oorsese markte probeer gebruik om goedkeuring vir die verspreiding van hulle GMO-produkte in Suid-Afrika te verkry. Daardie rolspelers het 'n bepaalde voordeel bo Suid-Afrika deurdat hulle eerste toegang tot die nuutste tegnologie verkry.

Graan SA se standpunt is dat die invoer van GMO wat nie vir aanplanting in Suid-Afrika bedoel is nie, teengestaan moet word, omdat dit Suid-Afrikaanse produsente in 'n onmededingende posisie plaas. Gevolglik is die organisasie se standpunt dat GMO-produkte slegs volgens die algemene vrystelling ingevoer moet word.

Dit is egter nie altyd suksesvol nie, soos bewys deur 'n onlangse geval in Desember 2015 waarby die *Animal Feed Manufacturers Association* (AFMA) betrokke was. AFMA het aansoek gedoen vir kommoditeitsklaring ten einde GMO-mielies van die nuutste tegnologie wat in Amerika vrygestel is, in te voer as gevolg van die tekort aan mielies in Suid-Afrika, terwyl hulle op daardie stadium GMO-vrye mielies vanaf die Oekraïne kon invoer. AFMA se aansoek om 'n kommoditeitsklaring om die mielies vanaf Amerika in te voer, is ten spyte van Graan SA se teenstand goedgekeur.

Daarna het Graan SA weer met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye in gesprek getree ten einde voorwaardes daar te stel waaraan 'n invoerder moet voldoen voordat kommoditeitsklaring verleen mag word. Graan SA het ook met die Departement van Handel en Nywerheid geskakel vir ondersteuning, aangesien dié departement se beleid voorsiening maak vir invoervervanging en boonop ongewenste invoere wil verhoed.

Die bestuur van 'n GMO-beleid is 'n komplekse probleem wat ook 'n impak op die bestuur en veiligheid van die omgewing kan uitoefen. In sy strewe na die volhoubaarheid van landbou sal Graan SA met beleidsinsette by die debat betrokke bly.

### **Bedinging van dieselrabat**

Die dieselrabatskema is oorspronklik ingestel omdat die meeste diesel deur die landbousektor gebruik word en nie op openbare paaie nie. Dit is egter in Maart 1997 weens misbruik van die stelsel afgeskaf, waarna verskeie mislukte pogings deur georganiseerde landbou aangewend is om dit heringestel te kry.

Op 19 Mei 2000 het verteenwoordigers van Agri SA en Graan SA weer met die Departement van Finansies vergader om die saak te bespreek. In 'n memorandum wat tydens die vergadering bespreek is, is verskeie faktore uitgewys wat die instelling van 'n rabat op diesel vir die landbousektor in Suid-Afrika regverdig.

Die Regering het die meriete van die vertoë erken en vanaf 4 Julie 2001 is 'n dieselrabat ingestel op 80% van die diesel wat deur die landbousektor verbruik is. 'n Produsent moet vir BTW geregistreer wees en die doel waarvoor die diesel gebruik word, moet vir die rabat kwalifiseer. Die diesel moet in die naam van die produsent aangekoop word en die produsent moet behoorlik rekord hou van die aankoop, opberging en gebruik van die diesel, insluitende 'n logboek per voertuig. Die rabat mag slegs geëis word op die hoeveelheid diesel wat verbruik is en nie op die totale aankope nie.

Dit sou as deel van die SAID BTW-stelsel geadministreer word en spesifieke inligting sou vereis word voordat eise ten gunste daarvan uitbetaal word. Die totale rabat het by die afkondiging daarvan 42,1 sent/liter beloop. Dit het 'n totale besparing van nagenoeg R300 miljoen vir landbou beteken, waarvan sowat R80 miljoen net vir graanprodusente.

Gedurende Augustus 2001 het Agri SA weer vertoë tot die Minister van Finansies gerig om die dieselrabat vir die landbousektor te verhoog. Op daardie stadium is die rabat slegs op 80% van die diesel wat deur die landbousektor verbruik is, toegepas. In die vertoë is daarop gewys dat die omstandighede wat tot die herinstelling van die rabat aanleiding gegee het, inderdaad sedertdien vererger het. Daar is ook 'n vergelyking getref tussen die persentasie styging in die prys van diesel (100%) teenoor die styging in produsentepryse ( $\pm 23\%$ ) vanaf 1995 tot 2000.

In sy antwoord op die versoë het die Minister daarop gewys dat die vorige dieselrabatskema as gevolg van wydverspreide misbruik afgeskaf is. Hy het ook daarop gewys dat die veranderinge aan die administrasie van die stelsel deur SAID in die proses van implementering was. In die lig daarvan het die Minister besluit dat die koers van die dieselrabat nie voor die 2004-begroting hersien sou word nie. Sedertdien is die dieselrabat wel van tyd tot tyd aangepas.

Met verloop van tyd het probleme met die dieselrabatstelsel, verbandhoudend met oudits, administrasie en boetes, in die landbousektor voorgekom. Uit oudits deur SAID het dit aan die lig gekom dat eisers in verskeie gevalle nie volledig aan die riglyne en vereistes van die stelsel en toepaslike wetgewing voldoen het nie. Onder andere, is die vereiste dat logboeke bygehou moet word vir elke voertuig wat die sogenaamde "plaasdiesel" gebruik, in baie gevalle nie nagekom nie. Produsente was onder die indruk dat hulle aan die vereistes voldoen het indien hulle bewyse van die uitgawes voorsien en die 80:20-beginsel toegepas het. Hulle was egter in terme van die voorskrifte verplig om logboeke by te hou.

Graan SA en Agri SA het met die owerhede in gesprek getree met die oog daarop om 'n logboek te ontwikkel wat prakties was en aan SAID se vereistes sou voldoen. Die gesprekke het verder ten doel gehad om 'n aanvaarbare metode te vind om produsente by te staan wat na aanleiding van SAID se oudits vir nie-nakoming aanspreeklik gehou is. Versoë is tot SAID en die betrokke ouditspanne gerig om alternatiewe inligting soos bedryfstakbegrotings en finansiële ontledings deur byvoorbeeld landboubesighede te aanvaar as voldoende plaasvervangende inligting vir logboeke.

SAID is versoek om produsente in die 2012/2013-belastingjaar toe te laat om die betrokke administratiewe praktyke in plek te plaas wat oudits in die toekoms meer doeltreffend sal ondersteun. SAID is ook versoek om werkswinkels in hierdie verband te oorweeg waarmee Agri SA en sy affiliasies behulpsaam sou wees. Ten einde sy lede met probleme en onsekerhede ten opsigte van die dieselrabat by te staan, het Graan SA in 2011/2012 'n ondersteuningslessenaar by 'n prokureursfirma gevestig wat produsente se navrae daarvoor kon beantwoord.

Die groot probleem het rondom die byhou van logboeke en toepassing van die 80:20-vereiste in praktyk gewentel. Aangesien geen riglyne bestaan het nie, het Graan SA voorstelle vir moontlike oplossings aan SAID voorgelê. Dit het voorstelle oor die inhoud en samestelling van 'n logboek ingesluit.

Uiteindelik het SAID riglyne ten opsigte van logboeke gepubliseer wat nie Graan SA se aanbevelings geakkommodeer het nie. Dit was in die mening van Graan SA onprakties, en het tot onnodige administrasie aanleiding gegee. Graan SA gaan voort om hieroor met SAID gesprek te voer.

## **Mededinging in landbou**


### ***Kunsmisbedryf***

Graan SA hou rekord van, verwerk en vertolk nasionale sowel as internasionale pryse van insette, soos saad, kunsmis, chemikalieë en landboumasjinerie op 'n daaglikse, weeklikse en maandelikse basis. Daaruit word data opgebou oor die prys, kwaliteit en beskikbaarheid van insette.

Die organisasie se uitgebreide databasis oor internasionale en plaaslike prysbewegings maak dit moontlik om prysvergelykings ten opsigte van produksieinsette te maak. Die inligting wat met verloop van tyd oor kunsmispryse versamel en ontleed is, het daarop gedui dat mededinging in die kunsmismark onder verdenking was.

Op grond daarvan het Graan SA die Mededingingskommissie by verskeie geleenthede genader om die saak te ondersoek en die Kommissie voorsien van inligting wat daarop gedui het dat plaaslike pryse nie noodwendig internasionale prysvlakke weergegee het nie.

Kunsmis het histories ongeveer 30% - 35% van 'n graan- en oliesadeprodusent se lopende produksiekoste uitgemaak en het dus 'n groot invloed op die winsgewendheid van graanproduksie gehad. Gedurende 2008 het skerp stygings in kunsmispryse die syfer tot sowat 45% verhoog. Aangesien daardie styging in koste





hoofsaaklik deur die produsente geabsorbeer moes word, was dit vir Graan SA belangrik dat die inligting oor onmededingende praktyke in die kunsmismark aan die Mededingingskommissie gerapporteer word.

In 2007 het die Mededingingskommissie begin met ondersoeke oor verskeie oortredings van die Wet op Mededinging binne die kunsmisbedryf. Graan SA het 'n rol daarin gespeel deur, onder andere, inligting en statistiek aan die mededingingsowerhede te voorsien.

Die ondersoeke het verskeie oortredings van die Wet op Mededinging geopenbaar, wat ingesluit het prysvasstelling, markverdeling en samespannende tenders in die voorsiening van 'n wye reeks kunsmisprodukte. Verskeie kunsmismaatskappye was hierby betrokke. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat Sasol 'n skikking met die mededingingsowerhede aangegaan het in terme waarvan Sasol 'n boete van meer as R250 miljoen moes betaal.

Die Voorsitter van die Mededingingstribunaal het geaffekteerde groepe aangespoor om skadevergoedingseise teen Sasol in te stel, gegewe Sasol se erkenning van onmededingende optrede. Produsente het egter 'n baie moeilike bewyslas ten opsigte van die omvang van hulle skade gehad. Gevolglik het Graan SA met Sasol onderhandel dat 'n trust, die Sasol Nitro Navorsingstrust, gestig word waaraan Sasol oor 'n tydperk van drie jaar R30 miljoen geskenk het, met die bedoeling dat die trustfondse vir projekte tot voordeel van produsente aangewend sou word.

Benewens die bogemelde oortredings het die Mededingingskommissie 'n klag van beweerde misbruik van hul oorheersende posisie in die kunsmisbedryf teen Sasol Nitro ondersoek. Ten opsigte van daardie klag het Sasol Nitro op 5 Julie 2009 'n skikkingsooreenkoms met die Mededingingskommissie aangegaan wat 'n herstrukturering van Sasol se kunsmisbedryf behels het, wat uiteindelik tot groter mededinging in die kunsmisbedryf sou bydra.

### ***Samespanning in die bak- en maalbedryf***

Gedurende Desember 2006 het die Mededingingskommissie inligting ontvang van 'n beweerde broodkartel wat in die Wes-Kaap bedrywig was. Na 'n voorlopige ondersoek het die Kommissie 'n klagte aanhangig gemaak teen Premier Foods (Blue Ribbon-handelsmerk), Tiger Brands (Albany) en Pioneer Foods (Sasko).

Tydens die ondersoek wat daarop gevolg het, het Premier Foods aansoek gedoen om kwytskelding en hom bereid verklaar om die Kommissie in sy ondersoek by te staan. Premier Foods het openbaar dat hy inderdaad saam met Tiger Brands en Pioneer Foods 'n broodkartel in die Wes-Kaap bedryf het deur gesamentlike ooreen te kom oor die vasstelling van broodpryse en ander handelsvoorwaardes.

Premier Foods het verder onthul dat 'n broodkartel, waartoe hy 'n party was, in ander dele van Suid-Afrika bestaan het waarby Foodcorp (Sunbake Bakeries) betrokke was en dat die kartel tot in die maalbedryf gestrek het. Die Mededingingskommissie het sy ondersoek ook na die binnelandse kartel en die praktyke in die maalbedryf uitgebrei.

In die geval van die klagte in die Wes-Kaap het die Mededingingstribunaal vir Premier Foods, Pioneer Foods (Sasko) en Tiger Brands skuldig bevind aan oortredings van artikels 4 (1)(b)(i) en (ii) van die Wet op Mededinging. Die Tribunaal het bevind dat die drie firmas gedurende Desember 2006 ooreengekom het op die implementering van stygings in die broodprys, beide ten opsigte van die prys waarteen dit sou styg en die datums waarop dit geïmplementeer sou word.

Hulle het ook ooreengekom dat nie een van hulle nuwe kliënte of vorige werknemers van brood sou voorsien nie. Verder sou nie een van die firmas op 25 en 26 Desember 2006 brood aan enige klante aflewer nie.

In die geval van die ander klagte (die nasionale/binnelandse klagte) het die Mededingingstribunaal bevind dat Pioneer Foods, Tiger Brands, Premier Foods en Foodcorp sedert 1999 partye was tot verskeie oortredings van die Wet op Mededinging. Dit het ooreenkomste vir die verdeling van markte, die vasstelling van pryse en die datums waarop dit in werking sou tree, ingesluit. Hulle het ook gedurende 2003 en 2004 ooreengekom om gedurende die implementering van prysverhogings nie klante toe te laat om van verskaffer te verander nie en om nie mekaar se klante af te rokkel nie.







Die sake teen Premier Foods, Tiger Brands en Foodcorp is gedurende 2009 afgehandel, maar in die geval van Pioneer Foods is finaliteit eers gedurende Februarie 2010 bereik.

Premier Foods is ingevolge sy aanvanklike kwytskelding nie enige boete opgelê nie. Foodcorp het uiteindelik 'n ooreenkoms met die Mededingingskommissie bereik in terme waarvan Foodcorp 'n administratiewe boete van R45,4 miljoen betaal het. Voortspruitend uit die skikkingsooreenkoms tussen Tiger Brands en die Mededingingskommissie, ingevolge waarvan Tiger Brands ooreengekom het om die Kommissie in sy ondersoek by te staan, het Tiger Brands 'n administratiewe boete van R98,7 miljoen betaal.

Pioneer Foods was nie bereid om skuld op die oortreding van die Wet op Mededinging te erken nie en het enduit probeer om sy onskuld te bewys. Dit het egter nie geslaag nie en uiteindelik is die maatskappy in 2010 'n totale boete van R195,7 miljoen deur die Mededingingstribunaal opgelê, waarvan R46 miljoen vir die oortredings in die Wes-Kaap en R149,7 miljoen vir die binnelandse/nasionale oortredings.

Die Mededingingstribunaal het deur die omvang van die boetes asook in die uitspraak 'n sterk waarskuwing gerig teen onmededingende praktyke in landbou.

'n Belangrike voordeel van die bostaande sake, is groter mededinging in die koringbedryf se waardeketting. 'n Nadeel daarvan is egter dat al die bedryfstadistiek in die proses verlore geraak het, omdat die Mededingingsowerhede bedenkinge daaroor uitgespreek het. Die gevolg was dat dit gestaak is en sedert 2007 is statistiek oor hoeveel brood in Suid-Afrika verkoop word, hoeveel meel en watter soort meel verkoop word en in watter provinsie groei ondervind word, nie meer gereedlik beskikbaar nie.

## SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

As verantwoordelike korporatiewe organisasie is Graan SA se strategiese doelwitte nie net daarop gemik om winsgewende en volhoubare graanproduksie vir kommersiële en ontwikkelende produsente te bewerkstellig nie, maar ook op die vervulling van maatskaplike verantwoordelikheid. Graan SA kom hierdie verantwoordelikheid op verskeie wyses na, waarvan die inisiatiewe hieronder net 'n paar voorbeelde is.

### 1. Graandata

Verwerkte vraag en aanbod-inligting vir graan is gereedlik in die wêreldmark beskikbaar, maar soortgelyke verwerkte inligting vir die Afrika- en Suid-Afrikaanse mark is onvolledig. Graan SA verskaf die enigste formele bron van verwerkte inligting oor die Suid-Afrikaanse graanmark. Dit behels die insameling, volgehoue navorsing en vertolking van inligting vir die plaaslike bedryf. Dié markinligting, wat tans gratis deur Graan SA beskikbaar gestel word, word deur plaaslike sowel as internasionale maatskappye en organisasies erken. Die inligting word daagliks op die Graan SA webblad opgedateer.

Objektiewe inligting is noodsaaklik vir die effektiewe funksionering van die vrye mark in Suid-Afrika en vir produsente om ingeligte besigheidsbesluite te neem.

Die rolspelers wat van hierdie data gebruik maak, sluit in:

- Finansiële instansies
- Openbare belanghebbendes
- Handel- en graanlogistieke verwante belanghebbendes
- Produksie- en insetverwante belanghebbendes
- Media
- Verbruikers van graan
- Produsente
- Konsultante
- Internasionale belanghebbendes
- Politici en politieke analiste
- Voedselsekerheidsverwante belanghebbendes



## Ander inisiatiewe

### 2. Die Skoleprogram

Graan SA se Skoleprogram het gedurende die NAMPO-era ontstaan en is aanvanklik deur insetverskaffers (Omnia en Northmec) geborg. Met verloop van tyd het dit deel geword van 'n vennootskap met die Mielietrust, die Wintergraantrust en die AgriSeta, waarvan elk die program op verskillende wyses en in verskillende areas befonds het.

Deur middel van die Skoleprogram word leerders bewus gemaak van die rol van landbou in 'n moderne omgewing asook die bydrae van landbou as bron van voedsel, vesel en energie.

Aanvanklik is die program op NAMPO Park aangebied en was die doelwit om 50 sekondêre, 30 primêre en 20 pre-primêre skole/jaar vanuit al die Suid-Afrikaanse provinsies te betrek. Die program was van die begin af 'n groot sukses en met verloop van tyd is duisende skoolkinders vanuit 'n groot aantal skole daardeur bereik. Dit het tot so 'n mate gegroei dat 'n voltydse personeellid, mnr Heubert McGluwa, in 2004 aangestel is om oor die program toesig te hou.

Vanaf 1 Oktober 2008 is die program na die Ontwikkelende Landbou-afdeling oorgeplaas en dit het aansienlik uitgebrei, aangesien kontrakteurs na skole gestuur is vir voorleggings. Skolebesoeke te NAMPO Park is hiermee beëindig.

Die volgende DVD's vir die skoleprogramme is tans beskikbaar:

- *Food fibre and life* (Die verhaal van hoe landbou ontwikkel het.)
- *Dig in – what is agriculture all about?* (Jy het meer as grond nodig om te boer.)
- *The Economy – what's in it for me?* (Hoe werk die ekonomie?)
- *Your lifeline – the story of bread* (Die storie van brood.)
- *Careers with plants* (Dit verskaf talle opsies vir alle talente en smake.)
- *Careers with animals* (Dit verskaf talle opsies vir alle talente en smake.)

Die begroting vir die huidige skoleprogram (2015/2016), waardeur 300 skole en 50 000 leerders/kwartaal bereik word, beloop R1,4 miljoen. Dit werk uit op ongeveer R4 600/skool, of R28/leerder/jaar (vir al drie besoeke). 'n Fasiliteerder besoek gewoonlik tien skole/week, wat beteken dat 'n bydrae van R46 000/jaar toelaat dat die tien skole drie keer/jaar besoek kan word.

Die grafieke hiernaas toon die vordering van hierdie projek sedert 2010. Elke skool-fasiliteerder rapporteer oor elke besoek, met kommentaar van die onderwysers en leerders van elke skool.

### 3. Meelskenking aan Rustenburg-platinumgordel

Op 23 Januarie 2014 het bykans 70 000 platinumwerkers wat lede van die *Association of Mineworkers and Construction Union* (AMCU) is, in die Rustenburg-area begin staak. Die staking het al drie Suid-Afrika se groot platinummyne geaffekteer.


Vele maatskappye wat nie direk deur die staking geraak is nie, het ook wel die nadelige gevolge daarvan beleef. Maatskappye wat verskaffers van die myne was, het groot verliese gely en in sommige gevalle werkers afgelê of selfs




Die Skoleprogram bereik tans meer as 50 skole en 50 000 leerders/kwartaal.

VAN DIE INSTELLING VAN DIE SKOLEPROGRAM IN 1993 TOT IN 2003 HET 21 080 LEERLINGE EN 1 376 ONDERWYSERS WAT 351 SKOLE VERTEENWOORDIG HET, AAN GRAAN SA SE SKOLEPROGRAM DEELGENEEM.

SEDERTDIEN HET DIE PROGRAM SODANIG GEGROEI DAT 145 274 LEERLINGE VAN 863 SKOLE NET IN 2014 BEREIK IS.



Skole besoek tussen 2010 en 2015 met die finansiële ondersteuning van die Mielietrust, Wintergraantrust en AgriSeta.



Leerders wat die Skoleprogram bygewoon het tussen 2010 en 2015, te danke aan die Mielietrust, Wintergraantrust en AgriSeta.



Bewusmaking by die skoolgaande jeug oor landbou in 'n moderne omgewing, sowel as die bydrae van landbou as bron van voedsel, vesel en energie, kan hier in aksie gesien word.





bankrot gespeel. Die staking het ook 'n wesenlike impak op Rustenburg se mense gehad. Die werkers, wat reeds grootliks in armoede geleef het, het in totaal sowat R11 miljard in salarisse verloor en moes staatmaak op ondersteuning van familie en liefdadigheidsinstellings.

Graan SA het daarvan te hore gekom en wou graag iets doen om die lot van daardie mense te verlig. Gedurende Julie 2014 is 12 ton mielie-meel aan die slagoffers van die Rustenburg-platinumgordel geskenk. Graan SA, in samewerking met Pionier Foods en Loubser Transport, het 'n projek van stapel gestuur waardeur die meel afgelewer en versprei is.

#### **4. Deelname aan 67 Minute Mandela-inisiatief**

Op 18 Julie van 2014 en 2015, op Nelson Mandela se verjaarsdag, het mense van regoor Suid-Afrika die Nelson Mandela-inisiatief vir verandering ondersteun. Die veldtog het ten doel om die belangrikheid van goeie dade in die daaglikse lewens van Suid-Afrikansers te illustreer.

Bramley Kinderhuis is 'n residensiële versorgingsfasiliteit vir getraumatiseerde en mishandelde kinders. Dit bied 'n veilige hawe aan 54 kinders wat 'n behoefte het aan versorging. Met slegs 50% van die uitgawes wat deur die Staat en gereelde skenkings gedek word, is die fasiliteit baie afhanklik van die ondersteuning en skenkings.

Graan SA het met behulp van liefdadigheid-ondersteuningsdienste 67 minute op Mandela-dag 2014 betrokke geraak om van die fasiliteite en geriewe by die kinderhuis op te knap.

In 2015 is 16 sokkerstelle met behulp van XCO Sport aan die kinderhuis geskenk.

#### **5. Graan SA se Momentum-produk – finansiële welstandsprogram**

Wingsgewendheid en volhoubaarheid versus die maatskaplike opheffing van plaaswerkers bly belangrik. Graan SA het in 2015 'n finansiële welstandsprogram vir lede en hul plaasarbeiders saam met Momentum ontwikkel. Die oplossing ondersteun werkgewers om vir die sleutelbehoefes van plaasarbeiders voorsiening te maak. Die produk is tydens die 2015-kongres bekendgestel.

### **STRATEGIESE PLAN VIR DIE GRAANBEDRYF**

Reeds vroeg in sy bestaan het Graan SA betrokke geraak by die ontwikkeling van die Staatspresident se strategiese plan vir landbou, onder leiding van prof Johann Kirsten. Dit was daarop gemik om landbou sy regmatige plek in die Suid-Afrikaanse ekonomie te bied, gebaseer op die beginsels van groei, mededinging, samewerking en gelyke deelname. Die volgende is geïdentifiseer as die beperkende faktore vir bereiking van groei in die landboubedryf:

- Lae en wisselvallige reënval en min goeie bewerkbare grond;
- swak voorligting en ondersteuningsdienste;
- wetgewing wat mededinging kniehalter;
- hoë produksiekoste;
- lae arbeidsproduktiwiteit en hoë koste van ongeskoolde arbeiders;
- misdaad;
- agteruitgang in die navorsingsinfrastruktuur en -kapasiteit;
- kwaliteitsvereistes vir insette, graanprodukte en ingevoerde graan;
- hoë koste van kapitaal;
- swak toegang tot tydige, relevante en akkurate markinligting;
- swak infrastruktuur en logistieke beperkings;
- moeilike toegang tot finansiering en belemmerende wetgewing ten opsigte daarvan; en
- internasionale landboubeleid wat graanmarkte verwing.

Na die ontwikkeling van die strategiese plan was dit duidelik dat samewerking op alle vlakke in die waardeketting noodsaaklik sou wees. Ten einde dit te bereik, is strategiese programme vir die volgende ontwikkel:



**67 Minute Mandela-inisiatief.**





- Swart ekonomiese bemagtiging in die graanbedryf.
- Internasionale marktoegang en handelsbeleid.
- Inligting en kommunikasie.
- Tegnologiese ontwikkeling en oordrag van nuwe tegnologie.
- Tegniese standaarde.
- Menslike hulpbronontwikkeling.

Elkeen van die strategiese programme het 'n plan van aksie vir die implementering daarvan deur die verskillende rolspelers in die graanbedryf gehad. Hoewel die plan in teorie aanvaar is, het dit nooit werklik in praktyk uitvoering gevind nie.

Toenemende deelname van swart boere aan kommersiële landbou sedert 1994 het spesifieke aandag binne Graan SA geniet en die organisasie se besondere bydrae tot die ontwikkeling van daardie boere word later in Hoofstuk 8 opgeteken. Graan SA het dit as deel van sy verantwoordelikhede aanvaar om die inskakeling van die nuwe boere te bevorder dat die doelwitte van voedselsekerheid en langtermyn volhoubaarheid van Suid-Afrikaanse landbou bereik kan word.

## EENHEID IN LANDBOU (ASUF)

Die produsente van Suid-Afrika word hoofsaaklik deur vier verskillende landbou-unies verteenwoordig, naamlik die African Farmers Association of South Africa (AFASA), die Transvaalse Landbou-unie van Suid-Afrika (TLU SA), Agri SA en die National African Farmers Union of South Africa (NAFU SA). Elkeen van hierdie organisasies verteenwoordig 'n spesifieke groep lede.

Graan SA en ander rolspelers in die landbousektor het besef dat die bestaan van die vier verteenwoordigende organisasies nie in belang van die land se produ-sente is nie, omdat dit hulle stem en bedingingsmag verdeel. Na 'n versoek deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, Me Tina Joemat-Pettersson, het die besef ontstaan dat iets gedoen moes word om die verskillende verteenwoor-digende organisasies om een tafel bymekaar te kry en 'n basis te vind waarop hulle in belang van landbou kan saamwerk.

Daar is besluit dat gepoog sal word om prof Mohammad Karaan, dekaan van die Landboufakulteit van die Universiteit van Stellenbosch en voormalige Voor-siter van die Nasionale Landbou-bemarkingsraad, se betrokkenheid te verkry ten einde gesprekke tussen die verskillende organisasies te fasiliteer. 'n Afvaardiging



bestaande uit verteenwoordigers van Agri SA, Graan SA en die Vrystaat Landbouunie het hom besoek en sy ondersteuning verkry. Deur Karaan se bemiddeling het die vier organisasies met mekaar in gesprek getree, wat uiteindelik in November 2012 uitgeloop het op die stigting van die *Agri-sector Unity Forum (ASUF)*, met AFASA, NAFU SA, TLU SA en Agri SA as sy lede. Hierdeur is 'n forum geskep waar wit en swart produsente met mekaar saamwerk om belangrike landboukwessies aan te spreek.

Hoewel Graan SA 'n belangrike rol in die totstandkoming van ASUF gespeel het, is hy nie 'n lid van ASUF nie. Graan SA is wel by Agri SA geaffilieer. ASUF se belangrikste doelwit is om konsensus tussen sy lede te verkry en uit een mond te praat oor sake wat landbou raak.

In besonder gee die ASUF aandag aan mededingendheid van Suid-Afrikaanse landbou, volhoubaarheid van die landbousektor en die ontwikkeling van markte. ASUF is ten nouste betrokke by die debat oor grondhervorming in Suid-Afrika en het voorstelle geformuleer en vir oorweging aan die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, mnr Gugile Nkwinti, voorgelê. Die feit dat die lede daarin kon slaag om, ten spyte van verskille oor baie van die kwessies, konsensus te bereik oor die voorlegging aan Minister Nkwitini oor hierdie uiters sensitiewe onderwerp, is bemoedigend.

ASUF beskik nie oor sy eie sekretariaat of personeel nie en al die lede werk saam om dit te kan laat funksioneer. Mnr Japie Grobler het sedert ASUF se stigting in 2012 as Ondervoorsitter gedien. Hy het in 2014 die leisels oorgeneem as Voorsitter van ASUF na die skielike afsterwe van Me Ntombi Msimang – wat ook die Voorsitter van die Nasionale Landbouberamingsraad was.

Volgens Graan SA se jaarverslag van 2016 kon die landbousektor egter nog nie daarin slaag om 'n eenheidstem vir landbou te skep nie. Omdat Graan SA ten gunste is van een mondstuk vir georganiseerde landbou, is sekretariaat-ondersteuning gedurende 2015/2016 aan ASUF as landbou-eenheidsorganisasie gebied.

## **BOTHAVILLE-KANTOOR: VERSKUIWING NA PRETORIA**

Met die stigting van SAMPI is die hoofkantoor te Bothaville gevestig in fasiliteite wat mnr Crawford von Abo beskikbaar gestel het. Na SAMPI en SAMSO se same-smelting het NAMPO voortgegaan om die hoofkantoor te Bothaville te gebruik. NAMPO het later sy eie gebou op Bothaville verkry wat tot en met die stigting van Graan SA as die hoofkantoor gedien het.

Dié gebou is ook vir ongeveer twaalf jaar deur Graan SA as hoofkantoor gebruik. Gedurende daardie tydperk is by geleentheid ondersoek geloods na die moontlike verskuiwing van die hoofkantoor, maar die bevinding was telkens dat Bothaville die mees geskikte setel vir Graan SA se hoofkantoor was.

Gedurende 2011 is Jannie de Villiers as nuwe Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA aangestel. Die hervestiging van Graan SA se hoofkantoor in Pretoria in 2012 het gevolglik deel uitgemaak van 'n nuwe strategiese fokus wat deur die organisasie se Hoofbestuur goedgekeur is. Graan SA se leierskorps het die realiteit aanvaar dat dit in die beste belang van die organisasie en sy lede sou wees indien die hoofkantoor in Pretoria gevestig word.

Een van die belangrikste oorwegings vir die skuif na Pretoria was skakeling met die Regering en Regeringsorganisasies in die nastreef en uitvoering van Graan SA se doelwitte. Die afstand tussen Bothaville en Pretoria (ongeveer 600 km heen en weer met ongeveer 6 ure reistyd), waar die meeste interaksie met die Regering en rolspelers in die graanbedryf plaasgevind het, het effektiewe beïnvloeding bemoeilik.

Die veranderde omstandighede waarbinne Graan SA gefunksioneer het, tesame met doelwitte vir transformasie, het deurlopend vereis dat nuwe kundigheid in die personeelkorps gevestig moes word. Dit was baie moeilik om daardie doelwitte te bereik met die hoofkantoor te Bothaville, omdat dit nie geredelik moontlik was om BEE kundiges na Bothaville te lok nie.

Die verskuiwing van die hoofkantoor was 'n uitdagende proses. Nie alle Graan SA-lede het daarmee saamgestem nie. Daar was egter voldoende motivering









vir die besluit en dit is suksesvol deurgevoer. Met terugblik blyk dit dat die besluit om Graan SA se hoofkantoor na Pretoria te verskuif, die regte een was. Graan SA behaal positiewe resultate met beïnvloeding van beleid. Skakeling met belangegroep en veral staatsinstellings is meer effektief omdat hulle makliker bereik kan word.

Daarbenewens is dit makliker om kundige en meertalige personeel te werf en aan te stel in 'n stedelike omgewing. Die verandering in die samestelling van die personeelkorps, hoofbestuurslede en ampsdraers het genoodsaak dat Engels as die amptelike taal van sekere vergaderings van Graan SA aanvaar is. Graan SA het ook goed gevorder met die transformasie van sy personeelkorps.

Die organisasie het begin om transformasie in sy leierskorps 'n werklikheid te maak met die aanstelling van mnr Victor Mongoato – Voorsitter van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram-werkgroep – as Visevoorsitter van Graan SA in Maart 2013. Mongoato het sedertdien saam met mnr Andries Theron gediens as Visevoorsitters van die organisasie. Hoewel Me Preline Swart die Visevoorsitterskap tydens Graan SA se 2016-Kongres by Mongoato oorgeneem het, is hy steeds 'n gekoöpteerde lid van die organisasie se Dagbestuur.

Vordering met transformasie in Graan SA het 'n besliste bydrae gelewer tot die skepping van 'n vertrouensverhouding met staatsinstansies. Graan SA handhaaf 'n goeie verhouding met die Regering en het beide mnr Thabo Mbeki en Jacob Zuma, die tweede en derde Staatspresident van Suid-Afrika sedert 1994, op NAMPO Park ontvang. Graan SA het veral met Mbeki baie interaksie gehad tydens die samestelling van die landbouplan. In Maart 2008 het Zuma, toe nog slegs die verkose president van die ANC, die Graan SA Kongres toegesprek.

Een van die vele positiewe resultate van Graan SA se bydrae tot die gemeenskap en sy verhouding met die Regering, was dat hy daarin kon slaag om aansienlike bedrae vir die befondsing vir herkapitaliseringsprojekte vir ontwikkelende produsente van die Staat te verkry.

Samewerking met staatsinstellings het toegeneem omdat Graan SA kan aflewer. Die Departement van Wetenskap en Tegnologie het sedert 2015 begin om Graan SA as navorsingsbefondsingsvennoot te ondersteun vir sojaboon- en koringnavorsing. Intussen is nuwe vennootskappe met die regering oor navorsing en landbouontwikkeling gesluit.

Die Ontwikkelende Landbouprogram van Graan SA kon met behulp van die Nasionale Tesourie se nuutgeskepte fonds vir die bevordering van werkskepping, oftewel die Jobs Fund, in 2015 'n projek van stapel stuur waarvolgens 1 577 kleinskaalse produsente toegang tot insette en meganisasie verkry het om 1 802 ha te bewerk. Hierdie geleentheid stel Graan SA in staat om ook op plaasvlak waardevolle bydraes tot transformasie te maak, soos wat in die volgende hoofstukke na vore sal kom.

## LEIERSKAPSONTWIKKELING

Gedurende 2011 het Graan SA se Hoofbestuur leierskapsontwikkeling en opleiding van sowel jonger produsente as meer gevestigde leiers en mentors as 'n spesifieke strategiese fokusarea aanvaar.

Ten einde meer kennis oor leierskapsopleiding op te doen, het mnr Jannie de Villiers, Hoofbestuurder van Graan SA, gedurende Augustus 2011 die eerste fase van die National Corn Growers Association in die VSA se jaarlikse Leadership Academy-program bygewoon, 'n kursus wat fokus op die ontwikkeling van leierskapsvaardighede van jong produsente. Hy was die eerste buitelandse in 26 jaar wat daardie kursus bygewoon het.

By sy terugkeer het De Villiers die moontlikheid om 'n soortgelyke program vir jong leierprodusente in Suid-Afrika te begin, met mnr Antonie Delpont, Besturende Direkteur van Syngenta in Suid-Afrika, bespreek. Hulle was van mening dat so 'n program baie kon bydra tot die bemagtiging van jong produsente in Suid-Afrika en die ontwikkeling van 'n wetenskaplik gefundeerde benadering tot die toekoms van landbou.

Die Syngenta Graanakademie is in 2012 gestig en 'n leierskapsontwikkelingsprogram is in samewerking met die Sakeskool van die Universiteit van die Vrystaat,

ontwikkel. Dit bestaan uit drie studieblokke van drie dae elk wat oor 'n tydperk van drie maande by die Universiteit aangebied word. Die Graanakademie se eerste kursus, wat in 2013 aangebied is, is suksesvol deurloop deur die volgende individue:

- Bernhard Coetzer, Potchefstroom
- Casper Botha, Potchefstroom
- Chris Bender, Clocolan
- Cobus van Zyl, Bloemhof
- Cobus Grobbelaar, Bothaville
- Corné Louw, Grain SA, Pretoria
- Floyd Murray, Eastern Cape
- Frikkie Theron, Moorreesburg
- Gideon Anderson, Middelburg
- Graham Leslie, Harrismith
- Henk Prinsloo, Middelburg
- Herman Fouche, Potchefstroom
- Jean-Pieter Corver, Harrismith
- Joel Allem, Viljoenskroon
- Johan du Toit, Senwes
- Johan van Huyssteen, Virginia
- Ters Pretorius, Heilbron
- Theo Ferreira, Harrismith
- Tony da Costa, Nigel



Die programfasiliteerders van die Syngenta Graanakademie in 2013.



Syngenta 2013 se Graanakademie-groep, fasiliteerders en dosente.





**Syngenta Grain Academy**

Syngenta glo dat die toekoms van landbou gevorm moet word en hie aan omstandighede oorgevat kan word hie. Vanuit hierdie agtergrond het Syngenta, in samewerking met die Skoolraad van die Universiteit van die Vrystaat, 'n nuutmaakte leierskapsontwikkelingsprogram ontwikkel en reeds vanaf 2013 suksesvol geïmplementeer vir jong kommersiële boere wat die argitekture van hulle se landbou-waarde wil vest.

Die inisiatief word deur Graan SA ondersteun. In die woorde van Janis de Villiers, Lierende Hoofbestuurder Graan SA: "Die stigting van 'n Grain Academy is in lyn met Graan SA se strategiese doelwitte en om te oopgemaakte om in samewerking met Syngenta ook te help om te help. Die toekoms van volhoubare produksie is in ons mededingendheid en of kan met spesifiek verbeter word."

Die Syngenta Grain Academy is 'n leierskapsontwikkelingsprogram en sal die volgende onderwerpe onder meer aanspreek:

- Die veranderinge en uitdagings toekoms van landbou
- Die kake om mekaar saam te neem op 'n pad van nuwe uitdagings
- Hoe om diversiteit tot jou voordeel te gebruik
- Hoe om om te maak uit 'n oopheid van leiding
- Hoe om leiding te neem en veranderinge te fasiliteer in 'n era van transformasie

Die Grain Academy sal die inisiatief op persoonlike en professionele vlak base en maatskappij die breed landbou-gemeenskap. Die program bestaan uit drie blokke van drie dae elk en word by die Universiteit van die Vrystaat se Skoolraad op Bloemfontein aangebied.

"Ek het verheug om van presiese te leer - toe word die grootste leierskapsontwikkelingsprogram - my daatskapsontwikkelings & leierskapsontwikkelings"

Chris Bunker, Oesdag, Vrystaat - 2013 Grain Academy alumni.

**Vir meer inligting en om te registreer, kontak asseblief:**  
 Dr. Pieter Köttinger - dr\_pkoet@syngenta.com of 082 574 2272

Sluitingsdatum vir aansoek: 8 Januarie 2016

SmartFarm **GrainAcademy** syngenta.

Syngenta Buid-Afrika, Privatebag 350, Halfway House, 1685. Tel: (011) 541 4000 Fax: (011) 541 4072  
 www.syngenta.co.za  
 @SyngentaSA



**Graan SA se logo wat in 2000 deur Kongres goedgekeur is, het in 2009 'n gesigwas ondergaan. Die logo se kleure en karakter het onveranderd gebly, maar vir 'n meer praktiese toepassing op byvoorbeeld korporatiewe kleredrag, is die organisasie se naam onder die ikoon ingeskuif.**

**Volgens mediamonitoring-statistiek kon Graan SA gedurende 2014 daarin slaag om die plaaslike Engelse pers se belangstelling in die graanbedryf en voedselkerheid te verhoog terwyl die bedryf se mediaprofiel in die Afrikaanse- en landboumedia suksesvol gehandhaaf is.**

Manlike en vroulike kandidate vanuit diverse omstandighede en kulturele agtergronde kan dit bywoon. Die program se inhoud spreek aktuele sake aan, soos grondhervorming, gebruik van kommunale grond, bemagtiging en ontwikkeling van opkomende boere, arbeidskwessies, werksekerheid en werknemervoordele vir plaaswerkers. Die fokus is egter op die ontwikkeling van die kandidate se leierskap en besigheidsvaardighede.

Die Graanakademie se program het ten doel om die kandidate op persoonlike sowel as professionele vlak te ontwikkel sodat hulle nie net in staat gestel word om op plaasvlak 'n verskil te maak nie, maar ook waarde tot die breër landbougemeenskap toe te voeg.

Benewens sy bydrae tot die vestiging van die Graanakademie, het Graan SA in samewerking met Santam Agri die Jongleierslaboratorium gevestig met die doel om 'n platform te skep waar jong landbouleiers vanuit verskillende agtergronde onder leiding van ervare mentors ontmoet. Jong leiers vanuit staatsdepartemente en die privaat sektor, sowel as jong produsente word na die jaarlikse geleentheid genooi. Kandidate word aangemoedig om buite die formele sessies te netwerk ten einde mekaar beter te leer ken en 'n beter begrip vir elkeen agtergrond en sienings te ontwikkel. Kandidate word ook toegelaat om hulle sienings vryelik oor te dra en die gespreksleiers moedig oop debat aan.

"Die uiters positiewe terugvoer van die deelnemers aan hierdie gesprek, beklemtoon die behoefte wat by jong leiers bestaan om brûe te bou wat die graanbedryf die toekoms kan inneem," aldus De Villiers.

**BEELDBOU EN KOMMUNIKASIE**

Die momentum van beeldbou- en kommunikasie-aksies wat voorheen doeltreffend deur NAMPO en NOPO gedryf is, is sedert 1999 deur Graan SA voortgesit.

Melding moet gemaak word van landboumaatskappye se ondersteuning in die vorm van borgskappe, opneem van advertensiespase en volgehoue deelname aan Graan SA se NAMPO Oesdag, wat 'n wesenslike bydrae hiertoe gelewer het en steeds doen. Hierdie vennootskap met borge is 'n verneme faktor wat meegehelp het om 'n platform te skep waardeur die beeld van Graan SA as produsente-organisasie – maar vernameamlik die saak van die graanprodusent – effektief en tydig uitgedra kan word.

Wat beeldbou en kommunikasie betref, is dit heel duidelik nie net 'n boer wat 'n plan kan maak nie. Die onderskeie produsente-organisasies waaruit Graan SA





gevorm is, moes met beperkte fondse vir mediablootstelling en massakommunikasie vernuftige planne beraam om lede deurlopend ingelig te hou; graanmarkting en -tendense tydig oor te dra, landbou se saak te stel en meningsvormers en rolspelers in die Regering te bereik. Dieselfde uitdagings het Graan SA in die gesig gestaar, maar met die verskil dat tegnologie soos die internet, selfone en satelliet-TV teen 1999 reeds in gebruik was.

Graan SA se openbare betrekkinge- en kommunikasiefunksie is sedert 1999 intern deur 'n skakelbestuurder en/of skakelbeampte behartig. Na dit by tye as 'n aparte afdeling gefunksioneer het en andersins deel van die Bedryfsheffing-afdeling was, is dit in 2015 by die nuutgevormde Bemerkingsafdeling van Graan SA geïnkorporeer.



### **Persoonlike kommunikasie**

Kommunikasie met ons lede en produsente op plaasvlak is 'n prioriteit. Benewens 'n reeks streeksvergaderings wat in aanloop na Kongres gehou is, word spesiale inligtingsvergaderings op sentrale punte in die graanproduserende gebiede gehou indien nodig. Graan SA Hoofbestuurslede speel 'n belangrike rol in tweerigting kommunikasie en daar word gepoog om hulle te voorsien van inligting wat deur Graan SA se 29 streke en die takstruktuur beskikbaar gestel kan word.



Die dienste van Tony Sanderson ('n lobbyist, oftewel 'n gunswerwer), is in 2013 bekom om deure te open vir strategiese gesprekvoering en doelmatige interaksie met regeringsrolspelers. Na die bereiking van sekere doelwitte het Graan SA besluit om dit nie ná 2015 voort te sit nie.

### **Mediaskakeling**

Skakeling met die media geniet deurlopende fokus. Noue kontak word gehandhaaf ten einde toegang te verseker tot 'n maksimum hoeveelheid inligting en agtergrond oor kwessies wat die graanprodusent raak. Graan SA het 'n gevestigde mediaprofiel en 'n sterk verhouding met die landboumedia – veral deur middel van die Landboukrywersvereniging se lede – sowel as die sake- en dagbladpers en uitsaaimedia. Onafhanklike mediamonitoring in 2014/2015 het aangetoon dat die graanbedryf se blootstelling aan die Engelse media oor die afgelope jare verhoog het. Joernaliste van die plaaslike en selfs internasionale media word tydens die NAMPO Oesdag by Graan SA se mediasentrum ontvang.



In aansluiting by die Dagbestuurslede van Graan SA wat gereeld in die media aangehaal word, word die kundigheid van die organisasie se tegniese en ekonomiese spesialiste hoog aangeskryf deur die media.





## Digitaal

Na Graan SA se televisieprogram in 2002 ten einde geloop het, het die Hoofbestuur besluit dat 'n webtuiste gevestig moet word wat die meeste van die program se inligting sou vervat en op 'n gereeld basis bygewerk sou word. Die webtuiste het gespog met 'n maandelikse besoekerstal van 11 000. Die instelling van die eerste SMS-kortboodskapdiens het die organisasie in staat gestel om byna onmiddellik met meer as 2 000 lede/selfoon te kommunikeer.

Gegewe die snel tempo waarteen tegnologie ontwikkel, is die webtuiste in 2007 opgegradeer om die inligting wat dit bevat meer toeganklik en gebruikersvriendelik te maak. Die getal webbladbesoeke het jaarliks toegeneem terwyl Meimaand weens die NAMPO Oesdag die gewildste was.

Die koms van interaktiewe webtuiste-tegnologie en sosialemedia het daartoe gelei dat die webtuiste weer eens in 2013 opgegradeer is om aan die nuwe vereistes te voldoen. Gedurende 2014 is fase 2 van die projek afgehandel met die opgradering van die NAMPO Oesdag-webtuiste en omvattende databestuurstel vir die afdeling Ontwikkelende Landbou om interaktiewe bestuursaksies uit die onderskeie streke te ondersteun. *SA Graan/Grain* is ook in eBook-formaat op die webtuiste bekend gestel.

Die volume daaglikse besoeke aan die markinligting op die webtuiste, getuig ook dat die Graan SA-webtuiste gebruikersvriendelik is en behoeftegedrewe bestuur word. Teen Mei 2015 het die gemiddelde maandelikse unieke besoeke op 49 044 gestaan. In 2015 is lewendige nuusberigte by die webtuiste geïntegreer.

In die 2014-jaarverslag meld mnr Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA, dat Graan SA se teenwoordigheid suksesvol op die sosialemedia-platforms Facebook en Twitter bekend gestel is. Sosialemedia word in die organisasie gebruik hoofsaaklik om dialoog aan te moedig, openbare betrekkinge- en bemarkingsinisiatiewe te optimaliseer en handelsmerkbewustheid te bou deur die handelsmerk aan nuwe mense bloot te stel en betrokkenheid te verhoog.

Gedurende 2014/2015 het aktiwiteit op die @GrainSA Twitter-rekening aansienlik toegeneem vanaf 253 volgelinge in die vorige verslagtydperk tot 1 682. Benewens twiets tydens alle groot Graan SA-geleenthede, soos die Kongres en NAMPO, word die rekening ook gebruik om daaglikse markverslae en brandstofverslae te versprei.

Die Graan SA Facebook-bladsy se getal volgelinge het in die tyd meer as verdubbel, vanaf 1 000 volgelinge in Desember 2014 tot 4 828 op 1 Desember 2015. Hierdie platform is meer gewild en lede bly op 'n daaglikse grondslag met die organisasie en medegemeenskapslede in verbinding. Met die integrasie van die Graan SA YouTube-kanaal word die deel van inligting tussen die sosialemedia-platforms vereenvoudig. Graan SA het ook 'n Instagram-rekening gestig, wat 942 volgelinge het.

'n Tweeweeklikse elektroniese nuusbrieff wat per e-pos aan lede versprei word onder die titel *Graan SA Perspektief* is in 2008 bekend gestel. Aktuele inligting oor die bedryf asook verwickelinge in die inset-, produksie- en markomgewing





word deur die nuusbrieff gekommunikeer. Die nuusbrieff word ook op die webtuiste gepubliseer. Die *Graan SA Nuusflits* word ingespan om dringende, belangrike en relevante inligting – soos landbouproduksietoestande – aan lede te versprei.

## Radio

’n Tweeweklikse RSG-radioprogram word deur die skakelbeampte bestuur en daar word met die reël van onderhoude van Graan SA-dagbstuurslede op verskeie radiostasies en uitsaaimedia gehelp. ’n Radioveldtog is in 2015 geïmplementeer wat op Engelsprekende stedelike belanghebbendes fokus. Tydens ’n landbouebewustheidsveldtog is uitsaaigleuwe op 702 Talk Radio verkry.

## Gedrukte publikasies

Met ’n deurlopende fokus op die produsentelede van Graan SA as primêre teikengehoor, is deur middel van *SA Graan/Grain*-tydskrif voortgebou op die sukses van *Mielies/Maize* as mondstuk van die organisasie, maar ook as as gerespekteerde vaktydskrif van die graan- en oliesadebedryf. Die Ontwikkelende Landbouprogram publiseer maandeliks die *Pula Imvula*-nuusbrieff – ’n publikasie wat in sewe tale vertaal word en op ontwikkelende produsente gemik is. Graan SA publiseer ook die jaarlikse *Graangids*, wat nuttige kontakte en artikels oor saad, werktuie, bemesting, geïntegreerde plaagbeheer, lewendehawe, geld en finansiële dienste en – laaste maar nie die minste nie – inligting oor Graan SA bevat, asook belangrike kontakte en ’n bygewerkte kalender vir die komende jaar.

Graan SA se jaarverslag, wat tydens Kongres dien, bevat volledige terugvoer oor die werksaamhede van die gekose leierskap en personeelkorps gedurende die jaar onder oorsig en sluit die geouditeerde finansiële resultate in. ’n Aantal tema-gefokusde pamflette vir spesifieke teikengehore word jaarliks geproduseer.

Ter ondersteuning van Graan SA se skakelaksies gemik op regeringsrolspelers, is ’n publiseringsooreenkoms met Cape Media aangegaan in 2012 vir die tweemaandelikse publisering van *Harvest SA*. ’n Bydrae is sodoende gelewer om ’n groter bewustheid van die graanbedryf en sy uitdagings by die teikenmark te skep, waarna die ooreenkoms in 2015 ten einde geloop het.

## Advertensieveldtogte

’n TV-advertensieveldtog wat op regeringsrolspelers gemik is, is gedurende 2013 van stapel gestuur. Die boodskap van die veldtog het gehandel oor die rol van landbou in voedselsekerheid asook die impak van samewerking oor ’n breë spektrum.



’n TV-advertensieveldtog is in 2013 geloods.



’n “Landbou gee lewe”-veldtog en TV-advertensie is in 2015 geloods.





# 6 Graan SA se NAMPO OESDAG

Wat in 1967 begin is as 'n geleentheid vir mielieprodusente om meganisasietoerusting op 'n nie-mededingende basis op een plek teen mekaar op te weeg, het inderdaad gegroei tot 'n ge-diversifiseerde landbouhandelskou van internasionale formaat.

Na 50 jaar word Graan SA se NAMPO Oesdag teen 2016 gereken as die toonaangewende vertoonvenster van landbou in suidelike Afrika; en behels selfs meer as dit: Dit is 'n ruitverwysing van vooruitgang in landbou; 'n tegnologie-telbord – en 'n jaarlikse instelling wat 'n samehorigheidsgevoel onder landbouers versinnebeeld.

'n Oud-hoofbestuurder van NAMPO én Graan SA – en 'n Oesdagpionier in eie reg – mnr Giel van Zyl, verwoord die landbougemeenskap se sentiment soos volg: “Die Oesdagprojek se grootste bydrae benewens die feit dat dit 'n inkopieplek vir landbouers is, is die samehorigheid wat dit onder alle graanboere skep, want dit is iets wat deur hulle opgebou, beman en bestuur is. Tewens, daar is min dinge wat soveel trots by graanboere skep soos die Oesdag.” Van Zyl reken voorts die Oesdag is 'n verlengstuk van mense in landbou se insette oor jare om die beste belang van die graanprodusente te propageer as deel van die graanbedryf se stryd om erkenning en oorlewing.

## ONTSTAAN EN VESTIGING

SAMPI, oftewel die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente-instituut, is in 1966 gestig deur mielieprodusente wat ontevrede was met die feit dat diegene wat die mieliebedryf hanteer het nie bona fide-mielieboere was nie én hulle verkeerde hantering van die ekonomiese sake van die bedryf. Vir SAMPI was dit 'n uitdaging om as nuutgestigte mielieprodusente-organisasie deur die toue te klim teen die regeringsgesteunde mielie-spesialiteitsorganisasie (SAMSO) en georganiseerde landbou. 'n Gemeenskaplike strewe na behoorlike en demokratiese verteenwoordiging het egter die jonge SAMPI leeuemoed gegee om die “groot mieliestryd” met durf aan te pak.

Die Oesdag het sy ontstaan te danke aan die inisiatief van drie produsente van Bloemfontein, mnre Moos Haddad, Hannes van Wyk en George Stegmann – al drie lede van die destydse SAMPI-distriksbestuur van Bloemfontein.



Mnre Moos Haddad, Hannes van Wyk en George Stegmann was die stigterslede van die SAMPI Oesdagprojek. Die eerste Oesdag is op 7 en 8 Junie 1967 in die Bloemfontein-distrik gehou.

**“ EK VERTROU DAT DIE OESDAG NOG EENDAG WÊRELDBEROEMD SAL RAAK SOOS DIE BLOMMEFEES VAN HOLLAND, DIE RYNFEESTE VAN DUITSLAND EN WINDHOEK SE KARNAVAL. ”**  
– Die eertydse direkteur van SAMPI, dr Willie Kotze, in 1967 na afloop van die heel eerste Oesdag.



Video: Mnr Crawford von Abo vertel oor die ontstaan van die Oesdag.



Een van die vroegste Oesdae uit die lug gesien – teen ongeveer 1969.

## MEGANISASIE-UITSTALLERS TYDENS 1STE OESDAG IN 1967

1. Malcomess
2. Sentraalwes Koöperatiewe Maatskappy
3. International Harvester
4. John Deere
5. John Roderick & Southy
6. Lambons
7. Lifa
8. Mangolds

Dié drie musketiers wie se plase noord van Bloemfontein aan mekaar gegrens het, het die daad by die woord gevoeg en op 7 en 8 Junie 1967 is die eerste SAMPI Oesdag op Donkerhoek – Van Wyk se plaas – naby Bloemfontein gehou. In totaal het agt uitstallers deelgeneem en 203 mense het dit bygewoon. Hierdie beskeie begin was die ontstaan van 'n landbougefokusde, behoeftegedrewe handelskou wat konstant gegroei het en teen 2016 is 685 uitstallers en 75 116 besoekers geakkommodeer.

“Ons het die Oesdag begin omdat ons boere en masjinerievaardigers by mekaar wou uitbring. Vir mielieboere was die sestigerjare 'n oorgangstyd na grootskaalse meganisasie en losmaathantering van grane. Daar was 'n wesenlike behoefte om trekkers en implemente op 'n groter skaal te sien as wanneer slegs een maatskappy sy produkte op jou plaas demonstreer,” het Van Wyk aan *Mielies/Maize* (voorganger van *SA Graan/Grain*) in die April 1989-uitgawe gesê. Die droom was dus om 'n platform te skep waar verskaffers van meganisasiewerktuie en produsente mekaar ontmoet sodat ingeligte produksie- en aankoopbesluite geneem kan word.

Van Wyk vertel verder dat dit bloedsweet gekos het om die eerste Oesdag te organiseer. Trekker- en implementvaardigers moes oorreed word om deel te neem. Uiteindelik het agt maatskappye ingestem en Lister het 'n kragopwekker verskaf.

## Streksgebaseerde oesdae volg

Haddad se plaas, Hopefield, is aangewys as basis van SAMPI se Oesdag vanaf 1968. Aangesien Hopefield teenaan die Bloemfontein/Bultfontein-teerpad geleë is, was sy beter toeganklikheid waarskynlik die rede waarom die Oesdag tot en met 1972 daar gehou is.

“ WANNEER JY AAN MENSE TERUGDINK, IS DIT ALTYD MOEILIK OM IEMAND SPESIEK UIT TE SONDER. DIT IS EGTER ONMOONTLIK OM NIE DIE DRIE MUSKETIERS VAN BLOEMFONTEIN, MOOS HADDAD, HANNES VAN WYK, GEORGE STEGMANN EN HUL GADES, TE VERMELD NIE. HULLE WAS DIÉ MET DIE GROOT IDEE (VAN 'N OESDAG) IN 1966.

– Mnr Dennis von Abo, Oesdagdirekteur; 1983.



'n Geraamde weergawe van die eerste Oesdag se plakkaat hang in die administratiewe kantore op NAMPO Park.



**DIE TERM "OESDAG" IS AFKOMSTIG VAN DIE MEGANISASIEFOKUS OP OESTOERUSTING TYDENS DIE HEEL EERSTE OESDAG IN 1967. IN DIE JARE WAT DAAROP GEVOLG HET, IS DIE WERKTUIE WAT OP 'N NIE-MEDEEDINGENDE BASIS ONDER WERKENDE TOESTANDE GEDEMONSTREER IS, UITGEBREI OM ALLE FASETTE VAN DIE PRODUKSIESIKLUS IN TE SLUIT. DIE OESDAG-BENAMING HET DIE TOETS VAN DIE TYD DEURSTAAN EN WORD VANDAG STEEDS GEBRUIK.**

*Die Landman* berig in Julie 1969 dat sowat 2 000 produsente oor die twee dae in 1969 op Hopefield teenwoordig was. Transaksies ter waarde van R50 000 – 'n stewige bedrag vir daardie jare – is oor die twee dae beklank. Dr AJA Roux, Voor­ sitter van die Raad op Atoomkrag, was die hoof­ spreker en mnr Fanus Rautenbach, alombekende radioman, die aankondiger.

Wat die beheerde werktuig­ demon­ strasies betref, is die normale pro­ sedure gevolg soos wanneer 'n produsent self sy oes sou bewerk. Demon­ strasies het ingesluit dié van stil­ staande dors­ masjiene, daarna selfaangedrewe en trekdors­ masjiene, waarop die omploeg van geoeste lande gevolg het. Planters in aksie is vanaf 1970 byge­ voeg.



'n Argieffoto van die tweede SAMPI Oesdag. Dit is op Haddad se plaas, Hopefield, geneem.



In die beginjare het 'n hoof­ spreker deel uitgemaak van die Oesdag­ pro­ gram. Dr AJA Roux, Voor­ sitter van die Raad op Atoom­ krag, was 1968 se hoof­ spreker.



Praktiese demon­ strasies van land­ bou­ toerusting op 'n nie­ mededingende basis was sedert die ontstaan van die Oesdag vir sowat 40 jaar lank 'n kern­ fokus.



'n Beheerde meganisasie-demonstrasie tydens die Oesdag in 1972.



Teen 1972 het die streeksoesdae al beslag gekry. Só lyk die plakkaat van daardie jaar.

Die Oesdag se sukses en groei was 'n bevestiging dat SAMPI 'n unieke resep beet gehad het. Om 'n verskeidenheid trekkers en werktuie onder werkende toestande op 'n nie-mededingende basis op een perseel te demonstreer, het 'n dringende behoefte van mielieprodusente aangespreek. Hoewel die reëlingskomitee vernuftig te werk moes gaan om meganisasie-uitstellers te oortuig om deel te neem, was die Oesdagkonsep besig om vinnig veld te wen – tot SAMSO en kie se ontsteltenis, maar tot opbou van 'n onblusbare gees van samehorigheid wat besig was om in SAMPI-geledere pos te vat.

Hierdie gewildheid het daartoe gelei dat bykomende oesdae vanaf 1969 op 'n streeksbasis onder die vaandel van SAMPI se Sentrale Oesdagkomitee gehou is, naamlik een op die Oostelike Hoëveld (vandag Mpumalanga) en een in die Wes-Transvaal (die huidige Noordwes Provinsie). Die Oesdag wat naby Standerton gehou is, is aanvanklik op die plaas Roodebank van mnr Flip Viljoen aangebied. Dit het later jare verskuif na die plaas Uitgezocht van mnr Tienie Louw in die Hendrina-distrik. By Ottosdal is dit aangebied op die plaas Rietvlei van Me Annie Lombard. Teen 1972 het die drie Oesdae op verskillende terreine met 'n bywoning van meer as 11 000 produsente gespog.

### Eerste nasionale Oesdag

Teen 1972 is 'n Sentrale Oesdagkomitee gevorm om die streeksoesdae te oorsien. Mnr Janneman Venter, Voorsitter van die komitee, het in 1972 ná 'n besoek aan die VSA om die Field Show-model te ondersoek en in samewerking met die vervaardigers, die saadjie geplant van een sentrale Oesdag maar op 'n groter skaal.

Dit het vir SAMPI 'n doelwit geraak om 'n permanente oesdagterrein die jaarlikse middelpunt van landboumeganisasie in Suid-Afrika te maak. Die verskaffers van meganisasietoerusting en werktuie het ook aangevoer dat een sentrale uitstalling- en demonstrasiepoging vir hulle meer bekostigbaar en effektief as drie afsonderlike

**“ DIE OESDAG IS EEN VAN DAARDIE GEBEURTENISSE WAT 'N MENS NIE DURF MISLOOP NIE, WANT OOR DRIE DAE IS DIT WAAR ALLES OP DIE GEBIED VAN LANDBOU GEBEUR. “**  
*– Mnr Japie Grobler, Voorsitter van NAMPO; 1996.*

### DIE NAME VAN VERSKEIE SALE OP NAMPO PARK IS AAN DIE OESDAG SE GESKIEDENIS ONTLEEN

- **Donkerhoek-saal** (plaas van mnr Hannes van Wyk, waar die eerste Oesdag gehou is)
- **Hopefield-saal** (mnr Moos Haddad se plaas, waar die Vrystaatse Oesdae aangebied is)
- **SAMPLI-saal** (voorganger van Graan SA)
- **NAMPO-saal** (voorganger van Graan SA)
- **Fanie Ferreira-saal** (laaste Voorsitter van SAMPI en eerste Voorsitter van NAMPO)
- **Roodebank-saadsaal** (mnr Flip Viljoen se plaas, waar die Oos-Transvaalse Oesdae aanvanklik aangebied is)



oesdae sou wees. 'n Besluit van die komitee in Oktober 1972 om vanaf 1973 die drie oesdae in "een massiewe aanbieding" te kombineer en op 'n sentrale, permanente terrein aan te bied, het dus gelei tot die eerste gekombineerde Oesdag wat in 1973 op die tydelike nasionale Oesdagterrein op Ottosdal gehou is.

Toe die plaas Marthaville in die Bothaville-distrik in die mark kom, is die besluit geneem om die grond aan te koop en dit vir dié doel te ontwikkel. Bothaville/Viljoenskroon-distrik is beskou as 'n lokaliteit wat maklik bereikbaar is vir produsente van reg oor die land. Ongeveer 80% van die destydse mielieproduksiegebied was binne 'n radius van 160 km vanaf Bothaville geleë. Marthaville grens ook aan 'n teerpad, wat toeganklikheid en verkeer geoptimaliseer het.

Dit moet gemeld word dat hoe die grond in SAMPI se besit gekom het, deels in misterie gehul is. Oorlewering wil dit hê dat dit in geheel aan SAMPI geskenk is, maar dit is onbevestig. Die oesdagterrein is saamgestel uit drie titelaktes, waarvan die kleiner gedeelte (sowat 25 ha) deur mnr Louis Luyt, destydse eienaar van Triomf Kunsmis en latere rugbybaas, geskenk is omdat hy SAMPI se saak gesteun het.



Die eerste gekombineerde Oesdag is in 1973 op 'n plaas naby Ottosdal aangebied. Om die voorafgaande oesdae van die Vrystaat en die Oos-Transvaal daar te akkommodeer, is die terrein met nagenoeg 100 morges vergroot.

Die vorige eienaar van Marthaville, mnr Jan Bothma, was as SAMSO-ondersteuner blykbaar nie gediend daarmee om direk aan SAMPI te verkoop nie. Dié uitdaging is omseil deurdat mnr Flip Grobler – wie se grond aan Marthaville gegrens het – die plaas van 171 ha aangekoop en dadelik aan SAMPI oorgedra het. Aangesien SAMPI in daardie stadium 'n relatiewe jong organisasie was, moes die twaalf dagbestuurlede, waarvan Grobler een was, noodgedwonge in hulle persoonlike kapasiteit vir die verbandlening borg staan. 'n Derde stuk grond is in die laat tagtigerjare deur NAMPO aangekoop om 'n skaapprojek as deel van die grondomskakelingskema te huisves.

In 1973 is mnre Hannes van Wyk en Callie van Wyk deur SAMPI afgevaardig om 'n Field Harvest Day in Nieu-Seeland te besoek om hulself te vergewis van hoe die kiwi's dit doen.

## Die NAMPO-era breek aan

Na intervensie deur die destydse Minister van Landbou, mnr Hendrik Schoeman, is eenheid in die mieliebedryf uiteindelik bewerkstellig. SAMPI en SAMSO is ontbind en het op 3 Oktober 1980 plek gemaak vir die totstandkoming van die Nasionale Mielieprodusente Organisasie oftewel NAMPO. Die Oesdag – as 'n prominente deel van SAMPI se bruidskat – is gevolglik tot die NAMPO Oesdag herdoop.

Gedurende die bykans 20 jaar wat gevolg het, het die NAMPO Oesdag in elke opsig van krag tot krag gegaan. Wat aanvanklik 'n mieliegefokusde handelskou was, is gediversifiseer en uitgebrei om die Suid-Afrikaanse landboubedryf in geheel te akkommodeer. Dit het ontwikkel tot een van die bekendste plaaslike landbouhandelsmerke en spog selfs vandag met 'n sterk bewustheid in Afrika en die buiteland.



'n Blik uit die lug op die Oesdagterrein kort voor die groot stormloop begin het in 1973.

**“DIT IS VERAL VIR ONS  
INSETVERSKAFFERS EN  
VERTONERS WAARVOOR  
EK BAIE DANKIE WIL SÊ.  
HULLE IS JAAR NA JAAR  
DIE LEWENSBLOED VAN  
DIE OESDAG. GROOT  
UITGAWES WORD DEUR  
HULLE AANGEGAAN OM  
MILJOENE RANDE SE  
LANDBOUTOERUSTING  
EN DIERE NA DIE OESDAG  
TE BRING.**

**– Mnr Bully Botma,  
Oesdagvoorsitter, 1996.**



Spesiale erkenning is verleen aan ses van die 1967-Oesdag se agt uitstallers wat vandag nog uitstal, asook aan 17 uitstallers wat onafgebroke sedert 1974 op die huidige terrein uitstal. By die funksie was personeel van New Holland SA, Argo, Barloworld Agri, Kempston Agri (Claas), Eqstra (Deutz & Same), Shell, Syngenta, Rovic Leers, Pannar, Senwes en Bessemer.

## UITSTALLERS IN 2016 WAT SEDERT 1974 OP NAMPO PARK UITSTAL

1. New Holland SA
2. Argo Industrial
3. John Deere
4. Northmec
5. Barloworld Agriculture
6. Kempston Agri (Claas)
7. Eqstra (Deutz & Same)
8. Shell
9. Syngenta
10. Andrag Agrico
11. Erdvark Implemente
12. Rovic Leers
13. Pannar
14. Senwes
15. Engen
16. Bessemer

## Graan- en oliesadebedryf word een

Eenwording in die graan- en oliesadebedryf het bykans twee dekades later in 1999 gevolg ná die deregulering van landboubemarking in 1997. Spesialiteitsorganisasies wat produsente uit die mielie-, wintergraan-, sorghum- asook olie- en proteïensadebedrywe verteenwoordig het, het gesamentlik die grootste landbouprodusente-organisasie in die land gestig. Die Oesdag was weer eens deel van die bates wat NAMPO na die nuutgestigte spesialiteitsorganisasie gebring het.

Die aanvanklike benaming – die Graanprodusente-organisasie (GPO) – het op 8 Maart 2000 plek gemaak vir 'n splinternuwe korporatiewe identiteit, toe die "Graan SA" eenparig deur die jaarkongres goedgekeur is.

Met 'n trotse geskiedenis wat oor vyf dekades strek, is die Oesdag vandag 'n kombinasie van die nuutste landboutegnologie, produkverskeidenheid, innovasie, gesprekvoering, 'n mekka van netwerkgeleenthede en landbou-gasvryheid, wat sy reputasie gestand doen as suidelike Afrika se vertoonvenster van landbou.

Graan SA het tydens 'n spesiale geleentheid tydens NAMPO 2016 erkenning gegee aan uitstallers, vrywilligers, landboueierskap en personeel se bydrae tot die Oesdag sedert 1967. Spesiale erkenning is verleen aan sewe van die 1967-Oesdag se agt uitstallers wat vandag nog uitstal asook aan sestien uitstallers wat onafgebroke sedert 1974 op die huidige terrein uitstal.

## DEUR PRODUSENTE VIR PRODUSENTE

Sedert sy ontstaan word die Oesdag besit en aangebied deur vrywillige graanprodusente-organisasies: Eers SAMPI, later – ná eenwording in die mieliebedryf in 1980 – deur NAMPO; en sedert die konsolidasie van graanorganisasies in 1999 deur Graan SA.

Die wenresep van 'n doeltreffende komiteestelsel, ondersteuning van vrywilligers uit die gemeenskappe in die graanproduksiegebiede én toegewyde personeel, het daartoe bygedra dat die Oesdag vandag wyd erken word as die grootste landbou-uitstalling in privaat besit ter wêreld.

Dieselfde determinasie van mielieprodusente wat tot die stigting van SAMPI gelei het, het in die organisasie van die Oesdag weerklank gevind, met 'n beginsel van "deur boere vir boere" wat spoedig posgevat het. As jong organisasie kon SAMPI nie juis voltydse personeel bekostig nie en lede moes self moue oprol om die werk gedoen te kry. Jaarliks het meer as 200 vrywilligers bestaande uit lede van Graan SA en sy voorgangers en hul gesinne asook mense uit die gemeenskap wat die saak van die Oesdag ondersteun, ingesprong om verversings voor te berei en te bedien.



Video: 'n Gedenk-DVD-produksie om die 50ste Oesdag in 2016 te herdenk, is in opdrag van Graan SA vervaardig.





Graan SA het tydens 'n 50 jaar-geleentheid op Vrydag, 20 Mei, die organisasie se oud-leierskap, NAMPO Oesdag-komitee lede, vrywilligers, personeel en vriende van die Oesdag onthaal. Op die foto is die landbouleierskap verantwoordelik vir Graan SA se NAMPO Oesdag oor die afgelope bykans drie dekades. Voor: Vic Mouton (Oesdagvoorsitter 2001 - 2005), Jub Jubelius (Oesdagvoorsitter 2005 - 2011), Cobus van Coller (Oesdagvoorsitter sedert 2011) en Johan Loxton (wat as Bestuurder: Komersiële Diente vir die afgelope 20 jaar aan die stuur van die NAMPO Oesdag se organisering staan). Agter: Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoofbestuurder: Graan SA), Japie Grobler (Oesdagvoorsitter 1987 - 1989) en Bully Botma (Oesdagvoorsitter 1989 - 2001).

## Landbouleierskap

Die oesdagpioniers was daarop ingestel om die Oesdag as mededingende SAMPI-produk te vestig en terselfdertyd die behoefte van produsente effektief aan te spreek. Die drie grondleggers van Bloemfontein het regdeur die beginjare 'n sterk teenwoordigheid gehandhaaf in die organisering van die Oesdag wat op Hopefield gehou is, asook die ander streeksoesdae wat sedert 1969 begin posvat het.

Mnr Kobus Kotzé het die voortou geneem in die organisering van die Oos-Transvaalse oesdag. In die Wes-Transvaal het mnr Callie van Wyk van Ottosdal leiding geneem. Mnr Paul Jordaan was vanaf 1974 die Oesdagvoorsitter en is in 1983 deur Van Wyk opgevolg.

Teen die vroeë tagtigerjare is die amptenary ondersteun deur 'n reëlingskomitee bestaande uit vrywillige produsente wat nie noodwendig op die Hoofbestuur



Die eerste geboue het in 1974 op die permanente Oesdagterrein verrys. Hier word die vloer van een van die restaurante gegooi.

**“ONS SAL DAARTEEN MOET WAAK OM NIE TOE TE LAAT DAT DIE OESDAG IN 'N VLOOIMARK ONTAARD NIE. DIE DOEL VAN DIE OESDAG IS OM AAN INSETVERSKAFFERS DIE GELEENTHEID TE GEE OM OP 'N PERSOONLIKE BASIS MET ONS BOERE KONTAK TE MAAK EN SODOENDE DIE JONGSTE TEGNOLOGIE OP DIE GEBIED VAN LANDBOU AAN HULLE OOR TE DRA.**

**– Mnr Giel van Zyl,  
Hoofbestuurder van  
NAMPO; 1996.**

**VANJAAR – EN IN DIE TOEKOMS – SAL DIE KLEM EGTER STEEDS VAL OP LANDBOU- EN LANDBOUVERWANTE UITSTALLERS. U IS OOK REEDS BEWUS VAN ONS UITGANGSPUNT DAT ONS NIE GETALLE, HETSY BESOEKERS OF UITSTALLERS, NAJAAG NIE. DIE NAMPO OESDAG IS EN BLY 'N BESIGHEIDSGELEENTHEID, WAAR 'N PLATFORM GESKEP WORD VIR INSETVERSKAFFERS EN PRODUSENTE TEN EINDE INGELIGTE PRODUKSIE- EN AANKOOPBESLUITTE TE NEEM.**

**– Mnr Vic Mouton,  
Oesdagvoorsitter, tydens 'n perskonferensie in 2002**

van NAMPO gedien het nie. Enige lid van die publiek kon as vrywilliger by die Oesdag diens doen. Na 'n paar jaar is so 'n persoon gewoonlik genader om op 'n komitee te dien en kon selfs later as voorsitter van 'n komitee of die Oesdag-komitee aangewys word.

'n Besluit deur die Hoofbestuur van NAMPO om die Oesdagkomitee onder die beheer van die Hoofbestuur te plaas in die tagtigerjare, het meegebring dat die Oesdagkomitee se voorsitter voortaan 'n gekose hoofbestuurslid van NAMPO moes wees. Hierdeur is die beheer van die Oesdag as 'n prominente kommersiële diens opnuut met dié van die organisasie bely.

Mnr Japie Grobler – destyds 'n lid van die Oesdagkomitee én hoofbestuurslid van NAMPO – is gevolglik in 1987 verkies tot Voorsitter van die NAMPO Oesdagkomitee as 'n werkskomitee van die NAMPO Hoofbestuur. Grobler – 'n bekende landbouleier wat ook die enigste persoon is wat op die hoofbestuur van SAMPI, NAMPO en Graan SA gedien het – het hierdie posisie tot en met 1989 bekleed. Die komiteestelsel – wat vandag steeds in gebruik is – het gesorg dat die ratwerk seepglad funksioneer en was teen 1987 saamgestel uit 'n dagbestuur asook 'n demonstrasie-, kroeg-, skakel-, terrein-, vee-, verversings-, boerdery en boerepatentekomitee.

'n Volgende besluit van die Hoofbestuur het behels dat alle gekose hoofbestuurslede tydens die Oesdag moes aanmeld vir werk. Die wat nie kon nie, moes met NAMPO se voorsitter uitklare waarom hulle nie kan diens doen nie.

Die Oesdagvoorsitters vanaf 1987 was soos volg:

- Mnr Japie Grobler van Bothaville (1987 - 1989)
- Mnr Bully Botma van Bothaville (1989 - 2001)
- Mnr Vic Mouton van Koster (2001 - 2005)
- Mnr Jub Jubelius van Hennenman (2005 - 2011)
- Mnr Cobus van Coller van Viljoenskroon (2011 - 2016)

## Senior amptenare van die Oesdag

### **Hannes van Wyk, Besturende direkteur: SAMPI en SAMPI Oesdagdirekteur 1974 - 1976**

Toe Marthaville in 1974 die permanente tuiste van die Oesdag geraak het – en met SAMPI se kantoor geleë op Bothaville – is die oesdagpionier, Hannes van Wyk, aangestel as Hoofbestuurder van SAMPI en terselfdertyd as Oesdagdirekteur. Sy opdrag rakende die Oesdag was om die vestiging daarvan op die plaas uit te voer en dus ook die uitleg van die terrein en demonstrasie-area te bestuur.

Twee reuse-restourante en toiletgeriewe – die eerste geboue op die terrein – is be tyd vir die 1974-Oesdag opgerig. Ander permanente geriewe het ingesluit 'n administratiewe hoofkwartier, ingangshekke, biertuin en karavaanpark. Die uitstalsterrein en geboue het 16 ha beslaan.

Die mobiele demonstrasies van die 1974-Oesdag het voorsiening gemaak vir stropers, dorsmasjiene en plukkers, droërs en massahantering-balers, harke, hamermeulens, stoppelbewerkingsimpelemente; ploë, kunsmisstrooiers, planters, skoffel- en grondbreekimpelemente asook spuittoerusting.

Verskeie insetverskaffers het spontaan ingespring en kosteloos gehelp om Marthaville in 'n volwaardige Oesdagterrein te omskep. Massey Ferguson het die plaas van hoek tot kant gratis omgeploeg terwyl brandstof vir die trekkers deur Shell geskenk is. Pionier Saad het die saad gegee, Fedmis die kunsmis, Ciba Geigy die onkruidodders, VETSAK die spuitapparaat, impelemente is deur verskeie maatskappye verskaf en ses werkershuise is gratis deur TAFSCO opgerig.

*Die Landman* (Februarie 1974) beskryf die ontwikkeling van die Oesdagplaas as "'n skitterende voorbeeld van samewerking en spanwerk tussen SAMPI se Oesdagbestuur en 'n aantal private maatskappye en koöperasies wat die dienstema van die Oesdag op die hart gedra het." In die jare wat gevolg het, is strukture soos die Hopefield- en Donkerhoek-sale opgerig. 'n Vliegvelde is gevestig asook ablu-siegeriewe by die karavaanpark. 'n Beeskompleks het in 1978 gevolg.



Mnr Hannes van Wyk



## WAT IS ONDER DIE SWART DOEK?

In die beginjare is probleme ondervind omdat baie van die vervaardigers nie aan die Oesdag wou deelneem nie. Hannes van Wyk vertel van een trekkermaatskappy wat hardnekkig geweier het om aan die Oesdag deel te neem. Die reëlingskomitee het toe een van die maatskappy se trekkers in die middel van die terrein getrek en onder 'n swart doek toegegooi, wat natuurlik baie aandag getrek het. Dit was blykbaar die laaste keer dat dié maatskappy nie deel van die Oesdag was nie.



Mnr Dennis von Abo

Wat verversings betref, mag niemand anders as die Oesdagkomitee enige verversings op die terrein gebring het nie. 'n Sterk vrywilligerskorps was dus onontbeerlik. Die slag van skape en beeste en die verwerking daarvan was 'n grootskaalse aktiwiteit in die week voor die Oesdag. Vrywilligers is gedurende die Oesdag ingespan om die braaiwerk te doen en slaai te maak. Hierdie vrywilligers het bestaan uit produsentelede, lede van hul gesinne asook mense uit die gemeenskap.

Sedert 1974 is 'n damesprogram aangebied. Dit het uit sprekers, demonstrasies en 'n modeparade bestaan.

## DIT WAS DAREM NIE ALLES WERK EN GEEN TYD VIR SPEEL NIE...

- *Die Landman* (voorganger van *SA Graan/Grain*-tydskrif) van April 1974 berig soos volg: "Vir die aande is daar vuurwarm vermaak. Dit sluit in 'n verskeidenheidskonsert, 'n kabaretvertoning en 'n Oesdagbal."
- Hannes van Wyk vertel in April 1989 aan *Mielies/Maize* dat na afloop van die vroegste Oesdae se verrigtinge, daar in 'n tent tot ligdag gedans en jolyt gehou is "dat selfs die tent byna in die stof gebyt het."

## Dennis von Abo, Oesdagdirekteur 1976 - 1987

Danksy 'n bemerkingsloopbaan in die meganisasiëbedryf was mnr Dennis von Abo instrumenteel om 'n gesonde basis van werktuig- en implement-uitstallings by die Oesdag te vestig. Onder sy beheer het die Oesdag uit sy 1974-skoene tot 'n volwaardige landbouskou ontwikkel.

In 1977 is die eerste buitelandse deelname aan die trekker- en implement-demonstrasies aangeteken toe 'n vervaardiger van die destydse Rhodesië deelgeneem het. Demonstrasies is op vier persele aangebied wat oesdagangers in staat gestel het om die volle reeks demonstrasies op vasgestelde tye te kon besoek.

Die 1982-oesdag kan beskou word as 'n mylpaaljaar aangesien verskeie voltooide permanente geboue op die terrein in gebruik geneem is, waaronder die NAMPO/Shell-inligtingsentrum. Die oesdagkantore is hier gehuisves asook 'n sitkamer en kroegarea vir belangrike gaste. Volgens Dennis kon hy deur onderhandeling met mnr Church van Niekerk van Shell ook Kaaps-Hollandse geelhouttafels en riempie-stoele asook 'n ingeboude soliede hout kroegtoonbank as skenking verkry.

Ander voltooide geboue wat in 1982 in gebruik geneem is, het ingesluit:

- NAMPO Museum (geborg deur Mobil)
- Malcomess-gebou
- Ford opleidingsentrum
- Bayer SA-gebou
- Vetsak-gebou
- International Harvester-gebou
- Natuurgroei-gebou
- Spartan Cages-gebou
- Rietvlei-saal (later omskep in die Klub 200-restaurant en tans die Graan SA ledelokaal)

Wat demonstrasies betref, is die eerste dag gewy aan statiese uitstallings. Op die tweede en derde dag het 'n grootskaalse demonstrasie van werktuie plaasgevind met die statiese uitstallings steeds daar vir besigtiging. Sedert 1983 is die demonstrasies in verskillende kategorieë aangebied om toeskouers in staat te stel om werktuie en implemente direk met mekaar te vergelyk. Vanaf 1987 is trekkers volgens kilowatt-grootte gegroepeer.

Verskeie kultivarproewe en NAMPO maksimumopbrengsproewe was ook gereed vir die Oesdag van 1982. Hierdie ontwikkelings is in 1983 voortgesit, toe die Beeskompleks en die Trek-toegangshekke in gebruik gestel is. Die Fanie Ferreira-saal (vernoem na die laaste voorsitter van SAMPI en eerste voorsitter van NAMPO) met bedieningsruimte vir meer as 1 200 mense tegelyk, danksy 'n borgskap van Total, is in 1983 in gebruik geneem. Hierna is die skaapkompleks en die Mielieraadgebou in 1984 en die perdekompleks in 1985 voltooi. Die Fanie Ferreira-saal se onderdakstoep is in 1988 bygevoeg. 'n Biertuin en 'n teekamer vir ander lafenisse is ook ingestel.

'n Gebou wat veral aan sy inisiatief te danke is, is die Museum – wat deesdae bekend staan as die Engen Museum. Von Abo het die borge en die trekkers en toerusting wat in die museum uitgestal word – wat tot 1917 terugdateer – ingesamel. Hy was ook verantwoordelik vir die ontstaan van die NAMPO/Fedmis Boerepatentekompetisie in 1985. Omnia het die borgskap sedert 1988 oorgeneem en teen 2013 is die kwarteebestaan van die gewilde oesdagattractie gevier.

Von Abo het daarin geslaag om oor tyd 'n uitstekende span plaas- en terreinwerkers op Marthaville te vestig, wat vir hul bydrae tot die Oesdag se ontwikkeling verdien om vermeld te word.



Mnr Fanie Ferreira (links) en Dennis von Abo lê die eerste stene van die Fanie Ferreira-saal op die NAMPO-terrein.



Natuurgroei se nuwe gebou op hul standplaas was voltooi vir die 1982-Oesdag.



Malcomess se splinternuwe kompleks in wording op die Oesdag-terrein; 1982.



'n Foto wat dateer uit die laat sewentigerjare beeld die opwinding uit van 'n demonstrasie deur 'n bespuitingsvliegtuig tydens die Oesdag.



Video: 'n Gees van samewerking tussen die produsente, vrywilligers en personeel het deurentyd geheers – mnr Giel van Zyl.





Mnr Giel van Zyl



Video: Nuwe reëls is deur die Oesdagkomitee ingestel en moes toegepas word – mnr Giel van Zyl.

**Giel van Zyl, Bestuurder Administrasie van NAMPO 1983 - 1992; Hoofbestuurder van NAMPO 1992 - 1999; Hoofbestuurder van Graan SA 1999 - 2001**

Sedert mnr Giel van Zyl hom in 1983 by NAMPO aangesluit het, was die Oesdag deel van sy bestuursverantwoordelikheid. As skakel tussen die destydse Hoofbestuurder, dr Piet Gous, en die Oesdagkomitee was hy onder andere getaak met strategiese oesdagbeplanning en om te verseker dat dit uitgevoer word – iets wat Van Zyl se persoonlike vermoë om groot planne innoverend tot in die fynste detail uit te voer soos 'n handskoen gepas het.

Die eerste deel van die langtermynstrategie met die Oesdag was om dit landwyd erken te kry. Hoewel dit reeds 'n sterk staanplek in die mark ontwikkel het, was die Oesdag teen 1983 nog in kompetisie met ander landboukoue. Dit was ook nie 'n gegewe dat uitstallers elke jaar sou deelneem nie en daar was ruimte om dit te omskep in landbou-uitstallers se voorkeur tentoonstellingsplatform.

Met die doel om dit na 'n handelskou van wêreldformaat te laat ontwikkel, is 'n visie- en missiestelling wat deur die Oesdagkomitee opgestel is deur NAMPO se Hoofbestuur aanvaar. Hierna was dit duidelik dat tyd en energie belê moes word in die uitbreiding van die standaard van die oesdagterrein en fasiliteite, verskerping van uitstallersreëls en 'n hernude fokus op die uitbou van die Oesdag se karakter as 'n suiwer landbouhandelskou.

“In die vroeë tagtigerjare was die terrein nie omhein nie en uitstallers en besoekers het oral geparkeer. Die feestelike atmosfeer is verder beklemtoon deur die biertuin wat in die middel van die terrein geleë was. Uitstallers het ook beperkte reëls gehad om by te hou,” vertel Van Zyl.

Gedurende die jare wat gevolg het, het die Oesdagkomitee strenger reëls neergelê, soos dat geen uitstaller gedurende die Oesdag op die terrein mag kom met 'n voertuig nie. Verder is die duur van die Oesdag verleng van een en 'n halwe dag na drie dae en uitstallers se kontrakte is sodanig verander dat werktuig- en implementvervaardigers moes onderneem om hulle goedere uit te stal. Deelname aan beheerde demonstrasies was ook nou verpligtend.

Van Zyl vertel verder dat dit nie aldag maklik was om die reëls wat deur die komitee neergelê is, af te dwing en toe te pas nie. Menige uitstallers kan getuig van die toegangshekke wat vir uitstallers ingestel is – en hoe dit spoedig as die “vloekhekke” begin bekend staan het. Hoewel dit 'n uitdaging was om uitstallers gewoon te maak aan die nuwe huisreëls, is 'n standaard sodoende gestel wat die Oesdag se organisasie en statuur gelykstel met dié van menige internasionale landbouhandelskoue.

Vanaf 1983 is kos ook by ander punte op die terrein voorsien as net in die restaurante. Wegneemetes en koeldrankkiosks is sedert 1984 op 'n groter skaal ingestel.

In 1988 het die Oesdag weens 'n bogemiddelde reënseisoen gevaar gestaan om afgestel te word. Volgens Van Zyl was die terrein na meer as 900 mm reën deurdrenk en dat vinnige optrede nodig was. Gevolglik is dreineringspompe ingespan om die terrein betyds droog te lê.

Deur skakeling met insetverskaffers kon hy maatskappye oortuig om as borge betrokke te raak by die oprigting van sale wat onderdak uitstalruimtes op die terrein sou uitbrei, maar ook meer permanensie sou verleen aan maatskappye se verbintenis met die Oesdag. Voorbeelde hiervan was die Sentraoes-saal, Foskor Mediasentrum, Eskom-saal, die LNR-gebou en die eerste fase van die huidige Afrox-gebou.

Maatskappye se vertroue in die Oesdag as 'n strategiese handelskou is verder bevestig deur hul investering in permanente strukture op hul standplase. Teen 1996 is nuwe geboue opgerig deur Staalmeester, Interlov, Sanvet, Pumpmaker en Mercedes-Benz. NAMPO het hierop gereageer deur permanensie in die infrastruktuur, geriewe en fasiliteite op die terrein te skep. In dieselfde jaar is die Roodebank-saadkompleks ingewy en die vernuwing van die Donkerhoek-saal het gevolg.

Erkenning word gegee aan die argitek, Freek du Plessis, wat baie gratis hulp met planne gegee het, Willem le Roux, die bouer wat meeste van die geboue se steenwerk

## NOMMER, ASSEBLIEF!

- Teen 1983 is telefoongeriewe by vyftien standplase beskikbaar gestel.
- Na 'n tydelike selfoon-toring in 1996 gesorg het vir selfoonverbinding, het MTN en Vodacom in 1997 'n permanente tooring op die terrein opgerig.



Die NAMPO Oesdag-handelsmerk was nog in gebruik tot met Graan SA se stigting in 1999. Hoewel die naam behoue gebly het, staan die skou sedertdien amptelik bekend as Graan SA se NAMPO Oesdag.

gedoen het en Dappies Venter wat bykans al die staalstrukture van geboue opgerig het – weliswaar teen vergoeding maar met besondere lojaliteit teenoor die Oesdag.

Van Zyl se visie om 'n groot saal wat 127 uitstallers kan huisves en nagenoeg 3 600 m<sup>2</sup> beslaan, is verwesenlik toe die NAMPO Saal tydens die 1998-Oesdag in gebruik geneem is. Hierdie moderne toevoeging tot die onderdak uitstalruimte is afgerond toe dit toegerus is met matte en professionele uitstalhokkies. Die uitstalmetode, wat deur mnr Johan Loxton ingestel is, is sedertdien na elkeen van die sale op die terrein uitgebrei.



Drie van die harde werkers in die Fanie Ferreira-saal. Van links verskyn Petra Kruger, Annatjie van Zyl en Theresa Jordaan. Hier is hulle in druk gesprek besig om 'n ernstige probleem wat opgeduik het, op te los. Petra was teen 1991 in beheer van die spyseniering en Annatjie in beheer van die ontbytssessies.



Video: Mnr Giel van Zyl vertel hoe 'n dame van Mpumalanga oor die foon vir NAMPO Park water aangewys het.



Die mense stroom die Fanie Ferreria-saal binne en dit moet hier vat, daar vat en raak vat! Soos dit maar elke jaar die geval is, het al die vrywillige helpers en helpsters uur-na-uur die aanslag van honger mae getrotseer. Dank gaan aan al die vroue wat op dié wyse hul plekke oor jare vol gestaan het.



'n Toneel wat spreek van 'n miernes mense tydens die tweede dag van die 1985 NAMPO Oesdag.





Die NAMPO Saal wat in 1998 in aanbou was.

Globalisering het daartoe gelei dat internasionale deelname, naamlik afvaardigings én individuele of georganiseerde uitstallers, reeds sedert die tagtigerjare 'n algemene gesig by die Oesdag geword het. Die *Western Australian Regional Manufacturers* het in Suid-Afrika se politieke sanksiejare besluit om hier te kom uitstal aangesien Wes-Australië se landboustoestande met dele van Suid-Afrika ooreenstem. Die Australiese paviljoen is uiteindelik in die vroeë 1990's as die Oesdag se eerste internasionale paviljoen gevestig.

### Gemeenskappe

Die NAMPO Sekondêre Landboukool en Hoërskool Bothaville se leerders het jaarliks tydens die Oesdag kom diens doen op die terrein, waarvoor die skole 'n bedrag ontvang het en in ruil van die fasiliteite kon gebruik vir skoolfunksies. NAMPO Sekondêr is vandag steeds betrokke by die Oesdag.

Nog 'n plaaslike gemeenskapsinisiatief wat ontstaan het, was die Mieliehoofstad Toerismeforum se gastehuisprojek wat nie net gastehuse nie, maar ook privaat wonings wat aan die sogenaamde mieliegradering voldoen, betrek om akkommodasie tydens byvoorbeeld die Oesdag en Kongres te verskaf. Teen 1995, toe die projek afgeskop het, was die bedbesetting op 80 gaste aangeteken. 'n Totaal van 200 gastehuse in die Bothaville-omgewing en buurdorpe het egter akkommodasie aan ongeveer 5 400 besoekers verskaf gedurende NAMPO 2016.

Die Rotariërklub asook die Hervormde Kerk van Bothaville was die eerste gemeenskapsorganisasies wat wegneemetekiosks as fondswerwingsaksie bedryf het, terwyl al die ander restaurante en kospunte onder beheer van die Oesdag was



Klankgreep: Vertelling oor die oprigting van die NAMPO Saal – mnr Giel van Zyl.



Die Muur van Herinnering is in 1998 opgerig.

## MUUR VAN HERINNERING KRY STAANPLEK OP NAMPO PARK

Hennenman Boerevereniging het in 1998 'n inisiatief van stapel gestuur om 'n gedenkmuur op te rig wat ten doel het om 'n versamelpunt vir name van slagoffers van plaasaanvalle te wees. Hierdie Muur van Herinnering is 'n monument ter nagedagtenis aan die produsente en hul families wat sedert 31 Mei 1961 in plaasaanvalle dood is.

Aangesien NAMPO Park se sentrale ligging dit ideaal maak vir die verering van slagoffers van plaasaanvalle het die NAMPO Oesdagkomitee ingestem dat die gedenkmuur op die terrein digby die hoofingang opgerig word. Teen 2016 was meer as 2 000 name reeds op die muur aangebring.



Mnr Johan Loxton

en deur vrywilligers beman is. Broekman Studiegroep sou in die jare wat volg betrokke raak by die bemanning van die biertuin en Allanridge Studiegroep by die toegangshekke. Nagenoeg 500 vrywilligers het in die stadium gedurende 'n Oesdagweek kom skouer aan die wiel sit.

### ***Johan Loxton, Bestuurder: Administrasie en later Bestuurder: Kommersiële Dienste van NAMPO en toe Graan SA 1996 - 2016***

Toe Loxton hom in 1996 by NAMPO aansluit as Bestuurder: Administrasie was die basis van die Oesdag en die infrastruktuur op die terrein gevestig. Met 'n menslike hulpbronbestuur- en sake-agtergrond sou sy uitdaging wees om in samewerking met die Oesdagkomitee hierdie eiesoortige landbou-handelstentoonstelling voortdurend te laat aanpas by die nuutste neigings en om aan die voorpunt van tegnologie te bly.

Loxton het 'n sleutelrol gespeel in die ontwikkeling van infrastruktuur (elektrisiteitverspreiding, waterretikulasie, rioolstelsel en vullisverwydering) sowel as die algemene modernisering van die administrasie, uitstallingsmetodes, fasiliteite en kommunikasie. Hy vertel dat deurlopend gefokus is op die inhoud van wat aangebied is en die wyse waarop die Oesdag bestuur is.

Namate kommersiële boerderye ter wille van volhoubare winsgewendheid begin diversifiseer het, het die keuse van uitstallers en die fasiliteite dinamies in pas gebly met nuwe ontwikkelings en die nuutste boerderytegnologie ten einde vandag so te sê aan elke faset van landbou aandag te gee.

Wat getal uitstallers en bywoning betref, het die Oesdag sedert die deregulering van landboubemarking in 1997 oor die afgelope twee dekades bykans verdubbel. 'n Egalige verspreiding van besoekers oor die vier dae is onder andere bereik deur die georganiseerde program vir elke dag dieselfde te maak.

### ***In pas met verandering***

Ten einde top uitstallers te betrek en om tred te hou met die konstante groei van die Oesdag is NAMPO Park se infrastruktuur doelmatig ontwikkel en op aanbeveling van die Oesdagkomitee het NAMPO en later Graan SA jaarliks fondse teruggeploeg in die opgradering van die terrein en die fasiliteite.

Die Oesdag sou nie die impak van 'n afname in openbare dienslewering kon vryspring nie en dit was voor die hand liggend dat NAMPO Park selfvoorsienend moes word vir die huidige behoeftes en vir die toekoms. Tegnologie en hulpmiddels is dus ingespan om moderne stelsels vir kragverspreiding, waterverspreiding en riolering te installeer.

Ondersteuningsdienste vir veiligheid en ramphulp op die terrein is vroeër jare deur Bothaville se plaaslike owerheid verskaf. 'n Beheersentrum is egter in 2010 ingerig wat tydens die Oesdag deurlopend in kontak is met die SAPD, verkeersowerhede, mediese nooddienste, lugverkeerbeheer en al die dienste op die terrein ten opsigte van elektrisiteit, gas, riool, vullisverwydering en brandbestryding. Deur samewerking met provinsiale verkeersowerhede is toegangsroetes na en van die Oesdagterrein verbeter.

**“ DIE ALGEMENE TERUGVOER VAN UITSTALLERS IS DAT DIE VOLUME BESIGHEID GEDOEN BO VERWAGTING IS EN IN BAIE GEVALLE SELFS DIE VORIGE JARE SE SYFERS OORTREF. EWENEENS IS DIE TERUGVOER VAN BESOEKERS SPONTAAN POSITIEF OOR DIE HOË STANDAARD VAN UITSTALLINGS EN VAN DIE TERREIN. ”**

**– Mnr Jub Jubelius, Oesdagvoorsitter; 2006.**





1960's



2015

Waar die Oesdag in 1967 met net agt uitstallers en 'n tydelike terrein afgeskop het, spog Graan SA se NAMPO Oesdag teen 2016 met 'n moderne, toegeruste terrein wat meer as 650 uitstallers met gemak kan huisves.

#### TOE EN NOU: UITSTALLERS- EN BYWONINGSGETALLE

Jaar	Getal uitstallers	Bywoning
1967	8	203
1974	32	"Duisende egte boere"
1983	175	13 000
1996	280	42 000
2000	516	50 400
2005	576	68 802
2010	650	68 900
2015	Meer as 650	69 584
2016	685	75 116

Hoewel voorafverkope van kaartjies sedert 2006 ingestel is, is 'n elektroniese kaartjiesstelsel wat aanlyn-aankope bied, toegangsbeheer optimaliseer en akkurate bywoningsyfers verseker, sedert 2015 in samewerking met TicketPro geïmplementeer.

Die uitgebreide Oesdagkomitee van weleer is intussen meer vaartbelyn gemaak. Sedert die verversings grootliks op tenderbasis aan organisasies toegeken word, is die komitee meer koördinerend van aard. Die Oesdagvoorsitter word bygestaan deur 'n ondervoorsitter en sameroepers van die meganisasie- en 4x4-demonstrasies en vee-uitstallings terwyl die algemene bestuur, terrein, administrasie, funksies en spyseniering deur Graan SA-personeel hanteer word.

**BUITEN DAT DIE NAMPO OESDAG WÊRELDWYD VIR SUID-AFRIKA ONGELOOFLIKE GOEIE REKLAME MEEBRING, IS DIT 'N ABSOLUTE NOODSAAKLIKE GEBEURTENIS VIR ENIGE KOMMERSIËLE BOER. DIT IS DIE PLEK WAAR JY ALLES BYMEKAAR OP EEN PLEK SIEN EN AANKOOPSBSLUITTE KAN NEEM. HIER IS OOK ONGELOOFLIKE NETWERKGELEENTHEDE. DIT IS DIE PLEK OM TE WEES AS JY IN LANDBOU IS.**

**– Mnr Johan Loxton, Bestuurder: Kommersiële Dienste van Graan SA; 2015.**





Die beheerde werktuig- en implementdemonstrasies was vir sowat 40 jaar 'n kernaspek van die Oesdag.



In pas met die tyd...besoekers aan NAMPO kan sedert 2015 kaartjies aanlyn deur TicketPro koop.

“ GRAAN SA SE NAMPO OESDAG MAAK 'N ANDER WÊRELD VIR 'N MENS OOP. 'N PRODUSENT SE BEHOEFTE EN FOKUS OP SY PLAAS IS ELKE JAAR ANDERS EN ONDER HIERDIE GROOT OESDAG-SAMBREEL IS DAAR IETS OM ELKE PRODUSENT SE SPESIFIEKE BEHOEFTE JAARLIKS TE BEVREDIG. ”

– Mnr Cobus van Coller, Oesdagvoorsitter; 2012.



Klankgreep: Volgens mnr Johan Loxton het uitstallers se aanbiedingsmetodes oor tyd verander, maar die Oesdag se doelwitte het dieselfde gebly.

“ NAMPO IS 'N VOORLOPER IN DIE TRANSFORMASIE VAN LANDBOU IN ONS LAND. EK HET NOG NOOIT SO BAIE SWART BOERE GESIEN WAT 'N VERHAAL VAN VERANDERING VERTEL NIE. ”

– 'n Twiet deur Prof Jonathan Jansen, rektor van die Vrystaatse Universiteit, na sy eerste besoek aan die Oesdag; 2012.





NAMPO Park se aanloopbaan vir ligte vliegtuie en helikopters word goed benut gedurende die Oesdagweek.



Die 4x4-demonstrasiebaan trek jaarliks groot groepe toeskouers.

### *Hoogtepunte en mylpale*

Uitbreidings, opgraderings en aktiwiteite wat gerealiseer het met Johan Loxton aan die stuur van Oesdagsake, was soos volg:

- Geboue wat in samewerking met uitstallers opgerig is, sluit in Senwes, Omnia, Claas, Northmec en SA Truck Bodies. Verskeie uitstallers het ook die permanente strukture op hul standplase opgegradeer.
- Die toegangspad is vanaf die hoofingang op die terrein geteer, grondpaaie is geplavei en bykomende grasperke is tussen die geboue en op standplase gevestig.
- Onderhandelings met John Deere wat al in Van Zyl se tyd begin het, is deur Loxton voortgesit en uiteindelik met besondere ondersteuning van Mouton as Oesdagvoorsitter deurgehaak.
- 'n Nuwe aanloopbaan vir ligte vliegtuie en helikopters – met 'n bemande beheertoring tydens die oesdagweek – is in 1999 op die terrein gevestig en word deur uitstallers, besoekersgroepe, private vlieëniers en landbouprodusente gebruik. Tydens NAMPO 2016 het 448 vliegtuie en/of helikopters daar geland.
- Die eerste fase van 'n eie elektrisiteitsverspreiding-projek op die terrein is in 2000 voltooi en 'n substasie en vier transformators is in die jaar in gebruik geneem. As een van die grootste kapitaalprojekte tot op daardie stadium, het Botma hom goed van sy taak as Oesdagvoorsitter gekwyt om die Dag- en Hoofbestuur van NAMPO se steun vir die projek te verkry.
- 'n 4x4-hindernisbaan is in 2000 aan die suidekant van die terrein ontwikkel en weer in 2008 opgegradeer.
- In 'n steekproef op Woensdag, 15 Mei 2001, is 5 800 produsente by die beheerde implement- en werktuigdemstrasies getel.
- 'n Mieliehop Pendeldiens na en van NAMPO Park word sedert 2001 deur die Mieliehoofstad Sakekamer in samewerking met die taxidrywers uit die gemeenskap van Bothaville bedryf. Geborgde voertuie word ook ingespan. Die diens is sedertdien uitgebrei om selfs op aanvraag 'n roete vanaf Gauteng en elders in te sluit.
- Nuwe standplase, uitstalruimtes, geplaveide paaie en toiletgeriewe is jaarliks geskep en het meegebring dat die Oesdagterrein stelselmatig sedert 2001 in 'n suidelike rigting uitgebrei het.
- As gevolg van praktiese omstandighede is die restaurante en wegneemete-kiosks sedert 2001 aan instansies wat op fondsinsameling aangewese is, soos skole, kerke en boereverenigings, op 'n tenderbasis toegeken.



Graan SA het tot sowat 2001 van vrywillige kombuiswerkers gebruik gemaak.



Prof Jonathan Jansen, Rektor van die Vrystaatse Universiteit, (middel) in die BBP-ontvangslokaal tydens sy besoek aan die Oesdag in 2012. Saam met hom is mnr Jannie de Villiers en Anton Botha van Graan SA.



Deel van die spesiale behandeling vir Graan SA-lede is 'n ledeparkeerarea en vervoer daarvandaan na die ledelokaal.



Graan SA-lede word in die ledelokaal getrekteer.

- Graan SA se nuwe BBP-ontvangslokaal is in 2002 in gebruik geneem.
- Teen 2002 is bykans 80 ha ingespan vir die praktiese meganisasie-demonstrasies.
- 'n Ligte vliegtuig word sedert 2003 gebruik om die verkeer te monitor en verkeersverslae beskikbaar te stel.
- Die grootste getal werktuie en implemente in die geskiedenis van die Oesdag is in 2004 gedemonstreer oor 'n wydte van nagenoeg 4 km.
- 'n Ledelokaal vir uitsluitlike gebruik van Graan SA se volopbetaalde lede, is in 2006 op die terrein ingerig. Die lokaal is in 2014 na die ou Klub 200-gebou ver skuif aangesien dit nader aan die lede-parkeerarea geleë is en beter fasiliteite bied om gaste te ontvang.
- Hoewel die beheerde meganisasie-demonstrasies vir sowat 40 jaar 'n belangrike komponent van die Oesdag was, het die Oesdagkomitee, na goedkeuring deur die Hoofbestuur van Graan SA, ingestem dat daar vanaf 2009 nie meer praktiese demonstrasies aangebied word nie. Die besluit is geneem om uitstallers van werktuie tegemoet te kom in hul poging om kostes – en meer spesifiek die vervoer van die werktuie – te beperk en om hul voortgesette deelname aan die Oesdag te verseker.
- Uitstallers wend sedertdien rekenaartegnologie, elektroniese tentoonstellings en selfs gesimuleerde ervarings op hul standplase aan om hul statiese uitstallings te ondersteun.



Die Oesdag se rol as gespreks- en dialoogplatform het sedert 2013 beslag gekry met die Nasie in Gesprek-forum waarvan daar tydens die Oesdagweek TV-opnames gemaak en dan wyd gebeeldsind word. Dié toevoeging stimuleer diskoers wat gevoer word oor aktuele landbousake asook makro-faktore wat die ekonomie en samelewing beïnvloed.



- 'n Ekonomiese impakstudie wat in 2008 deur die Vrystaatse Universiteit uitgevoer is, het aangedui dat die spandering deur besoekers aan Bothaville sowat R7 miljoen tydens die Oesdag beloop terwyl uitstallers se spandering R3,5 miljoen bedra het.
- 'n Opknappingsprojek van die beeskompleks se voorste gedeelte het in 2011 afgeskop en is teen 2015 voltooi.
- 'n Ploegkompetisie, wat as kwalifiseerder vir die Wêreld Ploegkompetisie gedien het, is tussen 2013 en 2015 tydens die Oesdag deur Graan SA in samewerking met Tubestone aangebied.
- 'n Afslaerskompetisie word sedert 2015 in samewerking met die tydskrif, *Veeplaas*, en Toyota in die veilingskompleks aangebied.
- Die eerste fase van die 8 000 m<sup>2</sup>-uitbreiding van uitstalruimtes op die ou suidelike parkeerarea – asook die skep van 'n nuwe parkeerarea aan die suidekant van die terrein – is gedurende die Oesdag van 2013 in gebruik geneem.
- Die gewilde Nasie in gesprek-gesprekforum – waarin Graan SA, Senwes en ander maatskappye vennote is – betrek sedert 2013 denkende leiers uit verskeie affiliasies, politieke agtergronde en die besigheidsektor om tydens die Oesdag dialoog te voer oor landbousake van nasionale belang en oplossings te vind om die landboubedryf se toekoms en lewensvatbaarheid te verseker.
- Na die bywoning van die Damesprogram oor tyd afgeneem het, het die SAMPI-saal sedert 2015 plek gemaak vir 'n wyer verskeidenheid van damesgerigte uitstallers.
- Verskeie saadmaatskappye neem deel aan saadplotte wat in 2015 op die nuwe deel van die terrein gevestig is. Die toevoeging gee oesdaggers die geleentheid om verskaffers se kultivars in praktiese produksieomstandighede te bekyn en te vergelyk.



Spesiale voorsiening word vir lede van die plaaslike en oorsese media gemaak by Graan SA se mediasentrum.



'n Gratis trekker-en-waentjie-vervoerstelsel is ingestel vir individue wat minder mobiel is...en vir voete wat moeg ge-NAMPO is.

NAMPO se veetoonstellings is verteenwoordigend van die meerderheid van rasgenootskappe in die land.



# KITSFEITE OOR DIE OESDAGTERREIN

1. Die Oesdagterrein funksioneer soos 'n munisipaliteit op sy eie.
2. Elektrisiteit word sedert 2000 in grootmaat vanaf Eskom aangekoop en self op die terrein versprei.
3. Watertoevoer en -verspreiding, riolering en vullisverwydering word self hanteer.
4. Skoonmaakdienste tydens die Oesdag word self gelewer.
5. Sugslote, geplaveide paaie en dreineringspype is aangebring om die afvloei van water te verbeter en om van die standplase droog te lê.
6. Die Oesdagkomitee het in 2002 besluit om die terrein te herdoop na NAMPO Park.
7. Onderdak-uitstalruimte op die terrein beslaan tans 17 060 m<sup>2</sup> en die buite-uitstalruimtes trek die skaal op 170 630 m<sup>2</sup>.
8. NAMPO Park is die tuiste van Graan SA se Oesdag en Kongres.
9. Die fasiliteite en geriewe is ontwikkel en word deur die jaar gebruik vir konferensies, veilings, troues, korporatiewe funksies en produk bekendstellings.
10. 'n Volledige spysenieringsdiens word gebied.
11. Graan SA se gastekamers op die terrein bied luukse akkommodasie.



Die Damesprogram het sedert 2015 plek gemaak vir 'n groter verskeidenheid uitstallers wat op die skoner geslag gefokus is.





Welkom by Graan SA Radio...mnr Jannie de Villiers van Graan SA (links) is in gesprek met mnr Christie Hansen van OFM Stereo – wat Graan SA Radio jaarliks namens Graan SA bedryf.



Oesdagvoorsitter Cobus van Coller (links) en Johan Loxton in die elektrisiteit-beheerkamer. Elektrisiteit word in grootmaat aangekoop en self op die terrein versprei.



Kort voor sakteryd in die Mediasentrum se nuuskantoor loop die konsentrasie hoog (foto bo). Mnr Charl van Rooyen van Landbouweekblad span uit oor etenstyd (foto onder).

- 'n Gratis trekker-en-waentjie-vervoerstelsel met vasgestelde roetes is in 2015 ingestel om vervoer dwarsoor die terrein te vergemaklik.
- Die toegangshekke word al vir bykans twee dekades deur Engen geborg en beman.
- Graan SA se NAMPO-handelsmerk word deurlopend uitgebrei en versterk deur middel van die volgende mediums:
  - NAMPO Oesdag-webtuiste
  - Skakeling met landbou- en ander media
  - Toegeruste mediasentrum op NAMPO Park
  - Mediaverklarings en perskonferensies
  - Inligtingskantoor op NAMPO Park
  - Spesiale Oesdaguitgawe van *SA Graan/Grain* in April gepubliseer
  - Gratis boekie met uitstallerslys by hekke beskikbaar
  - Uitstallerslys voorheen op 'n mobi-stelsel vir selfone beskikbaar
  - Graan SA Radio sedert 2012 op die lug vir die duur van die Oesdag. Dit word bedryf deur OFM Stereo en hou luisteraars op hoogte van verkeersvloei, gebeure op NAMPO Park, handelsnuus en aktuele landboukundige inligting
  - NAMPO Oesdag toep (*app*) sedert 2015 beskikbaar – bevat inligting, dagprogram, terreinkaart en nuus
  - Teenwoordigheid op sosialemedia-netwerke
- Namate kommersiële boerderye ter wille van volhoubare winsgewendheid begin diversifiseer het, het die Oesdagkomitee se keuse van uitstallers en die fasiliteite dinamies in pas gebly met nuwe ontwikkelings en die nuutste boerderytegnologie ten einde vandag so te sê aan elke faset van landbou aandag te gee.

## INTERNASIONALE DEELNAME

Die Oesdag bied 'n ideale geleentheid vir internasionale uitstallers om ondersoek te kom instel of daar 'n mark vir hul produkte in Suid-Afrika is en om kontak te maak met plaaslike verspreidingsnetwerke.

'n Afvaardiging van Argentinië het in 2008 die eerste keer aan die NAMPO Oesdag deelgeneem, wat sedertdien ontwikkel het tot 'n Argentynse paviljoen. In 2010 het sowat vyf Amerikaanse uitstallers deelgeneem terwyl nuwe produkte uit Australië ook ten toon gestel is. Vanaf 2011 het besoekersgroepe uit Afrika begin posvat.

Teen 2012 het gekombineerde uitstallings vanuit Amerika en Argentinië deel gevorm van die oorsese uitstallers, met individuele uitstallers uit Pakistan, Brasilië, Italië en Denemarke. Meer as 45 internasionale uitstallers was teen 2013 by die Oesdag betrokke.



Die internasionale belangstelling in die Oesdag is onderstreep deur die ondertekening van 'n samewerkingsooreenkoms met die Argentynse Expoagro-skou in 2010. Nagenoeg 60 internasionale uitstallers uit nege lande het in 2015 aan die Oesdag deelgeneem.

Internasionale afvaardigings van die volgende lande is in 2014 geakkommodeer: Amerika, Argentinië, Brasilië, Denemarke, Frankryk, Hongarye, Italië, Israel, Indië, Kanada, Oekraïne, China en verskeie Afrikalande. Nagenoeg 60 internasionale uitstallers uit nege lande het in 2015 aan die Oesdag deelgeneem.

## BETROKKEHEID VAN LEDE, GADES EN PERSONEEL

Die aktiewe deelname aan die Oesdag deur landboueiers se gades verdien vermelding. Haddad, Van Wyk en Stegmann se gades het in die beginjare die verversings behartig. Hierdie voorbeeld is spontaan voortgesit na 1974 en oor die jare het leiers se wederhelftes diep spore getrap wat die verversings en die Damesprogram betref. Hier dink 'n mens onwillekeurig aan name soos mee. Isabel de Jager, Hettie Ferreira, Bibi von Abo, Lina Viljoen, Ida Claassen, Malie Grobler, Hanneljie Botma, Drisette Mouton, Lettie Jubelius, Ina Ferreira en Philine Steytler.

Sedert die dae van die SAMPI Oesdag – en so in NAMPO en selfs Graan SA – was dit deel van die kultuur dat kantoorpersoneel ingedeel is om tydens die Oesdag diens te doen. In die dae toe Graan SA se kantoor op Bothaville was, was dit algemeen dat die gades van senior personeel ook tydens die Oesdag diens gedoen het en selfs op die Oesdagkomitee as sameroepers gedien het, soos byvoorbeeld me Annatjie van Zyl by die verversingskomitee en me Margot Loxton by die Damesprogram. Dr Kit te Clus se gade, Lynette, was ook vir jare lank betrokke.

Graan SA se personeel word sedert 2012 toenemend in sleutelposisies aangewend asook om die organisasie in die BBP-area en die ledelokaal te verteenwoordig.

## GRAAN SA FOKUS OP LEDE ÉN BELANGHEBBENDES

Volgens Graan SA se Uitvoerende Hoofbestuurder sedert 2011, mnr Jannie de Villiers, beskou die organisasie die Oesdag as een van die beste bydraers tot die versekering van volgehou voedselproduksie en -sekerheid in Suid-Afrika en in suidelike Afrika. Dié prominente geleentheid pas dus perfek in by die visie van Graan SA as verteenwoordigende graanprodusente-organisasie.

Die Oesdag bied verder die ideale geleentheid vir alle produsente om nuwe tegnologie en ander produkte op een terrein met mekaar te vergelyk en te besluit watter produk, patent of tegnologie die beste op plaasvlak toegepas kan word. Daar is ook

## NAMPO PARK SE VLEGVELD



JOHAN LOXTON

**N**AMPO Park se vliegveld het ook 'n storie of twee van sy eie om te vertel. Die oorspronklike lugbeheertoring – 'n paal- en grasdak-konstruksie – is in 2013 deur die weerlig raakgeslaan en is toe met 'n permanente staalstruktuur vervang.

In 1999 het 'n vlieënier met 'n eksperimentele vliegtuig kom land, die aanloopbaan byster geraak, oor die skoongesnyde skouer gery en mooitjies teen 'n groot klip tot stilstand gekom. En 'n vlieënier wat in 2015 nagelaat het om die vliegtuig se ankertoue vas te trek, het dit later die dag op sy dak aangetref na die parmantige Vrystaatse plaaswindjie dit beetgekry het.

Tydens NAMPO 2016 het 'n rekordgetal van 448 vliegtuie/helikopters van die landingstrook gebruik gemaak.



**Klankgreep: Produsentelede en amptenare se vroue het oor jare hul kant gebring – Giel van Zyl.**





ruim kans om met verskaffers te kommunikeer oor produkte en dienste aangesien verteenwoordigers uit die totale graanwaardeketting by die Oesdag teenwoordig is.

NAMPO is egter ook 'n belangrike inkomstebron vir Graan SA. Die inkomste hieruit word aangewend vir landbounavorsing en ander bedryfsdienste wat weer vir die produsent voordelig is, soos relevante markinligting, navorsingsdata, beeldbou sowel as onderhandeling met die regering en ander rolspelers.

Graan SA se lede ontvang rooitapyt-behandeling by die Oesdag en die organisasie bewys sy waardering vir hul lojaliteit op dié wyse. Lede kry gratis toegang en parkeering naby aan 'n spesiale ingangshek vir lede. Van daar word hulle met gholfkarretjies tot by die ledelokaal vervoer. By die ledelokaal word hulle op die hande gedra met verversings en met 'n kuierarea waar 'n mens kan ontspan en gesellig verkeer.

In die ledelokaal word voorsiening gemaak vir lewendige Safex-skerm waar produsente op hoogte kan bly van bewegings in die graanmarkte. Sleutelpersoneel van Graan SA se Graanekonomie en Bemaking-, Graanavorsing- en Ontwikkelende Landbou-afdelings skakel hier met lede.

Lede van die Dag- en Hoofbestuur is deurentyd aan diens in die ledelokaal asook in die BBP-ontvangslokaal – waar konstruktiewe gespreksvoering met meningvormers uit die bedryf, regeringskringe en selfs internasionale afvaardigings en hooggeplaaste gaste plaasvind. “Verskeie gaste wat NAMPO vanjaar die eerste keer bygewoon het, is verras deur die omvang van die landboubedryf en die Oesdag. Die vlak van tegnologie wat ten toon gestel word, is vir hulle 'n verdere openbaring,” het De Villiers in 'n persverklaring op 18 Mei 2016 gesê.



Mnr Victor Mongoato (heel regs), 'n Dagbestuurslid van Graan SA, het 'n tydjie afgeknyp vir 'n foto saam met besoekers aan Graan SA se ledelokaal.



“Minister Zokwana se teenwoordigheid was 'n pluimpie vir Graan SA en vir landbou in die breë. Hy is waarskynlik die eerste landbouminister sedert 1994 om die Oesdag te besoek. Dit beklemtoon die NAMPO Oesdag as 'n gesaghebbende platform vir dialoog, gespreksvoering en netwerking.” – Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder: Graan SA, na die besoek van Senzeni Zokwana, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, aan die Oesdag in 2015.



Van Graan SA se gaste tydens die NAMPO 50-jarige gedenkgeleentheid in 2016.

“ DIE TAFEL IS NOU GEDEK VIR AKTIEWE DIALOOGVOERING BY DIE NAMPO OESDAG. EK VERTROU DAT DIE NASIE IN GESPREKSFORUM, SOOS WAT SENWES, GRAAN SA EN VENNOTE TYDENS NAMPO 2013 AANGEBIED HET ASOOK ANDER GESPREKSVOERING OOR TEGNIESE ASPEKTE, VORENTOE SELFS MEER WAARDE TOT DIE LANDBOU GAAN TOEVOEG. ”

– Mnr Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder: Graan SA; 2013.





Gesinne wat onder die koeltebome uitspan is 'n bekende gesig by NAMPO.

Die gemoedelike atmosfeer wat hier heers, is kenmerkend aan Graan SA se Oesdag en die samesyn is altyd bemoedigend. Dit is ook 'n belangrike netwerkgeleentheid vir produsente om met mekaar te kommunikeer en oplossings uit te ruil vir volhoubare produksie op plaasvlak. Gesinne met stootwaentjies wat oor die middaguur sommer onder 'n koelteboom op die gras uitspan is ook 'n bekende gesig.

## PAD VORENTOE

Graan SA se NAMPO Oesdag ressorteer sedert April 2016 onder dr Dirk Strydom, Bestuurder: Graanekononomie en Bemaking. Mnr Toit Wessels, voorheen verbonde aan Graan SA as ledebemarker in die Wes-Kaap, is intussen bevorder tot Assistent-bestuurder: NAMPO Oesdag en Bemaking en neem met ingang van 1 Oktober 2016 die oesdagleisels oor met Loxton wat hom as mentor ondersteun.

## TEN SLOTTE

As terugblik oor die afgelope vyf dekades, beskryf Van Coller se kommentaar na afloop van die 50ste Oesdag in 2016 die oesdagkarakter soos volg: "Dit het oor die afgelope halfeeu ontwikkel tot 'n handelsmerk wat moderne landbou in Suid-Afrika akkuraat uitbeeld. Dit spreek tot die algemene publiek as verbruikers van ons landbouprodukte; dit spreek tot alle produsente in ons land; dit spreek tot besluitnemers in regeringskringe en die bedryf; dit spreek selfs tot die internasionale arena en die groeiende belangstelling uit die buiteland bevestig dit."

Graan SA se NAMPO Oesdag het gewis ontwikkel tot 'n integrerende deel van landbou in Suid-Afrika in geheel. Dit is 'n beproefde resep wat bestaan uit:

- Permanente fasiliteite en moderne infrastruktuur;
- Rigtinggewende landbou-leierskap;
- Die toewyding van SAMPI-, NAMPO- en Graan SA-hoofbestuurslede en -personeel;
- Volgehoue ondersteuning van plaaslike en internasionale insetverskaffers;
- Dienswilligheid van vrywilligers oor baie jare heen;
- Groeiende jaarlikse bywoning deur produsente en die algemene publiek; en
- Bydraes tot gemeenskappe en die streeksekonomie.

In perspektief gesien het SAMPI se lede letterlik en figuurlik die Oesdag se hoeksteen gelê en die fondasie gegooi. Die NAMPO-generasie het die gebou se struktuur voltooi en die dak opgesit. Dit het die weg gebaan vir Graan SA as 'n verenigde graan- en olie-sade-organisasie om die gebou se finale afronding te doen en die aansig en interieur in te kleur om volhoubaar die pas aan te gee in die moderne era van landbou.

**“ DIE INFRASTRUKTUUR OP NAMPO PARK IS OOR JARE GESKEP EN UITGEBREI OM 'N GROOT GETAL BESOEKERS MET GEMAK TE HANTEER EN OM UITSTALGERIEWE VAN 'N HOË STANDAARD AAN UITSTALLERS TE KAN BIED. SELFS DIE AANLOOPBAAN KON VANJAAR 'N TOTAAL VAN 365 VLIEGTUIE EN HELIKOPTERS OOR DIE VIER DAE GEMAKLIK HANTEER. GRAAN SA IS GERAT OM AANSTAANDE JAAR DIE 50STE NAMPO OESDAG MET TROTS AAN TE BIED. ”**

**– Mnr Cobus van Coller, Oesdagvoorsitter; 2015.**



# LAG SAAM MET DIE OESDAG

Deur Thys Human, gepubliseer in SA Graan/Grain, April 2010

Komiese insidente wat jare later nog onthou word, is seker noodwendig een van die kenmerke van groot byeenkomste met derduisende besoekers. Die jaarlikse NAMPO Oesdag is in dié opsig geen uitsondering nie en SA Graan/Grain het 'n paar ou hande van die landboufamilie gevra om van dié staaltjies te deel.

Een daarvan wat baie van die manne goed onthou, is die ware storie van die oulike blondine in haar spierwitkatpakkie. Mnr Bully Botma, oud-voorsitter van Graan SA, vertel dit was in een van daardie jare wat dit sommer baie meer as gewoonlik by die Oesdag gereën het. Die water het vinnig by sekere plekke opgedam en oesdaggers moes dikwels maar by stalletjies onderdak skuiling soek.

Naby die skaapkrale en die skaapskeerders het die water 'n goeie 15 cm tot 20 cm diep gestaan en mense het daar onder 'n pilmasjien se dakkie skuiling gesoek. Een van hulle was 'n nogal oulike blondine met so 'n spierwit eenstukpakkie – "catsuits" is dit daardie dae genoem. Sy wou graag die skaapskeerders se vernuf van nader gaan bekyk maar het nie kans gesien vir die diep water nie. Een van die manne wat daar doenig was, het met haar aan die gesels geraak en toe besluit hy sal kyk wat hy kan doen. Soos 'n man wat sy bruid in die huis indra, het hy haar in sy arms opgeskep en deur die plasse water begin stap. Die blondine het eers teëgestribbel, maar die paar sterk boere-arms het haar gou gerusgestel en dit het gelyk of die behandeling haar nogal welgeval.

Dinge het goed gegaan met die draery – tot by die laaste trappie wat al toe was onder die water – en net daar trap ons galante vriend mis en slaan met blondine en al neer. Papnat en met haar wit pakkie wat nou bruin van die modder is en haar duur haredos van die oggend nou in modderslierte om haar gesig, het die besoekster haastig – en briesend – daar padgegee. Waar en hoe sy droog en skoon gekom het, weet hulle nie, maar hulle het haar nie weer gesien nie.

'n Paar weke later kry die Oesdagkomitee 'n brief van haar waarin sy aandrang op vergoeding vir skade gelyk aan haar klere en seker ook aan haar eer en aansien. Hulle het haar toe maar laat weet dat dit nie in die galante heer wat haar deur die water gedra het, se posbeskrywing staan dat hy sulke takies moet verrig nie en dat die Oesdagbestuur dus nie verantwoordelikheid daarvoor kan aanvaar nie. Dit lyk of dit veral reën was wat dikwels groot lagstories veroorsaak het.

Mnr Kobus van Zyl, graanprodusent wat al jare by die Oesdag betrokke is, vertel dat die manne ook een jaar lank in die kroeg gaan skuil het vir die aanhoudende reën – soms TE lank. Hy stap 'n slag op die stoep uit om te kyk hoe hard dit nog reën en hier sit een van die manne met 'n visstok wat hy nugter weet waar gekry het. Aan die punt van die lyn is 'n piesang vasgemaak en hy hengel al te heerlik in die water wat 'n goeie 10 cm plas op die Vrystaatse vlaktes gemaak het.

Dit was – en is blykbaar nog – van die vrywillige werkers se gebruik om in die karavaanpark in tente en woonwaens te slaap. Een jaar, vertel Van Zyl, was hulle laataand besig om 'n vleisie te braai na die dag se harde werk, toe kom daar 'n besoeker aangestap wat lank nie meer eens op die terrein moes gewees het nie. Toe hulle hom vra wat hy nog daar soek, beduie hy met 'n sterk sleeptong dat hy net kom raad vra het. Nou watse raad kan hulle hom die tyd van die nag gee, wil hulle weet. Nee, hy wil net weet watter kant toe is KwaZulu-Natal. As hulle hom die regte koers sal wys, sal hy self regkom. Dit blyk toe dat die man met 'n busvrag vriende uit Noord-KwaZulu-Natal gekom het en toe die bus wat al vroegmiddag daar weg is, verpas het.

"Ek het hom beduie dat ek dink KwaZulu-Natal is seker so in 'n oostelike rigting. Ons het net mielies hoor kraak soos hy min of meer in daardie rigting in die mielielande verdwyn het. Maar wat van hom geword het, weet ons tot hedendag nie want ons het nooit weer van hom gehoor nie."





**M**nr Jan Combrink, nog een van Graan SA se lede met jare se diens by die Oesdag, het 'n hele paar snaakse stories daar uit die "buighuis" se omgewing, soos die ou wat hulle laataand toe hulle gaan seker maak dat alle voertuie weg is van die terrein af, kry waar hy handeervoet in die parkeerplek rondkruip op soek na sy kar. Dis 'n Citroen, beduie hy, maar hulle kry nie so 'n kar nie. 'n Hele ruk later kom hulle op sy vriende af wat ook naarstiglik maar taamlik onbeholpe weens oormatige inname na hom soek. Hulle ry toe 'n Cortina! "Ek moes seker nie daar onder regs gedraai het nie," het die man wat toe al eintlik agt rye spore geloop het, verduidelik.

**E**n mnr Vic Mouton, eertydse Oesdagvoorsitter, vertel ook van een van sy goeie vriende wat hulle laatmiddag na 'n lang gekuier na sy "wit kar" help soek het – en toe hulle die kar uiteindelik kry, is dit 'n bloue!

**K**lub 200 is die eetplek waar belangrike gaste gewoonlik onthaal is. So kort na 1994 se verkiesing is die destydse premier van die Vrystaat, mnr Mosiuoa Lekota, deur die komitee daar onthaal toe die krag afgaan. Mense wat die plek

ken sal weet dat as die krag afgaan, is dit nie net stikdonker nie, maar die waaiers wat die braairoosters se rook uitrek gaan staan en die lokaal is gou dik van die rook. Toe dit gebeur bars Lekota se lyfwagte die plek binne – goed paraat met oorgehaalde wapens en al. Dinge kon skeef geloop het, vertel mnr Jub Jubelius, oudvoorsitter van die Oesdagkomitee, as dit nie was vir sy vrou nie wat hard deur die donkerde en die rook geskreeu het dat dit net die krag is wat af is en die mense net rustig moet word. "Dit kon lelik gewees het, maar vandag kan ons net lag oor die lyfwagte wat so vinnig was om wild en wakker te skiet."

Hy vertel ook die staaltjie van een van die lede van die Dameskomitee wat 'n aankondiging oor die Damesprogram moes doen. Deftig uitgevat, met perfekte haredos, stap sy op haar hoë polvye vorentoe, maar by die verhoog struikel sy oor 'n deftige handsak in die paadjie en sy slaan daar neer dat 'n mens kan sien of sy daardie dag al haar klere mooi aangetrek het! Maar sy het beslis nie op haar mond geval nie. "Dan val ek nou maar sommer met die deur in die huis..." het sy haar aankondiging begin.

2016





# 7 Die aanbreek van 'n era van **VOEDSELSEKERHEID**

Voedselsekerheid is 'n item wat klaarblyklik nie werklik hoog op die ANC-regering na 1994 se agenda was nie, met aanduidings dat voedsel wat nie in Suid-Afrika geproduseer kan word nie, eenvoudig ingevoer kan word.

In 2007/2008 het 'n voedselkrisis egter in die wêreld ontstaan weens dramatiese stygings en onstabiliteit in voedselpryse. Voedselpryse het oor 'n tydperk van ongeveer twee jaar verdubbel en selfs verdriedubbel. Tussen 2006 en 2008 het die wêreldprys van koring en mielies met, onderskeidelik, 136% en 125% gestyg.

Die aanvanklike oorsake van die prysstygings was, onder andere, die droogtes wat in baie graanproduserende lande geheers het en aansienlike stygings in ruoliepryse. Laasgenoemde het naamlik aanleiding gegee tot 'n algemene styging in die koste van kunsmis, vervoerkoste en intensiewe graanproduksie. Die verhoogde vraag na landbougewasse vir 'n groeiende biobrandstofbedryf en spekulasie deur verskansingsfondse het waarskynlik ook 'n rol daarin gespeel.

Die voedselkrisis het veral in Afrika en dele van Asië tot onluste en opstande gelei – ook in Suid-Afrika. Die grootse oproer was egter in Tunisië, Algerië, Burkina Faso, Kameroen, Senegal, Mauritanië, Ivoorkus, Egipte en Marokko. In sommige van die lande het dit ernstige gevolge gehad en uiteindelik tot die omverwerping van regerings gelei. Beleidmakers het deeglik daarvan kennis geneem en in Suid-Afrika het die besef posgevat dat gepoog moet word om 'n realistiese balans tussen grondhervorming en voedselsekerheid te vind.


In Junie 2008 het die Verenigde Nasies se *Food and Agricultural Organisation* 'n hoëvlak-konferensie in Rome gehou waar die voedselpryskrisis bespreek is. Mnr Jannie de Villiers van Graan SA het dit saam met die destydse Minister van Landbou, me Lulu Xingwana, bygewoon. Te midde van 'n groot aantal voorleggings was daar redelike eenstemmigheid dat groter beleggings in landbou en verhoogde produktiwiteit wêreldwyd noodsaaklik was vir voedselsekerheid.

Die belangrikheid van landbou en veral voedselsekerheid in globale konteks het skielik nuwe aansien gekry. Daar is opnuut besef dat gesamentlike optrede noodsaaklik was en dat aspekte soos verhoogde investering in landbounavorsing en -ontwikkeling en infrastruktuur, sowel as die aanpassing en ontwikkeling van ondersteunende beleide, daadwerklik aangespreek moes word.

In Suid-Afrika het dit tot op daardie stadium gebeur dat produsente ontmoedig was om graangewasse te plant in tye wanneer die pryse daarvan laag was. Op daardie wyse word 'n tekort geskep wat uiteindelik weer tot hoër pryse sou lei. Voorbeelde van sulke gevalle is vroeër in hierdie publikasie genoem.

Na aanleiding van die voedselkrisis en die konferensie in Rome is opnuut besef hoe 'n groot verantwoordelikheid op die landbousektor rus om voldoende voedsel te produseer. Produsente is aangemoedig om graan te produseer met die uitgangspunt dat daar eerder nuwe markte vir oorskotproduksie gevind moet word as om produksie in te kort.

In die ontwikkeling van sy biobrandstofbeleid het die Suid-Afrikaanse Regering besluit dat mielies op grond van voedselsekerheidsoorweging nie vir die vervaardiging van biobrandstof gebruik mag word nie. Die Regering was van mening dat die styging in internasionale mieliepryse in 2007/2008 tot 'n groot mate toegeskryf kon



'n Spotprent uit SA *Graan/Grain*-tydskrif van Maart 2006 beeld die graanbedryf se opwinding oor die vooruitsigte van 'n biobrandstofbedryf uit. >>>

WENI  
DEFE  
06







Die droogte wat gedurende 2015/2016 in die somersaaigebiede voorgekom het, was nie die enigste dreigende slag wat druk geplaas het op Suid-Afrika se voedselsekerheid nie. Hernude uitsprake deur die regering oor drastiese grondhervorming; die impak van beurtkrag én groeiende mynbouaktiwiteite op bewerkbare landbougrond, was kort op die hakke daarvan.

word aan die feit dat die VSA, wat 50% van die wêreld se mielies produseer, 25% van sy oes na die vervaardiging van etanol gekanaliseer het. 'n Tekort aan basiese voedselsoorte in Mexiko is ook direk aan hul investering in biobrandstof toegeskryf.

In die beleidsdokument vir biobrandstof in Suid-Afrika, word voorsien dat mielies eers vir die vervaardiging van etanol goedgekeur sal word wanneer meer sekerheid verkry is oor die moontlikheid om mielies op onderbenutte grond te produseer en ander vereistes nagekom is.

In 2016 het een van die ergste droogtes in meer as 100 jaar, indien nie die ergste nie, Suid-Afrika getref. Die volledige gevolge en uitwerking daarvan op die beskikbaarheid en koste van voedsel, werksekerheid, finansiële oorlewing van boere, ensovoorts sal eers met verloop van tyd duidelik word. Wat ook al daardie gevolge, dit het opnuut die kollig geplaas op die noodsaaklikheid daarvan om seker te maak dat 'n goeie balans gehandhaaf moet word tussen grondhervorming, transformasie en die realiteit dat 'n land soos Suid-Afrika, met sy beperkte hulpbronne en wisselvallige reënval, baie nugter moet wees in sy beplanning om seker te maak dat sy groeiende bevolking altyd van basiese stapelvoedsel voorsien kan word.

Graan SA maak deur sy betrokkenheid en inisiatiewe wat hierbo genoem is, sowel as ander waardevolle insette wat te veel is om hierin te bespreek, toenemend 'n belangrike bydrae om die volhoubaarheid van landbouproduksie in Suid-Afrika te bevorder. Meer besonderhede oor al die aksies en inisiatiewe word deurlopend in verslae en artikels op die webblad [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za) gepubliseer.

## BUITELANDSE MARKTE VIR GRAAN

Voor 1997 is die bemarking van graan in Suid-Afrika deur die Bemarkingsrade in terme van die Bemarkingswet beheer. Uitvoer van graan was in daardie tyd hoofsaaklik tot die SADC-lande en enkele ander beperk. Daar was nie enige doelgerigte uitvoerplan vir Suid-Afrikaanse graan nie en uitvoere het hoofsaaklik op 'n *ad hoc*-basis plaasgevind.

Graan SA het besluit om die leemte aan te spreek en het doelgerig begin met die ontwikkeling van 'n strategiese uitvoerplan vir plaaslik-geproduseerde grane. Dit sluit aan by Graan SA se benadering dat produksie uitgebrei moet word, eerder as om die aanbod te beperk. Die identifisering van potensiële buitelandse markte en ontwikkeling van volhoubare uitvoermarkte vir graan het inderdaad een van Graan SA se kernfokusareas geword.



**Klankgreep:** 'n Globale voedselkrisis in 2007/2008 het die aandag op voedselsekerheid begin vestig – mnr Jannie de Villiers.





Mnr Louw Steytler

“ **GRAAN SA, AGRI SA, PROVINSIALE UNIES EN ANDER BEDRYFSORGANISASIES KAN MET REG DIE VOEDSELSEKERHEID WAT ALLE SUID-AFRIKANERS GENIET, AS EEN VAN HUL GESAMENTLIKE SUKSESSE TOE-EIEN. DIE GOEDKOOPSTE, GEHALTE VOEDSEL TER WÊRELD WAT PLAASLIK GEPRODUSEER WORD, WORD ALLEENLIK BEWERKSTELLIG DEUR SAMEWERKING DEUR DIE TOTALE VOEDSELWAARDEKETTING EN KRY NOU EERS DIE BREË ERKENNING VANWEEË DIE REALITEIT VAN DIE HUIDIGE RAMPSITUASIE WAARIN SUIDELIKE AFRIKA HOM BEVIND.** ”

– Mnr Louw Steytler  
Voorsittersboodskap,  
Graan SA Jaarverslag 2015

Die langtermynbeplanning word op die strategiese uitvoerplan gebaseer en in die proses word 'n onderskeid tussen sogenaamde protokolmarkte en permitmarkte gemaak.

Protokolmarkte verwys na lande waarmee formele ooreenkomste gesluit en prosesse in plek geplaas is om te verseker dat bepaalde gesondheids- en kwaliteitsvereistes nagekom word. Hierdie markte en ooreenkomste skep langtermynverbintenisse en word op die hoogste politieke vlak goedgekeur. Die protokolmarkte bied 'n groot voordeel in terme van sekerheid en vergemaklik behoorlike langtermynbeplanning.


Permitmarkte verwys na markte waarmee ooreenkomste meer op 'n *ad hoc*-basis gesluit word, soos wat geleenthede van seisoen tot seisoen mag ontstaan. Baie van die uitvoere van landbouprodukte na Afrikalande geskied op grond van permitooreenkomste, omdat daardie lande self ook graan produseer en hul vraag na ingevoerde produkte gereeld beïnvloed word deur die grootte van hul eie oeste.

Studies en ontledings van langtermynscenario's toon dat Afrikalande al hoe meer besig is om selfonderhoudend te raak ten opsigte van graan. Namate dit toeneem, sal invoere vanuit Suid-Afrika uit die aard van die saak afneem. Suid-Afrika sal dus toenemend nuwe markte moet ontwikkel ten einde van surplusproduksie ontslae te kan raak.

Gedurende die 2010/2011-finansiële jaar was Graan SA betrokke by die uitvoer van mielies na Mexiko, Taiwan en Korea. Dieselfde markte is in die volgende jaar bedien en het in daardie jaar saam met Japan Suid-Afrika se grootste uitvoere opgeneem. Graan SA se personeel spandeer baie tyd en aandag aan skakeling met die buitelandse markte se verteenwoordigers en bring van tyd tot tyd besoeke aan ambassades sowel as rolspelers in die lande waarheen uitgevoer word.

Asië en die Midde-Ooste bied goeie geleenthede vir die ontwikkeling van uitvoermarkte op 'n langtermynbasis – met ander woorde protokolmarkte. Gedurende Desember 2014 het Graan SA 'n besoek aan die Midde-Ooste gebring en gesprekke met die oog op bemerking van Suid-Afrikaanse graan in Iran en Saoedi-Arabië gevoer.

Die geweldige vraag van die Chinese markte maak dit 'n gesogte teikenmark wêreldwyd en Graan SA het belangrike insette gelewer in onderhandelings met die Chinese regering om landbouprodukte daarheen te kan uitvoer. Reeds gedurende



Grafiek 1: Suid-Afrika se totale mielie-uitvoere gedurende 2013/2014.





Hector Valezzi (ambassadeur van Mexiko) het sy toekenning van Neels Ferreira (voormalige Voorzitter van Graan SA), regs, in ontvangs geneem.



Neels Ferreira het Michael (Pei-Yung) Hsu (ambassadeur van die Republiek van China [Taiwan]) vir die mielies wat die land ingevoer het, bedank.



Graan SA het ook die landboubesighede wat die meeste graan uitgevoer het, vereer. Andrew Martalas, Voorzitter van die South African Cereals and Oilseeds Trade Association (SACOTA), het die toekenning namens die vereniging se bestuur en hul lede in ontvangs geneem. Saam met hom was Neels Ferreira.

**INTERNASIONALE MARK-TOEGANG EN UITVOERE WAS GEDURENDE 2012 HOOG BOAAN GRAAN SA SE AGENDA EN HIERDIE DRYF HET UITEINDELIG VRUGTE AFGEWERP. GEDURENDE DIE 2012-BEMARKINGSJAAR, WAT VANAF 1 APRIL 2011 TOT 31 MEI 2012, GESTREK HET, HET KOREA 45 234 TON WITMIELIES EN 302 259 TON GEELMIELIES VANAF SUID-AFRIKA INGEVOER; TAIWAN 161 550 TON GEELMIELIES EN MEXIKO 1 091 501 TON WITMIELIES.**

**AS 'N BLYK VAN WAARDERING AAN DIE LANDE WAT SUID-AFRIKAANSE GRAAN AANGEKOOP HET, HET GRAAN SA TYDENS KONGRES 2012 AAN DIE AMBASSADEURS VAN MEXIKO, DIE REPUBLIEK VAN CHINA (TAIWAN) EN SUID-KOREA (IN HUL AFWESIGHEID) ELKEEN 'N TOEKENNING OORHANDIG.**

2011 het die destydse Voorzitter van Graan SA, mnr Neels Ferreira, saam met die Minister van Landbou, me Tina Joemat-Pettersson, gesprekke met die Chinese regering daaroor gevoer. Dit het uiteindelik vrugte afgewerp met die onderteekening van 'n fitosanitêre protokol in Desember 2014 deur die Suid-Afrikaanse en Chinese regerings vir die uitvoer van mielies na China, wat dit vir die plaaslike bedryf moontlik maak om surplus mielies daarheen uit te voer.

Graan SA was ook betrokke by die vestiging van 'n protokolooreenkoms met Venezuela, in oorleg met die betrokke staatsdepartemente.

Die hoë kwaliteit van Suid-Afrikaanse graan speel 'n belangrike rol in die sukses wat met die ontwikkeling van buitelandse markte behaal word. Deel van Graan SA se strategie oor uitvoere is juis om die kwaliteitsnorme van Suid-Afrikaanse graan te beklemtoon en seker te maak dat goeie kwaliteit produkte ten alle tye uitgevoer word, ten einde die vestiging van langtermynverhoudings te ondersteun.

Graan SA is ten nouste betrokke wanneer enige aanpassing in graderingsregulasies of aspekte rakende voedselveiligheid met die oog op uitvoere ter sprake kom. In hierdie verband word goeie samewerking van die Departement van Landbou verkry, wat Graan SA in staat stel om ook op hierdie terrein na die belange van produsente om te sien.

Ten einde die uitvoermarkte vir mielies verder te ontgin, word moontlikhede vir waardetoevoeging tot mielies in samewerking met die Departement van Handel en Nywerheid ondersoek. Dit blyk dat daar inderdaad 'n uitvoermark vir produkte soos mielieblom bestaan. Daar het byvoorbeeld aan die lig gekom dat Suid-Korea Suid-Afrikaanse mielies aankoop wat hulle dan in mielieblom verwerk en aan Maleisië verkoop. Die bedoeling is om die waardetoevoeging plaaslik te doen en dan die verwerkte produk uit te voer.

Graan SA vervul in hierdie proses slegs 'n fasiliteringsrol en meen dat die produsente en uitvoerders self die inisiatief moet neem om die geleentheid te benut en tot praktiese uitvoering moet bring. Nuwe konsepte word na die mieliespesialiswerkgroep verwys wat dit dan verder voer.

Graan SA ondersoek ook moontlike markte vir ander graansoorte, want hoewel hulle nie sulke groot volumes soos mielies oplewer nie, word daar ook van tyd tot tyd oorskotte geproduseer waarvoor ander markte gevind moet word. Hoewel die hoeveelheid koring wat in Suid-Afrika geproduseer word, hoegenaamd nie in 'n land soos China se behoeftes kan voorsien nie, bied die goeie kwaliteit daarvan die geleentheid om nismarkte te ontwikkel waar goeie premies verdien kan word.

Die fokus met Graan SA se uitvoerbeleid is tweeledig: Eerstens, om produksie oor die lang termyn volhoubaar te kry en, tweedens, om buitelandse markte vir



**Gedurende 2011 het Graan SA gasheer gespeel vir twee Chinese regeringsverteenvoerders wat Suid-Afrika besoek het met die oog op die moontlike goedkeuring deur die Chinese regering om Suid-Afrikaanse mielies te mag invoer. Die besoek was 'n indirekte uitvloeisel uit die amptelike besoek wat die Minister van Landbou, me Tina Joemat-Pettersson en mnr Neels Ferreira, Voorsitter van Graan SA, aan China gebring het om onder andere Suid-Afrikaanse mielies te gaan bevorder.**



**Klankgreep: Dr Marinda Visser vertel van 'n onlangse handelsending vanaf China.**

oorskotproduksie te vestig – veral ten opsigte van mielies. Die groot markte vir mielie-uitvoere is Japan (vir geelmielies) en Mexiko en Venezuela (vir witmielies).

## **VOORSIENING VAN SAAD**

Dit spreek vanself dat die beskikbaarheid van goeie kwaliteit saad van kardinale belang vir volhoubare graanproduksie en dus ook voedselsekerheid is. Dit gaan saam met die behoefte dat die nuutste tegnologie ook in Suid-Afrika beskikbaar moet wees ten einde die plaaslike produsente se mededingendheid te kan behou.

Die Wet op Planttelersregte (Wet 15 van 1976) beskerm die regte van die houer van planttelersregte deur, onder andere, te bepaal dat niemand voorraad van geoeste materiaal mag terughou met die oog daarop om dit as saad te gebruik nie.

In die geval van koring en sojabone egter, is dit toelaatbaar vir produsente om koringosaad uit geoeste materiaal terug te hou om as saad te gebruik. Die probleem daarmee is dat saadmaatskappye huiwerig is om in saadontwikkeling en nuwe tegnologie te belê, omdat sekere produsente net in die eerste jaar saad by hulle aankoop en daarna moontlik hulle eie saad kan terughou. In die geval van sojabone, byvoorbeeld, het Monsanto 'n nuwe sojaboonkultivar in Australië ontwikkel wat hulle vir die voormelde redes nie bereid is om na Suid-Afrika te bring nie.

Ten einde die probleem op te los, het Graan SA 'n aanbeveling gemaak waarvolgens produsente wat saad wil terughou, tantieme aan die houer van die planttelersreg betaal vir die saad wat so teruggehou word. Graan SA het dit reeds met die Landboubeoordelingsraad getoets wat die aanbeveling ondersteun, omdat dit ook 'n oplossing by ander gewasse, benewens koring en sojabone, kan bied.

In die sojaboonbedryf het olieverwerkers aansienlike beleggings in hul perskapasiteit gemaak, wat 'n geleentheid vir uitbreiding van sojaboonproduksie geskep het. In Suid-Afrika bestaan 'n groot behoefte aan proteïene vir veevoer, en kan verhoogde plaaslike sojaproduksie duur invoere verplaas. Aan die navorsingskant is Graan SA saam met OPOT betrokke by toetse met sojaboonkultivars wat vir verbouing in die westelike dele van die graanproduserende gebied van Suid-Afrika geskik sal wees, sodat sojaboonproduksie ook na daardie dele uitgebrei kan word.

Een van die grootste areas van kommer ten opsigte van saadvoorsiening in Suid-Afrika is dat dit feitlik totaal in die hande van privaatondernemings is. Daardie



ondernemings besit die planttelersregte, tegnologie en fasiliteite wat vir saad-produksie nodig is. Graan SA het hierdie realiteit met die Departement van Landbou bespreek in die lig van die risiko's wat dit vir voedselsekerheid in die land inhou. Voortspruitend daaruit het die Departement van Landbou in samewerking met Graan SA 'n beleidsdokument, bekend as die Agricultural Policy Action Plan, opgestel wat aanbevelings van Graan SA ingesluit het.

## NAVORSING EN ONTWIKKELING

Graan SA is deurlopend met die regering in gesprek vir groter ondersteuning ten opsigte van navorsing en ontwikkeling van nuwe tegnologie. Befondsing is een van die grootste remskoene vir navorsing. Die graanbedryf is grootliks afhanklik van befondsing deur die Mielietrust, die Sorghumtrust, die Wintergraantrust en die OPOT, vir die befondsing van navorsingsprojekte. Graan SA is gevolglik aktief betrokke by gesprekke met die regering om addisionele fondse vir landbounavorsing beskikbaar te stel ten einde die eise van die tyd te kan aanspreek.

'n Groot probleem met navorsing ten opsigte van graan was dat produsente se behoeftes nie vinnig genoeg beslag in navorsingsaksies gekry het nie. Om dit aan te spreek, het Graan SA 'n navorsingstrategie vir elke kommoditeit opgestel wat die behoeftes, soos deur die werkgroepe geïdentifiseer, en die doelwitte aanspreek. Dit word dan na navorsingsinstansies wat in staat is om die navorsing uit te voer, verwys.

Die Landbounavorsingsraad (LNR), wat vir landbounavorsing in Suid-Afrika verantwoordelik is, beskik nie in alle gevalle oor die kapasiteit om al die navorsingsbehoefte te kan bevredig nie. Graan SA het daarby betrokke geraak deur samewerkingsooreenkomste tussen die LNR en universiteite te fasiliteer ten einde die totale beskikbare navorsingskapasiteit te koördineer en meer effektief aan te wend.

## ONTWIKKELENDE LANDBOUPROGRAM

Die Ontwikkelende Landbouprogram, wat in Hoofstuk 8 behandel word, het, onder andere, ook ten doel om 'n bydrae tot voedselsekerheid te maak deur die ontwikkeling van nuwe graanprodusente. Graan SA besef hoe belangrik dit is om goeie verhoudings met die regering en veral die Departement van Landbou te handhaaf en hulle ingelig te hou van die aksies waarmee die organisasie besig is in belang van landbou in Suid-Afrika. Gevolglik word op gereelde basis met die Minister van Landbou en sy departement geskakel en word hulle blootgestel aan programme van Graan SA in 'n poging om beter begrip en samewerking, in belang van voedselsekerheid, te vestig.



Mnr Jannie de Villiers

**“ UIT GESPREKKE MET  
PRODUSENTE IS DIT WEER  
EENS DUIDELIK DAT DIT NOU  
MAAR EENMAAL 'N UNIEKE  
GROEP MENSE IS WAT IN  
'N KORT TYDJIE MOEILIKE  
OMSTANDIGHEDE NA DIE  
DROOGTE OORKOM HET EN  
WEER IN DIE KOMENDE JAAR  
RISIKO SAL AANGAAN OM  
VOEDSELSEKERHEID IN DIE  
LAND TE HELP SKEP.**

**EK HET 'N BEWONDERING  
VIR DIÉ KARAKTEREIEKAP  
VAN GRAANPRODUSENTE  
EN HUL POSITIEWE  
EN VERSTOMMENDE  
DEURSETTINGSVERMOË  
OM VOORT TE GAAN  
MET BOERDERY. ”**

**– Mnr Jannie de Villiers  
Na afloop van NAMPO 2015  
in 'n persverklaring.**









# 8

## Die ontstaan en vestiging van ontwikkelende landbou in die **GRAAN- EN OLIESADEBEDRYF**

*Ek het gedink "Hoekom doen iemand nie iets hieraan nie?" En toe het ek besef ek is iemand – Skrywer onbekend*

Vroeë ontwikkelende landbou-inisiatiewe ten opsigte van graan- en oliesaadproduksie is reeds voor die stigting van Graan SA deur landbou-organisasies soos die Nasionale Olie- en Proteïensaadprodusente-organisasie (NOPO) en die Nasionale Mielieprodusente-organisasie (NAMPO) geïmplementeer. Hulle sukses, en die duidelik behoefte aan kennis en netwerking wat deur die boere getoon is, het Graan SA aangemoedig om hierdie inisiatief oor te neem en op die positiewe momentum voort te bou.

Ten 2005 het Graan SA se Hoofbestuur opdrag gegee dat die bestuur dokumentasie moes voorberei om aan die Kongres van 2006 voor te lê. Hulle wou die deelname en stemreg verskans van ontwikkelende boere wat deur hulle streek na die Kongres toe gestuur is. Die Kongres het hierdie voorstel heelhartig ondersteun, en ontwikkelende boere is formeel by die strukture van die organisasie ingesluit.

Die studiegroepe is hierna in vier streke gegroepeer: Noord, Suid, Oos en Wes. Elke streek is gevra om 'n lid te benoem wat volle stemreg sou hê en hulle op die Hoofbestuur en ander strukture in die sektor, insluitende die Ontwikkelende Landbou-werkgroep, sou verteenwoordig. Die gees van die kongresbesluit was 'n belangrike aanwyser deur die kommersiële boere van hulle voorneme om met die transformasie- en grondhervormingsproses saam te werk deur by te dra tot die ontwikkeling van boere deur die oordrag van kennis, vaardigheidsontwikkeling en mentorskapsteun waar dit ook al nodig is.

Die Ontwikkelende Landbouprogram (OLP) van Graan SA is nou reeds meer as tien jaar lank aan die gang, en die program verskaf tans sy dienste vanuit nege verskillende streekskantore aan boere. Die pad was nie orals ewe gelyk nie, en daar was talle uitdagings en teleurstellings tussenin, maar doelgerigheid en passie was die dryfveer van die produsentelede en bestuur van Graan SA, sowel as van die ontwikkelende landbouspan, wat mettertyd aansienlik uitgebrei is. Ongelooflike resultate het na talle jare, duisende kilometer en hardnekkige vasberadenheid gevolg, en is die deurlopende bron van inspirasie en motivering vir die voortgesette groei van die program.

Reën-afhanklike graanverbouing in Suid-Afrika is lank reeds onder geweldige druk. Die waarde van die graan het vir baie jare nie op gelyke voet met die prys van insette gestyg nie, en weerspieël nie die risiko's betrokke by hierdie soort boerdery nie. In 'n Suid-Afrikaanse konteks is daar in elk geval 'n aantal belangrike redes waarom dit steeds nodig is om "bemaagtigde swart kommersiële boere" te ontwikkel – onder andere die behoefte aan 'n verenigde stem sodat die werklike probleme waarvoor boere (en dus nasionale voedselsekerheid) te staan kom, uit die weg geruim kan word. Landbou is 'n belangrike werkgewer en die basis van talle verwante bedrywe wat ook ten opsigte van werkskepping en die bruto nasionale produk bydra. Sover dit die landelike ontwikkelingsplan en grondtransformasie-agenda van Suid-Afrika betref, is dit belangrik dat 30% van grond in wit besit in die hande van swart boere moes wees, wat impliseer dat 30% van insette en uitsette ook van daardie grond moet kom.

Dit is alles redes wat voortgaan om Graan SA te inspireer om die OLP se missieverklaring van vandag na te streef: *Om swart kommersiële boere met kapasiteit*



**Mnr Gert Pretorius**



**Mnr Nico Vermaak, voormalige Bestuurder van NOPO.**



**Mnr Cois Harman**



*te ontwikkel en tot huishoudelike en nasionale voedselsekerheid by te dra deur die optimale gebruik van die natuurlike hulpbronne wat tot elke boer se beskikking is.*

Fundamentele determinante is in navolging van hierdie missie as raamwerk vir volhoubare ontwikkeling en transformasie in die sektor neergelê.

## NOPO STAAN ONTWIKKELENDE BOERE BY

Die vroeë inisiatief om ontwikkelende boere by die NOPO-strukture in te sluit, het by die NOPO Kongres van Februarie 1997 gestalte gekry. Die gemeenskap van boere het die besluit geneem dat hulle toegang tot die struktuur van georganiseerde landbou vir alle boere moontlik wou maak – ongeag kleur.

Die doelwit was uit die staanspoor om te verseker dat opkomende boere by die hoofbestuur sowel as die algemene kongres ingesluit word. Lidmaatskap van NOPO was nou tot alle ontwikkelende boere se beskikking en teen 26 Maart 1997 is die bykomende streek 10, wat aan ontwikkelende boere seggenskap en 'n stem gegee het, by die samestelling van die uitvoerende komitee ingesluit.

Daar was talle belanghebbendes en die organisasie is deur 'n aantal belangrike rolspelers aan die opkomende boere bekend gestel. Mnr Naas Bellingan, hoofbestuurslid van NOPO, het uit sy pad gegaan om met ontwikkelende boere in Noordwes kontak te maak, en die span van die Landbounavorsingsraad, veral dr Klaus Pakendorf, en mnre Phonnice du Toit en Johan Els, het 'n rol in die daarstelling van die stigtingskomitee van streek 10 gespeel.

'n Ander belangrike rolspeler was mnr Gert Pretorius, die Voorsitter van NOPO in die Lichtenburg-distrik, wat die inisiatief van die begin af ondersteun het en die leiding geneem het om die motivering vir die nodige finansies vir die verskillende NOPO-ontwikkelingsprojekte te verskaf. Dit het onder die leiding van mnr Nico Vermaak, Bestuurder van NOPO op daardie tydstip, plaasgevind. NOPO het met ontwikkelende landbou begin lank voordat dit 'n tendens in landbou geword het, aangesien dit die regte ding was om te doen. Die aksie is aangevoer deur leierboere in die Hoofbestuur, vir wie dit 'n passie was om as mentors te dien.

Die projekbefondsing het gekom van die OPOT, met die ondersteuning van die Olie-sade-advieskomitee. Die eerste verteenwoordiger van ontwikkelende boere op die dagbestuur van NOPO was die bekende boer uit die Rustenburg-streek, mnr Basie Ntsimane. Ntsimane is ondersteun deur nege ander boere wat tot die streek 10-komitee verkies is, naamlik mnre Stephen Mohappaanele, Filie M Gaseetshubelwe, John Loeto (Taung), Joseph Appolus, David Legobate, David Miga, Barney SJ Saudi, Harold Mathekga en BA Kgosiemang.

Ten Oktober 1997 is mnr Cois Harman, 'n taalkundige en 'n boer, deur NOPO as 'n ontwikkelende landboubeampte met sy basis in Zeerust aangestel. Hy het belangrike baanbrekerswerk gedoen met die bou van bande met ontwikkelende graanboere en die vestiging van die eerste studiegroepe. Deur middel van hierdie strukture het dit vir die eerste keer moontlik geword om verhoudings te bou met boere in die afgeleë streke van Noordwes – 'n belangrike sonneblom- en sorghum-produiserende streek van die land.

Op 1 Desember 1997 het NOPO amptelik in Zeerust 'n streekskantoor geopen, wat deur die administratiewe assistent, me Julia Ramokhua, bedryf is. Erkenning moet gegee word aan die OPOT, wat die NOPO-projekte befonds het wat uit hierdie kantoor geïmplementeer is, en wat bygedra het tot die instelling van 'n dinamiese proses wat baie vinnig beduidende momentum opgetel het.

Die ontwikkelende landbou-aktiwiteite het vinnig resultate getoon. Die reikwydte van die projekte het uitgebrei en befondsing is vir 1998/1999 verskaf. Inligtingsdae is in samewerking met die LNR in Noordwes, Mpumalanga, die destydse Noordelike Provinsie (nou Limpopo) en die Vrystaat gehou. In Augustus 1998 is 'n "leierprodusentekursus" deur die NOPO-kantoor op Zeerust georganiseer. Dit was baie gewild en die groot bywoningsyfer het duidelik die boere se behoefte aan opleiding aangedui.

Kommunikasie en netwerke met die ontwikkelende boere is gevestig in die vorm van 'n Tswana-nuusbrief, NOPO/Pula, wat elke twee maande verskyn het.

## MEER SOET AS BITTER


JANE MCPHERSON

**D**ie stories om vertel oor ons werk as deel van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram is eindeloos. Elkeen van die spanlede het 'n aangrypende verhaal wat van die impak van hulle werk en veranderde lewens getuig.

Soos wanneer 'n bejaarde produsent in die Zeerust-distrik vertel hoe hy gesien het dat talle produsente wat soetsorghum geplant het, sukkel met die voëls wat hulle gesaaides eet, en hoe hy net bittersorghum plant, want *“Die bitter is bitter, maar dit is glad nie so bitter soos honger wees nie!”*. Of wanneer jy die vonkel van genoegdoening sien in die oog van 'n produsent van die Senekal-distrik wat nou ten volle gekommersialiseer is, en wat beskryf hoe hy pas as gevolg van sy goeie opbrengste 'n nuwe plaas kon koop.

Of soos 'n vrou, 'n bestaansboer in 'n afgeleë vallei van die Oos-Kaap, wat jou vertel dat sy haar opbrengs van 0,5 t/ha tot 6 t/ha verbeter het deur beter saad te gebruik, reg te bemes en haar rugsakspuit te gebruik om beter chemiese onkruidbeheer toe te pas – en nou hoef sy haar nie meer te bekommer oor wat sy haar kinders elke dag gaan gee om te eet nie.





**DIKANCNKOLO TSA TEMOTHUO**

Mokgatliho wa Balemirui wa Bokone Bophirimla  
Postbus 316 Zwartkops 2885  
Call: 083 265 8210  
Tel / Fax: 01428 - 21596

**Mashoof van die eerste NOPO/Pula-nuusbrief.**



**Me Jane McPherson**

Aangesien radio altyd 'n gewilde kommunikasiemedium is en vir talle boere maklik toeganklik is, is die besluit geneem om in 'n gereelde tydgleuf genaamd "Letsema" op die streeksgebaseerde Radio Mootsweding te belê.

Die ontwikkelende boere het die formele kommunikasienetwerk gebruik om hulle probleme met marktoegang tot kommersiële markte te bespreek. Onmiddellike steun is gegee en pogings is aangewend om die ontwikkelende boere aan kopers bekend te stel en te verseker dat hulle billike, markverwante pryse vir hulle produkte kon onderhandel. NOPO het nie enige ooreenkomste onderhandel nie, maar eerder in 'n raadgewende hoedanigheid opgetree. Ander netwerk- en kommunikasiegeleenthede vir ontwikkelende boere het mettertyd na vore gekom. NOPO het met die Departement Landbou in Noordwes, Mpumalanga, Vrystaat en die destydse Noordelike Provinsie (nou Limpopo) vergader. Hulle het ook die boere se behoeftes aan insetverskaffers oorgedra om hulle oor die boere se unieke omstandighede en vereistes in te lig. Sommige saadmaatskappye het byvoorbeeld saad in kleiner verpakkings begin bemark, aangesien die standaardgrootte sakke vir die kleiner boere te groot en duur was.

NOPO het ook toekennings vir 'n ontwikkelende sonneblom- en grondboontjieprodusent van die jaar bekend gestel. Die doel hiervan was om aan ontwikkelende boere erkenning vir uitnemendheid te gee. Kriteria wat in ag geneem is vir die toekenning was produksiepraktyke, betrokkenheid van die boer by studiegroepe en ondersteuning deur die boer van medeboere in die streek (sien Tabel 3: Toekennings wat in 1999 deur NOPO gemaak is, in Hoofstuk 9). In Mei 1999 is die toekenning vir Ontwikkelende Grondboontjieprodusent van die Jaar tydens die toekenningsfunksie aan mnr Edmund Tsogang van die Genesa-studiegroep toegeken. Die toekenning vir die Ontwikkelende Sonneblomprodusent van die Jaar is aan mnr Basie Ntsimane, lid van die Bafokeng Noord-studiegroep, gemaak.

NOPO het 'n opregte hand van vriendskap aan die nuwe oliesaadprodusente gereik. Die reaksie op hierdie projek was groot, en dit het gou duidelik geword dat die behoeftes van ontwikkelende boere die beskikbare kapasiteit ver oorskry het.

Toe die onderskeie graanprodusente-organisasies saamgesmelt het om die nuwe Graanprodusente-organisasie te vorm, is die momentum met ontwikkeling behou en die NOPO-ontwikkelingsmodel is voortgesit. Mnr Basie Ntsimane het van NOPO na Graan SA verskuif, en 'n lid van Graan SA se Hoofbestuur geword.

## **BEMAGTIGING VAN OPKOMENDE ONTWIKKELENDE MIELIEBOERE: NAMPO**

In 1994 het NAMPO in vennootskap met die LNR-IGG en Omnia 'n program geïnisieer om swart boere te bemagtig en hulle met kommersialisering by te staan. 'n Boekie, "A Key to Successful Farming", wat fundamentele aspekte van mielieproduksie soos grond as 'n hulpbron, klimaat, gewasproduksie en bemaking bespreek, is in 1996



**Mnr Basie Ntsimane**

gepubliseer. Die reaksie was entoesiasies en het die gretigheid van ontwikkelende boere getoon om meer te leer en hulle vaardighede te verbeter.

Dit was duidelik dat verdere ondersteuningstrukture by studiegroepe gevestig moes word sodat die boere se probleme hanteer kon word. Die visie vir die program het 1) die ontwikkeling van 'n stel bestuursriglyne oor die verskillende gewasse, en 2) die aanbied van kursusse oor plaasbestuur ingesluit, maar die NAMPO-personeel was onder druk om op die behoefte te reageer. Die begeerte was daar om ontwikkelende mielieboere te help, maar die uitdaging was om voldoende kapasiteit te kry om hierdie ontwikkelingsprojek te bestuur.

## AMALGAMASIE: DIE ONTSTAAN VAN GRAAN SA SE ONTWIKKELENDE LANDBOUPROGRAM

Transformasie was besig om in die wêreld van georganiseerde landbou plaas te vind. Die verskillende produsente-organisasies, NAMPO, NOPO, SPO en WPO, het in 1999 saamgesmelt om 'n enkele graanprodusente-organisasie te vorm, wat ons as Graan SA ken. Sover dit die ontwikkelende landbou-inisiatiewe betref wat reeds in die ou strukture geïmplementeer is, het die benadering in die nuwe organisasie positief gebly. Boere was entoesiasies oor groter betrokkenheid by ontwikkelende landbou-aktiwiteite, en die gekombineerde kragte van die onderskeie kommoditeitsgroepe het reeds aansienlike insig en kundigheid beskikbaar gehad.

Na voorleggings oor die potensiaal van 'n ontwikkelende landbouprogram in Graan SA was ondersteuning van die onderskeie trusts – wat na die land se deregulering van landbou-bemarking gevorm is – bemoedigend, en van die begin van Graan SA se OLP af was hierdie steun 'n noodsaaklike komponent van die voortsetting en dinamiese uitbreiding van die program. Graan SA het steeds die steun van die LNR-Instituut vir Graangewasse gehad en het nou ook waardevolle vennote in die trusts gekry.

## STEUN VAN DIE TRUSTS: TOE EN NOU

Die verskillende trustfondse – die Mielietrust, Wintergraantrust, die OPOT en Sorghumtrust – het almal 'n kritieke rol in die groei van Graan SA se ontwikkelende landbouprogram gespeel en die basis vir sy sukses verskaf deur 'n stewige fondasie te vorm waarop dit gebou kan word. Hulle was van die begin af betrokke, en is vandag steeds in 'n groter of kleiner mate betrokke.

Die Mielietrust was verreweg die grootste bydraer en het 'n rol gespeel in die uitbreiding van die program sodat dit in 'n posisie is om boere in die meeste van die primêre graanverbuende streke van die land te ondersteun. "Alleen kan ons so min doen; saam kan ons so baie doen." Mnr Leon du Plessis, administrateur van die Mielietrust, verduidelik dat die trust vennote soek wat hulle sal help om die mieliebedryf te dien en hulle missie te vervul om die deurlopende verbetering van die hele mieliebedryf in Suid-Afrika te fasiliteer. Die Mielietrust het gevolglik met Graan SA se program saamgewerk sedert dit ingestel is. Hierdie belegging het vrugte afgewerp, aangesien die getal suksesvolle kommersiële boere jaarliks toeneem.

Die hoofdoelstelling van die OPOT is die bevordering en ontwikkeling van die olie-sadebedryf in Suid-Afrika. Die doelwitte was om huishoudelike en nasionale voedselsekerheid te hanteer, landelike welvaart te verbeter en daarop te fokus om die individuele boer te bemagtig om onafhanklik te word. Kursusmateriaal soos 'n inleiding tot sonneblomproduksie, gevorderde sonneblomproduksie en bemarking, vaardigheidsontwikkelingsaspekte soos stellings en kalibrering en 'n inleiding tot sojaproduksie is ontwikkel, terwyl demonstrasieproefnemings beste praktyk getoon het. Die OPOT het ook tot boeredae bygedra, asook vier bladsye in die *Pula Imvula*-tydskrif elke kwartaal.

Die Sorghumtrust se bydrae het vir die befondsing van demonstrasieproefnemingslanderye, boeredae, die ontwikkeling van handleidings en 'n opleidingskursus gesorg.

Teen 2008 het die Wintergraantrust ontwikkelende boere deur middel van die werk van Graan SA aktief ondersteun. Hulle het gerapporteer dat vordering gesien kon word, en 22 boere is deur die Wintergraantrust en die Vrystaatse Departement







MNR COIS HARMAN

Die was 'n avontuur om studiegroepe regoor die graanproduserende gebiede van die land te vestig, aangesien die behoefte aan opleiding onbeskryflik groot was. Kursusse in meganika is in samewerking met New Holland aangebied, terwyl graankursusse in samewerking met LNR-IGG ontwerp en aangebied is. Die graankursusse het die vernaamste aspekte van boerdery ingesluit, byvoorbeeld grondmonsterneming, grondvoorbereiding, bekalking, gewas- en kultivarkeuse, produksiepraktyke, plaag- en onkruidbeheer, oes en graanbemarking.

Ons het opleiding op 'n streeksgrondslag benader en dit ondersteun met gewasproefnemings wat per streek geplant is, aangesien die toestande, grond en klimaat in die streke verskil. Studiegroepe was 'n baie doeltreffende metode om opleiding te verskaf, maar het ook gedien as platform om ons lede met kundigheid in aanraking te bring. Dit het hulle in staat gestel om onafhanklik te ontwikkel en groei. Vanaf 2002 is provinsiale bestuurders aangestel om ontwikkeling te koördineer, boeredae te organiseer, opleiding te fasiliteer en een-tot-een-mentorskap te verskaf.

Die vervullendste ervaring vir my was om te sien hoe boere vorder terwyl hulle leer.



Mnr Cois Harman (Ontwikkelingsbeampte van Graan SA) en Jub Jubelius (Hoofbestuurslid van Graan SA), voor, verduidelik aan mnr Paul Kgori Mutloane, sy neef, Solomon Manoto en Peterson Solane die voordele van die korrekte gebruik van kunsmis.

van Landbou bygestaan. Die sleuteluitdaging was steeds die winsgewendheid van koringproduksie in die Vrystaat. Hulle ondersteuning het ook gelei tot die daarstelling van 'n provinsiale kantoor in die Paarl om ontwikkelende boere in die Wes-Kaap te diens.

**VROEË LANDBOU-ONTWIKKELING DEUR GRAAN SA**

Cois Harman is in 1999 deur Graan SA aangestel om die program te bestuur en toepaslike vaardighedsopleiding vir die ontwikkelende boere te organiseer. Die eerste stap was die voortsetting van dienste aan gevestigde studiegroepe uit die NOPO-era, en om voort te gaan om nuwe studiegroepe te stig. Demonstrasie-landerye is gevestig sodat boere self kon sien wat die voordele van bestepraktykproduksie, nuwe kultivars, grondmonsterneming en bemesting, en behoorlike onkruidbeheer is. Spesiale boeredae is vir groter groepe boere gehou sodat hulle oor die jongste tegnieke kon leer. Studiegroepe het die grondslag gevorm vir kommunikasie tussen die boere en die organisasie, saam met die radio-uitsending, wat voortgegaan het, en 'n maandelikse nuusbrief, *Pula Imvula*, wat in Tswana, Noord-Sotho en Zulu gepubliseer is.

Die organisasie is aangemoedig deur die sukses van die projekte wat bedryf is, en die terugvoer van die boere was entoesiasies. Bewyse van projeksukses kon reeds in beter opbrengste gemeet word, byvoorbeeld waar die gemiddelde sonneblomopbrengs 300 kg/ha - 500 kg/ha was, het boere reeds meer as 1 t/ha geoes, met sommige wat selfs meer as 2 t/ha gekry het. Mielie-oeste het verbeter, met verstommende opbrengste wat behaal is as gevolg van die boere se toepassing van hulle nuwe kennis en die gebruik van beter saadkultivars, tesame met doeltreffender bemestings- en spuitprogramme

Een so 'n boer is mnr Lazarus Mothusi van Weltevrede in Noordwes. Vandag is hy 'n suksesvolle boer en rolmodel vir ander. Hy vertel hoe hy as 'n beginnerboer sowat 4 ton sonneblom op 15 ha geoes het en gedink het hy vaar goed. Hy beskou dit as sy gelukkige dag toe hy in 1996 met Harman kontak gemaak het. Harman het as mentor opgetree en om uitgenooi om Graan SA se opleidingsessies by te woon. Hy gee Graan SA se ontwikkelende landbou-inisiatief al die eer vir sy groei en sukses.

Teen 2002 was die Graan SA-program betrokke by 436 studiegroepe, met 'n totaal van 9 680 boere. Harman het in 2005 bedank en is in September daardie jaar deur me Jane McPherson opgevolg.

## Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram-werkgroep

Die struktuur van Graan SA is van so 'n aard dat elke fokusarea ondersteun word deur 'n werkgroep wat uit lede van die Hoofbestuur en bestuur bestaan. Op hierdie manier bly die Hoofbestuur ingelig oor ontwikkeling op grondvlak. Die Voorsitter van hierdie werkgroep is die vernaamste kommunikasiekanaal van die bedryfsafdeling na die besluitnemingsgesag, wat die Hoofbestuur is, en omgekeerd. Toe Graan SA in Junie 1999 gestig is, het Gert Pretorius die organisasie binnegekom met die ervaring wat hy uit NOPO se ontwikkelingsaktiwiteite opgedoen het, en met dieselfde passie vir die werk wat gedoen moes word. Hy het hierdie posisie tot in April 2006 beklee, toe hy afgetree het en Jenny Mathews in sy plek verkies is – 'n pos wat sy tot met haar uittrede uit Graan SA se Hoofbestuur in Maart 2012 beklee het.



Me Jenny Mathews

### ONDERHOUD MET JENNY MATHEWS

Deur Estie de Villiers, SA Graan/Grain-tydskrif, Augustus 2015

“Die opvoeder in my was baie opgewonde om van Graan SA se toegewyde Ontwikkelende Landbouprogram met me Jane McPherson aan die hoof uit te vind, en ek het onmiddellik as lid by daardie werkgroep aangesluit. Ek wou 'n manier kry om 'n klein bydrae tot die genesing van hierdie land te lewer, en ek het dit as 'n geleentheid gesien.

Hierdie ontmoeting het my lewe verander. **Ek het onlangs vir Jane vertel dat sy en haar ongelooflike span mense my oë geopen het vir iets werklik wonderliks wat in grondvlaklandbou gebeur; en die boere wat ek langs die pad ontmoet het, het my hart verander.** “Ek het soveel pragtige mense ontmoet wat moeilike, lang ure met 'n glimlag op hulle gesig werk. Hulle sien my hart en nie die kleur van my vel nie. My leuse is nou: ‘Dis nie die kleur van ons vel nie, maar die kleur van ons hart wat saak maak.’”

Volgens Jenny is talle van die opkomende boere se uitdagings presies dieselfde as vir kommersiële boere, aangesien landbou oor die algemeen uiters stresvol is en winsgewendheid onder geweldige druk verkeer. “Boere sukkel net om te oorleef, veral na die aaklige 2014/2015-seisoen met sy talle misoeste. Dit word vir talle opkomende boere vererger omdat hulle sukkel om toegang tot finansiering te kry en dikwels nie die titel van hulle grond hou nie en dus nie die grond as sekuriteit kan gebruik nie.

“Die werklik toegewyde boere wat ek ontmoet het, is harde werkers wat nie net mentorskap en opleiding nodig het nie, maar ook herkapitaliseringsbondsing om te verseker dat hulle besigheid 'n billike kans op oorlewing het. Om bloot vir 'n man of vrou 'n stuk grond te gee, is nie 'n resep vir geslaagde grondhervorming nie,” het sy gesê.

Daar is vir alles onder die son 'n seisoen, en dit was tyd om die leierskapsvaandel oor te dra. Die komitee het mnr Victor Mongoato as die nuwe Voorsitter gekies, en hy is steeds die Voorsitter van die werkgroep. Ter ondersteuning van transformasie in die organisasie het die Hoofbestuur hom in hierdie hoedanigheid op die organisasie se Dagbestuur gekoöpteer.

### Stigting van 'n “Stem van die Boer”-subkomitee

Die werkgroep was van mening dat daar nie genoeg verteenwoordiging van die ontwikkelende boere was om te verseker dat genoeg insig oor die omstandighede in die verskillende streke beskikbaar was nie. Die Hoofbestuur het reeds sy goedkeuring gegee dat die werkgroep nog boere kan koöpteer, en 'n spesiale vergadering met die gevorderde boere is tydens Graan SA se NAMPO Oesdag in 2009 belê. Hulle het 'n subkomitee gevorm, bestaande uit nege boere wat 'n mandaat gegee is om namens hulle as die “stem van die boer” te praat. Die eerste vergadering met die verkose lede is op 8 September 2009 gehou.



## FOKUS OP VICTOR MONGOATO

Ontwikkelende Landbouprogram-werkgroep se Voorsitter sedert 2012

*"Grond het slegs waarde as dit gebruik word. Ons moet seker maak dat mense wat grond ontvang, in 'n posisie is om voedsel en vesel vir ons land te produseer."*  
– Victor Mongoato

Victor het interessante insig in die terme wat gebruik word om swart boere te beskryf: "Ons gebruik die term 'ontwikkelende' boer aangesien ons voel dat dit van toepassing kan wees op enige boer wat wil ontwikkel. Ons gebruik nie die term 'opkomende' boer nie. Dit klink asof ons onder iets is en daar onder moet uitkom." En in die geval van boere wat by die 250 Ton Klub ingesluit is, geld die term "Nuwe Era Kommersiële boere".

Hy het bygevoeg dat Graan SA deur die OLP daarna streef om landbou te verenig en weg te beweeg van die verdeling van die bedryf langs rasselyne, en gesê dat alle boere saamwerk om voedselsekerheid vir Suid-Afrika te verseker.

Victor het verder uitgebrei op die vernaamste uitdagings wat ontwikkelende boere in die gesig staar: "Opleiding en vaardigheidsontwikkeling is noodsaaklik vir ontwikkelende landbou, maar opleiding alleen is nie genoeg nie. Talle van ons boere het nie trekkers en ander nodige implemente nie, of hulle het 'n gebrek aan produksiefinansiering. Verskillende gebiede het verskillende uitdagings. In die oostelike dele van die land (Mpumalanga, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap) waar die reënval hoër is, is die pH van die grond byvoorbeeld laag, en meer kalkaanvulling is nodig. In talle van die gemeenskaplike gebiede is die landerye nie omhein nie en die gesaaides word dikwels deur vee beskadig. Daar is ook 'n tekort aan stropers en opbergers. Ons het geweldige stukke grond wat nog nie optimaal benut word nie. Dit laat ruimte vir ons boere om uit te brei en voedsel vir die land en vir die SAOG-streek te produseer."

Sover dit uitdagings vir ontwikkelende landbou betref, het hy twee hoofkwessies beklemtoon:

- Talle instellings "boer namens" ontwikkelende boere en noem dit "ontwikkelende landbou". Ander boere wil nie hê ander moet namens hulle boer nie; hulle wil bemagtig word om dit self te doen. Waar die regering ook al probeer het om kontrakteurs te kry om namens mense te boer, het dit misluk. Ons moet in individuele boere belê en hulle help om suksesvolle boere in eie reg te word.
- Die sogenaamde "groepboerderyprojekte" is 'n fout. Ervaring het geleer dat dit feitlik onmoontlik is om as deel van 'n groep te boer.



Mnr Victor Mongoato



**DIS DIE AKSIE, NIE DIE VRUG VAN DIE AKSIE NIE, WAT BELANGRIK IS. JY MOET DIE REGTE DING DOEN. DIT IS DALK NIE BINNE JOU VERMOË NIE, DIT IS DALK NIE IN JOU TYD DAT DAAR ENIGE VRUGTE SAL WEES NIE. MAAR DIT BETEKEN NIE DAT JY OPHOU OM DIE REGTE DING TE DOEN NIE. JY WEET DALK NOOIT WAT UIT JOU AKSIE VOORTSPRUIT NIE. MAAR AS JY NIKS DOEN NIE, SAL DAAR GEEN RESULTAAT WEES NIE.**

*Mahatma Gandhi*

## VIR WIE HELP GRAAN SA SE PROGRAM?

Die OLP se bestuur het vroeg besef dat daar in Afrika talle vorms van grondbesitstelsels is. Daar is besluit dat die boer se verwantskap met die grond waartoe hy of sy toegang het, nie belangrik is nie. Dit was steeds toepaslik om daarna te streef om hulle te bemagtig om die meeste te kry uit die grond waartoe hulle toegang gehad het. Met die span wat oor 'n wye gebied op grondvlak werk, kon hulle kritieke inligting oor ontwikkelende boere en hulle bedrywighede insamel en hulle het interessante data verkry oor die programlede en hoe hulle toegang tot hulle grond kry. (Dit is interessant om daarop te let dat die vlak van kundigheid van die span van so 'n aard is dat belanghebbers van buite – insluitende regeringsdepartemente – begin het om advies of inligting/data van die Graan SA-span te vra.) Die 2011-studiegroep se statistiek toon byvoorbeeld heelwat oor die aard van die boerderybedrywighede en die diversiteit van toegang tot grond:

Studiegroeplede		Totaal: 3 558
<b>Grondbesit</b>		<b>Hektaar</b>
<b>Bewerkbare grond</b>	<b>Totale bewerkbare grond</b>	<b>46 954</b>
Besit	Deur boer gebruik	17 456
Kommunale grond (PTO)	Deur boer gebruik	12 831
Dorpsgrond (munisipaal)	Deur boer gehuur	1 890
Gehuurde privaat grond		4 451
PLAS (Grondsake)	Deur boer gebruik	10 030
<b>Weiding</b>	<b>Totale weiding</b>	<b>119 829</b>
Besit	Deur boer gebruik	19 566
Kommunale grond (PTO)	Deur boer gebruik	85 898
Dorpsgrond (munisipaal)	Deur boer gehuur	400
Gehuurde privaat grond		1 828
PLAS (Grondsake)	Deur boer gebruik	12 138

Graan SA gee nie om hoe 'n boer toegang tot grond kry, en of 'n boer vanaf 1 ha of 1 000 ha grond produseer nie. Die bedoeling is om te verseker dat optimale produksie verkry word deur moderne, ekonomiese en doeltreffende boerderymetodes te gebruik. Ongeag die grootte van die plaas, die basiese beginsels bly dieselfde. Gehaltesaad, grondmonsterneming en akkurate bemesting en behoorlike onkruidbeheer. Indien 'n persoon 1 ha het en 6 t/ha kan verkry deur te leer hoe om 'n handplanter te gebruik, met 'n stukkie geknoopte tou om die saad te spasieer en 'n rugsaksproeier vir onkruidbeheer, kan dit 'n groot impak maak – dit kan boere se lewens verander. Nie almal kan toegang tot baie hektaar grond kry nie, maar hulle kan die beste praktyke geleer word. Dit is ook die motivering agter die proefnemings. Hulle word geplant op presies dieselfde manier as wat die plaaslike boere plant. As hulle met die hand plant, word die proefnemings met die hand



'n Basiese vertrekpunt vir die funksionering van die Graan SA-program is:

**ONTWIKKELING GAAN OOR DIE INDIVIDU**

Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor grond nie

Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor masjiene nie

Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor markte nie

Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor geld nie

Ontwikkelende landbou gaan NIE NET oor vaardigheidsontwikkeling en opleiding nie

Dit gaan oor al bogenoemde

Ontwikkeling is 'n proses en nie 'n SPRONG nie

*(Programbestuurder me Jane McPherson)*







Mnre William Matasane, kommersiële boer van Senekal (links) en Koos Mthimkulu, Ontwikkelende Boer van die Jaar vir 2011, bespreek koringsake met Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA.



geplant om te demonstreeer dat beste praktyke en beter opbrengste haalbaar is. Daar lê geweldige waarde daarin om te sien en te glo, en op sommige plekke het 'n verandering in boerderymetodes soos 'n veldbrand deur 'n streek getrek namate een boer die boodskap aan sy bure oordra.

Die etos agter Graan SA se program lui:

- Boere moet bemagtig word om self te boer (kontrakteurs moenie namens hulle boer nie).
- Waar hoegenaamd moontlik moet boere hulle eie toerusting besit en nie op die aktiwiteite van ander diensverskaffers staatmaak nie.
- Boere met plase van alle groottes kan bygestaan word om die grond te gebruik wat tot hulle beskikking is deur die modernste metodes van gewasproduksie te gebruik.
- Die maatstaf van sukses is die volhoubare produksie van winsgewende gewasse op elke hektaar (en nie die totale getal hektaar aangeplant, of die totale getal ton geoes nie).

Ten einde hierdie doelwitte te bereik, is befondsing verkry om die program se voetspoor mettertyd te vergroot deur 'n streeksteenwoordigheid daar te stel.

## DIE VOETSPoor VAN GRAAN SA IN DIE LAND: STREEKSKANTORE

Vanaf die nederige begin op Zeerust het die program sy voetspoor stelselmatig na meer van die belangrike graanproduserende streke uitgebrei. Streekskantore wat beman word deur 'n ontwikkelingskoördineer wat met die inheemse taal van daardie streek vertrou is, asook 'n administratiewe assistent, is geopen. Tans is daar kantore op Lichtenburg en Taung in Noordwes, Ladybrand in die Vrystaat, Nelspruit (Mbombela) in Mpumalanga, Louwsburg en Dundee in KwaZulu-Natal (wat ook dele van Mpumalanga, Kokstad en Mthatha in die Oos-Kaap bedien), en Paarl in die Wes-Kaap.

### GRONDBESITREG, GEWASSE AANGEPLANT EN GRAAN SA-KANTORE PER PROVINSIE

Provinsie	Kantoor	Gewasse aangeplant	Grondbesitreg
Noordwes	Lichtenburg	Mielies, sojabone, sonneblom	Alle tipes
	Taung	Besproeiingsmielies, koring, gars, katoen, grondbone, lusern, aartappels	Meestal staatsgrond in die Taung-besproeiingskema
Vrystaat	Ladybrand	Mielies, sojabone, sonneblom, grondbone, droëbone	Alle tipes (baie min gemeenskaplike grond)
Oos-Kaap	Mthatha	Mielies, droëbone	Meestal gemeenskaplike grond
	Maclear	Mielies, droëbone	Meestal gemeenskaplike grond – mate van PLAS
	Kokstad	Mielies, droëbone	Meestal gemeenskaplike grond – mate van PLAS
KwaZulu-Natal	Dundee	Mielies, droëbone	Meestal gemeenskaplike grond – mate van PLAS
Mpumalanga	Louwsburg	Mielies, droëbone	Meestal gemeenskaplike grond
	Nelspruit	Mielies, droëbone, grondbone	Meestal gemeenskaplike grond
Wes-Kaap	Paarl	Koring, gars, hawer, kanola	Meestal kerkgrond en PLAS



Daar is 'n totaal van nege kantore, insluitende die koördinerende kantoor in Bloemfontein. Hierdie kantore is almal strategies geplaas om 'n wye gebied te diens waar graan winsgewend geproduseer kan word, en waar ontwikkelende boere toegang tot grond het. Hierdie kantore verskil effens ten opsigte van die werk wat hulle doen, aangesien dit van die gebied, klimaatstoestand, vlak van boerdery, grondbesitgreëlings en aangeplante gewasse afhang, maar almal het 'n spesifieke kwota werk elke jaar. Die projekte wat deur die kantore hanteer word, sluit in die studiegroepdiens, aanplanting van demonstrasieproefnemings, boeredae, ontwikkeling van vennootskappe, die Boer van die Jaar-kompetisie, die ondersteuning van die gevorderde boere, asook die tref van reëlings vir die opleidingskursusse.

Die koste van die kantore word tans (2015/2016) deur die Mielietrust en die Wintergraantrust gedra. Die koste van 'n kantoor is in die omgewing van R1 525 000/jaar, wat die personeelkoste vir die ontwikkelingskoördineerder asook die kantooradministrateur, reiskoste (gewoonlik word daar sowat 4 000 km/maand afgelê), kantoorhuur, telefoon, selfoon en faks, huur van kantoortoerusting en die koste van die koördineerder se oornagverblyf insluit.

### DIE GRAAN SA ONTWIKKELENDE LANDBOUPROGRAM IN SYFERS (2015)

Getal kantore	
<i>Lichtenburg, Taung, Ladybrand, Nelspruit, Louwsburg, Dundee, Kokstad, Mthatha, Paarl</i>	9
Studiegroepe	123
Huidige getal studiegroeplede	5 801
Demonstrasieproefnemings	53
Boeredae gehou	76
Gevorderde boere	141
Gemiddelde bewerkbare grond per studiegroeplid	198

Die onderskeie kantore diens elkeen effens verskillende boereklïentebasisse, en daarom verskil die gedetailleerde werkslading van elke kantoor van die ander s'n.

### MENSE WAT MENSE OP GRONDVLAKE HELP

Die ontwikkelingskoördineerders rapporteer deurlopend oor goeie vordering met demonstrasieproefnemings wat aangeplant is, boeredae wat gehou word en die "gevorderde boer"-program wat die pad op 'n een-tot-een-grondslag saam met die groterskaal, meer gekommersialiseerde boere gestap het. Die benoemings vir die Boer van die Jaar-kompetisie was almal uitstekende kandidate wat aansienlik gegroei het. Trouens, volgens mnr Danie van den Berg, ontwikkelingskoördineerder, is hulle nie werklik meer "ontwikkelende" boere nie, maar goeie boere met goeie gewasse.

Die studiegroepe was van groot hulp, en so ook die boeredae. "Hulle maak 'n goeie bydrae tot voedselsekerheid in hulle gebied," het hy gesê. Mnr Tonie Loots, destyds die ontwikkelingskoördineerder op Zeerust, het gesê dat boere begin het om chemiese onkruidbeheer te gebruik en beter pryse vir hulle mielies kon kry. "Dis 'n heeltemal ander wêreld van boer!" Mnr Papi Nkosi, voormalige Graan SA-hoofbestuurslid van Bosbokrand in Mpumalanga, het die boere se waardering uitgespreek: "Graan SA doen wonderlike werk vir die ontwikkelende boere. Al die boere wat deel is van die program pas hulle produksiepraktyke aan. Dit is 'n baie verdienstelike program en dit het 'n impak op die lewens van mense."

Ontwikkelingskoördineerder mnr Johan Kriel, wat op Ladybrand in die Vrystaat gebaseer is, het opgemerk dat Graan SA met 'n sneeubaleffek te make het. Die vraag na bystand en mentorskap was groot: "As jy 'n boer kry wat 1 tot 2 ton kry en jy kan dit tot 10 ton verhoog – dit maak 'n verskil in mense se lewens. Ons besef nie altyd die impak wat ons het nie – die lojaliteit en die verantwoordelikheid wat daarmee gepaardgaan, is enorm – mense kom saam met baie probleme. Ons is toegewyd."



**Klankgreep:** Die beloning daarvan om 'n ontwikkelingskoördineerder te wees – mnr Jerry Mthombothe.



## WAT 'N BOER VIR 'N MENTOR BETEKEN

PHILIP DU PREEZ, 'N MENTOR VAN DIE VRYSTAAT.



Om as 'n mentor aanvaar te word moet die beginsels van: inligting oor mentee, eerlikheid, betroubaarheid, voldoende kennis, praktiese ondervinding en kommunikasievermoë daar wees.

Mentee-inligting tot sy familie, gade, kinders, opvolgers, boerdery agtergrond, toekomsplanne, probleme en moontlike oplossings is uiters noodsaaklik om verhoudings te verbeter.

Om die wel en wee van die familie te ken en gereelde terugvoering te kry met opregte belangstelling wedersyds maak jou 'n lid van die familie.

Eerlikheid moet ten alle tye gehandhaaf word, waar voldoende kennis ontbreek moet dit opgevolg word om betroubaarheid te bevorder.

Kennis en praktiese ondervinding moet met die mentee uitgeruil word in 'n verstaanbare taal. 'n Mens is nooit te oud om te leer nie en ek moet erkenning gee daarvoor.

Beginselvastheid wat betref die boerderypraktyke wat gevolg moet word naamlik: "Die plaas bepaal waarmee geboer kan word."

Onder-potensiale lande moet onttrek word van kontantgewasse en met permanente weidings gevestig word. Hierdie beginsel word nog nie na wense toegepas nie maar resultate is besig om te verbeter.

Gemengde boerdery met kwaliteit beeste wat weidings, oesreste en aangeplante weidings kan benut is meer volhoubaar. Seleksie en bemerking word saam met mentee gedoen en resultate word met dank gekommunikeer.

Waar kontantgewasse verbou word op hoër potensiaal lande is beter opbrengste meer volhoubaar en word erkenning daarvoor baie waardeer.

Grondbewaring is hoog op die agenda en die hulp met die uitlê van waterbane en kontoerwalle is baie suksesvol, praktiese ondervinding het hier 'n groot rol gespeel.

William Matasane, Koos Mthimkulu, John Depali, Sameul/Simon en Jafta Thaso genereer goeie oeste en terugvoering is baie positief, want hulle suksesse is ook my sukses.

Al die positiewe kommentaar wat oor 'n lang tydperk kom, is 'n riem onder die hart. Die groot bydrae van eerlikheid en betroubaarheid onder mekaar en met my, want ek is 'n lid van die familie, het sukses moontlik gemaak.

Daar kan nie 'n beter erkenning wees vir wat bereik is saam met boere wat wil en kan boer nie. Alle eer aan die Hemelse Vader wat dit moontlik gemaak het.






**Studiegroepe vorm die basis van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram.**

Bewys van hierdie “sneubaleffek” word gesien in die program se 2010/2011-statistiek, wat ’n vinnige momentum in die voortgesette uitbreiding toon:

- ’n Totaal van 655 studiegroepvergaderings is deur 10 033 boere bygewoon.
- 61 boeredae is deur 3 741 boere bygewoon.
- Gevorderde boere is 849 keer vir een-tot-een-mentorskap besoek.
- 131 radio-uitsendings is deur personelede gedoen.
- 264 000 kopieë van die *Pula Imvula*-tydskrif is oor 12 maande gesirkuleer.
- 108 opleidingskursusse is deur 2 170 boere en plaaswerkers bygewoon.
- Die Skoleprogram, wat ook deur die Ontwikkelende Landbou-afdeling aangebied word, het 363 skole besoek en 53 870 leerders bereik. (Meer gedetailleerde inligting oor die Skoleprogram word by Hoofstuk 7 ingesluit.)



**Letwende in Graan SA se baltemperatuur**

**Bala Moteng:**

- 04 Diffusie van buite na in swaaiwering moesmond
- 06 Tjhosu o bala tsedu melano paku le rourage go jaala
- 11 Letu le la tsodjengeng le tsodjengeng go tsu tsu

**Molaetsa wa tsholofelo ka setlha sa leuba**

... molaetsa wa tsholofelo ka setlha sa leuba ...

**DIE OES IS GROOT MAAR DIE WERKERS MIN: ALGEMENE AKTIWITEITE**

Met verloop van tyd is ’n aantal kernbesigheidsaktiwiteite by die program geïntegreer ten einde die doelwitte van ontwikkelende landbou te bereik.

**Studiegroepe**

Dit is kostedoeltreffender om boere in ’n groep te diens as om dit op ’n individuele grondslag te doen, en hulle leer ook meer uit die vrae van die ander boere. Die studiegroepstelsel wat met die begin van georganiseerde landbou se ontwikkelende landbou-pogings ingestel is, is steeds die kern van hierdie program. Dit is die eerste kontak wat met die boere gemaak word wanneer die span in ’n streek begin werk. Studiegroepvergaderings word gekenmerk deur die bou van verhoudings, die insameling van inligting en die deel van kennis.

Die maandelikse *Pula Imvula*-nuusbrief word by studiegroep-byeenkomste versprei en die streekbestuurders bespreek die kwessies van belang in die nuusbrief. Tydens vergaderings word inligting oor seisoenale kwessies en bestespraktyk-kennis oorgedra. Dit was moontlik om die doeltreffende gebruik van gereedskap te demonstreer, en veilige hantering van chemikalieë en bemestingstowwe te leer. Die span het sowat 4 000 rugsakspoeiers versprei aan boere in die mees afgeleë landelike gebiede wat nie maklik andersins daartoe toegang sou kry nie.

Namate die boere oor die jare heen meer gevorderd geraak het, het hulle die behoefte uitgespreek aan meer gevorderde inligting, terwyl die progressiewe boere die minder gevorderde boere terselfdertyd help om te vorder.



Boere ontvang opleiding in verskeie fasette van boerdery en bestuur.

## Gevorderde boere

Daar is steeds 'n gaping tussen die meer gevorderde ontwikkelende boere en die kommersiële boere. Al die ontwikkelende boere kan nie op dieselfde basiese vlak ondersteun word nie. In die studiegroepe word boere ondersteun met inligting en opleiding om hulle by besteparktykproduksie betrokke te kry. Talle boere het gegroei en is nou klaar met hierdie soort ondersteuning, aangesien hulle reeds op 'n semi-komersiële grondslag boer. Hulle is egter nog nie só geplaas dat hulle in die mededingende kommersiële wêreld heeltemal aan hulle eie genade oorgelaat kan word nie. Dit is hoofsaaklik die kleinboere (10 ha tot 250 ton). Ons probeer ook om die boere bedag te maak op die belangrikheid van bemerking en ons bring hulle in kontak met agente wat bereid is om daardie pad saam met hulle te stap. Die vrye mark is vir talle mense, en veral vir ontwikkelende boere, baie uitdagend.

Die doel van hierdie program is om die uitstaande kandidate te ondersteun wat uit die studiegroepstelsel te voorskyn gekom het. Hierdie boere het een-tot-een-ondersteuning nodig ten opsigte van produksiebeplanning, bestuur, ondersteuning ten opsigte van finansiële aansoeke en verslagdoening, ensovoorts. Die Graan SA-span stel ook gedetailleerde sakeplanne vir hierdie boere op wanneer nodig. Wanneer die boer meer as 250 ton/jaar produseer en aan die "komersiële" produksiestandaard voldoen, word hulle aan die kommersiële boere in daardie streek oorhandig ten einde die integrasie van die swart boere by die kommersiële sektor te versnel. In 2015 het die onderskeie kantore 'n totaal van 154 gevorderde boere ondersteun.

Die vordering ten opsigte van die nuwe-era kommersiële status was stadiger as wat verwag is, aangesien hierdie boere talle uitdagings moet oorkom:

### *Produksielening*

- Talle boere voldoen nie aan die sekuriteitsvereistes van die uitleeninstellings (insluitende die Land Bank) nie.
- Die boere kwalifiseer nie vir multirisikoversekering nie.
- Indien die boere gelukkig genoeg is om vir multirisikoversekering te kwalifiseer, is die waarborg nie genoeg om die lening te sekureer nie.
- Die klein marges in droëland-graanproduksie maak dit riskant vir iemand wat nog die "ambag" leer – daar is geen ruimte vir foute nie.

### *Trekkers en masjinerie*

- In talle gebiede is meganisering nie beskikbaar nie.
- In gevalle waar daar meganisering is, is die toestand daarvan dikwels baie swak.
- Die regering het in sommige gebiede gedeeltes toerusting verskaf, en die bestuur daarvan skep swak produktiwiteit.
- Kontrakteurs word wyd gebruik en daar is geweldige uitdagings hieraan verbode, insluitende die tydsberekening van bedrywighede, die gehalte van die werk wat gedoen word en die hoë koste daarvan (slegs die kontrakteur maak op die ou einde geld).

### *Kwessies ten opsigte van grondgebied en grond*

- In die gemeenskaplike gebiede is die besitreg dikwels onseker (boere "gebruik" die ongebruikte grond van afwesige boere asook hulle eie grond en die besitreg van die grond is nie verseker nie).
- Die pH van die grond is laag (veral in gebiede met 'n hoër reënval en groter potensiaal), en in talle gebiede is die fosfaatvlakke baie laag as gevolg van jare se bewerking sonder die aanwending van voldoende bemestingstowwe.
- Grond met lae potensiaal word beplant (onwingsgewend).
- In sommige gebiede, soos die besproeiingslanderye in Taung, deel vier boere een sentrale spilpunt, wat baie spanning veroorsaak.

### *Demonstrasieproefnemings en boeredae*

Die doel van die demonstrasieproefnemingslanderye is om aan die ontwikkelende boere die resultate van goeie produksiepraktyke te wys: Die regte









Die regte toediening van kalk lewer altyd goeie resultate.



Dr Willie Kotzé

grondvoorbereiding, die regte toediening van kalk (indien van toepassing), die regte bemesting (op grond van grondmonsterneming), die regte plantpopulasie en kultivarkeuse, behoorlike onkruid- en plaagbeheer, ensovoorts. Die boere kan die praktyke ervaar en dan dieselfde op hulle eie grond doen.

*Die personeel in die program koördineer die daarstelling van hierdie proefnemings met ander betrokkenes in die bedryf – die kontrakteur, die saadmaatskappye, die misstofmaatskappye en die landbouchemikalieë-maatskappye sodat die produsente aan die beste moontlike produksie-inligting en -tegnieke blootgestel word.* Dit is 'n sleutelkomponent in die bemagtiging van boere om winsgewend en volhoubaar voort te gaan, aangesien die visie is dat hulle uiteindelik deur die kommersiële sektor-verteenwoordigers van die insetverskaffingsmaatskappye ondersteun en gelei sal word. Die blootstelling van die boere aan die verteenwoordigers van die insetverskaffingsmaatskappye vir die ontwikkeling van verhoudings is een van die doelwitte van die boeredae. In 2015 is 87 produsentedae regoor die land aangebied en deur 5 656 boere bygewoon.

## Opleidingskursusse

Onder die leierskap van McPherson en dr Willie Kotzé het die opleidingsprogram aansienlik uitgebrei. Belangrike ontwikkeling van opleiding en opleidingshandleiding is met die fondse uit die verskillende trusts gedoen.

Boerdery is 'n besigheid, en dit verg grondige begrip van 'n groot getal uiteenlopende onderwerpe – van die grond tot inkomstebelasting. Kotzé het gerapporteer dat 189 kursusse in die 2009 finansiële jaar aangebied is: 159 vir die Mielietrust, elf vir die OPOT, tien vir SAB, vyf vir Sorghum en vier vir Wintergraan. Elke kursus is ontwikkel om 'n spesifieke behoefte te hanteer wat ons deur ons interaksies met die boere op verskillende vlakke geïdentifiseer het.

Hoewel nie al die kursusse in al die tale beskikbaar is nie, stuur ons 'n opleier wat vaardig is in die plaaslike taal na die streek sodat die kursus aan die boere verduidelik kan word.

Die kursusse het 'n teoretiese en 'n praktiese deel. Gewoonlik word die teorie in die oggend hanteer en die praktiese deel in die middag. Die toerusting wat tot die boere se beskikking is, word vir die praktiese opleidingsessies gebruik – dit bemagtig hulle nie indien hulle geleer word op toerusting waartoe hulle nie toegang het nie. Dit is ook goed om hulle te wys wat hulle kan doen met die toerusting wat hulle het. In 2015 is 123 kursusse vir 1 985 boere in die Oos-Kaap, Vrystaat, KwaZulu-Natal, Mpumalanga en Noordwes aangebied.

## Die 250 Ton Klub en Day of Celebration

Hoewel enige ontwikkelingsproses 'n stadige en bestendige reis is, is dit nietemin duidelik dat daar reeds heelwat is om op die gebied van ontwikkelende landbou te vier. Daar is besluit om een dag af te neem van die hantering van ontwikkelingsuitdagings om die talle verskillende individue en instellings betrokke in die gebied



Van die ontwikkelende boere wat in 2008 lede van die 250 Ton Klub geword het.





Teen 2015 het die 250 Ton Klub-lede gegroei tot 119 lede.

te vier en aan hulle erkenning te gee. Om al die boere te inspireer en aan te moedig, is die 250 Ton Klub met verskillende vlakke van lidmaatskap gestig:

- Brons – 250 Ton-lid
- Silwer – 500 Ton-lid
- Goud – 500 Ton-lid en
- Platinum – 1 500 Ton-lid.

Op 25 September 2008 het die OLP van Graan SA en Monsanto SA die eerste “Feesdag” gehou. Vordering ten opsigte van ontwikkelende landbou is erken en 32 boere het lidmaatskap van die 250 Ton Klub ontvang.

“Ons het gedink dat dit gepas is om ‘n 250 Ton Klub te stig om die prestasie te erken van diegene wat reeds meer as 250 ton graan/jaar produseer en wat baie na is daaraan om ware kommersiële boere te wees. Talle van hulle sal net vir nog ‘n jaar of twee deel van ons program wees, maar hulle vordering verdien erkenning,” het McPherson na die seremonie in ‘n mediaverklaring gesê.

Vroeg in 2009 het lede van die ANC Vroueliga en verteenwoordigers van Graan SA vergader om verskillende kwessies van gemeenskaplike belang met die 250 Ton Klub-lede te bespreek. Graan SA het ook aandag gevestig op die uitgebreide steun wat deur die ontwikkelende landbouprogram aan die ontwikkeling van volhoubare swart kommersiële boere met kapasiteit gegee word. Hulle is vertel van die belangrike vordering wat oor die jare heen gemaak is, en van die pas gestigte 250 Ton Klub, wat die vordering erken wat deur die top ontwikkelende boere gemaak word. Hulle het hierdie boere ontmoet wat elke geleentheid aangryp het om die opleiding te ontvang, en ook die veldondersteuning te benut wat deur die program verskaf word. Die ANC Vroueliga was bly om uit te vind dat hierdie opleiding gratis aan al die deelnemers verskaf word, aangesien die kursusse deur die onderskeie graantrusts geborg word.

In 2009 het lidmaatskap van die 250 Ton Klub tot 42 lede toegeneem, en in 2010 het die klub 52 lede gehad, met sommige van die lede wat na die 500 Ton- en 1 000 Ton-kategorieë opgeskuif het (26 x 250 Ton-lede; 16 x 500 Ton-lede en 10 x 1 000 Ton-lede). Teen 2011 was daar 58 lede in die 250 Ton Klub.

#### 250 TON-KLUBLEDE DEUR DIE JARE

	250 Ton Klub	500 Ton Klub	1 000 Ton Klub	1 500 Ton Klub	Totaal
2008	21	7	4		32
2009	23	10	8		41
2010	28	13	10		51
2011	30	17	10		57
2012	30	17	10		57
2013	47	18	14	2	81
2014	66	30	16	3	115
2015	67	31	18	3	119



Die 2015 wenner van die Graan SA/ABSA Bestaansboer van die Jaar was Ngubengcuka Moyo. Van links, besig om Ngubengcuka geluk te wens, is Jane McPherson (Graan SA Bestuurder: Boere Ontwikkelingsprogram), Ramodisa Monaisa (Seremoniemeester en Visevoorsitter van die Boere Ontwikkelings Werkgroep), Jannie de Villiers (Hoof Uitvoerende Beampte: Graan SA) en Ernst Janovsky (Hoof: Sentrum vir Uitnemendheid ABSA AgriBesigheid).



Solomon Masango, vergesel van sy pragtige vrou, Christina, was 2015 se Graan SA/ABSA/John Deere Finansiële Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar. Jannie de Villiers, Ramodisa Monaisa, Ernst Janovsky en Antois van der Westhuizen (Hoof: Verkope Finansiering – Sub Sahara Afrika, John Deere Financial) het die wenner geluk gewens.



Die wenner van die Graan SA/Syngenta Kleinboer van die Jaar, 2015 was Daliwonga Nombewu.

Teen 2015 het die 250 Ton Klub se verteenwoordiging sowel as die status gegroei. Dit het vir die boere 'n belangrike simbool geword waarteen hulle hulleself meet. Hulle streef daarna om die opbrengste te behaal wat aan hulle lidmaatskap sal gee van wat hulle as 'n "elite" groep ontwikkelende boere beskou.

Sedert 2008 het die *Day of Celebration* 'n belangrike jaarlikse datum geword vir almal wat by Graan SA se OLP betrokke is. Op hierdie dag, wat op 'n sentraal geleë plek aangebied word, word benoemings vir die 250 Ton Klub sowel as finaliste en wenners van die Nuwe Era Kommersiële, Kleinskaalse- en Bestaansboere-toekenning bekend gemaak.

## Boer van die Jaar

Elke jaar word 'n kompetisie vir boere in al drie kategorieë aangebied, en dit is werklik bemoedigend om die vordering van die boere te sien. Elke jaar is daar ook meer boere wat wil deelneem, en dit raak al hoe moeiliker om 'n wenner te identifiseer namate die mededinging strawwer word. *Dit is nie meer moontlik om hulle bloot op grond van die produksiepraktyke te beoordeel nie, en goeie kommersiële praktyke word die norm.*

## VENNOOTSAPPE EN HERKAPITALISERING

*Geen enkele groep kan eienaarskap van die ontwikkelingsproses neem nie.*

Daar is talle rolspelers in die graanbedryf en dit is belangrik dat daar goeie werksverhoudinge moet wees, aangesien ons almal dieselfde doelwit deel. Die veld van





ontwikkelende landbou is baie groot en dit is belangrik om toegang tot inligting en steun op alle gebiede te kry. Deur hierdie program word daar gepoog om al die onderskeie rolspelers in die landboubedryf by die ontwikkeling van boere te betrek – elkeen het 'n rol om ten opsigte van hulle eie spesialiteit te speel.

Koördinasie is noodsaaklik as daar konstante en volgehoue vordering moet wees. In die belang van langtermynvolhoubaarheid moet die boere bygestaan word om al die verskillende rolspelers op hulle boerderygebied te leer ken. Hulle moet 'n ondersteuningsnetwerk hê wat sal voortgaan wanneer hulle kommersiële status bereik.

Goeie verhoudings word gesmee met personeel van die LNR, die Departement van Landbou, die Departement van Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming, die insetverskaffingsmaatskappye vir saad, misstof, chemikalieë, kalk, diesel, versekering, finansiering en meganisering, asook provinsiale en plaaslike owerhede. Elkeen van hierdie rolspelers het 'n eiesoortige bydrae om tot die proses van volhoubare ontwikkeling te maak.

Die program het vir baie jare deur die studiegroepe, demonstrasieproefnemings, boeredae, die Boer van die Jaar-kompetisie, gevorderdeboer-program, ontwikkeling van opleidingsmateriaal, opleidingskursusse, weeklikse radio-uitsendings en 'n maandelikse nuusbrief op vaardigheidsontwikkeling, opleiding, bemagtiging en kapasiteitsontwikkeling gekonsentreer. Vordering ten opsigte van kommersialisering was 'n stadige proses, met die fokus op wat as "ware ontwikkeling" beskou is – die ontwikkeling van die individu.

Die harde werklikheid van diegene wat op grondvlak gewerk het, was egter nie meer dat, indien beste praktyke geïmplementeer word en beste opbrengste behaal word, alles vir tevrede boere gelukkig sou eindig nie. 'n Finansieringskrisis wat die swaarverdiende boerdery-ondernemings bedreig, was eerder vir talle ontwikkelende boere die realiteit. Teen 2010 was die produksiekoste vir graan ongeveer R5 000/ha (vir direkte koste). In werklikheid was die koste vir ontwikkelende boere om verskeie redes gewoonlik hoër as vir kommersiële boere:

- 1) Die grond was dikwels uitgeput, sodat die bemestingsvereistes groter was;
- 2) Die boere het nie aanvullende sekuriteit gehad om lenings te sekureer nie, en was gedwing om insetversekering uit te neem om die lenings te sekureer – teen hoër koste;
- 3) Die trekkers en implemente van die ontwikkelende boere was oud en afgeleef, en die herstel en onderhoud het meer gekos;



Boere ontvang kunsmis by Khumbula Nsikazi Stadion.



Jobs Fund-mielies in Mpumalanga.



Die verskil wat dit maak as jy weet wat jy doen – Jobs Fund-mielies links en 'n rampspoedige gevolg regs.



Video: 'n Video-oorsig van Graan SA se deelname aan die Regering se herkapitaliseringsprojek.

- 4) Boere het nie altyd al die toerusting besit wat vir produksie benodig word nie, en hulle moes vir kontrakwerk begroot, byvoorbeeld vir oes- en plantbedrywighede;
- 5) Hierdie boere het nie die voordele van skaalbesparings gehad om oor die prys van insette of oor goeie bemerkingskontrakte te onderhandel nie; en
- 6) Die meeste boere moes geld leen vir produksie, wat 'n rentelas bygevoeg het.

Die meeste boere het nie langtermynrekords gehad nie, die meeste het oorlaatskuld gehad as gevolg van die lae pryse van die 2008- en 2009-seisoene, en daar was 'n algemene wanhopigheid omdat almal gesukkel het om toegang tot produksiefinansiering te verkry. Verslae deur ontwikkelende boere aan die werkgroep het die krisis bevestig:

*As gevolg van die swak winsgewendheid van graanboerdery is slegs 'n paar boere deur die plaaslike landboubesighede gefinansier, en is daarna gedwing om multi-risikoversekering uit te neem, wat die produksiekoste aansienlik verhoog het. 'n Lid van die Stem van die Boer-komitee het gerapporteer dat die boere almal as gevolg van die lae pryse en hoë produksiekoste met oorlaatskuld sukkel.*

In hierdie omgewing is daar min produksie en geen verdere ontwikkeling nie. Dit het daarom duidelik geword dat *iets op 'n ander manier gedoen moet word*. Graan SA het besef dat staatsingryping op die hoogste vlak nodig was om lewensvatbaarheid en volhoubaarheid vir ontwikkelende produsente te verseker.

In 2012 het die program met die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DLOGH) saamgewerk om ontwikkelende boere regoor die land te bemagtig. Vir die eerste keer is holistiese sakeplanne – nie net vir die graanproduksie-aspekte nie – opgestel, en teen September 2012 is 36 miljoen na 'n afsonderlike bankrekening oorgeplaas om deur die programspan en die boere self bestuur te word. Ten einde hierdie fondse te bestuur, moes Graan SA by die Raad op Finansiële Dienste registreer. 'n Internet-gebaseerde rekeningkundige stelsel wat deur Graan SA gestruktureer is, maak dit moontlik om 'n bankrekening vir elke individuele boer te bestuur. Hierdie bankrekenings is by Standard Bank en word derdeparty-fondsadministrasie- (TPFA-) rekenings genoem. Na die verloop van die herkapitaliseringsproses maak die boer die rekening van Graan SA "los" en bedryf die rekening dan op hulle eie. Op hierdie manier bou die boer met verloop van die projek 'n bankrekord op.

Die 2012/2013-inisiatief het gefokus op 16 boere wat in die Vrystaat, Noordwes en Gauteng geïdentifiseer is. Streng finansiële bestuur het verseker dat die fondse vir meganisering vir grondvoorbereiding, die koop van insette vir produksie en die vestiging van die gewas benut word. Aandag is ook aan belangrike infrastruktuur soos skure, heinings, water, ensovoorts geskenk. Herkapitalisering het tot in 2013 en 2014 voortgeduur, met verdere projekte in die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes wat deur die DLOGH befonds is. 'n Ander herkapitaliseringsprogram is in vennootskap met die Departement van Landbou in Noordwes bedryf.

Hierdie proses het in 2012 begin, en tot op hede (2015/2016) het die OLP R280 miljoen vir hierdie boere bestuur, en kan met trots sê dat hulle al die fondse doeltreffend in vennootskap met die boere bestuur het. Nie 'n enkele sent het al ooit verdwyn nie, en 'n skoon audit is van die Ouditeur-Generaal ontvang. Die projek was 'n reusesukses, maar politieke en ander agendas het ongelukkig verskyn en wat oorspronklik as 'n vyfjaarprogram vir die boere beoog was, beëindig.

Graan SA se OLP sal in die toekoms 'n ander dimensie aanneem waarin produksiefinansiering vir nuwe boere noodsaaklik is.

Met die hulp van die Nasionale Tesourie se pas-geskepte fonds vir die bevordering van werkskepping, die *Jobs Fund*, het die OLP daarin geslaag om in 2015 'n program bekend te stel ingevolge waarvan 1 577 kleinboere toegang verkry het tot insette en meganisering om 1 802 ha te bewerk.

Intussen is nuwe vennootskappe ten opsigte van navorsing en ontwikkelende landbou met die regering gesluit. Die databasis en projekte van die Ontwikkelende Landbou-afdeling is by die beleidsaksieplan vir landbou van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye geïnkorporeer.



Graan SA se OLP het nog nooit daarop aanspraak gemaak dat dit DIE ENIGSTE antwoord op ontwikkelende landbou is nie. Dit was eerder nog altyd 'n begeerte om brûe te bou en stewige verhoudings tussen boere, verteenwoordigers van die talle maatskappye in die sektor, finansiële instellings en landboubesighede te smee. Daar was oor die algemeen positiewe interaksie tussen Graan SA en die onderskeie staatsdepartemente op provinsiale sowel as nasionale vlak, en talle goeie vriendskappe het hieruit ontwikkel. Met verloop van tyd was daar ook 'n aantal vennootskappe tussen Graan SA en bedryfsrolspelers, en by boeredae en demonstrasieproefnemings sal die handelsmerke en baniere van 'n aantal belanghebbers teenwoordig wees.

Hoewel Graan SA se verhouding met politici nie die afgelope ruk veel gegroei het nie, het samewerking met die amptenare verbeter en toegeneem omdat Graan SA resultate kan lewer. Ongeag die politieke winde en onderstrominge is genoeg beskikbaar voedsel steeds 'n gesogte kommoditeit. Voedselsekerheid bly sentraal – en word selfs belangriker as gevolg van die droogte en klimaatsverandering.

Georganiseerde landbou moet in die toekoms sy vennote in 'n ander konteks beskou. Politieke aanstellings deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye op die rade van graantrusts sal na verwagting tot 'n herevaluering van die befondsingsprioriteite van die trusts lei. Insetverskaffers wat in die vorige era as borg vir landbou opgetree het, sal ongetwyfeld nader aan 'n organisasie soos Graan SA beweeg om op bedryfsvlak deur befonding betrokke te raak.

## **DATABASIS EN WEBVERSLAGDOENING**

Oor die jare heen is 'n geweldige hoeveelheid inligting ingesamel oor elke boer wat deel van die ontwikkelingsprogram is. Hierdie omvattende data sluit in: Persoonlike inligting, grondtoegang en tipe besitreg, bates (lewende hawe, trekkers en implemente), produksierekords (nie van alle boere nie), en 'n rekord van die opleidingskurse wat hulle voltooi en studiegroepvergaderings wat hulle bygewoon het.

Al die aktiwiteite van die voltydse en gekontrakteerde personeel in die program word daaglik op die webwerf aangemeld. Dit sluit studiegroepbesoeke, plaasbesoeke, opleiding, demonstrasieproefnemings, Boer van die Jaar-kompetisie, mentorskapverslae en skoolbesoekverslae in. Die inligting is bygewerk en "lewendig" en enige lid van die bestuurspan kan te enige tyd maklik toegang daartoe verkry.

## **DIE HART VAN DIE REIS**

Ontwikkeling van mense, verbetering van boerderybedrywighede, verandering van lewens en die gee van die geskenk van hoop – dit is die resultate van die werk wat gedoen is deur 'n span entoesiastiese mense met 'n reputasie vir beleefde ingryping, uitstekende werk, skaars taalvaardighede en kundigheid op die gebied van ontwikkelende landbou. Hierdie werk word standvastig ondersteun en aangemoedig deur sterk en visionêre leierskap van Graan SA se HUB, mnr Jannie de Villiers, wat sy mandaat om ontwikkelende landbou te doen van Graan SA se kongres van boere ontvang. Programbestuurder McPherson en haar toegewyde span wat altyd gereed en bereid is om die saak van ontwikkelende boere op te neem, het hierdie droom baie verder geneem as wat enigiemand kon dink.

## **TEN SLOTTE**

Toe McPherson in 2005 haar pos aanvaar het, is die program met R2 miljoen deur die verskillende trusts befonds, en daar was vier personeellede wat met Harman saamgewerk het. Teen die einde van 2015 het die befonding van die program R24 miljoen beloop, en nege streekkantore word met 'n personeel van 26 permanente spanlede bedryf. Die program het verder ook ten minste 15 ervare opleiers wat gekontrakteer is om opleidingsessies en mentorskap te hanteer en die skoleprogram te bedryf.









# 9 Topprodusente en rolspelers WORD VEREER

*lets wat 'n gevestigde gebruik in ander bedrywe was, naamlik om erkenning te gee vir die prestasie van produsente en bedryfsrolspelers, het eers sedert die vroeë 1980's in die graanbedryf begin posvat. In die groter geheel gesien, het dit 'n sterk bydrae gelewer om die beeld van die graanprodusent oor die afgelope 35 jaar te versterk.*

Benewens die feit dat die gehalte van die Suid-Afrikaanse produsent selfs in daardie jare al merkwaardig was, was die algemene beeld van die boer teen die laaste sewentigerjare eerder een van 'n persoon in 'n oorpak en 'n randhoed op die kop agter die stuur van 'n trekker as dié van 'n sakeman wat tuis hoort in die raadsale van die land. Die mieliebedryf se inisiatief met 'n beeldbouaksie het ongetwyfeld die toon aangegee in die uitbou van die beeld van landbou deur sy presteerders in die kollig te plaas.

Ná die mieliestryd tussen SAMPI en SAMSO se lede, het die verenigde NAMPO se lede rede gehad om te wys van watter stoffasie mense in die graanbedryf aan mekaar gesit is. Dr Piet Gous, eerste Hoofbestuurder van NAMPO, het dus die waarde gesien in 'n aanbod vanaf Three Ships Whisky om vanaf 1980 die Mielie van die Jaar – en vanaf 1982 ook die Mieliewetenskaplike van die Jaar – te borg.



Dr Piet Gous

## “LET’S MAKE A DOP...”

An excerpt from an article which appeared in the *Farmer's Weekly* of 22 March 2011

*Farmer's Weekly's* editor in 1978, Lionel Mundell, contacts public relations man Hans Lombard. Three Ships Whisky wants to promote their product among the farming community, and Lionel has told them Hans is the best in the business. Which leaves Hans with a slight problem. How does one promote alcohol?

Later, while chatting to the management of Three Ships down in Stellenbosch, Hans is told the whisky is made from South African maize. It gives him an idea. How about a “Maize Man of the Year” sponsored by Three Ships, offering an agricultural (whisky) study tour of the Scottish Highlands?

Hans phones Dr Piet Gous, then general manager of NAMPO, and suggests to him that the maize producer's organisation should nominate such a Maize Man of the Year, and that Three Ships would sponsor it. The idea goes off like a bomb.

A few days later Hans is meeting with Dr Gous in his office at Bothaville to discuss the nominations. Then Dr Piet Gous asks, rather sheepishly, “I have never heard of Three Ships Whisky. Who are they?”

Hans smiles. “Kom ons gaan maak 'n dop. Ek wys jou.” At which point both men duly set off to the local pub where the final arrangements for the Maize Man of the Year are made over a few tots of Three Ships Whisky – produced from maize, mind you.



Mnr Crawford von Abo

Die einste dr Gous is in 1980 aangewys as NAMPO se eerste Mielieman van die Jaar, veral weens sy sleutelrol in die suksesvolle vorming van NAMPO.

In 1981 is mnr Crawford von Abo – ’n stigterslid van SAMPI en voorsitter van die Mielierraad – gekroon as Mielieman en in 1982 het die eer mnr Hennie de Jager, voorsitter van NAMPO, te beurt geval.

’n Deel van mnr Giel van Zyl, vorige Hoofbestuurder van NAMPO en later Graan SA, se opdrag toe hy in 1983 as administrasiebestuurder by NAMPO aangestel is, was om die Mielieman-toekennings na ’n volgende vlak te neem. Na die samestelling van ’n verteenwoordigende paneel onafhanklike kundiges om genomineerdes volgens geloofwaardige kriteria te beoordeel, is die gebruik destyds gevestig dat die paneel elke genomineerde besoek. Die stemming is per geslote stembrief gedoen en die wenner is eers die aand van die glansgeleentheid bekend gemaak. Die toekenningsgeleentheid is ook verander van ’n semi-formele funksie na ’n formele swartdas-onthaal in een van die toonaangewende vyfsterhotelle van Johannesburg.

## DR WILHELM ONTHOU...

Dr Wilhelm Snyman, voormalige direkteur van die LNR-Navorsingsentrum vir Graangewasse, was deel van die keuringspaneel sedert die instelling van NAMPO se Mielieman-projek tot aan die einde van 1989. Hy dink met ’n nostalgiese vonkel in die oog terug aan daardie jare en deel ’n paar van die humoristiese en uitsonderlike insidente uit die tydperk.

Die beoordelingsproses het dikwels meer as ’n dag beslaan en lede van die keuringspaneel het gevolglik oorgebly. Snyman vertel hulle is hartlik en gasvry ontvang soos wat net die Suid-Afrikaanse boeregemeenskap dit kan doen. “Ek was nooit voorheen in my lewe so oorval met uit-die-boek-etes en versnaperinge saam met die gereelde koffie en tee nie. In stede van ’n slaapdrankie was Eno’s ’n gewilde item op ons medikasie!”

’n Ander insident wat dr Snyman altyd sal bybly, is die “hoë-oktaan mampoer” wat een van die lede vroegoggend aangebied het “om die tande skoon te maak”! Synde nie gewoond aan “sulke sterk medisyne” nie, het Snyman eers veel later daardie dag opgehou hoes. Dit was so erg dat een van die paneellede gevra het of hy kinkhoes het.

Hy onthou ook die vrou wat na hul besoek diskreet kom vra het dat hulle tog in die toekoms weer ’n draai moet kom maak. Sy het vertel dat dit die eerste keer in jare was dat die plaaswerf nie vir haar ’n verleentheid was nie. Die werfskoonmaakproses het selfs die plaaswerkers laat vra of hulle die plaas gaan verkoop en trek!

Wat die blywendste indruk op hom gemaak het, was die bydraes van die eggenote van finaliste – veral met betrekking tot morele en liefdevolle ondersteuning aan hul egas. “Midde-in een van die ergste Wes-Transvaalse droogtes wat ek ooit beleef het, kom ons die oggend op die plaas van een van die deelnemers aan. Die plaaswerf lyk soos ’n skaapkraal – die enigste stukkie groen sigbaar, is ’n lowergroen grasperkie ongeveer twee treë by twee treë teen die muur van die woonhuis.” Later die aand het Snyman die vrou van die huis oor die grasperkie uitgevra. Sy het vertel dat sy al die gebruikte skottelgoed- en wasgoedwater op die grasperkie reg onder hul kamervenster gooi. Haar man het die gewoonte gehad om soggens na hy opgestaan het by die kamervenster uit te kyk. Sy wou hê dat hy darem iets groen sien voordat hy met sy dagtake begin.

Daar was ook die jongerige paartjie wat besoek is. Die vrou het vertel dat sy ’n stadsmeisie is wat nog nie veel van die boerdery weet nie. Haar man het die paneellede genooi om na sy voerkrale te gaan kyk. Snyman vertel dat hy in ’n stadium omgekyk het en gesien het hoe die stadsmeisie met hoë hakke en al spook om saam deur die krale te stap. “Wat ’n bevoorregte man”, mymer hy.



Mnr Hennie de Jager, Voorsitter van NAMPO wat aangewys is as die NAMPO Three Ships Whisky Mielieman van die Jaar (1982), mnr Greyling Wentzel, Minister van Landbou en dr HO Gevers wat aangewys is as die Mielienvorsers van die Jaar (1982). Dr Gevers is bekend vir die belangrike deurbraak wat hy gemaak het met die ontwikkeling van die hoëlisien geëlieliebaster.



Klankgreep: Die beeld van die boer moes verbeter word – mnr Giel van Zyl.



Mnr Giel van Zyl



**TABEL 1(a): TOEKENNINGS GEMAAK DEUR NAMPO, 1980 - 1999**

	<b>Hoofborg van Mieliemans van die Jaar-dinee</b>	<b>Mieliemans van die Jaar</b>	<b>Navorsers/Mieliewetenskaplike van die Jaar</b>	<b>Goue mieliepit-toekenning – NAMPO se hoogste eerbewys</b>
1980	Three Ships Whisky	<b>Dr Piet Gous</b> – Hoofbestuurder: NAMPO		
1981	Three Ships Whisky	<b>Crawford von Abo</b> – Bothaville		
1982	Three Ships Whisky	<b>Hennie de Jager</b> – Bothaville	<b>Dr HO Gevers</b> – Departement van Landbou	
1983	Three Ships Whisky	<b>Willie van der Ryst</b> – Koster	<b>Carel Koch</b> – Fedmis	
1984	Three Ships Whisky	<b>Toppie van der Linde</b> – Vierfontein	<b>Dr Mart Farina</b> – Departement van Landbou	
1985	Case SA	<b>Dirkie Serfontein</b> – Koppies, Vrystaat	<b>Prof Hekkie Harmse</b> – PU vir CHO	<b>Cerneels Claassen Hennie Delport Gerrit Green Cornelis Leonard Willie van der Ryst Boetie Viljoen Mof Visser Crawford von Abo</b>
1986	Case SA	<b>Hilliard Cumin</b> – Koster	<b>Prof JM de Jager</b> – UOVS	
1987	Case SA	<b>Ollie Botes</b> – Hoopstad		
1988	Foskor	<b>Danie le Roux</b> – Bultfontein	<b>Dr Kit le Clus</b> – NAMPO	
1989	Foskor	<b>Johannes van der Merwe</b> – Kroonstad	<b>Prof Alan Bennie</b> – UOVS	
1990	Foskor	<b>WH van Zyl</b> – Wesselsbron		
1991	Foskor	<b>Boetie Viljoen</b> – Syferbult		
1992	Foskor	Geen toekenning weens erge droogte gemaak. Foskor skenk steeds R50 000 aan NAMPO.	Geen toekenning	
1993	Foskor	<b>Jan Kirstein</b> – Makwassie	<b>Dr Jan Dreyer</b> – Instituut vir Groente en Sierplante	
1994	Foskor	<b>Justus Bergh</b> – Leeudoringstad	<b>Prof Boet Human</b> – UOVS	
1995	Foskor	<b>Koot Claassen</b> – Delmas		
1996	Foskor	<b>Ivor Eden</b> – Hennenman	<b>Dr Org van Rensburg</b> – LNR-IGG	<b>Bully Botma Cerneels Claassen Japie Grobler Pieter Meyer Jan Schabort</b>
1997	Foskor	<b>Francois Haasbroek</b> – Bothaville	<b>Prof Gert Erasmus</b> – UOVS	
1998	Novartis	<b>Michael de Klerk</b> – Frankfort	<b>Prof Piet Geertsens</b> – LNR-IGG	
1999	Novartis	<b>Hans Janse van Rensburg</b> – Bronkhorstspuit	<b>Dr Jos de Kock</b> – LNR-IGG	



**TABEL 1(b): TOEKENNINGS GEMAAK DEUR NAMPO, 1987 - 1995**

	<b>Junior Mielieman van die Jaar</b>	<b>Landboupersoonlikheid van die Jaar</b>	<b>Mieliepersoonlikheid van die Jaar</b>	<b>Oorkondes vir leierskap se jarelange bydrae</b>
1987	<b>Japie Grobler</b> – Bothaville	<b>Kobus Jooste</b> – President SALU		<b>Fanie Ferreira</b> <b>Crawford von Abo</b>
1988	<b>Martiens Prinsloo</b> – Hoopstad			
1989	<b>Glen Easton</b> – Koster			
1990		<b>Dries Bruwer</b> – TLU		<b>Boetie Viljoen</b>
1991		<b>Dr WP Grobbelaar</b> – Departement van Landbou en Watervoorsiening		
1995			<b>Giel van Zyl</b> – Hoofbestuurder: NAMPO	

Dié uittreksel uit die *Mielies/Maize-tydskrif* van Desember 1985 gee 'n aanduiding van die statuus wat die toekenning ontwikkel het: "Wanneer van die Suid-Afrikaanse gholfkampioene en Curriebeker-kampioene gepraat word, word daar in dieselfde asem vandag van die mielieboer en mielienavorser in Suid-Afrikaanse landbou gepraat. Dit is die mees gesogte toekennings in die landbou vandag waarvoor boere en navorsers wedywer. Wanneer iemand as wenner in een van die twee afdelings aangewys word, is hulle kampioene in eie reg." (Sien **Tabel 1[a] en 1[b]** vir 'n opsomming van die toekennings deur NAMPO tot met 1999.)

Graan SA het sedert 1999 op hierdie grondslag voortgebou. Vandag nog verg die veel-eisende evaluering vir hierdie toekenning baie van finaliste aangesien so te sê elke gedeelte van 'n boerderyonderneming geëvalueer word. Die waarde van die terugvoer en positiewe insette deur kundiges is egter van onskatbare waarde vir die deelnemer.

**Tabel 2** verskaf 'n opsomming van toekennings gemaak deur Graan SA vanaf 2000.

## BORGE

Three Ships Whisky het die Mielieman-toekenning sedert die totstandkoming daarvan vir vyf jaar lank geborg, waarna Case en later Foskor as hoofborge opgetree het. Die NAMPO-hoofbestuur het besluit om die prysgeld in gelyke dele tussen die Mielieman en die Landbounavorser van die Jaar te verdeel.

In 1985 het JI Case die borgskap oorgeneem en 'n voorwaarde was dat die prysgeld aangewend moes word om 'n aspek van die mielieboerdery in die buiteland te ondersoek en daarna 'n verslag daarvoor aan Suid-Afrikaanse mielieboere beskikbaar te stel.

Met die verloop van die jare, het daar vele wysigings aan die wedstryd plaasgevind – borge het gewissel, pryse het meer aantreklik geraak, die naam is verander om by die hedendaagse landbou-omgewing aan te pas en bykomende toekennings is ingestel om opkomende boere en diene in te sluit wat spesiale bydraes tot die landbousektor lewer. Teen 1989 toe Foskor as borg toegetree het, is die prysgeld vir die Mielieman van die Jaar uitgebrei met twee retoervliegkaartjies vir die wenner en sy gade na New York.



**Klankgreep:** Die evaluasieproses was 'n skrikwekkende, maar verrykende ervaring vir deelnemers – mnr Giel van Zyl.





**TABEL 2: TOEKENINGS GEMAAK DEUR GRAAN SA (1999 - 2015)**

	<b>Hoofborge</b>	<b>Graanprodusent van die Jaar</b>	<b>Graanwetenskaplike/Landboukundige van die Jaar</b>	<b>Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar</b>
2000	Novartis	<b>Pieter Gildenhuis</b> – Heidelberg, Suid-Kaap	<b>Dr Klaus Pakendorf</b> – LNR-IGG	
2001	Syngenta	<b>De la Rey Tonkin</b> – Standerton, Mpumalanga	<b>Dr Carel Johan Swanevelder</b> – LNR-IGG	
2002	Syngenta Land Bank	<b>Deon Bothma</b> – Mareetsane, Noordwes	<b>Dr Cobus le Roux</b> – LNR-KGI	<b>Karabo Peele</b> – Ventersdorp, Noordwes
2003	Syngenta Land Bank	<b>Manny en Johnny da Costa</b> – Nigel, Gauteng	Geen toekenning	<b>Menyatso Matsididi</b> – Tweespruit, Vrystaat
2004	Syngenta Land Bank	<b>Japie Grobler</b> – Bothaville, Vrystaat	<b>Prof Johann Kirsten</b> – Universiteit van Pretoria	<b>Paul Morule</b> – Putfontein, Noordwes
2005	Syngenta Land Bank	<b>Kobus Dannhauser</b> – Parys, Vrystaat	Geen toekenning	<b>Moss Malo</b> – Delareyville, Noordwes
2006	Syngenta Land Bank	<b>Willem de Waal</b> – Swartland, Wes-Kaap	<b>Dr Tom Drinkwater</b> – LNR-IGG	<b>Lasarus Mothusi</b> – Weltevreden, Noordwes
2007	Syngenta ABSA	<b>Kobus Wessels</b> – Caledon, Wes-Kaap	Geen toekenning	<b>Lepati Macaphasa</b> – Phuthaditjhaba, Vrystaat
2008	Syngenta Land Bank	<b>Schalk Stapelberg</b> – Piet Retief, Mpumalanga	<b>Dr Mike Hardy</b> – Departement van Landbou, Wes-Kaap	<b>Labious Manoto</b> – Lichtenburg, Noordwes
2009	Syngenta ABSA	<b>Jaap van der Westhuizen</b> – Heilbron, Vrystaat	<b>Martiens du Plessis</b> – NWK	<b>Sameul Moloi</b> – Fouriesburg, Vrystaat
2010	Syngenta ABSA	<b>Pien Bester</b> – Morreesburg, Wes-Kaap	<b>Prof Koos van Rensburg</b> – LNR-IGG	<b>William Matasane</b> – Senekal, Vrystaat
2011	Syngenta ABSA	<b>Vlakplaas Boerdery</b> – Hoopstad, Vrystaat	<b>Prof André Agenbag</b> – Universiteit van Stellenbosch	<b>Koos Mthimkulu</b> – Senekal, Vrystaat
2012	Syngenta ABSA	<b>Gilly Scheepers</b> – Fouriesburg, Vrystaat	<b>Prof Maryke Labuschagne</b> – Universiteit van die Vrystaat	<b>Israel Mothlabane</b> – Wesselsbron, Vrystaat
2013	Syngenta ABSA	<b>Rhys Evans-groep</b> – Viljoenskroon, Vrystaat	<b>Kobus van Zyl</b> – Omnia Kunsmis	<b>Maurice Mthandeki Boki</b> – Matatiele, Oos-Kaap
2014	Syngenta ABSA	<b>Richard Hobson</b> – Setlagole, Noordwes	Geen toekenning	
2015	Syngenta, ABSA en John Deere Financial	<b>Genade Boerdery</b> – Douglas, Noord-Kaap	Geen toekenning	

	<b>Hoofborge</b>	<b>Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar</b>	<b>Kleinskaalboer van die Jaar</b>	<b>Bestaansboer van die Jaar</b>
2014	Syngenta ABSA	<b>Ralph Swart</b> – Elim, Wes-Kaap	<b>Lungelwa Kama</b> – Maclear, Oos-Kaap	<b>Enoch Khumalo</b> – Piet Retief, Mpumalanga
2015	Syngenta, ABSA en John Deere Financial	<b>Solomon Masangu</b> – Carolina, Mpumalanga	<b>Ngubengcuka Christian Moyo</b> – Maclear, Oos-Kaap	<b>Daliwonga Nombewu</b> – Mthatha, Oos-Kaap

In 2000 toe al die produsente-organisasies onder die Nasionale Graanprodusente-organisasie (later Graan SA) saamgevoeg is, is die Mielieman-toekenning met die Graanprodusent van die Jaar-toekenning vervang. Hierdie projek van Graan SA, wat ten doel het om erkenning te gee aan produsente wat hul ondernemings sodanig bestuur dat dit as voorbeeld en inspirasie vir ander produsente kan dien, het oor jare in formaat toegeneem.

Sedert 2002 is daar ook 'n toekenning aan die Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar gemaak. Die eerste ontvanger was mnr Karabo Peele, 'n leierboer van Ventersdorp, wat voortgegaan het om die bedryf in meer as een hoedanigheid te dien, waarvan 'n aansienlike tydperk as trustee en later as voorsitter van die Mielietrust.

Die kleinskaal- en bestaansboere het mettertyd die bestuur van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram in kennis gestel van hulle behoefte aan 'n eie



**Mnr Monwabisi Fandeso, besturende direkteur van die Land Bank en mnr Karabo Peele, Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar van 2002.**

kompetisie aangesien hulle nie direk met die groter nuwe era produsente kan meeding nie. In reaksie op die boere se versoek, is die Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar-toekenning vanaf 2014 aangepas om drie kategorieë te hê om produsente op verskillende vlakke geleentheid tot deelname te gee – Bestaansboer van die Jaar (0 ha tot 10 ha), Kleinskaalboer van die Jaar (meer as 10 ha, maar minder as 250 ton) en Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar (meer as 250 ton).

Die eerste weners van die toekennings vir die jaar 2014 was soos volg:

- Graan SA/ABSA Bestaansboer – Enoch Khumalo van Piet Retief
- Graan SA/Syngenta Kleinskaalboer – Lungelwa Kama van Maclear in die Oos-Kaap
- Graan SA/ABSA Nuwe Era Kommersiële Boer – Ralph Swart van Swart Boerdery in Elim, Wes-Kaap.

By die toekenningsgeleentheid in 2014 het Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA gesê dié organisasie glo in die ontwikkeling van

**GRAAN SA** | Toekenningsgeleentheid | **syngenta.** **ABSA**

### Ontwikkelende landbou-wenners dankbaar vir ondersteuning

**RUTH SCHULTZ**, SA GraanSA mede-waerder. Foto's: **HELENUS KRUGER**

**D**ie weners van die drie splinternuwe kategorieë van die Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar het almal hul hulpe groot dankbaarheid uitgespreek vir dié wat Graan SA en ander instansies in die landboubedryf in elkeen van hulfe boerderye al beskik het.

**Graan SA/ABSA Bestaansboer van die Jaar (0 ha - 10 ha)**  
*Enoch Khumalo van Piet Retief*  
 "Ek het in 2012 besluit om te gaan met Graan SA, toe my oop oop gegaan het. Vandag sien ek 'n toekoms. Ek is die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye om assabiel daer vir my oop te maak en dié Graan SA en ABSA om my te ondersteun, sodat ek vorentoe kan beweeg."

**Graan SA/Syngenta Kleinskaalboer van die Jaar (10 ha, maar minder as 250 ton)**  
*Lungelwa Kama van Maclear*  
 "Dit is 'n groot eer vir my om vandaan op hierdie verhoog te kan staan. Ek het die toekennings nie verwag nie, maar ek is dankbaar en ek dank God vir alles wat hy vir my gedoen het. Baie dankie vir Graan SA vir my opleiding en danke ook vir Vusa Ngweni (Graan SA ontwikkelingskoördineerder), mev. Jane McPherson (bestuurder, ontwikkelende landbou, Graan SA) en mev. Vuyani, vir al die hulp en leiding."

**Graan SA/ABSA Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar (250+ ton)**  
*Ralph Swart van Elim*  
 "Dit is die Wes-Kaap wat hier staan en dié geboue nie alle dae nie. Ek het in 1979 met 2 ha begin boer, 'n jaar daarna het ek 5 ha gehad en twee jaar daarna 9 ha. Toe ek graan verkoop het in 1979, was die prys \$600/ton en 'n twee weke \$600."

Swart boer vandag op 230 ha grond en hy het 'n gemiddelde oos van 3 ton plaan. "Ek het eers vir die toeders gegaan, maar vandag produseer ek vir Graan SA tonne en tonne graan en dié wat gedoen word," het hy met trots gesê. Een van sy grootste uitdagings is grond. "Kiesie van Zyl het in 2012 my meesle gesê en een rigting het hy by my motor aangehou en vir die ghraan gesê dat hy die regte chemie moet koop, want Ralph moet 'n goeie oos maak om vandag sy nie plaas te kan koop."

"Vandag, twee jaar later, koop ek 'n plaas in Stormvlei. ABSA, dié ned julle vir ons meesle doen, verander ons baie. Baie dankie vir dié geleentheid. Ek het 'n toekoms vir my kinders probeer rigter, maar ABSA, julle het vir my kinders 'n verdere toekoms vir die toekoms gegee," was Swart se woorde.

By vroeë, Prof. Pretorius, het ook verskeie dié podium haar dankbaarheid uitgespreek. "Ek het baie dankie te sê vir Graan SA vir al die ondersteuning in ons boerdery – Kasia van Zyl (ons meesle), Liana Stroebel (Graan SA ontwikkelingskoördineerder) en Tobi Wessels (hoofbestuurder, Graan SA). Dié wat ons bereik het, is net die Heemlose Volke se werk en ons is baie dankbaar vir dié toekennings wat op ons pad gekom het."

**Lees meer oor elkeen van hierdie drie weners se boerderye in die September 2014 uitgawe van SA Graan SA.**

**Families deel in vreugde**

• Enoch Khumalo se vrou, Nomme, deel die troos oomblik waarin haar man sy toekennings ontvang het.

• Lungelwa Kama se man, Vuyani, is haar meesle in die boerdery.

• Ralph Swart vier sy prestasie saam met sy man, Jacques en vrou, Pretorius.



'n Bladsy uit die SA Graan-tydskrif van November 2014. Dit was die eerste keer dat die Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar-toekenning aangepas is om voorsiening vir drie kategorieë te maak – Bestaansboer van die Jaar, Kleinskaalboer van die Jaar en Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar.

**Labios Manoto van Lichtenburg in Noordwes en Schalk Stapelberg van Piet Retief, Mpumalanga was onderskeidelik die Ontwikkelende Graanprodusent en Graanprodusent van 2008.**



**TABEL 2B: ANDER TOEKENNINGS GEMAAK DEUR GRAAN SA**

Inspirasietoekenning	Toekennings aan individue of bedryfsrolspelers	Erkenning vir uitnemendheid van Graan SA-hoofbestuurslede
2005	Bully Botma vir jarelange toewyding, lojaliteit, diens en leierskap in die graanbedryf	
2010	Louw Steytler vir betrokkenheid in Georganiseerde Landbou Vic Mouton vir betrokkenheid en posisies beklee in Georganiseerde Landbou	
2011	Dr Jan Dreyer en Prof Alan Bennie – kry Graan SA-eretoekennings vir hul kundigheid en oordeel as jarelange beoordelaars in die Graanprodusent van die Jaar-keuringspaneel	
2012	Trofeë oorhandig aan die ambassadeurs van Mexiko, China en Suid-Korea as uitvoerlande van Suid-Afrikaanse mielies	
2013	Oorkonde aan Leon du Plessis as administrateur van die Sorghumtrust en Mielietrust Toekenning van besondere waardering aan Charmian Swart van Transnet Freight Rail vir buitengewone diens aan die graanbedryf met in- en uitvoere	Anton Botha (Streek 20), Willie Linde (Streek 15) en Cobus van Collier (Streek 23) deel die toekenning
2014	Prof Ferdi Meyer – BFAP Gert Pretorius (postuum) – leierskap tydens eenwording en stigting van Graan SA Neels Ferreira – visie, uitnemende leierskap Fanie van Zyl – leierskap op Graan SA-dagbestuur en Ouditkomitee	Jaco Minnaar (Streek 22)
2015	Dr Julian Jaftha – Departement van Landbou, Bosbou en Visserye Departement van Wetenskap en Tegnologie – belegging in graan-navorsing en nuwe tegnologie Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming – bydrae tot die Graan SA Landbouontwikkelingsprogram	Andries Theron (Visevoorsitter: Graan SA)

kleinboere en is verbind tot landelike ontwikkeling. “Graan SA is altyd op soek na maniere om die gaping tussen klein- en kommersiële produsente te oorbrug. Landbou is die ruggraat van plattelandse gemeenskappe en die graanbedryf is die primêre voorsiener van voedselsekerheid.”

In 2015 was Syngenta, ABSA en John Deere Financial die hoofborge van die Graanprodusente-toekennings, die formele toekenningsgeleentheid wat in Midrand plaasgevind het. John Deere Financial was ook die hoofborg van die Landbouontwikkelingsafdeling se jaarlikse “*Day of Celebration*”. Syngenta het aaneenlopend vir die afgelope 15 jaar as hoofborg van die Graanprodusent van die Jaar toekenning opgetree. ABSA en die Land Bank was onderskeidelik ook getroue borge van die Ontwikkelende Graanprodusente-toekennings sedert 2002.

Meer inligting oor die jaarlikse *Day of Celebration* van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram, is ingesluit in Hoofstuk 8.

### WETENSKAPLIKE/LANDBOUKUNDIGE VAN DIE JAAR

NAMPO het sedert 1982 ook ‘n Navorsers van die Jaar aangewys. Hierdie toekenning is later deur Graan SA behou en uitgebrei na Graanwetenskaplike/Landboukundige van die Jaar. Die doel hiermee is om graanwetenskaplikes en landboukundiges te vereer wat ‘n groot bydrae tot die bedryf lewer. Dr HO Gevers, destyds verbonde



**Klankgreep:** NAMPO het ook erkenning begin gee vir die Wetenskaplike sowel as vir die Persoonlikheid van die Jaar – mnr Giel van Zyl.



By die Graanprodusent van die Jaar-funksie 2014 is: (Van links) Antonie Delpont (Syngenta), Louw Steytler, Lungelwa Kama (Kleinskaalboer van die Jaar), Ralph Swart (Graan SA/ABSA Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar), Jannie de Villiers en Enoch Khumalo (Bestaansboer van die Jaar). Voor sit Richard Hobson (Graanprodusent van die Jaar).



Dr Jan Dreyer

aan die Departement van Landbou, is in 1982 as die eerste Mieliewetenskaplike van die Jaar aangewys.

Dr Jan Dreyer, voormalige hoof van die LNR-Instituut vir Graangewasse wat hierdie toekenning in 1993 ontvang het, meen dit het nie noodwendig nuwe deure geopen nie, maar beslis meer geloofwaardigheid verleen. Prof Alan Bennie, voormalige professor in Grondkunde aan die Universiteit van die Vrystaat wat in 1989 as Navorser van die Jaar aangewys is, meen dit het deels daartoe gelei dat hy later op die Graanprodusent-keuringpaneel aangestel is.

### KRITERIA

Graanprodusent-beoordelingskriteria sluit die volgende in: Sakebetrokkenheid buite die landbou, produksie- en bewerkingspraktyke, bemestingsbeleid, kultivarkeuses, plaag- en onkruidbeheer, finansiële bestuur, meganisasiebestuur, arbeidsbestuur, gemeenskapsbetrokkenheid, bemaking en verskansing van produkte.

Prof Bennie was vir 22 jaar lank deel van die beoordelingspaneel van die Mielie-man en Graanprodusent van die Jaar-wedstryde. Hy vertel dat beoordelaars die genomineerdes op hul plase besoek het en punte volgens die lys kriteria toegeken het. Die drie topkandidate is dan as finaliste aangewys waarna die lede van die beoordelingspaneel elk 'n geslote stem uitgebring het. Dit was eers by die toekenningsgeleentheid dat hulle geweet het wie die wenner was.



Dr Dreyer meen dat 'n mens deur die jare ook uit die proses leer watter vaardighede en eienskappe produsente behoort te hê om suksesvol te wees. Volgens hom is dit noodsaaklik dat die produsent altyd in beheer, kreatief en passievol moet wees.

Hy meen voorts dat daar oor die jare 'n klemverskuiwing was van 'n familiebedryf met 'n patriarg aan die hoof na 'n sakeonderneming. Dit is vandag nodig dat 'n produsent 'n ondersteuningsnetwerk opbou. Die jare waar hy alles self kon doen, is verby. Produsente moet ook baie meer omgewingsbewus wees as voorheen.

“Die wenprodusente is realisties, maar bly ongelooflik positief en het die vermoë om risiko's te hanteer.”

## ANDER TOEKENNINGS

Die Nasionale Oliesadeprodusente-organisasie (NOPO) het vanaf 1996 erelidmaatskap toegeken aan produsente en rolspelers in die bedryf as erkenning vir buitengewone en uitnemende diens aan die organisasie. Ontwikkelende sonneblom- en grondboonprodusente is ook vanaf 1999 vereer. Mnr Basie Ntsimane, wat alombekend in landboukringe is, as Ontwikkelende Sonneblomprodusent van die Jaar aangewys en mnr Edmund Tsogang as Ontwikkelende Grondboonprodusent van die Jaar. Kriteria het suksesvolle produksiepraktyke, betrokkenheid by studiegroepe en ondersteuning aan ander produsente ingesluit.

Mnr Anton Nebe van Potchefstroom, wat aktief in die graansorghumbedryf betrokke is, het op navraag bevestig dat daar geen toekennings aan uitstaande produsente in dié bedryf gemaak is voor die vorming van Graan SA nie. So ook, het Andries Beyers, laaste voorsitter van die Wintergraanprodusente-organisasie (WPO), op navraag bevestig dat daar geen toekennings aan uitblikkerprodusente in die WPO was nie. In die koringbedryf is wel voorheen 'n Koringman van die Jaar aangewys. Dit was 'n inisiatief deur drie Kaapse landboubesighede.

Daar was ook sporadiese toekennings vir die Landbouleier van die Jaar asook die Mieliepersoonlikheid van die Jaar. Mnr Giel van Zyl, voormalige Hoofbestuurder van NAMPO/Graan SA, is byvoorbeeld in 1985 as die Mieliepersoonlikheid aangewys. Spesiale eerbewyse of oorkondes vir landbouleiers of bedryfsrolspelers is veral sedert 2010 tydens die Kongres of tydens die Graanprodusentegeleentheid deur Graan SA oorhandig.

Die Goue Mieliepit-toekenning – 'n werklike goue mieliepit wat as 'n lapelwape gedra word – was die hoogste eerbewys wat deur NAMPO gedoen is. Die toekenning is klaarblyklik slegs twee keer gedoen, naamlik aan die agt produsentelede wat in 1985 uit die Mielieraad bedank het (mnr Cerneels Claassen, Hennie Delport, Gerrit Green, Cornelis Leonard, Willie van der Ryst, Boetie Viljoen, Mof Visser en Crawford von Abo) en weer in 1996 aan die vyf persone wat vir sewe jaar aaneen op NAMPO se dagbestuur gediens het sedert 1989. Laasgenoemde was mnr Cerneels Claassen, Jan Schabert, Japie Grobler, Bully Botma en Pieter Meyer. Claassen was dus die enigste persoon wat die Goue Mieliepit twee keer ontvang het.



Ontwikkelende Grondboonprodusent van die Jaar, Edmund Tsogang, ontvang 'n sertifikaat van mnr Gert Pretorius, NOPO Voorsitter.



Mnr Francois Basson en Louis Joubert (albei van Advanta) en Basie Ntsimane, Ontwikkelende Sonneblomprodusent van die Jaar.



Die Koster-skild gaan jaarliks vir die beste reeks artikels wat in SA Graan/Grain verskyn het.

## TABEL 3: TOEKENNINGS GEMAAK DEUR NOPO (1996 - 1999)

	Erelidmaatskap	Ontwikkelende Grondboonprodusent van die Jaar	Ontwikkelende Sonneblomprodusent van die Jaar
1996	<b>SJ Malherbe</b> – Voorsitter: Sonneblombedryfskongres		
1997	<b>JE Grobler</b> – Lid van Dagbestuur en Vise-voorsitter NOPO <b>Dr CJ Swanevelder</b> – Grondboonkundige LNR-OPS		
1998	<b>PJ Wessels</b> – Nasionale Landboubemarkingsraad		
1999	<b>J du Plessis</b> – Oliesaderaad	<b>Edmund Tsogang</b> – Genesa Studiegroep	<b>Basie Ntsimane</b> – Bafokeng-Noord Studiegroep

Die Landbouskrywer-skild en die Koster-skild is ook jaarliks oorhandig. Die Landbouskrywers-skild het aan die beste spreker by die jaarlikse kongres gegaan, terwyl die Koster-skild vir die beste reeks artikels in die tydskrif gegaan het. Hierdie toekennings word steeds sedert 1999 tydens Graan SA se kongres gemaak.

## INSPIRASIE-TOEKENNING

Graan SA se Inspirasie-toekenning is ingestel as blyk van waardering vir deurlopende bydraes wat individue of organisasies tot die graanbedryf maak wat voortgaan om buitengewone resultate te bereik en die bedryf te inspireer om meer mededingend te wees in sy verbintenis tot uitnemendheid. Die eerste ontvanger van die Inspirasie-toekenning was prof Ferdi Meyer van die BFAP in 2014.

Hierbenewens word daar ook tydens die Graan SA Kongres en by die Graanprodusente-toekenningsgeleentheid erkenning aan individue gegee wat die



Die eerste ontvanger van die inspirasietoekenning was prof Ferdi Meyer van BFAP (regs) in 2014. Mnr Andries Theron, Vise-voorsitter van Graan SA, het dit aan hom oorhandig.



Graan SA het in 2013 vir die eerste keer aan dienende hoofbestuurslede erkenning gegee vir uitnemendheid. Anton Botha (Streek 20), Willie Linde (Streek 15) en Cobus van Coller (Streek 23) het die trofee gedeel.



graanbedryf met uitnemendheid gedien het en tot die welvaart daarvan bygedra het deur hul tyd, ondersteuning en toewyding daaraan te bestee.

Graan SA neem sedert 2011 jaarliks tydens 'n spesiale aandfunksie op NAMPO Park afskeid van uitgetrede hoofbestuurslede en hul gades. "In elke organisasie is daar mense wat bereid is om duisende kilometers af te lê en honderde vergaderings by te woon. Graan SA moet erkenning gee vir diegene wat bereid was om dit te doen – asook die vroue wat hul mans in staat gestel het om hierdie opofferings te maak vir 'n groter saak," was mnr Louw Steytler, vorige voorsitter van Graan SA, se boodskap tydens 'n geleentheid op 29 Julie 2014 te NAMPO Park, waar afskeid geneem is van uitgetrede lede van die Hoofbestuur.

Tydens 2013 se geleentheid het mnr Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder, 'n "erkenning vir uitnemendheid"-toekenning aan dienende Hoofbestuurslede aangekondig. Die toekenning word gemaak aan iemand wat diep spore in die organisasie trap; wat karakter toon en wat die personeel met sy/haar bydrae inspireer. Mnr Anton Botha (Streek 20), Willie Linde (Streek 15) en Cobus van Coller (Streek 23) was die eerste hoofbestuurslede aan wie die toekenning gemaak is. Hulle het die toekenning gedeel.

Erkenning vir Graan SA-personeel met jare diens word ook by die geleentheid oorhandig.

Solomon en Christina Masango, is die trotse eienaars van 'n splinternuwe John Deere 5403 MFWD 48kW trekker, geborg deur John Deere Financial in vennootskap met ABSA. Jurie Mentz (Graan SA Ontwikkelingskoördineerder) en Jane McPherson oorhandig die sleutel aan die wenners. >>>

## LIGTER MOMENTE IN DIE KEURINGSPROSES

Lede van die beoordelingspaneel van die Mielie en Graanprodusent moes elke genomineerde op sy plaas gaan besoek, en hulle is uit die aard van die saak met gulle boeregasvryheid ontvang en onthaal.

Daar was natuurlik ook vele ligter oomblikke tydens die streng keuringsproses. Dr Jan Dreyer wat vir sowat 25 jaar lid van die keuringspaneel was, onthou een insident in besonder. 'n Boervrou het die paneel baie deftig op tee en verversings traktee. Haar klein dogtertjie wou duidelik graag met die paneellede gesels. Dr Jan vertel dat die mamma haar behoorlik weggekeer het van hulle soos 'n "skaaphond skape wegkeer". In 'n onbewaakte oomblik het die jonge juffer toe haar kans aangegryp, paneellid prof Ockie Bosch vas in die oë gekyk en laat hoor: "Oom, my ma het hierdie goue teelepeltjies geleen en sy sê as één van hulle wegraak, dan dōnner sy persoonlik die mense wat hier kom tee drink het".

Al wat prof Alan Bennie, wat sowat 22 jaar op die keuringspaneel gedien het, wou deel was dat beoordelaars baie tyd in mekaar se geselskap deurgebring het, en "dan raak mense maar stuitig".

Dr Dreyer vertel ook van die keer toe die span na hul besoek op die plaas plaashuis toe is vir koffie. Daar het die boervrou gesê sy wil hulle graag bedank, want sy het al vir dertig jaar lank gevra dat haar man 'n hoop gemors van die werf af moes kry. Voor die besoek van die paneel, is dit uiteindelik verwyder...

Dit was ook duidelik dat absoluut niks agterweë gelaat is voor hierdie besoeke van die keuringspaneel nie. By sommige plase waar hulle gekom het, was die verf op die mure nog nat, vertel dr Jan verder.

Aanvanklik het lede van die paneel met motors na die plase gery en dit het in 'n reisesjagery ontaard. Een man het glo sy motor se spoedbeheer op 180 km/h gestel! 'n Destydse lid van die paneel vertel dat hy maar altyd baie dankbaar was wanneer hy na so 'n reis in een stuk tuisgekom het. Die organiseerders het gelukkig later minibusse vir die doel beskikbaar gestel.







# Addendum

Hierdie hoofstuk bevat 'n opsomming van die mielieleierskap in SAMPI en NAMPO vir die tydperk 1966 - 1999. Die leierskap van NOPO, die WPO en die SPO word ook weergegee. Verder word die GPO/Graan SA se Hoofbestuurslede vir die tydperk 1999 - 2016 sowel as die Hoofbestuurders van Graan SA vir die tydperk 1999 - 2016 aangebied.

## GRAAN EN OLIESADE-LEIERSKAP (1966 - 1999)



**Mnr Hennie Delport**  
Voorsitter SAMPI  
1966 - 1969



**Mnr Japie Grobler**  
Voorsitter NAMPO  
1966 - 1999



**Mnr Fanie Ferreira**  
Voorsitter SAMPI 1969 - 1980  
Voorsitter NAMPO 1980 - 1982



**Mnr Gert Pretorius**  
Voorsitter NOPO  
1995 - 1999



**Mnr Hennie de Jager**  
Voorsitter NAMPO  
1982 - 1987



**Mnr Andries Beyers**  
Voorsitter WPO  
1997 - 1999



**Mnr Boetie Viljoen**  
Voorsitter NAMPO  
1987 - 1989



**Mnr Pieter Morkel**  
Voorsitter SPO  
1996 - 1999



**Mnr Cerneels Claassen**  
Voorsitter NAMPO  
1989 - 1996

## VERKOSE LEIERSKAP VAN GPO/GRAAN SA (1999 - 2016)

### Voorsitter



Mnr Japie Grobler (1999)



Mnr Bully Botma (2000 - 2005)



Mnr Neels Ferreira (2006 - 2011)



Mnr Louw Steytler (2012 - 2015)



Mnr Jaco Minnaar (2016)

### Visevoorsitter



Mnr Bully Botma (1999)



Mnr Neels Ferreira (2000 - 2005)



Mnr Louw Steytler (2006 - 2009)



Mnr Victor Mongoato (2013 - 2015)



Mnr Andries Theron (2010 - 2016)



Me Preline Swart (2016)



Mnr Andries Theron (2010 - 2016)



## GPO/GRAAN SA SE HOOFBESTUUR, VERKIES TYDENS KONGRES IN MAART (1999 - 2016)

Naam	Streek	Tydperk	Nota
Arnoldi, Christo	10	1999 - 2000	
Barnard, Apie	3	1999 - 2000	Dagbestuurslid
Bergh, Deon	3	2016	
Blackenberg, Koos	26	2011 - 2012	
Blofield, Jacques	9	1999 - 2001	
Bornman, Japie	20	2000 - 2006	
Botha, Anton	20	2009 - 2016	Dagbestuurslid
Bothma, Deon	1	2001	
Botma, Bully	24	1999	Visevoorsitter GPO (1999) Voorsitter Graan SA (2000 - 2005)
Breytenbach, Jaco	19	2011 - 2016	
Bruwer, Gerhard	25	2016	
Claasen, H	18	1999	
Claassen, Louis	16	2009 - 2016	
Claassen, Neil	18	2009 - 2016	
Coetzee, Kassie	7	2009 - 2010	
Cronje, Dries	13	1999 - 2007	
Da Costa, Manuel	9	2004 - 2011	
De Jager, Tertius	24	2011 - 2012	
De Klerk, Emile	15	2016	
De Klerk, Michael	15	2002 - 2007	
Du Plessis, Johann	14	2000 - 2005	
Du Plessis, Jozeph	2	1999 - 2002; 2007 - 2016	Dagbestuurslid
Du Plessis, Koos	16	2000 - 2007	
Engelbrecht, Riaan	7	2004 - 2007	
Enslin, Ivan	13	2009 - 2013	
Erasmus, Phillip	12	2011 - 2013	
Ferreira, Neels	13	1999	Visevoorsitter Graan SA (2000 - 2005) Voorsitter Graan SA (2006 - 2011)
Ferreira, Theo	17	2012 - 2016	
Fourie, Rudolf	12	2014 - 2016	
Geldenhuis, Theo	1	2011 - 2013	
Giliomee, Neil	27	1999 - 2000	
Grey, Jan	10	2006 - 2015	
Grobler, Japie		1999	Voorsitter GPO/Graan SA (1999)
Groothof, Willem	13	2014 - 2016	
Haasbroek, Hannes	24	1999 - 2005; 2013 - 2016	
Haasbroek, Sarel	7	2011 - 2016	
Harmse, Bart	11	2003 - 2016	
Helm, Chris	17	2008 - 2011	
Hoffman, Johan	24	1999	
Jacobs, Johan	25	2014 - 2015	

Naam	Streek	Tydperk	Nota
Jubelius, Jub	22	1999 - 2008	Gekoöpteer vanaf 2009 as NAMPO Oesdagvoorsitter
Kirsten, André	26	2013 - 2016	
Krige, Richard	27	2012 - 2016	
Kruger, Dissie	25	2006 - 2013	
Küsel, Ralf	14	2013 - 2016	
Letuka, Maseli	28	2014 - 2016	
Linde, Willie	15	2008 - 2016	
Lolwane, Thando		2011 - 2012	Gekoöpteer
Loubser, Dirkie	1	2010; 2014 - 2016	
Lourens, Pietman	27	2001 - 2005	Voorsitter: Ouditkomitee (2004 - 2006)
Macholo, Thabo	Oostelike streek	2013	
Makinana, SK	Suidelike streek	2005 - 2010	
Malo, Moses	Westelike streek	2007 - 2010	
Mafuleka, Gift	29	2016	
Mahlinza, Victor	31	2011	
Maphira, Reuben	Westelike streek	2012	
Marais, Willie	22	2016	
Marx, Willie	18	2000 - 2001	
Matasane, William	29	2011 - 2012	
Mathews, Derek	5	1999 - 2004; 2012 - 2016	Dagbestuurslid
Mathews, Jenny	5	2005 - 2011	
Matthee, Abé	15	2000 - 2001	
Meiring, PJA	6	1999	
Middel, Jacob	10	2001 - 2005	
Minnaar, Francois		2014 - 2016	Gekoöpteer
Minnaar, Jaco	22	2009 - 2015	Voorsitter Graan SA (Vanaf 2016)
Mkhabela, Elvis	Oostelike streek	2005 - 2006	
Moloi, Samuel	Oostelike streek	2012	
Monaisa, Ramodisa	30	2013 - 2016	
Mongoato, Victor	28	2011 - 2016	Visevoorsitter Graan SA (2013 - 2015)
Motlhabane, Israel	31	2012 - 2016	
Motshwene, David	29	2014 - 2015	
Mouton, Nikkie	26	2003 - 2005	
Mouton, Vic	7	1999 - 2003	Dagbestuurslid Gekoöpteer vir Mielieraad-afhandeling
Muller, Edmund	12	2000 - 2004	
Myburgh, WT	26	2000 - 2002	
Ngxekana, Welcome	Suidelike streek	1999 - 2004	
Nkosi, Papi	Oostelike streek	2007 - 2010	
Ntsimane, Basie	Noordelike streek	1999 - 2006	
Oosthuizen, JF	15	1999	



Naam	Streek	Tydperk	Nota
Otto, Hannes	6	2004 - 2012	
Otto, Hardus	6	1999 - 2003	
Pienaar, Johan	20	2007 - 2008	
Potgieter, Frans	8	1999 - 2012	
Potgieter, Pottie	24	2006 - 2010	Dagbestuurslid
Pretorius, FJH	4	2000	
Pretorius, Gert		1999 - 2011	Gekoöpteer
Pretorius, Pieter	17	1999 - 2007	
Rankin, John	4	2005 - 2014	
Reichel, Danie	4	2015 - 2016	
Roos, GL	10	1999	
Rossouw, Niël	6	2013 - 2016	
Schoeman, Kallie	9	2012 - 2016	
Schoeman, Pieter	11	1999 - 2002	
Schoonwinkel, Chris	21	2001 - 2010; 2012 - 2016	Dagbestuurslid
Scott, Petrus	19	1999 - 2003	
Serfontein, Dirkie	16	1999	
Stapelberg, Schalk	14	2006 - 2012	
Starke, Kevin	1	1999 - 2000	
Steytler, Louw	25	1999 - 2000	Visevoorsitter Graan SA (2006 - 2009) Voorsitter Graan SA (2012 - 2015)
Strydom, Kammie	1	2002 - 2008	
Swanepoel, Joseph	8	2013 - 2016	
Swart, Frik	2	2003 - 2006	
Swart, Peline	28	2016	Visevoorsitter Graan SA (Vanaf 2016)
Theart, Johan	4	2001 - 2004	
Theron, Andries	26	2006 - 2009	Visevoorsitter Graan SA (2010 - 2016)
Theron, Jan	Gekoöpteer	1999 - 2002	
Thoabana, Morena	Noordelike streek	2005 - 2006	
Uys, Koos	9	2002 - 2003	
Van Coller, Cobus	23	2006 - 2016	Dagbestuurslid
Van den Berg, Jan	19	2004 - 2010	
Van der Westhuizen, Deon	12	2005 - 2010	
Van Rensburg, Dirk	18	2002 - 2008	
Van Zyl, Fanie	3	2002 - 2012; 2006 - 2016	Dagbestuurslid Voorsitter: Ouditkomitee
Van Zyl, WH	21	1999 - 2000	Dagbestuurslid
Venter, Hennie	23	1999 - 2005	
Viljoen, Hansie	3	2012 - 2015	
Viljoen, Schalk	27	2006 - 2010	
Visser, Alfonso		2013	Gekoöpteer
Zitha, Jabulani	29	2007 - 2010	

## UITVOERENDE HOOFBESTUURDERS VAN GPO/GRAAN SA (1999 - 2016)



Mnr GJ (Giel) van Zyl (1999 - 2001)



Mnr S (Steve) Shone (2002 - 2005)



Dr J (John) Purchase (2005 - 2007)



Dr JM (Kobus) Laubscher (2008 - 2011)



Mnr JF (Jannie) de Villiers (2011 - 2016)





# Graanbedryf-tydlyn

## (1902 - 2016)

**1902**

Mielieproduksie kry hupstoot met beskikbaarstelling van silinder-tipe dorsmasjiene

**1903**

Sojabone in Suid-Afrika bekendgestel

**1910**

Groter fokus op koringproduksie

**1912**

Hickory King-mieliekultivar beskikbaar gestel

**1913**

Eerste graansilo vir 'n meule op Vereeniging opgerig

**1917**

Koringverbouing word aangemoedig en groter hoeveelhede kunsmis en kraalmis word daarvoor beskikbaar gestel

**1920**

Swartlandse produsente stig 'n meulenaarsmaatskappy, Bokomo

**1920/1921**

Invoerheffing op koring tydelik opgeskort as gevolg van 'n misoes in Suid-Afrika en hoë internasionale pryse

**1930**

Sogenaamde "Dust Bowl" kom in VSA voor SA Regering neem wette aan wat koringinvoere beperk en produksie aanmoedig

**1931**

Mieliereëlingswet van 1931 aanvaar Regering begin om die uitvoer van graanprodukte te subsidieer

**1932/1933**

Wêreldwye depressie

**1934**

Grondboneprodusente Adviserende Komitee in die lewe geroep

**1935**

Stigting van rade Oorproduksie van koring

**1937**

Bemarkingswet word aanvaar

**1938**

Tussentydse mielieskema ingestel Koringreëlingskema

**1939**

Koring- en mieliereëlingskema ingestel Grondbone eerste keer gedurende Eerste Wêreldoorlog kommersieel verbou

**1940**

Broodsubsidie ingestel

**1941**

Produksie van witbrood geheel gestaak (tot 1948)

**1942**

Instelling van hoeveelheidspryse Rantsoeneringstelsel ingestel Inmeng van geelmielies by wit Verbod op vervaardiging van mielieprodukte Voedselbeheerorganisasie kom tot stand

**1944**

Eenkanaalbemarkingstelsel ingestel

**1945**

Wêreldwye tekort aan graan weens Tweede Wêreldoorlog

Besparingsmaatreëls ingestel

Eerste vroulike lid van die Koringraad,  
Me AJE Nel, aangestel

**1946**

Skema vir saadmielies ingestel  
Opheffing van beheer oor graansorghum

**1947**

Rantsoeneringsmaatreëls herroep

**1948**

Bastermieliesaadskema ingestel  
Mielieraad bedryf eenkanaalpoelstelsel  
vir sorghum as tydelike maatreël  
Die Nasionale Party kom aan bewind

**1949**

Sending na buiteland oor losmaathantering  
Geen beheer oor sorghum tot 1957 nie

**1950**

Eerste sojaboonkultivar ontwikkel vir  
Suid-Afrikaanse toestande ontwikkel  
Wintergraanskema

**1951**

Fondse bewillig vir Lichtenburg-massaskuur  
Leningskema vir die aanbou van graansilo's ingestel

**1952**

Staat bewillig R10 miljoen vir losmaatfasiliteite  
Oliesade beheerskema en Oliesadebeheerraad  
-sonneblom en grondbone – eenkanaal-poelstelsel

**1953**

Ingebruikneming van die Lichtenburg-proefmassaskuur  
Marconi-vogmeter eerste keer gebruik  
Komitee oor insekbestryding eerste keer ingestel.  
Stabilisasiefonds gestig

**1958**

Beperking op uitvoer van mielieprodukte  
Mielieraad bedryf weer eenkanaalpoelstelsel vir sorghum

**1959**

Konsolidasie van mieliegraderingsregulasies

**1960**

Instelling van advieskomitee oor massa-opberging  
Bewaringslandbou begin sedert sestigerjare  
in Suid-Afrika posvat

**1964**

Oorname van spoorweggraansilo's deur Mielieraad  
Verpligte insekbestryding ingestel  
Eerste miljoen ton binnelandse koringoes

**1966**

Invoer van mielies. SAMPI kom tot stand

**1967**

Uitbreiding van Josefsbeleidvoorrade  
Eerste SAMPI Oesdag word gehou

**1968**

Bemarkingswet van 1968 aanvaar  
Oliesaderaad se naam aangeneem en  
beheer ook sojaboonbemarking

**1969**

Mielieraad betrek nuwe hoofkantoor  
SAMPI hou streeksoesdae word gehou  
(Vrystaat, Oos-Transvaal en Wes-Transvaal)

**1970**

Verandering van Raad se naam na Mielieraad

**1971**

Oorskakeling na metrieke stelsel  
Koringraad begin om durumkoringkultivar en  
sagte kultivar vir Suid-Afrika te ontwikkel

**1972**

Komitee vir mieliesaadbedryf gestig  
Ingebruikneming van rekenaar by Mielieraad



**1973**

Mielieraad se eerste amptelike uitvoerkontrak met Taiwan gesluit  
Koringraad se naam aanvaar  
Eerste nasionale SAMPI Oesdag vind op Ottosdal plaas

**1974**

Instelling van Koördinerende Komitee van Beheerrade  
Eerste SAMPI Oesdag op Marthaville by Bothaville gehou

**1977**

Aanbevelings oor kunsmatige droging van mielies

**1978**

Wysigings aan die Bemerkingswet

**1979**

Instelling van somergraanskema  
Prysverskansing op termynmark

**1980**

Tekort in Stabilisasiefonds  
SAMPI en SAMSO smelt saam en vorm NAMPO  
Eerste NAMPO Mieliemans word aangewys

**1981**

Rekord mielie-oes

**1982**

Kunsmisruiltransaksie aangegaan  
Rampdroogte en invoer van mielies  
Eerste NAMPO Mieliewetenskaplike aangewys

**1983**

Invoer van mielies vind plaas

**1985**

Toetse met polipropileensakke  
Ureumtransaksie met Roemenië en invoer van ureum  
Ook ruiltransaksie van mielies en olie met Iran  
Mielieboere blokkeer lewering van mielies by Randfontein en Carletonville weens misnoeë met die aangekondigde mielieprys  
Massa-inligtingsvergadering deur NAMPO gehou by Markötter stadion in Klerksdorp

**1986**

Sorghumraad gestig – bedryf surplusverwyderingskema

**1987**

Konsolidasie van verliese in Stabilisasiefonds  
Grondomskakelingskema  
Beheer oor rogproduksie opgehef

**1992**

Oorsese ondersoek na graanbemarkingstelsels  
Rampdroogte en invoer van mielies  
Kanola vir die eerste keer in Suid-Afrika geproduseer  
Kassier-verslag vrygestel  
Mnr Nelson Mandela voer gesprek met NAMPO op NAMPO Oesdagterrein

**1993**

Landboubeurkundingsbeleidsevalueringskomitee (LBBEK) in die lewe geroep

**1994**

Eerste demokratiese verkiesing gehou  
African National Congress aan bewind

**1995**

Nuwe mieliebemarkingskema vervang eenkanaalbemarkingskema  
Uitvoere slegs deur rade  
By NOPO se kongres word aanbevelings vir verandering aan die Oliesadeskema aanvaar wat die weg vir deregulering baan  
Kwantitatiewe beheer van koringinvoerbeheer vervang met tariefbeheer  
Konsepwet ter vervanging van die 1968-wet vrygestel  
AMD as onafhanklike deel van Safex gestig

**1996**

Deregulering van graanbemarking  
Wet op die Bemarking van Landbouprodukte tree op 1 Januarie 1997 in werking

**1997**

Bemerkingsrade ontbind  
Koringpryse daal tot wêreldprysvlakke  
Tydens NOPO se kongres word versoek dat produsente ooreenkomstig die olie-inhoud van sonneblomsaad vergoed word  
NOPO se Ontwikkelende Landbouprogram word op die been gebring  
Die wapenvervaardiger, Denel, kondig aan dat hul 'n aanleg vir die vervaardiging van sojamelk gaan oprig  
Wet op Geneties Gemanipuleerde Organismes tree in werking  
NLRB en SAGL gestig en SAGIS geregistreer  
NAMPO en NOPO begin gesprek voer oor samewerking  
SAID stel dieselrabat vir landbou af

**1999**

Sonneblomsaad begin op Safex verhandel  
NOPO wys eerste Ontwikkelende Sonneblomprodusent en Ontwikkelende Grondboonprodusent aan  
Eenwording in die graanbedryf realiseer toe  
NAMPO, NOPO, WPO en SPO ontbind om die Graanprodusente-organisasie (GPO) te stig

**2000**

Mielietrust besluit om meer fokus op bewaringslandbou te plaas  
GPO neem Graan SA aan as nuwe identiteit  
Eerste Graan SA Graanprodusent van die Jaar aangewys

**2001**

Safex word deel van die JSE  
Graan SA neem deel aan Minister van Landbou se landbouplan wat deur Pres Thabo Mbeki versoek is

**2002**

Graan SA stel vrywillige heffing op graanlewering vir befondsing van die organisasie in  
Eerste Graan SA Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar aangewys

**2004**

Groot surplus mielies en Graan SA beveel aan dat afgeskaal moet word op produksie van mielies  
Graan SA Ouditkomitee word gestig

**2005**

Massavergaderings te Centurion en Bellville om oplossings vir krisis in graanbedryf te vind  
Graan SA werk nou saam met WNNR, LNR en die brandstofbedryf aan voorstelle vir die Regering ten opsigte van hernubare energie

**2006**

40ste NAMPO Oesdag word aangebied

**2007**

Wêreldvoedselkrisis breek uit en bewustheid oor voedselsekerheid ontstaan.  
El Niño – word beskryf as een van die ses ergstes die afgelope eeu  
Mededingingskommissie wys 'n broodkartel uit na samespanning in die bak- en koring maalbedryf

**2008**

Mnr Jacob Zuma, President van die ANC, spreek die Graan SA Kongres toe  
Graan SA se eerste Day of Celebration gehou om Ontwikkelende Landbou se suksesse te vier – 32 ontwikkelende boere ontvang lidmaatskap van die 250 Ton-klub

**2009**

Graan SA bied 'n Graan Indaba aan om die dilemma waarin graanprodusente hulle bevind oor te dra aan verskeie rolspelers  
Ondersoek na ligging van Graan SA se hoofkantoor dui aan dat Bothaville die mees geskikte plek is

**2010**

Departement van Handel en Nywerheid inisieer uitgebreide prosesse met die oog op die ontwikkeling van sojaverwerkingsaanlegte en verbeterings aan bestaande aanlegte  
Die Mededingingskommissie bevind onmededingende sakepraktyke in die kunsmisbedryf en die bakbedryf – Sasol en Pioneer Foods word boetes opgelê



## 2011

Uitvoer van mielies na Mexiko, Taiwan en Korea. Dieselfde markte is in die volgende jaar bedien en het in daardie jaar saam met Japan Suid-Afrika se grootste uitvoere opgeneem

LNR doen navorsing oor grondbone wat hoër opbrengs kan lewer

Graan SA propageer genoeg bekostigbare kos, volhoubaar geproduseer vir almal

Eenheid in die landbousektor nagestreef toe ASUF gestig word

Graan SA Hoofkantoor skuif na Pretoria teen die einde van 2011

Speel 'n deurslaggewende rol in die Planttelersregwet. Produsente se reg om eie saad te mag terughou, word sodoende beskerm

## 2012

Regerings se herkapitaliseringsprojek skop af. Dié program vir die Vrystaat beloop R36 miljoen vir 2012 en 16 produsente maak deel uit van die program

## 2013

Graan SA begin met doelgerigte bewaringslandbouprojekte onder kommersiële produsente

Graan SA stig 'n Vraag- en aanbodkomitee om akkurater markinligting beskikbaar te stel

Graan SA ondersteun die hoenderbedryf se teenstortingsmaatreël-aansoek ter wille van die beskerming van plaaslike werksgeleenthede en plaaslike mielieverbruik

Syngenta Graanakademie gestig

'n Provinsiale kantoor is deur Graan SA in die Wes-Kaap geopen om ontwikkeling in daardie area te bevorder

Ter ondersteuning van transformasie binne die organisasie, het die Hoofbestuur vir mnr Victor Mongoato (Voorsitter van die Ontwikkelende Landbou-werkgroep) gekoöpteer as lid van die Dagbestuur

## 2013/2014

Grootste mielie-oes ooit in Suid-Afrika

Kennisgewing in staatskoerant dat biobrandstof vanaf 1 Oktober 2015 ten minste 5% in volume van diesel en 2% - 10% van petrol moet uitmaak

Graan SA se Ontwikkelende Graanprodusent-toekenning transformeer om nou 'n Bestaansboer, Kleinskaalboer en 'n Nuwe Era Komersiële Boer van die Jaar aan te wys

Graan SA wys eerste keer sy Inspirasietoekenning vir 'n uitnemende rolspeler aan

Minister Gugile Nkwinti (Grondhervorming) kondig beoogde grondplafonne en 50-50-herverdelingstelsel aan

## 2015

Sojaboones bereik 1 miljoen ton mylpaal in produksie  
Met die hulp van die Nasionale Tesourie se pas-geskepte fonds vir die bevordering van werkskepping, die *Jobs Fund*, het die OLP daarin geslaag om in 2015 'n program bekend te stel ingevolge waarvan 1 577 kleinhoeweboere toegang verkry het tot insette en meganisering om 1 802 ha te bewerk

## 2015/2016

Rekorddroogte in Suid-Afrika  
Graan SA vier 50ste NAMPO Oesdag










# Bronnelys

AARD VAN BRON	OUTEUR/PERSOON	INSTANSIE	DATUM
	Andries Beyers	Koringraad, WPO	
	Bully Botma	NAMPO, Mielieraad, Graan SA, Mielietrust	
	Fanie Brink	NAMPO, Graan SA	
	Cerneels Claassen	Mielieraad, NAMPO	
	Jannie de Villiers	Graan SA, Meulenaarskamer, Graantrusts	
	Leon du Plessis	Mielieraad, Sorghumraad, Mielietrust, Sorghumtrust	
	Neels Ferreira	Graan SA, NAMPO, Mielie-advieskomitee, Mielietrust	
	Japie Grobler	NAMPO, GPO, Graan SA, Agri SA	
	Dr Pieter Haumann	Grasland Ondernemings	
	Nico Hawkins	WPO, Graan SA, SAGIS	
	Dr Anton Lubbe	Senwes Beperk, GSI	
	Corné Louw	Graan SA	
	Johan Loxton	NAMPO, Graan SA	
	Pieter Morkel	Sorghum Produsente-organisasie	
	Vic Mouton	Mielieraad, NAMPO, Graan SA	
	Piet Skinner	Sorghumraad	
	Dr Hendrik Smith	Graan SA	
	Louw Steytler	Graan SA	
	Attie Swart	Departement van Landbou, Mielie-advieskomitee	
	Giel van Zyl	NAMPO, Graan SA	
	Nico Vermaak	NOPO, Graan SA	
	Boetie Viljoen	Mielieraad, NAMPO	
	Dr Marinda Visser	Graan SA	
	Crawford von Abo	SAMPI, NAMPO, Mielieraad, Koringraad	
	Dr CL (Chris) Wentzel	NWK	

Persoonlike onderhoude deur outeur gevoer tussen Junie 2014 en Julie 2015



AARD VAN BRON	OUTEUR/PERSOON	INSTANSIE	DATUM
Telefoniese onderhoude deur outeur en/of mede-outeurs gevoer tussen Februarie 2015 en Julie 2016	Andries Beyers	Koringraad, WPO	
	Prof Alan Bennie	Universiteit van die Vrystaat, Graanprodusent-keuringspaneel	
	Dr Jan Dreyer	LNR-IGG, Graanprodusent-keuringspaneel	
	André Ferreira	NAMPO, Graan SA	
	Cois Harman	NOPO, Graan SA	
	Jerry Mthombothi	Graan SA Ontwikkelende Landbou	
	Anton Nebe	Sorghumbedryf	
	Dr Wilhelm Snyman	LNR-IGG, Graanprodusent-keuringspaneel	
	Rita de Swardt	SAMPI, NAMPO, Graan SA	
	Johan van Wyk	Seun van mnr Hannes van Wyk	
	Giel van Zyl	NAMPO, Graan SA	
	Dennis en Ethel von Abo	NAMPO	
Notules	Mielieraad		
	Koringraad		
	Sorghumraad		
	Oliesaderaad		
	NOPO Hoofbestuur- en Dagbestuursvergaderings	1995 - 1999	
	NOPO: Besigheidsplanne, strategiese beplannings-dokumente, Stuurkomitee-notules	1995 - 1999	
	NOPO: Besigheidsplanne van die Oliesadebedryf met deregulering	1995 - 1999	
	SALU – Nasionale Bedryfs-komitee vir Koring en ander wintergrane	Maart 1987 - Maart 1989	
SALU – Wintergraan Produsente-organisasie	September 1989 - September 1997		
Jaarverslae	Graan SA	2000 - 2015	
	Mielieraad	1951, 1979, 1984, 1985, 1997	
	Koringraad	1942, 1951, 1964, 1965, 1976, 1988	
	LNR	2011 - 2015	
	Graansorghumraad	1995, 1996	
	Oliesaderaad	1952, 1953	
	Wintergraan Produsente-organisasie	1988	







AARD VAN BRON	OUTEUR/PERSOON	INSTANSIE	DATUM
	South African Yearbook	<a href="http://www.gcis.gov.za/content/resourcecentre/sa-info/yearbook">www.gcis.gov.za/content/resourcecentre/sa-info/yearbook</a>	
	DAFF	<a href="http://www.daff.gov.za">www.daff.gov.za</a>	
	DTI	<a href="http://www.thedti.gov.za">www.thedti.gov.za</a>	
	Landbounavorsingsraad	<a href="http://www.arc.agric.za">www.arc.agric.za</a>	
	Mielietrust	<a href="http://www.maizetrust.co.za">www.maizetrust.co.za</a>	
	Wintergraantrust	<a href="http://www.wintercerealtrust.co.za">www.wintercerealtrust.co.za</a>	
	Sorghumtrust	<a href="http://www.sorghumsa.co.za">www.sorghumsa.co.za</a>	
	OPOT (Olie en Proteïensade Ontwikkelingstrust)	<a href="http://www.opot.co.za">www.opot.co.za</a>	
	Syngenta	<a href="http://www.syngenta.co.za">www.syngenta.co.za</a> <a href="http://www.syngenta.com">www.syngenta.com</a>	
	National Agricultural Marketing Council	<a href="http://www.namc.co.za">www.namc.co.za</a>	
	Wikipedia	<a href="https://en.wikipedia.org/wiki/Wikipedia">https://en.wikipedia.org/wiki/Wikipedia</a>	
	Senwes Beperk	<a href="http://www.senwes.co.za">www.senwes.co.za</a>	
	NWK Beperk	<a href="http://www.nwk.co.za">www.nwk.co.za</a>	
	AgBiz	<a href="http://www.agbiz.co.za">www.agbiz.co.za</a>	
	AgriSA	<a href="http://www.agrisa.co.za">www.agrisa.co.za</a>	
	Universiteit van die Vrystaat	<a href="http://www.ufs.ac.za">www.ufs.ac.za</a>	
	<a href="http://www.southafrica.info">www.southafrica.info</a>	<a href="http://www.southafrica.info">www.southafrica.info</a>	
	<a href="http://landbou.com/nuus/broers-deel-graan-toekenning/">http://landbou.com/nuus/broers-deel-graan-toekenning/</a>		
Webblad	<a href="http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1992/01/28/6/8.html">http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1992/01/28/6/8.html</a>		
	<a href="http://m24lbarg01.naspers.com/argief/berigte/landbou-weekblad/2002/12/6/58/1.html">http://m24lbarg01.naspers.com/argief/berigte/landbou-weekblad/2002/12/6/58/1.html</a>		
	<a href="http://www.farmersweekly.co.za/news.aspx?id=79503&amp;h=GrainSAannoucestopfarmersindevelopmentprogramme">http://www.farmersweekly.co.za/news.aspx?id=79503&amp;h=GrainSAannoucestopfarmersindevelopmentprogramme</a>		
	<a href="http://www.agrisa.co.za/afrikaans-graan-sa-vier-suid-afrika-se-suksesvolle-graan-produsente-met-die-aankondiging-van-die-2015-graan-produsent-van-die-jaar/">http://www.agrisa.co.za/afrikaans-graan-sa-vier-suid-afrika-se-suksesvolle-graan-produsente-met-die-aankondiging-van-die-2015-graan-produsent-van-die-jaar/</a>		
	<a href="http://www.grainsa.co.za/trots-suid-afrikaanse-graan-produsente-en-leiers-in-graanindustrie-vereer">www.grainsa.co.za/trots-suid-afrikaanse-graan-produsente-en-leiers-in-graanindustrie-vereer</a>		
	<a href="http://www.proagri.co.za/graan-sa-vereer-alle-graan-produsente/">http://www.proagri.co.za/graan-sa-vereer-alle-graan-produsente/</a>		
	<a href="http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1993/10/01/3/8.html">http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1993/10/01/3/8.html</a>		


AARD VAN BRON	OUTEUR/PERSOON	INSTANSIE	DATUM
Webblad	<a href="http://m24lbarg01.naspers.com/argief/berigte/landbou-weekblad/2002/12/6/58/1.html">http://m24lbarg01.naspers.com/argief/berigte/landbou-weekblad/2002/12/6/58/1.html</a>		
	<a href="http://www.grainsa.co.za/developing-farmers-receive-recognition-for-their-excellence">http://www.grainsa.co.za/developing-farmers-receive-recognition-for-their-excellence</a>		
	<a href="http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1999/07/13/4/23.html">http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1999/07/13/4/23.html</a>		
	<a href="http://landbou.com/bedrywe/akkerbou/beste-boonboere-bekroon/">http://landbou.com/bedrywe/akkerbou/beste-boonboere-bekroon/</a>		
	<a href="http://m24lbarg01.naspers.com/argief/berigte/landbou-weekblad/2009/12/11/LB/50/01.html">http://m24lbarg01.naspers.com/argief/berigte/landbou-weekblad/2009/12/11/LB/50/01.html</a>		
Artikels	Landbouweekblad	SAGIS vier dekades	2 November 2007
	Agri SA: Konsep raamwerk vir 'n landboubemarkingsbeleid met spesifieke verwysing na die rol en bydrae van die georganiseerde landbou	<a href="http://www.vslandbou.co.za/LinkClick.aspx?fileticket=V6f5QaTlg4U=&amp;tabid=98&amp;mid=508">http://www.vslandbou.co.za/LinkClick.aspx?fileticket=V6f5QaTlg4U=&amp;tabid=98&amp;mid=508</a>	
	Nick Vink	The Long-Term Economic Consequences of Agricultural Marketing Legislation in South Africa	South African Journal of Agriculture Desember 2012
	Fanie Brink	'n Rekordmielie-opbrengs: So moet dit gedoen word	Oktober 2014
	Liberty Mncube	The South African Wheat Flour Cartel: Overcharges At The Mill	Principal Investigator, Competition Commission South Africa
Navorsingsartikel	TS Dlamini, P Tshabalala en T Mutengwa	Soybeans production in South Africa	2013
Artikel: SA Tydskrif vir Geneeskunde	LJ Vorster	The Edible Oilseeds Industry of South Africa	Augustus 1964
Monograaf 25 – Free Market Foundation	Nick Vink Johann Kirsten	Deregulation of agricultural marketing in South Africa: Lessons learned	Mei 2000
Verslae	Kassier-verslag	Report of the Committee of Inquiry into the Marketing Act	Desember 1992
	Directorate: Economic Services Production Economics Unit	Agricultural Productivity in South Africa: Literature Review	Maart 2011
	National Agricultural Marketing Council	Report on the investigation of the effects of deregulation on the maize industry Section 7 Committee Evaluating The Deregulation Process: The Maize Industry	Augustus 2003
	National Agricultural Marketing Council	Report on the Investigation into the South African Sorghum Industry Section 7 Committee appointed by the NAMC	2007





AARD VAN BRON	OUTEUR/PERSOON	INSTANSIE	DATUM
Verslae	National Agricultural Marketing Council	Section 7 Committee Evaluating The Deregulation Process: The Wheat To Bread Value Chain	Desember 1999
	BFAP (Bureau for Food and Agricultural Policy)	Evaluating the sustainability of the South African groundnut industry	2012
	Die werkkomitee insake die ekonomiese posisie van die boer en landboufinansiering in die algemeen	Ondersoek oor die langtermyn lewensvatbaarheid van die mieliebedryf	15 Augustus 1983
	DAFF	Groundnuts: Production guidelines 2010	2010
Voorlegging by: Stanford Symposium Series on Global Food Policy and Food Security in the 21st Century	Prof Philip G. Pardey	African Agricultural Productivity Growth and R&D in a Global Setting	6 Oktober 2011
Working paper: USAID Southern African Trade and Structural Adjustment Project	CJ van Rooyen, JF Kirsten, J van Zyl en N Vink	Structural Adjustment, Policy Reform and Agricultural Performance in South Africa	1995
A mini-dissertation submitted in partial fulfilment of the requirements for the award of the degree of Master of Social Science in Economics	Alexander Behar	Acreage Response Before and After the Deregulation of the South African Maize Industry: The Role of Safex in Price Discovery and Price Risk Management	2010
Inligtingstukke	SA Oil (Pty) Ltd	Canola Production In South Africa – Beecon 2013	2013
	Proteïennavorsingstigting	Overview: Canola in South Africa	2010
Proefskrif	CH Schoeman	'n Studie van die historiese verandering in die sosio-ekonomiese posisie van 'n groep Suid-Afrikaanse mielieboere, 1980 - 1994	1996
AfJARE Vol. 7	Liebenberg en Pardey	A long-run view of South African agricultural production and productivity	Oktober 2012
MBA-verhandeling	Matthys Johannes Nicolaas van der Merwe	Determinants of the supply-side fragmentation of maize storage in the North Western Free State production area	2012
Tesis	Trinity Term 2012	Wheat, Bread, and the Role of the State in Twentieth Century South Africa	2012
Verhandeling	D Scheepers	Applications and portfolio theory in the South African Agricultural Derivatives Market	Junie 2005
A publication of the Food Research Institute of Stanford University	JM Tinley	South African Food and Agriculture in World War II	1954

AARD VAN BRON	OUTEUR/PERSOON	INSTANSIE	DATUM
Tydskrifte en koerante	Staatskoerant	1978 - 2016	
	Die Burger	20 Mei 1999	
	Die Landman	1967 - 1979	
	SA Graan/Grain	2000 - 2016	
	Mielies/Maize	1980 - 1999	
	NOPO Nuus	1996	
	Suid-Afrikaanse wetgewing	1910 - 2016	
	Landbouweekblad	Graan-geboorte vol pyn en vreugde	26 Junie 1999
	Farmers Weekly	"Let's make a dop"	22 Maart 2011
Studies	Lulama Ndibongo Traub and TS Jayne – Michigan State University	The Effects of Market Reform on Maize Marketing Margins in South Africa: An empirical study	Oktober 2004
	Nick Vink	Review of agricultural policies and support instruments 1994 - 2007	2008
	Hendrik P van Schalkwyk	Demand relations of oilseed products in South Africa	Julie 2003
	Frikkie Liebenberg en Philip G Pardey	South African Agricultural Production and Productivity Patterns	2010
	JH Theron	'n Voorstudie: Die Groot Mieliestryd – Die Breuk in die Mieliebedryf in Suid-Afrika, 1966 - 1980	Oktober 1986
	F Liebenberg	The Shifting Patterns of Agricultural Production and Productivity	2010
	Prof SC Gous (Namens NAMPO en die Mielieraad)	Die binnelandse bemerking van mielies in die RSA, 1983 – 'n statusverslag	1983
	Stefan Schirmer	Market Regulation and Agricultural Development: The South African State's Performance, 1910 - 1960	2001
Gedenkboeke	Prof IJ Lambrechts en ander	Ondersoek na beheer oor en ondersteuning van die koring- en koringverwerkingsbedryfstakke in die buiteland: 'n vergelykende studie	1989
	Mielieraad	Mielieraad 50 jaar	1987
	Koringraad	Koringraad 50 jaar	1985
	Bokomo	Bokomo 75 jaar van heilsaamheid	1995
	PF van der Schyff, CS van Eeden, CAN Preller, Bothaville Stadsraad, Potchefstroom Universiteit (Departement Geskiedenis)	Bothaville en sy mense	1994







AARD VAN BRON	OUTEUR/PERSOON	INSTANSIE	DATUM
Boeke	AH Marais	SAMPI: Die Stryd om Outonomie en Spesialisasie in die Mieliebedryf: 1966 - 1980	November 1991
	NAMPO	Mielieproduksie in die Negentigs	April 1990
	Departement van Landbou	Witskrif oor Landbou 1995	1995
	Davin Kommissie	Verslag van die Kommissie van ondersoek na die regering se broodsubsiestelsel	September 1995
	Die Koringraad	Die koringbedryf in SA	1976
	Senwes	Senwes – 'n Eeu van Landbou	2009
	NWK	1909 - 2009 NWK: 'n Pionier in die ontwikkeling van die Landboubedryf	2009
Grondwet van Graan SA			1999; 2016
Studie	Departement van Landbou, Bosbou en Visserie	Trends in the Agricultural sector 2013	2013
Dokumente	SAMPI	Mielieverkiesing	Verkry van mnr Crawford von Abo
	Fanie Naude	Die Mieliekrisis	Verkry van mnr Crawford von Abo
	SAMPI	SAMPI waarom?	1966
	SAMPI	Konstitusie van SAMPI	1966
	Nico Vermaak	NOPO (1995 - 1999)	Oktober 2015
	Statistiek ten opsigte van die Grondomskakelingskema van 1 Oktober 1987 tot 31 Augustus 1990	Saamgestel deur HJF Grobler, Hulpbronaafdeling Hoëveldstreek	1990
	Hulpverlening aan die landbou – skemas vir implementering	Departement van Landbou	Junie 1992
Mediaverklaring	Mediakonferensie deur dr Al van Niekerk insake hulpmaatreëls aan boere en gemeenskappe in droogtegeteisterde gebiede	Ministerie van Landbou	7 Mei 1992
Versameling	Private dokumente- versameling van die Nasionale Mielieprodusente-organisasie (PV 735)	Argief vir Eietydse Aangeleenthede, Universiteit van die Vrystaat	
Fotomateriaal	Verskeie foto's uit publikasies hierbo genoem, is gebruik en sover moontlik dienoreenkomsstig vermeld		
	Foto's gebruik uit die Graan SA/Sasol Fotokompetisie-versameling, met toestemming van Graan SA		
Klankgrepe	Klankgrepe gebruik in hierdie elektroniese publikasie is opgeneem tydens persoonlike onderhoude en/of telefonies soos ooreengekom met individue wat vrywilliglik aan die projek deelgeneem het		

AARD VAN BRON	OUTEUR/PERSOON	INSTANSIE	DATUM
<p>Videomateriaal gebruik in hierdie publikasie is soos volg</p>	<p><b>Opnames deur Infoworks</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Mnr Giel van Zyl, George, Wes-Kaap</li> <li>• Mnr Crawford von Abo, Bothaville, Vrystaat</li> </ul> <p><b>Hergebruik van bestaande produksies/advertensies:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• The Recapitalisation Programme of Grain SA, Infoworks, 2012</li> <li>• NAMPO Oesdag 50 jaargedenkproduksie, No Line Productions; 2016</li> <li>• Graan SA TV-advertensies: <ul style="list-style-type: none"> <li>– Die rol van landbou in voedselsekerheid: <a href="https://www.youtube.com/watch?v=Zyz9ZR8pluE">https://www.youtube.com/watch?v=Zyz9ZR8pluE</a></li> <li>– Landbou gee lewe: <a href="https://www.youtube.com/watch?v=TycZSxUg2Gc&amp;list=PLH0wOjQCUW2HNS6cfy5xbN0xpweNtMagr&amp;index=1">https://www.youtube.com/watch?v=TycZSxUg2Gc&amp;list=PLH0wOjQCUW2HNS6cfy5xbN0xpweNtMagr&amp;index=1</a></li> </ul> </li> </ul>		

